# DIE REALITEIT VAN HOMOSEKSUALISME: 'N SOSIOLOGIES-KWALITATIEWE ONTLEDING

Willem Johannes Schurink

M.A.

Proefskrif goedgekeur vir die graad Doctor Philosophiae in Sosiologie in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. dr. P.H. Möller

Potchefstroom

Januarie 1989

DANKBETUIGING

My opregte dank aan die Hemelse Vader vir vele geleenthede en Sy onbegrensde genade.

Graag betuig ek my dank teenoor my promotor, prof. P.H. Möller, vir sy vriendelikheid, aanmoediging en waardevolle leiding.

Aan die President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, my innige dank vir die vergunning om die lewensgeskiedenis deur 'n homoseksueel geskryf as deel van 'n navorsingsprogram insake kwalitatiewe afwykende gedragstudies van die Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing, vir 'n proefskrif te verwerk. Die interpretasie van die verhaal in hierdie proefskrif is dié van die skrywer alleen en die RGN kan geensins daarvoor verantwoordelik gehou word nie. Hierbenewens 'n woord van dank aan die RGN vir drie maande studieverlof aan my toegestaan om die ondersoek af te handel.

'n Besondere woord van waardering gaan aan die volgende persone vir hul belangstelling, aanmoediging en waardevolle intellektuele diskussies: dr. J.M. Lötter (RGN), dr. J. Mouton (RGN), prof. J.E. Kruger (PU vir CHO), dr. H.G. Strijdom (RGN), prof. D. Joubert (US), dr. S.J. van Staden (PU vir CHO), mev. L. Glanz (RGN), mev. H.M. Esterhuysen (RGN), mev. J. Ingels (RGN), en dr. A. Haasbroek (PU vir CHO).

Aan die volgende kollegas wat gehelp het met die tegniese versorging van die proefskrif, my innige dank: mev. A. Booyens wat die manuskrip op baie bekwame wyse getik het; mev. X. de Fortier vir haar sorgvuldige taalversorging; mev. M. Boesenberg vir baie ure se deeglike proeflees en mnr. M.W. von Kloëg vir die duplisering en bind; ook dank aan dr. J.D. van Staden, 'n afgetrede RGN-kollega, vir raad oor taalgebruik en -versorging.

My dank en waardering aan Dha'Kar, die subjek van die studie, vir sy toegewyde vriendskap oor al die jare heen en die toevertrou van hoogs persoonlike intimiteite.

Laastens my innige dank aan my eggenote Evanthe, ons kinders, Charlé, Roelof en Ewan en my moeder en suster vir eindelose geduld, opoffering en morele ondersteuning.

Die skrywer

Pretoria
Januarie 1989

**OPGEDRA AAN:**

- EVANTHE EN INA SCHURINK
- MORG LÖTTER
- AL DIE DHA'KARS

**ABSTRACT**

In this study titled: *Die realiteit van homoseksualisme: 'n sosiologies-kwalitatiewe ontleding* (The reality of homosexualism: a sociological qualitative analysis) the symbolic tools used by sociologists in order to understand deviance and homosexualism is tried out in real life. The following aims were pursued in the study:

- To verify existing theoretical constructs of homosexualism and relevant deviancy constructs by means of an autobiography as a qualitative method of study, and to formulate these scientific "tools" in terms of the deviant. Consequently it could also be verified whether qualitative, sociological constructs offer an explanation for a homosexual's life. One man's conception of life, as recorded in his autobiography, is used to question existing concepts, typologies, models and theories of homosexualism. By reviewing the relevancy of central theoretical constructs by means of an authentic case, the aim was to promote the credibility of such second-order constructs and to obtain insight into the "gay" world in South Africa.

- To obtain information by means of the qualitative research method by using a personal document (autobiography) of a self-acclaimed homosexual's definition of his situation, his subjective experience and interpretation of values, norms, ideologies and the explanation of symbols. Thus an attempt was made to avoid statistical stereotyped images of deviant behaviour - often distant from reality - by explaining and interpreting it qualitatively.

A male homosexual in his own words wrote a thorough report on his life at the request of the researcher. Although the researcher excluded repetitive, meaningless and identifying sections in the subject's report in order to obtain a readable and coherent document, the authenticity of the account was maintained. Nuisance variables (i.e. variables threatening the validity of the research findings) were neutralized as far as possible and a valid, credible human document containing an abundance of data regarding the social reality of homosexualism was produced.

Analytical induction, more specifically as adapted by the Winslows, was used to make inferences from the autobiography. The main theoretical constructs drawn as hypothetical explanations from existing literature on homosexualism and relating to the realities of a homosexual's lifestyle, as contained in his autobiography, brought the following results to light:

* The various dimensions and nuances within homosexualism, according to sociologists, proved to be useful instruments in understanding and explaining the homosexual's lifestyle.

* Classifications by sociologists of homosexualism in terms of sexual roles, ways of expression and lifestyle, offer a good frame of reference for analysing the "gay" life.

* The biological theory does not fit the homosexual's life whilst one variant of the psychiatric conceptual frame of reference offers a good explanation for the social reality of the homosexual.

* Sociological theories and models of homosexualism focusing on causality do not offer an explanation for the subject's becoming "skeef" (queer).

* Non-causality theoretical constructs in general and homosexual development models in particular explain the homosexual life exceptionally well.

* Three conceptual frameworks, namely the labelling, conflict and phenomenological approaches, according to which sociologists give meaning to deviancy, throw light in an exceptional way on some of the facets of the subject's homosexualism.

Finally, the primary methodological and to a lesser extent the theoretical implications of the research on the sociology of deviance were touched upon. Some important guidelines to be considered in future qualitative research and autobiographical research were also described.

**EKSERP**

In hierdie ondersoek getiteld: *Die realiteit van homoseksualisme: 'n sosiologies-kwalitatiewe ontleding* is die simboliese gereedskap waardeur sosioloë 'n greep op afwykingsverskynsels en homoseksualisme verkry, aan die sosiale realiteit gemeet. Die volgende doelstellings is in die studie nagestreef:

* Om bestaande teoretiese konstrukte van homoseksualisme en relevante afwykende gedragskonstrukte aan die hand van 'n lewensgeskiedenis as kwalitatiewe navorsingsmetode te verifieer en in terme van die afwykende te formuleer. Sodoende kan ook nagegaan word of kwalitatiewe, sosiologiese konstrukte 'n verklaring vir 'n homoseksueel se lewe bied. 'n Enkele man se opvattings van sy lewe as homoseksueel, soos opgeteken in sy lewensgeskiedenis, word gebruik om bestaande konsepte, tipologieë, modelle en teorieë van homoseksualisme te bevraagteken. Deur die toepaslikheid van sentrale teoretiese konstrukte by 'n outentieke geval na te gaan, word gepoog om die geloofwaardigheid van dergelike tweede-orde konstrukte te verhoog en ook om 'n grondiger insig in die "gay"-wêreld in Suid-Afrika te verkry.

* Om deur middel van die kwalitatiewe navorsingstyl inligting in te win aan die hand van 'n persoonlike dokument (outobiografie) van 'n selferkende homoseksueel se definisie van sy situasie, sy subjektiewe ervaring en interpretasie van waardes, norme, ideologieë en betekenishegting aan simbole. Hiervolgens word dus getrag om die statistiese stereotipe denkbeeld van afwykende gedrag wat dikwels realiteit-verwydard is, te omseil deur dit kwalitatief te belig en te interpreteer.

'n Manlike homoseksueel het op versoek van die navorser so volledig moontlik en in sy eie woorde 'n verslag oor sy lewe opgestel. Hoewel die navorser herhalende, niksseggende en identifiserende dele in die subjek se verhaal uitgeskakel het ten einde 'n leesbare en samehangende dokument daar te stel, het die outentisiteit van sy verhaal nogtans behoue gebly. Steuringsfaktore of faktore wat die geldigheid van navorsingsbevindings bedreig, is sover moontlik geneutraliseer en 'n geldige geloofwaardige menslike dokument wat 'n veelheid ryke materiaal van die sosiale realiteit van homoseksualisme bevat, is gekonstrueer.

Analitiese induksie en meer spesifiek soos aangepas deur die Winslows, is gebruik om inferensies uit die lewensgeskiedenis te maak. Die belangrikste teoretiese konstrukte wat as hipotetiese verklarings uit die bestaande literatuur oor homoseksualisme onttrek is en in verband gebring is met die feite van die homoseksueel se lewe, soos vervat in sy outobiografie, het die volgende resultate opgelewer:

* Die onderskeie dimensies en nuanses wat volgens sosioloë in homoseksualisme opgesluit lê, is nuttige instrumente om die homoseksueel se lewe te begryp en te verklaar.

* Sosioloë se klassifikasies van homoseksualisme in terme van geslagsrolle, uitingswyses en lewenstyl bied goeie verwysingsraamwerke vir die analise van die "gay"-lewe.

* Die biologiese teorie vind nie aansluiting by die homoseksueel se lewe nie terwyl een variant van die psigiatriese konseptuele raamwerk 'n goeie verklaring vir die homoseksueel se sosiale werklikheid bied.

* Sosiologiese teorieë en modelle van homoseksualisme wat op oorsake fokus, verklaar nie waarom die subjek "skeef" geword het nie.

* Nie-kousale teoretiese konstrukte in die algemeen en homoseksuele identiteitsontwikkelingsmodelle in die besonder, belig die homoseksuele lewe veral goed.

* Drie konseptuele raamwerke, te wete die etiketterings-, konflik- en fenomenologiese benaderings, aan die hand waarvan sosioloë betekenis aan afwykingsverskynsels gee, belig sommige fasette van die subjek se homoseksualisme besonder goed.

Ten slotte is die vernaamste metodologiese en in mindere mate ook die teoretiese implikasies van die ondersoek vir afwykende gedragsosiologie aangestip. Enkele belangrike riglyne wat in toekomstige kwalitatiewe en lewensgeskiedenisnavorsing in gedagte gehou moet word, word ook aangedui.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . vi

1. AKTUALITEIT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . vi
1.1 DIE OPKOMS EN HUIDIGE STAND VAN AFWYKENDE GEDRAGSOSIOLOGIE vii
1.1.1 Twee breë benaderings tot die studie van afwykende gedrag . ix
1.1.1.1 Positivistiese afwykende gedragsosiologie . . . . . . . . . x
1.1.1.2 Antipositivistiese afwykende gedragsosiologie . . . . . . . xi
1.2 KWALITATIEWE AFWYKENDE GEDRAGSTUDIES . . . . . . . . . . . xiv
1.3 DIE GEBRUIK VAN MENSLIKE DOKUMENTE . . . . . . . . . . . . . xvii
1.4 AFWYKENDE GEDRAGSOSIOLOGIE IN SUID-AFRIKA . . . . . . . . . xx

2. PROBLEEMSTELLINGS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxii

3. DOELSTELLINGS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxiii

4. NAVORSINGSONTWERP . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxv
4.1 KWALITATIEWE NAVORSING . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxvi
4.2 NAVORSINGSTRATEGIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxvii
4.3 DATA-INSAMELINGSMETODE . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxix
4.3.1 "Menslike dokumente" . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxix
4.3.2 Die outobiografie as lewensgeskiedenis . . . . . . . . . . xxx
4.4 DATA-ONTLEDINGSMETODE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxx

5. AANBIEDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxxv

DEEL I

EKSPLIKASIE VAN SOSIOLOGIESE KONSTRUKTE VAN HOMOSEKSUALISME

HOOFSTUK 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2

DIE SOSIOLOGIE VAN HOMOSEKSUALISME . . . . . . . . . . . . . . . 2

1.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2
1.2 TEORETIESE KONSTRUKTE VAN HOMOSEKSUALISME . . . . . . . . . 3

1.2.1 Definisies van homoseksualisme . . . . . . . . . . . . . . . . 3

1.2.1.1 Dimensies van homoseksualisme . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.2.1.1.1 Die homo-heteroseksuele kontinuum . . . . . . . . . . . . 4

1.2.1.1.2 Self-identiteit . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 6

1.2.1.1.3 Die homoseksuele subkultuur . . . . . . . . . . . . . . . 6

1.2.1.1.4 Subjektiewe beoordeling van gedrag . . . . . . . . . . . 7

1.2.1.1.5 Seksuele voorkeur . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 8

1.2.1.1.6 Seksuele opwekking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

1.2.1.1.7 Openbare definisie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

1.2.1.1.8 Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10

1.2.2 Tipologieë van homoseksuele . . . . . . . . . . . . . . . . 13

1.2.2.1 Lys van kriteria wat in homoseksuele tipologieë aangetref word . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 13

1.2.2.2 Enkele klassifikasies van homoseksuele nader ontleed . . . 15

1.2.2.2.1 Aktiewe (butch) en passiewe (femme) homoseksuele . . . . . 15

1.2.2.2.2 Overte en koverte homoseksuele . . . . . . . . . . . . . . 16

1.2.2.2.3 Humphreys (1968) se tipologie van mans wat aan "teekamer"-aktiwiteite deelneem. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 18

1.2.2.2.4 Bell en Weinberg (1978) se klassifikasie van homoseksuele lewenstyle . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 21

1.2.2.2.5 Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 23

1.2.3 Teorieë en modelle van homoseksualisme . . . . . . . . . . 24

1.2.3.1 Biologiese teorieë . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 25

1.2.3.1.1 Genetiese abnormaliteit . . . . . . . . . . . . . . . . . 25

1.2.3.1.2 Hormonale wanbalans . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 26

1.2.3.2 Psigiatriese teorie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 27

1.2.3.2.1 Homoseksualisme as geestesiekte . . . . . . . . . . . . . 27

1.2.3.2.2 Swak ouer- en seunverhouding . . . . . . . . . . . . . . 29

1.2.3.2.3 Simbolisme . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 31

1.2.3.3 Sosiologiese teorieë . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 34

1.2.3.3.1 Etiologiese teorieë . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 35

1.2.3.3.2 Nie-etiologiese teorieë . . . . . . . . . . . . . . . . . 39

1.3 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 55

DEEL II

TOEPASSING VAN DIE METODOLOGIE


HOOFSTUK 2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 57

NATUURLIKE GESKIEDENIS VAN DIE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . 57

2.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 57
2.2 DHA'KAR SE WEERGAWE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 57
2.2.1 Fase 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 60
2.2.2 Fase 2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 65
2.2.3 Outokritiek en aanvullende inligting . . . . . . . . . . . 67
2.3 DIE NAVORSER SE WEERGAWE . . . . . . . . . . . . . . . . . 78
2.3.1 Veranderinge in persoonlike opvattings van wetenskap-beoefening . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 78
2.3.2 Verwikkelinge in ISODEM se navorsing van afwykende gedrags-verskynsels . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 79
2.3.3 Besluite en stappe wat tydens die ondersoek geneem is . . . 83
2.3.3.1 Die aanvangsfase . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 84
2.3.3.2 Die middelfase . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 87
2.3.3.3 Die finale fase . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 93
2.4 SLOT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 98
2.4.1 Die kwaliteit van die data . . . . . . . . . . . . . . . . 99
2.4.1.1 Interne geldigheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99
2.4.1.2 Eksterne geldigheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 103
2.5 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 105

HOOFSTUK 3 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106

DHA'KAR SE OUTOBIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106

3.1 HOE EK MYSELF AS SKEEF BELEEF . . . . . . . . . . . . . . 106
3.2 GEBOORTE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 111
3.3 VOORSKOOLSE JARE (1951-1957) EN EERSTE SKOOLJAAR (1958): 1-7 JAAR . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 113
3.4 1958-1959: 7-8 JAAR . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 130
3.5 1959-1960: 8-9 JAAR . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 134
3.6 1960: 9 JAAR . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 137

3.7 1961: 9-10 JAAR .......... 138
3.8 1962: 10-11 JAAR .......... 139
3.9 1963: 11-12 JAAR .......... 141
3.10 1964: 12-13 JAAR .......... 143
3.11 HOËRSKOOLLOOPBAAN (1965-1969): 13-18 JAAR .......... 146
3.12 1970: 18-19 JAAR .......... 152
3.13 1971: 19-20 JAAR .......... 153
3.14 1972-1975: 20-24 JAAR .......... 157
3.15 1976: 24-25 JAAR .......... 160
3.16 1977: 25-26 JAAR .......... 162
3.17 1978-1981: 26-30 JAAR .......... 163
3.18 1982-1987: 30-35 JAAR .......... 187

DEEL III

DIE TOEPASLIKHEID VAN TEORETIESE KONSEPTE OP 'N HOMOSEKSUELE LEWE

HOOFSTUK 4 .......... 219

IMPLIKASIES VAN DHA'KAR SE OUTOBIOGRAFIE VIR SOSIOLOGIESE KONSTRUKTE 219

4.1 INLEIDING .......... 219
4.2 BRUIKBAARHEID VAN SOSIOLOGIESE EN RELEVANTE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE KONSTRUKTE .......... 221
4.2.1 KONSTRUKTE VAN HOMOSEKSUALISME .......... 221
4.2.1.1 Dimensies van homoseksualisme .......... 221
4.2.1.2 Tipologieë van homoseksualisme .......... 223
4.2.1.3 Teorieë oor en modelle van homoseksualisme .......... 225
4.2.1.3.1 Biologiese teorieë .......... 225
4.2.1.3.2 Psigiatriese teorieë .......... 226
4.2.1.3.3 Sosiologiese teorieë .......... 229
4.2.2 TEORETIESE KONSTRUKTE VAN AFWYKENDE GEDRAG .......... 243
4.2.2.1 Die etiketteringsperspektief .......... 244
4.2.2.2 Die fenomenologiese oriëntasie .......... 245
4.2.2.3 Konflikperspektief .......... 250
4.3 SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING .......... 255

EPILOOG . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 257

1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 257

2. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 257
2.1 ORIËNTASIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 257
2.1.1 Die sosiologiese aktualiteit van die navorsingsgebied . . . 257
2.1.1.1 Kwalitatiewe afwykende gedragstudies . . . . . . . . . . . . 258
2.1.1.2 Die gebruik van menslike dokumente . . . . . . . . . . . . . 258
2.1.1.3 Afwykende gedragsosiologie in Suid-Afrika . . . . . . . . . 259
2.1.2 Probleemstellings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 259
2.1.3 Doelstellings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 260
2.1.4 Navorsingsontwerp . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 261
2.1.5 Navorsingstrategie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 261
2.1.6 Data-insamelingsmetode . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 262
2.1.7 Data-ontledingsmetode . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 262
2.2 SENTRALE KONSTRUKTE VAN DIE SOSIOLOGIE VAN HOMOSEKSUALISME 262
2.3 VERLOOP EN GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE ONDERSOEK . . . . . . 263
2.4 DIE TOEPASLIKHEID VAN TEORETIESE KONSEPTE OP DIE SUBJEK SE HOMOSEKSUELE LEWE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 268

3. IMPLIKASIES VAN DIE ONDERSOEK VIR AFWYKENDE GEDRAG-SOSIOLOGIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 269

4. BREË RIGLYNE VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING . . . . . . . . . . 272

5. SLOTOPMERKING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 274

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 275

BYLAE A: GLOSSARIUM VAN SLENGWOORDE EN -UITDRUKKINGS WAT IN DIE HOMOSEKSUELE SUBKULTUUR AANGETREF WORD SOOS VERDUIDELIK DEUR DHA'KAR . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 299

BYLAE B: BEOORDELING VAN DHA'KAR SE OUTOBIOGRAFIE . . . . . . . . . 305

VOORWOORD

1. AKTUALITEIT

Moord, verkragting, selfmoord, jeugwangedrag, alkoholisme, geestesversteuring, prostitusie, homoseksualisme, ensovoorts vorm deel van wat in die reël as afwykende gedrag beskou word.

Dit blyk dat alle mense minstens 'n oppervlakkige belangstelling in afwykende gedragsverskynsels het. Trouens, afwykings kan as 'n gewilde onderwerp onder Jan Publiek beskou word wanneer in aanmerking geneem word dat miljoene mense gereeld vir ure voor hul televisiestelle vasgenael sit en kyk na die een of ander program met afwykende gedrag as tema. Afwykende gedragsverskynsels beteken nie net skade, beserings, lewensverlies of groot finansiële uitgawes deur strafregtelike sisteme nie, maar gryp ook mense se verbeelding aan en dikwels in so 'n mate dat groot geld in die vermaaklikheidswêreld daarmee verdien word.[1]

Daar is natuurlik talle redes vir mense se belangstelling in afwykende gedrag. 'n Persoon wat vir sake weg van die huis af is en wat teen vergoeding seks met 'n eskortgesellin het, mag 'n belangstelling begin ontwikkel in prostitute en hul bedrywighede; ouers wie se dogter onderweg na skool in 'n motor gedwing en op 'n verlate plek buite die stad verkrag word, sal hulle skielik midde-in 'n geweldige traumatiese situasie bevind, 'n dame sal 'n pos by die SA Gevangenisdiens aanvaar omdat dit haar lewensideaal is om as maatskaplike werker 'n

---

1. Higgins en Butler (1982:4) skryf die volgende oor die "vermaaklikheidsfunksie" van afwykende gedrag:

   "Tabloids capitalize on mass murders, sexual crimes, religious cults, the occult, and other unusual happenings to attract customers. Sensational murders, graphic details of the ordeals of a teenage runaway, and the pornography business have become best-selling books, television programs, and movies. Investigative reporting of fraud, embezzlement, swindles, drug operations, teenage hookers, and other attention-getting activities propelled an hour-long television news program into top national ratings. Though we may not engage in such portrayals of deviance ... In a very real sense, deviance is a main theme in entertainment ..."

bydrae te lewer tot die rehabilitasie en uiteindelike herinskakeling van die gevangene in die vrye gemeenskap; 'n man met 'n wetenskaplike nuuskierigheid na sosiale afwykingsverskynsels sal bereid wees om sy lewe te wy aan navorsing oor redes waarom dergelike verskynsels in die samelewing aangetref word en wat die aard, omvang en sosiale implikasies daarvan is. Soos verder duidelik sal word, hou die onderhawige studie benewens die oorweging om die Doctor Philosophiae-graad in die Sosiologie te verwerf, regstreeks verband met laasgenoemde motief.

Alvorens die probleem- en doelstellings asook die navorsingsontwerp in skerper fokus geplaas word, word die opkoms en huidige stand van afwykende gedragsosiologie onder die loep geneem ten einde die sosiologiese aktualiteit van afwykingverskynsels en in die besonder homoseksualisme as onderwerp vir navorsing te illustreer. Die ontwikkeling wat afwykende gedragsosiologie op metodologiese sowel as op teoretiese gebied deurloop het, word weerspieël deur die aannames van die twee breë benaderings te wete positivistiese en antipositivistiese afwykende gedragsosiologie wat op die oomblik in dié spesialisasiegebied onderskei word. Daarom sal in die hiervolgende uiteensetting op die belangrikste uitgangspunte van dié twee oriëntasies gekonsentreer word. Die soeklig sal veral gewerp word op die uitgangspunte van die onderskeie benaderings ten opsigte van hoe navorsing oor afwykende gedragsverskynsels gedoen behoort te word - 'n geskilpunt onder afwykende gedragsosioloë sedert die ontstaan van dié spesialisasiegebied.

Kwalitatiewe navorsing en die gebruik van menslike dokumente onderskeidelik, 'n metodologiese benadering en data-insamelingsmetode wat al in klassieke afwykende gedragstudies benut is, word tans toenemend deur antipositivistiese afwykende gedragsosioloë in navorsing ingespan. Sowel dié model as dié metode hou groot belofte in vir die ontwikkeling van afwykende gedragsosiologie in Suid-Afrika. Dáárom sal in die res van die afdeling in besonder op die kwalitatiewe navorsingstyl en op menslike dokumente as data-insamelingsmetode ingegaan word.

## 1.1 DIE OPKOMS EN HUIDIGE STAND VAN AFWYKENDE GEDRAGSOSIOLOGIE

Sosiaal-wetenskaplikes is al baie lank in afwykingsverskynsels geïnteresseerd. Die vroegste wetenskaplike belangstelling in dergelike verskynsels kan terug-

gevoer word na die idees van die Italiaanse kriminoloog, regsgeleerde en ekonoom Cesare Bonesana, marchese di Beccaria (1738-1794) (Rosenberg et al., 1982:12). Eweneens het afwykingverskynsels nie sosioloë se aandag ontduik nie. Die bekendste voorbeelde van vroeë sosiologiese belangstelling in sodanige gedrag is Durkheim (1897) en Thomas (1923) se klassieke werke oor onderskeidelik selfmoord en vroue wat hulle aan wangedrag, misdaad, prostitusie en ander vorme van afwykende gedrag skuldig gemaak het. Die belangstelling in afwykende gedrag in die Sosiologie het in die jare onmiddellik na die verskyning van hierdie klassieke studies afgeneem as gevolg van onder meer die oormatige klem op misdadigers en jeugoortreders (die studieterrein van die Kriminologie) en die sterk hervormingsinslag van destydse studies (vgl. De Klerk, 1977:viii). Nogtans getuig die afgelope drie dekades van hernude, en by tye entoesiastiese, sosiologiese belangstelling in afwykingsverskynsels.

Die toenemende aandag van sosioloë in afwykende gedragstudies blyk onder andere uit: (i) die rykheid van afwykings wat bestudeer is, en steeds bestudeer word, en wat wissel van eksotiese en "prikkelende" vorme soos nudisme, uitruil van seksgenote (swinging), prostitusie en homoseksualisme tot "diepsinniger", gronddiger en langduriger variasies soos misdaad, bedrog, dwelmmisbruik, verkragting en geweld; en (ii) die talle resente bundels en handboeke wat oor die onderwerp beskikbaar is, die groot aantal artikels wat gereeld in prominente sosiologietydskrifte opgeneem word, die verskyning van die tydskrif *Deviant behavior* in 1979, en die aandag wat afwykende gedrag tydens sosiologiesimposiums ontvang. Hieruit sou die afleiding gemaak kon word dat afwykende gedragsosiologie as spesialisasiegebied hoë aansien in die Sosiologie geniet. Alle sosioloë sou egter nie hiermee akkoord gaan nie. Selfs van die prominentste sosioloë wat afwykings bestudeer soos Rock (1980), Meier (1981a, 1981b), Akers (1981), Sagarin en Gabor (1981) en Goode (1981) huldig verskillende menings hieroor. Hoe dit ook al sy, kan daar nie ontken word dat dié spesialisasiegebied (sommiges wil dit selfs tot 'n dissipline verhef) dramatiese metodologiese en teoretiese veranderinge ondergaan en sy invloed deeglik in die Sosiologie laat geld het nie. Dié spesialisasiegebied was dan ook ongetwyfeld een van die terreine van die Sosiologie wat die afgelope paar dekades die kreatiefste was. Douglas en Waksler (1982:22) skryf in hierdie verband soos volg:

"The field of deviance quickly became the most theoretically creative of sociology and played a major part in forging a new theoretical perspective on

society and social life. In recent years the number of empirical studies done from this emerging perspective (new symbolic interactionism, labeling theory, dramaturgy, phenomenology, ethnomethodology, and existential sociology) has steadily accelerated, and these in turn have contributed a growing number of basic theoretical ideas to sociology."

Die veranderinge wat binne die studiegebied van afwykingverskynsels plaasgevind het, het egter ook meegebring dat dit tans deur **verwarring en uiteenlopendheid** gekenmerk word. In hierdie verband merk Goode (1984:ix) die volgende op:

"Deviance is not a clear-cut phenomenon about which all observers or even all experts will agree. The sociology of deviance is a controversial field: descriptions and explanations are often conflicting and rarely provide definitive answers to questions we might have. While it is true that some questions have been resolved to the satisfaction of nearly all observers, many issues remain highly controversial, their resolution awaiting future study."

Betreklik ou dispute oor hoe afwykende gedrag gedefinieer moet word (vgl. Dodge (1985) en Sagarin (1985) se standpunte in dié verband), oor wat die sentrale navorsingsterreine van die studiegebied behoort te wees (vgl. die polemiek rondom die waarom?-vraag of etiologie) en oor hoe afwykende gedrag bestudeer moet word (vgl. die polemiek rondom kwantitatiewe en kwalitatiewe metodologieë), vorm deel van die interne debatte van afwykende gedragsosiologie.

### 1.1.1 Twee breë benaderings tot die studie van afwykende gedrag

Die vernaamste kontroversies en strominge in hedendaagse afwykende gedragsosiologie word waarskynlik geïllustreer deur die onderskeie aannames van die twee breë benaderings wat binne dié veld aangetref word. Hierdie modelle stem oorwegend ooreen met die twee algemene wetenskapsbeelde wat in die sosiale wetenskappe onderskei word, te wete **positivisme** en **humanisme** (vgl. Hughes, 1980; Mouton, 1983) of **positivisme** en **anti-positivisme** (vgl. Bilton et al., 1981). Daar word ook daarna verwys as: "korrektief" en "relativisties" (Hills, 1980), "wetenskaplik" en "humanisties" (Thio, 1978), "objektivisties" en "subjektivisties" (Goode, 1978), "positivisties" en "interaksionisties" (Conrad & Schneider, 1980), "feitelik" en "definisieel" (Pfuhl, 1980), "absoluut" en "nuut/interaksioneel" (Douglas & Waksler, 1982) en "normatief" en "relativisties" (Orcutt, 1983).

Die belangrikste aannames en inhoude van wat positivistiese en antipositivistiese afwykende gedragsosiologie genoem kan word, sien soos volg daaruit:

### 1.1.1.1 Positivistiese afwykende gedragsosiologie

Positivistiese afwykende gedragsosiologie gaan ten eerste van die veronderstelling uit dat afwykende gedrag op sigself werklik is omdat dit oor besondere kenmerke beskik in terme waarvan dit van konformerende gedrag onderskei kan word. Positiviste beskou afwykende gedrag derhalwe as 'n kenmerk wat eie is aan 'n individu en gebruik dan ook tipies persoonlike faktore en ander agtergrondsveranderlikes ten einde te verklaar waarom 'n afwykende die norme verbreek waaroor daar, so glo hulle, konsensus in die samelewing bestaan. 'n Tweede aanname van positiviste het te make met die objektiewe aard van afwykende gedrag. Objektief impliseer volgens dié beskouing dat afwykende gedrag en sy oorsake onafhanklik van die menslike bewussyn bestaan en plaasvind sonder dat die afwykende self daarvan bewus is. Deur te aanvaar dat afwykende gedrag iets met 'n objektiewe karakter is, glo positiviste dat sodanige gedrag en afwykendes op 'n objektiewe wyse bestudeer kan word. Objektiwiteit is dan ook in afwykende gedragsnavorsing moontlik indien die navorser sy persoonlike vooroordele op die agtergrond skuif, hom-/haarself van waardeoordele weerhou en die ondersoek volgens erkende wetenskaplike beginsels en tegnieke uitvoer sodat die resultate deur ander navorsers geverifieer kan word. In die derde plek voer positiviste aan dat afwykende gedrag bepaal of veroorsaak word deur ander faktore, gebeure en verskynsels in die omgewing. Implisiet aan hierdie deterministiese en kousale opvatting is dié dat 'n gegewe verskynsel eenvoudig nie uit die niet verskyn nie. Ekstreme positiviste ontken derhalwe dat afwykendes se eie vrye wil enige rol in hul gedrag speel. Gematigdes is geneig om toe te gee dat afwykendes wel oor 'n wil van hul eie beskik en dat hulle besluite neem, maar dié groep gebruik dit nie in hul verklarings waarom afwykendes optree soos hulle optree nie. Omdat die idee van vrye wil óók konformerende gedrag verklaar en dit dus nie verskille tussen konformerende en afwykende gedrag kan verklaar nie, beskou positiviste dit as irrelevant. In die vierde plek maak eksponente van hierdie benadering in aansluiting by hul ontologiese en epistemologiese uitgangspunte van 'n kwantitatiewe metodologiese model gebruik.

Daar hulle glo dat natuurwetenskaplike beginsels op sowel die mens as die samelewing toegepas kan word, produseer hulle met behulp van amptelike gegewens en gestruktureerde onderhoude soos selfrapporterende opnames van afwykendes en slagoffers kwantitatiewe data ten einde hulle in staat te stel om statistiese korrelasies tussen operasionele veranderlikes aan te toon. In hierdie gestruktureerde onderhoude word respondente versoek om aan te dui of hulle hulle aan sekere afwykende handelinge skuldig gemaak het en of hulle slagoffers van sekere misdade was. Ten slotte: hierdie en ander aannames van die positivistiese afwykende gedragsosiologie vind neerslag in die meeste van die teorieë van die spesialisasiegebied. Dergelike teorieë staan as etiologiese teorieë bekend (vgl. Snel, 1979) waarvan die volgende die bekendste voorbeelde is: die anomieteorie (Durkheim, 1964a, 1964b, 1951; Merton, 1957), die kulturele transmissieteorie (Shaw & McKay, 1942), die subkulturele teorie (Cohen, 1955; Miller, 1958; Cloward & Ohlin, 1960), die differensiële assosiasieteorie (Sutherland, 1939), Bonger (1916, 1954) se Marxistiese teorie en die kontroleteorie (Reckless, 1961; Nye, 1958; Hirschi, 1969).

1.1.1.2 Antipositivistiese afwykende gedragsosiologie

In die antipositivistiese afwykende gedragsosiologie word in die eerste plek van die veronderstelling uitgegaan dat afwykende gedrag op sigself nie intrinsieke eienskappe besit nie maar dat dit **maatskaplik gekonstrueer** word deur kollektiewe menslike uitsprake. Antipositiviste verwerp die sienswyse dat daar 'n wydverspreide konsensus oor waardes en norme in die samelewing bestaan asook dat afwykende gedrag bloot as die verbreking daarvan beskou kan word. Afwykende gedrag is volgens hulle relatief en nie absoluut nie, omdat dit afhang van norme en daaropvolgende reaksies van bepaalde groepe mense. Ten tweede gaan antipositiviste van die veronderstelling uit dat afwykende gedrag 'n **subjektiewe belewing** is en dat afwykendes bewustelike en nadenkende subjekte is wat oor gevoelens beskik. Hulle glo dan ook nie dat afwykende gedrag nie sonder meer as onsedelike, onaangename en weersinswekkende gedrag beskou moet word wat gekontroleer, reggestel en/of uitgeskakel moet word nie. Hierbenewens moet in die studie van afwykende gedrag nie 'n **gereserveerde houding** ingeneem word deurdat op sekere **eksterne aspekte** daarvan gekonsentreer word of dat navorsers deur **vooropgesette wetenskaplike idees** gelei word nie. Dergelike ingesteldheid lei volgens antipositiviste slegs tot **oppervlakkige kennis** van afwykendes wat, hoewel dit gebruik kan word om afwykende gedrag te beheer en te beperk, nie werklik 'n begrip daarvoor bied nie. Sodanige begrip kan

volgens eksponente van dié benadering slegs verkry word deur dinge te beleef soos afwykendes dit ervaar en deur probleme wat sulke mense ondervind in hul alledaagse lewe te beoordeel, of in die woorde van Matza (1969:15-16), te appresieer. Dit impliseer empatie of simpatieke meelewing met afwykendes. 'n Derde aanname van antipositiviste is voluntarisme. Afwykende gedrag word hiervolgens gesien as 'n ongedwonge handeling of uitdrukking van menslike wilsuiting of keuse. Só beskou, bepaal of veroorsaak die afwykende sy of haar eie gedrag omdat hy of sy as mens oor 'n vrye wil beskik en die vermoë het om keuses in sy of haar gedrag uit te oefen. Aansluitend hierby bevraagteken antipositiviste die verdeling van mense in twee hoofkategorieë, naamlik afwykendes en konformiste omdat hulle glo dat dié groepe mense in die werklike lewe onskeibaar is. Hieruit volg dat dit in hierdie denkrigting nie gaan om die blootlegging van oorsake van afwykende gedrag nie, maar oor die wyses waarvolgens dergelike gedrag as sodanig omskryf word, oor die wyses waarvolgens afwykende etikette aan besondere groepe mense geheg word, en oor die gevolge van dergelike etikettering. Vierdens word in antipositivistiese afwykende gedragsosiologie van 'n ongestruktureerde of kwalitatiewe metodologiese benadering gebruik gemaak. Antipositiviste poog om eerstehandse, gedetailleerde inligting te bekom oor die afwykende se sosiale werklikheid. Ten einde dié realiteit te herkonstrueer, te begryp en te appresieer, word interpretatiewe, ongestruktureerde of kwalitatiewe metodes aangewend. Vyfdens kan teorieë onderskei word wat duidelike verwantskappe met dié benadering se ontologiese, epistemologiese en metodologiese beskouings reflekteer. Hierdie teorieë is onder andere: die etiketteringsteorie (Tannenbaum, 1938; Lemert, 1951; Becker, 1963, 1973; Kitsuse, 1962; Erikson, 1962; Gusfield, 1955, 1967; Scheff, 1974) dramaturgiese teorie (Goffman, 1959a, 1959b, 1963, 1967, 1969, 1971; Manning, 1972, 1975, 1977; Lyman & Scott, 1975), fenomenologie en etnometodologie (Cicourel, 1968; Garfinkel, 1967; Zimmerman, 1969a, 1969b; Bittner, 1967; McHugh, 1970; Daniels, 1970; Coulter, 1973; Phillipson, 1974; Phillipson & Roche, 1974; Stoddart, 1974) en eksistensiële sosiologie (Tiryakian, 1962; Douglas & Johnson, 1977; Douglas et al., 1977).

Dit is belangrik dat wanneer klassifikasies soos dié een opgestel word, in gedagte gehou word dat sulke sistematiserings bloot gebruik word om die beskrywing van 'n besondere sosiale werklikheid, in dié geval afwykende gedragsosiologie, te vergemaklik en dat dit derhalwe 'n oorvereenvoudiging van dié komplekse realiteit is. Sosioloë hang dikwels meervoudige teorieë aan en gaan baie keer nie net van òf 'n positivistiese òf 'n antiposivistiese standpunt

uit nie maar is geneig om 'n mengelmoes van beide te aanvaar. Conrad en Schneider (1980:2) het dan ook gelyk wanneer hulle konstateer dat elemente van dié twee oriëntasies dikwels in afwykende gedragnavorsing gekombineer word en dat van die voortreflikste van dié studies in der waarheid eienskappe van beide tradisies benut het. Klassieke studies waarin die twee benaderings gekombineer is, is deur Chicago-skoolsosioloë gedurende die negentientwintigs en -dertigs van stapel gestuur. Die volgende gedeelte uit Pfohl se *Images of deviance and social control: a sociological history* (1985:153-154) bied nie net 'n beskrywing van dié skool se bydrae in dié verband nie maar ook 'n goeie skets van die kwantitatiewe-kwalitatiewe debat in die Sosiologie:

"The study of social disorganization by University of Chicago sociologists combined two different traditions of social research. The first tradition emphasized efforts to objectively measure external factors and conditions which were believed to affect the organization or disorganization of society. Chicago researchers employed this tradition to develop statistical maps of natural areas within the city. These maps were said to reveal the spatial or ecological origins and consequences of social disorganization. The second Chicago research tradition emphasised the subjective side of social life. It sought to explore the meaning of social life as experienced by people themselves. It involved such things as in-depth interviews, first-hand observations, and the recording of life histories.

"The willingness to combine external-objective and internal-subjective approaches to the study of social life was a definite strength of the early Chicago studies. Today these two different research traditions often represent points of unreconcilable division between sociologists. Some researchers adhere almost dogmatically to the external-objective tradition. They argue that social research must be quantitative or statistical if it is to be scientific. Zealous adherents to the internal-subjective tradition argue the opposite. Sociologists committed to qualitative or field methods often contend that it is necessary to first understand the meaning of human action before attempting to explain patterns or structures of action.

"This division over the proper methods of social research is as old as the discipline of sociology itself. Since the early part of the nineteenth century students of society have debated whether sociology should aspire to the status of a natural science or whether its distinctive subject matter

(reflective human beings who create, maintain, and change social institutions in history) requires a special form of investigation. In nineteenth-century Europe this question prompted social theorists like Wilhelm Dilthey to argue for the formation of a distinctively human science *(Geisteswissenschaften)* based on the principles of subjective understanding, as opposed to natural science *(Naturwissenschaften)*, which stressed the formulation of objective causal laws.

"In America this methodological debate surfaced dramatically in the period following the First World War. Although sociologists of both methodological persuasions stressed the need for rigorous empirical research, lines were drawn between those who advocated quantitative approaches and those who advocated qualitative approaches. These antagonisms were dissolved by the early Chicago researchers, who combined both traditions. The result was a detailed body of empirical literature that is broad in its quantitative scope and deep in qualitative description."

## 1.2 KWALITATIEWE AFWYKENDE GEDRAGSTUDIES

Soos uit die voorgaande blyk, word die kwalitatiewe navorsingstyl al vir baie dekades in afwykende gedragstudies aangetref. Dit is reeds voor die Chicago-skoolstudies van Anderson (1923), Thrasher (1927), Shaw (1930), Cressey (1932), Sutherland en Conwell (1937), Whyte (1943) en andere deur afwykende gedragsosioloë aangewend. Durkheim het naamlik benewens die amptelike gegewens wat hy in sy *Le Suicide* (1897) gebruik het ook gevallestudies aangewend.

Hoewel die kwalitatiewe navorsingstyl gedurende die jare twintig tot die jare veertig besonder populêr was, het die gewildheid van dié tradisie teen die einde van die negentien-veertigs en vroeë negentien-vyftigs begin afneem. Dit is waarskynlik veral as gevolg van die geweldige oplewing wat die positivisme en die kwantitatiewe metodologiese model toe beleef het (Bogdan & Taylor, 1975:4).

Dergelike studies is sporadies gedurende hierdie periode onderneem en was toe beskou as "... old-fashioned and 'softheaded'" (Shaffir *et al.*, 1980a:10).

Nadat sosioloë kwalitatiewe studies vir 'n tyd lank as 'n soort "aspoestertjie" (Groenewald, 1981:15) behandel het, het die gewildheid daarvan weer geleidelik begin toeneem. Reeds gedurende die jare vyftig het enkele artikels verskyn waarin gepoog is om die insameling en interpretasie van "sagte" data op te helder. Die tempo waarteen artikels en boeke wat oor kwalitatiewe navorsing handel die lig gesien het, het veral sedert die jare sestig toegeneem. Vandag is daar nie net talle bundels en monografieë wat oor dié navorsingstyl handel beskikbaar nie[2] maar word ook sosiologietydskrifte aangetref wat aan sodanige navorsing gewy word.[3]

Hoewel verskeie verwikkelinge binne die Sosiologie sedert die einde van die sestigerjare en veral gedurende die negentien-sewentigs daartoe gelei het dat kwalitatiewe studies weer hul verskyning in sosiologiese navorsing gemaak het,[4] was dit veral die studies van Becker (1963) en ander eksponente van die etiketteringsbenadering wat "sagte" studies op die terrein van afwykingsverskynsels aangemoedig het. Eksponente van die etiketteringsbenadering het hul opleiding van Blumer en ander simboliese interaksioniste ontvang en dit is dan ook nie vreemd nie dat hulle, soos Orcutt (1983:226) tereg aantoon, sowel die interperatatiewe teoretiese benadering as die kwalitatiewe metodologie van Mead

2. Vergelyk Bruyn (1966); Glaser & Strauss (1967); McCall & Simmons (1969); Filstead (1970); Becker (1970); Habenstein (1970); Lofland (1971, 1976); Bogdan (1972); Glaser (1972); Douglas (1970, 1972, 1976); Schatzman & Strauss (1973); Jacobs (1974); Bogdan & Taylor (1975); Weppner (1977); Glaser (1978); Friedler (1978); McCall (1978); Schwartz & Jacobs (1979); Shaffir *et al.*, (1980b); Patton (1980); Smith & Manning (1982); Burgess (1982, 1984, 1985); Bogdan & Biklen (1982); Emerson (1983); Van Maanen (1983); Lofland & Lofland (1984); Taylor & Bogdan (1984); Punch (1986); Kirk & Miller (1986); Strauss (1987).

3. Vergelyk *Journal of contemporary ethnography* (voorheen *Urban life*) en *Qualitative sociology*.

4. Verwikkelinge wat veral prominent was, is die volgende: (i) die toenemende belangstelling in teoretiese benaderings wat die sosiale konstruksie van die realiteit beklemtoon; (ii) die steeds groter wordende ontevredenheid met positivisties-georiënteerde benaderings se deterministiese en meganistiese beskouings van menslike gedrag; en (iii) die gepaardgaande behoefte om deur middel van empatie en simpatieke meelewing die sosiale wêrelde waarin individue beweeg asook hul gewaarwordinge van en probleme met dié wêrelde, te begryp.

en Blumer nagevolg het. Hulle het dit naamlik as hul taak beskou om vas te stel hoe begrippe soos misdadiger, "queer" ensovoorts optredes en subjektiewe opvattings van groepe mense insluitende die handelinge en selfkonsepte van diegene op wie dié begrippe van toepassing is, beïnvloed. Etiketteringseksponente glo, ooreenkomstig die metodologiese benadering van simboliese interaksionisme, dat begrip van hierdie proses slegs verkry sal word deur die regstreekse waarneming van die sosiale wêrelde van afwykendes en hul "gehore".

'n Ander persoon wat ongetwyfeld ook 'n bydrae gelewer het tot die herlewing van kwalitatiewe afwykende gedragstudies was Polsky (1967). Kelly (1982) toon byvoorbeeld aan dat Polsky wat self deelnemende waarnemingstudies onder misdadigers geloods het veral met sy voorstelle om van die probleme verbonde aan dié tipe navorsing te oorbrug, verdere belangstelling in kwalitatiewe afwykende gedragsnavorsing aangemoedig het.

Afwykende gedragstudies waarin 'n kwalitatiewe benadering gevolg word, het in die jongste tyd verder toegeneem. Kirby en Corsine (1981:3-4) skryf soos volg oor die plek wat hierdie navorsingstyl tans in afwykende gedragsosiologie inneem:

"During the 1960s and the 1970s, interactionist perspectives achieved preeminence in the sociology of deviance... Simultaneously, there was a change in the preferred methodology of many researchers. The earlier focus on rates of deviants and deviance was replaced with a *concern for understanding deviants' views of the world and their position in it*. For this latter purpose sociologists... have employed ethnographic or fieldwork methods, especially participant observation, to gather firsthand information through sustained contact with members of deviant groups..." (Kursivering aangebring.)

Hoewel vooraanstaande sosioloë al kwalitatiewe studies onderneem het, van die Sosiologie se klassiekste bydraes mintens gedeeltelik op "sagte" inligting gegrond is en van die dissipline se vernaamste konsepte al deur kwalitatiefgeoriënteerde sosioloë ontwikkel is, word die kwalitatiewe navorsingstyl in vergelyking met sy kwantitatiewe eweknie tans in sowel die Sosiologie as in afwykende gedragsosiologie onderbenut.

## 1.3 DIE GEBRUIK VAN MENSLIKE DOKUMENTE

Lewensgeskiedenisse en die gebruik van persoonlike dokumente is een van die data-insamelingsmetodes wat in die kwalitatiewe navorsingstyl gebruik word. Menslike dokumente het reeds gedurende die negentiende eeu en met die aanvang van die huidige eeu aandag geniet (vgl. Bennett 1982) maar het eers in die Sosiologie beslag gekry met die publikasie van Thomas en Znaniecki se *The Polish peasant in Europe and America* in 1918 (Bulmer, 1983; Plummer, 1983; en Frazier, 1978). In dié klassieke studie is van verskeie tipes persoonlike dokumente gebruik gemaak asook van 'n lewensgeskiedenis van een Poolse plattelander, Wisniewski. Thomas en Znaniecki het dié Pool wat 'n immigrant in Chicago was, versoek om sy lewensgeskiedenis teen betaling te skryf. Dié lewensgeskiedenis het daartoe aanleiding gegee dat dergelike geskiedenisse nie net onder Amerikaanse sosioloë behorende tot die Chicago-skool van die twintiger- en dertigerjare van die huidige eeu nie, maar ook onder sosioloë in Pole 'n belangrike data-insamelingsmetode geword het (Bertaux, 1981:2-3; Chalasinski, 1981).[5]

Op die gebied van afwykende gedrag en in die besonder dié van misdaad en jeugwangedrag was die psigiaters Healy en Bronner onder die eerstes wat die belangrikheid van lewensgeskiedenisdata beklemtoon het. "Though they had done extensive statistical studies of some 4,000 delinquents over a period from 1909-1923, Healy and Bronner (1926) abandoned statistical analysis, believing the best way to get at the causes of delinquency was through the use of case history documents" (Frasier, 1978:124).

Park en Burgess van die Departement Sosiologie aan die Universiteit van Chicago het dekades gelede reeds die gebruik van lewensgeskiedenisse en ander menslike dokumente in maatskaplike navorsing aangemoedig. Op die terrein van die Kriminologie was Shaw en van sy kollegas die eerste sosioloë om sistematies verkreë lewensgeskiedenisse in die studie van jeugwangedrag en misdaad aan te wend (Frasier, 1978). Shaw het in samewerking met Burgess talle gevallestudies versamel: "The case (Stanley, the 'jack-roller') is one of a series of two hundred similar studies of repeated male offenders under seventeen years of age ..."

5. Bertaux en Kohli (1984:221) wys egter daarop dat Poolse sosioloë se belangstelling in die lewensgeskiedenis gedurende die afgelope twee dekades afgeneem het.

(Shaw, 1966:1). *The jack-roller: a delinquent boy's own story* (1930) wat onder leiding van Shaw geskryf is, kan waarskynlik as die belangrikste outobiografie beskou word wat nog op die gebied van die afwykende gedragsosiologie verskyn het. "It was republished in paperback in 1966, an edition that had sold over 23,000 copies by the 1980s. The text thus became a classic in the field of juvenile delinquency and has been required reading for generations of sociologists training in the field" (Snodgrass, 1982:3). Ander outobiografieë wat ook deur Shaw en medewerkers begelei was, is: *The natural history of a delinquent career* (1931) en *Brothers in crime* (Shaw et al., 1938). Laasgenoemde werke het egter nie soveel bekendheid verwerf as *The jack-roller* nie.

*The professional thief by a professional thief* (1937) wat ook gedurende die dertigerjare die lig gesien het en deur Conwell oftewel Jones geskryf, en deur Sutherland geannoteer en geïnterpreteer is, word ook deurgaans in die literatuur as 'n belangrike outobiografie beskou.[6] Dié boek was inderdaad 'n mylpaal in die Kriminologie en in afwykende gedragsosiologie (Snodgrass, 1973:1; Vasoli & Terzola, 1974).

Hoewel die lewensgeskiedenis in Amerika sy glanstydperk min of meer tussen 1920 en 1935 beleef het, kon dit nie daarin slaag om sigself as 'n sentrale data-insamelingsmetode in die Sosiologie te vestig nie (Plummer, 1983:2). Dit is reeds tydens dié bloeitydperk by tye ernstig bevraagteken. Die mees uitgesproke skeptikus van die metode was sekerlik die positivis Lundberg (1929). Hy het onder andere geargumenteer dat die doelwit van dié wetenskaplike metode bowenal veralgemening is. Die sleutel tot dergelike veralgemening is die statistiese prosedure en dáárom kan verklarende veralgemenings in die sosiale wetenskappe volgens hom slégs bereik word wanneer waarneembare verskynsels kwantitatief ontleed word. Gevallestudies en lewensgeskiedenisse was vir Lundberg derhalwe pseudowetenskaplik. Die vertolking van 'n lewensgeskiedenis deur 'n navorser word dan ook volgens Lundberg sonder uitsondering deur sy/haar vooroordele gekleur. Verder is hy (1926:61-65) van mening dat daar geen sekerheid is dat respondente wat met die oog op gevallestudies geselekteer word, verteenwoordigend is van die besondere maatskaplike verskynsel wat nagevors word nie. Al die sosioloë uit die Chicago-era was gelukkig nie dermate

6. Plummer (1983:108), Snodgrass (1973) en Vasoli en Terzola (1974) voer aan dat *The professional thief* in werklikheid nie as 'n lewensgeskiedenis van 'n misdadiger beskou kan word nie.

absolutisties nie. Hulle was meer geneig om dergelike studies - insluitende dié waarin menslike dokumente gebruik word - en statistiese ondersoeke as aanvullend tot mekaar te beskou (Plummer, 1983:45-46; Thomas, 1978:126). Dit het egter nié beteken dat laasgenoemde groep nie meningsverskille gehad het oor die mate waarin kwalitatiewe metodes onafhanklik in maatskaplike navorsing aangewend kon word nie. Destydse gevallestudie- en lewensgeskiedenisnavorsers het dan ook al hoe meer te kampe gehad met die ideaal onder sosioloë om "harde" natuurwetenskaplike metodes in maatskaplike navorsing aan te wend ten einde óók vir die Sosiologie die hoë aansien te verwerf wat die natuurwetenskappe geniet het.

Die lewensgeskiedenis- en gevallestudiesosioloë het teen die einde van die dertiger- en veertigerjare steun ontvang van die nuutgestigte Social Science Research Council. Dié Raad het besondere belangstelling getoon in lewensgeskiedenisse en persoonlike dokumente en hul plek in die sosiale wetenskappe en belangrike werke soos dié van Dollard (1935), Blumer (1939), Allport (1942) en Gottschalk *et al.*, (1942) het verskyn. Nieteenstaande dié sosiaal-wetenskaplikes se simpatieke houding jeens lewensgeskiedenisse en gevallestudies het voorstanders van statistiese studies die debat oor die plek en waarde van menslike dokumente in maatskaplike navorsing gewen. Wat meer is, hulle is na veertig jaar nog steeds die wenners. Soos Plummer (1983:149) dit ook stel: "(The life history) is downright peripheral to the concerns of most methodologists. The debates that were so rife in Chicago during the 1920s seem to have been won - hands down - by the hard-line positivistic methodologists or the equally hard-line theoretical abstractionists".

Ondanks die bykans algehele verwerping van lewensgeskiedenisse in maatskaplike navorsing het dit tog nie dié data-insamelingsmetode se einde beteken nie. Die verskyning gedurende die vyftiger- en vroeë sestigerjare van etlike werke waarin van persoonlike dokumente en ander lewensgeskiedenisdata gebruik gemaak is, (vgl. Lemert, 1958; Martin, 1952; Hughes, 1961; Keiser, 1965) dui daarop dat dergelike data nog in sekere sosiologiese kringe aandag geniet het.

Belangstelling in menslike dokumente het in die tweede helfte van die jare sestig opgevlam. Dit blyk dat Becker veral vir dié oplewing verantwoordelik was want in sy inleiding tot die 1966-uitgawe van Shaw se *The jack-roller* her-

sien hy die voordele van lewensgeskiedenisse en beveel aan dat dit gebruik word in die evaluasie van teorieë (Frazier, 1978:126). Ook Denzin (1970:220-259) het bygedra tot hierdie herlewing met die omvattende - en voortreflike - hoofstuk oor die lewensgeskiedenismetode in sy *The research act*. Sy doel daarmee (Denzin, 1970:259) was "... to restore the life history to greater prominence within the sociological enterprise".

Die belangstelling van sosioloë in persoonlike dokumente het sedert die jare sewentig dermate toegeneem dat dit vandag toenemend in verskeie spesialisasiegebiede van die Sosiologie aangetref word. Een van dié gebiede waar hierdie dokumente nog altyd besonder gewild was, is dié van afwykende gedrag.[7]

Dié huidige herlewing van dergelike dokumente in maatskaplike navorsing moet egter in perspektief gesien word. Heelwat navorsingsverslae het gedurende die laaste jare verskyn waarin van menslike dokumente gebruik gemaak is en dergelike dokumente is betreklik breedvoerig bespreek in resente metodologiehandboeke, kwalitatiewe bundels en monografieë. Ten spyte hiervan gee dit beslis nie op die oomblik die toon aan in maatskaplike navorsing nie. Inteendeel, menslike dokumente beklee tans nog 'n marginale posisie in sosiologiese navorsing. Die status van hierdie metode in die Sosiologie word dan ook dikwels vergelyk met dié van 'n onwelkome stiefkind of buitestaander.

## 1.4 AFWYKENDE GEDRAGSOSIOLOGIE IN SUID-AFRIKA

Ter afsluiting van hierdie kort bespreking van die vernaamste strominge in afwykende gedragsosiologie in die buiteland en veral in die VSA, is dit be-

7. Dat persoonlike dokumente besonder populêr in afwykende gedragsosiologie is, blyk onder andere wanneer gekyk word na die volgende resente werke waarin van sulke dokumente gebruik gemaak word: *Anguish: a case history of a dying trajectory* (Strauss & Glaser, 1970); *Outside the law: a thief's primer* (Jackson, 1972); *Box man: a professional thief's journal* (Chambliss, 1972); *Being different: the autobiography of Jane Fry* (Bogdan, 1974); *The professional fence* (Klockars, 1974); *Escape from custody* (Straus, 1974); *Theoretical approaches to deviance: an evaluation* (Frazier, 1976); *Angel face: the making of a criminal* (Probyn, 1977); *Manny: a criminal addict's story* (Rettig et al., 1977); *The madam as entrepreneur: career management in house prostitution* (Heyl, 1979); *Love and commitment* (Schwartz et al., 1980); *Deviant reality: alternative world views* (Lowney, Winslow & Winslow, 1981); *Deviance: voices from the margin* (Skipper et al., 1981); *The jack-roller at seventy: a fifty-year follow-up* (Snodgrass, 1982).

langrik om vlugtig na die stand van dié spesialisasiegebied in Suid-Afrika te kyk. Die oogmerk is egter nie om die ontwikkeling en huidige status van afwykende gedragsosiologie hier te lande enigsins te bespreek nie, maar eerder om enkele belangrike tendense wat betreklik duidelik waargeneem word, uit te lig.

Uit 'n rekenaardrukstuk wat van die Afdeling Navorsingsinligting van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO) verkry is asook uit 'n studie van die gelyste projekte in die *Navorsingsbulletin: tydskrif vir die SAPGN*, blyk dat afwykingverskynsels gedurende die afgelope dekade beslis aandag van Suid-Afrikaanse sosioloë ontvang het. Hoewel dié drukstuk nie 'n vergelyking moontlik maak tussen die vyf studieterreine waarop plaaslike sosioloë hulle die afgelope klompie dekades bewys het nie (Oosthuizen, 1987:179), is daar nie rede om te vermoed dat afwykende gedragsosiologie minder aansien as byvoorbeeld politieke of mediese sosiologie in Suid-Afrika geniet nie.

Dit val nie te betwyfel dat afwykende gedragsosiologie in Suid-Afrika die afgelope dekade veral op teoretiese gebied ontwikkeling getoon het nie. Studies wat veral vir hierdie ontwikkeling verantwoordelik is, is onder meer: *Deviance and the social construction of reality* (Smedley, 1977), *An evaluation of the concept social class as an important explanatory variable in theories of deviance* (Gerber, 1978), *Afwykende gedrag binne die teoretiese raamwerk van simboliese interaksionisme. 'n Kritiese evaluering* (De Klerk, 1977) en *Vergelykende studie van Merton en Lemert se teorieë van afwykende gedrag met besondere verwysing na hul grondliggende teoretiese oriëntasies en die moontlikheid van sintese* (De Klerk, 1984).

Wat metodologie betref sou 'n mens, geoordeel aan die sterk struktuur-funksionalistiese inslag wat nog betreklik onlangs onder Suid-Afrikaanse sosioloë opgemerk is (Oosthuisen, 1981:23-47), waarskynlik 'n dekade of meer gelede met vrymoedigheid kon gesê het dat die afwykende gedragsosiologie hier te lande geheel en al deur die kwantitatiewe benadering oorheers word. Hoewel so 'n stelling meer as 'n dekade gelede in die kol sou wees, sou dit vandag nie meer met die werklikheid strook nie, want verskeie studies wat onteenseglik as kwalitatief beskou kan word, het naamlik in die jongste tyd die lig gesien.[8]

---

8. Dié studies sluit onder andere in: Crause & Botha (1977), Schurink (1979a, 1979b, 1981, 1987), Schurink & Winterbach, (1979), Schurink & Schurink (1983, 1987) en Lötter & Schurink (1979, 1986).

Hoewel slegs die tyd sal leer, kan geoordeel aan onlangse strominge binne die Sosiologie in Suid-Afrika[9] voorspel word dat die kwantitatiewe navorsingstyl in die negentigerjare toenemend plek sal maak vir metodologiese benaderings wat 'n kwalitatiewe karakter vertoon.

## 2. PROBLEEMSTELLINGS

Bestaande konsepte, tipologieë, modelle en teorieë van konvensionele afwykende gedragsosiologie word sedert die jare sestig toenemend in die buiteland bevraagteken. Hier te lande het konstrukte van afwykende gedragsosiologie minstens by enkele geleenthede ook al kritiek ontlok. Dergelike sentrale konstrukte word dikwels bestempel as "ivoortoringkonstrukte", "eensydig", "betekenisloos" of "nie relevant in die werklike alledaagse lewe nie". Hoewel verskeie redes vir dié kritiek aangevoer kan word, is die **sentrale navorsingprobleem dat sodanige konsepte, tipologieë, modelle en teorieë oorwegend verband hou met standpunte waarby die sentrale akteur van die studieveld, te wete die afwykende, grootliks oor die hoof gesien word.** Skipper *et al.*, (1981:1) wys tereg daarop dat die geldigheid van 'n voorgestelde verklaring van afwykende persone se gedrag nie gewaarborg kan word indien daar nie minstens kennis geneem word van sulke persone se opvattings en rasionale nie. Hulle sê verder (Skipper *et al.*, 1981:15):

"We frequently impute motives and ideas to people when we answer the questions: Why did he do that? What does she think when people treat her that way? Being fair and objective, we assume we can come close to answering these questions because we know how we would act or think under similar circumstances. *Despite our best intentions, however, we cannot be certain that our definition of the situation is in any way similar to anyone else's.* We are not 'inside' other people's heads, so we cannot know for certain what they see. And we have not had their experiences, so we cannot know for certain how the situation will be interpreted. While this may seem obvious, *the actor's interpretation of the situation is often disregarded by social scientists because it does not seem to be objective. But it is objective to the extent that it is real enough to the actor to influence his or her behaviour."* (Kursivering aangebring.)

---

9. Naas funksionalisme onderskei Van Eeden (1984:1-4) tussen die volgende oriëntasies in die Sosiologie hier te lande: 'n Marxistiese, 'n fenomenologiese, 'n pluralistiese en 'n Calvinistiese perspektief.

Boonop maak sosioloë hoofsaaklik van die kwantitatiewe navorsingstyl gebruik wanneer afwykingverskynsels ondersoek word. Normaalweg word inligting oor sodanige verskynsels verkry uit (i) amptelike rekords van organisasies (soos strafregtelike instellings of psigiatriese hospitale), (ii) gestruktureerde onderhoude met groepe afwykendes in dergelike inrigtings of (iii) vraelyste wat onder 'n steekproef van die algemene bevolking versprei word en waarin die respondente onder andere versoek word om die mate waarin hulle oortredings begaan het en/of slagoffers van misdaad was, aan te dui. Ongeag of amptelike (sekondêre) of opname (primêre) gegewens ingesamel word, word dit statisties verwerk ten einde empiriese veralgemenings te maak, dit wil sê stellings waarmee algemene verskille tussen kenmerke van afwykende en konformerende persone ten opsigte van sekere veranderlikes beskryf kan word. Dergelike veralgemenings of oorsake dien dan as die grondslag vir die verklaring van afwykende gedrag. Gevolglik produseer voorgaande "harde" wetenskaplike metodes wat oorwegend geïmplementeer word in sosiologiese afwykende gedragnavorsing 'n statistiese prentjie wat impliseer dat gebeure ordelik, konstant en reëlmatig verloop. 'n Verdere navorsingsprobleem is dus dat hierdie denkbeelde ver verwyderd van die sosiale werklikheid van afwykende gedrag is. Hierdie werklikheid is hoogs dinamies omdat dit voortdurend deur mense, ooreenkomstig hul subjektiewe ervaring en interpretasie van waardes, norme, ideologieë en "betekenishegting" aan simbole geskep en herskep word en nie (noodwendig) deur 'n kwantitatiewe navorsingstyl verreken word nie.

## 3. DOELSTELLINGS

Teen die agtergrond van die geformuleerde probleemstellings, is die manifeste doel met hierdie kwalitatiewe studie (die verkryging van die doktorsgraad uitgesluit), die volgende:

* Om bestaande teoretiese konstrukte van homoseksualisme aan die hand van 'n lewensgeskiedenis as kwalitatiewe navorsingsmetode te verifieer en in terme van die afwykende te formuleer. Sodoende kan ook nagegaan word of kwalitatiewe, sosiologiese konstrukte 'n verklaring vir 'n homoseksueel se lewe bied. 'n Enkele man se opvattings van sy lewe as homoseksueel, soos opgeteken in sy lewensgeskiedenis, word derhalwe

gebruik om bestaande konsepte, tipologieë, modelle[10] en teorieë van homoseksualisme in twyfel te trek. Deur die passing of nie-passing van bestaande teoretiese konstrukte by 'n outentieke geval na te gaan, poog die onderhawige studie nie alleen om die geloofwaardigheid van dergelike konstrukte te verhoog nie, maar ook om 'n grondiger insig in die homoseksuele wêreld hier te lande te verkry. Dit is egter belangrik om daarop te let dat in die ondersoek nie getrag word om 'n nuwe teorie te konstrueer nie. Hoewel belangrik, sou so 'n taak veels te omvattend wees om óók in die huidige studie aangepak te word. Aangesien die hele lewensverhaal en nie net die dele daarvan wat met sentrale teoretiese konstrukte verband hou in die ondersoek aangebied word nie, sou die geïnteresseerde leser of sosioloog self dié taak kon onderneem.

* Om deur middel van die kwalitatiewe navorsingstyl eerstehandse inligting aan die hand van 'n persoonlike dokument (outobiografie) van 'n selferkende homoseksueel se definisie van sy situasie, sy subjektiewe ervaring en interpretasie van waardes, norme, ideologieë en die "betekenishegting" aan simbole, in te win. Hiervolgens word dus getrag om die dikwels realiteit-verwyderde statisties-stereotipe denkbeeld van afwykende gedrag te omseil deur dit kwalitatief te belig en te interpreteer.

Benewens hierdie primêre doelstellings is 'n sekondêre oogmerk om met die persoonlike verslag van 'n homoseksueel "sagte" materiaal van die sosiale realiteit van homoseksualisme in Suid-Afrika te bekom wat insig in 'n wêreld waarvan ons plaaslik baie min weet, sal bied.

---

10. Vir doeleindes van die onderhawige ondersoek word van Plummer (1975) en Troiden (1977; 1979:362-373) se modelle van homoseksuele identiteitsontwikkeling gebruik gemaak daar (i) eersgenoemde die basis vir latere dergelike modelle gevorm het en laasgenoemde aan die hand van 'n empiriese ondersoek geverifieer is en (ii) dié twee konseptuele raamwerke besonder bruikbaar was om die homoseksuele identiteitsontwikkeling van tien manlike Suid-Afrikaanse adolessente te verduidelik (Schulze, 1988).

In die lig van die voorgaande geformuleerde doelstellings word met dié navorsing ook gepoog om 'n bydrae tot die studie van homoseksualisme te lewer, 'n vorm van menslike gedrag wat nie alleen omstrede is nie maar wat in die jongste tyd ten opsigte van sowel metodologie as teorie heelwat aandag van sosioloë geniet het. Dit dien vermeld te word dat die keuse van homoseksualisme as onderwerp vir die onderhawige studie toevallig is. Die verskynsel is by die studie ingesluit nadat Strauss en Glaser (1970:185) se oproep dat sosioloë moet kyk of daar nie in die data wat hulle ingesamel het goeie lewensverhale is wat in eie reg gepubliseer kan word nie, ter harte geneem is. Die materiaal wat sedert 1977 ingesamel is vir die Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM) se navorsingsprogram insake kwalitatiewe studies van afwykende gedrag is deursoek vir 'n geskikte lewensgeskiedenis wat in die studie benut kon word. Daar is uiteindelik op hierdie lewensgeskiedenis wat etlike jare gelede deur 'n homoseksueel geskryf is, besluit en wat nog tot op hede nie gepubliseer kon word nie.

Dit blyk dus duidelik dat die onderhawige studie (i) selfgeïnisieer en (ii) sowel verkennend as verklarend is. Die ondersoek kan as verkennend beskou word omdat, soos Babbie (1983:74) aantoon, metodes ontwikkel word vir gebruik in verdere navorsing. In hierdie geval word geëksperimenteer met kwalitatiewe metodes wat tans onder buitelandse sosioloë wat afwykende gedragsnavorsing onderneem gewild is, in 'n poging om dit in dergelike plaaslike navorsing geïmplementeer te kry. Die ondersoek kan as verklarend gesien word omdat, soos met die eerste doelwit gestel, bestaande sosiologiese konstrukte verifieer en herinterpreteer word.

## 4. NAVORSINGSONTWERP

Ten einde te poog om, afgesien van kwantitatiewe metodologie, ook 'n geldige begrip van afwykingsverskynsels te verkry en die twee gestelde probleemstellings te bolwerk, word in die onderhawige studie van die kwalitatiewe navorsingsmodel gebruik gemaak. Op dié wyse word afwykendes nie meer, soos Polsky (1967:117) dit treffend stel, "through punched cards and oneway mirrors" beskou nie, maar word vollediger en ryker gegewens verkry as dié wat aan die hand van "harde" metodes bekom kan word. Dergelike ryker data lei nie alleen tot 'n begrip van die subjektiewe leefwêrelde van afwykendes nie maar mag ook meebring dat sosioloë empatie of simpatieke meelewing met sulke mense sal hê. 'n Kwalitatiewe benadering kan dus uiteindelik tot betekenisvoller en samelewingsrele-

vanter teorieë aanleiding gee. In hierdie paragraaf word van naderby bekyk wat met "kwalitatiewe navorsing" bedoel word en word die belangrikste oorwegings tydens die beplanning van die ondersoek aangedui. 'n Volledige beskrywing van die stappe en besluite wat tydens die uitvoering van die ondersoek geneem is, word egter soos gebruiklik in die kwalitatiewe tradisie onder die natuurlike geskiedenis van die studie in Hoofstuk 1 bespreek. In hierdie afdeling word stilgestaan by: die breë navorsingstrategie of, in die woorde van Groenewald (1985:62-63), "tipe verklaring", die data-insamelings- en die data-ontledingsmetode wat in die ondersoek geïmplementeer is.

## 4.1 KWALITATIEWE NAVORSING

'n Verskeidenheid terme word met die konsep "kwalitatief" in verband gebring. Halfpenny (1979:799) wat tydens 'n simposium oor die analise van kwalitatiewe gegewens rekord gehou het van terme wat deur die deelnemers gebruik is met verwysing na sodanige data, tel tot soveel as twintig. Dit is dan ook nie vreemd dat Van Maanen (1979:520) en die Loflands (1984:3) onderskeidelik konstateer dat die etiket "kwalitatiewe metodes" geen presiese betekenis in die sosiale wetenskappe het nie en dat kwalitatiewe navorsing "a many-labeled tradition" is. Gesien die uiteenlopende beskouings van "kwalitatief" sal eerder as om 'n omskrywing daarvan te gee, vlugtig stilgestaan word by enkele terme wat gewoonlik as sinonieme vir "kwalitatief" gebruik word en wat elk 'n ander aspek daarvan benadruk.

Die belangrikste sinonieme vir "kwalitatiewe navorsing" is blykens die literatuur ongetwyfeld "veldnavorsing", "veldwerk" (fieldwork), "naturalisme", "etnografie", "interpretatiewe navorsing", "gevallestudie" en "kwalitatiewe navorsing". "Veldnavorsing" of "veldwerk" dui daarop dat hierdie tipe navorsing normaalweg onderneem word in die habitat van die persone wat bestudeer word. Dié term is nou verwant aan "naturalistiese navorsing" en impliseer dat (i) vooropgesette idees waarmee die navorser die empiriese wêreld of besondere verskynsel wat hy/sy bestudeer mag benader, sover moontlik beperk moet word en (ii) dat die navorser nie die verskynsel wat ondersoek word sal manipuleer nie. Volgens die Loflands (1984:3) impliseer dit "... a close and searching description of the mundane details of everyday life ...". Hoewel daar heelwat verwarring rondom "etnografie" aangetref word, dui dit veral op die oorheersend beskrywende aard van kwalitatiewe navorsing (Mouton, 1988:1). Die term "interpretatief" verwys volgens Mouton (1988:1) na die feit dat dit in sodanige

navorsing nie gaan om menslike gedrag te verklaar in terme van algemeengeldende wette nie, maar eerder om die betekenisse en simbole te verstaan wat onderliggend aan menslike handelinge is. "Gevallestudie" verwys na die ideografiese, holistiese of kontekstuele strategie wat tipies in kwalitatiewe navorsing gevolg word. Dit beteken dus dat die oogmerk met dergelike navorsing nié is om na groot populasies te veralgemeen nié maar eerder om 'n enkele geval of 'n klein aantal gevalle indringend te ondersoek. Ten slotte bied "kwalitatief", sekerlik die term wat die omvattendste is en die meeste aangewend word, 'n aanduiding dat die navorsing die kwaliteite van menslike optrede benadruk, dit wil sê op die kwalitatiewe en nie op die kwantitatief-meetbare elemente van menslike gedrag konsentreer nie.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat kwalitatiewe navorsing en sy sinonieme minstens een aspek in gemeen het, te wete die verheldering van die sin en betekenis wat mense aan sosiale situasies heg. Hieruit volg dat eksponente van dié navorsingstyl data-insamelingsmetodes benodig wat hulle in staat stel om die rykheid van mense se subjektiewe leefwêrelde te ontdek. Deelnemende waarneming, diepte- of ongestruktureerde onderhoude, menslike dokumente en historiese analise leen sigself veral tot sodanige ontdekking.

## 4.2 NAVORSINGSTRATEGIE

Vanweë die oogmerk met die huidige ondersoek om 'n enkele homoseksueel se lewe uitvoerig te ondersoek, is besluit om die ideografiese (Windelband aangehaal deur Mouton & Marais 1985:50), holistiese (Pattor, 1980) of kontekstuele (Mouton, 1983; Mouton & Marais, 1985) navorsingstrategie te volg. Dié keuse hou uiteraard belangrike implikasies vir die uiteindelike geldigheid van die onderhawige ondersoek in. In die lig hiervan asook die feit dat die kontekstuele strategie oor die algemeen selde in sosiologiese navorsing in Suid-Afrika aangetref word, is dit noodsaaklik om nie net dié strategie van nader te bekyk nie maar ook om aandag aan die universele strategie wat oorwegend in sosiologiese navorsing aangetref word, te gee. Hoewel Haytin (1969) dié twee oriëntasies soos dit in gevallestudies aangetref word betreklik uitvoerig bespreek, word hier volstaan met Schwartz en Jacobs (1979:69) se bondige dog effektiewe uiteensetting van die gebruik van dié oriëntasies in lewensgeskiedenisnavorsing.

Die ideografiese (kontekstuele) benadering (soos gebruik deur "naturaliste", "subjektiviste" en "sagte-data-ondersoekers") beklemtoon die belangrikheid van navorsing oor die lewe van 'n enkele individu en is slegs sekondêr gemoeid met die frekwensie of aard van veranderlikes buite die lewensterrein van die besondere individu. Volgens hierdie benadering is dit wetenskaplik gesproke geldig en in terme van metodologiese oorwegings korrek om die gedrag van 'n enkele akteur te ondersoek én om die geval nie net as verteenwoordigend van 'n groep te beskou nie, maar óók as 'n onafhanklike totaliteit waarvan afleidings in eie reg gemaak kan word. Verder word aangevoer dat die doel met die sosiale wetenskappe in werklikheid die begryp van gedrag is en nie die kwantifisering, klassifisering of ontleding van gedragspatrone nie. Voorstanders van die ideografiese benadering is van mening dat dié doelwit die beste bereik kan word deur gebruik te maak van die gevallestudiemetode daar dit die navorser in staat stel om die totaliteit van 'n enkele persoonlikheid op 'n "gestalt"-vlak te bestudeer.

Die nomotetiese (universele) benadering (soos gebruik deur "objektiviste", "empirici", "eksperimenteerders" en "harde-data-kwantifiseerders") gaan van die veronderstelling uit dat teoretiese veralgemenings vir relatief groot groepe individue behoort te geld en dat dit by wyse van sistematiese proefneming (wat gewoonlik statistiese geldigheid insluit) behoort bereik te word. Eksponente van hierdie benadering beskou die gevallestudie normaalweg as 'n uitstekende hulpmiddel om meer te wete te kom van teoretiese konstrukte in die sosiale wetenskappe en is geneig om te glo dat dit dergelike studies se funksie is om nuwe ontdekkings te genereer. Gevallestudies het egter, afgesien hiervan, nie juis nut nie omdat volgelinge van die nomotetiese benadering daarop staan dat dit, wetenskaplik beskou, onmoontlik is om te veralgemeen op grond van enkele gevalle.

Dit is belangrik dat in gedagte gehou sal word dat dié verdeling nie as waterdig beskou moet word nie en dat elemente van beide oriëntasies dikwels in navorsingsprojekte aangetref word. Dit is ook die geval in dié onderhawige ondersoek aangesien dit hier nie net om die begryp of verstaan van homoseksualisme gaan nie maar ook om die eksaminering van reeds bestaande teoretiese konstrukte. Soos verder duidelik sal word (vgl. Hoofstuk 1), is heelwat teorieë van homoseksualisme etiologiese teorieë. Om hierdie rede word in hierdie ondersoek ook aandag aan oorsake gegee. Skeptici mag beweer dat weens die aandag aan kousaliteit die studie gedeeltelik tot 'n ontologie gekompromitteer

is waarvolgens menslike handelinge deur eksterne en/of interne magte/wette gedetermineer word en die mens baie min, indien enige, vrye keuse in sy wilsuitoefening veroorloof word. Kortom: kritici sal na alle waarskynlikheid te kenne gee dat die studie nomoteties-positivisties is. Dat die onderhawige studie elemente van sowel die nomotetiese navorsingstrategie as van die positivistiese wetenskapsbeeld vertoon, is korrek maar nie dat daar in die studie weens die aandag aan oorsaaklikheid min of geen ruimte gelaat word vir vrye menslike handeling nie. In aansluiting by Mouton en Marais (1985:47-48) word hier van die standpunt uitgegaan dat kousaliteit deel van menslike gedrag vorm sonder dat daar enige onderliggende wetmatigheid[11] hoef te wees. In die onderhawige ondersoek word onder meer getrag om vas te stel wat 'n selferkende homoseksueel se motiewe was om 'n homoseksuele leefwyse te kies. Dié vorm van kousale verklaring is soos Mouton en Marais (1985:48) tereg aandui, nie in stryd met die voluntarisme wat die vrye wil en vrye keuse asook besluitneming van die subjek wil beskerm nie, aangesien aanvaar word dat alle homoseksuele nie dieselfde redes vir hul homoseksualisme sal verstrek nie.

## 4.3 DATA-INSAMELINGSMETODE

In die voorgaande afdelings is telkens gewag daarvan gemaak dat van 'n menslike dokument gebruik gemaak word in die onderhawige ondersoek. Die besondere vorm van dié databron wat in die studie gebruik word, naamlik die outobiografie, word vervolgens in oënskou geneem. Alvorens dit gedoen word, word die begrip "menslike dokumente" nader gespesifiseer.

### 4.3.1 "Menslike dokumente"

Die feit dat 'n ryke verskeidenheid dokumentêre materiaal tot die beskikking van die geïnteresseerde navorser is asook die feit dat dit in verskillende dissiplines én om verskeie redes gebruik word, maak dit baie moeilik om "menslike dokumente" te definieer. Vir die doeleindes van die studie word volstaan met 'n definisie wat reeds in die veertigerjare deur Redfield verskaf is en met enkele opmerkings wat in dié verband deur Plummer in 'n resente werk gemaak is.

---

11. Dergelike wetmatigheid staan ook bekend as "universele oorsaaklikheid" (vgl. Afdeling 4.4).

Redfield (1945:vii) se definisie sien soos volg daaruit: "... (A) human or personal document is one in which the human and personal characteristics of somebody who is in some sense the author of the document find expression, so that through its means the reader of the document comes to know the author and his views of events with which the document is concerned."

Plummer (1983:14) kom in sy voortreflike *Documents of life: an introduction to the problems and literature of a humanistic method* tot die gevolgtrekking dat alle benaderings waarin dié metode gebruik word (i) daarna streef om die naturalistiese, subjektiewe uitgangspunt van die subjek uit te beeld en (ii) bepaald nie tweede-orde-verslae van sosiaal-wetenskaplikes is wat op die eksterne objektiewe waarheid aanspraak maak nie. Die gebruike van die menslike dokument in die huidige ondersoek is, soos reeds aangedui, in ooreenstemming met dié oogmerke.

### 4.3.2 Die outobiografie as lewensgeskiedenis

Soos reeds aangetoon, bestaan daar 'n verskeidenheid menslike dokumente wat in maatskaplike navorsing aangewend kan word. In die onderhawige studie is gebruik gemaak van die outobiografie.

Die subjek het op versoek van die navorser so volledig moontlik en in sy eie woorde 'n verslag oor sy lewe opgestel. Hy het sy verhaal hoofsaaklik geskryf en het slegs enkele grepe daaruit op band vasgelê wat later getranskribeer en by die geskrewe gedeelte gevoeg is. Die aandeel van die navorser in die konstruksie van die verhaal was, soos in Hoofstuk 2 aangedui sal word, beperk.

Die outobiografie stem in hoë mate ooreen met sowel Allport se uitgebreide outobiografie (*The use of personal documents in psychological science* (1942) soos aangehaal deur Burgess (1984:126)) as met die menslike dokument wat met die oog op navorsing versoek word (vgl. Burgess, 1984:124-125).

## 4.4 DATA-ONTLEDINGSMETODE

Hoewel sosioloë op die oomblik besondere belangstelling in die kwalitatiewe navorsingstyl toon, is dit tegelyk opvallend en verontrustend dat relatief min aandag geskenk word aan die faset van dié benadering wat sekerlik die opwindendste en kreatiefste is, naamlik die analise van die data. Mouton (1983:

130) is selfs van mening dat op dié gebied die grootste eise aan die model in die toekoms gestel gaan word.

Die problematiek rondom kwalitatiewe analise word ook duidelik waargeneem wanneer na lewensgeskiedenisnavorsing gekyk word. Plummer (1983:99) laat hom in dié opsig soos volg uit:

"If there is one issue which requires much more discussion in the whole of life history methodology then it is the analysis of the data: a task that should invariably take considerably more time than the collection of data and which would invariably also proceed simultaneously ... In many ways this is the truly creative part of the work - it entails brooding and reflecting upon mounds of data for long periods of time until it 'makes sense' and 'feels right', and key ideas and themes flow from it. It is also the hardest process to describe ..."

Teen die agtergrond van die problematiek van kwalitatiewe analise is dit noodsaaklik dat uitvoerig uiteengesit sal word hoe dié aspek van die onderhawige ondersoek hanteer is. Dit sal gedoen word deur (i) die kwaliteit van die data te bespreek, dit wil sê na te gaan in watter mate aan die klassieke standaarde van wetenskaplike navorsing te wete, reaktiwiteit, betroubaarheid, herhaalbaarheid en verteenwoordigendheid voldoen is en (ii) hoe teorieë uit die verkreë data afgelei is. Eersgenoemde sal in Hoofstuk 2 aandag geniet terwyl laasgenoemde vervolgens aan die orde gestel word.

Benewens 'n aantal algemene riglyne wat gevolg kan word wanneer "sagte" data ontleed word, is drie formele metodes ontwikkel wat gebruik kan word om gevolgtrekkings uit sulke data te maak. Die drie inferensiële metodes is: analitiese induksie, gegronde teorie (grounded theory) en interaksionele strategieontleding (vgl. Schurink, 1986).

Analitiese induksie is besonder geskik om inferensies uit lewensgeskiedenisse te maak (vgl. Plummer, 1983:125) en om bestaande teoretiese konstrukte na te gaan (vgl. Denzin, 1978). Hoewel Znaniecki (1934) nooit self analitiese induksie toegepas het nie, word algemeen aanvaar dat dié Poolse sosioloog en filosoof daarvoor verantwoordelik was dat die metode in die Sosiologie bekend geword het (Suchar, 1978:129). Belangrike studies waarin van hierdie metode gebruik gemaak is, sluit dié van Lindesmith (1947), Cressey (1953), Lemert (1958) en Becker (1963) in.

Analitiese induksie kan waarskynlik die beste verstaan word deur dit te vergelyk met **enumeratiewe** (enumerative) induksie of wat breedweg die statistiese benadering genoem kan word. In laasgenoemde benadering word 'n steekproef van gevalle (normaalweg 'n betreklike groot getal) uit die universum van gevalle van 'n verskynsel getrek. Die verkreë data word dan statisties ontleed en deur byvoorbeeld van 'n meerveranderlike tegniek gebruik te maak, word gevolgtrekkings wat na die universum veralgemeen kan word, gemaak. Die beste voorbeeld van dié statistiese benadering word natuurlik gevind in die talle opnamestudies wat uitgevoer word. Indien 'n navorser byvoorbeeld 'n houdingstudie loods onder 'n verteenwoordigende steekproef (N = 1 500) van blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners insake die wettiging van homoseksuele handelinge, sal hy/sy waarskynlik vind: 1 200 is van mening dat sulke handelinge met die wet strafbaar moet wees terwyl 300 die opinie huldig dat dit nie as 'n misdaad beskou moet word nie. Sulke bevindings sal die navorser normaalweg tot die volgende gevolgtrekking laat kom: die oorgrote meerderheid (80 persent) van die blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners met wie onderhoude gevoer is, is van mening dat homoseksuele handelinge in Suid-Afrika as 'n misdaad beskou moet word.

In teenstelling met enumeratiewe induksie waar die klem gelê word op empiriese veralgemenings wat geld vir die meerderheid gevalle van die verskynsel wat ondersoek word (soos die 80 persent in die voorgaande voorbeeld), streef analitiese induksie na veralgemenings wat geld vir al die gevalle van die verskynsel (insluitende die 20 persent in die genoemde voorbeeld). In hierdie benadering word dus aanvaar dat veroorsakende veralgemenings as "universele" (universals)[12] getakseer moet word. Manning (1982:277) konstateer die volgende in 'n artikel wat beskou word as die beste tot nog toe oor analitiese induksie:

"Analytic induction seeks to develop *universal* statements containing the essential features of a phenomenon, or those things that are always found to cause or lie behind the existence of a social occurrence. The essential features are revealed, it is argued, when they are always present when the phenomenon is present; when they are absent, the phenomenon is itself absent. The definitional aspect of science is critical in analytic induction, and in the

12. Dit is belangrik om weer eens daarop te wys dat oorsaaklikheid in hierdie ondersoek as deel van menslike handeling beskou word maar dat dit nie dergelike gedrag op 'n strenge wyse aan een of meer algemeen geldige wetmatigheid gelykstel nie.

procedure redefinition and reconceptualisation are often required to narrow the range of applicability or the scope of the theory. Exceptions or negative cases assume a major significance, since the explanations aim for completeness and universality."

Die uitstaande kenmerk van analitiese induksie is ongetwyfeld die klem wat op die soeke na uitsonderlike of negatiewe gevalle gelê word. Dit het dan ook daartoe gelei dat daar dikwels na hierdie metode as negatiewe gevalle-ontleding verwys word (vgl. Kiddler, 1981). Wanneer die metode gebruik word, is die navorser dus voortdurend op soek na gevalle wat sy/haar hipoteses kan weerlê of as onwaar bewys en hom/haar verplig om dit òf te verwerp òf te hersien.

Die stappe verbonde aan analitiese induksie is betreklik eenvoudig en voor-die-hand-liggend (vgl. Cressey, 1973:16; Denzin, 1978:192; Taylor & Bogdan, 1984:127). In die eerste plek word 'n vae definisie van die verskynsel wat nagevors gaan word, geformuleer. Tweedens word 'n hipotetiese verklaring vir die verskynsel aangebied. Dit kan gegrond word op reeds bestaande kennis oor die verskynsel, op nuwe gegewens wat tydens 'n besondere ondersoek ingesamel word en/of op insigte waartoe die navorser mag kom of wat hy/sy intuïtief mag weet. Derdens word die hipotese as uitgangspunt geneem en word een geval ondersoek om vas te stel of dit verband hou met die feite van die geval. Vierdens word, indien die hipotese nie aansluiting vind by dié feite nie, òf die hipotese heromskryf òf die verskynsel herdefinieer sodat die geval geakkommodeer kan word. Vyfdens word daadwerklik gesoek na uitsonderlike gevalle waarmee die hipotese weerlê kan word. Sesdens word wanneer negatiewe gevalle teëgekom word, òf die hipotese òf die verskynsel heromskryf. Laastens word voortgegaan met die prosedure totdat die navorser die hipotese voldoende getoets het (volgens sommige navorsers 'n universele verwantskap vasgestel is) deur 'n wye reeks gevalle na te gegaan het. Tydens dié stap word vir doeleindes van bewyslewering ook gevalle buite die ondersoekgebied (soos afgebaken deur die definisie) ondersoek ten einde vas te stel of die finale hipotese op buile van toepassing is of nie. Sodoende word daarmee rekening gehou dat wetenskaplike veralgemenings bestaan uit beskrywings van toestande wat altyd aangetref word wanneer die verskynsel teenwoordig is, maar wat nie gevind word wanneer dit afwesig is nie.[13]

Die wyse waarop analitiese induksie in die onderhawige studie aangewend is, is geskoei op die lees van die Winslowmodel (Winslow & Winslow, 1974; Lowney,

13. Hierdie stap verteenwoordig die metode van verskil wat onderliggend is aan die logika vir die konstruksie van kontrolegroepe in die eksperimentele opset.

Winslow & Winslow, 1981).[14] Die aanwending van die metode sien meer spesifiek soos volg daaruit:

* (Manlike) homoseksualisme word aan die hand van die relevante literatuur omskryf.

* Die belangrikste teoretiese konstrukte word as hipotetiese verklarings uit die bestaande literatuur oor homoseksualisme onttrek.

* 'n Konkrete geval van homoseksualisme word gebruik ten einde die toepaslikheid van die konstrukte na te gaan.

* Daar word aangedui watter konstrukte van homoseksualisme by die feite van die geval aansluiting vind en watter nie. Hierbenewens word die toepaslikheid van enkele relevante konseptuele raamwerke van afwykingsverskynsels op die subjek se homoseksuele lewe nagegaan. Hoewel die belangrikste implikasies van die outentieke homoseksuele lewe vir homoseksuele en afwykende gedragskonstrukte aangedui word, is dit belangrik om daarop te let dat sodanige konstrukte nie in die huidige ondersoek aangepas word nie. Dié taak wat uiteraard onderneem sal moet word voordat stappe vyf tot sewe van analitiese induksie onderneem kan word, sal aan toekomstige kwalitatiewe navorsing oor homoseksualisme hier te lande oorgelaat word.

---

14. Sosioloë se reaksie op die Winslows (1974) se model soos hulle dit aanvanklik in hul *Deviant reality: alternative world views* ontwikkel het, was beperk en het negatiewe sowel as positiewe kommentaar ingesluit. Die grootste besware wat teen die model ingebring is, was enersyds dat die literatuuroorsigte aangaande teoretiese konstrukte van afwykingverskynsels te bondig was met die gevolg dat die bespreking van die toetsing of hoe kompeterende teorieë geëvalueer word, nie oortuig nie (Rabow, 1975: 681-682), en andersyds dat die gebruik van afwykendes se getuienisse as "toetse" vir bestaande teoretiese konstrukte nie altyd toereikend was nie (Hackler, 1975:492-493). Dat die Winslowmodel egter daarin slaag om afwykende akteurs se persepsies eerstehands en lewendig weer te gee en die gaping tussen die veralgemenings van bestaande afwykende gedragsteorieë en die ryke verskeidenheid in alledaagse afwykende lewens te illustreer, gee kritici geredelik toe. Dit is belangrik om daarop te let dat in die tweede uitgawe van die boek (Lowney, Winslow & Winslow, 1981) meer klem op teoretiese raamwerke gelê word en dat die konseptuele implikasies van die afwykendes se kommentare uitvoeriger ontleed word.

## 5. AANBIEDING

Hierdie voorwoord word afgesluit met 'n vooruitskouing van hoe die stof vervolgens uiteengesit en aangebied word.

Afgesien van die Voorwoord en 'n Epiloog, bestaan die proefskrif uit drie hoofdele. Teen die agtergrond van die voorgaande Voorwoord word in DEEL EEN (Hoofstuk 1) aandag gegee aan sentrale konstrukte van homoseksualisme. In DEEL TWEE word, nadat aandag gegee is aan die praktiese verloop en geloofwaardigheid van die navorsing (Hoofstuk 2) die outobiografie van die homoseksuele man aangebied (Hoofstuk 3). DEEL DRIE bestaan uit 'n enkele hoofstuk (Hoofstuk 4) waarin (i) die sosiologiese konstrukte van homoseksualisme met die homoseksueel se lewensgeskiedenis in verband gebring word en (ii) belangrike implikasies wat sy homoseksuele loopbaan vir dié konstrukte inhou, aangetoon word. Die proefskrif word afgesluit met die Epiloog wat 'n samevatting van die belangrikste bevindinge asook enkele aanbevelings ten opsigte van verdere kwalitatiewe navorsing en meer spesifiek lewensgeskiedenisnavorsing in Suid-Afrika is.

Twee bylaes word ook in die studie ingesluit. Bylae A bevat 'n glossarium van die subjek se slengwoorde en -uitdrukkings soos dit in die studie voorkom,[15] en Bylae B bestaan uit die kommentaar wat deur familielede en homoseksuele op die subjek se outobiografie gelewer is.

15. Alle slengwoorde en -uitdrukkings wat deur die subjek gebruik is, is onderstreep.

## DEEL I

## EKSPLIKASIE VAN SOSIOLOGIESE KONSTRUKTE VAN HOMOSEKSUALISME

In hierdie eerste deel van die studie word die wyses waarvolgens sosioloë trag om homoseksualisme te begryp én te verklaar of, in die woorde van Mouton en Marais (1985:125), **die simboliese gereedskap** waardeur hulle sin maak van dié verskynsel, onder die loep geneem. Meer presies gestel, die sentrale konstrukte wat binne die sosiologie van homoseksualisme gebruik word ten einde 'n greep op dié komplekse en gevarieerde werklikheid te kry, word in hierdie gedeelte (Hoofstuk 1) nader verduidelik.

## HOOFSTUK 1

## DIE SOSIOLOGIE VAN HOMOSEKSUALISME

### 1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die soeklig gewerp op die sentrale teoretiese konstrukte wat deur sosioloë ontwikkel is om begrip en insig in homoseksualisme te verkry. Die oogmerk is egter nie om dergelike konstrukte uitvoerig en krities te bespreek nie. So 'n opgaaf val buite bestek van die onderhawige ondersoek. Soos in die Voorwoord gestel, gaan dit hier om die belangrikste van hierdie konsepte uit die sosiologiese literatuur oor homoseksualisme te onttrek ten einde die mate wat dit 'n verklaring vir 'n enkele, konkrete homoseksuele lewe bied, na te gaan. Hoewel die fokus van hierdie hoofstuk sosiologiese instrumente is, sal, aangesien ander sosiaal-wetenskaplikes soos veral sielkundiges en psigiaters 'n belangrike invloed op hierdie "gereedskap" gehad het, ook na hulle verwys word. Hierbenewens is dit belangrik om daarop te let dat in die hieropvolgende bespreking slegs ingegaan sal word op sentrale konstrukte wat spesifiek op homoseksualisme slaan. Verder word die leser se aandag daarop gevestig dat dié hoofstuk nie 'n sistematiese sosiologiese opstel oor homoseksualisme kan en wil wees nie. Hoewel verskeie belangrike sosiologiese raakpunte aangeraak word, kan alle relevante aspekte nie gedek word nie. Meer nog: daar word hoogstens sydelings aandag gegee aan die volgende drie algemene vrae wat volgens Joubert (1980a:3-8) in 'n sosiologiese opstel oor homoseksualisme beantwoord moet word: (i) Wat is die inhoud of kenmerke van homoseksualisme? (ii) Vertoon persone met 'n homoseksuele oriëntasie gemeenskaplike kenmerke? en (iii) Watter situasionele en algemene sosiale omstandighede begunstig of inhibeer die voorkoms van homoseksualisme?

'n Laaste opmerking oor hierdie hoofstuk wat van belang is, is dat slegs aan manlike homoseksualisme aandag geskenk word.[1]

---

1. Sosioloë en ander sosiaal-wetenskaplikes gee toenemend aandag aan vroulike homoseksualisme of lesbinisme. Vgl. bv. Gagnon en Simon (1973:176-216), Ponse (1979), Wolf (1979) en Ettoré (1980).

## 1.2 TEORETIESE KONSTRUKTE VAN HOMOSEKSUALISME

Homoseksualisme geniet die afgelope paar dekades toenemend die aandag van sowel die breë publiek as sosiaal-wetenskaplikes. Van al die seksuele afwykingsverskynsels is homoseksualisme waarskynlik dié een waaroor die meeste en heftigste gedebatteer word.[2] Goode (1984:185-186) skryf in dié verband:

"... (T)he debate on homosexuality can become rancorous and even hostile. We might have supposed that, after centuries of writings on homosexual behavior, some sort of consensus about its nature would be emerging. This appears not to be the case. Perhaps still the most vigorously contested question is whether or not homosexuality is normal or abnormal, an alternative life-style or a manifestation of psychic pathology, a viable form of behavior or a mental illness."

Hierdie en ander soortgelyke strydvrae illustreer dat die publiek sowel as deskundiges normaalweg nie neutraal teenoor homoseksualisme staan nie en dat hulle reaksie op dié verskynsel deur hul eie, subjektiewe oordeel daarvan gekleur word. Dit verbaas dan ook nie dat uiteenlopende en kontrasterende teoretiese konstrukte van dié verskynsel in die literatuur aangetref word nie. Hoewel die sosiologie van homoseksualisme soos Plummer (1981a:17) tereg aandui, 'n baie kort geskiedenis van net meer as 30 jaar het, is verskeie definisies, tipologieë, modelle en teorieë van homoseksualisme al binne dié benadering ontwikkel. Vervolgens word hierdie instrumente gepresiseer.

### 1.2.1 Definisies van homoseksualisme

Verskeie konnotasies is al na gelang van sosiaal-wetenskaplikes se belangstellings en die teoretiese raamwerke wat hul aanhang aan "homoseksualisme"[3] geheg sedert dié term vir die eerste keer deur Benkert, 'n Hongaar, in 1869 gebruik

2. Die bekendste, omvangrykste en heftigste debat oor homoseksualisme in Suid-Afrika is die een van 1968 wat gevolg het op voorstelle wat in die Parlement gemaak is dat dié verskynsel deur middel van strenger wetgewing bekamp moet word (vgl. Joubert, 1974).

3. "Homoseksualisme" is oorspronklik afgelei van die Griekse voorvoegsel "homo" wat "dieselfde" of "soortgelyk" beteken en die Latynse woord "sexus" wat op "geslag" dui (Schulze, 1988:13).

is om na 'n "aangebore" en dáárom "onbedwingbare neiging" te verwys (Lauritsen & Thorstad aangehaal deur Marshall, 1981:142). Gesien die meerdere betekenisse van "homoseksualisme" én die feit dat daar nie 'n algemeen aanvaarbare omskrywing van dié begrip onder sosioloë is nie (vgl. Lowney, Winslow & Winslow, 1981:185), lyk dit vir my gerade om in plaas van 'n formele definisie van "homoseksualisme" dit eerder met behulp van aantekeninge te bespreek.[4] Verskeie dimensies en betekenisnuanses van "homoseksualisme" en "homoseksueel" word dan ook in die hieropvolgende notas geakkommodeer.

#### 1.2.1.1 Dimensies van homoseksualisme

Dit is belangrik om vooraf reeds in gedagte te hou dat die onderskeie dimensies en nuanses wat in homoseksualisme opgesluit lê, dikwels, maar nie altyd nie, gesamentlik aangetref word. Verskeie pogings is reeds aangewend om die aspekte van homoseksualisme saam te vat waarvan dié een van Goode (1984:178-185) besonder insiggewend en oorspronklik is. Vir die doeleindes van hierdie afdeling sal dan ook veral van dié sosioloog se inhoude gebruik gemaak word.

##### 1.2.1.1.1 Die homo-heteroseksuele kontinuum

Een van die belangrikste insigte wat met Kinsey en sy medewerkers se baanbrekerswerk *Sexual behavior in the human male* (1948) in die verskynsel van homoseksualisme verkry is, is dat mense nie netjies en gemaklik in òf 'n homoseksuele òf heteroseksuele kategorie ingedeel kan word nie. Die ondersoekers het 'n hetero-homoseksuele klassifiseringskaal ontwikkel waarvolgens mense ooreenkomstig punte op die skaal geklassifiseer kan word. Dié punte sien soos volg daar uit:

* Uitsluitlik heteroseksueel met geen mate van homoseksualisme nie.

---

4. Goode (1984:178) som raak op wanneer hy sê: "As in any other area of human life, homosexuality is in large part a matter of definition. Put plainly and simply, there is no possible definition of who is a homosexual, or even what is homosexual behavior, that will satisfy everyone. It is more fruitful to examine different *dimensions* of homosexuality - dimensions that are often, but not necessarily, found together."

* Oorwegend heteroseksueel met slegs 'n mate (sporadies) van homoseksualisme.

* Grotendeels heteroseksueel maar met 'n substansiële mate van homoseksualisme.

* 'n Gelyke mate van heteroseksualiteit en homoseksualisme.

* Grotendeels homoseksueel maar met 'n substansiële mate van heteroseksualiteit.

* Oorwegend homoseksueel met slegs 'n mate (sporadies) van heteroseksualiteit.

* Uitsluitlik homoseksueel met geen mate van heteroseksualiteit nie.

Benewens dié skaal is dit ook nodig om op die volgende belangrike bevindings uit Kinsey *et al.* (1948) se ondersoek te let: (i) effens meer as een derde (37 %) van alle Amerikaanse mans het ná puberteit nog homoseksuele ervarings met orgasme gehad; (ii) 13 % het gemeld dat hulle sonder deelname aan homoseksuele aktiwiteite fisies deur 'n ander man gestimuleer is; (iii) 60 % het te kenne gegee dat hulle vóór adolessensie aan seksuele spel met 'n ander seun deelgeneem het; (iv) ongeveer 6 % van al die orgasmes wat die mans gehad het, was die gevolg van homoseksuele kontakte en (v) slegs 4 % van alle mans was dwarsdeur hul lewens uitsluitlik homoseksueel.[5]

Uit dié gegewens is dit dan duidelik dat: (i) 'n aansienlike proporsie Amerikaanse mans homoseksuele ondervindings en begeertes gehad het; (ii) baie mans gedurende en ná adolessensie minstens een keer in hul lewens by 'n homoseksuele aktiwiteit betrokke was én dat 'n groot getal vir 'n aansienlike periode van hul lewens met sulke aktiwiteite voortgegaan het en (iii) homoseksualisme nie 'n vasstaande "toestand" is nie - die helfte van die mans wat vir drie jaar of langer uitsluitlik homoseksueel in hul gedrag was, het op verskillende stadia in hul lewens gemeenskap met vroue gehad.

---

5. Dié bevinding word soos Joubert (1980a:18) tereg meld algemeen aanvaar en as 'n minimumsyfer vir homoseksualisme onder mans in moderne Westerse samelewings toegepas.

#### 1.2.1.1.2 Self-identiteit

Hoewel die homo-heteroseksuele kontinuum in verskeie opsigte 'n groot bydrae tot die konseptualisering van homoseksualisme gelewer het, kan dit nie al die aksente van die komplekse homoseksuele verskynsel akkommodeer nie. Gagnon (1977:236) beskou dié kontinuum as 'n enge definisie van homoseksualisme en sê in hierdie verband: "As long as we limit our perspective to the anatomical sex of the object, and limit the critical events to the time from the first to the last orgasmic spasm of the penis or vagina, such a definition might be workable, although not particularly useful in understanding what people do."

Goode (1984:181) konstateer dat self-identiteit 'n beslissende dimensie van homoseksualisme is waarmee nie in die homo-heteroseksuele kontinuum rekening gehou word nie. Hoe mense hul seksuele voorkeure ten opsigte van hul geslag omskryf, het enorme impak op hul gedrag, hul sin en gemak met hul lewe, hul sosiale verhoudings met ander persone, wat hulle dink, hoe hulle voel en hul eksterne sowel as interne ervarings. Dit beteken nie dat mense wat hulself nie as homoseksueel beskou nie en wat in alle ander opsigte wel só geneigd is derhalwe nie homoseksueel is nie, maar bloot dat hierdie besondere aspek van homoseksualisme in hul samestelling ontbreek. "In the sense of self-identity, they simply aren't homosexual; in other respects, they may be", aldus Goode (1984: 181).

#### 1.2.1.1.3 Die homoseksuele subkultuur

'n Verdere belangrike dimensie wat in die konseptualisering van "homoseksualisme" voor oë gehou moet word, is subkulturele betrokkenheid of die mate waarin met ander persone wat hulself as homoseksueel beskou en wat dergelike gedrag vertoon, geassosieer word.

Studente van homoseksualisme maak deurgaans gewag van 'n homoseksuele subkultuur. Dergelike subkultuur reflekteer al die eienskappe wat normaalweg met

"subkultuur" vereenselwig word.[6] Die vernaamste elemente van 'n homoseksuele subkultuur word gereflekteer in die volgende gedeelte uit Plummer se voortreflike *Sexual stigma: an interactionist account* (1975:154-155):

"The subculture of homosexuality ... refers to a relatively stable life style involving a number of interactants around the homosexual experience. As with any culture, it comes to develop its own 'designs for living' - but such elements are neither homogeneous, well organized and stable, nor fundamentally different from other cultures. Rather, the subculture is a constantly changing and loosely organised phenomenon displaying varying forms, whose *members vary considerably in their involvement and commitment.*" (Kursivering aangebring.)

Die mate waartoe 'n persoon wat by homoseksuele aktiwiteite betrokke is by die homoseksuele subkultuur ingeskakel is, oefen 'n wesenlike invloed uit op verskeie belangrike fasette van sy lewe - seksueel sowel as nie-seksueel. Dit sou uiters naïef wees om betrokkenheid by die homoseksuele gemeenskap in die konseptualisering van "homoseksualisme" te ignoreer.

1.2.1.1.4 <u>Subjektiewe beoordeling van gedrag</u>

Nog 'n belangrike dimensie van homoseksualisme is die subjektiewe betekenis wat sowel deelnemers aan homoseksuele gedrag as nie-deelnemers aan mense, hul gedrag en die rolle wat hulle vertolk, heg. "Subjektiewe betekenis" verwys na die toewysing al dan nie van homoseksualisme aan menslike gedrag. Dergelike betekenis word nie bepaal deur enige formele eienskappe van mense of hul optredes nie maar spruit voort uit sekere definisies en oordele wat volgens plek en tyd varieer. So beskou "rent-pieces" of manlike prostitute hul seksuele aktiwiteite met klante nie as 'n aanduiding dat hul homoseksueel is nie maar bloot as saketransaksies. Op dergelike wyse is persone met 'n heteroseksuele

6. Die volgende eienskappe is volgens Joubert (1980b:39) kenmerkend van 'n subkultuur: (i) die voorkoms van 'n duidelik waarneembare lewenstyl van 'n segment of groepering binne 'n samelewing wat van die dominante kultuur ten opsigte van taal, waardes, norme, gebruike, en so meer verskil; (ii) die verskynsel dat dit prakties altyd deur 'n minderheidsgroep in stand gehou word; (iii) die verskynsel dat dit bykans nooit 'n bedreiging vir die dominante kultuur inhou nie en (iv) die feit dat dit normaalweg, juis omdat dit nie as 'n bedreiging beskou word nie, deur die breë kultuur geduld word.

oriëntasie dikwels tydens sekere periodes in hul lewens in situasies soos in manskoshuise, weermagkursusse of gevangenisaanhouding by homoseksuele aktiwiteite betrokke sonder dat hulle of ander mense hulle as homoseksueel beskou. Gagnon (1977:237) stel dit só: "For some people their sexuality is present, important, or eruptive in every circumstance, either for their entire lives or for a certain period in their lives; for others it is a matter of minimum significance in all circumstances."

Dit is dus belangrik om in die konseptualisering van homoseksualisme nie uit die oog te verloor dat (i) deelname aan gedrag wat tegniee as homoseksueel bestempel kan word, nie noodwendig meebring dat alle betrokkenes dit dienooreenkomstig gaan omskryf nie en dat (ii) alle mense nie dieselfde opvatting van wat "homoseksualisme" behels, huldig nie.

1.2.1.1.5 <u>Seksuele voorkeur</u>

'n Vyfde aspek van homoseksualisme wat uitgelig moet word, is seksuele voorkeur. Goode (1984:182) skryf in hierdie verband die volgende:

"Now it is never the case that everything is equal. No one is faced with the alternative of two sexual partners who are exactly the same except for gender. So we have to visualise gender preference as hypothetical rather than real. We all encounter many people during the course of our day, some of them men, and some women. How does it come to pass that we end up in bed with a member of one or the other sex? Is it because of availability? Men in prisons do not choose the gender of their partners; it is forced on them by circumstance. If they had the power of choice, nearly all would have intercourse with women, not men. It is relatively easy to find willing male sex partners in an urban center after a few minutes of 'cruising' in the right place; talking women into bed is generally much more difficult. Many men prefer the sexual company of women, but don't want to be subject to the 'hassle' it would entail. They end up having sex with men because men are far more readily available. On the other hand, many men prefer to abstain from sex altogether than have intercourse with other men."

Uit dié formulering is dit duidelik dat voorkeur vir dieselfde geslag 'n hele **spektrum moontlikhede** dek. In die eerste plek is daar die **voorkeurhomoseksueel**, die man wat ten spyte van bykans onbeperkte moontlike opsies konsekwent mans bo vroue verkies. Tweedens kan die **situasionele homoseksueel** onderskei word, die man wat slegs gemeenskap met geslagsgenote sal hê onder omstandighede waar vroue uitgesluit is en/of waar mans meer geredelik as vroue beskikbaar is. Ten slotte word die **bevestigde heteroseksueel** aangetref, 'n man wat geen seks bo gemeenskap met mans verkies.

Aansluitend by die voorgaande is dit belangrik om ook te let op **romantiese voorkeure**, of op die moontlikheid om emosioneel by mans of vroue betrokke te raak. Die moontlikheid om verlief te raak op iemand van dieselfde geslag is uiteraard een van verskeie moontlikhede waarvolgens 'n persoon se seksuele oriëntasie bepaal kan word. 'n Interessante definisie in dié verband is dié een van die Duitser, Klimmer (aangehaal deur Joubert (1974:84)) waar die liefde vir persone van dieselfde geslag tesame met "'n nie-geïnteresseerdheid, onverskilligheid, of selfs aversie t.o.v. seksuele omgang met lede van die teenoorgestelde geslag" beklemtoon word.

#### 1.2.1.1.6 Seksuele opwekking

'n Sesde dimensie wat in die konseptualisering van "homoseksualisme" in aanmerking geneem moet word, is of 'n persoon deur mans of vroue seksueel geprikkel raak of nie. Goode (1984:182) is dit met Anna Freud eens dat 'n belangrike kriterium of 'n persoon homoseksueel is of nie, die geslag van die persoon se masturbasiefantasieë is.

#### 1.2.1.1.7 Openbare definisie

'n Laaste dimensie wat voor oë gehou moet word wanneer "homoseksualisme" omskryf word, is hoe 'n persoon se seksuele rol en voorkeur in die openbaar gedefinieer word. Hiermee word nie bedoel dat as alle ander persone van mening is dat 'n persoon homoseksueel is, hy of sy dit sonder meer is nie, maar eerder dat dergelike etikettering verskeie belangrike implikasies nie net vir 'n persoon se sekslewe gaan hê nie maar ook vir sy of haar lewe in die algemeen. So lei die persoon wat sy homoseksualisme geheim hou en dié een wat dit openbaar maak, nie dieselfde tipe lewe nie en verskil die lewe van 'n persoon wat verkeerdelik as homoseksueel beskou word in belangrike opsigte van dié een wat korrek as heteroseksueel gesien word.

1.2.1.1.8 <u>Slot</u>

Die belangrikste punt in die voorgaande bespreking is dat 'n persoon in verskeie opsigte 'n homoseksueel kan wees én dat geen enkele dimensie van homoseksualisme op sigself 'n persoon se seksuele oriëntasie kan bepaal nie. Hierby is daar ook die belangrike saak, naamlik dat die genoemde dimensies nie noodwendig almal by dieselfde persoon aangetref hoef te word nie en dat 'n persoon in een opsig homoseksueel kan wees maar nie in ander opsigte nie. Hoewel die dimensies van homoseksualisme dikwels gesamentlik aangetref word en normaalweg met mekaar verband hou, is dit nie altyd die geval nie. Om dié rede is dit volgens Goode (1984:183) raadsaam om (i) die verskeie kombinasies van kenmerke en hul konsekwensies vir mense se lewens op 'n seksuele én op 'n nie-seksuele vlak na te gaan; (ii) elke dimensie van homoseksualisme as 'n indikator van homoseksualisme te beskou en (iii) ooreenkomstig die voorkoms van sommige dimensies van homoseksualisme by 'n persoon voorspellings aangaande die waarskynlikheid van die ander te maak.

Goode (1984:183) is van mening dat van al die dimensies identiteit waarskynlik die belangrikste indikator van homoseksualisme is. Wanneer iemand verklaar dat hy of sy homoseksueel is, is hy of sy na alle waarskynlikheid ook in terme van die ander dimensies homoseksueel. Die persoon sal byvoorbeeld insgelyks baie meer gemeenskap met geslagsgenote as met lede van die teenoorgestelde geslag gehad het. Hoewel die omgekeerde natuurlik ook waar is en 'n persoon wat meer homoseksuele as heteroseksuele seks gehad het, dikwels maar nie altyd nie, 'n homoseksuele identiteit sal aanneem, meen Goode (1984:183) dat dit nie so 'n sterk indikator as identiteit is nie. In die algemeen, sê Goode (1984: 183), dat hoe meer dimensies van homoseksualisme in 'n besondere geval aangetref word hoe groter die kanse is om homoseksualisme betreffende diè oorblywende dimensies te voorspel.

Uitgaande van die voorgaande bespreking sou tereg gevra kon word: Beteken dit dat daar nie so iets soos "homoseksualisme" of 'n "homoseksueel" saam met een of meer van die dimensies onderskei kan word nie? Die antwoord hierop is 'n besliste nee. Dit suggereer bloot dat ons nie die dimensies tot absolute realiteite wat ons alles van 'n persoon se homoseksualisme of die totale verskynsel van homoseksualisme vertel, moet konsolideer nie. Hierby moet ook teen

die teenoorgestelde strik gewaak word, te wete: homoseksualisme is nie iets wat na willekeur vir 'n persoon aan- of uitgetrek kan word nie! Handelinge eerder as persone moet as aanduidend van homoseksualisme beskou word. 'n Persoon is nie homoseksueel ongeag van wat hy of sy doen nie. Goode (1984: 183) stel dit soos volg:

"One is not a tennis player until one plays tennis, and one is not a tennis player after one quits the game; one is a tennis player only by virtue of the fact that one plays tennis. People are homosexual in no more meaningful a sense than one is a tennis player: *only because one engages in homosexual acts*. If someone doesn't so engage, one isn't a homosexual. *There is absolutely no indwelling trait of homosexuality outside the acts themselves, any more than there is in 'being' a tennis player*." (Kursivering aangebring.)

Ten slotte moet op twee belangrike resente benaderings ten opsigte van die konseptualisering van "homoseksualisme" gewys word, naamlik die sogenaamde essensialistiese (essentialist) en die konstruksionalistiese (constructionist) benaderings. Die essensialistiese oriëntasie kan teruggevoer word tot die tradisionele psigoanalitiese beskouing van homoseksualisme waarvolgens die "essensie" van homoseksualisme vasgevang kan word in 'n basies duidelik onderskeibare kenmerk. Vir klinici en sosioloë soos Whitam (1977a; 1977b; 1980) asook Whitam en Mathy (1986) is homoseksualisme 'n manifestasie wat in alle kulture en in alle historiese periodes aangetref word. Eksponente van hierdie benadering gaan van die veronderstelling uit dat mense 'n oriëntasie in die vroeë lewensjare ooreenkomstig hul biologiese samestelling of psigodinamika ontwikkel wat by hulle bly én aan die hand waarvan hul "ware onderliggende seksuele identiteit" lewenslank beskryf kan word.

'n Persoon is dikwels onbewus van hierdie "ware identiteit". Sulke gevalle verteenwoordig dan gevalle van latente homoseksualisme. Die konstruksionalistiese perspektief word onder simboliese interaksioniste soos Plummer (1981b: 93-110) en Goode (1984) aangetref. Homoseksualisme is in terme van hierdie benadering nie 'n "toestand" wat universeel aangetref word nie. Plummer (1981b:95) skryf in dié verband:

"Human gender and human sexuality is a diffuse open-ended matrix of potential and possibility - to be narrowed down and organized in specific ways by

specific sociohistorical formations ... How we think, feel and act out our 'sexualities' will depend on the ways that family structures set boundaries to emotional development, and the wider society sets boundaries to cognitive categories. (And, of course, there is always the possibility that such boundaries could be transcended!)"

Die proses waarvolgens mense 'n seksuele oriëntasie aanneem, het volgens die konstruksioniste te make met die wyse waarvolgens mense ooreenkomstig 'n eindelose matriks van seksuele en geslagsmoontlikhede oor tyd ontwikkel. Voorstanders van dié benadering is van mening dat daar geen essensiële skakel tussen hierdie komponente is nie: 'n persoon wat biologies 'n man is, kan homoseksueel optree sonder dat hy homself as sodanig beskou; hy kan homself as 'n vrou maar nie as 'n homoseksueel sien nie; hy kan homself terselfdertyd as 'n man en 'n homoseksueel beskou of hy kan homself as 'n homoseksueel sien terwyl hy nie soos een optree nie.

Tereg skryf Plummer (1981b:95-97) dat daar 'n paradoks tussen die essensialistiese en die konstruksionalistiese benaderings is aangesien hulle ten spyte van wyd uiteenlopende bronne nogtans ten opsigte van die "essensie"-gedagte konvergeer. "Homoseksualisme" is volgens die essensialistiese oriëntasie 'n vorm van "wees" terwyl dit in terme van die konstruksialisme 'n vorm van "wees" word wanneer dit as sodanig omskryf word. Hoewel terme soos die "homoseksueel" of die "gay" vir sosioloë en ander sosiaal-wetenskaplikes ontoereikend mag wees, kan dit nie weggeredeneer word dat Jan Alleman dikwels met sulke begrippe identifiseer nie. Op dié wyse gebeur dit baie keer dat mense hul verlede as 'n "simptoom" van "ware homoseksualisme" wat nog altyd daar was, beskou. So mag 'n man wat reeds jare lank getroud is én kleinkinders het, sy heteroseksualiteit ontken deur aan te kondig dat hy eintlik nog altyd "in werklikheid" homoseksueel was. Die feit dat dié twee benaderings op die oppervlak dieselfde mag lyk, maak dit ongetwyfeld baie moeilik om te bepaal of homoseksualisme werklik 'n "essensie" of "toestand" is en of dit bloot as één aangeleer is. Nogtans kan een "essensie" teruggevoer word na 'n diepgewortelde psigiese behoefte en die ander na 'n sosiale leerproses; die een beskou etikettering as die weerspieëling van die werklikheid terwyl die ander dit as die skepping van die realiteit sien; die een beskou etikettering as instaatstelling terwyl die ander een dit as beperkend en kontrolerend sien.

### 1.2.2 Tipologieë van homoseksuele

Die feit dat "homoseksualisme" moeilik gedefinieer kan word asook dat dit verskeie dimensies impliseer wat in wisselende mate in homoseksuele lewens gereflekteer word, beteken nie dat homoseksuele persone nie in terme van sekere ooreenkomste en uitstaande eienskappe geklassifiseer of getipeer kan word nie. Verskeie tipologieë van homoseksuele insluitende Kinsey *et al.* (1948) se homo-heteroseksuele kontinuum waarna reeds verwys is, word dan ook in die relevante literatuur aangetref. Dit is nie moontlik en uiteindelik ook nie nodig dat die wye reeks tipologieë van homoseksuele wat in die literatuur oor die onderwerp aangetref word, hier indringend bespreek word nie. Dáárom word in dit wat volg volstaan met (i) 'n lys van kriteria of eienskappe in terme waarvan sosiaal-wetenskaplikes homoseksuele klassifiseer en (ii) 'n bespreking van vier indelings wat veral aandag onder sosioloë geniet.

#### 1.2.2.1 Lys van kriteria wat in homoseksuele tipologieë aangetref word

Sowel Joubert (1980a:28-31; 1985:36-43) as Bell en Weinberg (1978:49-52) noem en bespreek verskeie kenmerke of "oorwegings" wat in klassifikasies van homoseksuele tipologieë gebruik is en steeds gebruik word. In die lys van dié kenmerke wat vervolgens aangebied word, word veral van dié werke gebruik gemaak.

Die kriteria wat in homoseksuele tipologieë aangetref word, sluit onder meer die volgende in:

* Die onderskeid tussen aktiewe en passiewe homoseksuele wat normaalweg ooreenstem met manlike (butch) en vroulike/verwyfde (femme) homoseksuele.

* Die onderskeid tussen biseksuele en uitsluitlik homoseksuele persone wat gewoonlik teruggevoer kan word na die opvatting dat seksuele oriëntasie 'n kwessie van graad is.

* Die onderskeid tussen persone wat sporadies, tydelik of konsekwent homosekuele verhoudings aanknoop.

* Die onderskeid tussen **overte** homoseksuele of homoseksuele wat **openlik** omtrent hul seksuele oriëntasie is en **koverte** homoseksuele of homoseksuele wat dit **geheim hou**.

* Die onderskeid tussen **gemeenskap met vreemdelinge** met wie ná "cruising" (rondloop op soek na seksgenote) kontak gemaak is en **seks met 'n persoon met wie 'n vaste verhouding** aangegaan is.

* Klassifikasies in terme van **seksuele tegnieke** soos homoseksuele wat "fellatio" of orale seks verkies teenoor diegene wat anale seks beoefen.

* Indelings ooreenkomstig die **mate van aanvaarding** van persone se **homoseksualisme** deur hulself of deur ander persone.

* Klassifikasies aan die hand van die **graad van patologiese kenmerke** wat by homoseksuele aangetref word.

* Indelings ooreenkomstig **dieperliggende motiverings** wat homoseksuele tot **besondere sekspraktyke** beweeg.

Voordat van die voorgaande kriteria afgestap word, is dit belangrik dat op die volgende belangrike punt gelet word: in homoseksuele tipologieë, soos tewens in sosiaal-wetenskaplike werk oor dié verskynsel in die algemeen, word relatief min aandag gegee aan wyses waarvolgens homoseksuele **onderling** ten opsigte van hul hantering en uitlewing van hul seksuele oriëntasie varieer. Die neiging tot nie lank gelede nie was, en is in groot mate vandag nog, om die klem te plaas op hoe homoseksuele as **groep** op **een besondere** dimensie - die aspek wat ongetwyfeld die meeste beklemtoon is en word, naamlik **die seksuele** - van die breë heteroseksuele samelewing verskil. Die oormatige klem op homoseksuele se seksuele oriëntasie is nie moeilik om te verstaan nie, en kan, volgens Bell en Weinberg (1978:112-113) hoofsaaklik teruggevoer word na: (i) Die neiging onder heteroseksuele om homoseksuele primêr in terme van hul seksuele oriëntasie te definieer. (ii) Heteroseksuele se onkunde omtrent homoseksuele en hul leefwyse. (iii) Die opvallendheid van buite-huwelikse seks onder homoseksuele - "cruising" of die soeke na seksmaats in openbare plekke wat dikwels opgemerk word. (iv) Die feit dat 'n beheptheid met en 'n oormatige klem op

seksuele aangeleenthede teenstrydig met die waardes van die heteroseksuele meerderheid is. Deur die seksuele oriëntasie van homoseksuele te beklemtoon kan heteroseksuele, enersyds hul eie vlak van seksuele belangstelling ontken en andersyds uitdrukking aan hul veragting vir persone wat homoseksueel georiënteer is, gee. Hieruit volg dat hulle glo dat heteroseksuele hoofsaaklik begaan is - wat ook die geval by ander persone behoort te wees - oor die kwaliteit van hul intiem-persoonlike verhoudings en dat homoseksuele hierteenoor meer in seks ter wille van seks geïnteresseerd is. (v) Die heteroseksuele meerderheid se opvattings dat die gevare, risiko's en gevolge waaraan homoseksuele se seksuele impulse en voorkeure hulle blootstel aan 'n seksuele obsessie toegeskryf kan word.

1.2.2.2 Enkele klassifikasies van homoseksuele nader ontleed

Uit die literatuur oor homoseksualisme blyk dat tipologieë van homoseksuele wat besonder gewild is, die volgende insluit: die aktief-passief-tweedeling, die overt-kovert-digotomie, Humphreys (1968) se tipologie van besoekers aan "teekamers" (tea/t-rooms)[7] en Bell en Weinberg (1978) se vyfledige klassifikasie van homoseksuele lewenstyle.

1.2.2.2.1 Aktiewe (butch) en passiewe (femme) homoseksuele

'n Stereotipe indeling wat dikwels onder sowel die leke-publiek as sosiaalwetenskaplikes ten opsigte van homoseksuele gemaak word, is dat daar na analogie van heteroseksuele verhoudings 'n "man" en 'n "vrou" in homoseksuele verhoudings moet wees. Die "butch/femme"-hipotese gaan eerstens van die veronderstelling uit dat een van die geslagsgenote in 'n homoseksuele verhouding betreffende houding en gedrag manlik en die ander een vroulik moet wees. Tweedens: eersgenoemde neem tydens seksuele omgang die inplaser- (inserter) rol aan terwyl laasgenoemde die ontvanger is. Derdens: eersgenoemde neem die

7. Volgens Humphreys (1968:1) verwys "tea/t-rooms" in die Amerikaanse homoseksuele subkultuur na ruskamers en toilette wat bekend staan as plekke waar homoseksuele geslagsverkeer plaasvind en wat aangetref word by openbare bymekaarkomplekke soos afdelingswinkels, bushaltes, biblioteke, hotelle, jeugtehuise vir mans (YMCA's) en selfs hofgeboue. Die belangrikste plekke is egter publieke ruskamers by parke en strande en rusplekke langs snelweë.

belangrikste besluite wat deur laasgenoemde aanvaar word. Vierdens: eersgenoemde verrig die manlikgeoriënteerde en laasgenoemde die vroulikgeoriënteerde huislike take; soms hou laasgenoemde huis terwyl eersgenoemde werk en die paartjie onderhou. Ten slotte: "butches" is aangetrokke tot "femmes" en "femmes" tot "butches".

Die onderskeiding tussen aktiewe en passiewe homoseksuele is 'n baie ou tipologie wat sy wortels in die psigoanalitiese benadering tot homoseksualisme en veral dié van Bieber *et al.* (1962) het. Dié beeld van homoseksualisme het dan ook al aanleiding tot relatief baie navorsing gegee. Dit ontvang oor die algemeen baie min steun in dergelike navorsing. Uit onlangse ondersoeke blyk dat daar 'n toenemende neiging by homoseksuele is om 'n manlike beeld te projekteer. Harry (1984:6) skryf in dié verband:

"The butch/femme hypothesis has not fared well in the empirical literature. It appears to have been an attempt by heterosexual writers on the topic of homosexuality to imagine what it would be like to be in a gay-relationship. Indeed, if the butch/butch hypothesis has merit, the butch/femme alternative may have been maximally misleading. As an alternative, the butch/butch hypothesis seems to be a variant on (sic) the general principal (sic) of homogamy so commonly found in heterosexual relationships ... Persons have typically been found to marry or become intimates with persons of similar age, interests, race, class, religion. Indeed, sex seems to be the only major departure from the general principal (sic) of homogamous selection, but even sex follows the homogamy principle when people are selecting friends ... For gays ... of course, sex is no longer an exception."

#### 1.2.2.2.2 Overte en koverte homoseksuele

Tot etlike jare gelede is algemeen aanvaar dat homoseksuele normaalweg baie moeite doen om hul homoseksualisme te verberg. Die homoseksueel is gesien as iemand wat nie oor sy of haar seksuele voorkeur met familielede, vriende of kollegas durf praat nie en wat selfs in homoseksuele vergaderplekke verkies het om anoniem te bly. Daar is geglo dat homoseksuele persone gedwing is om by twee verskillende wêrelde aan te pas weens die hantering van sowel 'n heteroseksuele as homoseksuele identiteit. Hierdie opvattings van homoseksualisme het die afgelope paar dekades vervaag as gevolg van belangrike veranderinge

wat in sowel die breë heteroseksuele samelewing as die homoseksuele subkultuur ingetree het.[8] Vandag word homoseksuele verhoudings oor die algemeen as die manifestasie van 'n minderheid se afwykende seksuele oriëntasie beskou en word dit, soos gestel deur Joubert (1980a:47) "... normatief gedefinieer en beheer as 'n subkultuur waarteen steeds opgetree moet word as dit té opsigtelik word". Skaamte, skuldgevoelens en self-definisies van afwyking is veral met die opkoms van homoseksuele organisasies verruil vir 'n houding dat homoseksualisme 'n natuurlike, gesonde lewenstyl is, waarop 'n mens trots kan wees en wat nie geheim gehou moet word nie.

Hoewel dit redelik is om te aanvaar dat aansienlik minder homoseksuele as vantevore steeds "in die kas" (in the closet) is, kan nie ontken word dat homoseksuele verskil in die mate wat hulle hul seksuele oriëntasie aan ander bekend maak en/of ander persone dit weet nie. Navorsingsresultate suggereer sterk dat overte homoseksuele 'n baie klein persentasie van die homoseksuele bevolking verteenwoordig en dat die oorgrote meerderheid hul homoseksualisme geheim hou.

Overte homoseksuele is globaal beskou, openlik omtrent hul seksuele voorkeur en koester geen vrees vir ontmaskering en die negatiewe gevolge wat dit mag hê nie. Hulle is dikwels redelik maklik uitkenbaar en voldoen soms ook aan die vroulike stereotipering wat die breë samelewing aan homoseksuele toeskryf, soos dat hulle "slap" gewrigte het, met falsetstemme praat en 'n algemeen "kamp"/ "flappende" of opsigtelik verwyfde liggaamshouding openbaar. Overte homoseksuele vergader gewoonlik in homoseksuele kroeë, klubs en restaurante en ander openbare homoseksuele bymekaarkomplekke. Dit wil voorkom asof openlike homoseksuele meer dikwels onder die laer sosio-ekonomiese klasse aangetref word.

Koverte homoseksuele behoort dikwels tot die hoër klas en probeer hul seksuele oriëntasie, onder andere omdat hul veel meer te verloor het, sover moontlik wegsteek. Heimlike homoseksuele vermy bekende homoseksuele bymekaarkomplekke sover moontlik en sal sulke plekke waarskynlik slegs besoek met die oog op seksuele kontak. Hulle sien dikwels neer op overte homoseksuele en is laasgenoemde baie keer vyandiggesind daar hulle die gevaar van publieke ontmaskering wat hulle bedreig, vrees. In die algemeen beskou, reflekteer hul algemene

8. Vergelyk Joubert (1980a; 1985:36-43) vir 'n uiteensetting van die belangrikste maatskaplike omstandighede wat gelei het tot veranderde menings en groter verdraagsaamheid ten opsigte van homoseksualisme.

liggaamshouding min of geen vroulike en maklik uitkenbare homoseksuele trekke nie.

'n Interessante onderverdeling van die overte-koverte klassifikasie waarna ten slotte verwys word, is dié van Myrick (1974:226-237), naamlik: (i) kovert-koverte wat geheel en al hul seksuele oriëntasie verberg; (ii) overt-koverte wat nòg hul seksuele voorkeur verberg nòg dit bekend maak en dit aan mense oorlaat om hul eie afleidings te maak; (iii) kovert-overte wat hul seksuele geneigdheid op 'n selektiewe basis aan mense wat hulself gekeur het, bekend maak; en (iv) overt-overte wat geen poging aanwend om hul homoseksualisme te verberg nie en dit eerder propageer.

1.2.2.2.3 Humphreys (1968) se tipologie van mans wat aan "teekamer"-aktiwiteite deelneem

Humphreys (1968) het gedurende April 1966 tot April 1967 'n deelnemende waarnemingstudie van homoseksuele ontmoetings in "teekamers" of openbare toilette in New York, Chicago, St Louis en ander Amerikaanse stede onderneem. Hy het as "watchqueen" - 'n homoseksueel wat brandwag staan - meer as 100 homoseksuele mans waargeneem. Hy het die insigte wat hy op dié wyse bekom het, aangevul met sowel gestruktureerde as ongestruktureerde onderhoude en het uiteindelik met behulp van die gegewens wat hy ingesamel het 'n tipologie van "teekamer"-besoekers opgestel.[9] In dié konseptuele raamwerk word as basiese eenhede seksuele voorkeur, beroepskenmerke en huwelikstaat gebruik. Aan die hand van dié eenhede en ander relevante gegewens onderskei Humphreys (1971: 38-46) die volgende ses "teekamer"-tipes:

- "Trade"[10]-homoseksuele

Hierdie tipe besoekers van "teekamers" het 19 of 38 persent van die ondersoekgroep uitgemaak. Humphreys vind dat hulle almal getroud is of was.

---

9. Hierdie en ander metodologiese oorwegings word op voortreflike wyse deur Humphreys (1968:38-73) in hoofstuk 2 van *The tearoom trade: impersonal sex in public places* bespreek.

10. Dié tipe kan die beste beskryf word deur "trade" wat in die homoseksuele subkultuur aangetref word en wat breedweg beskou, na vinnige, onpersoonlike seks tussen mans verwys.

Hulle het oorwegend 'n manlike voorkoms gehad. In 63 persent van die gevalle was die man of vrou of albei Rooms-Katoliek. Geslagsverkeer met eggenote het na die geboorte van die laaste kind oor die algemeen baie ongereeld by die groep plaasgevind. Humphreys voer aan dat die ongereelde gemeenskap en godsdienstige onderrig op een of ander wyse saamgewerk het om aanleiding te gee tot die eggenoot se soektog na seks in "teekamers". Verder vind Humphreys dat die meeste van hierdie mans as vragmotorbestuurders, operateurs of klerke werksaam was en hy klassifiseer hulle as "getroude mans met afhanklike beroepe". "Trade"-mans dink nie aan hulself as homoseksueel nie aangesien hulle net 'n ander vorm van orgasme as wat tydens masturbasie verkry kan word, wil bereik. Hulle verkies tydens gemeenskap die rol van inplaser (inserter). Dit is belangrik om daarop te let dat hulle alternatiewe seksuele uitlaatkleppe vinnig, onpersoonlik en nie duur moet wees nie, aangesien dit hul wankelrige huwelik kan bedreig en hul posisie as vader van hul kinders - 'n rol wat vir hulle baie belangrik is - in gevaar kan stel.

Ten slotte blyk dat "trade"-mans nie vriende het nie: "I found no evidence of friendship networks among respondents of this type, who enter and leave the restrooms alone, avoiding conversation while within. Marginal to both the heterosexual and homosexual worlds, these men shun involvement in any form of gay-subculture" (Humphreys, 1987:260-269).

- <u>Ambiseksuele of biseksuele</u>

Hierdie tipe mans het 24 persent van Humphreys se ondersoekgroep verteenwoordig en word deur hom as "getroude mans met onafhanklike beroepe" bestempel. Dié kategorie mans beskou hulself as biseksueel en rasionaliseer hul gedrag deur hulself te vergelyk met vername mans in die geskiedenis asook met sekere rolprentsterre. Hulle verberg gewoonlik nie hul seksuele oriëntasie nie en is heeltemal openlik hieromtrent teenoor vriende. As werkgewers neem hulle selfs dikwels mense met soortgelyke seksuele voorkeure as hulself in diens. Ambiseksuele het kontak met ander persone in die "teekamer"-scène en is nie bekommerd oor die risiko's verbonde aan deelname in dié wêreld nie: "To them, the risks of arrest, exposure, blackmail or physical assault contribute to the excitement quotient. It is not usual for them to speak of cruising as an adventure, in contrast with the Trade, who engage in a furtive search for sexual relief" (Humphreys, 1987:265). Hierdie tipe mans neem deel aan sowel anale as orale

geslagsverkeer en het geen besondere voorkeur ten opsigte van die rol as inplaser en dié van ontvanger nie.

* **"Gay"-kêrels**

"Gay"-kêrels het 14 persent van Humphreys se ondersoekgroep uitgemaak en is selferkende homoseksuele met 'n besliste voorkeur vir hul eie geslag. Wat die inplaser- en ontvangerrolle betref, het hulle nie juis 'n voorkeur nie. Humphreys beskryf hulle as "ongetroude mans met onafhanklike betrekkings". Aangesien hierdie groep deel uitmaak van 'n homoseksuele subkultuur met verskeie instellings soos kroeë as besoekpunte, is hul besoeke aan teekamers beperk en toevallig soos om te wag vir 'n vriend wat toilet toe is. Hoewel "gay"-kêrels van al die tipes in Humphreys se ondersoekgroep seksueel die aktiefste is, leef hulle dit binne 'n permanente verhouding uit.

* **"Closet queens"**

Humphreys gee toe dat "closet queen" soos gebruik in homoseksuele sleng, na verskeie tipes overte homoseksuele verwys maar voer aan dat dit veral op koverte, ongetroude mans met "afhanklike beroepe" slaan. Dié tipe mans het 24 persent van Humphreys se ondersoek uitgemaak. Hulle hou hul deelname aan "teekamer"- aktiwiteite sover moontlik geheim, verkies om tydens die seksdaad die rol van inplaser te vertolk - 'n rol wat hulle wanneer hul ouer word vir dié van ontvanger moet verruil - en verkies jong seuns as seksmaats. "Closet queens" is oor die algemeen baie eensaam. Uit vrees dat hulle ontmasker, gearresteer en gestigmatiseer sal word weens hul deelname aan die homoseksuele subkultuuraktiwiteite, dryf dit hulle dikwels tot 'n "... desperate, lone-wolf sort of activity that may prove most dangerous to themselves and the rest of society" (Humphreys, 1987: 269).

* **Manlike opkeilers (hustlers) of prostitute**

Dié tipe mans verrig hul onkonvensionele beroep in sekere strate, teaters en in kroeë in stede. Hulle beskou hulself nie as homoseksueel nie en vereis betaling vir hul deelname aan homoseksuele dade. Hulle voer aan dat hulle dié dade slegs toelaat volgens 'n streng kode om geld te verdien en nie vir seksuele bevrediging nie. Humphreys is egter van mening dat dié deelname aan

seksuele aktiwiteite ter wille van finansiële gewin eerder dien om 'n afwykende seksbeeld te neutraliseer.

* **Foonsnolle (call boys)**

Volgens Humphreys (1987:260-269) adverteer dié kategorie mans hulself as "modelle" in ondergrondse koerante en vra hulle 'n gemiddelde fooi van een honderd dollar per nag of vyf en twintig dollar per uur. Die foonsnolle is oor die algemeen veelsydig in hul seksvoorkeure (anaal of oraal, inplaser of ontvanger) en kan homoseksueel- of biseksueelgeoriënteerd wees. Hulle sien veral om na ryk professionele of besigheidsmans wat in hul veertigs of vroeë vyftigs is. Foonsnolle en opkeilers word in die homoseksuele subkultuur gestigmatiseer op grond van die feit dat hoewel homoseksuele gedrag dikwels promisku van aard is ("one-night stands" kom vry algemeen voor), daar in die deursnee homoseksuele verhouding geen vergoeding vir seks plaasvind nie. Deels as gevolg van hierdie stigmatisering en deels as gevolg van toenemende ouderdom, eindig 'n foonsnol se loopbaan gewoonlik in sy laat twintigerjare.

1.2.2.2.4 **Bell en Weinberg (1978) se klassifikasie van homoseksuele lewenstyle**

Bell en Weinberg het in hul ondersoek van bykans 'n duisend manlike en vroulike homoseksuele in San Francisco met behulp van gesofistikeerde statistiese tegnieke soos korrelasies en faktoranalises 'n tipologie ontwikkel wat verskeie van dié dimensies waarna in die voorgaande verwys is, in aanmerking neem. Die tipologie sien soos volg daaruit:

* **Hegte pare (close coupleds)**

Sewe en sestig van 485 homoseksuele mans wat in een van die vyf tipes ingedeel kon word, het deel uitgemaak van dié groep. Hegte pare dui op twee homoseksuele mans wat 'n kwasi-huweliksverhouding het en wel in dié opsig dat hulle saamwoon en selde geneig is om seks buite die verhouding te soek. Dié tipe mans het min probleme om 'n persoon te vind met wie hulle 'n verhouding kan aanknoop en in stand kan hou en het ook min kommer oor hul homoseksualisme.

* **Vrye pare (open-coupleds)**

Een honderd en twintig homoseksuele mans is by dié groep ingedeel. Respondente is as vrye pare beskou wanneer hulle 'n vaste verhouding met 'n ander man het, ongeag of 'n lid van dié verhouding ander seksuele kontak het, ten spyte daarvan dat hul eksklusief homoseksueel is, bekommerd oor hul seksuele oriëntasie is en seksuele probleme ervaar.

* **Funksioneles (functionals)**

Waar hegte en vrye pare respondente in sommige opsigte aan getroude heteroseksuele herinnner het, het die 102 funksioneles baie met "swinging singles" in gemeen gehad. Respondente in dié groep was nie in 'n vaste verhouding betrokke nie, het seks met 'n groot aantal persone gehad, het hulle nie oor hul homoseksualisme bekommer nie en het relatief min seksuele probleme ervaar. Funksioneles was geneig om meer overt te wees, om 'n hoë vlak van seksuele belangstelling én betrokkenheid te hê, om 'n verskeidenheid seksuele tegnieke te beoefen en om betreklik oortuig van hul seksuele aantreklikheid te wees. Soos verwag kan word was baie van die respondente in dié groep betreklik jonk. Hoewel Bell en Weinberg (1978:224) hulle as opgewekte, optimistiese en selfversekerde persone wat gemaklik met hul seksualiteit is, beskryf het, het hulle tot die slotsom gekom dat funksioneles oor die algemeen nie hul homoseksualisme so goed soos hegte pare verwerk het nie.

* **Disfunksioneles (dysfunctionals)**

Ses en tagtig homoseksuele mans is as disfunksioneel beskou en het betreklik goed gepas by die stereotipe beeld van die homoseksueel as 'n gefolterde persoon. Disfunksioneles het meer seksuele probleme, probleme met die gereg en emosionele onstabiliteit as enige van die ander vier groepe gerapporteer. "... (T)he Dysfunctionals tended to have much more regret about being homosexual and many more sexual problems but also more sexual activity with a greater number of partners than the typical respondent ... The Dysfunctionals' sexual problems had to do chiefly with concerns that they were not sexually adequate and difficulties in reaching orgasm, finding a suitable sexual partner, and maintaining affection for their partner" (Bell & Weinberg, 1978:134).

* <u>Aseksueles (asexuals)</u>

Een honderd en tien homoseksuele mans is deur Bell en Weinberg (1978:134) as aseksueel getipeer. Hulle het 'n eensame lewenstyl gevoer, het 'n lae vlak van belangstelling in seksuele aktiwiteite getoon, was nie juis in die opbou van 'n stabiele verhouding geïnteresseerd nie, was normaalweg spyt oor hul seksuele oriëntasie en het dit gewoonlik verberg en kon nie altyd as uitsluitlik homoseksueel beskou word nie. Aseksueles was, soos verwag kan word, geneig om ouer as die ander tipes te wees.

1.2.2.2.5 <u>Slot</u>

Ten einde 'n greep op faktore en persone in ons alledaagse lewe te verkry, is ons voortdurend besig om sekere inligting omtrent die objekte of mense te beklemtoon en ander te negeer. Ons ontwikkel kategorieë van verskynsels en individue ooreenkomstig sekere gemeenskaplike of uitstaande eienskappe daarvan. Die aksentuering van sekere dimensies van homoseksualisme terwyl ander ewe belangrike aspekte onderbeklemtoon en dikwels selfs oor die hoof gesien word, blyk duidelik uit die voorgaande indelings daarvan. Humphreys (1968) se klassifikasie sowel as dié van Bell en Weinberg (1978) is, hoewel nie sonder gebreke nie, beslis toereikender as die ander twee. Die enkele belangrikste rede hiervoor is daarin geleë dat eersgenoemde en veral die Bell-Weinberg-tipologie in teenstelling met laasgenoemde indelings nie slegs 'n enkele aspek van homoseksualisme nie maar verskeie in berekening bring. Bell en Weinberg (1978) se tipologie illustreer duidelik dat homoseksualisme 'n uiters verwikkelde verskynsel is wat verskeie biologiese, sielkundige en sosiologiese dimensies behels. Die navorsers (Bell & Weinberg, 1978:219) kom dan ook tot die volgende belangrike gevolgtrekking:

"... (W)e do not do justice to people's sexual orientation when we refer to it by a singular noun. *There are 'homosexualities'* and there are 'heterosexualities', each *involving a variety of different interrelated dimensions*. Before one can say very much about a person on the basis of his or her sexual orientation, one must make a comprehensive appraisal of the relationships among a *host of features pertaining* to *the person's life* and decide very little about him or her until a more complete and highly developed picture appears." (Kursivering aangebring.)

### 1.2.3 Teorieë en modelle van homoseksualisme

In hierdie gedeelte word stilgestaan by die laaste instrumente waarvan sosiaal-wetenskaplikes gebruik maak in hul pogings om betekenis aan homoseksualisme te gee. Uit 'n oorsig van die relevante literatuur blyk dat, benewens tipologieë waaraan reeds in die vorige afdeling aandag geskenk is, sowel teorieë as modelle deel van konseptuele raamwerke van homoseksualisme vorm. Die grense tussen modelle (wat veral heuristies van aard is en nuwe verbande tussen veranderlikes suggereer) en teorieë (wat naas die klassifiserende en heuristiese funksies van die tipologie en model ook verklaring en voorspelling nastreef) is normaalweg, soos Mouton en Marais (1985:137) tereg skryf, baie vaag. Daarom sal vir die doeleindes van die bespreking hier nie 'n onderskeid tussen dié twee konstrukte getref word nie.

Dit is nodig om weer te beklemtoon dat: (i) benewens sosiologiese teorieë en modelle, gesien die belangrikheid van psigiatriese en ander konstrukte op die terrein van homoseksualisme, ook aan dergelike teorieë en modelle aandag gegee sal word, en (ii) in ooreenstemming met die geëkspliseerde doelstelling van die studie, naamlik die passing of nie-passing van wetenskaplike konstrukte by die feite van 'n homoseksuele geval, modelle en teorieë van homoseksualisme nie in dié afdeling geëvalueer word nie, maar dat hier eerder met opsommings van dié konseptuele raamwerke volstaan word. Dit beteken nie dat die belangrikste gebreke in die konstrukte van homoseksualisme nie aangetoon sal word nie.

Dit behoef nouliks 'n verkenning van literatuur oor homoseksualisme om vas te stel dat in teoretisering oor dié verskynsel tot gedurende die middel negentiensestigs bykans uitsluitlik gefokus is op die hoekom-vraag: waarom word 'n persoon homoseksueel? of anders gestel, wat maak 'n individu homoseksueel? Morin (1977:632) kom na 'n ontleding van navorsing wat gedurende 1967-1974 oor homoseksualisme in die Engelse literatuur verskyn het, tot die gevolgtrekking dat etiologie 30 % meer dikwels as enige ander enkele tema die onderwerp van dié navorsing was. Dié aandag aan veroorsakende faktore het egter baie teleurstellende resultate voortgebring en tot dusver kon geen toereikende veroorsakende teorie van homoseksualisme ontwikkel word nie. Sedert die vroeë sestigerjare het die klem in sosiaal-wetenskaplike verklarings van homoseksualisme veral as gevolg van die opkoms van simboliese interaksionisme, belangrike

klemverskuiwings ondergaan. Een van dié verskuiwings was dat wegbeweeg is van die soeke na veroorsakende faktore in die persoonlike of sosiale agtergrond van homoseksuele persone na 'n beskrywing van veral die sosiale proses waarvolgens 'n homoseksuele identiteit aangeneem word. Sowel etiologiese as nie-etiologiese konseptuele raamwerke van homoseksualisme word in dit wat volg oorsigtelik bespreek.

Verskeie indelings van homoseksuele teorieë word in die relevante literatuur aangetref. Hoewel heelwat van hierdie indelings met die oog op die bespreking hier geraadpleeg is, was die belangrikste enkele "model" Thio (1983:244-248) se klassifikasie waar biologiese, psigiatriese en sosiologiese teorieë van homoseksualisme onderskei word.

### 1.2.3.1 Biologiese teorieë

Biologiese teorieë van homoseksualisme benadruk veral genetiese abnormaliteit en hormonale wanbalans as veroorsakende faktore.

#### 1.2.3.1.1 Genetiese abnormaliteit

Lang (1940:55-64) het onder die invloed van Goldschmidt (aangehaal deur Richardson, 1981:6) se eksperimente met skoenlappers, beweer dat manlike homoseksuele geneties vroulik is. Die hipotese word egter deur die meeste ondersoeke weerspreek en selfs, indien die aanwesigheid van 'n buitengewoon groot aantal vroulike gene in 'n manlike homoseksueel aangetref sou word, sou dit aan blote toeval toegeskryf kon word. 'n Ietwat oortuigender argument is die algemene teorie dat homoseksualisme 'n aangebore karaktertrek is. "Tweelingstudies" word gewoonlik aangewend om hierdie teorie te steun. Kallman (1952:283-298) toon byvoorbeeld dat, indien een van 'n identiese tweeling homoseksueel is, die kans 100 % is dat die ander een ook homoseksueel sal wees, terwyl wanneer een van 'n nie-identiese tweeling homoseksueel is, die kans waarskynlik tot 50 % afneem. Dergelike bevindinge word gewoonlik beskou as 'n aanduiding dat homoseksualisme grotendeels deur 'n persoon se gene bepaal word daar identiese tweelinge geneties 'n groter mate van ooreenstemming as nie-identiese tweelinge toon. Hierdie interpretasie is egter vir die meeste sosiaalwetenskaplikes onaanvaarbaar daar hulle gewoonlik argumenteer dat die sosiale omgewing grootliks vir homoseksualisme verantwoordelik is omdat, wanneer identiese en nie-identiese tweelinge met mekaar vergelyk word, identiese tweelinge

meer aan soortgelyke ervarings blootgestel is. Hierbenewens word daarop gewys dat homoseksualisme op dié manier reeds lank gelede sou uitgesterf het aangesien die chromosoom nie van geslag tot geslag oorgeplant word nie (homoseksuele is nie tot prokreasie geneig nie). Hoe dit ook al sy, sosiaalwetenskaplikes beskik nog nie oor afdoende bewyse dat gene nie tot homoseksualisme bydra nie.

1.2.3.1.2 <u>Hormonale wanbalans</u>

Sommige medici huldig die standpunt dat homoseksualisme ontwikkel wanneer die verhouding tussen die estrogene (vroulike geslagshormone) en die testosterone (manlike geslagshormone) wat normaalweg in die bloed van 'n man aangetref word, versteur word. Hoewel die hormonale teorie deur sekere navorsers bevestig is, word die geldigheid daarvan ook bevraagteken. Thio (1983:245) noem die volgende punte van kritiek: Eerstens: die bevindings wat die teorie steun is tot enkele laboratoriums beperk en is in sommige gevalle selfs weerlê. Tweedens: selfs al sou hormonale verskille tussen homoseksuele en heteroseksuele in al die laboratoriumresultate gevind word, sou steeds nie tot die gevolgtrekking gekom kon word dat hormonale afwykings die oorsaak van homoseksualisme is nie. Dergelike distorsie kon moontlik die gevolg van homoseksualisme gewees het. Derdens: pogings om homoseksuele mans te "genees" deur hulle met androgene te behandel was onsuksesvol; dié mans se geslagsdrang het verhoog maar hul seksuele oriëntasie het onveranderd gebly. Vierdens: laboratoriumstudies is tot baie klein steekproewe van homoseksuele beperk en bied derhalwe nie 'n aanduiding van die omvang van die hormonale wanbalans in die homoseksuele bevolking in vergelyking met die breë heteroseksuele bevolking nie.

Hoewel resente ondersoekers soos Bell *et al.* (1981) en Green (1979:106-108) hormonale versteuring as 'n moontlike veroorsakende faktor vir homoseksualisme noem, kon 'n regstreekse verband tussen dergelike versteuring nog nie gedemonstreer word nie. Richardson (1981:22) het gelyk wanneer sy opmerk: "The action of sex hormones is not yet fully understood, as regards either their possible effects on neural structures, or how this might be translated into behaviour. In any case, the difficulty of disassociating cause and effect in the relationship between hormones and behaviour cannot be too strongly underlined."

1.2.3.2 <u>Psigiatriese teorie</u>

Die twee hoofaannames van die psigiatriese teorie is ongetwyfeld enersyds dat homoseksualisme 'n vorm van geestesiekte is en andersyds dat 'n swak ouer-seunverhouding tot dié seksuele oriëntasie aanleiding gee.

1.2.3.2.1 <u>Homoseksualisme as geestesiekte</u>

Homoseksualisme as 'n vorm van geestesiekte word gekenmerk deur "... hidden but incapacitating fears of the opposite sex" (Bieber *et al.*, 1962:303). Bieber en sy medewerkers kom in hul bekende *Homosexuality: a psychoanalytic study* (1962:303-304) waarin hul homoseksuele en heteroseksuele geestesieke pasiënte met mekaar vergelyk het, tot die volgende gevolgtrekking: enige aanpassing wat basies 'n akkommodasie van onrealistiese vrees is, is noodwendig patologies; by die volwasse homoseksueel is die voortgesette vrees vir heteroseksualisme onvanpas met sy huidige werklikheid. Met die opvatting dat homoseksuele mans 'n patologiese vrees vir heteroseksualisme het, word eintlik na die sogenaamde **kastrasievrees** verwys. Dié vrees wat dikwels met die oedipuskonflik tydens die falliese psigoseksuele ontwikkelingstadium verband hou, word betreklik goed deur Fenichel (1946:330-331) saamgevat:

"Whenever the difference in the genitals of the sexes is of outstanding importance to an individual and whenever his relationships to his fellow human beings are in every respect determined by the sex of the others, such an individual is under the influence of a strong castration complex. This is true of homosexual men, analysis of whom regularly shows that they are afraid of female genitals. For them the sight of a being without a penis is so terrifying that they avoid it by rejecting any sexual relationship with such a partner. The homosexual man, Freud says, is so determined on the existence of a penis that he refuses to do without it in his sexual partner.

"The sight of female genitals may arouse anxiety in a boy in two ways: (1) The recognition of the fact that there are actually human beings without a penis leads to the conclusion that one might also become such a being; such an observation lends effectiveness to old threats of castration. Or (2) the female genitals, through the connection of castration anxiety with old oral anxieties, may be perceived as a castrating instrument capable of biting or tearing off the penis. Quite frequently a combination of both types of fear is encountered.

"A few homosexuals, namely, men who in their early childhood had an unusual fixation on a man (cases where there was no mother figure so that the father had to assume the place usually taken by the mother), regress, after the acquisition of this attitude, simply to their point of fixation and choose men who remind them of their primary object. Most homosexuals, however, cannot so easily free themselves of their normal biological longing for women. They continue to be attracted by women but, not being able to endure the idea of beings without a penis, they long for phallic women, for hermaphrodites, so to speak. This acute longing for objects with a penis compels them to choose boys, but the boys must have a maximum of girlish and feminine traits. Such persons still adhere to their original love objects, but since the physical attributes of femininity are repulsive to them, the objects must appear in masculine guise."

Hoewel die vrees-vir-kastrasie-aanname nie net onrealisties nie (die vagina kan, omdat dit nie oor tande beskik nie, nie die penis afbyt nie) maar ook onlogies is (die manlike homoseksueel wat kastrasie vrees behoort eerder bang te wees om sy penis in 'n ander man se mond met tande te plaas), het dit nogtans, waarskynlik weens die verklaring wat dit vir die "vrees vir heteroseksualisme" bied, in die woorde van Tripp (1987:73), die spil geword waarom die psigoanalitiese teorie draai. Dit beteken natuurlik nie dat die geestesieke oriëntasie van die psigiatriese teorie nie ook gekritiseer is nie. Die meeste kritici wys daarop dat dié oriëntasie gewoonlik op 'n studie met 'n eensydige steekproef te wete, psigiatriese pasiënte, gebaseer is. Ten einde dié patologiese beskouing van homoseksualisme geldig te toets, is dit in die eerste plek belangrik dat homoseksuele en heteroseksuele pasiënte of homoseksuele en heteroseksuele persone wat nie psigiatriese pasiënte is nie, vergelyk word. Die enkele vergelykende studies wat tot dusver van homoseksuele en heteroseksuele onderneem is wat nie pasiënte van psigiaters is nie kon, behalwe vir sekere seksuele voorkeure, nie die teorie dat homoseksuale siek of selfs "anders" is, staaf nie. Militante homoseksuele is van die heftigste kritici van die opvatting dat homoseksuele sielsiek of abnormaal is. Hulle het gedurende 1973 daarin geslaag om die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging sover te kry om homoseksualisme van sy lys geestesversteurings te skrap. Die verwydering van homoseksualisme van die psigiatriese klassifikasiesisteem het egter nie meegebring dat dié verskynsel nie as 'n abnormaliteit beskou is nie. Dit is vervang met seksuele oriëntasieversteuring, 'n term met 'n negatiewe konnotasie: homoseksuele is persone wie se seksuele belangstellings hoofsaaklik gerig is op geslagsgenote en vir wie hul seksuele oriëntasie òf nie 'n pro-

bleem is nie, òf wel problematies is òf iets is wat hulle wil verander. In die laaste instansie is die psigiatriese beskouing van homoseksualisme as geestesiekte, abnormaliteit of patologie, soos Thio (1983:246) tereg aantoon, 'n waarde-oordeel wat nie deur wetenskaplike bewyse gerugsteun word nie.

1.2.3.2.2 Swak ouer- en seunverhouding

Opvattings wat 'n swak verhouding tussen die seun en sy ouers as oorsaak van homoseksualisme voorhou, is nou verweef met psigoanalitiese verklarings. Volgens Freud (aangehaal deur Esterhuysen & Minnaar (1985:10)) lê die idee dat die mens tydens sy seksuele rypingsproses deur verskillende stadia te wete, die orale, anale, falliese, latente en genitale ontwikkelingsfases gaan, ten grondslag van sy teorie van homoseksualisme. Dit is veral die falliese fase met die gepaardgaande oedipuskonflik wat van belang is in die uiteindelike seksualiteit van die kind. Volgens Strydom (1972:75-76) word die kind se seksualiteit gedurende dié fase veral deur sy of haar interaksie met die ouers beïnvloed en dat die wyses waarvolgens die kind die oedipuskonflikte òf gaan verwerp òf gaan oplos, uiteindelik sal meebring of die kind in sy volwasse lewe 'n homoseksuele oriëntasie gaan aanneem al dan nie.

Latere psigoanaliste het Freud se idee van die seksuele rypingsproses verder uitgebou en hul eie teorieë geformuleer. Die vernaamste van dié teorieë het te make met: die moeder-seun- en vader-seunverhouding en simbolisme.

- Moeder-seunverhouding

Hierdie teorie postuleer dat die moeder se verhouding met haar seun sy seksuele ontwikkeling in baie groot mate bepaal. Esterhuysen en Minnaar (1985: 11) konstateer dat die seun, volgens een variant van hierdie teorie, sy moeder vyandiggesind is en dat hy dié vyandigheid na alle vroue projekteer. Hy kan gevolglik nie met 'n vrou 'n liefdesverhouding aanknoop nie, is dikwels geneig om verhoudings met geslaggenote aan te gaan en mag homoseksuele ondervindings hê en uiteindelik 'n homoseksuele oriëntasie aanneem.

Volgens 'n ander variant van dié teorie mag die seun oormatig affektief tot sy moeder aangetrokke wees. Hy identifiseer met haar en indien sy die model word waarop hy sy seksuele rol baseer, ontwikkel die begeerte om geslagsverkeer te hê soos wat hy homself voorstel sy moet hê. Hy mag dus 'n begeerte ontwikkel

om die passiewe (ontvanger) rol tydens anale geslagsverkeer te vervul en mag selfs meer vroulik optree. 'n Ander gevolg van sodanige identifikasie met die moeder is dat hy in kinders as seksmaats belangstel en hulle behandel soos hy graag sou wou hê dat sy moeder hom moes behandel. So 'n seun kan later in sy volwasse lewe jong seuns molesteer.

Bieber en sy medewerkers (Bieber *et al.*, 1962) het in hul wyd gekwoteerde studie hul eie variasie voorgestel. Sewe en sewentig psigoanaliste het op versoek van hierdie navorsers vrae rakende die gesinsverhoudinge van 106 homoseksuele en 100 heteroseksuele manlike pasiënte beantwoord. Die navorsers het bevind dat 69 % van die moeders van die homoseksuele groep beskryf kan word as noubindend-intiem (CBI-Close-Binding-Intimate). Voorts rapporteer Bieber (1965:248-267):

"Mothers relate to sons who become homosexual in characteristic ways. The typical pattern is an overclose intimacy, possessiveness, domination, overprotectiveness, and demasculinisation. In families in which there are other children, the mother generally favors the prehomosexual son, spend a great deal of time with him, and demands undue attention and solicitude. She encourages an alliance with this son against his father and frequently openly prefers him to her husband. The son is often a confidant with whom she shares intimacies. Masculine attitudes and behavior are not encouraged and are even actively discouraged. The mother is usually regarded as puritanical and sexually frigid. She interferes with her son's heterosexual interests in childhood and adolescence, although she herself may be seductive with him. She babies him, is overly concerned about illness and physical injury, and hinders his participation in the normal activities of boyhood, presumably out of concern for his welfare. The prehomosexual boy's salient attitudes to such a mother include submissiveness and a tendency to worry about displeasing or hurting her. Yet, fear of injury by the mother is infrequently noted. The prehomosexual son usually feels admired and accepted by his mother whom he respects and considers to be an admirable person. On a conscious level, few homosexuals hate or fear the mother, turning to her for protection and siding with her in family quarrels. As a wife, the homosexual's mother is almost always inadequate. In most instances she dominates her husband, whom she minimizes; frequently, she is openly contemptuous of him. The husband is usually detached, not openly affectionate, and tends to argue with her."

Lowney *et al.* (1981:191) verwys na hierdie teorie as die moederidentifikasie-teorie (maternal identification theory) en stel (i) dat die resultaat hiervan 'n ernstige mate van inhibisie van manlikheid en selfbewustheid by die seun is, en (ii) dat die moeder dikwels op dié wyse nie net daarin slaag om haar seun van ander vroue weg te hou nie maar ook om hom as 'n "onbewuste bloedskendingsobjek" (unconscious incestuous object) te behou.

• <u>Vader-seunverhouding</u>

Verskeie deskundiges is dit eens dat 'n afsydige, aggressiewe, verkleinerende en/of verwerpende vader meebring dat die seun nie 'n manlike model het waarmee hy kan identifiseer nie, dat hy hom tot 'n ander manlike persoon mag wend om geborgenheid in sy lewe te verseker en sodoende uiteindelik 'n homoseksuele oriëntasie mag aanneem.

Bieber en sy medewerkers (Bieber *et al.*, 1962:114) vind byvoorbeeld in hul ondersoek: "As a group the H (homosexual)-fathers were detached, hostile, minimizing and openly rejecting. The outstanding attitudes of homosexuals toward their fathers were hatred and fear." Die uitwerking wat 'n vyandige en/of afsydige vaderrolmodel op 'n seun kan hê is uiteraard velerlei. Esterhuysen en Minnaar (1985:12) skryf in dié verband soos volg: "Dit kan byvoorbeeld die seun noop om affektiewe verhoudings met lede van sy eie geslag aan te gaan as kompensasie; die seun vind nie in die vaders geskikte modelle vir manlike identifikasie nie; die vaders verhoed nie die moeders om nou-bindend-intieme verhoudings met hul seuns aan te gaan nie; en die seuns kan hul eie manlikheid onderdruk uit vrees vir vyandige vaders."

Die vader is soms nie afsydig, aggressief of brutaal nie maar eerder ietwat verwyfd. In sulke gevalle vorm die seun 'n affektiewe band en identifiseer hy met die vader maar ontwikkel dikwels nie 'n sterk "manlike" identiteit nie. Esterhuysen en Minnaar (1985:12) voer aan dat dit moontlik is dat 'n seun onder sulke omstandighede vyandige gevoelens jeens sy moeder mag ontwikkel en gevolglik nie in staat is om 'n vrou lief te kry nie.

1.2.3.2.3 <u>Simbolisme</u>

Hierdie teorie behels volgens Allen (1958:49-50) die volgende:

"(The male homosexual) tends to regard other men as symbolizing the mother in some manner. Various parts of the mother become metamorphosed into the male. Thus the breast becomes equated with the penis, and this explains the frequent fellation (use of mouth). Similarly the buttocks become equated with the breasts ... (T)he vagina becomes symbolized by the anus or mouth. Anal intercourse is only unconscious incestuous behavior although it has undergone considerable transformation."

'n Variant van hierdie teorie is die sogenaamde sakramentteorie wat poog om 'n verklaring te bied vir die kompulsiewe gedrag van sommige homoseksuele mans wat dikwels 'n intense begeerte ondervind om orale seks toe te pas onder omstandighede wat baie keer as baie gevaarlik beskou kan word. Hierdie mans is normaalweg klante van manlike prostitute en word dikwels aangerand en soms vermoor. Volgens Lowney *et al.* (1981:191) poog dié tipe homoseksueel, in terme van dié teorie, om sy afnemende lewenskrag en selfbeeld te herstel deur van die manlikheid van die persoon met wie hy orale gemeenskap het, te inkorporeer. Dergelike handelinge vind gewoonlik plaas nadat die man se selfbeeld 'n knou gekry het en hy 'n akute rusteloosheid ondervind wat hy dan probeer neutraliseer deur heen en weer in strate te ry op soek na "rough-looking young men" (Hoffman, 1968:141). Dié homoseksueel se soektog na 'n seksmaat met wie hy oraal kan verkeer, stem volgens Hoffman (1968:141-142) ooreen met sekere primitiewe stamme se religieuse seremonies waartydens 'n heilige dier verorber moes word - gewoonlik lewendig - ten einde hul eie kragte te kon hernu.

Vele skrywers het reeds op gebreke gewys in konseptuele raamwerke wat homoseksualisme aan swak ouer-seunverhoudings toeskryf. Hier word volstaan met die volgende tekortkominge wat waarskynlik as die belangrikstes geag kan word: In die eerste plek is die gegewens waarop die teorieë steun verkry uit eensydige steekproewe - homoseksuele wat emosionele probleme het en by psigiaters om hulp aangeklop het. Bewyse van persoonlikheids- of sosiale wanaanpassings onder homoseksuele én heteroseksuele mense wat in die sorg van psigiaters is, is te wagte. Hierbenewens kan aanvaar word dat die oorgrote meerderheid homoseksuele en heteroseksuele nie pasiënte van psigiaters is nie. Little (1983:72) stel dit tereg só: "In a word, psychiatric conclusions regarding sexuality in general, and homosexuality in particular, are probably based upon very biased samples of cases." Ten tweede het navorsers hul afleidings regstreeks op retrospektiewe weergawes van volwasse homoseksuele gegrond. Dergelike gegewens is onderworpe aan ernstige kritiek omdat dit weens onder andere foutiewe

of verdraaide herinnering as onbetroubaar beskou kan word.[11] 'n Derde probleem is dat wanneer retrospektiewe gegewens van respondente wat terapie ontvang, vertolk word, die terapeutiese proses op sigself dié weergawes mag kleur. Richardson (1981:35) skryf in dié verband: "Thus homosexual patients undergoing psychoanalytic treatment are likely to give accounts of their family background which are influenced by psychoanalytic theories of homosexuality. In such circumstances we must clearly be very careful in using such accounts as validatory evidence of particular theories." Vierdens dui 'n verband tussen 'n besondere ouerlike agtergrond en volwasse homoseksualisme nie sigself op 'n oorsaak- en gevolgverwantskap nie. Evans (1969:129-135) wys byvoorbeeld daarop dat sekere familiekonstellasies nie oorsake vir homoseksualisme is nie, maar eerder die gevolg van die kind se invloed op die ouers is. Sulke invloede word, in teenstelling met die klem op ouers se invloed op hul kinders, dikwels oor die hoof gesien. Richardson (1981:35) het gelyk wanneer sy skryf: "The acknowledgement that the parent-child relationship is a two-way process underlines the fact that one cannot make generalized statements about the effects of certain familial influences on all children; in this case a weak or hostile father or a close-binding and overintimate mother."

Uit die voorgaande is dit duidelik dat psigiatriese teorieë van homoseksualisme in vele opsigte tekortskiet. Nogtans kan nie met Harry en DeVall (1978:7) saamgestem word wanneer hulle die volgende skryf nie:

"... (W)ith the major exception of Tripp, psychiatry has contributed *nothing to the understanding of homosexuality. For a half-century, theoretically, it has been in a dead-end.* While psychiatry may have had some beneficial influences, such as improving the humaneness of conditions in mental hospitals, its effects in the area of homosexuality have been almost totally malignant. (We can credit psychiatric treatment with serving as an alternative to jail in

---

11. Gagnon en Simon (1967:178) wys daarop dat 'n individu se biografie nie vasstaande is nie maar onderhewig aan hersiening, uitlating en ander vorme van subtiele redigering wat bepaal word deur die persoon se posisie in die lewenskring, die gehoor en die besondere rol(le) wat hy/sy ten tyde van die oproep van gebeure vertolk. Verder beklemtoon hulle (Gagnon & Simon, 1967:178): "(P)ersons do not always edit the past to improve their image in the conventional sense. Often the patient in psychotherapy works very hard to bring out more and more self-denigrating materials to assure the therapist that he, the patient, is really working hard and searching for his true motives."

cases where a judge suspended a convicted homosexual's sentence on the condition that he obtain psychiatric treatment.) The psychiatric profession has provided several decades of pseudoscientific certification of the truth of popular stereotypes of homosexuals." (Kursivering aangebring.) Dié uitspraak is te absolutisties. Dit hou nie rekening met die metodologiese probleme wat ondervind word nie, nie net ten opsigte van homoseksuele navorsing nie,[12] maar met feitlik alle afwykende gedragsnavorsing waar steekproefsamestelling uiters moeilik is. Dit is baie maklik om hierdie konseptuele raamwerke te kritiseer en ongedaan te maak maar net so moeilik om alternatiewe konstrukte te ontwikkel wat homoseksualisme afdoende kan verklaar. 'n Verantwoordeliker benadering is om (i) op die tekortkominge van die psigiatriese teorieë van homoseksualisme te fokus; (ii) besondere benaderings wat aansienlike bespreking en verfyning tot gevolg gehad het soos dié een waar die psigoanaliste die ouer-kindverhouding as verklarende veranderlike aanwend, aan gesofistikeerder metodes te onderwerp[13], en (iii) in die lig van dié tekortkominge en verfynings nuwe, toereikender verklarings vir die ontstaan van homoseksualisme te probeer ontwikkel.

#### 1.2.3.3 Sosiologiese teorieë

Sosiologiese konseptuele raamwerke van homoseksualisme toon oor die algemeen hoe dat dit aan die hand van magte buite die gesin en meer in die breë samelewing verklaar kan word. Hierdie faktore is egter, soos Lowney *et al.* (1981: 192) tereg aantoon, nie onverenigbaar met verklarings wat die fokus op die gesin plaas nie.

Daar is vroeër reeds gemeld dat konseptuele raamwerke van homoseksualisme ooreenkomstig hul fokus op oorsake of etiologie in twee breë groepe verdeel kan word. Dié indeling geld veral vir sosiologiese teorieë en modelle van

---

12. Suppe (1981:69-97) en veral Plummer (1975:123-124) lig die belangrikste metodologiese probleme verbonde aan homoseksuele navorsing uit.

13. Werner (1979:347) skryf dat geen ander tema in die literatuur oor manlike homoseksualisme soveel aandag ontvang as die moontlike invloed van ouer-kindverhoudings op latere seksuele ontwikkeling nie.

homoseksualisme. Derhalwe sal sosiologiese konstrukte van homoseksualisme in hierdie afdeling na aanleiding van hierdie verdeling bespreek word.[14]

1.2.3.3.1 Etiologiese teorieë

Die drie belangrikste etiologiese teorieë van homoseksualisme is: die anomie-, die massasamelewing- en die leerteorie.

* Anomie

Hierdie teorie is versoenbaar met Merton (1957) se anomieteorie. Daar word van die standpunt uitgegaan dat tot 'n homoseksuele leefwyse toegetree word ter wille van persoonlike finansiële gewin. 'n Man raak as gevolg van finansiële redes (manlike prostitusie) en nie weens enige seksuele begeertes wat hy na mans mag hê, by dié leefwyse betrokke nie. Hoffman (1968:154) konstateer soos volg:

"There is no question that, to a number of young men, homosexuality is a way of rising in the socioeconomic scale. The social mobility which is offered to a young man by the homosexual world is much greater than he would find in the heterosexual world, unless he was very lucky indeed. The garage attendant or laundry man will find himself attending elegant cocktail parties in San Francisco's Nob Hill or Pacific Heights. If he is lucky, he will find himself living there, perhaps driving a new sports car or having his way paid through college. These are very powerful inducements, and there are plenty of handsome boys who find themselves caught up in the gay-world and engaging in frequent homosexual acts who would otherwise not have a compelling interest in sexual relations with other males."

Hierdie gedragswyse is natuurlik net 'n ander vorm van prostitusie. Die prostitusieloopbaan kan eindig in 'n volle oorgawe aan die homoseksuele leefwyse of na 'n terugkeer tot die heteroseksuele leefwyse wanneer die jong man sy materiële doelstellings bereik het.

14. Dit is belangrik om andermaal daarop te wys dat onderskeidings soos dié nie absoluut is nie maar analities. Alle homoseksuele konstrukte kan in werklikheid nie presies in een van die twee tipes ingedeel word nie. Dié indeling word hier slegs gebruik om die bespreking te vergemaklik.

* <u>Massasamelewing</u>

Volgens hierdie konstruk spruit homoseksualisme voort uit die moderne verstedelikte samelewing met sy hoë mate van tegnologiese ontwikkeling en wel omdat dit aan die ernstig vervreemde individu 'n selfidentiteit en 'n gevoel van "om te behoort" gee. Die feit dat 'n man homoseksueel is, verskaf aan hom 'n identiteit wat die kern vorm van sy selfbeeld sowel as gedrag en maak hom terselfdertyd lid van 'n homoseksuele subkultuur. Waar die persoon hom ook al mag bevind, sal hy altyd 'n groep makkers vind met wie hy iets in gemeen het en met wie hy kan assosieer. In hierdie verband merk Hoffman (1968:152-153) die volgende op:

"Being heterosexual does not provide an identity for an alienated, confused modern individual, since everybody is expected to be heterosexual, and this provides about as much of a clue to *who one is* as liking ice cream ...

"Especially if one is young and attractive, being homosexual means belonging to an underground community of fellows which provides one with not only a sense of one's identity, but also with places to go and things to do, even in an otherwise foreign location."

* <u>Die leerteorie</u>

Dié teorie neem as vertrekpunt dat homoseksuele gedrag op dieselfde wyse aangeleer word as enige ander gedrag. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat menslike wesens met 'n "neutrale" seksdrang in soverre as wat dit die geslag van hul seksobjek betref, gebore word. In hierdie verband is Thio (1983: 247) se opmerking ter sake: "In childhood, they are not particularly attracted to the homosexual or heterosexual object choice - a same-sex partner is just as sexually exciting as a different-sex partner. For that matter, they are equally capable of being sexually aroused by a pet cat, pet dog, rubber duck, or any other object." 'n Persoon word slegs deur konstante interaksie met ouers en ander sosialiseringsagente in die samelewing gekondisioneer om sy/haar seksuele oriëntasie ooreenkomstig die betrokke samelewing se keuse van seksobjek te rig en te beperk. Op dieselfde wyse word die persoon gekondisioneer om sy/haar belangstelling in die ander keuses van seksobjekte wat deur die samelewing afgekeur word, uit te roei. Aangesien homoseksualisme in die

meeste samelewings taboe is en heteroseksualisme aangemoedig word, word die meeste mense tot heteroseksuele gedrag gekondisioneer.

Nogtans ontwikkel persone 'n homoseksuele oriëntasie. Dit kan op velerlei wyses geskied. Eerstens mag 'n seun homself in 'n milieu bevind waarin 'n negatiewe en selfs "sondige" konnotasie aan heteroseksuele aktiwiteite geheg word en mag hy die idee kry dat die teenoorgestelde, naamlik homoseksuele gedrag, minder onwenslik of selfs aanvaarbaar is. Ten tweede mag die eksperimentering met seks wat dikwels onder seuns voor adolessensie plaasvind aangenaam of versterkend wees. Dergelike ondervindings mag moontlik deur fantasieë tydens masturbasie verder versterk word. Akers (1985:198-199) vat dié proses soos volg saam:

"Through both direct reinforcement and reinforcement through masturbatory imagery, then, the homosexual experience may be repeated. Each time that it results in positive outcomes, the probability of repeating it increases. Rewarded repetition and practice enhance the ability to attain pleasure from the homosexual acts of mutual masturbation, fellatio, and anal intercourse. Inhibitions toward homosexuality continue to decrease. Depending on how frequent and how pleasurable simultaneous heterosexual experiences are, each successful homosexual episode that follows increases the probability of further homosexual involvement."

In die derde plek mag 'n seun wat deur sy maats verwerp word omdat hy fisies swak is en nie suksesvol aan sportaktiwiteite kan deelneem nie, dié verwerping en gepaardgaande stigmatisering internaliseer en homself as homoseksueel beleef. Ten slotte is dit moontlik dat 'n seun wat hoofsaaklik meisiemaats het òf sodanig met hulle identifiseer dat hy dieselfde liefdesobjek as hulle verkies, òf as gevolg van sy voortdurende assosiasie met hulle 'n gevoel van minagting jeens meisies ontwikkel. Dit kan daartoe lei dat hy uiteindelik nie in staat is om 'n affektiewe verhouding met 'n vrou aan te knoop nie.

Afgesien daarvan dat 'n man homoseksuele sekstegnieke aanleer en leer om homoseksuele gedrag te geniet, mag hy moontlik ook leer hoe om homoseksuele rolle te vertolk. In dié verband merk Little (1983:73) die volgende op: "In interaction with others who share their homosexual identification, subcultural participants learn how best to manage their shunned status, how to rationalize their behavior to themselves and others, and how to get along with others in a hostile world."

Sosiologies-etiologiese teorieë van homoseksualisme hoort tuis by die **positivistiese afwykende gedragsosiologie.** Hieruit volg dat die tekortkominge van dié paradigma in meerdere of mindere mate ook deel van sosiologies-veroorsakende homoseksuele teorieë sal wees.[15] Al die gebreke van dié konstrukte kan uiteraard nie hier bespreek word nie en daar word met vyf wat veral van belang is, volstaan. In die eerste plek kan alle mense nie, soos deur die etiologiese teorieë veronderstel word, in twee onderskeibare groepe, naamlik homoseksuele en heteroseksuele ingedeel word nie. Dié indeling hou nie rekening met die ryke verskeidenheid seksuele ervarings van mense nie. Tweedens lê veroorsakende teorieë oormatig klem op homoseksuele se seksuele aanpassing en word ander belangrike aktiwiteite wat hul alledaagse lewe vul buite rekening gelaat. Gagnon en Simon (1973:137), twee Amerikaanse sosioloë wat diep spore in die sosiologiese studie van homoseksualisme getrap het, som hierdie probleem raak op wanneer hulle sê:

*"(W)e have allowed the homosexual's sexual object choice to dominate and control our imagery of him. We have let this single aspect of his total life experience appear to determine all his products, concerns, and activities.* This prepossessing concern on the part of nonhomosexuals with the purely sexual aspect of the homosexual's life is something we would not allow to occur if we were interested in the heterosexual. However, the mere presence of unconventional sexuality seems to give the sexual content of life an overwhelming significance. Homosexuals, moreover, vary profoundly in the degree to which their homosexual commitment and its facilitation becomes the organising principle of their lives. Involved here is a complex outcome that is less likely to be explained by originating circumstances than by the consequences of the establishment of the commitment itself." (Kursivering aangebring.)

Derdens is die aanname van etiologiese teorieë dat foute of tekortkomings daartoe aanleiding gee dat mense 'n homoseksuele oriëntasie aanneem ongegrond. Dit is op 'n waardeoordeel gebaseer: aangesien homoseksualisme "snaaks" is, moet die verklarings daarvoor noodwendig ook "vreemd" wees. Plummer (1975:127) skryf: "The need for a wider and more general understanding is overlooked and the immersion in value statements is ignored. The way in which aetiological questions are being asked at present largely prejudges the issues." Vierdens poog veroorsakende konstrukte om 'n verklaring te bied vir

---

15. Vgl. Afdeling 1.1.1.2.

die rede waarom individue homoseksueel word en gee hulle nie aandag aan die voorkoms van veranderlike koerse van homoseksualisme in 'n samelewing nie. Anders gestel, daar word nie gepoog om omstandighede of breë strukturele veranderlikes in die samelewing wat lei tot veranderde opvattings jeens homoseksualisme te verklaar nie. Ten slotte: etiologiese teorieë het 'n sterk deterministiese karakter. Die prentjie wat geskilder word, is een waar 'n persoon deur magte buite sy beheer en selfs bewustheid tot 'n homoseksuele oriëntasie gedryf word. Min, indien enige, ruimte word in dié konstrukte gelaat vir die vrye wil en die feit dat die aanname van 'n homoseksuele oriëntasie, in die woorde van Plummer (1975:130), sowel "... enjoyable, exciting, rewarding" as "... banal, boorish or beastly" kan wees. Hy (Plummer, 1975:130) sê verder: "By assuming a traditional conception of a hard determinism, homosexual (theories) never look at the processes of decision-making, of balancing cost and reward, of choosing to be a homosexual."

1.2.3.3.2 <u>Nie-etiologiese teorieë</u>

Die belangrikste nie-etiologiese teorie van homoseksualisme is ongetwyfeld die etiketteringsperspektief wat sedert die sestigerjare deel uitmaak van sosiologiese konstrukte van homoseksualisme. Alvorens dié oriëntasie bespreek word, is dit nodig dat 'n verwarring vroegtydig reggestel word. Dit is die verwarring oor die verwysing na etikettering as "teorie" en "perspektief". Wat die studie van homoseksualisme betref, word sowel etiketteringsteorie as -perspektief aangetref. Plummer (1981a:17-29) toon aan dat eersgenoemde grootliks 'n produk van kritici is. Volgens hulle bestaan die etiketteringsteorie uit beperkte proposisies wat te eng is en wat maklik verkeerd bewys kan word.[16] Laasgenoemde word gewoonlik as 'n verdediging teen kritiek voorgehou; daar word van die veronderstelling uitgegaan dat etikettering nie 'n besondere teorie verteenwoordig nie maar eerder 'n alternatiewe paradigma wat nuttige navorsingsterreine voorstel.[17] Vir die doeleindes van die onderhawige onder-

---

16. Die belangrikste persone binne die tradisie wat homoseksualisme as 'n teorie beskou, sluit veral in: Weinberg en Williams (1974); Bell en Weinberg (1978) en Harry en DeVall (1978).

17. McIntosh (1968); Gagnon en Simon (1967) en Plummer (1975) verteenwoordig die belangrikste eksponente van die tradisie wat homoseksualisme as 'n perspektief sien.

soek sal deurgaans na etikettering as "perspektief", "benadering" of "oriëntasie" verwys word.

In die hiervolgende bespreking van 'n etiketteringsbenadering tot homoseksualisme sal eerstens aandag geskenk word aan die sleutelaannames en belangrikste elemente van dié benadering en tweedens aan die proses van homoseksueel-word of anders gestel, die ontwikkeling of vorming van 'n homoseksuele identiteit of rol. Wat die sentrale vertrekpunte en konsepte van 'n etiketteringsperspektief op homoseksualisme betref, sal swaar op Plummer (1975; 1981a; 1981b; 1981c) geleun word omdat dié sosioloog ongetwyfeld die voortreflikste sistematisering van hierdie perspektief bied.

In 'n poging om getrou te bly aan 'n sensitiwiteit vir die talle betekenisse wat voortdurend deur mense in hul alledaagse lewe geskep en herskep word, neem interaksioniste 'n stel aannames oor homoseksualisme as vertrekpunt wat dramaties van dié van tradisionele benaderings verskil. Interaksioniste ontken nie dat homoseksualisme nie as 'n "siektetoestand" van mense beskou kan word nie, maar sien dit eerder as 'n proses wat na aanleiding van die interaksie tussen mense ontstaan. Ofskoon daar nie algemene eenstemmigheid onder interaksioniste aangaande fokuspunte en konsepte is nie, sal eksponente van dié oriëntasie wat homoseksualisme bestudeer waarskynlik akkoord gaan dat prosesse, reaksies en subjektiewe realiteite veral benadruk word.

'n Sleutelaanname van die simboliese interaksionisme is dat homoseksualisme nie begryp kan word indien dit nie binne die konteks van die reaksies van 'n samelewing (wat dit normaalweg stigmatiseer) geplaas word nie. Die eienskappe van homoseksualisme soos dit in die samelewing aangetref word, spruit nie bloot voort uit ervarings tussen persone van dieselfde geslag nie, maar hou eerder verband met die sosiale kontekste waarin dit aangetref word. Hieruit volg dat indien dit waar is dat homoseksuele patologie reflekteer, promiskuees is, oordrewe verwyfd optree, ensovoorts, die verklaring hiervoor nie in die homoseksuele ervaring *per se* geleë is nie maar eerder in die vyandige reaksies wat dit omhul. Sulke reaksies lei dikwels tot selfdevaluasie en wanhoop en strem stabiele verhoudings. Homoseksualisme kan dus nie begryp word wanneer dit as 'n individualistiese verskynsel beskou word nie; dit kan slegs verstaan word wanneer dit as 'n interaksionistiese verskynsel gesien en voortdurend met die reaksies van mense in verband gebring word.

'n Tweede sentrale vertrekpunt van eksponente van die simboliese interaksionalisme waarna reeds verwys is, is dat **homoseksualisme nie as 'n toestand nie maar as 'n proses beskou word.** Deskundiges skets homoseksualisme gewoonlik as 'n toestand wat by mense aangetref of nie aangetref word nie. Die gevolg is dat die samelewing gesien word as bestaande uit twee "soorte" mense - homoseksuele en heteroseksuele. Hierdie denkbeeld bring mee dat gesoek word na wyses waarvolgens homoseksuele van heteroseksuele verskil. Dit lei ook daartoe dat beelde eerder van die homoseksuele ervaring as van 'n reeks voortgaande gebeurtenisse verskaf word. Die interaksionalis sal, hoewel hy of sy sal toegee dat homoseksualisme deur die samelewing gestabiliseer en gepolariseer word, in die eerste plek van die veronderstelling uitgaan dat dié verskynsel slegs begryp kan word deur dit as 'n proses te beskou. Gevolglik sal hy of sy, ten einde homoseksualisme op 'n gegewe oomblik te verstaan, dit as deel van 'n voortgaande "vermoë" en nie as 'n afgehandelde "produk" benader nie.

Hierbenewens sal die interaksionis in 'n poging om die veroorsakende faktore van homoseksualisme te begryp, dit as deel van 'n voortvloeiende proses beskou en nie bloot as 'n onverwagse sprong van een "toestand" na 'n ander nie. 'n Nuttige konsep vir hierdie taak is dié van "rol" omdat dit die interaksionis terselfdertyd gevoelig maak vir die bestaande verwagtings rondom homoseksualisme (wat uiteraard van kultuur tot kultuur en van groep tot groep verskil) en vir die dinamiek van rolinname en -skepping in die alledaagse lewe. In teenstelling met 'n "toestand" wat 'n mens het of nie het nie, is 'n "rol" iets wat 'n mens kan aanleer of kan prysgee. As metafoor open dit baie subtieler probleme as 'n "toestand". Belangrike vrae soos die volgende kom na vore wanneer "rol" gebruik word: Onder watter omstandighede word homoseksuele rolle aangeneem? Waaruit bestaan homoseksuele rolle, hoe word hulle gewysig en hoe word hulle volgehou? Hoe kan individue hulself tot homoseksuele rolle verbind en standvastigheid daarbinne verkry? Hoe kan homoseksuele rolle met ander rolle en individuele ondernemings in verband gebring word?

Die laaste basiese aanname van die simboliese interaksionisme is dat **homoseksualisme 'n subjektiewe en nie 'n objektiewe realiteit is nie.** Plummer (1975: 96) skryf die volgende oor dié subjektiewe realiteit:

"The interactionist does not take the socially constructed world for granted but renders it problematic. Thus, while most researchers into homosexuality can assume that homosexuality constitutes some form of 'oddity' - an evil, a

sin, a sickness, a miserable situation to be in - the interactionist throws such assumptions into disarray, showing their socially constructed nature and the processes by which they become objectified into the 'truth'. What was once part of an 'objective' truth becomes visible as a subjective value stance; what was oncé taken to be absolute becomes highly relativized."

Voortvloeiend uit hierdie sleutelaannames onderskei Plummer (1975:93; 200) vier onderling verwante elemente of areas wat van belang is vir 'n etiketteringsperspektief op homoseksualisme, naamlik: (i) die aard en oorsprong van die sameleving se reaksie op homoseksualisme, (ii) die homoseksuele loopbaan, (iii) die homoseksuele subkultuur, en (iv) homoseksuele se hantering van identiteitsprobleme in die alledaagse lewe. Daar dit die primêre doelstelling van die onderhawige ondersoek is om teoretiese konstrukte van homoseksualisme aan die hand van 'n enkele man se aanpassing by sy homoseksuele oriëntasie in oënskou te neem, word hier vervolgens slegs aandag aan die proses van homoseksueel-word geskenk. Hoewel etlike modelle al ontwikkel is om die proses te verduidelik, word in hierdie bespreking slegs kortliks by twee wat dit betreklik goed toelig, stilgestaan.[18] Die twee modelle van homoseksuele identiteitsvorming is dié wat onderskeidelik deur Plummer (1975:131-153) en Troiden (1977; 1979:362-373) gekonstrueer is.[19]

Alvorens hierdie modelle nader gespesifiseer word, is dit belangrik om daarop te let dat die "proses van homoseksueel-word" verskil van die "oorsake" of "etiologie" van homoseksualisme. Eersgenoemde impliseer dat 'n kind met sekere biologiese eienskappe of wat hom- of haarself in besondere omstandighede bevind het, onwillig en onbewustelik tot 'n homoseksuele "staat", "toestand" of "persoonlikheid" voortgedryf word. Die verklaring van die oorsake van homoseksualisme begin en eindig dus met die kinderjare. Die "proses van

18. Die belangrikste modelle vir homoseksuele identiteitsvorming is deur die volgende persone ontwikkel: Altman (1971); Dank (1971); Warren (1974); Plummer (1975); Lee (1977); Troiden (1977; 1979:362-373); Cass (1979); Coleman (1981/1982) en Minton en McDonald (1983/1984).

19. Soos reeds in die Voorwoord gestel word Plummer en Troiden se modelle gebruik omdat eersgenoemde die eerste model vir homoseksuele identiteitsvorming verteenwoordig waarop in latere modelle voortgebou word en omdat laasgenoemde baie met dié van Plummer ooreenstem en boonop empiries geverifieer is. Hierbenewens was dié twee homoseksuele identiteitsontwikkelingsmodelle meer bruikbaar as ander dergelike konseptuele raamwerke om die proses van homoseksueel-word by tien manlike adolessente hier te lande te verduidelik (Schulze 1988:274).

homoseksueel-word", word beskou as 'n lewenslange aktiwiteit waartydens die self voortdurend met verskillende persone en groepe in interaksie is. Normaalweg kan twee breë fases binne die wordingsproses onderskei word. Tydens die eerste fase ontwikkel die individu se emosies en word 'n relatief stabiele basis gevorm, terwyl die basis gedurende die latere fase voortdurend aangepas word soos die persoon nuwe rolle aanleer en sy kennis verbreed. Hoe 'n individu tydens dié stadia gaan optree en wat hy of sy gaan word, sal in groot mate afhang van hoe ander mense hom of haar sien en beoordeel. Dit blyk dus dat die "proses van homoseksueel-word" veel meer omvat: ondervindings tydens die kinderjare mag moontlik voorlopers vir volwasse ondervindings wees máár die klem van ontleding verskuif na die gebeurlikhede waarmee die individu in sy volwasse lewe gekonfronteer word.

* **<u>Plummer (1975) se model</u>**

Plummer (1975:97) onderskei ooreenkomstig (i) die mate waartoe die homoseksuele ondervinding in 'n sosiaal gestruktureerde konteks opgedoen word en (ii) die mate waartoe dit vir die betrokke persoon belangrik is, vier vorme van homoseksuele ondervinding. Hulle is: (i) "Toevallige homoseksualisme" wat kortstondige ontmoetings behels wat slegs in geringe mate sosiaal gestruktureerd en nie juis vir die betrokkenes van betekenis is nie. Voorbeelde van hierdie tipe homoseksualisme sluit in: masturbasie onder adolessente, skoolverliefdheid en sporadiese seksuele belangstelling wat twee mans in mekaar het. (ii) "Verpersoonlike (personalized) homoseksualisme" wat slaan op persone wat weens hul homoseksuele aktiwiteite hulself as homoseksueel beskou maar wat baie min kontak met ander homoseksuele het. Hierdie persone se kontak met ander homoseksuele is normaalweg beperk tot toevallige, vlugtige, onpersoonlike ontmoetings in openbare toilette en dergelike ontmoetingsplekke. (iii) "Homoseksualisme as 'n gesitueerde aktiwiteit" wat veral aangetref word in inrigtings waar slegs persone van een geslag inwoon (byvoorbeeld koshuise, weermagkampe en gevangenisse). In dergelike inrigtings neem persone gewoonlik op gereelde basis aan sosiaal-georganiseerde homoseksuele aktiwiteite deel sonder om hulself as homoseksueel te beskou. (iv) "Homoseksualisme as 'n leefwyse" wat impliseer dat 'n persoon hom- of haarself as homoseksueel beskou, dat homoseksualisme 'n sentrale deel van sy of haar lewe uitmaak en dat hy of sy dikwels homoseksuele kroeë of klubs besoek waar homoseksuele gedrag sosiaal hoogs georganiseerd is.

Plummer (1975:134) se model vir homoseksuele identiteitsvorming is slegs van toepassing op mans vir wie homoseksualisme 'n leefwyse geword het. Volgens Plummer (1975:134) beweeg sulke mans deur vier stadia, te wete: sensibilisering; betekenisvolheid en disoriëntasie; identifisering (coming out) en stabilisering.

## Stadium 1: Gevoeligmaking

Die stadium van gevoeligmaking vorm die periode van 'n man se lewe wanneer hy sekere tipes ervarings opdoen wat later bronne mag wees vir sy beskouing van homself as homoseksueel. Hoewel Plummer (1975:135-137) toegee dat daar verskeie bronne bestaan vir latere beskouings van moontlik homoseksueel-wees, sonder hy dié uit wat met die emosionele en genitale verband hou. Voorbeelde van sulke bronne of ervarings wat op 'n latere stadium deur 'n persoon as homoseksueel geïnterpreteer mag word sluit in: masturbasie of ander vorme van seksuele verkeer met 'n persoon van dieselfde geslag; die ontwikkeling van sterk emosionele bande met geslagsgenote; dagdromery oor denkbeeldige erotiese kontakte met persone van dieselfde geslag en belangstelling in en fantasering oor manlikgeoriënteerde objekte soos penisgroottes, rugbyskoene, ensovoorts. Benewens emosionele en seksuele ervarings mag die grondslag vir latere homoseksuele beskouing ook deur besondere sosiale gebeurtenisse gelê word. So mag seuns wat klein en tingerig is, wat "anders" voel, wat verkies om alleen te wees of wat kuns bo sportaktiwiteite verkies, hulself as uit-pas-uit met hul kulture se definisies van die manlike geslag beleef en met verloop van tyd die gedagte vertroetel dat hulle homoseksueel mag wees. Plummer (1975:136) wys daarop dat bronne vir latere homoseksuele interpretasie soms ook deur maats, ouers of ander beduidende persone in 'n seun se lewe aan hom toegeskryf kan word. Plummer (1975:136-137) stel dit soos volg: "A child who is constantly being told that he is 'not like other children', a boy who is caught *in flagrante delicto* with another boy, or a boy accused of being a 'cissy' or 'mother's boy' may subsequently incorporate these hostile reactions into his own self-conception. Not only may he be given a notion of being 'queer' - he may also be provided with a full-blown stereotyped imagery ..."

Hoewel baie seuns hierdie ervarings in hul voor-adolessente jare ondervind, word almal van hulle nie op 'n latere stadium homoseksueel nie. Redes hiervoor word gevind in die meganismes wat aangewend kan word om homoseksualisme òf te neutraliseer òf aan te moedig. Sekere sosiale omstandighede of groepe

het sekere norme wat homoseksuele handelinge neutraliseer. In die gevangenis-opset word die mening gehuldig dat mans van "normale" seksuele verkeer afgesny is en dat hulle van die drie seksuele opsies wat hulle het, naamlik onthouding, masturbasie of homoseksuele aktiwiteite, oorwegend laasgenoemde kies. Hierbenewens neutraliseer persone wat "toevallig" 'n homoseksuele ervaring met 'n skoolmaat, 'n vriend, 'n woonstelmaat of selfs met 'n vreemdeling gehad het sodanige ervaring met behulp van "verbaliserings" (accounts) of regverdigings en verontskuldigings. Op dié wyse distansieer hulle, hulself van 'n homoseksuele selfbeeld. Plummer (1975:140) skryf: "He may, for example, view it simply as a 'passing phase', as an 'experiment', as a 'broadening of one's experiences', as a 'favour for a good friend' and so forth." Die belangrikste meganisme wat tot aanvaarding van 'n homoseksuele identiteit kan lei, het te make met 'n persoon se toegang tot steungroepe. Sulke verwysingsgroepe mag groepe insluit wat duidelik waarneembare opvattings oor seksualiteit en homoseksualisme huldig of groepe wat nie dergelike beskouings vertoon nie.

Dit is dus duidelik dat genitale en sosiale ondervindings in die kinderjare nie op **sigself** seksueel is en 'n aanduiding of oorsaak van latere homoseksualisme kan wees nie. Seksuele aktiwiteite word eers "seksueel" wanneer dit as sodanig omskryf word. Net so is handelinge gedurende die kinderjare nie intrinsiek belangrik nie maar alleenlik wanneer dit deur die persoon só geag word. 'n Gevoel van "andersheid" gedurende die kinderjare mag byvoorbeeld tydens die aanvang van adolessensie as "seksueel anders" geïnterpreteer word, of elemente van homoseksuele bedoeling kan in sekspeletjies by kinders ingelees word wanneer 'n tienderjarige seun sy verlede hersien.

<u>Stadium 2: Betekenisvolheid en disoriëntasie</u>

Plummer (1975:141) omskryf "betekenisvolheid" soos volg: "It entails all those processes which lead to a heightened homosexual identity: subjectively, from the nagging inner feeling that one may be 'different' through to a developed homosexual identity, and objectively, from minor homosexual involvements through to the stage known as 'coming out'." Sommige mense ervaar hierdie veranderinge betreklik vinnig en beleef die ontwakende sin van 'n homoseksuele identiteit as 'n verligting. Ander ervaar dié veranderinge oor 'n betreklik langdurige periode en vir hulle is die verhoogde homoseksuele gevoelens angstig en verwarrend. Dié gevoelens vorm deel van 'n proses wat Plummer (1975:141) "disoriëntasie" noem. Hierteenoor verwys "betekenisvolheid" na die proses van

verhoogde selfbewustheid en betekenis met betrekking tot die homoseksuele ervaring.

Disoriëntasie en betekenisvolheid word nie slegs deur persoonlikheidsfaktore teweeggebring nie aangesien die strukturele omstandighede van die breë samelewing waarin die individu homself bevind, die grootste invloed uitoefen. Meer presies gestel, die betekenisvolheid van die manlike homoseksuele ervaring kan teruggevoer word na stelle probleme wat na aanleiding van sowel negatiewe as positiewe komponente van die samelewing se reaksie op homoseksualisme ontstaan. Die veroordeling van homoseksualisme gee aanleiding tot probleme soos skuldgevoelens, geheimhouding en nie-toegang. Hierteenoor kan die klem wat op geslagsrolle gelê word en die algemene privaatheid wat seksualiteit omhul tot probleme rondom identiteit en eensaamheid lei.

Afgesien van skuldgevoelens wat 'n individu as gevolg van die afkeurende houding van die samelewing jeens homoseksualisme mag ondervind, is dit moontlik dat hy meer as vantevore van dié negatiewe beeld bewus sal wees: "... at school, at home, in the media, what others may ignore he will find increasingly important. And, at each point, the message will be the same: homosexuality is, at the very least, odd" (Plummer, 1975:143). 'n Tweede gevolg van die samelewing se verwerping van homoseksualisme is die geheimhouding daarvan deur die potensiële homoseksueel. Die persoon sal, bewus van die afwykende status wat oor die algemeen toegeskryf word aan dít waaraan hy deelgeneem het, voortdurend poog om onsigbaar te bly en nie as 'n homoseksueel erken te word nie. Die besef dat 'n mens iets het om weg te steek, gee egter dikwels tot 'n toenemende gevoel dat ander persone iets vermoed aanleiding selfs al weet niemand in werklikheid iets nie. 'n Verdere gevolg van die verbanning van homoseksualisme is dat dit vir 'n persoon baie moeilik is om persone met soortgelyke ervarings te ontmoet. Afhangende van die mate waartoe die potensiële homoseksueel homoseksualisme as 'n euwel wat sover moontlik vermy moet word, beskou, sal hy dit moeilik vind om te aanvaar dat daar baie mense is wat homoseksuele lewens voer. Die gevolg is dikwels dat hy glo dat hy die enigste persoon in die wêreld is wat sulke gevoelens het. Dié toegangsprobleem bring die verwante probleem van eensaamheid mee. Die potensiële homoseksueel ondervind egter nie net 'n gevoel van eensaamheid omdat hy nie kontak met ander homoseksuele het nie, maar ook vanweë die gebrek aan steun van heteroseksuele betekenisvolle persone. So 'n persoon sien dikwels nie kans om homoseksualisme met sy ouers te bespreek nie; hy voel nie meer tuis by sy maats wat verhoudings met meisies

begin aanknoop nie en begin dikwels sy identiteit bevraagteken. Plummer (1975: 146) skryf: "... (D)eviant traits are often likely to become 'pivotal' to an individual's life style; but, when they are, not only is there an issue of deviant identity, there is also a problem of gender identity. The sensitivity to being a potential homosexual thus goes right to the very heart of the matter of identity. 'Who am I?' becomes a key problem that leads to signification."

Vele individue spook vir baie jare met die voorgaande probleme en sommiges kom dit nooit te bowe nie. Hierdie persone word dikwels deur psigiaters, maatskaplike werkers en predikante beskou as mense wat versteurd of wanaangepas is. Ewe groot getalle persone oorbrug hierdie probleme egter. Een manier wat betreklik algemeen voorkom en suksesvol skyn te wees, is om homoseksualisme as 'n leefwyse aan te neem.

<u>Stadium 3: Identifisering (coming out) en subkulturele sosialisering</u>

Vir Plummer (1975:147) verwys "coming out" na die proses waardeur individue "betekenisvolheid" en "disoriëntasie" verwerk en as't ware binne die georganiseerde homoseksuele gemeenskap "hergebore" word - dit is 'n proses waartydens hulle hulself as homoseksuele identifiseer. Gedurende hierdie stadium van die homoseksuele loopbaan verwerf die nuweling in die homoseksuele toneel kennis van en bekom hy inligting oor homoseksualisme wat dit vir hom as 'n betekenisvolle en wettige alternatiewe lewenstyl voorstel. Troiden (1977:66) skryf in dié verband die volgende:

"It is during this stage that the new arrival sees that it is possible to be homosexual *and* well-adjusted, homosexual *and* a respectable member of the community, homosexual *and* a good person. In addition, Plummer contends that gay-culture provides the neophyte with a series of socially constructed accounts which legitimise homosexual experience and neutralise feelings of guilt, providing a basis for rebuilding identity and arriving at a more favorable self-conception."

Plummer (1975:148-149) beklemtoon dat (i) individue hulself in verskillende kontekste as homoseksueel kan identifiseer; (ii) dié identifisering soms 'n relatief simplistiese ervaring behels (soos wanneer op toevallige wyse kontak gemaak word met 'n homoseksueel wat die nuweling aan die homoseksuele wêreld bekendstel), maar normaalweg 'n langdurige en spanningsvolle proses impliseer

en (iii) inisiële kontak met ander homoseksuele of met homoseksuele instellings nie altyd die homoseksuele identiteitsvorming vergemaklik nie aangesien persone dikwels nie die norme en waardes van die homoseksuele wêreld kan hanteer nie.

__Stadium 4: Stabilisering__

Stabilisering geskied wanneer 'n individu permanent 'n homoseksuele rol aanneem, dit wil sê wanneer hy hom aan 'n homoseksuele leefwyse toewy. Plummer (1975:150) toon aan dat so 'n verbintenis 'n probleem vir sy argument, dat die proses van homoseksueel-word uit eie beweging is, meebring: "(I)f ... man is capable of exercising choice - is in essence free - *why is it that he does not retrace his footsteps more often and become a heterosexual* or even a bisexual; why does he allow himself to become 'role-imprisoned', and deny himself access to a wider sexuality? Why does the label stick? Why does he accept the label?" (Kursivering aangebring.)

Die rede waarom homoseksuele rolle nie meer dikwels beëindig word nie, spruit voort uit faktore wat die individu uit eie wil op homself plaas en uit faktore buite sy beheer. Eersgenoemde faktore sluit gemak, genot en sekondêre voordele in en laasgenoemde probleme rondom toegang tot heteroseksuele kringe en amptelike etikettering.

Hoewel 'n homoseksueel wat sy oriëntasie vir 'n heteroseksuele een verruil, 'n aanvaarbaarder status gaan verkry, doen baie homoseksuele dit nie, daar só 'n verandering in terme van persoonlike opoffering (byvoorbeeld tyd, geld en energie) nie die moeite werd is nie. "It becomes easier, more attractive, less costly to remain a homosexual" (Plummer, 1975:150). Hierbenewens mag 'n persoon besluit om voort te gaan met homoseksuele aktiwiteite omdat hy dit aangenaam mag vind: "... the acts of falling, making and being 'in love' with a member of the same sex can be both pleasurable and satisfying" (Plummer, 1975:151). 'n Verdere rede waarom 'n persoon homoseksueel wil bly, mag verband hou met sekondêre voordele wat so 'n rol inhou. Voorbeelde hiervan is onder meer die feit dat homoseksuele onafhanklik en ongebonde is, 'n hoër lewenstandaard het en aandag van 'n groot aantal persone geniet.

Homoseksuele persone wat die rol vaarwel wil sê, mag vind dat namate hul ouer word en meer homoseksuele ervarings het, dit toenemend moeiliker word. Plummer (1975:151-152) skryf in dié verband:

"... (H)e may find it increasingly difficult to make or maintain heterosexual contacts and increasingly disturbing to contemplate the idea of heterosexual activity. His earlier problems of access and identity may re-emerge in reverse if he should contemplate departure from the homosexual role: the secure world now is the 'deviant' world, and the problematic world becomes the 'straight' world. How does one make contact, for example, with a potential female partner at the age of thirty, if one has never attempted to do so before, and knows no heterosexuals; and, still worse, how does one set about having a heterosexual coital experience for the first time at this age?"

'n Verbandhoudende faktor wat 'n homoseksueel daarvan kan weerhou om sy homoseksuele rol te beëindig, is die feit dat sy homoseksuele vriende met hom die spot mag dryf en hom verwerp omdat hy volgens hulle, onrealisties is en homself bedrieg. Ten slotte mag openbare etikettering en vernedering meebring dat 'n persoon in 'n homoseksuele rol "gevange gehou word". Plummer (1975:152) stel dit só: "To come before a court in the blaze of a public scandal ... is to be publicly ushered into a deviant role, with few chances of receiving official declarations of exit. This is, of course, the most apparent instance of the functioning of deviant labels, but it is also with regard to homosexuality today possibly statistically the least significant."

Voordat afgestap word van Plummer (1975) se model is dit nodig om op die volgende punt wat hy ten slotte maak, te let: Die vorming van 'n homoseksuele leefwyse kan nie tot die voorgaande stadia beperk word nie. In 'n uitvoerige ontleding sal daarom ook ander veranderinge wat gedurende die individu se lewe intree, in berekening gebring moet word. Lewensfases wat veral aandag behoort te kry is die middeljare en bejaardheid.

* <u>Troiden (1977; 1979:362-373) se model</u>

Troiden (1977; 1979:362-373) postuleer ook in sy model wat in 'n groot mate met dié van Plummer (1975) ooreenstem, vier stadia. Die stadia wat aan die hand van Plummer (1975) en ander persone se modelle vir homoseksuele identiteitsvorming opgestel is en wat aan navorsing onderwerp is, is: gevoeligmaking; dissosiasie en betekenisvolheid; sosialisering, identifisering en toegewydheid.

Stadium 1: Gevoeligmaking

Individue doen as kinders sekere ervarings in die genitale, emosionele en sosiale sfere op wat later (gedurende adolessensie) as homoseksueel vertolk word. Troiden (1979:363) verdeel hierdie stadium in 'n vroeë fase (voor 13 jaar) en 'n laat fase (13 tot 17 jaar). Sosiale ervarings speel veral gedurende die vroeë fase 'n rol. Die seun ervaar homself as "vreemd", "anders" en "apart" van sy maats. Een van Troiden (1979:363) se subjekte het in dié verband byvoorbeeld die volgende gesê: *"I never felt as if I fit in. I don't know why for sure. I felt different. I thought it was because I was more sensitive."*

Gedurende die laat fase is die ervarings meer seksueel georiënteerd, byvoorbeeld 'n gevoel van warmte en opwinding tydens samesyn met ander seuns asook min belangstelling in meisies. Adolessente seuns heg 'n homoseksuele betekenis aan hul vroeëre ervarings. Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar nie noodwendig verskille voorkom tussen die waarneembare gedrag van seuns wat later 'n homoseksuele oriëntasie aanneem en die gedrag van diegene wat nie so 'n oriëntasie aanneem nie. Trouens, dit is baie moontlik dat heteroseksuele mans om verskeie redes tydens hul kinderjare ook vervreemd van ander seuns gevoel het. Troiden (1979:364) wys daarop dat die belangrike punt hier die verskil in betekenisse is wat homoseksuele en heteroseksuele mans aan kinderervarings heg: "The same childhood feelings which the adolescent heterosexual may come to redefine as the initial signs of, for instance, artistic sensitivity may be reinterpreted by the teen-aged male who later becomes homosexual as the first stirrings of homosexual interest."

Bykans twee derdes (98) van Troiden (1979:364) se ondersoekgroep (N = 150) het te kenne gegee dat hulle hul eerste homoseksuele ervaring tot die punt van orgasme, op tussen 14 en 15 jaar beleef het.

Troiden (1979:364) merk ten slotte op dat 'n belangrike aspek van die proses van homoseksuele identiteitsontwikkeling geleë is in 'n persoon se herkenning en definiëring van sy gevoelens as homoseksueel.

Stadium 2: Dissosiasie en betekenisvolheid

Die kern van hierdie fase is "dissosiasie". Troiden (1979:364-365) verduidelik "dissosiasie" en "betekenisvolheid" soos volg:

"(It) consists of the partitioning in consciousness of sexual feelings and/or activity from sexual identity. Rather than diminishing a growing awareness of 'possible' homosexual tendencies, dissociation has the ironic effect of *signifying* these feelings. That is, the very act of dissociation serves to *represent* to those who practice it that which they are attempting to dissociate - namely, the implications which their same-sex sexual interest or activity may hold regarding the fundamental character of their sexual orientations."

Die persoon begin tydens hierdie fase om sy seksuele oriëntasie te bevraagteken. Die mediaanouderdom waarop die subjekte oor hul heteroseksuele oriëntasie begin twyfel het, was 17,1 jaar. Van Troiden (1979:365) se 150 subjekte het soveel as 148 deur 'n fase gegaan waartydens hulle gemeen het dat hulle waarskynlik homoseksueel kon wees, maar nie seker was nie. Die meerderheid subjekte (54 %) was egter van mening dat dit net 'n tydelike periode is.

<u>Stadium 3: Identifisering (coming out)</u>

Hierdie stadium word ingelui wanneer die persoon sy gevoelens as homoseksueel bestempel. Ander belangrike elemente van dié stadium behels 'n verkenning van die homoseksuele subkultuur en 'n herdefiniëring van homoseksualisme as 'n geldige en betekenisvolle alternatiewe lewenstyl.

Die gemiddelde ouderdom waarop Troiden (1979:368) se ondersoekgroep hul gevoelens as homoseksueel bestempel het, was 19,7 jaar. Nogtans het ongeveer twee derdes of 93 van die 150 subjekte hulself steeds nie as homoseksueel ervaar nie. Die subjekte het die volgende redes hiervoor verstrek: dit is as 'n verbygaande fase beskou; dit is as 'n aanduiding van biseksualiteit gesien en dit is as 'n manifestasie van homoseksuele neigings ervaar.

Die gemiddelde ouderdom waarop die ondersoekgroep se homoseksuele identifisering plaasgevind het, was 21,3 jaar. Die tipe omstandighede wat 'n selfdefinisie as homoseksueel aanmoedig, blyk uit die volgende wat een van Troiden (1979:368) se subjekte gesê het:

*"I met a straight guy when I was in college ... As our friendship developed, I realized that I was falling in love with him and that I had never cared for anyone as deeply as I cared for him ... One night we were out drinking with a bunch of guys at a college bar. We both got rather high and when we returned*

*to the dorm I went with him to his room. ... I walked over to him, put my arms around him, and kissed him. He reciprocated. We eventually mutually masturbated each other. He is now married and has a family. This incident led a fateful resignation on my part that I was irrevocably gay. Due to the beauty of the experience, however I was able to rid myself of any doubts I had regarding my being a homosexual as negating the possibility of being a good person."*

Die ontmoeting van ander homoseksuele mans was die enkel belangrikste omstandigheid wat tot 'n homoseksuele selfdefinisie gelei het.

Stadium 4: Toegewydheid

Troiden (1979:370) beskou die aanknoop van 'n liefdesverhouding met 'n man of die ineenvloeiing van homoseksuele seksualiteit en emosionaliteit tot 'n betekenisvolle geheel, as 'n aanduiding van die aanvang van hierdie stadium van toegewydheid. "Toegewydheid" word gekenmerk deur die aanname van homoseksualisme as 'n leefwyse of anders gestel, wanneer 'n persoon tevrede is met sy lewensituasies, geen nodigheid vir verandering sien nie of glo dat die keuse van biseksualiteit of heteroseksualiteit geen voordele inhou nie. Een en negentig persent van Troiden (1979:371) se ondersoekgroep het te kenne gegee dat indien hulle voor die keuse gestel sou word om die homoseksuele oriëntasie vir 'n heteroseksuele een te verruil hulle dit nie sou doen nie. Troiden se subjekte het gemiddeld twee en 'n half jaar nadat hulle 'n homoseksuele oriëntasie aanvaar het, 'n liefdesverhouding met 'n ander man aangeknoop.

Ten slotte dien gelet te word op 'n aantal opmerkings wat Troiden (1979:372) oor sy model maak. In die eerste plek word 'n homoseksuele identiteit nooit in 'n absolute finale sin verkry nie. Tweedens sal persone wat die eerste stadia ervaar, nie noodwendig 'n homoseksuele identiteit ontwikkel nie. Derdens mag sommige stadia tegelykertyd ervaar, relatief vinnig ervaar of glad nie ervaar word nie. In die vierde plek eksperimenteer 'n aansienlike aantal mans met homoseksuele aktiwiteite waarna hulle besluit dat hulle nie daarin belangstel nie. Hieruit volg dat slegs 'n klein proporsie van alle mans wat homoseksuele aktiwiteite "uittoets" 'n homoseksuele oriëntasie aanneem. Vyfdens is een van die opvallendste kenmerke van die proses van homoseksuele identiteitsvorming sy "tenger" karakter. Troiden (1979:372-373) stel dit só:

"For a majority of the sample, the route to gay-identity was fraught with ambiguity, confusion, and uncertainty. For only a small minority was the gay-identity taken on rapidly."

Simboliese interaksionisme en die etiketteringsbenadering het onteenseglik verskeie belangrike bydraes, nie net tot die afwykende gedragsosiologie oor die algemeen nie, maar ook tot die sosiologie van homoseksualisme in die besonder gelewer. Daar kan min twyfel bestaan dat die benadering, wat soos reeds aangetoon, onder die antipositivistiese afwykende gedragsosiologie tuishoort, se belangrikste bydraes veral die volgende behels: (i) die soeklig wat geplaas word op verskeie belangrike fasette en prosesse van homoseksualisme wat voorheen min, indien enige, aandag geniet het; (ii) die beskoning van homoseksualisme vanuit die oogpunt van die homoseksueel en daarmee saam die klem op die rol van ander, nie-homoseksuele persone in die verskynsel van homoseksualisme; (iii) die opvatting dat homoseksualisme nie 'n statiese "toestand" is nie maar dat dit eerder 'n komplekse, voortdurend-veranderende sosiale proses behels waarin verskeie fases onderskei kan word en (iv) die siening dat homoseksualisme nie bloot die meganiese robotagtige reaksie op sekere ingebore en/of agtergronds- of omgewingsfaktore impliseer nie, maar dat dié realiteit aktief deur mense geskep en herskep word.

Die simboliese interaksionistiese en etiketteringsperspektief op afwykende en homoseksuele gedrag het egter nie kritiek vrygespring nie. Trouens, dié benaderings is die afgelope paar dekades vanuit al die belangrikste breë sosiologiese benaderings binne die Sosiologie hewig gekritiseer.[20] Wat simboliese interaksionisme en etikettering as teoretiese benadering van homoseksualisme betref, kan die volgende punte van kritiek uitgesonder word: Eerstens die nadruk wat deur eksponente van die oriëntasie op ander se reaksies tot homoseksualisme gelê word. Kritici voer aan dat die indruk geskep word dat die homoseksueel self geen verantwoordelikheid vir sy gedrag dra nie en dat die skuld vir homoseksuele gedrag vierkantig op die skouers van heteroseksuele rus. Sommige kritici wys ook nog daarop dat hoewel etiketteringseksponente die homoseksueel van dwangmatige biologiese, sielkundige en sosiale magte "verlos" het, hulle hom of haar nou in 'n ander vorm van sosiale determinisme naamlik samelewingsreaksies "opgesluit" het. Tweedens wend voorstanders van die

20. Vgl. byvoorbeeld Gove (1980); Plummer (1979:85-121) en Glassner (1982: 71-89).

etiketteringsbenadering nie daadwerklike pogings aan om die aanvanklike homoseksualisme te verklaar nie. Daar word aangetoon dat daar éérs sprake kan wees van reaksie en etikette ná die aanvanklike homoseksuele aktiwiteit.[21] In die derde plek bring die verdeeldheid en diversiteit binne die benadering mee dat dit deurspek is van onduidelikhede en selfs teenstrydighede wat onder andere veral insig in en begrip van die homoseksuele identiteitsvormingsproses belemmer. Joubert (1985:42) sê in dié verband:

"Ons het hier probleme van konseptualisering: verskillende skrywers gebruik verskillende konsepte en terme: ook van uiteenlopende teoretiese interpretasies. "... Wat gewoonlik na verwys word as seksuele ingesteldheid, seksuele oriëntasie, seksuele geneigdheid of seksuele identiteit, is: (a) nie altyd dieselfde nie; (b) klaarblyklik die resultaat van 'n ingewikkelde proses; (c) waarin verskillende komponente verwerk moet word; (d) waar die belang en volgorde in inwerking van die komponent verskil by enkelinge; en (e) waar daar veral twee interpretasies of verklarings (die seksuele oriëntasie-model en die identiteit-konstruksie-skool) is van hoe seksuele duidelik(heid) bereik word - verklarings van hoe mense uiteindelik beland in die kategorieë van hetero-, homo-, biseksueel, ens."

Ten slotte wys kritici daarop dat die nadruk wat op die reaksie van heteroseksuele persone in die verklaring van homoseksualisme gelê word, tot gevolg het dat dié verskynsel deur die bril van die homoseksueel beskou word. Dit het dan weer die verdere implikasie dat homoseksualisme nie net verromantiseer word nie maar dat etiketteringseksponente van 'n partydigheid vir homoseksuele beskuldig kan word.

Dit kan nie betwis word dat simboliese interaksionisme en sy etiketteringsvariant 'n belangrike aanvullende benadering tot die studie van homoseksualisme bied nie. Terwyl tradisionele benaderings die soeklig laat val op die verklaring van aanvanklike of primêre homoseksualisme, lê simboliese interaksionisme klem op die verdere proses van homoseksueel-word en ander belangrike breë samelewingsprosesse.

---

21. Vgl. Sagarin en Kelly (1980:347-379).

## 1.3 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was om veral die sentrale konstrukte waarmee sosioloë poog om 'n greep op die verskynsel van manlike homoseksualisme te verkry, te beskryf. Vanweë die belangrike invloed van ander sosiaal-wetenskaplikes op die instrumente waarmee sosioloë sin maak van homoseksualisme is ook kortliks na hul beskouings daarvan verwys.

Verskeie uiteenlopende en kontrasterende teoretiese konstrukte is binne die sosiologie van homoseksualisme onderskei. Sosioloë het die afgelope drie dakades verskeie definisies en dimensies van homoseksualisme beklemtoon, 'n wye reeks indelings van hierdie verskynsel opgestel en 'n hele aantal teorieë en modelle van dié seksuele oriëntasie ontwikkel. Sosiologiese konseptuele raamwerke kan breedweg verdeel word in etiologiese en nie-etiologiese teorieë en modelle van homoseksualisme. Eersgenoemde kan globaal beskou, as verteenwoordigend van die positivistiese afwykende gedragsosiologie en laasgenoemde as kenmerkend van die antipositivistiese afwykende gedragsosiologie gesien word. As sodanig beklemtoon hierdie twee breë konseptuele raamwerke of paradigmas sleuteldimensies van homoseksualisme en lewer elkeen 'n essensiële bydrae tot die sosiologie van homoseksualisme.

Die belangrikste sentrale konstrukte wat deur voorgenoemde sosioloë ontwikkel is om die verskynsel van homoseksualisme te begryp en te verklaar, sal in DEEL DRIE (Hoofstuk 4) met 'n konkrete homoseksuele lewe in verband gebring word ten einde hul toepaslikheid na te gaan.

DEEL II

**TOEPASSING VAN DIE METODOLOGIE**

Hierdie gedeelte van die studie handel, soos die opskrif aandui, oor die praktiese toepassing van die kwalitatiewe metodologie. Meer spesifiek sal die aanwending van die lewensgeskiedenis as data-insamelingsmetode in die studie bespreek word. Voordat die resultaat van die metode, te wete 'n outobiografie van 'n homoseksueel, aangebied word, is dit noodsaaklik dat die natuurlike geskiedenis van die projek geskets word. So 'n geskiedenis of chronologiese uiteensetting van die belangrikste besluite wat tydens die uitvoering van die ondersoek geneem is, dien nie slegs as oriëntasie vir die leser nie maar help hom of haar ook om dit te evalueer. Die natuurlike geskiedenis van die onderhawige ondersoek word in Hoofstuk 2 aangebied terwyl die outobiografie Hoofstuk 3 vorm.

**HOOFSTUK 2**

# NATUURLIKE GESKIEDENIS VAN DIE ONDERSOEK

## 2.1 INLEIDING

Aangesien die verhouding tussen die subjek, wie se lewensgeskiedenis geherkonstrueer word en die navorser wat in meerdere of mindere mate 'n rol speel in dié herkonstruksie, van meer belang is as in enige ander vorm van navorsing, is besluit om in die natuurlike geskiedenis van die ondersoek te let op albei se uiteensettings van die verloop van die ondersoek asook van hul ervarings tydens die studie.

## 2.2 DHA'KAR[1] SE WEERGAWE

*Dit was in die laat herfs van 1978 toe ek die oggend van diens afgekom het; ek was moeg en vaak na 'n harde nag se werk in 'n chirurgiese saal by 'n plaaslike hospitaal toe ek 'n lettie en haar butch, kennisse van my, op pad bushalte toe raakgeloop het. Hulle het my koffie aangebied en so het ek by hul woonstel opgedaag.*

*So tussen die koffiemaak deur het hulle my vertel van 'n studie, 'n soort van werkstuk waarmee hulle besig is vir die RGN* (vgl. Schurink, 1981). *Hulle het my van mnr. Willem Schurink vertel en in breë trekke van wat dié studie alles behels. Die feit dat die studie oor homoseksualisme gaan, het my onmiddellik geïnteresseer omdat ekself skeef is. Ek het betrokke gevoel, of sal ek sê ek wou betrokke raak.*

---

1. Die subjek het Dha'Kar as skuilnaam voorgestel. *Ek het op dié naam besluit omdat daar 'n verwantskap tussen Dha'Kar, 'n karakter in 'n opera, wat 'n bedreiging inhou vir sy medekarakters en die homoseksuele of skewe persoon wat die huidige heteroseksuele gemeenskap bedreig. Verder is daar ook 'n verband tussen dié mistiek wat dié karakter in die opera omhul en die feit dat die gay-lewe vir die heteroseksuele of hm-gemeenskap onverstaanbaar is weens die feit dat dié gemeenskap nie die "binnebestaan" van die skewe lewe ken nie. Hou die onbekende nie tog maar 'n mate van vrees/bedreiging vir almal in nie?*

Ek het al, uit die aard van my professie, met verskeie navorsers saamgewerk en gesien hoe moeilik dit soms vir hulle is om data vir hulle navorsing in te samel. Die feit dat Willem 'n navorser is en probeer om dit waarvan ek deel is te beskryf of te ontdek, het my gemotiveer om myself bereid te verklaar om hom, alhoewel ek hom toe nog nie in persoon geken het nie, te help. Voordat ek Willem ontmoet het, was daar nooit 'n definitiewe begeerte om my lewensverhaal in boekvorm te vertel nie. Ek het wel vir 'n tydperk 'n dagboek oor my lewe bygehou. Ek dink elke jongmens gaan so 'n stadium deur. Ek het dit egter 'n rukkie voordat ek Willem ontmoet het, vernietig. Dit het vir my 'n bedreiging geword; ek was bang dat iemand dit in die hande kon kry of dat dit in die verkeerde hande kon beland.

In hierdie stadium van my lewe het ek ook 'n hoogtepunt in my studies bereik; ek was pas deur 'n plaaslike instansie beloon met 'n medalje vir die beste student van die jaar. Die kliënte asook hul families by hierdie instelling, was ten tyde van my studies, baie behulpsaam ten einde sukses in my guns te bewerkstellig wat die finale resultate betref. Ek het in hierdie stadium gevoel dat die samelewing 'n groot bydrae gelewer het tot my fisiese en psigiese welsyn en professionele voorspoed. Die behoefte het ontstaan om aan die samelewing iets terug te gee, in enige vorm waarin ek my dank kon betuig. Toevallig het dit dan so gebeur dat ek deur bogenoemde vriendinne met Willem kennis gemaak het en sodoende iets aan die gemeenskap te kon "gee" in die vorm van sy navorsing. Ek was in die stadium alleen, daar was niemand anders nie en die behoefte was daar - nie spesifiek om aan die RGN of die betrokke navorser te gee nie maar aan enige navorser wat 'n ander lewe wil ontdek en beskryf wat soveel anders is as dié waarvan die man op straat bewus is.

My en Willem se eerste ontmoeting is telefonies gedurende die voormiddag van 1 Mei 1978 gereël vir 2 Mei 1978 om 10h00 wat dan ook so geskied het. Sy stem oor die telefoon het reg laat geskied en gepas by die ses voet en 'n paar duim lange man wat ek by my woonstel ontvang het. Willem was sommer net Willem, 'n ou met min fieterjasies en anders as die navorser in 'n wit jassie met 'n vraelys wat ek verwag het. Soos ons gesprek gevorder het, het ek meer van myself gegee in dié opsig dat ek makliker met Willem oor die <u>skewe lewe</u> kon praat omdat dit geblyk het dat hy werklik belanggestel het in die navorsing en dit as 'n uitdaging beskou het. Hierdie eerste gesprek van ons het tot 16h00 geduur.

*Die RGN was nie vir my 'n vreemde naam of instansie nie omdat ek al by verskeie geleenthede, as gevolg van die professie wat ek beoefen, met die RGN kontak gemaak het.*

*Op sy beurt het Willem aan my verduidelik wat sy doelstellings is. In hierdie verduideliking van hom het ek gevind dat die studie nie tot my nadeel strek nie en dat dit ook nie vir my in my professie sal skaad nie. Hy het my die versekering gegee dat ek anoniem aan die lesers van die navorsingseindproduk sal bly.*

*Tydens hierdie eerste besoek van die navorser het my vriendin Johanna, 'n femme-lettie, haar opwagting gemaak. Dit was 'n unieke situasie. Daar was 'n ongemaklikheid te bespeur aan sy kant en ook aan haar kant. Sy het met 'n "please explain" in my rigting gekyk omdat sy 'n goeie vriendin was en almal geken het wat my sou besoek. Ek het aan haar verduidelik wat die doel van die navorser se besoek was en sodoende kon hy toe voortgaan om aan my/ons te verduidelik van watter tegnieke hy in sy navorsing gebruik maak. Ons het toe besluit dat ek 'n outobiografie sou skryf. Aanvanklik was die gedagte dat my lewensverhaal deel sou uitmaak van die RGN se navorsingsprogram wat oor homoseksualisme handel. Johanna het gemaklik deelgeneem aan die geselskap en ons het oor die skeves in die algemeen gesels. Kort hierna het Johanna verskoning gemaak en ons verlaat. Ek was besig om vir ons koffie te maak, toe 'n femme-lettie-kennis, Anna, haar opwagting maak. Hier het ek ook die navorser verwittig dat ons kon voortgaan met ons gesprek omdat sy ook family is. Die navorser het in breë trekke aan haar verduidelik wat sy navorsing behels en Anna het aangebied om hom ook behulpsaam te wees. Johanna was egter glad nie te vinde om hom behulpsaam te wees nie. Sy het geglo dat sy nie daartoe in staat sou wees nie. Haar woorde was: "Ek het nie so baie 'guts' soos julle nie".*

*Willem het baie klem gelê op 'n besondere navorsingstyl wat hy gemeen het baie geskik was in studies van afwykings soos homoseksualisme. Hoewel ek toe nie regtig kon begryp wat hy daarmee bedoel het nie, het die feit dat die metode veral klem gelê het daarop dat skeves hul eie standpunte kon stel, vir my baie aanneemlik geklink. Ek kan onthou dat ek vir Willem gevra het watter besondere metode van die benadering hy dink die beste sou wees. Hy het gesê dat 'n outobiografie (wat soos ek kon aflei 'n beter metode was as dié wat hy in die lesbiërstudie gebruik het) die grootste bydrae tot die wetenskap sou lewer.*

*Ek het dan ook besluit dat dit die metode is wat ek graag sou wou hê dat ons in die studie moes gebruik.*

*Die uitvoering van die studie het uiteindelik in twee fases plaasgevind.*

**2.2.1 <u>Fase 1</u>**

*Ons het in 'n kort periode 'n goeie vertrouensverhouding opgebou. Willem het my op my gemak laat voel en ek kon maklik met hom oor my tipe lewe gesels omdat hy verstaan en belanggestel het. Daar was soms weke wat ons mekaar meer as een keer per week gesien het. Ek het hom by sowel sy huis as sy kantoor opgesoek.*

*Daar was 'n paar weke gedurende Junie/Julie 1978 en in 1979 wat ons mekaar nie gesien of geskakel het nie as gevolg van die feit dat hy uitstedig was en as gevolg van labiele emosies aan my kant wat nie ontstaan het as gevolg van die skrywe van my verhaal nie; dit was in die tyd wat ek 'n <u>butch</u>, John, leer ken het en ook in die tyd wat ek familielede aan die dood afgestaan het. Ek sal later in die verhaal daarop terugkom.*

*Die studie het op 'n baie informele wyse geskied. Willem het voorgestel dat alles wat ek as belangrik in my lewe beskou asook gepaardgaande gevoelens in my eie woorde vertel moes word. In die loop van die studie het ek die navorser se familie tydens besoeke aan hom tuis ontmoet.*

*Sy vrou (Evanthe) het ek egter reeds op 25 Maart 1978 in die plaaslike <u>gay</u>-klub gesien. Sy het langs my gesit tydens 'n <u>drag</u> kompetisie. Min het ek op daardie stadium geweet dat ek eendag by haar aan huis sou kom. Ek en sy het in 'n stadium terwyl die kompetisie aan die gang was, gepraat oor die groot voete van die <u>drag-queens</u> en waar hulle die skoene kry om hul groot en lang tone in te verberg. Ek het geweet hulle, die navorser en sy vrou, is <u>straight</u>.*

*Ek het intussen 'n <u>butch</u>, John, ontmoet wat my alfa en omega geword het. Soos wat die verhouding tussen my en John gegroei het, het Willem en sy familie vriende van ons geword. Ons eerste besoek aan hul tuiste was om 13h00 op 27 Augustus 1978. By die bekendstelling aan sy vrou het ek aan haar gesê: "Vir jou ken ek" met verwysing na die aand in die <u>gay</u>-klub. Ons is deur hulle aanvaar en op ons gemak gestel.*

*Daar was verskeie geleenthede dat ek en John by Willem-hulle aan huis gekom het. Soms alleen, soms terwyl ander gays daar was. Daar was insidente soos met Willem se verjaardag (20 Augustus 1979) wat eintlik die eerste verjaardag van Willem was wat ons met hom gedeel het. Ons was saam met ander gays daar. Almal het 'n bedrag bymekaargesit en vir Evanthe gegee en toe is daar vir Willem 'n groot Lazy Boy-leerstoel gekoop. Daar was ook ander partytjies wat Willem gereël het soos dié een waar al die gays wat genooi was 'n sekere gereg moes saambring (Willem het die bestanddele voorsien) want dit was onmoontlik vir een persoon om al die voorbereidingswerk te doen. En dit het dan ook minder tyd in beslag geneem. Ek kan baie goed onthou ons was verantwoordelik vir die rysslaai, wat Willem ons gevra het om te maak. Dit was vir my regtig 'n besondere gebeurtenis onder die gays want toe ek my slaai die dag daar in die groot bakke aanbring en ek na die voorkoms en geurigheid van my slaai kyk en dit met dié van die ander vergelyk, het ek net weer eens besef dat, wat die voorbereiding van voedsel aanbetref, ek nie agter in die ry hoef te gaan staan nie, maar heel voor. Dit is nie dat ek my eie beuel wil blaas nie, Willem kan daarvan getuig. Dan was daar ook die geleenthede toe ek saam met Willem Johannesburg toe was terwyl hy besig was met 'n ondersoek oor homoseksualisme. Ons het een Sondag al die plekke besoek waar Willem respondente wat aan die studie deelgeneem het, gehad het. Ek kan nog twee mense spesifiek onthou. Die een man was 'n professionele man wat in die aptekerswese was. Hy het gekla oor sy rug en oor die vreeslike rugpyn wat hy gehad het. Die ander persoon was 'n onderwyser, 'n tipiese flapping-queen - die tipe mens vir wie ek nie baie ooghare het nie - 'n interessante man, maar sy gedrag laat 'n mens koud.*

*'n Ander besoek saam met Willem en van sy kollegas wat ek ook meegemaak het was aan 'n baie bekende gay-klub in Johannesburg. Dit was op Saterdag 2 Junie 1979 en het tot die vroeë oggendure van Sondag geduur. Ek het op Willem se versoek notas oor my indrukke van dié besoek geskryf.*[2]

*Dan was daar ook die tye wat ek saam met Willem en een van sy kollegas van die kampplekke/slangparke in Pretoria waarvan ek bewus was, gaan besoek het. Ek kan onthou hoe geskok Willem was toe ons by een spesifieke vleismark en by 'n tweede, 'n derde en 'n vierde een kom en dieselfde persoon binne etlike ure daar sien uitkruip het. Hy was 'n regte closet queen, moontlik nog 'n rent-*

2. Die notas is in hul oorspronklike vorm by die outobiografie ingesluit.

piece ook. *Dit was ook vir my 'n geweldige openbaring. Hier het ek weer eens besef dat ek deel is van 'n lewe wat by die heteroseksuele gemeenskap tot vreeslike weerstand, afsku, of veragting aanleiding kan gee. As 'n mens kyk na al die graffiti wat teen al die openbare toilette se mure geskryf is, besef jy dat dit blatant, vuil en onopgevoed is. Ek moet seker dankbaar wees dat so iets my tot in hierdie stadium van my lewe nog nooit oorgekom het nie. Ek dink dit is die laagste ding wat 'n mens kan doen om seksuele uitnodigings of afsprake op deure en mure te maak en dan nog jou voor- en afkeure daarby in te sluit!*

*Ek dink dat ek nie die studie sou kon voltooi het indien ek nie vir Willem en sy gesin, veral sy vrou, Evanthe, beter leer ken het nie. Hul breë en nie-verwerpende uitkyk op die homoseksuele gemeenskap se aktiwiteite het by my erkenning, aanvaarding en sekuriteit ingeboesem. Dit het nie by Willem gegaan om patologie oop te krap nie, maar om 'n objektiewe greep op die gay-lewe te kry.*

*Moeder was sedert die aanvang van my studie daarvan bewus dat my outobiografie vir navorsingsdoeleindes aangewend sou word. Nadat ek haar die versekering gegee het dat my verhaal met die grootste vertroulikheid gehanteer gaan word, het sy ingestem om behulpsaam te wees.*

*Daar was tye dat ek gevoel het om my deelname te staak. Dit was wanneer dit gekom het by die dieper aspekte van die gay-lewe; die aspekte wat seergemaak het; die oproep van onaangename herinneringe; die dieper ontdekking van myself en die moontlikheid daarvan dat alles so anders kon gewees het. Soms het dit gebeur dat ek stukke opgeskeur het, oorgeskryf het, trane by my moeder, wat my soms moes help om gebeurtenisse agtermekaar te kry, laat vloei het. Haar trane was hoofsaaklik toe te skryf aan onaangename herinneringe wat ek nie baie goed kon oproep nie, byvoorbeeld waar my vader haar mishandel het of waar sy in my latere lewe vir my in die bresse moes tree by die res van die familie om my met my skeefheid te aanvaar.*

*Sy was ook bereid om 'n stukkie te skryf wat ek by my verhaal sou insluit maar die eerlikheid en diepte wat ek gehandhaaf het, het haar anders laat besluit en my ook laat twyfel of ek met my verhaal moes voortgaan. My vertwyfeling was hoofsaaklik daaraan toe te skryf dat dele van my verhaal soos die swaarmoedige*

*insidente in my ouers se verhouding, by die deurlees daarvan, ou wonde by my moeder kon oopkrap. Ek wou haar dit spaar veral noudat my ouers na so baie jare weer gelukkig is. Daar was egter 'n paar faktore wat my daartoe beweeg het om tog my outobiografie te voltooi. Een faktor was dat my verhaal nie op die rak sou lê nie. Dit is bewys deurdat die onderhoud tussen John en Willem werklik vrugte afgewerp het. John het definitief bygedra om my te motiveer om my verhaal te voltooi. Sy bydrae het daarin gelê dat hy my en my vader nader aan mekaar gebring het. 'n Mens sou verwag dat wanneer 'n pa se seun met 'n ander man, 'n <u>gay</u>, met wie hy sy lewe gaan deel, by sy huis opdaag die pa-seun-verhouding verder sou verbrokkel. Die teendeel is egter bewys. Hierdie verbetering in die verhouding het meegewerk dat ek die gevoel gekry het dat die verhaal op 'n gelukkiger noot sou eindig - 'n mens dink tog maar altyd aan hoe enige verhaal gaan eindig!*

*Ekself het soms baie emosioneel geraak wanneer teer puntjies van die verlede weer oopgekrap moes word; byvoorbeeld die swak verhouding wat daar tussen my en my vader was in kontras met die baie intieme verhouding vandag tussen ons.*

*Ek het deurgaans 'n eerlike weergawe van die verlede gegee: van dit wat deel was en is van my <u>gay</u>-lewe. Die studie het baie tyd in beslag geneem maar dit was wat ek wou doen; wat ek wou gee!*

*My verhaal het aanvanklik gestrek vanaf die tydperk in my lewe wat ek kan onthou of soos deur my moeder aan my oorvertel is tot ongeveer 1979. Daar is episodes wat ontbreek of wat onvolledig is omdat ek dit nie behoorlik kon oproep of inligting daaroor kon insamel nie. Die spanning en hartseer wat ek by tye ondervind het, het meegebring dat dieselfde episode soms twee of drie keer herhaal moes word omdat ek soms baie verward geraak het.*

*In 'n stadium het ek 'n brief aan Willem geskryf en hom gevra om my vir 'n tyd lank nie met ons studie te konfronteer nie. Die brief het soos volg gelui:*

19/7/78
PRETORIA

Beste Willem,

Jammer om nie persoonlik of ten minste per telefoon met jou in kontak te probeer kom het nie.

Willem, op die oomblik beleef ek geweldig trauma. Ek ken myself en dis hoekom ek vra om my asb. vir 'n onbepaalde tyd nie te konfronteer met ons projek nie. Ek is besig om te knak en het op die oomblik geen begeerte om enigsins enige iets vir enige mens te doen of enigsins betrokke te wees (nie).

Ek is ongelukkig een van daardie mense wat alles so intens belewe; daar is nie vir my 'n tussenweg nie. Daar is vir my op die oomblik te veel konflikte.

Ek sal weer met jou kontak maak sodra ek myself gevind het. Ek verkies liewer om alleen te wees. Ek hoop jy verstaan. Ek is jammer, ou maat.

Groete
Dha'Kar

Ek het meeste van die tyd aan my verhaal gewerk wanneer ek alleen was. Ek het dit so verkies. Ek wou nie gehad het dat John of enige ander persoon my in 'n emosionele toestand moes vind wanneer ek met sommige van die onaangename herinneringe gewerk het nie. Terwyl ek besig was om sekere gebeurtenisse wat in my lewe plaasgevind het te beskryf, het ek ook dikwels geluister na musiekopnames wat ek aangekoop het toe van hierdie gebeurtenisse in my lewe plaasgevind het. Dit het baie gehelp, nie net in die skryf van my verhaal nie, maar ook in ander opsigte soos wanneer ek studeer of voorbereidingswerk moes doen. Die 1812-overture wat ek, toe ek ongeveer 15 jaar oud was vir my gekoop het, is dié musiek wat vir my rustigheid bring en my stimuleer tot dieper en logieser denke. Dit bring 'n rustigheid in my en ek voel vry en myself. Ek het twee 1812-overture-opnames. Die een word uitgevoer deur die Londense Philharmoniese Orkes onder leiding van Charles Mackerras en die tweede is deur die Berlynse Philharmoniese Orkes met die Don Kosakkekoor onder leiding van Herbert von Karajan. Ek gee voorkeur aan eersgenoemde. Hierdie musiek is werklik vir my van die mooiste klassieke musiek wat daar is. Ek het later uitgevind dat Tschaikowsky hierdie musiek geskryf het ten tyde van die platslaan van die Christendom in Rusland.

In die skrywe van my verhaal het ek gevind dat sommige van my opvattinge oor skeefheid verander het sedert John deel van my lewe geword het.

*Die doel van hierdie studie is nie vir eie gewin nie maar spruit eerstens uit die behoefte wat tien jaar gelede by my ontstaan het, naamlik om te gee en te bevredig. Tweedens, om die navorser met wie ek bevriend geraak het te help en derdens, moontlik aan u die leser te toon dat ek net so 'n lewe lei soos u, dieselfde God aanbid as u en dat ek tog, al is ek <u>skeef</u>, my plek in die samelewing volwaardig kan volstaan en net so 'n bydrae soos u daarin kan lewer.*

2.2.2 <u>Fase 2</u>

*Dit het toe so gebeur dat my en Willem se oorspronklike doelstelling met hierdie outobiografie nie tot uitvoer gekom het nie - deels omdat tyd vir ons 'n probleem geword het. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat ek van werksomstandighede verander het wat baie meer veeleisend was en omdat Willem as gevolg van ander navorsingsprojekte wat hy vir die RGN moes voltooi, baie uitstedig was. As gevolg hiervan was daar so 'n effense afplatting in die kontak wat ons met mekaar gehad het.*

*Hierna het ek en Willem mekaar by verskeie geleenthede in die stad raakgeloop. Dit was veral wanneer hy smiddae van die munisipale busvervoer gebruik gemaak het. So tussen die wag vir die bus deur het ons gedagtes oor die navorsingsprojek uitgeruil en oor en weer verneem na die welstand van ons onderskeie familielede. Dit was vroeg in 1984 onderwyl ons saam na 'n bushalte naby my woning (waar Willem ook die bus kon haal) gestap het, dat hy my genader het en verneem het of dit nie moontlik sou wees om my outobiografie vir sy persoonlike studiedoeleindes te gebruik nie. Daar was by my geen rede waarom dit nie gedoen kon word nie. John het ook 'n positiewe gesindheid tot die verandering van sake geopenbaar. Inteendeel, dit het persoonlik vir my gevoel asof ek deur my outobiografie 'n beter bydrae sou kon lewer as wat oorspronklik die geval was; veral gesien teen die agtergrond dat ek en Willem-hulle goeie vriende geword het.*

*Willem het my 'n ruk hierna tuis besoek ten einde die studie te bespreek en 'n beplanningstrategie op te stel. Weer eens het onmiddellike omstandighede ons beplanning beïnvloed - nogal redelik beïnvloed. Willem het my een aand kom meedeel dat sy dogter, Ilona, beenkanker het. Dit was vir my aanvanklik 'n groot skok wat later 'n redelike ingryping op my verhouding met Willem en sy mense gehad het.*

*Ilona was een van daardie kinders vir wie elke dag te kort was om haarself ten volle uit te lewe. Sy was 'n presteerder. Aanvanklik kon ek die situasie redelik hanteer. Namate haar toestand gedegenereer het, het ek Willem minder besoek. Ek kon nie die feit dat hierdie jong dogter weggekwyn het, hanteer nie. Ek het aggressie beleef - teenoor wie en wat sal seker altyd vir my 'n onbeantwoorde vraag bly. Ek het aan Ilona tuis sowel as in die hospitaal 'n enkele besoek gebring. Dit was vir my moeilik om met Willem en Evanthe te kommunikeer - so ook vir John. Kontak met hulle het heeltemal tot stilstand gekom, soveel so, dat ek en John nie eers geweet het toe Ilona op 8 Oktober 1984 oorlede is nie. In die tyd dat Ilona siek was, was daar heelwat programme op TV wat gehandel het oor mense wat aan 'n terminale siekte gely het; ek glo dat dit ook 'n bydrae gelewer het tot die kwaliteit van my emosionele toestand. Ek sou nie sê dat ek Willem-hulle verkwalik het omdat hulle my nie dadelik omtrent Ilona se afsterwe in kennis gestel het nie. Ek het berusting gevind in die sin dat hierdie eens pragtige, lieftallige dogtertjie nie meer ly nie. Dit was genoeg.*

*Willem het 'n geruime tyd hierna weer die bande opgeneem en ons opgesoek. Ons het weer eens 'n strategiebeplanning gedoen en besluit dat ons mekaar weekliks sou besoek en hard sou werk. Ek beskou hierdie poging as 'n intenser poging as die voriges omdat daar 'n ander meer gemotiveerde houding by albei van ons te bespeur is. John toon ook 'n groter belangstelling in my en Willem se vordering as voorheen.*

*'n Mens sou kon vra hoekom ek ten spyte van die onderbrekings wat ons gehad het, nog steeds kon belangstel om met die studie voort te gaan. Ek sou sê dat wanneer vriendskapsbande sterker word, 'n mens meer kwalitatief teenoor jou doen en late staan. Hieruit het dan ook voortgevloei dat ek my outobiografie sou uitbrei tot 1987 se eerste semester. Aanvanklik is beoog dat my verhaal net sou strek tot einde 1983/begin 1984.*

*Ons het besluit dat dit beter sou wees as ek die oorblywende deel van my lewensverhaal (1984 tot 1987) self op band sou vaslê. Dit sou geriefliker en gemakliker wees en ek sou moontlik meer omskrywend kon wees en sou dalk my gevoelens makliker kon uitdruk. Dit het teen middel 1987 vir my duidelik geword dat ons 'n baie groot taak voor ons gehad het, moontlik omdat ons 'n sperdatum vir die afhandeling daarvan gestel het en die uurglas vinnig leeggeloop het. Ander faktore wat hiertoe bygedra het, is die feit dat ek en Willem*

*altwee voltyds werk; dat ons albei met nagraadse studie besig was en dat ons albei gesinne het. Ek sien en beleef my verpligtinge teenoor John op dieselfde wyse as wat Evanthe dit teenoor Willem beskou. Ons enigste probleem het maar die beperkte tyd gebly.*

*Die feit dat ek aan mense iets wil teruggee, is nog steeds daar. Hierdie studie het, wat persoonlike groei betref, my baie gelei. So tussen my en Willem se praatjies deur kan ek my gedurig meet aan die waardes van sowel die heteroseksuele as die gay-lewe. Dit bly 'n persoonlike keuse maar een wat so gelewe word dat almal in my lewenswandel my as medemens moet aanvaar en graag my vriend of vriendin sal wil wees omdat ek, ék is!*

### 2.2.3 Outokritiek en aanvullende inligting

*Willem het op 10 November 1988 tydens 'n besoek aan my op kantoor kopieë van die ontstaan en verloop van ons projek (Hoofstuk 2) en van my lewensverhaal, soos deur hom aangepas, (Hoofstuk 3) aan my oorhandig met die versoek dat ek dit moes nalees. Hy het ook gevra dat ek na die kommentaar van die beoordelaars van my outobiografie (Bylae B) en na sy interpretasie daarvan (Hoofstuk 4) moet kyk. Verder het hy my genooi om enigiets wat ek wil byvoeg neer te skryf en as daar dinge in Hoofstukke 2 en 3 is wat nie "reg" is nie, dit vir hom uit te wys. Hy het my die onderstaande lysie vrae gegee wat ek as riglyne kon gebruik om my outokritiek te skryf, wat ek dan ook gedoen het.*

1. *"Is ál die gebeure waaroor jy in jou verhaal geskryf het in Hoofstuk 3 ingesluit?"*

*Ja.*

2. *"Is die dele van die verhaal wat jy op band vasgelê het en jou notas oor die 'gay'-klub chronologies reg geplaas? Kontroleer asseblief ook of alle persone se name verander is en of die skuilname reg is."*

*Ja, die volgorde van gebeurtenisse en die skuilname is reg.*

3. *"Is jy tevrede dat die verhaal in die algemeen beskou, 'n werklikheidsgetroue weergawe van jou lewe is?"*

*Soos reeds genoem, het ek na die beste van my vermoë 'n getroue weergawe gegee. Dit was egter nie moontlik om 'n presiese dag-tot-dag-weergawe te gee nie. Die finale geredigeerde weergawe van my verhaal soos die navorser dit vir sy studiedoeleindes aangepas het, is vir my nog steeds 'n ware weergawe.*

4. *"Is jy tevrede dat jou lewensverhaal leesbaar is, dat dié gedagtes vloei en dat dit 'n samehangende geheel vorm?"*

*Ja, my verhaal is beslis ná die redigering daarvan steeds leesbaar en dit vorm 'n samehangende geheel.*

5. *"Is jy met die taalgebruik tevrede?"*

*Aangesien ekself nie wel ter tale is nie het ek die navorser versoek om my taalgebruik na te gaan en dit ooreenkomstig die behoefte van die studie aan te pas. Al die aanpassings wat Willem en diegene wat hom gehelp het aangebring het, dra my goedkeuring weg.*

6. *"Kontroleer asseblief of jy in jou outobiografie oor alles geskryf het wat jy in jou skets van die ontstaan en verloop van die studie beloof het."*

*Die een deel waaroor ek nie geskryf het nie, is nou by die outobiografie ingevoeg.*

7. *"Soos jy in my weergawe van die ontstaan en verloop van ons projek sal merk, is die mate waarin die navorser die lewensgeskiedenisskrywer beïnvloed 'n baie belangrike metodologiese aangeleentheid. Ek het reeds my mening oor die mate wat ek 'n invloed op jou lewensverhaal gehad het in Afdeling 2.4 geskets. Ek sal dit baie waardeer as jy my ook jou mening hieroor kan laat kry."*

*Ek en die navorser het by verskeie geleenthede ontmoet waarin hy die aard van die onderhawige studie aan my uitgelê het. Ek was grotendeels self vir die opstel van my verhaal verantwoordelik. Willem het aanvanklik, nadat hy dele van die verhaal bestudeer het, 'n lys van onduidelikhede opgestel en versoek dat ek daarop moes uitbrei. Ek het aanvanklik enkele van hierdie onduidelikhede aangevul maar het weens die onderbreking van ons gereelde kontak en pro-*

*bleme aan my kant nie daarmee voortgegaan nie. Sommige van die vrae was vir my moeilik om te beantwoord. Willem het later tot ander insigte gekom en my versoek om die aanvulling van die onduidelikhede te staak. Die paar aanvullings wat ek gemaak het, het geen noemenswaardige uitwerking op my of op die wyse waarvolgens ek my lewensverhaal weergegee het, gehad nie.*

8. *"Omdat dit in die studie oor jou lewe, 'n homoseksuele één waarvan heteroseksuele mense baie min weet, gaan en omdat daar dalk nog belangrike sake mag wees, wat sedert die opstel van die verhaal vir jou belangrik geword het of meer lig op beskouings en uiteindelik op jou lewe mag werp, sal ek bly wees as jy sulke sake sal noem."*

*Soos wat 'n mens persoonlike volwassenheid bereik, volwassenheid binne jou verhouding en volwassenheid binne jou professionele lewe, groei jy. Jou sienswyses word ook gekontamineer in die sin dat dit deur ander mense, situasies, gebeure en die nuusmedia beïnvloed word. Ook jou waardesisteem word aangetas. Redelik baie tyd het verloop sedert ek my lewensverhaal opgestel het - 'n periode waartydens van my sienswyses in so 'n mate verander het dat dit in vergelyking met my destydse opvattings soms paradoksaal mag wees. Die volgende aspekte is van die belangrikstes ten opsigte waarvan my beskouings verander het:*

(a) Geloofslewe

*Deurgaans in my verhaal word melding gemaak van my verhouding met my Hemelse Vader. In my geloofslewe het sedertdien 'n verandering ingetree. Dit is asof ek nou in terme van my geliefde vers in Job: "U het my gebeendere deurvleg", hierdie dinge uitmekaar begin haal. My geloofsopvattings het 'n prominenter komponent van my lewe geword. Ek kan nie 'n dag of datum vir hierdie verandering verstrek nie. Ek is net die afgelope tyd meer en meer van Sy teenwoordigheid bewus. Ek het elke oggend wanneer ek met die gedagte ontwaak dat ek na Sy beeld geskape is groot vreugde in my hart. Ek vind berusting in dié wete en voel dat my medemens ook met hierdie genade geseën is. Dáárom glo ek dan ook dat 'n mens nie 'n mens as persoon moet veroordeel nie maar eerder sy of haar gedrag of optrede. God self sê: "Ons sondig deur gedagtes, woorde en werke".*

*Die lewe is vir my een groot fees waarin ek God in my verhouding met John kan verheerlik. Hy en my medemens, ongeag hul hm- of gay-status of hul velkleur,*

*is deel hiervan: almal is skepsels van die Almagtige God. Soos ek in my verhaal noem, is die geloofsaspek reeds sedert die aanvang van ons verhouding teenwoordig. Ons liefde vir mekaar is my hoogste waarde. Dié liefde word saam met die geloofsaspek geïllustreer in die onderstaande gedig (ongelukkig kan ek nie die naam van die digter onthou nie) wat ek in 'n stadium aan John opgedra het:*

*September '78*
*Pretoria*

*ONTHOU*

*Onthou, wanneer die nagwind teen jou wange waai, ek het dit die asem van my God genoem wat lewe gee; en alles wat Sy hand geskape het, is dit my eerste liefde.*

*Onthou, wanneer die maanskyn deur jou venster val, en die nagwind die gordyne roer, en jy sy asem buite deur die blare hoor, en ek en jy saam die wind gaan soek het tot ons sy frisheid teen ons wange voel.*

*Onthou, wanneer die nagwind teen jou wange waai; ek en jy het saam daarvan gedrink. Onthou, wanneer die nagwind om jou hare speel, jou hand was toe in myne, en ons praat en swye net vir twee bedoel, want ek het jou bemin.*

*As ek vandag terugkyk na my lewe tot dusver is daar dankbaarheid in my hart teenoor my Skepper; 'n beter lewe kon ek nie gehad het nie. Die dankbaarheid wat ek en John teenoor ons Hemelse Vader het, probeer ons bewys deur intenser by die aktiwiteite van ons onderskeie gemeentes betrokke te raak.*

*Hierdie verdieping van my geloofslewe het 'n invloed op ander fasette van my lewe soos my beroep, my studies, my daaglikse huishoudelike aktiwiteite en my sienswyse van en verhouding met my medemens, insluitend gays.*

*(b) Familie*

*Die "afstandsgevoel" tussen my en my broers is nie meer aan die orde van die dag nie. Nogtans vind ek dat sekere insidente soos dié wat met homoseksualisme te make het, neig om die verhouding tussen ons na 'n "armlengte-verhouding" te*

*laat ontaard. Onlangse voorbeelde van sulke insidente is die VIGS-kwessie en die kindermolesteringsaangeleentheid. Persoonlik kan ek hulle nie vir hul houding verkwalik nie en begryp ek dat hulle nog groen koring op die land het wat vir hulle kosbaar is. Ek vind dit egter jammer dat hulle nie wil aanvaar dat ek en John geen bedreiging vir hul kinders inhou nie. Hulle behoort immers te weet dat hul belange ook vir ons belangrik is en dat die liefde wat ons aan hul kinders wil gee nie seksueel gekontamineerd is nie. My en John se begeerte is nog steeds dat die verhouding tussen ons en my broers sal wees soos dié wat ons met my suster en haar gesin en met my ouers het. Ek en John het al baie gedagtes oor die ongelukkige verhouding wat ons met my broers het, gewissel. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat hulle dit nie begryp dat dit by ons primêr oor ons liefde vir mekaar gaan en nie oor die seksuele aspekte nie. Ons vertrou egter dat ons, met verloop van tyd en met die genade van ons Hemelse Vader, hulle tot die besef sal kan lei dat hulle vir my broers sal bly vir wie ons albei lief is en dat ons ook wesens net soos hulle is wat deur God geskape is en wat nie 'n aansteeklike siekte het nie.*

*My suster en haar gesin is en sal altyd vir ons 'n steunpilaar wees. Hulle is mense, wat sedert ons homoseksualisme aan hulle bekend geword het, geen verandering in die kwaliteit van ons verhouding met hulle toegelaat het nie. Inteendeel ons is vandag nader aan mekaar as voorheen. My swaer het by geleentheid aan my gesê dat my en John se verhouding net soos 'n <u>he</u>-huwelik nie ander se verantwoordelikheid is nie en dat dit ons saak is. Volgens hom behoort ons verhouding vir geen mens 'n bedreiging in te hou nie. Hy het ook gesê dat die lewe kosbaar is en dat daar baie belangriker sake is waarmee mense hulle kan besig hou as om ons leefwyse te bevraagteken.*

*My verhouding met my ouers het 'n positiewer wending geneem. Die verhouding tussen my en my moeder is vandag selfs intenser as voorheen: sy bly vir my 'n anker. Noudat my ouers ouer word en in die skemering van hulle lewe is, vind ek dat ek en John vir hulle meer beteken in die sin dat ons hulp kan verleen waar hul lewenskragte afneem. 'n Mens wil dan nou ook nader aan hulle wees en hulle meer dikwels besoek. Die besef dat hulle volgens die logiese verloop van die lewe nie meer lank met ons sal wees nie, is aan die orde van die dag.*

*Ek dink dikwels terug aan my verhouding met my vader wat ek in my verhaal as "stil" beskryf het. Ek het al aan verskeie verklarings vir dié verhouding gedink. Ek wonder soms of dit nie anders kon gewees het nie maar dan twyfel*

ek omdat die Raadsplan van God nie verander kan word nie. Ek sou dit só graag anders wou gehad het; intiemer en met die aanvaarding en erkenning wat ek vandag van my vader kry. Die verhouding tussen my en my vader is tans die beste wat dit nog ooit was. Wat die rede hiervoor is, kon ek nog nie vind nie. Vandag kan ons lekker gesels, lag en gedagtes deel. Ek was, nadat hy met sy onlangse operasie bygekom het, die enigste van sy kinders wat hy kon onthou wat hom voor die operasie besoek het. Dié insident het my opnuut laat besef dat ek vir hom belangrik is. Partykeer wonder ek of ons verhouding anders sou gewees het as my seksuele oriëntasie anders was. Tog aanvaar hy John en is daar 'n baie mooi verhouding tussen hulle. Hy het kort voor sy operasie vir John gevra om mooi na my te kyk.

Dit wat in die verlede tussen my en my vader skeef geloop het, het nie verander nie; dit is vasstaande feite. Wat wel verander het is my ervaring daarvan. Ek dink dit hou verband met my persoonlike ontwikkeling en aanvaarding van myself. Verder verskil ons omstandighede tans van dié van destyds. Ek glo natuurlik dat ons mekaar gevind het as gevolg van ons Hemelse Vader se genade en liefde.

My verhouding met John se ouers is steeds gesond. Veral sy vader en ek het oor die afgelope tien jaar redelik na aan mekaar gekom. Hy het vir my 'n ware vriend geword. Soms kry ek die indruk dat hy verstaan wat tussen my en John aan die gang is.

Ek en sy moeder kom oor die algemeen goed met mekaar oor die weg. Soms voel ek egter dat sy "moeilik" met my raak. John wil nie die aard van ons verhouding aan sy ouers openbaar maak nie daar hy glo dat dit hulle baie seer sal maak en sal laat voel dat hulle in hul opvoedingstaak gefaal het. Tog glo ons albei dat hul wel besef wat aan die gang is maar dit nie wil verbaliseer nie. Ek dink dat die onsekerheid oor die aard van die verhouding tussen my en John die oorsaak is dat sy moeder soms so "moeilik" is.

Neefs, ooms, tantes en verskeie ander lede van John se familie is daarvan bewus dat ek en John saamwoon. Ek dink hulle aanvaar dit want hulle nooi ons altyd om vir hulle te gaan kuier en sal ons, as hulle in Pretoria is, kom opsoek.

(c) Beroepslewe

*In my beroepsbeoefening vind ek dat daar 'n klemverskuiwing was en dat skeefheid nie in dieselfde mate as vantevore 'n bedreiging vir my vordering inhou nie. Ek het sedert ek my outobiografie geskryf het die hoogste pos in my afdeling bekom. Ek beskou dit, veral in die lig van die senior personeel van die Departement se houding jeens alleenlopers, as 'n besondere prestasie en mylpaal. Ek wil graag glo dat ek deur my werk in my pos aan my professie bewys het dat 'n alleenloper ook 'n bydrae tot die suksesvolle funksionering van 'n groot departement kan lewer. Uit die aard van my werksituasie kan ek nie aan my werkgewer en kollegas my skeefheid openbaar nie. Openlike verkondiging van homoseksualisme druis, soos ek reeds genoem het, ook teen my lewensfilosofie in. My kollegas is bewus van John en die feit dat ons saamwoon. Hoewel hulle gereeld na hom en sy welsyn verneem, vra hulle nie lastige vrae nie. Kortweg kan ek sê dat ek meen dat hulle die situasie aanvaar maar dat ek nie heeltemal seker kan wees nie daar ek nie weet of hulle daarvan bewus is dat ons homoseksueel is nie.*

(d) Gay-gemeenskap

*Ook my sienswyse van die gay-gemeenskap het in sommige opsigte verander. Ek verstaan vandag beter dat sekere hm's nie met die gay-lewe akkoord kan gaan nie; dit is ook by my en John die geval. Net soos in die hm-gemeenskap is die gedrag van sekere klieke binne die gay-subkultuur vir ons onaanvaarbaar. So kan ons nie die sedeloosheid en losbandige verhoudings, prostitusie en pornografie wat in sommige van die kleiner groepe voorkom in ons waardesisteem akkommodeer nie.*

*'n Gesonde verhouding, gay of hm, behoort liefde as prioriteit te hê. Dieselfde kriteria wat vir die christelike hm-huwelik geld behoort van toepassing te wees op die gay-verhouding. Dié waardes beklee 'n bepalende plek in my persoonlike waardesisteem. Die kwaliteit van 'n verhouding het nie met net die seksuele te make nie maar sluit die mens in totaliteit in. 'n Kwaliteit lewe word bepaal deur geestelike saamwees, geestelike ontwikkeling, die bou van 'n toekoms saam en deelname aan die gemeenskapslewe.*

(e) Ons verhouding

Die lewe is en kan nie sonder stampe en stote wees nie. Ek en John het veral gedurende die laaste paar maande gevind dat ons standpunte in sekere situasies verskil. Ons het nie lelike woordewisselings gehad wanneer ons nie saamgestem het nie maar het sake op 'n openlike en volwasse wyse bespreek. Die kwaadword is daar, geen verhouding kan daarsonder wees nie, maar in ons geval is dit gerig op gedrag of optrede en nie teen die persoon as sodanig nie. Ons het gelukkig die beleid dat ons nie kwaad gaan slaap nie. Ek is oortuig daarvan dat ons verhouding nie so mooi sou gewees het indien ons nie eerlik omtrent ons verskilpunte was nie.

(f) Beëindiging van my lewe

Ek het in my verhaal verwys na iets wat my baie na aan die hart lê, naamlik die terminasie van my lewe indien dit sou gebeur dat my en John se verhouding ten einde loop. Ook wat dit betref, kan ek vandag met sekerheid in my hart sê dat die Here deur my geloofsbeoefening vir my hier deure oopgemaak het. Hy sal Sy wil laat geskied en ek aanvaar dat ek as mens maar net 'n klein ratjie in Sy groot Raadsplan is.

Ek meet die kwaliteit van my lewe aan die kwaliteit van my en John se verhouding. Ek kan my lewe nie sonder sy liefde en teenwoordigheid sien nie. Ek ken nie 'n ander lewe nie. Die liefde wat ons vir mekaar het, omsluit en bepaal alles.

Ek kan vandag, tien jaar later, sê dat ek dit sal kan aanvaar as John hierdie lewe vir die ewigheid moet verlaat. Ek sien 'n volgende verhouding nie as deel van my lewe nie; daar sal genoeg mooi tye wees om aan terug te dink. Sou dit vandag gebeur dat John my verlaat twyfel ek of ek in my nuut gevonde geloofslewe my eie lewe sal kan neem. Tog weet ek dat ek net 'n mens is en dat wat moet gebeur sal gebeur. God sê self in Exodus 20:13: "Jy mag nie doodslaan nie." Verder sê Hy dat Hy alleen die reg op die skep van lewe het en ook die einde daarvan sal bepaal ... Sy Raadsplan! Hierbenewens sê Hy in 'n gebed wat Hy vir elke gelowige nagelaat het toe hy sy dissipels leer bid het (Matt. 6:10): "Laat U wil geskied!"

9. *"'n Belangrike saak wat in jou outobiografie redelik duidelik na vore kom, is jou verhouding met John. Heteroseksuele sal 'n 'gay-huwelik' oor die algemeen baie moeilik begryp. Is daar nie dalk nog aspekte wat jy wil noem nie?"*

*Ek het by 8 hierbo en tydens die onderhoude wat ons gehad het reeds oor ons verhouding uitgewei.*

10. *"Dit is in lewensgeskiedenisnavorsing belangrik om kommentaar van ander persone op 'n outobiografie te bekom. Omdat mense se opvattings oor sake uiteraard dikwels verskil en die beoordelaars van jou verhaal ook van jou weergawe mag verskil, is dit nie net billik nie maar ook belangrik om jou reaksie op hul kommentaar te kry."*

*Ek sou graag die volgende oor die persone se kommentaar wou sê:*

(a) *Bergman se kommentaar:*

*Die persoon se opmerkings staan my in die breë aan. Hy was egter nie vertroud met die verdere toeligting wat ek van my verhaal veral tydens die laaste vier onderhoude met die navorser verskaf het nie. Tydens hierdie onderhoude het ek my sienswyses omtrent my verdere ontwikkeling bespreek wat ek glo veral ten opsigte van die rolvertolking en kategorisering van mense deur Bergman in 'n ander lig gesien sou word. Ek ervaar Bergman se kommentaar meer psigologies as sosiologies.*

(b) *Elize se kommentaar:*

*My niggie bevestig my verhaal en veral my geloofsverandering en verhouding met John in haar kort kommentaar. Ek gaan hiermee akkoord.*

(c) *Pieter se kommentaar:*

*As dié vriend met wie ek die langste band het asook die feit dat ons vir 'n tydperk 'n woonstel gedeel het, is sy kommentaar vir my teleurstellend. Pieter se psigiatriese probleme asook die feit dat ek slegs dele van my verhaal wat op hom van toepassing is aan hom vir kommentaar gegee het, is moontlik die rede vir die beperkte kommentaar. Ek het verwag dat hy veral aandag sou skenk aan ons verhouding. Ek gaan egter met sy kommentaar akkoord.*

(d) *<u>John se kommentaar:</u>*

*Sy kommentaar is kort, moontlik omdat hy so goed vertroud is met dit wat in my verhaal staan. Ek gaan hiermee akkoord.*

(e) *<u>My suster se kommentaar</u>:*

*Ek stem saam dat 'n mens 'n persoon sy lewe lank ken en hom, in die geval van 'n outobiografie waarin 'n mens se intiemste lewensaspekte ontbloot word, kan herontdek en beter kan verstaan. Ek glo dan ook dat ons twee nou geen geheime vir mekaar het nie en dat ons verhouding sal verdiep. Ek gaan akkoord met haar kommentaar en veral ook met haar sienswyse dat geen twee mense presies dieselfde vertolking aan gebeure kan gee nie.*

11. *"Jy het in jou skrywes die een en ander oor die lewensgeskiedenis as metode gemeld. Het jy dalk verdere menings in dié verband of voorstelle vir toekomstige gebruik van dié metode?"*

*Soos reeds in my verhaal genoem, het die navorser my breedvoerig omtrent die studiemetode ingelig. My kennis van en insig in navorsing het sedertdien 'n metamorfose ondergaan. Ek het gedurende die afgelope tien jaar besef dat daar verskeie maniere is om inligting in te samel. Ek het aanvanklik my verhaal op papier vasgelê, wat 'n baie tydrowende metode is. Ek en die navorser het later 'n ooreenkoms aangegaan dat die uitstaande, kleiner deel van my verhaal deur my op band vir latere transkribering, gedoen sou word. Dit was vir my makliker en het definitief vinniger gegaan. Ek kon my gedagtes makliker en vinniger verbaliseer as wat ek dit op papier kon neerlê.*

*Die metodologie wat die navorser vir die onderwerp gekies het, is volgens my as leek op dié navorsingsgebied 'n baie moeilike metode. Dit was 'n moeilike metode in die sin dat, gesien albei van ons se veelvuldige verpligtinge, tyd 'n baie skaars faktor was. Nogtans glo ek dat die lewensgeskiedenis die enigste metode is waarmee inligting oor baie intieme sake oor 'n lang tyd van 'n mens se lewe verkry kan word. Kwaliteitgegewens oor intieme dinge kan verkry word maar dan móét jy en die navorser mekaar se "vibes" goed ken en verstaan. Ek twyfel of 'n navorser en 'n <u>gay</u>-subjek mekaar beter kan ken as wat ons mekaar na tien jaar leer ken het. Willem het my groei en ontwikkeling en dié van my en John se dekade-lange verhouding ge-"witness", hy en Evanthe het die*

pad saam met ons geloop. Die waarde van die metode is daarin dat 'n navorser sekere dinge in 'n lewe kan nagaan. Willem het nie maar net met nog inligting oor gays gesit nie maar kon belangrike fasette van my lewe soos my beroep- en verhoudingslewe oor baie jare waarneem. Hy weet hoe graag ek sekere poste wou hê en op die trappe van die sosiale suksesleer wou vorder en hoe die verhouding tussen my en John ontwikkel het. Sy kennis van die gay-wêreld was tot sy voordeel; ek kon dit veral agterkom tydens die onderhoude. Die onderhoude was baie belangrik want dit het my ook in staat gestel om oor my lewe te teoretiseer.

Ek het groot bewondering vir Willem se objektiwiteit wat hy reg deur die studie as eerste prioriteit gehandhaaf het. Ek sal 'n leuen moet vertel as ek sê dat hy my bewustelik op een of ander wyse probeer beïnvloed het. Ons het mekaar nieteenstaande sy en sy gesin se swaar persoonlike verlies deurentyd gemotiveerd gehou.

Sou ek ooit weer by soortgelyke navorsing betrokke raak, sou ek persoonlik aanbeveel dat die bandopname-metode gebruik word omdat 'n mens 'n opname kan maak wanneer jy 'n spaartydjie het. 'n Mens kan die opname maak terwyl jy bad, terwyl jy in jou motor op pad werk toe is, terwyl jy met jou honde gaan stap, ensovoorts. Sou 'n navorser egter besluit om van die skryfmetode gebruik te maak, wil ek aanbeveel dat 'n rigiede tydrooster wat by sowel die navorser as die subjek se persoonlike en professionele verpligtinge inpas, gevolg word. Dit is egter belangrik dat die keuse van metode by die subjek sal lê aangesien hy/sy alleen sal kan besluit watter metode aan sy gawe om homself uit te druk, beantwoord. Wat die evaluerings van 'n outobiografie betref, wil ek voorstel dat riglyne aan sulke persone verskaf word. Hulle kan byvoorbeeld gevra word om spesifieke vrae te beantwoord. Ekself het baie gewonder oor die gevolge van sulke evaluerings. Hoewel ek geen probleme in dié verband ondervind het nie, lyk dit vir my asof dit vir 'n persoon wat 'n outobiografie geskryf het, makliker sal wees dat kopieë daarvan aan mense wat vir hom na aan die hart lê gegee word. Wat my en Willem se projek betref, sou dit fantasties gewees het indien ons die bevindings deur koverte, overte en overte-koverte gays se sienswyses kon verifieer.

12. "My kommentaar, wat uiteraard sosiologies van aard is, verskyn in Hoofstuk 4. Hoewel ons in ons besprekings van die toepaslikheid van sosiologiese begrippe, tipologieë, modelle en teorieë op jou lewe baie aandag hieraan geskenk het, staan dit jou uiteraard vry om ten slotte iets hieroor of oor die hele studie te sê."

*Ek gaan akkoord met die navorser se interpretasie van my lewe soos hy dit geskryf en op 29 Desember 1988 met my deurgewerk het. Nogtans wil ek graag die volgende gedagtes uitspreek:*

(a) *Dit is belangrik dat die feit deurgaans in gedagte gehou moet word dat my sienswyse rondom die erotiese later verskuif het na my liefde vir John, en dan liefde vir hom as mens en nie sy fisieke nie, soos wat dit later in Hoofstuk 4 na vore kom.*

(b) *Aandag moet daaraan geskenk word dat daar aanvanklik 'n "overtisme" in my skeefheid was maar dat namate my en John se verhouding gevorder en ek op persoonlike, sosio-ekonomiese, maatskaplike en akademiese vlakke ontwikkel het, ek myself tans streng as deel van die koverte komponent van die gay-lewe sien.*

## 2.3 DIE NAVORSER SE WEERGAWE

In die hieropvolgende verslagdoening van die geskiedenis van hierdie lewensgeskiedenis word eerstens 'n chronologiese uiteensetting van die belangrikste besluite, wat tydens die praktiese uitvoering daarvan geneem is, gegee en tweedens, word aangedui hoe daar gepoog is om steuringsfaktore te bekamp ten einde die kwaliteit van die resultate te verhoog. Aangesien hierdie lewensgeskiedenis nie losgemaak kan word van sekere verwikkelings in die navorser se opvattings van wetenskapsbeoefening en van strominge binne die Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM) nie, lyk dit reg om vooraf 'n oorsig te gee van hierdie ontwikkelings.

### 2.3.1 Veranderinge in persoonlike opvattings van wetenskapbeoefening

Sedert my eerste kennismaking met maatskaplike navorsing op universiteit tot aan die begin van my sesde jaar as navorser by die RGN is die kwantitatiewe navorsingsmodel aangehang. Destyds het ek bitter min van die filosofie geweet maar vandag besef ek natuurlik dat die klem wat ek (ook) gelê het op veralgemeenbaarheid, replikasie, waardevryheid en objektiwiteit, beheer, sosiale feite, ensovoorts almal verband hou met die positivisme. Reeds aan die begin van my loopbaan by ISODEM was ek veral gemoeid met studies van afwykende en misdadige gedrag, en sou ongetwyfeld as 'n eksponent van die positivistiese afwykende gedragsosiologie (vgl. die Voorwoord) bestempel kon word. Al die

belangrike aannames van dié paradigma word gereflekteer in die projekte waarmee ek gemoeid was.[3]

Ek het geleidelik al hoe kritieser teenoor die kwantitatiewe model begin staan. Hoewel ek die benadering reeds tydens my honneurskursus bevraagteken het, het my onvergenoegdheid daarmee eers regtig na vore begin kom na die voltooiing van my M.A.-graad (vgl. Schurink, 1976). Gedurende die eerste kwartaal van 1977 het ek besef dat ek sou verkies om in my loopbaan eerder antipositivistiese navorsing te doen. Ek het dan ook in hierdie stadium verskeie boeke bestudeer wat oor kwalitatiewe navorsing handel.[4]

### 2.3.2 <u>Verwikkelinge in ISODEM se navorsing van afwykende gedragsverskynsels</u>

Die geleentheid om kwalitatiewe navorsing te onderneem het my te beurt geval toe ISODEM gedurende April 1977 besluit het om benewens die tradisionele kwantitatiewe studies van afwykende en misdadige gedrag ook kwalitatiewe studies van sodanige gedrag te onderneem. Die gedagte was aanvanklik om slegs 'n enkele kwalitatiewe ondersoek onder misdadige bendes in die kleurlinggemeenskap van Eersterust digby Pretoria op eksperimentele basis te onderneem.[5]

---

3. Die volgende studies waarmee ek gemoeid was, reflekteer almal in meerdere of mindere mate aannames van die positivistiese afwykende gedragsosiologie: *'n Ekologiese analise van misdaad in Pretoria: 1969-1971* (Schurink, 1975); *Primêre viktimisasie in Soweto* (Strijdom & Schurink, 1977); "The differential incidence of violent crime in Pretoria" (Schurink, 1977); "Class-based sociological theories of deviancy and relevant ecological patterns in Pretoria" (Schurink, 1978a); "The fear of crime among the blacks of Soweto and the coloureds of the Cape Peninsula" (Schurink, 1978b) en "Data on primary victimization related to the general group premise of subcultural theories of deviancy and juvenile delinquency" (Schurink, 1978c).

4. Die belangrikste hiervan was die volgende: *The jack-roller: A delinquent boy's own story* (Shaw, 1966); *The professional thief by a professional thief* (Sutherland & Conwell, 1972); *Observations of deviance* (Douglas, 1970); *Analyzing social settings* (Lofland, 1971); *Research on deviance* (Douglas, 1972); *Deviant reality: alternative world views* (Winslow & Winslow, 1974) en *Introduction to qualitative research methods: a phenomenological approach to the social sciences* (Bogdan & Taylor, 1975).

5. 'n Omvattende ondersoek is in Eersterust op versoek van die Kinder- en Gesinsorgvereniging van Pretoria en die Eersterust Gesinsorgskakelkomitee in samewerking met die Pretoriase Verhoudingskomitee onderneem.

Die studie het vlot verloop en daar is toe besluit om met die hulp van lede van die *Hangavas*-bende deur wie kontak met ander afwykendes gemaak is, dié kwalitatiewe studie uit te brei (Schurink, 1979c). Verskeie afwykingsverskynsels insluitende homoseksualisme en prostitusie is uiteindelik op kwalitatiewe wyse in Eersterust ondersoek (vgl. Schurink, 1979a).

Later is daar besluit om die kwalitatiewe studies van afwykende gedragsverskynsels wat in Eersterust gedoen is, na ander gemeenskappe uit te brei. Een oorweging vir dié uitbreiding was om, benewens diepte-onderhoude, die data-insamelingsmetode wat hoofsaaklik met ander erkende kwalitatiewe metodes wat in die Eersterust-studie gebruik is, te eksperimenteer (Schurink, 1979a).

Dié uitbreiding het saamgeval met die besluit om op versoek van die Streekswelsynsraad vir Wes-Kaapland navorsing oor prostitusie te onderneem. Daar is besluit om met behulp van kwalitatiewe metodes inligting te verkry omtrent hierdie skemerwêreld van veral prostitute woonagtig in woonbuurte in en naby Pretoria, Johannesburg en Kaapstad.[6]

---

6. Dié Raad het die RGN teen die einde van 1975 versoek om dié navorsing te onderneem. Aanvanklik was daar bedenkinge of uitvoering aan die versoek om prostitusie te ondersoek, gegee kon word. Die RGN was van mening dat dit 'n moeilike verskynsel is om te ondersoek en talle probleme met die uitvoerbaarheid van sodanige navorsing is voorsien. Tydens die Eersterust-studie is daarin geslaag om erkende prostitute in dié gemeenskap op te spoor en te oorreed om aan die navorsing deel te neem. Na hierdie deurbraak is besluit om aan bogenoemde versoek te voldoen. Dié "oudste beroep" is gedurende 1977 amptelik ingesluit by die kwalitatiewe studies van afwykende gedrag wat ISODEM onderneem. Benewens die Eersterust-prostitute, is blanke, swart en bruin prostitute wat "sake doen" en woonagtig is in woonbuurte in en naby Pretoria, Johannesburg en Kaapstad oorreed om deel te neem aan die navorsing. Daar is uiteindelik 125 prostitute by die ondersoek betrek (vgl. Schurink & Levinthal, 1983).

Dit was tydens dié ondersoek dat kontak gemaak is met blanke vroulike en manlike homoseksuele.[7] Die eerste kontak was met blanke lesbiërs in Johannesburg. Na dié kontak gedurende September 1977 het verskeie onderhoude met vroulike én manlike homoseksuele en besoeke aan gay-klubs gevolg. Kontak is vir die eerste keer gemaak met die Pretoriase homoseksuele gemeenskap op Saterdag 25 Maart 1978 toe ek en my vrou, Evanthe Schurink, in geselskap van twee Goudstadse lesbiërs besoek gebring het aan 'n homoseksuele diskoteek in die Jakarandastad. 'n Jong lesbiër, Tessa, is daar ontmoet en deur haar bemiddeling is verskeie Pretoriase lesbiërs tot deelname aan navorsing oorreed. Onder hierdie vroue was Magriet en Linda (vgl. Schurink, 1981) wat kennisse van Dha'Kar was en hom van my en ISODEM se navorsing vertel het.

Hoewel ander kwalitatiewe ondersoeke na afwykingsverskynsels soos die gevangenisbendestudie (Lötter & Schurink 1986) sedert 1978 van stapel gestuur is, het dergelike studies 'n meer indirekte invloed op die onderhawige lewensgeskiedenis gehad (dit het byvoorbeeld meegebring dat ek maande lank uitstedig was en nie kontak met Dha'Kar gehad het nie). Daar word gevolglik nie in hierdie studie aandag aan dié studies geskenk nie.

Ter afsluiting is dit belangrik om te let op die belangrikste inhoude van ISODEM se "sagte" studies van afwykingsverskynsels. Die aandag word bepaal by die vroeëre ondersoeke en slegs die belangrikste kenmerke word aangedui.

---

7. Dit is belangrik om daarop te let dat ISODEM aanvanklik nie daarin belanggestel het om homoseksualisme *per se* aan navorsing te onderwerp nie. Die verskynsel is bloot beskou as 'n variant van menslike seksuele gedrag wat oorwegend as "afwykend" getakseer word en wat as sodanig in die studie waarin met verskeie kwalitatiewe metodes geëksperimenteer is, gebruik kon word. Ekself het agter daarin belanggestel om homoseksualisme aan sosiologiese navorsing te onderwerp veral omdat die verskynsel min aandag van Suid-Afrikaanse sosioloë geniet. Heelwat onderhoude is dan ook in my vrye tyd met homoseksuele gevoer en heelparty besoeke is aan homoseksuele klubs gebring. Eers nadat ek kontak met etlike lesbiërs opgebou het en 24 op my versoek sketse oor hul lewens geskryf het, is daar besluit om dit as 'n RGN-verslag te publiseer (vgl. Schurink, 1981). 'n Sosiologies-sielkundige studie van manlike homoseksuele is wel heelwat later deur ISODEM geregistreer.

+

* Filosofiese voorveronderstellings wat teruggevoer kan word na die antipositivistiese of humanistiese wetenskapsbeeld onderlê die ondersoeke. Nogtans word in die studies ook positivistiese aannames aangetref. So byvoorbeeld word aan die een kant klem gelê op die belangrikheid van 'n benadering waarin daarna gestreef word om vry van vooraf-opgesette idees of hipoteses die subjektiewe wêreld van die subjek te ontdek, te beskryf en te begryp. Aan die ander kant word van analitiese induksie gebruik gemaak, waarin temas en hipoteses uit bestaande konseptuele raamwerke geneem word en hul relevansie vir die subjek se sosiale wêreld nagegaan word.

* Die navorsing word vanuit 'n breë teoretiese raamwerk te wete die simboliese interaksionisme uitgevoer. Die innerlike belewenisse van die subjek word benadruk en daar word getrag om met behulp van empatieke meelewing vas te stel én te verstaan hoe die subjek sy/haar wêreld definieer en probleme hanteer wat hy/sy in sy/haar alledaagse bestaan ervaar.

* In die navorsing word van ongestruktureerde metodes soos indiepte-onderhoude, deelnemende waarneming en menslike dokumente gebruik gemaak om data in te samel.

* Verkreë data en resultate word in die verslae oor die ondersoeke by wyse van verbatim kwotasies van onderhoude en/of lang uittreksels uit waarnemingsnotas en/of persoonlike dokumente voorgestel. Hoewel dergelike gedetailleerde beskrywings, uittreksels of "rou" gegewens van die empiriese wêreld relatief onvatbaar vir kwantifisering is en numeriese waardes nie daaraan geheg word nie, beteken dit nie dat daar in die studies nooit "gemeet" word nie. Die feit dat woorde soos "dikwels", "soms", "selde", ensovoorts aangetref word asook dat getel word hoeveel gevalle in 'n kategorie van byvoorbeeld 'n tipologie aangetref word, dui daarop dat daar tog sprake van kwantifisering in die ondersoeke is.

* In die algemeen beskou, vind die navorsing aansluiting by dié wat onder die antipositivistiese afwykende gedragsosiologie ressorteer.

2.3.3 Besluite en stappe wat tydens die ondersoek geneem is

Teen die agtergrond van die persoonlike en sosiale faktore wat 'n rol in die onderhawige ondersoek gespeel het, sal die besluite en stappe wat in die uitvoering daarvan geneem is nou van nader bekyk word. Dit is egter belangrik om vooraf op die volgende belangrike sake te let: (i) dat dit nòg prakties moontlik nòg wenslik is om 'n volledige uiteensetting van alle relevante besluite te gee[8], en (ii) hoewel die belangrikste besluite en stappe in hierdie gedeelte bespreek sal word ooreenkomstig die tydstip waarop dit tipies geskied het, dit weens die hoogs veranderlike karakter van die navorsingsproses in werklikheid geensins georden en chronologies verloop het nie.[9]

Dit is tiperend van kwalitatiewe navorsing om in fases plaas te vind. Uit relevante literatuur blyk dat veral drie fases in die kwalitatiewe navorsingsproses onderskei kan word. Dié fases is: die aanvangs- of toegangsfase, die middel- of basiese data-insamelingsfase en die finale of eindfase. Die geskiedenis van die onderhawige ondersoek word gevolglik aan die hand van hierdie fases beskryf.

---

8. Uit die relevante literatuur blyk dat daar hoofsaaklik drie strategieë bestaan wat gevolg kan word om die geloofwaardigheid van 'n kwalitatiewe studie te bepaal (vgl. Platt, 1981:59-62). Dergelike strategieë wissel tussen 'n baie volledige beskrywing van die stappe en besluite wat tydens die ondersoek geneem is asook die aanbieding van alle of bykans alle verkreë data, tot 'n baie beknopte oorsig van dergelike stappe en 'n beperkte aanbieding van die data. 'n Uitvoerige uiteensetting van alle besluite en stappe wat geneem is én 'n volledige weergawe van alle data kan ontaard om soos Ackroyd en Hughes (1981:113) tereg opmerk: "... quite probably bore a reader or bury him (or her) in a surfeit of information" te wees. Daarom is in navolging van Becker (1970:37) besluit om nie elke datum hier aan te bied nie maar slegs die kenmerkende vorme wat data tydens elke stadium van die navorsing aangeneem het.

9. Die kwalitatiewe navorsingsproses word voortdurend beïnvloed deur die navorser(s), die subjek(te) en die ondersoekmetode(s) wat aangewend word, die probleme wat ondervind én oorbrug moet word en die tipes data wat ingesamel word. Hierbenewens is kwalitatiewe navorsing 'n buigbare proses waartydens verskillende besluitnemingstappe voortdurend en nie volgens 'n tydsvolgorde geneem word nie. Meer nog, verskillende stappe word dikwels terselfdertyd geneem. Dit bring alles mee dat geen vaste reëls vir die uitvoer van kwalitatiewe navorsing bestaan nie maar hoogstens breë riglyne wat die beskrywing van die geskiedenis van 'n "sagte" studie baie kompliseer.

2.3.3.1 <u>Die aanvangsfase</u>

Die belangrikste aspekte tydens die eerste stadium van die ondersoek was: die ontmoeting met Dha'Kar, die besluit om 'n lewensgeskiedenis op te stel en die navorsingsooreenkoms.

* <u>Ontmoeting met Dha'Kar</u>

Ek was, soos reeds genoem, teen laat 1977 - vroeg 1978 in kontak met verskeie homoseksuele wat insette gelewer het in die navorsing oor homoseksualisme wat ek aanvanklik op eie houtjie onderneem het. Ek het dadelik belanggestel, toe Magriet en Linda, twee lesbiërs wat vir my hul lewensketse geskryf het (Schurink, 1981), my vertel het dat 'n kennis van hulle geïnteresseerd was in die navorsing en versoek het dat ek hom moes skakel. Ek het die nommer wat die vroue my gegee het op 1 Mei 1978 geskakel en nadat Dha'Kar sy belangstelling bevestig het, het ons afgespreek dat ek hom die volgende oggend by sy woonstel in die stad sou besoek.

Dha'Kar se optrede en algemene houding verskil in verskeie opsigte met dié van die manlike homoseksuele met wie ek tot in daardie stadium te doen gehad het.

Dha'Kar se vriendelikheid en die huislike atmosfeer van die woonstel het dit vir my maklik gemaak om hom in te lig oor die navorsing waarmee ek gemoeid was. Dit is aan hom meegedeel dat ek gemoeid is met 'n RGN-projek waarin met nuwe wetenskaplike metodes eksperimenteer word en dat van die metodes al in studies van afwykingsverskynsels in Eersterust en Johannesburg goeie vrugte afgewerp het. Ek het hom ook vertel hoe dit gekom het dat ek onderhoude met homoseksuele gevoer het en besluit het om 'n studie oor lesbinisme aan die hand van lewensketse te doen. My verduideliking van die navorsing het betreklik lank geneem daar ek by twee geleenthede onderbreek is toe vriendinne van hom onverwags kom kuier het. Ek het beide kere stil gebly uit vrees dat die dames nie van Dha'Kar se homoseksualisme bewus was nie en dat dit hom in die verleentheid kon stel as hulle sou agterkom dat hy moontlik gaan deelneem aan 'n projek oor dié verskynsel. Danksy Dha'Kar se flinke verduideliking telkens aan sy gaste was die onderbrekings van korte duur en het ek elke keer weer gou op dreef gekom.

* **<u>Redes vir outobiografie</u>**

Dha'Kar het na my uiteensetting van die navorsing gesê dat hy graag 'n diens aan die breë gemeenskap wou lewer en het aangebied om dit te doen deur aan die navorsing deel te neem. Hy wou én wil steeds deur sy deelname lig werp op hoe dit is om 'n homoseksuele lewe te lei.[10]

Ek was destyds, én is vandag nog, van mening dat die lewensgeskiedenis die beste metode is om begrip en insig te verkry in die alledaagse realiteite van persone soos afwykendes met wie selde kontak gemaak word.[11] Dít was dan my antwoord toe Dha'Kar van my wou weet watter metode die beste sou wees om sy ideaal te verwesenlik.

Hoewel verskeie strategieë gebruik kan word om 'n lewensgeskiedenis op te stel, (vgl. Plummer, 1983:93-96) moet data neergeskryf en/of op band vasgelê word waarna dit volledig of gedeeltelik getranskribeer word. Dha'Kar het besluit om 'n outobiografie te skryf. Hy het, afgesien van die laaste aantal jare waaroor sy verhaal strek toe hy weens 'n druk werkprogram en gebrek aan tyd

---

10. Daar is benewens dié motief ook sekondêre redes vir die skryf van die lewensverhaal (vgl. Afdeling 2.2).

11. Die volgende twee ekserpte het destyds veral 'n invloed op dié opvatting van my gehad: (i) "(The life history) describes to people the way of life of segments of their society with which they would never otherwise come in contact. The life history, because it is the actor's 'own story', is a live and vibrant message from 'down there', telling us what it means to be a kind of person we have never met face to face" (Becker, 1966:xiv) en (ii) "Traditionally, social scientists have studied 'deviants' as a *separate category of human beings*, and by doing this have accepted commonsense definitions. It is assumed that *'deviant' behavior is basically different from other kinds of behavior*, and that it needs to be explained by *special theories* distinct from those used to explain the behavior of 'regular' people. Social scientists, by studying these phenomena as if they belonged to a unique, inherently different category, *reify* and *legitimize commonsense classifications of individuals as 'normal' or 'deviant'*. The autobiography, as a form of data and *a source of understanding*, permits us to *know a 'deviant' intimately*, and by *sharing his or her life* we can approach the subject matter *closely and see it in its more human dimensions rather than as a scientific category*. It is through this intimacy that *how the subject views himself* and *what he has in common with all of us* becomes clear, and his *differences take on less importance*. The autobiography forces us to think of subjects as *people*, and categories of all kinds become less relevant". (Kursivering aangebring.) (Bogdan, 1974:6.)

ook 'n bandmasjien gebruik het, by dié besluit gehou. Om hierdie rede word deurgaans in hierdie studie van outobiografie en lewensgeskiedenis as wisselterme gebruik gemaak.[12]

* **Navorsingsooreenkoms**

In die ondersoek is nie sprake van 'n formele kontrak nie maar beslis van 'n implisiete navorsingsooreenkoms. Ek en Dha'Kar het naamlik die volgende verstandhouding gehad.

(i) Dha'Kar sou so volledig en openlik moontlik sy lewe beskryf. Op my voorstel sou hy begin deur 'n lys van die belangrikste gebeure in sy lewe in chronologiese orde op te stel. Met dié lys as riglyn sou hy: eerstens konsentreer op daardie gebeure wat hy nog betreklik goed kan onthou en/of wat na sy mening 'n belangrike invloed in sy lewe gehad het; tweedens optredes van persone tydens die gebeure beskryf; derdens optredes van sulke persone jeens hom aandui; vierdens sy eie optrede teenoor dergelike persone skets en ten slotte die mate wat hierdie gebeure 'n invloed op sy latere lewe gehad het, probeer aantoon.

(ii) Ek sou namate Dha'Kar dele van sy verhaal afgehandel het, dit nalees en hom vra om uit te brei oor enige aspek wat ek onduidelik gevind het. Dergelike onduidelikhede sou in die vorm van skriftelike vrae aan hom gestel word.

(iii) Ek sou dié antwoorde op die vrae en die oorspronklike geskrewe stukke tot 'n geheel giet. Terselfdertyd sou ek in die rekonstruksie van sy stukke sover moontlik op taalgebruik let en dele wat herhalend voorkom, niksseggende frases en identifiserende besonderhede uitskakel. Dha'Kar self sou die name van die akteurs in die outobiografie asook die name van sekere plekke wysig.

---

12. Daar is tans sprake van terminologiese verwarring op die gebied van lewensgeskiedenisse. Vergelyk Strauss en Glaser (1970:hoofstuk 6) en Bertaux (1981:7) in dié verband.

(iv) Gebeure, dele uit die outobiografie en/of die hele verhaal sou aan gesinslede en/of ander geselekteerde persone vir kommentaar gegee word ten einde die geloofwaardigheid van die outobiografie te verhoog. Ek sou om dieselfde rede ook insae in persoonlike dokumente soos briewe, getuigskrifte en foto's kry.

(v) Die finale geredigeerde outobiografie sou deur Dha'Kar gekontroleer word ten einde vas te stel of dit vir hom aanvaarbaar is en of die RGN dit en/of dele daaruit mag publiseer.

Die ooreenkoms was egter nie "finaal" nie aangesien ons albei soos verder duidelik sal word, genoodsaak was om weens onvoorsiene omstandighede en verdere insigte sommige voornemens prys te gee en ander aan te pas.

2.3.3.2 Die middelfase

Die uitstaande aspekte tydens hierdie stadium van die ondersoek was: die ontwikkeling van die verhouding tussen die subjek en die navorser, die herkonstruksie van Dha'Kar se lewe tot 1979 en die onderbreking van die studie.

* Die ontwikkeling van die subjek-navorserverhouding

Die ontwikkeling en instandhouding van 'n langdurige en intieme verhouding tussen die subjek en die navorser is waarskynlik die mees uitstaande kenmerk van lewensgeskiedenisnavorsing. Dat dit ook die geval in die onderhawige ondersoek is, word onderstreep deur die feit dat ek en Dha'Kar al vir tien jaar lank bevriend is en dat ons verhouding ten spyte van enkele ernstige terugslae vandag selfs hegter as vantevore is.[13]

---

13. Hoewel die tyd wat die navorser saam met die subjek deurbring, kan wissel van geen tot ongeveer tien uur, verkeer die navorser en subjek dikwels vir langer tydperke (wat by tye vir periodes onderbreek kan word) in mekaar se geselskap. Sutherland (1972) het Jones (ook bekend as Conwell), vyf jaar lank geken toe hul *The professional thief by a professional thief* die lig gesien het (hulle het uiteindelik lewenslange vriende gebly). Straus (1974) het Frank Moore gedurende 1948 ontmoet en het met hom kontak gehou tot sy dood in 1972. In die lig hiervan is dit glad nie vreemd dat ek en Dha'Kar mekaar reeds 'n dekade lank ken en vandag hegte vriende is nie.

Dit is moeilik om te sê waaraan die sukses van ons verhouding toegeskryf kan word. Nogtans dink ek dat die volgende veral belangrik is:

(i) Die groot mate van **openhartigheid** tussen ons. Ek het niks teruggehou in my siening van die doelstellings van die projek en die probleme wat ek gehad het om by die beplanning te hou nie. Dieselfde geld vir Dha'Kar.

(ii) Die **vertroue** in mekaar. Dha'Kar het nie net intiem-persoonlike inligting oor sy lewe aan my toevertrou nie maar ook probleme wat hy in werkverband en in sy alledaagse verhouding met sy geliefdes ervaar het. Ek het op my beurt, van my vrese rondom die geboorte van ons jongste kind Ewan,[14] van my hartseer tydens my dogter, Ilona, se terminale siekte en van my wedervaringe en probleme in sommige van die kwalitatiewe projekte van ISODEM, met hom bespreek.

(iii) Die **respek** vir en **belangstelling** in mekaar se opvattings, optredes en leefwyses. Dha'Kar het altyd korrek teenoor my opgetree en begrip getoon soos wanneer ek 'n afspraak nie kon nakom nie of vir 'n tyd lank nie met hom kontak gehad het nie. Hy het ook altyd na Evanthe en die kinders se doen en late verneem. Ek wil graag glo dat ek van my kant dieselfde houding openbaar het. Uit Dha'Kar se beskrywing van sy ervaring van die projek blyk dat ek ten minste daarin geslaag het in soverre dit my houding teenoor sy lewenstyl betref.

(iv) Die **vasbeslotenheid** om dít waartoe ons ons verbind het, na te kom. Ek het gevoel dat ek 'n verpligting teenoor Dha'Kar het om my kant te bring sodat hy dit wat hy aan die samelewing wou "gee" wel kon doen. Hy was ten spyte van verskeie lang onderbrekings van my kant veral ter wille van ons vriendskap gedetermineerd om die projek te voltooi.[15]

---

14. John en Dha'Kar het my gehelp om by dié naam uit te kom toe ek na die kind se geboorte vir Evanthe wou vernoem.

15. Vergelyk Dha'Kar se weergawe van die verloop van die studie in Afdeling 2.2.

Verskeie besoeke het op ons ontmoeting van 2 Mei 1978 gevolg. Dha'Kar het my op kantoor of tuis besoek of ek het hom by sy woonstel opgesoek. Ek het John en ander vriende en familielede van hom ontmoet en hy het kennis gemaak met my vrou Evanthe, my kinders en met ons ouers. Die aard van ons verhouding het namate die kontak tussen ons toegeneem het, verander. Ek het Dha'Kar vriendelik en innemend gevind. Ek het gevind dat my opvattings oor homoseksuele verander het namate ek meer van sy wêreld ontdek het. Dit was ook gou vir my duidelik dat Dha'Kar en John verbasend baie in gemeen gehad het met my en Evanthe en dat die etiket "afwykendes" op 'n baie beperkte deel van hul lewens van toepassing is. Ek en Evanthe het hulle begin bewonder vir die vasberadenheid wat hulle aan die dag gelê het om, in weerwil van die algemene afwysende houding van die breë gemeenskap jeens homoseksualisme, 'n sukses van hul verhouding te maak. Ons het Dha'Kar en John dan ook teen Augustus 1978 as vriende beskou en uitgenooi na partytjies wat ons gehou het. Hulle maak vandag nog deel van ons vriendekring uit.

* <u>Die subjek se konstruksie van sy lewensverhaal tot 1979</u>

Dha'Kar het sy outobiografie vanaf middel 1978 tot middel 1979 geskryf. Hy het dit in sy vrye tyd en wanneer hy alleen was, gedoen. Dit was 'n plesier om kennis te kon neem van die sorg waarmee hy die taak aangepak het. Hy het 'n tydrooster opgestel wat hom genoop het om op 'n gereelde grondslag aan die outobiografie te werk. Ten einde sy vroeë kinderjare te kon herkonstrueer en sekere gebeure in die regte volgorde te kon plaas, het hy sy moeder se hulp ingeroep. My eie rol tydens hierdie proses was hoofsaaklik passief. Daar Dha'Kar verkies het om self sy verhaal te skryf was dit nie vir my nodig om ongestruktureerde onderhoude soos dié van Bogdan (1974) met hom te voer nie.[16] My betrokkenheid by die studie was tot in hierdie stadium beperk tot enkele

16. Taylor en Bogdan (1984:90) wys tereg daarop dat die gegewens van heelwat van die klassieke lewensgeskiedenisse in die sosiale wetenskappe afkomstig is van verhale wat op versoek van die navorsers deur die subjekte opgestel is en (in geringer mate) van diepteonderhoude.

wenke[17] en taal-tegniese versorging.[18] Ek sou later 'n groter aandeel in die konstruksie van die dokument hê toe, soos verder sal blyk, ek Dha'Kar versoek het om uit te brei op dele wat ek onduidelik gevind het.

Behalwe dat die skryf van die outobiografie tydrowend was, het dit ook emosionele spanning by veral sy moeder maar ook by homself teweeggebring. Die trauma was so intens dat Dha'Kar besluit het om nie meer van sy moeder se hulp gebruik te maak nie en dit oorweeg het om die projek te staak. Ek was naïef genoeg om nie vooraf aan hierdie netelige moreel-etiese kwessie te gedink het nie en het myself verkwalik. Dha'Kar se optrede het egter in 'n groot mate vrede in my gemoed gebring. Hy het naamlik, soos reeds genoem, besluit om sy moeder nie meer by die skryf van die outobiografie te betrek nie en het op eie houtjie voortgegaan om die ongewenste neweprodukte van die projek te trotseer.[19] 'n Verdere gerusstelling is dat die konfrontasie met *onaangename* en swaarmoedige gebeure in sy verlede moontlik die voordeel kon hê dat Dha'Kar groter insig in sy lewe mog kry. Die volgende gedeelte uit sy beskouing van die ondersoek (vgl. 2.2.2) bevestig iets hiervan: *Hierdie studie het wat persoonlike groei betref, my beie gelei. So tussen my en Willem se praatjies deur kon ek my gedurig meet aan die waardes van sowel die heteroseksuele as die gay-lewe.*[20]

17. Ten einde Dha'Kar 'n beter idee te gee van wat 'n lewensgeskiedenis behels, het ek hom gevra om *Being different: the autobiography of Jane Fry* (Bogdan, 1974) te lees. Plummer (1983:92) skryf soos volg oor dié strategie: "Often the most useful strategy is simply to give the informant some existing sociological life history works to look over - this will usually be quite sufficient to inform them of what is required."

18. Dha'Kar het, omdat hy graag wou hê dat sy verhaal duidelik en ondubbelsinnig oorgedra moes word én dat die taal korrek moes wees, versoek dat ek hierna moes omsien. Mev. Xandra de Fortier en mev. Martie Boesenberg was my behulpsaam met dié taak en hul hulp word met dank erken.

19. Ek is tevrede dat Dha'Kar, nadat hy kennis geneem het van dié nadelige gevolge van die metode en sonder dat ek hom beïnvloed het, stappe geneem het om dit te bekamp. (Vgl. die RGN se *Navorsingskode*, 1986.)

20. Ek sou bitter graag wou sien dat Dha'Kar erkenning vir sy bydrae kry - iets wat, omdat sy identiteit dan uiteraard bekend gemaak sou moes word, ongelukkig buite die kwessie is. Sodanige erkenning sou minstens in geringe mate kon vergoed vir die innerlike pyn wat hy tydens die skryf van die outobiografie moes deurmaak.

Ek het vroeg in Junie 1978 die eerste paar bladsye onder dekking van hierdie briefie ontvang:

*Junie '78*
*Pretoria*

*Beste Willem,*

*Jammer ek is so ontsettend skaars. By die werk het daar egter heelwat ou dingetjies opgeduik wat probleme geskep het.*

*Ek het solank hierdie eerste paar blaaie vir jou gebring. Soos jy sal sien is ek geen skrywer nie; jy kan maar die taalverbeteringe aanbring.*

*Indien jy my wil kontak en ek nie tuis is nie kan jy my by ... kry, vra net die sentrale om jou deur te skakel ... My werkure is so ietwat gebroke.*

*Sterkte.*

*Groete*
*Dha'Kar*

Ek het sowel dié bladsye as ander wat ek kort hierna ontvang het, deurgelees en by wyse van vrae vir Dha'Kar gevra om meer besonderhede te verstrek oor dele wat ek onduidelik gevind het. Die volgende dien as voorbeelde van dié vrae:

Vraag 63: *Het jy nooit enige gevoel vir die meisie beleef wat as liefde geïnterpreteer kon word nie? Was daar enige ander meisie vir wie jy in jou lewe meer as net blote vriendskap gevoel het?*

Vraag 41: *"Vader het al meer en meer 'n groter vrees by my ingeboesem. Hy kon maklik my emosies omkrap. Moeder het seker agtergekom hoe ek teenoor Vader begin voel het want sy kon soms wanneer ons twee alleen is, my styf teen haar vasdruk en my van haar moederliefde verseker en dat ek net haar kind is en sal bly ... Ek het later ook saam met haar begin naaldwerk doen ... Daar het so 'n soort van spesiale band tussen my en haar gegroei. Ek het in haar geglo; sy was vir my die alfa en die omega ... My vrees vir Vader en my liefde vir my moeder was al wat ek kon laat uitstaan gedurende hierdie vroeë skooljare van my!" Beskryf asseblief meer volledig jou vrees vir Vader. Verwydering van die vader speel dikwels in teorieë oor homoseksualisme 'n belangrike rol. Het jy enige idee of jou vrees vir hom iets met jou latere "gay"-leefwyse te make het? Dink jy jou moeder het reg opgetree deur so baie aandag aan jou te skenk? Dink jy sy het jou oorbeskerm en eintlik soos 'n dogter probeer grootmaak? Watter invloed dink jy het julle hegte verhouding op jou latere lewe en "gay"-leefwyse én die feit dat jy "femme" is, gehad?*

*Vraag 2: Kan jy asseblief ... beskryf ... (d) waarom jy gewillig is om 'n lewensverhaal te skryf en waarom juis deur middel van my en die RGN; (e) wat jou eerste indrukke van my en die RGN was ... (i) wat jou doel met die studie is; wat jy hoop om daarmee te bereik ...?*

*Vraag 3: Verduidelik so goed as wat jy kan dat jy 'n femme is. Hoe verskil jy van ander "femmes," ander "gays" en ander mense in die algemeen.* (Vergelyk Jane Fry; pp. 19, 22, 23 en 25.)[21]

Ek en Dha'Kar het op 8 Junie 1979 'n werksessie by my woning gehad waartydens ons Hoofstuk 1, getiteld "Aard en agtergrond van ondersoek", bykans gefinaliseer het en op die titel: *"Straight," "skeef" en ekself: die outobiografie van J.D.* besluit het. Ons het afgespreek dat ons dié hoofstuk binne die volgende week sou afhandel. Dit het egter nie gerealiseer nie omdat verwikkelinge in albei van ons se lewensomstandighede meegebring het dat die projek vir 'n aantal jare tersyde gelaat moes word.

- **Die onderbreking van die studie**

Die feit dat Dha'Kar van werk verander het en ander ISODEM-projekte meer van my aandag vereis het,[22] het meegebring dat ons toenemend probleme ondervind het om tyd vir ons projek in te ruim. Hierdie nuwe prioriteite het nie net meegebring dat ons eers agt jaar later weer aan ons projek sou werk nie maar ook dat ons kontak met mekaar baie ongereeld was.

Ek het vroeg in 1984 weer ons projek met Dha'Kar bespreek. Die bespreking het gevolg op my besluit om my persoonlike studie in die Sosiologie voort te sit. Ek het kwalitatiewe en in die besonder lewensgeskiedenisnavorsing oor 'n afwykingsverskynsel in gedagte gehad vir 'n gevorderde nagraadse studie en het na

---

21. "Jane Fry" verwys na: *Being different: the autobiography of Jane Fry* (Bogdan, 1974).

22. Vergelyk onder andere: *Gay-vroue: 'n sosiologiese verkenning van die leefwyse van 'n aantal lesbiërs aan die hand van outobiografiese sketse* (Schurink, 1981); "Business women exchanging sex for money: a descriptive study" (Schurink & Levinthal, 1983), *Gevangenisbendes: 'n ondersoek met spesiale verwysing na nommerbendes onder Kleurlinggevangenes* (Lötter & Schurink, 1986) en "Participant observation in a gay-club" (Schurink & Schurink, 1986).

samesprekings met die hoof van die Departement Sosiologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, besluit om te verneem of Dha'Kar bereid sou wees dat sy outobiografie vir dié doel aangewend word. Hy het sonder om te aarsel ingewillig. Voor ons egter ons projek kon hervat het die nuus dat my dogter, Ilona, beenkanker het my oorval. Die nuus was nie net vir my 'n baie groot skok nie maar ook vir Dha'Kar. Ek was gebroke en het soveel tyd moontlik in geselskap van my gesin deurgebring. My dogter is op 8 Oktober 1984 oorlede waarna ek lank oor haar vroeë dood getreur het. Hoewel ek aan die einde van Augustus 1985 reeds die navorsingsvoorstel vir die D.Phil.-graad by die PU vir CHO ingedien het, en alle formaliteite verbonde aan die registrasie van die proefskrif teen Oktober 1986 afgehandel was, het ek Dha'Kar eers op 17 Desember 1986 weer besoek. Ek het tydens die besoek afskrifte van dokumente van die Universiteit aan hom oorhandig en ons het ooreengekom dat ek hom vroeg in 1987 sou skakel ten einde 'n besoek te reël waartydens ons die *modus operandi* van die voortsetting van die studie kon uitwerk.

#### 2.3.3.3 Die finale fase

Hierdie fase het in Januarie 1987 'n aanvang geneem en tot einde Desember 1988 geduur. Dit het die volgende behels: die aanvulling van Dha'Kar se outobiografie tot einde April 1987; die redigering daarvan, die vertolking van die materiaal daarin vervat en die verifiëring van die lewensgeskiedenis.

* **Die aanvulling van die outobiografie**

Ek het Dha'Kar op 7 Januarie 1987 besoek. Die volgende was die besluite wat ons tydens die besoek geneem het:

(i) Ons sou mekaar een keer per week besoek. Tydens die besoeke sou ek geredigeerde dele van die verhaal vir hom gee om na te lees en hy sou verdere dele wat hy geskryf of op band vasgelê het, aan my oorhandig.

(ii) Dha'Kar sou die outobiografie uitbrei om sy lewe tot aan die einde van April 1987 te dek.

(iii) Dha'Kar sou voortaan in die lig van die beperkte tyd wat hy aan die projek kon afstaan sy lewe op band herkonstrueer waarna ek dit sou laat transkribeer.

(iv) Van Dha'Kar se familielede en vriende asook 'n enkele persoon wat hom nie ken nie sou versoek word om op dele van sy outobiografie kommentaar te lewer ten einde dit te kontroleer. Hierbenewens sou ek van die feite wat in die outobiografie vervat is met briewe en foto's vergelyk.

(v) Ons sou die vrae wat ek destyds opgestel het na aanleiding van dele in die outobiografie wat ek onduidelik gevind het, voorlopig laat. Addisionele inligting sou slegs ingewin word indien dit lig kon werp op die bestaande konseptuele raamwerke oor homoseksualisme wat aan Dha'Kar se geval gemeet sou word. Hierdie gegewens sou eers ingesamel word nadat die outobiografie voltooi was en sou in die studie afsonderlik aangebied word.

Tot Maart 1987 het ek en Dha'Kar betreklik gereeld een keer per week ontmoet. Ons moes hierna egter weens my besoek aan Kanada en hul voorbereidings vir die verhuising na hul nuwe woning ons besoeke tot Junie 1987 opskort. Ons het op 18 Junie by die nuwe woning ontmoet waarna verskeie besoeke gevolg het. Die ondersoek het goed op dreef gekom en op 7 Augustus 1987 het ons al die geredigeerde dele bespreek. Dha'Kar het tydens dié bespreking laat blyk dat hy van voorneme is om die lewensgeskiedenis voor sy volgende verjaardag, vroeg in November, af te handel. Hy het voet by stuk gehou en het tydens 'n besoek wat ek en Evanthe op 30 Augustus aan hulle gebring het, my met die laaste uitstaande dele van sy verhaal verras. Ek was verheug hieroor. Ons het ooreengekom om na 13 November 1987 wanneer Dha'Kar se eksamens ten einde sou loop, bymekaar te kom. Die volgende is op die sakelys geplaas: (i) die opstel van 'n lys met die belangrikste gay-terme en uitdrukkings wat in die outobiografie voorkom; (ii) finale deurlees van die geredigeerde dokument; (iii) bespreking van die kommentaar van die beoordelaars van die dokument; (iv) onderhoude met die oog op die aanvulling van onvolledige gebeure in die verhaal ten einde bestaande konstrukte van homoseksualisme te "toets" en, (v) Dha'Kar se beoordeling van die lewensgeskiedenis asook my interpretasie daarvan.

My druk werkprogram het ons planne egter lelik in die wiele gery en meegebring dat ons die projek eers bykans 'n jaar later afgehandel het. Ek het Dha'Kar vroeg in Oktober 1988 geskakel nadat ek die verhaal finaal geredigeer het.[23] Ons het tydens dié oproep besluit dat ons die projek gedurende November- Desember 1988 sou afrond. Hierdie keer het alles volgens plan verloop. Ons het verskeie kere ontmoet en die ondersoek is op 31 Desember 1988 voltooi toe ek Dha'Kar se kommentaar op my interpretasie van sy homoseksuele leefwyse (Hoofstuk 4) ontvang het.

* <u>Redigering van die verhaal</u>

Hoewel dele van Dha'Kar se verhaal tydens die middelfase geredigeer is, het redigering veral gedurende die finale fase geskied.

Redigering is eie aan navorsing waarin gefokus word op "eerste-persoongegewens" en op een of ander wyse verkort en herrangskik alle navorsers hul verslae wat die ryke verskeidenheid van gegewens bevat, dit wil sê hul subjekte se skepping en ordening van hul leefwêreld. Kwalitatiewe navorsers skenk egter min aandag hieraan. Blauner (1987:46) skryf in dié verband die volgende:

"Abridging, editing and arranging the materials to retain the immediacy and interest of the original is unusually laborious and time-consuming. Curiously there is no discussion of this in the qualitative methodology literature. Except for certain technical issues, *editing* first-person data is an almost completely neglected topic."

Redigering vorm nie net die middelpunt van lewensgeskiedenisse en ander kwalitatiewe navorsing nie maar maak 'n integrale deel van die interpretasie van die gegewens uit. Dit is 'n **kreatiewe proses** waartydens die beste en relevantste dele uit die verkreë gegewens geselekteer word sodat 'n leesbare en same-

---

23. Ek en Dha'Kar het vroeër in dié jaar ook kontak gehad. Op 'n vraag tydens 'n telefoongesprek op 20 Oktober of hy nie, toe hy vir 'n lang tyd nie weer van my gehoor het nie, gedink het dat die ondersoek van die baan is nie, het hy ontkennend geantwoord. Hy het gesê dat hy en John aanvaar het dat ek, sodra my dringende verpligtinge by die werk afgehandel is, weer kontak sou maak sodat ons die projek kon afhandel.

hangende dokument saamgestel kan word.[24] Sodanige dokument moet tegelykertyd die outentisiteit van die subjek se leefwêreld reflekteer en die leser boei.

Dit was vanuit die staanspoor duidelik dat Dha'Kar se besondere skryfstyl nie altyd sy ervarings en beskouings duidelik weergegee het nie en dat sy sintaksis dikwels die vloei van gebeure en opvattings belemmer het. Dat sy verhaal aangepas moes word, het geen twyfel gely nie. Die nagaan van die spelling van woorde en die gebruik van sekere uitdrukkings het heelwat tyd in beslag geneem maar geen probleme is ondervind nie. Om die lewensverhaal in 'n leesbare en samehangende vorm te kry, sonder om die betekenis van woorde en uitdrukkings wat Dha'Kar gebruik het te verander, was egter geen maklike taak nie. Ek het benewens die uitskakeling van herhalende, niksseggende en veral identifiserende dele in Dha'Kar se verhaal waarna reeds verwys is, die posisie van die woorde in die sinne, verander. Dié strategie het noodwendig die idiosinkrasie van Dha'Kar se skryfstyl versteur. Sy woorde en uitdrukkings is egter met enkele uitsonderings behou en in die algemeen het die outentiteit van Dha'Kar se verhaal behoue gebly.

* <u>Interpretasie van die verhaal</u>

Benewens die redigering het die interpretasie van Dha'Kar se lewensverhaal inbreuk gemaak op sy sosiale werklikheid. Skending van sy beskouings en ervarings is egter sover moontlik beperk. Ek wou Dha'Kar so min as moontlik beïnvloed in die skryf van sy lewensverhaal. Ek het ooreenkomstig die simboliese interaksionisme van die veronderstelling uitgegaan dat dít wat mense as belangrik beskou uiteindelik hul gedrag beïnvloed. Om dié rede het ek die wenk aan Dha'Kar gegee om in die skryf van sy outobiografie te konsentreer op gebeure

---

24. Seleksie bring natuurlik ook mee dat die oorspronklike dokument verkort en dat koste (bv. drukkoste) bespaar word. Plummer (1983: 110) wys byvoorbeeld daarop dat Wladek se verhaal twee keer so lank was as dié een wat uiteindelik in *The Polish peasant* (Thomas & Znaniecki, 1918) verskyn het, dat *Letters from Jenny* (Allport, 1965) tot ongeveer 'n derde van die oorspronklike lengte verkort is, en dat Don, die *Sun chief* (Simmons, 1942) se agtduisendbladsylange dagboek tot 'n vyfde van die oorspronklike lengte verminder is.

en persone wat hy as belangrik in sy lewe beskou.[25] Ek het my eie opvattings en wetenskaplike konseptuele raamwerke van die etiologie van homoseksualisme sover moontlik tydens ons gesprekke verontagsaam. Sommige van my sieninge van homoseksualisme en veral my beskouings van sosiologiese teorieë daaroor het egter deurgeskemer in die vrae wat ek in 'n stadium aan Dha'Kar gestel het. Dit is egter te betwyfel of dié vrae werklik enige invloed op Dha'Kar se skryf van sy verhaal gehad het. Daar moet ook op gelet word dat vrae wat verband hou met bestaande raamwerke van homoseksualisme uiteindelik, soos genoem, eers aan Dha'Kar gestel is, nadat hy sy verhaal voltooi het.

Die strategie het minstens twee probleme opgelewer. Enersyds, het dit meegebring dat die ondersoek vaag omlyn was, iets wat my soms besluiteloos gelaat en onder meer die volgende vraag laat stel het: *In welke mate moet ek bestaande en veral nuwere teorieë insake homoseksualiteit gebruik? Die aanwending daarvan sou baie kon help ten opsigte van struktuur en afbakening van die studie. Aan die ander kant, sou dit meebring dat ek die data kontamineer* (Veldnota 1987-07-16).

Andersyds, het die werkwyse meegebring dat ek, wanneer ons die studie bespreek het, 'n "passiewe" rol vertolk het, wat hinderlik was: *Dha'Kar voel skynbaar dat ek te "passief" is wanneer dit by die werksessies kom. Hy voel dat ek hom/ons moet aanspoor om vinniger te begin. Hy sê anders gaan dit soos: "I looked back to see if you looked back and you looked back to see if I looked back to see if you looked back to see if I was looking at you."*[26] (Veldnota 1987-08-16.)

In die geheel gesien, stem die mate waarin ek konseptuele raamwerke op Dha'Kar se wêreldbeskouings toegepas het ooreen met Plummer (1983:113-114) se "sistematiese tematiese analise". Dié analise impliseer volgens Plummer (1983:113-114) dat die subjek min of meer toegelaat word om namens hom- of haarself te praat maar dat die sosioloog geleidelik 'n reeks temas versamel wat deels van die subjek se weergawe en deels van sosiologiese teorie afgelei is.

---

25. Vergelyk Afdeling 2.3.3.1 vir 'n nadere uiteensetting van die aspekte waarop Dha'Kar in sy skrywe moes let. Dit is oorspronklik deur Frasier (1976:78) opgestel.

26. Ontleen aan die popliedjie "I looked back" wat deur Eaton en Wagner gekomponeer, deur Four Jacks and a Jill uitgevoer en deur die Radio Corporation of America (RCA) in 1967 versprei is.

* <u>Verifiëring van die data</u>

Soos reeds aangedui, is die geldigheid van die lewensgeskiedenis gekontroleer. Dit het gedurende Desember 1988 geskied. Drie geldigheidskontroles is uitgevoer. Eerstens het Dha'Kar op my versoek persone wat hom goed ken versoek om gebeure uit sy lewe wat aan hulle bekend is, te kontroleer.[27] Tweedens het ek persoonlike argivale bronne bestudeer. Ek het naamlik enkele briewe[28] en foto's wat ek van Dha'Kar ontvang het nagegaan. Derdens het Dha'Kar self die finale outobiografie gekontroleer.[29]

## 2.4 SLOT

Hoewel met voorafgaande uiteensetting van die belangrikste besluite en stappe van die ondersoek nie op volledigheid aanspraak gemaak word nie, word vertrou dat dit 'n aanduiding van die doeltreffendheid daarvan bied. Anders gestel, daar word gehoop dat die besluitnemingstappe genoegsaam geëkspliseer is sodat

---

27. Die persone se kommentaar asook dié van die persoon wat Dha'Kar nie ken nie en deur my versoek is om die verhaal te bestudeer, is in Bylae B vervat.

28. Slegs enkele briewe was beskikbaar daar Dha'Kar dié persoonlike dokumente saam met die dagboek wat hy vir 'n tyd lank bygehou het, vernietig het (vgl. Afdeling 2.2). 'n Brief wat John egter in 'n stadium aan Dha'Kar geskryf het, is toe dit op 1988-12-28 ontvang is, by die outobiografie (vgl. Hoofstuk 3) ingesluit.

29. Dha'Kar se outokritiek (autocritique), 'n begrip wat deur Plummer (1983: 104) gebruik word, is ingesluit by sy beskouings van die ondersoek (vgl. Afdeling 2.2.3).

die leser die wetenskaplike geloofwaardigheid daarvan kan beoordeel.[30] Aangesien kwalitatiewe en lewensgeskiedenisnavorsers vanweë die gebrek aan "harde", streng, kontroleerbare en onbuigsame reëls gekonfronteer word met lastige vrae ten opsigte van die gebruiklike standaarde wat vir wetenskaplike navorsing gestel word, word vervolgens aangedui hoe die onderhawige studie dit ontmoet het.

2.4.1 Die kwaliteit van die data

Alvorens aangetoon word hoe in die onderhawige ondersoek aan die eise van wetenskaplike geldigheid voldoen is, moet onthou word dat 'n kontekstuele navorsingstrategie in die studie geïmplementeer is en dat om dié rede die klem op **interne geldigheid** (die voortbring van akkurate bevindings en resultate wat in ooreenstemming is met die leefwêreld van die subjek) val. Lewensgeskiedenisse word oor die algemeen hewig gekritiseer omdat dit volgens eksponente van die kwantitatiewe tradisie nie aan die eise van veralgemeenbaarheid kan voldoen nie en omdat dit bloot 'n verhaal van die eksentrieke wêreld van die atipiese is en niks meer nie. In die lig van dié beswaar sal ook kortliks aandag geskenk word aan hoe verteenwoordigendheid of **eksterne geldigheid** in die huidige ondersoek hanteer is.

2.4.1.1 Interne geldigheid

Die twee belangrikste aangeleenthede wat met interne geldigheid saamhang is betroubaarheid en geldigheid. Eersgenoemde het veral te make met konstantheid in die insameling, ontleding en interpretasie van die gegewens. Laasgenoemde verwys na die feit dat 'n besondere metode akkurate en werklikheidsgetroue resultate oor die verskynsel wat bestudeer is, opgelewer het.

---

30. Die konsep "geloofwaardigheid" word dikwels deur kwalitatiewe navorsers gebruik in die beoordeling van navorsing. Athens (1984:265) skryf in dié verband soos volg: "Scientific credibility is not an ascribed quality of a study, but rather an achieved one. Thus, *a study is neither intrinsically credible nor incredible; rather, the researcher must make it so.* The way in which a researcher makes a study credible is by supplying an adequate account of his or her research along with the description of its results. An account is merely a story told by the researcher about how he or she performed the research in question." (Kursivering aangebring.)

Daar bestaan 'n noue verband tussen die betroubaarheid en die herhaalbaarheid van 'n ondersoek. Die rede hiervoor word gevind in die argument dat indien 'n navorser in sy/haar ondersoek betroubare metodes gebruik, die ondersoek deur ander navorsers herhaal sal kan word en dat die gegewens wat hulle sal verkry nie beduidend van dié van die oorspronklike navorser sal verskil nie.

Kwalitatiewe navorsing is, soos meermale aangetoon is, hoogs veranderlik. Besluite en stappe word geneem onderwyl die navorsing uitgevoer word en nie voor die aanvang daarvan nie. Hoewel van hierdie besluite in die verslag gerapporteer kan word, is dit egter nie moontlik om alle stappe wat in 'n besondere ondersoek gevolg is, sodanig weer te gee dat dit 'n bloudruk sal verskaf aan ander navorsers wat dit wil herhaal nie. **Dit beteken egter nie dat die resultate van sodanige kwalitatiewe studie nie in verdere navorsing getoets sal kan word nie.** Trouens, analitiese induksie se klem op die soeke na gevalle wat bevindings weerspreek, moedig die verifikasie van resultate aan sonder dat die oorspronklike ondersoek herhaal hoef te word. Kwalitatiewe navorsing behoort in die lig hiervan beoordeel te word ooreenkomstig die mate wat dit verdere navorsing aanmoedig. Of soos Katz (1983:145) dit treffend stel:

"*Qualitative research reports* properly *may be regarded as good to the extent that readers test them in application to new data in the very process of reading*. Underlying the reader's experience in 'recognizing' as valid or rejecting as 'artificial' an analytic formulation in a qualitative text is an implicit application to phenomena within the reader's experience, to new data existing beyond the reach of the original research." (Kursivering aangebring.)

Uit die voorgaande opmerkings blyk dat herhaalbaarheid in kwalitatiewe navorsing problematies is maar dat daar tog sprake van toetsing van bevindings deur sowel ander navorsers as lesers is. Dergelike oorwegings moet dan ook in gedagte gehou word in die evaluering van die onderhawige studie.

Anders as kwantitatiewe navorsers wat geneig is om in verhouding tot betroubaarheid min aandag aan geldigheid te gee, lê kwalitatiewe navorsers baie klem daarop. Wat die lewensgeskiedenis betref, word geldigheid bedreig deur gebeure wat plaasgevind het voor- én nadat die studie 'n aanvang geneem het. Denzin (1978:236) konstateer in dié verband: "... (W)hen subjects are reconstructing their lives, they certainly respond to perception of maturational influences

present in the various phases of their lives. But also, once the study has begun, both subjects and researchers will be undergoing changes, maturationally and symbolically, that may influence the validity of all subsequent observations."

Daar is uiteraard 'n hele aantal bronne van sydighede wat die geldigheid van navorsingsresultate in die wiele kan ry.[31] Vervolgens word stilgestaan by twee wat in die huidige ondersoek besonder problematies was.

* <u>Verandering van data</u>

Soos reeds aangetoon, is die ondersoek verskeie kere onderbreek. Dié onderbrekings en verál toe die ondersoek etlike jare tersyde gestel moes word, kan uiteraard verreikende implikasies op die geldigheid van die gegewens hê. Soos uit die outobiografie blyk, het verskeie veranderinge in Dha'Kar se lewe gedurende dié tydperk plaasgevind.[32] Hoewel dit uit terloopse gesprekke tussen my en Dha'Kar geblyk het dat sy vertolking van gebeure ten spyte van veranderinge in sy lewe grotendeels konstant gebly het, was daar tog twyfel. Ondanks die feit dat daar uiteindelik nie gekontroleer kon word vir alle moontlike veranderinge nie, is enkeles wat ingetree het sedert hy en John 'n verhouding aangeknoop het, opgemerk en aangeteken.[33]

* <u>Weglating van belangrike data</u>

Dit is uit die aard van die saak onmoontlik om alle gebeure, verhoudings, gevoelens, houdings en persepsies in 'n subjek se lewe weer te gee. Nogtans moet getrag word om daardie inhoude van 'n persoon se lewe wat op die een of ander wyse 'n belangrike invloed op die verloop van sy lewe gehad het, so volledig moontlik in die lewensgeskiedenis weer te gee. Hoewel Dha'Kar myns insiens alles in sy vermoë gedoen het om dit wat in sy lewe belangrik was op te roep, kan die outobiografie nie op volledigheid aanspraak maak nie. Die

---

31. Betreklik uitvoerige lyste van sydighede kan gevind word in Douglas (1976, hoofstuk 4 en hoofstuk 5) en Mouton en Marais (1985:hoofstuk 4).

32. Vergelyk Hoofstuk 3.

33. Vergelyk Afdeling 2.2.

enkele belangrikste rede hiervoor was dat dit in die ondersoek nie moontlik was om voldoende tyd in te ruim vir uitvoerige besprekings van die lewensverhaal nie.

Benewens die onvermoë van 'n lewensgeskiedenissubjek om alle gebeure en persepsies uit sy verlede op te roep, is daar natuurlik ook die moontlikheid dat hy of sy, ten einde hom- of haarself in 'n goeie lig te stel of om watter rede ook al, sekere belangrike gebeure sal verswyg en ander sal oorbeklemtoon. Dit hou verband met die bereidwilligheid "om die waarheid te vertel" - een van die gekompliseerdste twispunte in maatskaplike navorsing. Daar is verskil van mening oor die betekenis van "waarheid". Enersyds word "waarheid" gesien as die ware of objektiewe toedrag van sake. Andersyds word dit beskou as mense se opvattings van dié toedrag van sake. Dit gaan vir die kwalitatiewe en lewensgeskiedenisnavorser nie oor die waarheid *per se* nie maar oor perspektiewe. Dit kan nouliks beter gestel word as in die volgende opmerkings van die klassieke lewensgeskiedenisnavorsers, Thomas en Thomas (1928) asook Shaw (1966).

"There may be, and is, doubt as to the objectivity and veracity of the record, but even the highly subjective record has a value for behavior study. A document prepared by one compensating for a feeling of inferiority or elaborating a delusion of persecution is as far as possible from objective reality, but the subject's view of the situation, how he (or she) regards it, may be the most important element for interpretation. For *his immediate behavior is closely related to his definition of the situation, which may be in terms of objective reality, or in terms of a subjective appreciation - 'as if' it were so*. Very often it is the wide discrepancy between the situation as it seems to others and the situation as it seems to the individual that brings about the overt behavior difficulty" (Thomas & Thomas, 1928:571-572). (Kursivering aangebring.)

"It should be pointed out, also, that the validity and value of the personal document are not dependent upon its objectivity or veracity. It is not expected that the delinquent will necessarily describe his (or her) life-situations objectively. On the contrary, *it is desired that his story will* reflect *his own personal attitudes and interpretations, for it is just these personal factors which are so important in the study and treatment of the case*. Thus, rationalizations, fabrications, prejudices, exaggerations are quite as valuable as objective descriptions, provided, of course, that these reactions be properly identified and classified" (Shaw, 1966:2-3). (Kursivering aangebring.)

Dit het in hierdie ondersoek nie gegaan om die weergee van ware, objektiewe feite nie maar eerder oor Dha'Kar se persepsies van dít wat in sy lewe gebeur het. Die klem op persepsies beteken egter nie dat 'n subjek nie die navorser en die leser kan mislei nie. Die volgende maatreëls is gebruik om doelbewuste verdraaiings en oordrywings en die fabrisering van gebeure deur Dha'Kar aan bande te lê: (i) evaluering van die verhaal deur persone wat hom goed ken en deel gehad het aan sommige gebeure in sy lewe; (ii) kommentaar deur 'n homoseksueel wat nie aan Dha'Kar bekend is nie; (iii) gebruik van persoonlike argivale bronne en, (iv) die nagaan van onkonsekwenthede in die outobiografie. Hierdie kontroles het niks aan die lig gebring op grond waarvan Dha'Kar se outobiografie in twyfel getrek kan word nie. Natuurlik het van die "kommentators" opvattings gehad wat van sommige van Dha'Kar s'n verskil het. Dit dui egter nie daarop dat Dha'Kar se persepsies nie aanvaarbaar is nie. Trouens, al die persone wat op die outobiografie kommentaar gelewer het, het laat blyk dat hoewel hulle anders oor sekere sake voel en/of onder dieselfde omstandighede anders sou optree, hulle Dha'Kar se opvattings en optredes redelik en geloofwaardig vind.

Hoewel dit naïef en voorbarig sou wees om te beweer dat geen verdraaiings in die lewensverhaal ingesluit is nie, is ek daarvan oortuig dat sulke wanvoorstellings, indien dit wel plaasgevind het, eerder die uitsondering as die reël was én dat dit dan nog bes moontlik onopsetlik was en/of teruggevoer kan word na misverstande en/of werklike veranderinge in Dha'Kar se opvattings.

2.4.1.2 Eksterne geldigheid

Die vraag word dikwels gestel of een of 'n paar lewensgeskiedenisse verteenwoordigend van 'n breër groep kan wees. Hoewel daar al verskeie reaksies op dié vraag was (en in die toekoms sal wees), word hier volstaan met Burgess (1966:186) se sienswyse in sy bespreking van die jeugoortreder, Stanley, se lewensgeskiedenis wat deur Shaw (1966) opgestel is:

"The individual person is more intrinsically a specimen of any group of which he (or she) is a member than is a plant or animal of its biological species. The plant or animal is a specimen of botanical or zoological species, because through heredity there is transmitted to it a uniform morphological and physiological pattern. *The human being as a member of a social group is a specimen of it, not primarily, if at all, because of his physique and temperament but*

*by reason of his participation in its purposes and activities*. Through communication and interaction the person acquires the language, tradition, standards, and practices of his group. Therefore, the relation of the person to his group is organic and hence representative upon a *cultural* rather than upon a biological level." (Kursivering aangebring.)

'n Besondere persoon is verteenwoordigend van 'n groep in soverre as wat die groep se aktiwiteite, waardes en norme in sy of haar gedrag gereflekteer word. Oppervlakkig beskou, skyn dit soos Frasier (1978:132) tereg opmerk, net so 'n geldige wyse te wees om 'n steekproef saam te stel as om persone op grond van 'n paar geselekteerde sosiaal-demografiese veranderlikes soos ras, geslag, ouderdom en godsdiens te selekteer. Ongeag die faktore wat gebruik word om 'n steekproef met die universum van gevalle te verbind, is die navorser verplig om aan te toon dat die geval of gevalle wat by sy of haar ondersoek ingesluit is "... represent socially active characteristics peculiar to the population to which conclusions will be generalized" (Frasier, 1978:132). Aangesien geen enkele geval in alle opsigte tipies van 'n besondere geval kan wees nie, is dit handig om soos Plummer (1983:100) voorstel, subjekte op 'n kontinuum van verteenwoordigendheid en nie-verteenwoordigendheid voor te stel. Burgess (1966: 184-185) toon byvoorbeeld aan hoedat Stanley tegelykertyd tipies én atipies van jeugwangedrag in Chicago in die negentien-twintigs is. Indien 'n mens Dha'Kar met die blanke manlike homoseksuele gemeenskap in Suid-Afrika wil vergelyk, het jy onmiddellik met dié probleem te kampe dat daar baie min aangaande dié subkultuur hier te lande bekend is. Nogtans, maar dan baie voorlopig, sou op grond van inligting wat die afgelope dekade of wat van die <u>gay</u>-"bevolking" van Suid-Afrika opgebou is, die volgende dimensies van Dha'Kar se lewenstyl beklemtoon kon word wat terselfdertyd ooreenstem met én verskil van homoseksuele tipes alhier:

(i) Sy aanvaarding van sy homoseksuele oriëntasie.

(ii) Die geheimhouding van sy homoseksuele leefwyse.

(iii) Die kwasi-huweliksverhouding wat hy met 'n geslagsgenoot het, dat hy seksueel aan hom getrou is en nooit seksuele kontak by parke of ander "<u>kamp</u>-plekke" soek nie.

(iv) Die besondere "femme"-rol wat hy vertolk en wat nòg as opsigtelik nòg as verwyfd getipeer kan word.

(v) Sy nie-deelname aan die georganiseerde "gay"-kollektiwiteit.

## 2.5 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was tweeledig. Eerstens is die belangrikste besluitnemingstappe tydens die praktiese uitvoering van die ondersoek chronologies weergegee. Tweedens is geskets hoe in die studie te werk gegaan is om steuringsfaktore sover moontlik te neutraliseer ten einde gebruiklike wetenskaplike standaarde te ontmoet en terselfdertyd kwaliteit data te bekom.

Kwalitatiewe en lewensgeskiedenisnavorsing is 'n verwikkelde en komplekse proses waartydens verskeie besluite en stappe dikwels terselfdertyd geneem word. Hoewel dit uiteraard nie moontlik was om hierdie meerfasettige onderneming in dié hoofstuk in detail weer te gee nie, is dit nogtans in terme van die gebruike in die kwalitatiewe navorsingstyl genoegsaam geëkspliseer sodat die leser die geloofwaardigheid daarvan kan evalueer. Sodanige evaluering kan uiteraard in die finale instansie slegs geskied indien die outobiografie wat in Hoofstuk 3 aangebied word, óók aandagtig bestudeer word.

HOOFSTUK 3

DHA'KAR SE OUTOBIOGRAFIE

## 3.1 *HOE EK MYSELF AS SKEEF BELEEF*

*Eendag was ek op pad na vriende toe onderwyl daar geweldige donderweer was en die blitse gespeel het. Ek het net by myself gewonder of 'n weerligstraal indien dit my sou neervel, my meer sou verbrand en vermink as vir 'n hm? En toe het ek begin dink: hoe vergelyk ek met 'n hm? Wat maak my anders as die hm? Is ek werklik 'n uitgeworpene? Hoekom is ek skeef? Is dit werklik nodig dat 'n mens, as jy skeef is, altyd moet wegkruip? Ek het na myself begin kyk en begin dink oor hoe ek lewe; hoe ek lewe in verhouding tot my medemens. Toe ek hierdie verhaal begin skryf het, het ek daaraan gedink om iewers iets neer te pen oor hoe ek my ervaring vir myself as skeef ervaar.*

*Fisies verskil ek van geen ander man in die heelal nie. Ek loop, eet en trek net soos hulle aan; ek koop by dieselfde winkels as hulle; ek gebruik dieselfde toiletware; ek rook dieselfde tabak as hulle - daar is vir my geen verskil nie! Psigies verskil ek van die ander mans en wel in die opsig dat ek homoseksueel is. Ek verkies om gemeenskap met my eie geslag te hê. Ek wil my liggaam aan 'n man gee en hom dit laat geniet en vice versa. Daar bestaan nie vir my 'n behoefte om seksueel met 'n vrou te verkeer nie, nie dat ek heeltemal afgestomp is wat die teenoorgestelde geslag betref nie! 'n Voorbeeld hiervan sal later in my verhaal uitgebeeld word. Sonder vroue kan ek nie voortbestaan nie, hulle sluit in my moeder, my suster, my vriendinne en kollegas en my verbyganger op die sypaadjie. Die man speel egter die prominente rol in my lewe.*

*Ek dra geen griewe of kwade gevoelens teenoor heteroseksuele mense in die gemeenskap nie. Ek aanvaar en erken hulle na gelang van die eise wat hulle op 'n direkte of indirekte wyse aan my stel. By eise bedoel ek veral dié tydens sosiale of werksaangeleenthede. Ek sal nooit toelaat dat my skeefheid enige inbreuk maak op bogenoemde situasies waar ek my in hm-geselskap bevind nie.*

*Ek sal nooit 'n hm-man of jong seuns op seksuele vlak met my skeefheid konfronteer nie. Ek was al in 'n stadium deur 'n hm-man op seksuele vlak gekonfronteer. Hy sou die aktiewe rol vertolk het. Dit het egter toe gebeur dat ek uitgevind het dat hy getroud was; ek het 'n foto van hom ontvang waar hy 'n*

kind by hom gehad het. Hoewel ek 'n liefde vir my eie geslag het, beteken dit egter nie dat 'n mens met mans buite die skewe kring op seksuele vlak betrokke sal raak nie!

In my werk en sosiale lewe kom ek baie goed met die bm's klaar. Dit geld veral waar hulle nie van my skeefheid weet nie en in mindere mate waar hulle wel daarvan bewus is. Ek word gesien as en voel een van die groep. Ek laat egter nie toe dat my skeefheid enige inbreuk op my sosiale verkeer maak nie.

Ek vind myself nie 'n aantreklike jong man nie. Soos ek dit altyd stel: Indien daar 'n kunsuitstalling gehou word en my portret (geskilder) bevind hom tussen dié van ander manne dan bestaan die moontlikheid dat ek 'n plekkie tussen die waterverfskilderye sal kry eerder as tussen die "oilpaintings".

Die mans met wie ek tot op hierdie stadium in my lewe 'n verhouding gehad het, was almal buitengewoon aantreklik. Volgens hulle het ek op my manier ook 'n aantreklikheid.

Ek is 'n "plain" ou, ek hou nie van fieterjasies in my persoonlike lewe nie. Ek wil wees soos ek is. Die dra van 'n masker is onnodig en bring net baie probleme mee; jy moet altyd onthou watter tipe gedrag, smaak en voorliefdes jy by vorige geleenthede teenoor spesifieke persone openbaar het. Dis makliker om te wees soos jy is. 'n Mens moet eerlik teenoor jouself en ander staan; 'n "rofwerkboek" is onnodig.

Ek sien myself as 'n vriendelike, hulpvaardige mens wat maklik met my medemens oor die weg kom. Ek ondervind ook soos die res van die samelewing baie wat wissel van trane tot 'n humeurige uitbarsting; ek reageer volgens die impulse wat ek van my omgewing ontvang.

Ek is 'n maklike mens om mee oor die weg te kom. Tog maak mense die fout om te dink dat hulle net altyd van my goedhartigheid kan misbruik maak, dan is dit hier waar hulle met die verkeerde kant van my kennis maak. In my werk sal ek 'n ondergeskikte oorsien waar hy een of twee keer op dieselfde punt fouteer maar 'n derde keer sal ek hom met my humeur laat kennis maak.

My begeertes vind ek heel normaal behalwe waar dit kom by my seksuele behoeftes. Behoeftes in my skewe lewe gaan nie net om die seksuele nie maar ook oor

liefde, mooi natuur, musiek, sport en al die ander fasette van die <u>hm</u>-lewe. Seks is nie al nie, inteendeel al die genoemde aspekte speel 'n baie prominenter rol in my lewe. Ek is nie seksmal nie, ek dink my seksuele behoeftes stem ooreen met dié van enige normale <u>hm</u>-man of -vrou.

Die samelewing skenk vir my baie dinge wat my lewe ryker en voller kan maak. My <u>skeefheid</u> word nie deur almal aanvaar nie. Of dié aanvaarding 'n verskil sal maak weet ek nie; daar sal seker altyd 'n stigma daaraan bly kleef. Soos die groter gemeenskap ons as afwykendes beskou so het ons <u>skewes</u> ook in ons subkultuur volgens ons kodes afwykendes. Hulle is grotendeels volgens my persoonlike mening verantwoordelik vir die negativisme en stigma van die <u>hm's</u> teenoor ons <u>skewes</u>. Hier verwys ek na die <u>drag queens</u>, <u>closet queens</u>, <u>call boys</u> en die <u>common</u> tipes in ons <u>skewe</u> kring.

Die <u>drag queens</u> sal selfs sover gaan as om met <u>hm</u>-mans seksuele omgang te hê. Hulle maak gebruik van hul kleredrag (vermomming) en alkohol om die <u>hm</u>-man in so 'n toestand te kry dat hy wel met hulle seksueel sal verkeer. Die <u>closet queens</u> is weer die tipe wat <u>hm</u>-mans in publieke toilette sal afloer terwyl hulle urineer. Die <u>common</u>-tipe <u>gay</u> sal weer op hul beurt enige tipe man hetsy by sy volle bewussyn of in 'n toestand van dronkenskap probeer verlei.

Daar moet onthou word dat alle <u>skewes</u> nie soos bostaande tipes is nie, daarom dat ek sê dat ons hulle sien as afwykendes in ons <u>skewe</u> kring. Ekself kan hulle nie verdra nie, ek dink hulle walg my net soos hulle <u>hm's</u> walg. Ek glo nie dat my opvatting omtrent hierdie tipes enigsins verskil van dié van die <u>hm</u>-gemeenskap nie. Hulle maak geen deel uit van my vriendekring nie behalwe wanneer ek 'n <u>gay</u>-klub besoek wat baie min gebeur.

Alhoewel ek myself as <u>femme</u> sien, dink ek tog dat 'n mens met 'n sekere voorkoms geskape is en dat dit die natuurlikste ding is om volgens jou fisieke voorkoms te lewe. Dit is nie nodig om in 'n rok in te spring of om uitermatig <u>macho</u> te wees nie. Só maak jy dinge maar net vir jouself moeilik! Ek het 'n geweldige wrewel teenoor die biseksuele man - veral in hierdie tyd waar VIGS so 'n belangrike rol in ons gesondheidsopset speel. Ek kan nie dink dat mans of vrouens hul huwelik so kan onteer of so min waarde daaraan kan heg as om 'n addisionele verhouding, met 'n man of 'n vrou te hê nie. Dit kan net ongesond wees en dit kan net lei tot baie hartseer en verdriet. Ek glo selfs, soos in my <u>gay</u>-verhouding of eerder, in my <u>gay</u>-huwelik, dat daar vir 'n mens net één

geliefde is. Dit is die persoon met wie jy die res van jou lewe wil deel. In my werksopset is daar twee biseksuele en ek kom geweldig baie in opstand wanneer ek sien en hoor hoe hierdie twee mans hulle dierbare vrouens met ander persone verneuk. Die ironie van die hele ding is dat hulle twee pragtige vrouens asook pragtige kinders het, dat hul lewens eintlik baie vol is en dat hulle nie nodig het om hierdie buite-huwelikse verhoudings te hê nie. Dit laat my partykeer wonder of dit nie dan maar beter is om gay te wees nie. Miskien is dit vir hulle ook 'n hel - net hulle sal weet!

Ek is soos ek reeds genoem het, 'n femme, ek vertolk die vroulike rol in my en John se verhouding. Ek doen in ons persoonlike omgewing dit wat 'n hm-vrou vir haar eggenote sou doen. Ek glo nie my optrede teenoor John verskil van dié van my moeder teenoor my vader nie. Meer oor ons verhouding sal later in my verhaal na vore kom.

Ek dink ek verskil in die volgende opsigte van baie ander femmes: ek bly nog man, ek hou nie van 'n feministiese voorkoms nie, ek hou daarvan om aan te trek soos 'n man, ek is nie in my optrede flapping nie, ek praat nie aansitterig nie en ek het slegs een spesifieke man in my lewe. Ek is baie manlik gebou, ek beskou myself as redelik goed gebou en het ook 'n harige voorkoms. Dit het al wel gebeur dat baie femmes my probeer konfronteer het en 'n bloutjie moes loop. Baie mense, hetsy skeef of hm, maak die fout om te dink dat ek butch is of meeste van die tyd te dink dat ek hm is. Daar is heelwat vroue wat al hulle gevoelens teenoor my openbaar het asook hul fisiese drange probeer bevredig het maar as gevolg van my skeefheid moes ek hulle teleurstel, soos later in my verhaal vertel sal word.

My lewensfilosofie is dat ek almal insluitend hm's en skewes gelukkig en in harmonie met mekaar wil sien. Ek voel nie om enige persoon te na te kom nie; ek wil eerlik teenoor my God, my naaste en myself staan. Ek voer my lewe volgens my behoeftes en die Skrif, my skeefheid bestaan, maar tog vind ek vertroosting in Gods Woord soos sal blyk uit my verhaal. Hy is my lig in my lewe en Hy sal sorg dat my filosofie, my geloof en die werklikheid met mekaar harmonieer, dat dit sal uitwerk en sal wees soos God se Raadsplan opgestel is.

Ek steek nie my skeefheid weg nie, behalwe in my beroep. Omdat ek in my werk fisiese en psigiese kontak met my medemens het, loop ek gevaar om my werk te verloor indien dit bekend sou word. Dit sal van 'n persoon afhang of ek skeef is: mense sal moet gaan soek en krap.

'n Kollega van my het dit so mooi gestel toe sy vir my gesê het: "Dha'Kar, niemand kan dink dat jy gay is nie, want jy is vir ons 'n oujongkêrel, 'n tipiese oujongkêrel. Jou optrede, jou voorkoms, jou manier van aantrek, jou manier van sake hanteer, dui alles daarop dat jy maar net 'n oujongkêrel kan wees." Dit was vir my bemoedigende woorde. Dit het vir my baie rustigheid gebring omdat dit vir my sê dat my alledaagse handel en wandel gesond is en dat die mense met wie ek saamwerk, nie aan my dink as gay nie maar as 'n persoon wat nie getroud is nie. Tog dink ek nog dat sou hulle bietjie krap, hulle tog sal uitvind dat ek gay is. By die werk het verskeie mense al gevra: "Hoekom trou jy nie? Jy sal 'n goeie huweliksmaat wees en jy sal vir kinders 'n goeie pa kan wees." Dit is wat hulle dink; dit is nie waar my behoefte lê nie! Ek wil ook nie met teen-kommentaar dinge oopkrap wat vir hulle moontlik aanleiding sal gee om in my lewe te begin krap nie. Ek sal dit nie openbaar maak teenoor almal met wie ek in aanraking kom nie.

Ek bly 'n skepsel van Hom wie alles geskape het. Die regte en voorregte wat Hy daargestel het, is vir die hm sowel as vir my wat skeef is. Baie mense dink dat 'n skewe man of vrou 'n ateïs is. Ek het ook net soos seker baie ander skewes geworstel met die stryd van God en my skeefheid. Ek het egter berusting ontvang. Ek ken God. Ek het van kindsbeen af met Hom saamgeloop. My ouers het gesorg dat ons kinders die regte paadjie loop. Ek het verskeie Bybelkenniseksamens afgelê van my eerste Sondagskooljaar tot by my aanneme en voorstelling. Die inhoud van my gebede hetsy of dit in die oggend, aand, aan tafel of sommer so deur die loop van die dag is, stem ooreen met dié van al die ander gelowiges.

Dit gebeur soms dat ek probleme ondervind hetsy in my privaat-, beroeps- of skewe lewe, dan gaan ek na my binnekamer of na 'n rustige omgewing en gesels met God en vra Hom om helderheid en 'n oplossing vir die betrokke probleem. Op 'n dag in die begin van my skewe lewe het ek 'n geweldige aanvaardingsworsteling gehad. Ek was in die stad met menigte mense om my, met verkeer wat raas, ensovoorts. Ek wou 'n gebed doen en met God praat oor my skeefheid. Die naaste stil plek was 'n Katolieke katedraal. Ek het daar ingegaan en met God gepraat. Dit het vir my daardie dag gevoel asof God langs my gestaan het en met my teruggepraat het, al het ek Hom nie gehoor nie. Ek het na my woonstel teruggekeer met meer rustigheid maar tog met nog 'n behoefte. Ek het my Bybel geneem, dit by Job 10 oopgeslaan en die volgende verse gelees:

"8. U hande het my geformeer en my gemaak, heeltemal rondom; en u vernietig my!
9. Bedink tog dat U my soos klei gevorm het, en wil U my tot stof laat terugkeer?
10. Het U my nie soos melk uitgegiet en my soos kaas laat dik word nie?
11. Met vel en vlees het U my beklee, en met beendere en senings het U my deurvleg.
12. Die lewe, ja, guns het U aan my bewys, en U sorg het my gees bewaak."

Daar was vir my 'n verband tussen my en Job wat die verwerping aanbetref. Hy is deur God en ek deur die gemeenskap verwerp. Tog sê die verse dat God ons gemaak het; "rondom". Met hierdie wete was daar vir my berusting.

Daar is nog baie ander verse in die Bybel wat vir my spesifieke betekenis het. Dit beteken ook nie dat ek net hierdie verse uit die Bybel aanhang nie, dit maak deel uit van die Bybel in sy totaliteit. Ek hang my Bybel en geloof in die breëre sin aan.

Ek besoek my kerk soos wat my beroep dit toelaat aangesien ek soms op Sondae van vroegoggend tot laataand moet werk. Ek maak van elke geleentheid gebruik om die Huis van God te gaan besoek.

Ek is 'n Christen. My God en Vader is dieselfde God en Vader wat u ook aanbid en dit is Hy wat vir my berusting gebring het en John se pad met dié van myne laat kruis het. Hierdie gedeelte oor my God en ek sal in my verhaal breedvoeriger vertel word.

## 3.2 GEBOORTE

Ek is in die vroeë vyftigerjare op 'n Wes-Transvaalse dorp gebore. Soos my moeder gesê het: "Jy was 'n klein bondeltjie liefde wat met die grootste gemak in 'n skoendoos sou inpas."

Die bevalling was normaal sonder enige pre- of post-natale komplikasies. Ek was my ouers se tweede seun. Vir haar en haar ouers was dit 'n groot dag, ek

sou die eerste kleinkind wees het wat Oupa (moederskant) se name kry.[1] Dit was nie net Moeder wat gedurende hierdie tyd swanger was nie maar ook twee van haar susters. Dit was 'n soort van 'n wedloop. Almal wou Oupa op daardie stadium vernoem.

Moeder het my vertel dat wat voedings aanbetref ek 'n baie stil en tevrede baba was. Ek sou byvoorbeeld nooit 'n keel opgesit het kort voor voedingstye of voor slaaptyd nie. Ek was altyd die stille tevredenheid self. Sy het hierdie gedrag van my toegeskryf aan die moontlikheid dat sy miskien meer vaardigheid opgedoen het tydens die swangerskap en versorging van my ouboet wat twee jaar ouer is as ek. Hy was glo 'n moeilike baba om tot rus en tevredenheid te kry. Selfs my vader het gesê as al die kinders so maklik hanteerbaar was soos ek sou hy 'n hele rugbyspan wou gehad het!

My geboorte was in 'n moeilike tyd ten opsigte van finansies. Vader en Moeder was daardie tyd nie welaf nie en geld moes om en om gedraai word alvorens dit uitgegee kon word. Tog is ek en my broer goed gevoed en warm aangetrek.

Gedurende hierdie tyd het die verhoudinge tussen Moeder en die ander twee susters swakker geword. Dit was veral die verhouding tussen haar en haar oudste suster wat versleg het. Oupa het dit probeer regstel deur sy testament te herroep. Dit het die situasie in 'n mate gered en die verhouding tussen die drie susters het verbeter. Vandag nog is daar iets in my tante se gedrag waarop jy nie jou vinger kan lê nie. Snaaks genoeg, is sy die tante vir wie ek die liefste van al my moeder se susters is. Of hierdie gevoel wederkerig is sal ek egter nie kan sê nie.

Twee jaar na my is my jonger broertjie gebore, twee jaar na hom my jongste broertjie en drie jaar na hom ons enigste suster. Almal behalwe die van my suster, was normale bevallings; hare was 'n keisersnee. Sy was ook amper nie daar nie.
Dit was 'n kwessie van òf sy òf Moeder wat dit nie sou maak nie maar danksy die genade en liefde van Bo lewe ons vandag almal.

---

1. Die familietradisie - die eersteling van elke gesin kry die Oupa of Ouma aan vaderskant se naam, met ander woorde die stamnaam, die tweede kind kry dan die stamnaam aan moederskant, die derde weer aan vaderskant en die vierde weer aan moederskant.

## 3.3 VOORSKOOLSE JARE (1951-1957) EN EERSTE SKOOLJAAR (1958): 1-7 JAAR

*Van my voorskoolse jare kan ek nie baie onthou nie. Ek is vertel dat kort na my geboorte Oupa (aan moederskant) dood is. My oupa aan vaderskant het gelewe toe ek die lig gesien het, maar ek kan hom nie onthou nie. Die twee oupas is min of meer in dieselfde jaar oorlede.*

*Vader was baie verplaas tydens my kinderjare. Die eerste omgewingsindrukke wat ek het, was dié van 'n Oos-Transvaalse dorp. Ek kan onthou dat ons daar in 'n huis gebly het wat vir my baie spookbeelde in die nag opgejaag het. Dit was 'n gewone standaard woonhuis. Langs hierdie ou huis was my eerste foto geneem waarvan ek kan onthou. Ek was tog so bang vir daardie swart dosie waaruit die voeltjie gaan vlieg en het huilend aan Vader en Moeder vasgeklou. My moeder se jonger broer het toe tussenbeide getree. Ek was aan sy linkerkant, my ouboet aan sy regterkant en my jonger broertjie op sy nek, só is die foto geneem. Ek kan onthou dat ek na die voëltjie gaan soek het want ek het hom dan nie sien uitvlieg nie! In September 1953 is my jonger broertjie gebore. Hy het dan ook Vader se name ontvang.*

*Tydens ons verblyf op dié dorp het ek in 'n stadium gaan kuier - nie ver nie - net oorkant die straat, by 'n tannie. Ek kan dit goed onthou. Daardie tyd was daar nie so 'n ding soos 'n skool vir my nie. Ek het geweet my broer en die tannie se kinders gaan elke dag weg maar waarheen was nie ter sprake nie. Die kinders se skooltoeganery was deel van die daaglikse roetine. Ek het nie gevra hoekom of waarom, hoe die skool lyk of wat dit was nie - ek was seker nog te jonk.*

*Ek het die oggend seker so na 08h00 gaan kuier moontlik met die hoop dat daar ander kinders sou wees, want Ouboet was weg en jonger broertjie was te klein om mee te speel. Daar aangekom was net die tante tuis. Waaroor ek alles met haar gesels het kan ek nie onthou nie. Wat ek wel kan onthou was dat daar 'n voëltjiebad nie ver van die stoep af was nie en dat die son se weerkaatsing daarin teen die stoep se dak was. Ek kon toe nie verstaan het hoe dit moontlik was nie. Die tante het probeer verduidelik maar my verstand kon dit nie absorbeer nie. Later die dag het ek vir Moeder oorreed om saam met my te gaan sodat ek vir haar die snaakse verskynsel kon gaan wys. Die son het toe heelwat hoër gesit en die weerkaatsing was weg en ek het gehuil van teleurstelling. Soos by enige ander kind was daar maar seker ander dinge wat my aandag*

*afgetrek het en was die weerkaatsing teen die stoep se dak spoedig iets van die verlede. Moeder was 'n tipe moeder wat nie haar kinders se belangstelling sou verontagsaam of sou wegpraat nie. Sy het altyd belangstellend geluister en soos in die spesifieke geval sou sy daarna gaan kyk het.*

*Dan was daar die dag toe my moeder besig was om my jonger broertjie te bad. Hy was ongeveer een tot twee jaar oud. Toe sy klaar was het iets haar weggeroep en het ek by die baba agtergebly en op die bed met hom gespeel. Daar was 'n klein botteltjie medisyne by ons twee kinders en ons het toe daarmee gespeel. Wat gebeur het weet ek nie, die proppie van die botteltjie het los gegaan en al die medisyne was in die baba se gesig, veral in sy oë. Ek kan onthou dat ek my moeder geroep het en dat sy die baba geneem het, en dat ek bang was en onder die bed ingekruip en daar gebly het vir hoe lank weet ek nie. Ek was bang dat ek 'n pak slae sou kry. Ek kan tot op hierdie stadium nie onthou van enige metode van straf wat ek en my broer gehad het nie. Ek het nie geweet dat as die ander kinders stout was hulle slae gekry het nie. Ek beskou die gebeurtenis vandag as 'n ongeluk en daar was nie rede om weg te kruip nie. Die feit dat die medisyne in sy oë gekom het laat my vandag met 'n semi-skuldgevoel agter. Jonger boetie dra vandag 'n bril. Hy toon een of ander allergie waarvan die oorsaak nog nie vasgestel kon word nie. Indien dit wel vasgestel word, sou ek moontlik dié skuldgevoel kan afskud.*

*Dan is daar nog die koper driepootpotjie wat Moeder by Vader as 'n geskenk gekry het. Die ornament het sy plek in die sitkamer gehad. Indien hy nie daar was nie, was hy op geen ander plek as waar ek met hom gespeel het nie. Dit was vir my baie lekker gewees om die kinderkookkuns toe te pas en van die potjie gebruik te maak. Moeder het baie met my geraas en my vermaan om dit nie weer te doen nie. Dit het egter maar weer en weer gebeur. Sy het later gesê dat as sy eendag nie meer daar is nie die potjie myne moet word. Ek het op daardie stadium elke dag, vir 'n baie lang tyd, vir haar gevra wanneer sy dan doodgaan. Moeder het my later vertel toe ek haar gevra het of die mense nie altyd snaaks gedink het as ek gewens het dat sy moes sterf sodat ek die potjie kon kry nie, dat dit my vader ietwat omgekrap het. Hy wou in 'n stadium vir my ook so 'n potjie gekoop het. Moeder het dit egter as 'n kindergril beskou en dit ook in daardie lig gestel wanneer mense daarna verneem het. Sy het later die potjie weggesluit en dit was ook die einde van my storie met die potjie en die wens dat sy moes doodgaan. Ek kan geen verklaring vind vir my gehegtheid aan die koper potjie nie. Moeder verklaar dit so: Ons het by*

vriende op 'n nabygeleë plaas gaan kuier, ek het eendag soek geraak. Hulle het my naby die swartes se strooise gekry wat besig was om marrog in (soos ons dit genoem het) kaffer-driepootpotte te kook. Heel moontlik was dit waar dié gehegtheid van my sy oorsprong gehad het. Nou onlangs het ek en Moeder lekker gesit en lag oor die storie. Vandag sal ek natuurlik wat wil gee om my moeder te behou en van die dood weg te hou. Baie mense sê dat wanneer die dood jou moeder of vader neem, neem dit etlike jare voor jy daaroor kom maar ek glo nie dat dit die geval met my sal wees nie. Die lewe sal vir my gaan stilstaan. Op die oomblik laat die gedagte daaraan my soms met 'n gevoel van verlorenheid.

Tot op hierdie stadium kan ek nie baie van my vader onthou nie. Die eerste gesprek wat ek kan onthou wat ek met Vader gehad het, was net toe ons sou verhuis het nadat hy bevordering gekry het. Hy het vir my vertel dat ons na 'n Noord-Transvaalse dorp sou gaan. Snaaks genoeg, ek kan nie onthou dat ek enigsins probleme gehad het om die naam van dié dorp te onthou of uit te spreek nie Ek was toe ongeveer vyf jaar oud. My vader het my die dag vertel dat ons na die dorp toe gaan. Op my vraag waar dit was het hy my vertel dat dit baie ver is en het hy na die rante in die verte gewys en vertel dat dit anderkant die rante was. Ek kan onthou dat ek baie hartseer was (miskien ook nog gehuil het) omdat ek nou die tannie en die ander maatjies moes agterlaat.

Ek onthou dan ook die dag net kort voor ons daar weg is dat toe een van die tannie se seuns 'n stukkie elektriese draad se omhulsel afgesny het, sy vinger ook raakgesny is. Die seun het weer baie later in my lewe sy verskyning gemaak, ongeveer op 16-17-jarige leeftyd, toe hy ons tuisdorp in Wes-Transvaal besoek het tydens verdere studies aan die betrokke universiteit. Hy was een van die katalisators in my lewe wat die "being different" aanbetref. Later meer hieroor. Ek kan onthou dat hy nog baie raas gekry het. Ek was jammer vir hom want hy het dan seergekry en nou word daar met hom geraas. Ek kan onthou dat dit nie baie lank daarna was dat ek ook met 'n mes gespeel het en Moeder met my geraas het. Sy vinger het gebloei maar daar was geen gehuilery nie. Wentzel was seker op hierdie stadium in graad 1 of 2.

Soos reeds genoem, het ek toe nie veel met my broers of met Vader te doene gehad nie. Moeder is die figuur wat tot op hierdie stadium prominent uitgestaan het.

*Van vakansies, kerk, skool, ensovoorts is daar geen gebeurtenisse wat ek tydens dié tydperk kan herroep nie. Ek het geen begrip hiervoor gehad nie. Dit was dinge wat eers later op my 'n indruk gemaak het. Ek kan onthou dat lank nadat ons van die Oos-Transvaalse dorp verhuis het, ek die begrip "kerk" begin verstaan het, soos 'n kind van daardie ouderdom natuurlik. Ek het, hoewel ek op daardie stadium nog nie kon lees of skryf nie, 'n Bybel en gesangeboek kerk toe geneem. Ek sou dan wanneer daar gesing word my eie woorde opmaak en dit luidkeels laat hoor het tot my ouboet se grootste verleentheid.*

*Vroeg in my vyfde lewensjaar het ons toe vanaf die Oos- na die Noord-Transvaalse dorp verhuis. Die adres is tot vandag toe nog bekend. Die huis het soos vanmelewe se huise daar uitgesien. Voor die huis was daar 'n sipreslaning. Die kleinhekkie was reg (in lyn) oor die voordeur en die groothek was aan die linkerkant daarvan. Voor die huis was daar blombeddings en dan het die stoep met sy twee ruim stoepkamers gevolg. Dit was asof alles in die styl waarop die huis gebou was simmetries was. Die twee stoepkamers het deure gehad wat uitgeloop het op die voorstoep en in die huis. Wanneer jy deur die voordeur gegaan het, was daar nog twee kamers aan albei kante en verder af nog twee. Hierna het die sitkamer, die badkamer, kombuis en spens gevolg. Aan die linkerkant van die huis, 'n paar meter weg, was die buitegeboue. Die geboue het bestaan uit 'n bediendekamer, toilet, en nog twee ander groot vertrekke. Agter hierdie geboue was daar 'n waterleivoor wat gedurigdeur die helderste water gehad het. Ek het altyd geglo dat die feetjies en kaboutertjies snags in die voor speel. Moeder het altyd en Vader soms vir ons kinders die verhaal vertel van die feetjies en kabouters wat in die nag op die maan se strale gekom het en tussen die blomme en waterstrome gespeel en gedans het. Moeder het hierdie storie altyd so mooi vertel; Vader sê ek het altyd aan haar lippe gehang en 'n mens kon in my oë gesien het dat ek glo wat sy vertel. Vader was 'n baie fyn observeerder. Soos hy gesê het as ek eers daardie snaakse blink in my oë gekry het dan was dit of ek in 'n ander wêreld gelewe het. My ouboet was, in teenstelling met my, selfs in sy voorskoolse jare al baie lief vir veral avontuurverhale. Hy was nie 'n kind wat sy emosies maklik openbaar het nie. Ek onthou die dag wat ek vreesbevange by my pa en ouboet aangehardloop gekom het en hulle vertel het dat daar 'n krokodil in die voor is en dat hy sekerlik al die feetjies gevang en geëet het! Hoewel ek op daardie stadium nog nie geweet het wat 'n krokodil is en hoe een lyk nie, was ek daarvan oortuig dat daar 'n krokodil in die voor was. Vader en Ouboet het gaan kyk. Dit was toe al die tyd 'n groot baber. Ouboet was vir my 'n held*

*op daardie stadium want hy het geen vrees getoon vir die "krokodil" nie. Hy het net so hard soos Vader gekeer en gegryp om die baber uit die voor in 'n emmer te kry. Ook van hierdie stadium af het ek my ouboet genader wanneer daar dinge was waarvoor ek bang was. Ek en hy het byvoorbeeld in 'n stadium 'n kamer gedeel en wanneer ek in die nag bang geword het, het ek by hom in sy bed geklim. Voorheen was ek volgens my ouers 'n nagmerrielyer en het dikwels by hulle in die hoofslaapkamer gaan slaap. Die voor het in die rivier wat omtrent twee straatblokke van die huis af was, uitgemond en die baber het vermoedelik in die voor opgeswem. Hulle het die baber gevang en in 'n dammetjie gegooi wat reg voor die huis was. Ek het daardie dammetjie soos die dood vermy. By die dammetjie was daar 'n kraan. Ek wou teen wil en dank nie naby die kraan kom wanneer Vader en Ouboet die blomtuin voor die huis natgemaak het nie. Ek het met my emmertjie om die huis geloop en water by die agterste kraan gaan haal. Ek het besef dat my ouboet meer water aandra as ek as gevolg van die distansieverskille tussen die krane. Ek het behoorlik gehardloop om net soveel water aan te dra. Wanneer Vader, ek en Ouboet in die tuin gewerk het, was Moeder altyd in die nabyheid op die stoep of in die linkerkantse stoepkamer met naaldwerk of koekbakkery doenig gewees. Vader en Moeder het hul kinders van kleintyd af geleer om as 'n span saam te werk. Ons ouderdomme en werksvermoë was in elke geval egter in konsiderasie geneem. Daar was nie so 'n ding soos Ouboet help vir Vader en ek vir Moeder nie. Alles en almal het eers aan een taak gewerskaf en dan aan die volgende taak. Daar was altyd die belofte van lekker koekies en koeldrank. Ek onthou dat my keuse altyd tussen 'n groen en rooi koeldrank was. Daardie dae was daar nog die ou EXI-aanmaakkoeldranke en die klein ANDY's-koeldranke gewees.*

*Die erf was baie groot. Dit het van een straat tot die volgende gestrek. Die agterste deel van die erf was oortrek met vrugtebome en ander tipes struike. Dit was enige kind se droom speelplek. Moontlik omdat ek kind was, was die bome vir my groter as vandag. Nogtans kon 'n paar van ons in een appelkoosboom rondklouter. Ek kan onthou dat ek ure lank onder hierdie bome kon deurbring. Die ou okkerneutboom was my geliefkoosde boom. Ek kon vir ure op een van sy takke gesit en sing het en dan ook terselfdertyd die kieste vol neute gestop het.*

*Ek het 'n groot liefde vir sang gehad. Ek moes later vir my moeder asook vir ons vriende of familie gesing het. Ek was 'n baie skaam mens wat sulke tipe dinge aanbetref het. Nogtans was ek 'n tipe kind wat met so te sê altyd al*

die pryse op kunswedstryde weggeloop het. Later op laerskool het ek ook 'n groter belangstelling in operettes getoon. Ek het ook voorkeur aan 'n monoloog of 'n mimiek gegee. In standerd 3 het ek met spraakleer en drama begin. Ek wou graag sanglesse geneem het maar my ouers was bang dat dit inbreuk op my studies sou maak. Hulle het 'n groot belangstelling in hierdie aktiwiteite van my getoon en het ook baie aanmoediging en ondersteuning gegee waarvoor ek baie dankbaar was. My ouers het ook altyd al my optredes bygewoon. My broers het nie juis 'n belangstelling in hierdie aktiwiteite getoon nie.

Ek het altyd al die okkerneutdoppe bymekaar gemaak en in 'n holte aan die een kant van die boom gesit. Ek het reeds sedert hierdie ouderdom 'n belangstelling getoon in die versameling van voorwerpe (artikels) maak nie saak wat die waarde daarvan was nie. Natuurlik tot Moeder se grootste ergernis want sy was die een wat daarvan ontslae moes raak wanneer my belangstelling weggekwyn het.

Daar was ons bure, oom Gert en tannie Pop. Hulle het op daardie stadium vier seuns gehad. Stompie was die oudste, Herman was my ouboet se maat en dan Christo en Bennie. Ek kan onthou dat Stompie al op daardie stadium gewerk het. Hy het altyd oor naweke vir my gewys hoe om vinkneste af te haal of hoe om vinke te vang terwyl hulle nog in hulle nessies was. Die bome in die tuin was vol vinkneste. Ek was baie lief vir Stompie. Ek was altyd uit my kassie as Stompie vir ons kom kuier het. Ek het altyd op sy nek rondgery. Dinge waarvoor Vader nie tyd gehad het nie, het Stompie vir my gedoen. Ek kan onthou dat hy een keer verjaar het en hy met sy verjaarsdagpartytjie gesorg het dat ek 'n rooi koeldrank kry. Hy was nou behoorlik soos 'n peetpa vir my. Stompie het sommer net eendag weggeraak. Tannie Pop het toe vir my vertel dat hy op 'n ander, baie ver dorp gaan werk het. Ek kan nie onthou of ek hartseer was of gehuil het nie. Net voor hy weg is, het hy eendag met 'n rubberslang by ons aan huis gekom. Ek het my so geskrik dat ek begin vloek het; seker my eerste vloekwoorde. Ek het om die huis gehardloop en in die ou okkerneutboom geklim. Ek kan onthou dat Moeder daar met my kom praat het oor my vloekery. Sy het ook gewonder waar ek daaraan kom. Ek het vir haar vertel van die seun skuins oorkant die straat wat sulke woorde gebruik het. Vader en Moeder het tot op hierdie stadium van ons lewe nooit enige straf uitgedeel wanneer ons vir 'n eerste keer 'n verkeerde ding gedoen het of lelik gepraat het nie. Hulle sou altyd eers mooi haarfyn uitgevind het waar, hoe en wanneer ons die verkeerde dinge geleer het, dan sou hulle die verkeerdheid aan ons verduidelik en as dit dan weer gebeur sou hulle ons 'n goeie kinderloesing gee. Vader sou

ons kamer of badkamer toe geneem het en met 'n plak ons boude warm geklop het. Nadat sy my uit die boom gehelp het, het Moeder en Vader met die seuntjie se ouers gaan praat. Daarna het die seuntjie my geslaan omdat ek vir my ouers vertel het dat ek dit by hom gehoor het. Dit het my ook 'n les geleer om nie altyd te sê wat ander kinders sê nie.

Ek onthou ook nog my eerste Kersgeskenk. Vader en Moeder het ook altyd vir ons die tradisionele storie van Kersvader vertel. Die gedagte daaraan en waarom Kersdag gaan, was baie vaag, moontlik omdat ek nog bitter jonk was. Ouboet was toe ouer en het van beter geweet. Almal moes vir Ouboet vra om vir Kersvader 'n briefie te skryf en vir hom te vertel wat hy graag vir Kersfees wou gehad het.

Vader en Moeder het ons kinders gereeld in die aand (minstens een keer 'n week) vir 'n wandeling deur die dorp geneem. Dit was dan ook vir my die hoogtepunt van die week gewees. Elkeen het gewoonlik met die terugkeer 'n roomys gekry. Ek was altyd mal oor 'n pienk "cone".

Pienk was vir my nog altyd die mooiste kleur. Dit het ook nie soseer net om die roomys gegaan nie maar oor 'n pop wat in een van die winkelvensters was. Dit was 'n slaappop. Sy het blonde hare gehad en 'n Skotse ruitpatroonrokkie aangehad met rooi, swart en groen kleure. Terwyl die pop nog in die venster was, het ek haar die naam Tad gegee. Dit was my hartsbegeerte om ook so 'n pop te hê. Vader en Moeder het later besef dat ons langer by hierdie venster moes vertoef.

Vandag nog is pienk my geliefkoosde kleur. My kamer was vir 'n geruime tyd oorwegend pienk en bruin en vandag nog kom my voorkeur vir pienk in my slaapkamer voor. In 'n stadium was daar ook pienk gloeilampe in die hoofdaklig. My broers kan my liefde vir pienk nie verwerk nie. Hulle sal altyd 'n aan- of opmerking daaroor maak. My ouers en suster sowel as my twee skoonsusters sal altyd die teenoorgestelde te sê hê. My ouboet se vrou het nou die dag nog gesê dat dit haar idee van 'n slaapkamerkleurskema is - lig, sag en strelend. Ek laat egter nie toe dat die uitlatings van my broers my gemoed onstuimig maak nie, pienk is vir my mooi en mooi bly vir my mooi en hou my gelukkig.

Selfs vanaf my vroegste kinderjare het ek 'n groot belangstelling in die godsdiens getoon. My ouers het my in dié opsig bygestaan, nie net vir my nie maar

ook vir my broers. As kinders het Vader vir ons altyd in die aand uit die Kinderbybel (wat ek vandag nog besit) gelees, en dan het Moeder ons bygestaan met ons gebedjies. Sy het ons voorgesê en later namate ons die kindergebed leer ken het, het ons dit in ons ouers se teenwoordigheid opgesê. Ek het eendag vir Vader gevra wie die Liewe Jesus is en dan het hy die Kinderbybel geneem en vir my al die illustrasies gewys om vir my aan te toon dat dit iemand is wat net goed aan almal doen. Ek kan onthou dat as enigiemand iets omtrent Jesus gesê het, ek altyd die heel laaste illustrasie waar Jesus met die wolk om sy voete hemelwaarts gevaar het, in my geestesoog opgeroep het. Dit was 'n man met mooi hare en 'n baard met 'n lang wit rok aan, amper so iets soos wat die dominee elke Sondag aangehad het maar net wit.

Ek het dan ook een aand vir Liewe Jesus gevra om vir Kersvader te vertel dat hy Tad vir my moes bring as 'n Kersgeskenk. Ek het natuurlik geen begrip van Kersfees gehad nie behalwe dat 'n mens geskenke kry. Ek kon dan ook nie verstaan hoekom dit so lank neem voor dit Kersfees word nie. Selfs hier in my vroeë kinderjare het ek 'n mate van ongeduldigheid begin toon wanneer sake of mense of selfs tyd verby gesleep het. Ek is vandag 'n persoon wat daarvan hou dat alles wat ek doen of beplan doelgerig en drasties progressief moet wees. My moeder sê dat ek hierdie eienskap van haar oorgeërf het want sy was ook geneig tot hierdie gedrag.

Vandag, veral in my beroep, word ek gereeld oor die vingers getik omdat ek altyd myle ver voor die res van die groep is. Dit het egter ook al bygedra tot verskeie toekennings wat ek as erkenning vir flinke diens verower het. Op die oomblik is ek die houer van 'n ere-toekenning in die vorm van 'n medalje wat ek tydens my eerste studentejare verower het as erkenning van dienste wat ek tot op daardie stadium gelewer het.

Dit het ook toe gebeur dat ons weer "windowshopping" gaan doen het, en tot my grootste skok was Tad weg. Ek het baie gehuil en my ouers was verplig om my terug huis toe te neem.

Eendag het Ouboet my kom roep want hy wou my iets wys. Gedurende hierdie eerste voorskoolse jare was ek Ouboet se vertroueling. Hy sou baie van sy geheime aan my oorvertel het. Op die oomblik is hy egter geneig om my opsy te stoot.
Dit is moontlik daaraan te wyte dat hy nou getroud is en dat sy vrou nou sy geesgenoot is en meer erkenning as ek geniet. Dit bring egter geen gevoel van

verstoting of verwyt by my tuis nie. Moontlik kan die feit dat ek gay is en dat hy kennis daarvan dra ook 'n bydraende faktor wees vir hierdie verbrokkeling van ons vertrouensverhouding. Saam het ons na die stoepkamer gegaan. Hy het die deur gesluit om vir my te wys dat Pappa en Mamma ons Kersgeskenke gekry het. Alles was in Moeder se linnekis gepak. Ek en Ouboet het eers 'n woordewisseling gehad oor die Kersvaderstorie en gou het hy my oorreed dat dit nie so is nie en dat Moeder en Vader verantwoordelik is vir die geskenke. Ek dink op daardie stadium was ek te nuuskierig om die geskenke te sien en het ek Ouboet se stories vir soetkoek opgeëet.

Ek sal die blydskap wat ek ondervind het seker nooit in my lewe kan vergeet toe ek vir Tad bo in die kis gewaar het nie. Dit was nou alles behalwe wat ek verwag het! Ek het ook nie eers ondersoek ingestel na die res van die geskenke nie. Net die blye versekering dat Tad nou in die besit van my ouers was en myne gaan word was genoeg. Dit is ook van hierdie vroeë kinderjare af wat ek begin begryp het dat 'n mens versoeke aan die Here kan rig wanneer jy regtig 'n groot behoefte aan sekere dinge het.

Oukersaand het ten einde laaste aangebreek. Elke kind (ons was toe net drie kinders) moes 'n kous vol koekies, lekkers, 'n koeldrank en natuurlik 'n Kerskaartjie vir Kersvader laat. Hier het toe twyfel by my ontstaan of Kersvader dan regtig bestaan of nie. In elk geval, middernag het Vader en Moeder ons kom wakker maak soos vooraf met ons gereël is. Tot my verbasing was Tad langs my kous en nie alleen nie. Daar was ook 'n teestelletjie en 'n potte-en-pannestel. Ek was in die sewende hemel. Dit was vir my kinderhartjie net een te veel! Ek kan onthou dat Kersvader al die koekies, lekkers en koeldrank gedrink het. Dit het weer die twyfel oor Ouboet se verwysing na die oorsprong van die geskenke aangewakker. Ek het toe maar weer met geskenke en al in die bed geklim en net soos vandag nog maklik aan die slaap geraak. Die volgende dag het ek my geskenke vir oom Gert en tannie Pop gaan wys. Hulle het dit egter as 'n groot grap beskou en daaroor gelag. Dit was dan ook die laaste keer wat ek by hulle aan huis was. Later jare het ek verneem dat oom Gert en tannie Pop al twee baie sieklik geword het. Oom Gert as gevolg van sy drinkery waarmee hy begin het nadat ons van die Noord-Transvaalse dorp af verhuis het en tannie Pop as gevolg van hartprobleme.

Ek en Ouboet was, soos reeds genoem, goeie maats. Ek kan van geen bakleiery gedurende ons voorskoolse jare onthou nie. Ek kan nie eers onthou of ons

*enigsins woorde gehad het nie. Ek onthou my ouboet as iemand wat ek nie baie gesien het nie. Waar hy altyd was, weet ek nie. Hy was eintlik vir my 'n maat maar op 'n heel ander wyse, die een sou hom byvoorbeeld nie op die ander afgedwing het nie. Die een sou ook nie die ander afgeknou het nie. Daar was 'n mate van besorgdheid by albei van ons oor "jou broer". In baie opsigte was ons mededeelsaam. Ek kan net onthou dat Ouboet, toe op daardie stadium in graad 2, en Herman (tweede oudste seun van oom Gert en tannie Pop) een oggend handgemeen geraak het. Ek kan onthou dat ek vir Moeder gaan roep het - Vader was by die werk. Blykbaar het die bakleiery ontstaan omdat Herman van Ouboet se speelgoed geneem het en toe Ouboet dit op sy beurt wou terugneem het Herman baie opgewonde geraak en vir Ouboet betrek. Ouboet was die tipe mens wat maklik onderskat kon word. Ou Herman het gou gesien dat hy 'n fout gemaak het. Moeder het intussen daar aangekom en albei van hulle berispe. Tannie Pop het vir Herman kom haal. Wie haar gaan roep het weet ek nie. Ek kan onthou dat Moeder en tannie Pop gesels het waarna ons huis toe is waar Moeder met Ouboet in die kamer gepraat het. Ek was bly dat Ouboet vir Herman 'n pak slae gegee het. Later het ek vir Herman weer jammer gekry want hy het toe skynbaar ook 'n pak slae by sy ouers gekry. Hierdie insident moes hom tydens die skoolvakansie of oor 'n naweek afgespeel het want Ouboet en Herman was gewoonlik daardie tyd van die dag in die skool. Ek was op daardie stadium ongeveer vyf jaar oud.*

*Van Sondagskool en kerk kan ek nie baie onthou nie. Sondae het vir my bestaan uit 'n roetine wat my nie baie geval het nie. Ons moes vroeg opstaan, bad en dan geel haarolie aansmeer waarvan ek nie gehou het nie omdat my hande daarna altyd olierig was. Dan moes ek my donkerkleurige broek en baadjie met my wit hempie aantrek en in die sitkamer gaan sit het. Moeder het my in hierdie proses bygestaan. Ek het dan later tussen Moeder en Vader met Ouboet aan Vader se sy kerk toe gestap - dit was nie baie ver van ons huis af nie, ongeveer twee tot drie straatblokke ver. Ek kan onthou dat dit 'n lang sit was. Moeder en Vader het my later vertel dat ek die grootste deel van die erediens geslaap het. In die begin het ek na die diens saam met Moeder huis toe gegaan terwyl Vader en Ouboet vir die Sondagskoolsessie agtergebly het. Snaaks ek kan nie onthou of my jonger broertjie saam met ons gegaan het nie. Moeder het later by die huis gebly want my jongste broertjie was toe op pad. Ek moes toe saam met Ouboet en Vader gaan en by Ouboet in die kerk sit want Vader het toe alreeds op die kerkraad gedien. Ouboet het altyd vir my ook die gesangeboek gehou en dan het ek op my manier gesing. Op hierdie stadium kon ek nog nie*

*lees of skryf nie en kan onthou, asof dit gister was, dat ek altyd van die feetjies, kabouters en hasies gesing het. Ouboet het later vir my gesê dat ek liewer nie moet sing nie want ek sing verkeerd. Ek het dit vir Moeder en Vader vertel. Of hulle met Ouboet daaroor gepraat het weet ek nie. Ek onthou net dat Moeder later vir my "Jesus min my salig lot" geleer het en dat ek dit elke keer gesing het wanneer die ander mense in die kerk gesing het. Na die erediens het ek by Vader gaan sit terwyl hy vir die kinders Sondagskool gehou het. Ek was later ingedeel by die voorskoolse Sondagskoolklas. Alle antwoorde en storietjies wat die Sondagskoolonderwysers vir ons vertel het, het ek reeds geken. My tekste het ek gewoonlik goed geken. Dit was Moeder se verantwoordelikheid om my daarmee te help. Sy het later in my lewe vir my vertel dat sy die teks "Laat my lammers wei" nooit sal vergeet nie, omdat ek glo baie driftig was oor ons wat lief was vir die Liewe Jesus, "lammers" genoem word.*

*Intussen het my jonger broertjie Hardus begin loop. Hy was op hierdie stadium sowat twee jaar oud. Hardus het natuurlik Vader se name gehad en was moontlik daarom ook Vader se oogappel. Ek en Ouboet moes veral van hierdie stadium af begin ligloop om nie vir Hardus per ongeluk in ons speelproses seer te maak of veroorsaak dat hy vir een of ander rede begin huil nie want dan was die duiwel behoorlik los. Hy het sy sin in alles gekry. Hy was maar 'n baie tingerige seuntjie wat ook maklik siek geword het. Ek en Ouboet het later geleer om uit Hardus se pad te bly, om hom nie in ons spelery te betrek nie want die gevolge sou tog net 'n goeie loesing vir albei ons twee oudstes wees. Dit het toe ook gebeur dat ek en Ouboet begin slae kry het. Vader het ons van toe af behoorlik gelooi vir wat, in ons kinderoë, glad nie verkeerd was nie. Hierdie verandering in ons pappa se gedrag was vir ons onverklaarbaar. Eendag het ek en Ouboet weer 'n goeie loesing gekry omdat ons die middag bioskoop toe was en vir Hardus saamgevat het. Hy het al huilende saam met ons by die huis aangekom. Die bioskoop was omtrent ses tot agt straatblokke van ons huis af. Daardie dag is daar 'n film vertoon wat gehandel het oor 'n koningin wat mense vir leeus gevoer het. Ek kan onthou dat ek maar self bang geword het. In elk geval, vandag nog onthou ek daardie loesing omdat ons nie ons optrede kon verduidelik nie.*

*Ek het, as ek nou terugdink, reeds hier my eerste vrees vir mense opgedoen. Ek het intussen ses jaar oud geword. Ek is skool toe. Ek het nie soos die ander drie seuns aan die huil gegaan en aan Vader en Moeder vasgeklou nie.*

*Moeder het my vertel dat ek behoorlik gretig was en maklik by my skoolomgewing ingeskakel het.*

*My eerste onderwyseres was 'n oujongnooi wat twee blokke van ons af gewoon het. Sy het onder andere ook skoliere by haar gehuisves. Sy was 'n dierbare mens maar tog het ek vir haar 'n vrees gehad. Ek kan nie onthou dat ek toe enigsins met enige van die ander kinders kontak gemaak het nie.*

*Wat ek wel onthou was dat Ouboet my gedurende speeltye kom soek het. Hy het vir my verduidelik waar ek vir hom moes wag sodat ons saam huis toe kon gaan. Hy was toe in st. 1. Op hierdie stadium was Ouboet my vertroueling en kon ek alles met die grootste vertroue aan hom oorvertel sonder dat hy dit eers vir Vader en Moeder sou vertel het of vir enigiemand anders. Daarom het ek vir hom vertel dat ek bang was vir my onderwyseres en dat dit die rede is waarom ek saans my broekie natgemaak het. Ek kan onthou hoe hy my pouses kom haal het en saam met my na die toilet gegaan het sodat ek my blaas kon ledig. Ek het soms nog glipse gehad en dan het hy my in die son laat staan sodat ek kon droog word. Een middag was my broekie nog nie heeltemal droog toe ek by die huis kom nie. Moeder het dit gewaar. Sy het nadat ek en Ouboet ons middagete gehad het met my in die kamer kom praat. Ek het toe vir haar vertel dat ek die vrees vir my onderwyseres het. Die volgende dag het Vader vir ons skool toe geneem. Ek neem aan dat hy met my onderwyseres gepraat het, want van daardie dag af het sy my kort-kort toilet toe geneem. Daar het toe 'n redelike verhouding tussen ons ontstaan. Solank sy my net nie direk betrek het nie, het ek aan haar lippe gehang en my broekie het droog gebly.*

*Later met die skrywery moes elke kind (individueel) by haar tafel gaan staan het en sekere letters en syfers op blokkiespapier maak. Die ou vrees het weer teruggekeer. Ek kan onthou dat ek begin bewe het by haar. Dit het al erger geword. Later het sy die ander onderwyseres in die klaskamer langsaan gaan roep, sy was ons predikant se vrou en ek moes toe by haar staan en leer skrywe en tel. Ek het egter ook by haar gestaan en bewe. So het dit aangehou tot baie laat in my lewe - wanneer ek direk en individueel gekonfronteer is, het ek 'n bewerasie begin kry.*

*Die moeilikste syfer om te maak was 'n twee. Ek kan onthou dat ek baie blokkiespapier huis toe geneem het en dat ek elke middag saam met Moeder rye en rye twees moes maak. Herman het een middag by ons kom speel (dit was toe*

seker amper 'n jaar nadat hy en Ouboet baklei het) en hy was die persoon wat my dit laat regkry het om 'n behoorlike twee te maak. Ek en Herman het toe groot maats begin word. Hy was ongeveer tussen twee en vier jaar ouer as ek.

Met die skoolganery het my vrye tyd al minder geword. Huiswerk het nou die tyd wat ek gewoonlik agter in die groot tuin deurgebring het, verorber. Tog het ek dit geniet om veral te skryf. Moeder het my 'n baie goeie fondasie gegee om my studies op te bou. Sy was die een wat my met ure se geduld bygestaan het met my leeslesse en skryfwerk. Ek het, altyd by haar in haar naaldwerkkamer met my boeke gaan sit. Of sy werklik na al my lesse geluister het sou ek nie kon sê nie, want dit was 'n absolute herhaling op herhaling totdat sy met die aandete moes begin of totdat ek verveeld met myself geraak het.

Vader het op daardie ouderdom nie veel in my skoolaktiwiteite belanggestel nie. Ouboet sou nog in 'n mate sy belangstelling saam met Hardus gedeel het. Ek het my meer en meer tot my moeder gewend. Vader het al meer en meer 'n vrees by my ingeboesem. Hy kon my emosies maklik omkrap. Moeder het seker agtergekom hoe ek teenoor Vader begin voel het want sy kon soms wanneer ons twee alleen was my styf teen haar vasdruk en my van haar moederliefde verseker en dat ek net haar kind was en altyd sou bly.

Ek het later ook saam met haar begin naaldwerk doen. Dit het my, soos ek dit nou sien, groter sekuriteit en beter erkenning gegee. Sy het my die nodige lof toegeswaai wanneer ek iets uit lappies of ander afvalmateriaal vir my pop, Ted, gemaak het. Dit was vir my baie lekkerder om saam met haar iets te doen as om saam met Vader en die ander twee broers in die tuin te werk. Ek het ook nie meer daardie ding in my gehad om net soveel as Ouboet te doen wat die werksopset aanbetref nie. Vader het ook nie meer probeer om ons seuns as 'n span te laat saamwerk nie. Inteendeel, ek was vir 'n paar jaar glad nie betrek by hulle drie se aktiwiteite nie. Moeder se teenwoordigheid was vir my as 'n sesjarige kind oorgenoeg. Daar het 'n soort spesiale band tussen my en haar gegroei. Ek het in haar geglo, sy was vir my die alfa en die omega.

Ek kon ure saam met haar deurbring sonder om enigsins verveeld te raak of die teenwoordigheid van my eie ouderdomsgroep te mis. Inteendeel, ek het al selfs op skool begin om nie meer soos in die verlede speeltye vir Ouboet te gaan soek om by hom te sit sodat ons, ons toebroodjies saam kon eet nie. Daar was nie 'n gemis of verlange na die res van my maatjies en broers se kinderplesier

*nie. Ek het later my eie roetine gehad wat hoofsaaklik uit drie fases bestaan het, naamlik skool toe, om by Moeder te wees en om te slaap, waarvan die aangenaamste was om by my moeder te wees. Moeder het my vertel dat ek maklik kwaad geword het indien sy iets sou gedoen het en ek nie teenwoordig was om dit saam met haar te doen nie. Alreeds op hierdie stadium het die bestaande bande tussen my en my twee broers slap geword. Hulle het my vermy en van my begin vergeet in hulle doen en late. Soos nou gesien, het dit my nie gehinder nie aangesien my en Moeder se samesyn genoeg was. Ek kan amper sê dat tot en met my sesde tot agtste jaar ek nie veel van hulle doen en late kan onthou nie. Hulle was net daar, het skool toe gegaan, kindersiektes gehad, hulle eie maats gehad en ouer geword. Hulle was Vader se twee rakkers. My vrees vir Vader en my liefde vir my moeder was al wat ek kan laat uitstaan gedurende hierdie vroeë skooljare van my.*

*Vader het nog steeds voortgegaan om snaaks teenoor ons kinders op te tree. Hy het nog vir ons kwaad geword vir die geringste wat ons verkeerd gedoen het met die gevolglike loesing wat nie gou vergete geraak het nie. Dit was altyd vir my die onverstaanbaarste ding gewees dat ek altyd saam met die ander twee kinders moes slae kry vir wat hulle verkeerd gedoen het al het ek die hele dag by Moeder gesit en huiswerk doen. Dit kan ook moontlik wees waarom ek hierdie twee broers van my vermy het. Moeder se antwoord oor hoekom ek altyd ook slae moes kry, was dat ek moes kyk dat hulle nie kwaad doen nie. Dit het nie dadelik by my posgevat nie maar het wel later in my lewe na vore gekom: dit het hulle in 'n mate afhanklik van hulle "moffie-broer" gemaak.*

*Moeder het vir my al vetter en vetter geword. Ek kan onthou dat ek vir haar gevra het hoekom sy so van postuur verander het en het haar selfs met die ander tannies in die buurt vergelyk. Sy het my vertel dat ek 'n boetie of dalk 'n sussie gaan kry maar nooit vertel dat hierdie nuweling verantwoordelik was vir haar liggaamsverandering nie. Die wete dat die ooievaar gaan kom het my baie opgewonde gelaat. Ek het net so hard as wat Moeder vir die nuweling goedjies gemaak het, vir Tad klere en dingetjies gemaak. Hierdie ou pop was altyd by my behalwe in die oggend gedurende skooltyd. Sy het saam met my geëet, gebad en geslaap. Ek glo nie daar was nog so 'n stukkie plastiek wat soveel aandag en toewyding gekry het as Tad nie.*

*Vader se teenwoordigheid of afwesigheid het nie vir my baie saak gemaak nie. Hy was maar net altyd daar besig met een of ander takie. Ek was uiters bewus*

van die feit dat daar iewers iets verkeerd was toe Vader een oggend by die huis gebly het. Ons kinders moes gaan speel het, en net soos kinders is, het ons alles behalwe dit gedoen. Die omstandighede daardie dag was so anders. Later aan het juffrou Orpa, my onderwyseres, ons kom haal want ons moes die dag by haar gaan kuier het. Daar was baie hoekoms en waaroms maar dit was almal beantwoord op 'n wyse wat 'n kindergemoed rustig gemaak het. Later die dag het Vader ons kom haal en vir ons vertel dat daar 'n baie groot geskenk vir ons almal gekom het. Natuurlik was ons kinders baie opgewonde. Dit was net ek en Ouboet wat weggeneem is. Hardus het by die huis gebly. Hy was altyd by sy pa. Nooit het enigeen van ons twee gedink dat dit nog 'n familielid gaan wees nie. Ons het in terme van speelgoed of koeldrank en sulke dinge gedink.

My verbasing was groot, tog kan ek nie onthou wat die ander se reaksies was nie. Ek was nie teleurgesteld of bly nie. Dit was vir my net 'n babatjie wat by Moeder gelê het en wat nou 'n broertjie van ons was. Ek kon nie verstaan hoekom ons nie by die huis kon bly nie. Vader se storie was dat indien ons die ooievaar sou sien wat vir ons, ons jongste broertjie gebring het hy nie weer 'n baba sou bring nie. Dit was genoeg vir my gewees om Vader en Moeder te vergewe. Hierdie broertjie van my is dan ook vernoem na 'n oom aan moederskant. Net soos ek, het hy ook vandag 'n dieper belangstelling in die mooi dinge in die lewe behalwe dat hy miskien 'n bietjie te veel agterlosig is vir sy ietwat geniale brein. Koosman of Koos, soos hy later genoem is, sal dit seker nog baie ver in die lewe bring.

In elk geval, met Koos se koms het ieder en elk van ons ander drie kinders minder aandag gekry as gevolg van die tyd wat sy versorging in beslag geneem het. Ek was toe nog steeds in graad 1 en het nie juis veel huiswerk gehad nie. Moeder was nie meer so baie in haar naaldwerkkamer doenig nie. Haar aandag was by die nuwe suigeling en soos enige ander kind het ek begin soek na geselskap en iemand om mee saam te wees. Hierdie verandering het my vryetydsbesteding heeltemal verander. My broers het nie met my gespeel nie, of sal ek sê dat hulle tipe speletjies, karretjies en plaas-plaas my nie aangestaan het nie. Ek het ook begin om stout te wees. Daar was ook nou te veel vrye tyd om my kinderverstand en energie besig te hou.

Ek kan tot vandag toe onthou hoe ek Moeder se grimeertassie gegaps, in haar naaldwerkkamer gaan sit en met die "cosmetics" begin doenig begin raak het.

*Ek sou seker vir die res van die gesin soos 'n sirkusnar gelyk het, maar vir myself het ek egter pragtig gelyk, totdat ek die grimering moes afwas. Dit was nou vir jou 'n ding! Ek kon nie badkamer toe gaan nie want dan sou hulle my gesien het. Dinge kon toe nou nie links of regs nie en ek het toe in die groot bruin ingeboude kas geklim en daar weggekruip. Vir my was dit 'n baie lang sit in die donker kas - hoe lank ek daar gesit het kan ek nie sê nie. Ek kan onthou dat ek hier reeds bang begin word het vir die donker en het die kas-deur kort-kort oopgemaak. Vandag nog wanneer dit baie donker is, dink ek terug aan daardie dag. Ek het later met my vrees en al vir die visdam voor die huis met die krokodil (baber) in, dit gewaag om my gesig daar te gaan probeer was. Dit het alles natuurlik net vererger. Soos alle ander ouers het Moeder en Vader oor my bekommerd geraak en begin soek. Moeder het eerste onraad gemerk toe sy haar grimeertassie begin soek het. Sy het dit later in die naaldwerk-kamer gevind en so ook 'n natgehuilde besmeerde gesiggie. Soos sy later vir my vertel het, was die donker kas en vrees 'n groot genoeg straf. Vader het egter baie hard met my geraas en 'n pak slae beloof indien ek weer stout sou wees. Moeder het my gebad en daardie aand is ek vroeg bed toe.*

*My broer, Ouboet het reeds op hierdie stadium na my verwys as 'n "sissy". Hardus was natuurlik te klein om sulke dinge te verstaan of opmerkings daaroor te maak.*

*Hardus was nou baie meer by Moeder en Koosman. Hulle het seker baie meer in gemeen gehad. Vandag kan 'n mens onmiddellik in 'n geselskap waar Koos en Hardus aanwesig is, agterkom dat die twee geesgenote is. Hulle het en doen nou nog alles saam, hetsy of dit reg of verkeerd is.*

*Ek kan nou verstaan dat ek ook op daardie stadium 'n tipiese stout kind was want daar was niemand wat my aandag kon aflei nie. Ek het ook soos Ouboet en Hardus 'n bydrae begin lewer tot die pak slae wat sou volg. Ek kan nie onthou dat ek ooit gesien het hoe Moeder vir Koos versorg het nie. Al wat ek kan ont-hou was dat ons toe vir 'n baie lang tyd alleen kerk toe moes gaan. Moeder het ons net nog elke aand bygestaan in ons gebedjies-op-sê. Daar was ook nie nou meer stories in die aand nie.*

*Herman het later een van my maatjies geword alhoewel hy baie ouer as ek was. Hy moes toe tussen 10 en 15 jaar gewees het. Herman het Ouboet se plek inge-neem. Ek het 'n soort vertrouensverhouding met Herman gehad. Hy was ook die*

*een wat my sou kom haal wanneer hy dorp toe gegaan het, met Moeder se toestemming natuurlik. Ons het baie dingetjies saam gedoen. Herman was ook altyd die outjie wat van al die dinge geweet het wat in die dorp aangegaan het.*

*Wanneer ons bioskoop of sirkus toe gegaan het, het ek altyd langs Herman gesit. Herman was my "hero". Ek het ook, soos reeds genoem, nooit weer na sy ouers, oom Gert en tannie Pop gegaan nie want ek was bang dat hulle weer vir my sou lag soos die Kersdag wat ek my geskenke vir hulle gaan wys het.*

*Herman is vandag volgens Ouboet 'n baie gelukkig getroude man met twee kinders. Hy, Herman, was dan ook die eerste man met wie ek as ses-sewejarige kind 'n homoseksuele verhouding gehad het - nie in die sin dat ek dit verstaan het of besef het nie. Dit was net iets wat tussen ons gebeur het. Ek kan onthou dat Herman een middag net na skool by my kom speel het. Dit was in die somermaande want ons het op my voorstel in die tuin gaan vrugte eet. Waar Ouboet en die res van die gesin was, kan ek nie onthou nie. Soos vroeër genoem, was die tuin baie ruig met al die struike en vrugtebome. Nadat ons vrugte geëet het, wou ek teruggaan huis toe maar dit is toe dat Herman begin het met dit wat ek toe nog nie verstaan het nie. Hy het gesê ons moes tussen die struike gaan staan waar hy sy geslagsdele uitgehaal en daarmee begin speel het. Hy het later ook met myne begin speel. Ek moes toe nadat hy my gewys het met sy geslagsorgane speel. Dit was 'n gewone masturbasieproses alhoewel dit grotendeels daarop gemik was om hom (alleen) 'n klimaks te laat bereik. Dit was vir my baie vreemd want tot op daardie stadium was ek nog nie bewus van my geslagsorgane nie. Ek het ook geen gevoelsverandering gehad nie. Na 'n rukkie het Herman, soos ek dit op daardie stadium as kind gesien het, snaakse goed begin urineer. Ek kon dit nie verstaan nie maar Herman het my dit baie gou laat verstaan. Hy het my ook laat belowe dat ek nooit vir enigiemand moes vertel wat tussen ons gebeur het nie. Dit is die belofte wat ek tot vandag toe gehou het. Geeneen weet daarvan behalwe ek en hy nie; ek het nie soos in die verlede vir Moeder of enigiemand anders vertel of vrae daaroor gestel nie.*

*Hierdie masturbasiesessies van Herman was baie gereeld. Hy sou net na my toe kom en vir my vertel dat ons moet gaan speel of vrugte eet en dan het ek geweet wat wag. Die snaakse ding op daardie stadium vir my was dat Herman hare om sy geslagsdele gehad het en ek nie. Dit was nie vir my verkeerd nie, inteendeel ek was baie lief vir ou Herman. Daar was geen vergoedingsaspekte nie. Herman se vriendskap was vir my oorgenoeg. Ons vriendskap op daardie stadium het nie*

net uit hierdie seksuele sessies bestaan nie maar ook uit baie ander dinge wat deel uitmaak van enige ander kind se kinderlewe.

### 3.4 1958-1959: 7-8 JAAR

Kort voordat ek my eksamens vir my eerste skooljaar moes skryf, is Vader weer verplaas. Hierdie keer het Moeder en ons kinders agtergebly totdat Vader alles op ons nuwe dorp gereël het. Omtrent 'n maand nadat hy weg is, het die res van die gesin gevolg.

Die afskeid aan vriende en ander geliefkoosde dinge, soos my okkerneutboom, was hierdie keer vir my baie makliker; ek het die omgewingsverandering baie makliker aanvaar. Ek onthou nog die lang treinrit. Ouboet het ons kinders gedurig van die treinvenster af weggehou. Soms het dit sover gegaan dat wanneer ek by die venster wou uitkyk, hy my vasgehou het. Dit het egter geen aggressie of enige ander emosies by my aangewakker nie. Inteendeel, daardie tyd het ek nog vir Ouboet geluister as hy my teen iets gewaarsku of met my gepraat het. Ek kan onthou dat ons in die nag op die Wes-Transvaalse dorp aangekom het.

Die proses van eksplorasie van die nuwe omgewing het in die volgende paar dae begin. Ek en my broers moes help net waar ons kon. Die nuwe huis was vir my 'n belewenis gewees aangesien dit so anders was as die huis waarin ons in die Noord-Transvaalse dorp gewoon het. Die vensters was groter en dit was vir my baie opvallend, veral in die nag. Ek was gewoond dat my vorige kamer baie donkerder was as die een waarin ek toe my nagrus geniet het. Die erf was kleiner en die huis groter. Ek kan onthou dat daar by my 'n groot vreugde was toe ek ontdek het dat daar ook 'n okkerneutboom was.

Moeder en Vader het ons nie toegelaat om alleen na die kafee en ander plekkies te gaan nie. Ons was toe meer beperk in ons bewegings gewees met die gevolg dat ons nie gou nuwe maatjies gemaak het nie. Die rede vir hierdie inkorting was toe te skryf aan die feit dat ons van 'n baie klein dorpie na 'n groter en bedrywiger omgewing verhuis het en die gevare vir kinders baie groter was.

Soos reeds genoem, het ons in die laat najaar verhuis met die gevolg dat ons moeilik aangepas het by ons nuwe skool se leerplan. Die eksamens was so te sê op hande. Ek kan onthou dat ek ook baie meer boeke gekry het as by my vorige

*skool en ook heelwat meer tyd aan my huiswerk moes spandeer. Dit het ook bygedra tot die feit dat ek eers later nuwe maatjies gemaak het.*

*Langs ons het 'n professor in Wysbegeerte en sy gesin gewoon. Ek kan onthou dat hulle die eerste persone was wat my aandag getrek het en by my die begeerte gewek het om met hulle vriende te maak. Miskien omdat hulle so skaars was. Die kinders was in teenstelling met ons gedurig binnenshuis. Hulle was ook baie stouter as ons gewees met die gevolg dat ek gereeld 'n loesing gekry het wanneer ek saam met hulle gespeel het. Moeder het my al op daardie ouderdom gewaarsku dat sulke kinders vir 'n mens baie probleme kan besorg, dit het ook veel later in my lewe geblyk dat kinders wat te beskermd grootgemaak word die onbekende eksploreer en op die lange duur sit met 'n sak warm patats.*

*By my nuwe skool was daar 'n aangename atmosfeer onder die leerlinge en ek het geen aanpassingsprobleme ervaar nie. Al probleem was dat ons twee seuns in dieselfde klas was met dieselfde voorname, wat soms 'n mate van onsekerheid meegebring het wanneer daar na ons op ons voorname verwys is. Later in die maand van my aankoms in die dorp het ek gou 'n onderskeid tussen die twee van ons gemaak deur my skolastiese prestasies, nie dat my naamgenoot 'n minder intelligente skolier was nie. Ek sou eerder in my praktiese vakke, voordragte, voorlees, ensovoorts uitblink.*

*Die verhouding tussen my en Ouboet het ook verander. Hy was ook nie meer die persoon saam met wie ek skool toe gestap het nie. Ouboet se klas het later as myne verdaag met die gevolg dat ek in hierdie nuwe omgewing op my eie huis toe moes stap. Ek moes onder andere ook oor en langs 'n kanaaltjie af stap. Dit was vir my ook die lekkerste gewees. Dit was altyd so rustig en stil onder die bome langs hierdie kanaal. Ek het menigte middae 'n hele vloot papierbootjies hier losgelaat en na 'n ruk huiswaarts gekeer.*

*Ek kan nie onthou dat daar in hierdie tyd enigiets besonders in die verhouding tussen my en Moeder was nie. Inteendeel, daar was nie meer daardie intieme oomblikkies soos in die verlede nie.*

*Aan die einde van die laaste kwartaal het ek geslaag met 'n gemiddelde van 94 %. Ek het ook onder andere die goue sertifikaat vir skrif en vir die beste leerling in graad 1 gekry. Ek kan onthou dat ek op Moeder en Vader se versoek hierdie twee sertifikate en my skoolrapport aan kuiergaste moes toon. Hulle was baie trots gewees op hulle tweede oudste seun se skoolprestasies!*

*Met die sluiting van die skool vir die Desembervakansie het ons eerste kindersiektes gekom. Ek en my twee jonger broertjies het met masels vir 14 dae in die bed beland. Moeder het gesê dat dit vir haar 'n baie moeilike tyd was aangesien ons nog nie heeltemal gevestig was nie. Die huis wat ons op daardie stadium bewoon het, was slegs tydelik omdat ons permanente woning nog in aanbou was. Dit het meegebring dat baie van ons dingetjies ingepak gebly het. Dit was ook die eerste keer dat enigeen van ons kinders enige kindersiektes gekry het en toe ook nog boonop almal gelyk. Komplikasies het ook gevolg - ons drietjies het 'n geweldige fotofobie ontwikkel en die gevolg was dat die grootste deel van die huis in skemerte gehul was. Die gevolg was dat ons ou moedertjie 'n absolute uitgeputte vrou na daardie 14 dae was. Sy sê ook dat ons regtig baie moeilik hanteerbaar was.*

*Ek het natuurlik ons bioskoopganery baie gemis. Waar ons op die vorige dorp binne loopafstand van die bioskoop was, was ons hier baie verder weg. Die naaste publieke fasiliteite was 'n klein kafeetjie wat plus minus vier straatblokke weg van ons was. Ek het later aan begin dink dat hierdie nuwe tuiste van ons geen winkels of ander soortgelyke fasiliteite gehad het nie. Dit was ook nie soos voorheen gewees waar kinders oor en weer gespeel het nie. Die maatjies wat wel daar was, het ook nie eers al die kinderspeletjies en liedjies geken wat ons geken het nie. In teenstelling met my maatjies op die vorige dorp was hierdie kinders baie "dood". Daar was so baie dinge wat vir my verander het; selfs die gelui van die telefoon was anders!*

*Namate die vakansie gevorder het, het die verveeldheid toegeneem. Ek het knaend aan Moeder gehang en wou weet wanneer die skool eendag weer begin.*

*Op hierdie stadium in my lewe het ek begin met observasies van die weersomstandighede. Die weer het ook begin om 'n uitwerking op my gemoedstoestand en handelinge te hê. Ek kan onthou dat ek glad nie van wind gehou het nie omdat dit altyd blare en stof rondgejaag het - moontlik omdat ek altyd verantwoordelik gehou was vir die netheid van die stoep aan die voorkant van die huis. Vandag egter het ek 'n geweldige liefde vir die wind. Dit verskaf vir my die grootste plesier wanneer ek die wind so koud teen my wange voel - dis ook seker hoekom ek gereeld vakansies in Port Elizabeth deurbring.*

*Intussen het Kersfees met sy gewone rituele gekom en gegaan. Ek het weer 'n pop gekry. Ek het dit met 'n goeie hart ontvang maar daar was nie vir*

hierdie pop dieselfde liefde as vir Tad nie. Al was hierdie poppe slegs twee stukke lewelose plastiek, het hulle vir my gelewe! Hulle was gebad en aangetrek - moontlik baie meer as 'n lewende baba. Moeder het menigmaal hierdie ritueel met my deurgemaak en nooit enige op- of aanmerking gemaak nie. Die tweede pop het nie 'n naam gehad nie.

My tweede skooljaar het begin. Soos Moeder dit onlangs aan my gestel het: "Sodra die skool begin het, het jou frustrasies en verveeldheid soos mis voor die son verdwyn en almal se siele het rus gekry." Daar was nie 'n groot verskil gewees wat die leerlinge betref nie. Daar was so hier en daar 'n nuwe gesig. My onderwyseres was 'n goliat. Sy was baie lank en omtrent net so breed. Sy het vir my 'n te klein kop vir so 'n groot liggaam gehad. Ek het altyd gesê dat sy nooit slim kon gewees het nie. Haar oë was ook te na aan mekaar. Tot vandag toe kan ek nie maklik met 'n persoon kontak maak wat 'n oogdefek het nie. Hierdie vrou was 'n baie goeie onderwyseres. Ek kan onthou dat wanneer kinders baklei, het sy altyd gesorg het dat hulle nie kwaaivriende gebly het nie. Sy het my ook in die operette, naamlik Aspoestertjie betrek. Ek wou nie in hierdie operette optree nie omdat sy altyd daar was en ek nie baie van haar gehou het nie. Ek het met Vader en Moeder daaroor gepraat - natuurlik meer daaroor gehuil. Vader het met haar gepraat. Ek was baie bang gewees dat hy vir haar ook sal vertel dat ek gesê het dat sy dom is omdat sy so 'n klein koppie gehad het. Vader se pratery het egter geen uitwerking gehad nie. Sy het my later selfs twee maal per week na haar huis geneem, waar sy alleen gebly het, om my operettewoorde te leer. Sy het later ook my ouers by die huis besoek. Na die operette verby was, het ek een middag vir haar gaan kuier. My vrees vir hierdie vrou was daarna iets van die verlede, dit was net dat ek nie oogkontak met haar kon gemaak het nie. Ongelukkig het hierdie versoening te laat gekom, want my twee poppe het daaronder gely. Elke middag nadat ek my huiswerk gedoen het en my operetteoefening bygewoon het, het ek hierdie twee poppe van my geneem, my klein swartbord agter die huis opgeslaan en dan was ek die skooljuffou. Ek het vir die poppe skool gehou soos geen ander pop nog skool in die Suidelike Halfrond gehad het nie! Ek het my absoluut tussen die twee poppe en die swartbord uitgeleef. Ek het so 'n tipe kinderpersoonlikheid gehad dat fantasie later vir my werklikheid geword het. Heel moontlik het hierdie onderwyseres se poging om my by haar operette te betrek my geweldig geïrriteer sodat ek dit dan verwerk of na my klasgeesessies verplaas het. Ek kan onthou dat ek besig was om die tweemaaltafel aan die poppe te verduidelik. Daardie middag wou die poppe net nie luister nie. Ek

het my lat gegryp en hierdie twee poppe uitmekaar geklop. In die proses het ou Tad se kop gewaai. Dit was natuurlik vir my iets vreesliks. Ek het vir weke aanmekaar oor Tad gehuil. Dit was vir my asof sy dood was. Ek het dan ook vir Tad in 'n doos geplaas en onder die vyeboom begrawe.

### 3.5 1959-1960: 8-9 JAAR

Intussen is ons nuwe woning voltooi en het ons in die Desembervakansie daarheen verhuis. Dit was heeltemal aan die ander kant van die dorp waar ons vantevore gebly het en dit was vir ons 'n nuwe omgewing met nuwe gesigte. Dit was 'n hoekerf en die huis het 'n westelike aansig gehad. Daar was absoluut niks om die huis behalwe 'n ou adamsvyeboom en 'n taaibosboom nie. Die ou wêreldjie om die huis was omgeploeg en het maar vaal gelyk.

Die stuk grond waarop my pa laat bou het, het vir baie jare oopgelê met die gevolg dat die ander erwe rondom alreeds bebou was en die tuine reeds al 'n soort gevestigde voorkoms gehad het. Daardie tyd was dit vir my anders, mense het toe meer aandag aan die kweek en groei van blomsoorte gegee as aan die hedendaagse grasperke met hulle struike rondom en in die hoeke.

Daar was 'n groot opgewondenheid by my gewees om hierdie nuwe woning van ons te betrek want dit het die belofte ingehou van my eie nuwe kamer. My moeder het alreeds hierdie opgewondenheid by my wakker gemaak toe sy begin het om die gordyne te maak. My kamer was blou met twee groot vensters waarvan die een 'n noordelike en die ander 'n westelike uitsig gehad het. My kamerspieël was teen die oostelike en my ingeboude kas teen die suidelike muur en dan het daar twee kinderbedjies in die kamer gestaan. Verder was daar 'n boekrak en 'n bedtafeltjie tussen die twee bedjies. Hierdie vertrekkie was myne en sou dan ook myne bly totdat ek die huis sou verlaat. Die inhoud van die kamer het ook nie hulle posisie lank behou nie. Ek was nou maar een maal 'n mens wat daarvan gehou het om dinge rond te skuif. Dit was vir my baie aangenaam gewees maar vir die res van die gesin het dit so 'n bietjie frustrasie meegebring veral as ek meubels in die woonkamer en in die eetkamer rondgeskuif het, want dan het almal se oorspronklike sitplekke verander. Dit het egter geen skuldgevoelens by my gewek nie en ek het voortgegaan met hierdie aktiwiteit totdat ek die huis verlaat het.

Gedurende die skoolvakansie het ons begin om ons direkte omgewing persoonlikheid te gee deur 'n grasperk, blom- en groentetuin aan te lê. Dit was 'n tyd wat ons kinders nie baie speeltyd gehad het of enigsins gevoel het dat ons met vakansie is nie. Die wêreld om die huis was omgeploeg en moes in die eerste plek gelyk gemaak word waarna dit omgespit is. Hierna moes die grasperk en blombeddings gemaak word. Die groentetuin het so ietwat meer werk gehad. Benewens die beddings moes daar ook vrugtebome aangeplant word - 20 van hulle. Dit was ook nie klein gaatjies wat vir hulle gemaak moes word nie maar gate van 3 voet by 3 voet by 3 voet. Die gate is dan opgevul met kompos, kraalmis en van die grond wat oorspronklik uitgegrawe is. Die resultate het getoon dat dit die moeite werd was om so diep in moederaarde te delwe.

Die agterwerf, soos die ou mense sê, moes natgemaak word waarna dit dan met die sementroller hard en gelyk gerol moes word. Dit was elke Saterdagoggend se taak.

Daar is gewerk - die grootste deel van elke dag behalwe Saterdagmiddag en Sondae. Vader het elke oggend wanneer hy werk toe gegaan het die werk uitgedeel en Moeder moes toesig hou. In die begin het ons kinders nie as 'n span saamgewerk nie. Dit was asof ons teen mekaar gewerk het. Die rede hiervoor was miskien dat Ouboet alleen moes werk, terwyl ek en my twee jonger broertjies altyd saamgewerk het. Soos reeds vantevore genoem, was daar nie 'n baie hegte band tussen my en my vader nie. Dit was nie 'n lelike verhouding nie; ons kon mekaar net nooit vind nie - veral op die meer intieme interpersoonlike vlak. Daar was net nooit 'n vertrouensverhouding nie. Dit het altyd deurgeskemer in die resultate van ons kinders se werkopdragte. Daar was lof aan hulle toegeswaai terwyl ek maar altyd tevrede moes wees met 'n "dit kon beter gewees het", "ek sal jou ook nie weer vra om iets te doen nie" of "ek moes dit maar liewer self gedoen het".

Ek het dit wat aan my opgedra was altyd na die beste van my vermoë gedoen. Dit was nooit vir my 'n las nie. Inteendeel, as gevolg van die negatiewe kommentaar het ek die omvang van my werk steeds vergroot. Dit was vir my lekker en bevredigend gewees om vir my ouers iets te doen al het ek nie altyd die nodige erkenning van vaderskant gekry nie. Moeder was die persoon wat altyd op haar manier die nodige erkenning en aanvaarding gegee het. Sy het altyd die teendeel van die negatiewe kritiek ten opsigte van my werk vir my uitgewys. Sy was die een wat my leer bid het wanneer dinge vir my te veel geword

*het. Op hierdie agtjarige ouderdom het ek niks teen my vader gehou nie. Daar was net altyd 'n gesoek na erkenning by hom; net 'n bietjie liefde.*

*Later het ons kinders begin om as 'n span saam te werk. Die werk was vroeër klaar en so het ons dan ook begin saamspeel soos om saam kaskarre te bou, saam top te gooi en albasters te speel. Daar was toe ook nie meer die kompetisie tussen ons nie. Dit was die eerste keer dat ons as kinders werklik soos broers saamgeleef het. Die broederlike bande het mettertyd stewiger geword. Ons het begin om mekaar die nodige erkenning te gee; nie in oormaat nie maar slegs na verdienste. Dit was toe vir my lekker gewees om kind én broer te wees.*

*Hierdie verandering in ons broerverhouding het ook 'n definitiewe uitwerking op ons ouers gehad. Hulle was toe toegeefliker gewees wat die aangenamer dinge soos bioskoop toe gaan, rugby bywoon en rondrits, betref.*

*In die vakansie het ons kinders vir ons grootmoeders aan albei kante gaan kuier. My drie broers by Ouma aan vaderskant en ek by Ouma aan moederskant. Ek wou baie graag saam met my broers gaan kuier het maar my liefde vir laasgenoemde Ouma was groter as die begeerte om by hulle te wees.*

*My verhouding met my Ouma aan moederskant was 'n hegte een. Soos ek dit nóú sien, wou ek op agtjarige ouderdom by haar wees. Daar is nooit baie gepraat nie. Ouma was van nature 'n stil mens. Sy het egter die kuns geken om 'n woelwater besig te hou. Sy was ook 'n bedrywige tante wat die sosiale lewe van die kerk aanbetref. Dit was altyd aangenaam om saam met haar die verskillende kerklike aktiwiteite by te woon. Daar was altyd die vooruitsig van 'n verrassing van enige aard wat enige kinderhart sou verbly. Dan was daar ook nog die wete dat die grootste deel van die familie in die distrik woonagtig was. Ouma het altyd daarvoor gesorg dat ons of enige ander familielid wat haar besoek het ook die res van die familie gaan besoek. Sy was 'n dame wat nooit enige onenigheid toegelaat het nie. Sy was in een woord 'n ouma duisend. Dis jammer dat sy so vroeg moes heengaan.*

*By die res van die familie het ek ook aangename tydjies gehad. Die grootste deel van die familie in die betrokke distrik was aan moederskant. Hulle was grotendeels boere en het dan ook gesorg dat ek as dorpsjapie goed met die plaaslewe kennis gemaak het. Op hierdie ouderdom al kon ek die stilte en rustigheid van die plaaslewe waardeer. Soos enige ander seunskind was ek ook baie*

inskiklik vir dinge soos perdry, koeie melk, melk afroom, ensovoorts. By die konfrontering met hierdie dinge het dit goed gegaan behalwe die perdryery. Ek was tot groot vermaak van die familie vreesbevange om perd te ry. Hulle houding was egter vir my 'n aansporing om tot die daad oor te gaan. Dit het uiteindelik gebeur en ek was heel suksesvol. Met hierdie hoogtepunt het die vakansie tot 'n einde gekom.

Die weersiens van my broers was 'n aangename gevoelservaring. Ek was bly om hulle weer te sien en het gewens dat ek saam met hulle vakansie kon gehou het. Ek het moontlik so gevoel omdat hulle alles saam gedoen en beleef het terwyl ek alles alleen beleef het.

### 3.6 1960: 9 JAAR

Ek kan nie die gebeure tydens Kersfees duidelik herroep nie maar volgens my moeder is die geboorte van Christus op die tradisionele wyse herdenk. In die geheel beskou het 1960 geen opwindende gebeure opgelewer nie en het my lewe betreklik rustig verloop. Dit is die jaar wat ek van die grade na die standerds oorgestap het en waarin ek met die rooi taal begin het. In die verlede was dit net die Afrikaanse leesboek wat my boeksak gevul het. Die Engelse leesboek het 'n nuwe uitdaging gebied. Ek het die taal op daardie vlak in verhouding met die standaard maklik bemeester.

Ek kan onthou dat die eerste les gehandel het oor 'n fiets en dat ek die betrokke les soos 'n resitasie geleer het. Daarvoor het ek by die betrokke onderwyseres raas gekry. Sy was vir my baie mooi. Ek kan haar so duidelik in my geestesoog herroep - veral haar haarstyl. Sy was baie gewild en ons kinders het haar nooit "gejuffrou" nie - sy het die naam van "ma" gehad. Sy het soos die ander onderwysers by elke leerling se ouerhuis besoek afgelê. Ek kan onthou dat ek, toe sy ons huis besoek het, amper twee uur lank vir haar op die voorstoep gestaan en wag het. Sy is gedurende hierdie jaar getroud en is kort na haar troue oorlede. Dit moes seker gedurende die Desembervakansie gewees het want ons het nie 'n ander onderwyser vir die betrokke jaar gehad nie.

Die betrokke laerskool het net drie vlakke van onderwys (graad 1, graad 2 en standerd 1) aangebied waarna ons leerlinge na die volgende skool moes gaan wat standerds 2 tot 5 aangebied het.

3.7 1961: 9-10 JAAR

My aanpassing by die nuwe skool was sover ek kan onthou redelik maklik. Iets wat ek goed kan onthou is dat die kinders vir my opmerklik baie groter was. Tot op hierdie stadium van my lewe was die grootste deel van my maats van die teenoorgestelde geslag. Ek kan onthou dat ek gereeld saam met twee maatjies pop gespeel het. Dit was vir my die hoogtepunt gewees om my poppe in te pak nadat my huiswerk gedoen is en om by Poppie en Meisie te gaan speel. My ouers het daarin geglo dat ons kinders 'n afgebakende deel van die middag aan skoolwerk moes afstaan.

My onderwyseres op hierdie stadium was 'n humeurige dame; iemand wat baie vrees ingeboesem het. Sy was ook 'n mejuffrou. Hierdie persoonlikheidstrek van haar was dan ook die oorsaak dat ek my skoolwerk behoorlik gedoen het. Sy het my baie maklik ontsenu en ek was werklik bang vir haar. Sy het dik brillense gehad wat haar oë vir my groter laat lyk het as wat dit werklik was. Sy het 'n lat gehad wat sy "Beesvleis" genoem het en heel onverskillig gebruik het.

Ek kan ook onthou dat ek weens die een of ander kindersiekte vir ongeveer twee weke tuis moes bly. Tog was ek op hoogte gehou met die skoolwerk deur een van my medeskoliere. Terug op skool het ek ongelukkig nie my leesboek by my gehad nie. Ek moes toe die speeltyd saam met die ander skoliere wat nie hulle Bybelversies geken het nie, klassit. Die juffrou het ons nie toegelaat om ons toebroodjies te nuttig nie en het my ook met "Beesvleis" laat kennis maak. Ongelukkig vir haar het die hale lank genoeg op my liggaam gebly en het ek flou geword. My ouers moes my by die skool kom haal. Nadat ek die hele verhaal aan my ouers vertel het, is my vader terug skool toe. Ek kan onthou dat daar 'n hofsaak gevolg het waarin 'n oom my baie vrae gestel het. Hierna het ek nie weer onderrig by haar gekry nie. Sy is geskors. Volgens Moeder was daar ook ander ouers wat ook oor die ongeoorloofde wyse waarop sy straf uitgedeel het, gaan kla het. Die nuwe onderwyseres was een van die mense in die buurt en was 'n baie gawe vrou. Dit was vir my toe weer 'n fees om skool toe te gaan.

Tot op hierdie tydstip was ek die skolier wat eerste in my betrokke klas gestaan het. Ek was dan ook altyd, soos die skoliere dit gestel het, in die "slim klas". Hier moet ek noem dat my vader wat my skolastiese prestasies betref, my altyd die hoogste lof toegeswaai het. Ek het onder andere heelwat

goue en silwer sertifikate vir my skolastiese prestasies ontvang en veral vir skrif. Dit was ook die jaar waarin ek by die plaaslike Voortrekkerbeweging aangesluit en dit baie geniet het. My ouers het sorg gedra dat ek met die gepaste uniform en toebehore toegerus is. Daar was nooit enige teenkanting van hulle kant dat ek uitstappies saam met my span bywoon nie. Ek het die een na die ander Voortrekker-toets suksesvol afgelê. Daar was 'n betrokke kursus naamlik "Die Selfhelper". Ek was dan ook die jongste Voortrekker van die betrokke beweging wat die kenteken (vir die eksamen) kon dra. Later het ek ook my span se leier (kaptein) geword.

Dié Desembervakansie het ons saam met ons ouers vakansie gehou. Dit was behoorlik 'n toer gewees om al die familie te kon besoek. Ek kan onthou dat my broers altyd baie skaam was wanneer dit gekom het by die groet, wat gewoonlik 'n soen van ons niggies was. Al meisies wat hulle daagliks gesoengroet het, was ons moeder en suster.

## 3.8 1962: 10-11 JAAR

Nooit sou ek kon droom dat so baie van die mense wat my pad hierdie jaar gekruis het, dit omtrent 20 jaar later weer sou kruis nie. Dit sou in 'n heel vreemde stad wees en ons sou almal gay-wees.

Gedurende die jaar sou ek ook die eerste onderwyser gehad het. In die verlede was dit net onderwyseresse. Die onderwyser wat ek Johann sal noem, het 'n baie groot indruk op my gemaak. Hy was ook die jaar die senior leier van ons Voortrekkerspannetjie en het baie vir sy spannetjie gedoen. Hy was jonk en dit was die eerste jaar wat hy onderrig gegee het. Hy was vol durf wat aansteeklik was en ook by sy leerlinge te bespeur was. Sy Voortrekkerspannetjie was gereeld uitgenooi na sy woonstel wat geleë was in die agterste gedeelte van sy ouers se woning uitgenooi. Die woonstelletjie het bestaan uit 'n groot woon-eetkamer, studeerkamer, twee slaapkamers, badkamer-toilet en kombuis met 'n klein stoepie. Ons het altyd tydens besoeke aan sy woonstel sy motorfiets vir hom skoongemaak.

Met dieselfde motorfiets het Johann sy velle afgeval - dit was glo 'n reënerige dag en sy Vespa het gegly. Die skoliere van die betrokke klas het geldjies onder mekaar ingesamel en aan hom gegee om dit te laat herstel. Daar was 'n baie goeie verhouding tussen Johann, sy skoliere en veral sy Voortrekker-

spannetjie. Daar was 'n wedersydse vertroue en erkenning in alle ondernemings te bespeur. Indien daar teleurstelling was, was dit 'n baie diep teleurstelling wat soms vir 'n paar dae deur al die partye gevoel is. Sake wou dan net nie vlot nie. Veral met sy Voortrekkerspannetjie het Johann gesorg dat die oorsaak tot enige teleurstelling baie vinnig uit die weg geruim word.

Johann was 'n baie talentvolle jongman. Hy was baie musikaal, het 'n goeie sangstem gehad, en was boonop 'n uitstekende dramastudent. Later in sy lewe het hy dan ook by ons land se voorste operasang- en toneelgroep aangesluit en baie sukses behaal. Ek het by Johann vir ongeveer twee jaar sangonderrig ontvang. Hy is tot my grootste teleurstelling deur die Onderwysdepartement na 'n ander skool oorgeplaas. Dit was nie soseer net vir my 'n teleurstelling nie maar ook vir die ander skoliere en veral vir sy Voortrekkerspannetjie wat op soveel intiemer vlak met hom geskakel het.

Johann was 'n jongman van gemiddelde lengte en het 'n pragtige bos hare gehad asook 'n welgevormde liggaam. Hy was 'n aantreklike jongman. Hy het al die bates gehad wat enige jongman van sy jare oor kon droom. Hy was die eerste man vir wie ek tot in hierdie stadium van my lewe gekyk het. Ek het anders na hom gekyk. Daar was 'n fisiese aangetrokkenheid tot hom. Dit was eet, slaap, praat "Johann". Ek kon absoluut geen negatiewe houding of enigiets soortgelyk wat met Johann verband gehou het, aanvaar nie. Dit was so goed soos vet in die vuur. Johann was my kinder-"hero", só het ek toe gedink. Vandag egter weet ek dat dit reeds al die eerste tekens van <u>gay</u>-wees, was. Op 10-jarige ouderdom was die besef reeds daar dat ek meer vir my eie geslag as vir die teenoorgestelde geslag kyk. Ek het dit ook makliker gevind om met hulle oor die weg te kom, alhoewel ek baie gemaklik met die teenoorgestelde geslag gekommunikeer het.

Dit was vir my lekker om skool toe te gaan. Ek was ook vroeër as die res van die klasmaats daar om vir Johann blomme op sy lessenaar te kon plaas. Ek moes die eerste blomme daar plaas. Ek het 'n drang na 'n spesiale plekkie by hom gehad - wat later wel so was. Johann was vir my die alfa en omega in en van alles. Daar was 'n ander klasmaat met dieselfde voorname as ek in die klas. 'n Soort van kompetisie tussen ons twee oor Johann, het bestaan. Hy het hom moontlik nie so erg betrokke gevoel nie want die kompetisie het baie stomp geëindig.

*Ek het dié jaar besonder goed presteer maar het egter nie eerste in die klas gestaan nie. Dit was vir my 'n bitter pil om te sluk. So ook vir my familie. My ouers het dit ook so aan my gestel en daar moes nét die volgende jaar harder gewerk word.*

*Dit was ook die eerste en enigste keer wat ek by die afsluitingsdag van 'n skooljaar gehuil het. Ek het baie lank oor Johann getreur. Dit was vir my ook 'n groot teleurstelling toe ek ongeveer twee jaar daarna verneem het dat Johann getroud is. Hy was toe weer terug by die betrokke skool. Moeder het my vertel dat ek 'n baie groot aggressie teenoor die dame getoon het. Ek was toe sowat 12 jaar oud. Ongeveer ses maande na sy terugkeer by die skool het Johann bedank en by die toneelgroep aangesluit en is ook kort daarna geskei. 'n Herontmoeting met Johann het 15 jaar hierna in 'n gay-klub plaasgevind.*

*Vir baie lank het ek met Johann gekorrespondeer. Later het dit doodgeloop aangesien hy oor die lengte en breedte van die land saam met die toneelgroep getoer het en ook weens die feit dat hy nie meer so baie tyd tot sy beskikking gehad het nie.*

*Die jaar 1962 het tot 'n einde gekom en die skoolvakansie het ons as kinders en familie nie gaan vakansie hou nie. Hierdie keer was daar nie juis werk in en om die huis nie. Laat slaap en speel was aan die orde van die dag. Ek kan onthou dat ek gedurende die vakansie baie gaan swem het. Dit het tot my voordeel gestrek want ek het later op hoërskool, in standerd 6, die galatrofee verower. Dit was egter 'n wisseltrofee en ek het nie die geleentheid gehad om dit vir 'n tweede keer te verower nie.*

### *3.9 1963: 11-12 JAAR*

*Hierdie was seker my rustigste jaar tot op datum. Ek was in standerd 4 en dit het goed gegaan. Ek het baie goed presteer. Dit was ook die eerste jaar wat ek aan dié skool se operette deelgeneem het. Ek was in die betrokke operette een van die hoofdansers - daar was verskillende danse. Soos reeds voorheen vermeld, het ek 'n rukkie ballet geneem. Ook dit het tot my voordeel gestrek. Ek was in die ballet 'n meerkat en het ook aan nog 'n groepdans deelgeneem - 'n wals. Die meisie wat saam met my gewals het, was in die kinderhuis gewees. Sy was 'n baie begaafde meisie en ons het nogal groot vriende geword. Dit was 'n skoon vriendskapsverhouding. Ons kon dinge lekker saamdoen en kon veral*

*lekker gesels. Dit was nogal 'n hartseer oomblik toe sy, nadat sy haar skoolopleiding voltooi het, verhuis het. Sy het altyd 'n groot verlange na haar ouers wat sy nie geken het nie, gehad. Daar was tye wat my moeder baie vir haar moes doen - veral gedurende haar laat puberteit en adolessensiejare. As gevolg van ons goeie vriendskapsverhouding het ek my vriendskapsbande met die ander skoolmaats en met die kinders in die buurt kortgeknip. Daar was nie 'n behoefte aan ander maats gewees nie. Ek het teruggetrokke geraak, maklik begin bloos en 'n skamerige outjie geword. Ek kon weerbarstige optrede nie verwerk nie - dit het my emosioneel verskriklik ontstel. Ek wou ook geensins met enige persoon wat nie saggeaard was, geassosieer het nie. Die rede is tot vandag toe nog nie vir my heeltemal duidelik nie. Selfs nou nog raak ek emosioneel omgekrap wanneer ek byvoorbeeld na 'n boksgeveg of na stoei op die TV kyk.*

*Ek het hierdie jaar ook vir my skool rugby gespeel. Dit het goed met my gegaan. Ek was eers haker vir die tweede span en het toe in dieselfde jaar 'n stut vir die eerste span geword. Ek het sport ernstig opgeneem maar het nie toegelaat dat dit die alfa en omega van my bestaan geword het soos vir die res van my skoolmaats nie. Ek sou nie nog ure lank langs die baan vertoef nadat ek my spel gespeel het om na ander spanne te kyk nie. Dit was skool toe draf om rugby te speel en daarna terug draf huis toe en dan bad en aangaan met my skoolwerk. Indien daar egter enige tuinwerk was wat Vader opgedra het, sou ek my aandag daarby bepaal.*

*Ek was 'n kind wat nie maklik rede gesoek het om saans laat wakker te bly nie, behalwe wanneer dit volmaan was, dan sou ek vir ure lank in die tuin gaan sit en na die maan kyk. Dit het vir my iets mistieks ingehou. Ek sou doodstil daar sit met die geluide van die krieke of paddas in die tuin en in die straat. Ek kan nie onthou of ek net gedink het en of ek met myself gepraat het nie. Dit was altyd vir my heilige oomblikke. Ek het dit soms met my moeder gedeel. Sy sou soms by my kom sit en gesels of net saam met my die maanskyn en stilte geniet het. Baie keer het dit vir my voorgekom asof sy geweet het dat ek dit sou waardeer as ons nie gesels nie en sommer net daar gesit het. My moeder is in werklikheid die enigste mens wat my werklik verstaan het en vandag nog verstaan - ons was altyd op dieselfde golflengte ingestel. Dit het later so gebeur dat ons net vir mekaar kon kyk en mekaar sou verstaan sonder om 'n woord te sê. Sy was ook die enigste persoon met wie ek my intiemste hartsgeheime kan deel totdat daar, soos verder aan sal blyk, in 1978 'n tweede persoon gekom het wat ook hierdie dinge op dieselfde wyse kon waardeer.*

*Die verhouding tussen my en my vader wou maar net nie vlot nie. Ek kon net nie soos die ander seuns daardie nodige erkenning, aanvaarding en sekuriteit van hom ontvang nie. Hulle was die mensies wat alles uit en van hom kon kry. Hy kon so maklik met hulle kommunikeer maar met my was dit presies die teenoorgestelde. Ek en hy het maar weinig met mekaar gepraat en as ons gepraat het, dan het dit hoofsaaklik oor werk gegaan wat hy opgedra het. Verder het ons mekaar net "môre", "middag" en "lekker slaap" gegroet. Ek sou ook vir hom koffie maak wanneer hy daarom gevra het of wanneer hy en my moeder Sondagmiddae na hulle middagrus opgestaan het. Dit was baie bevredigend. Wanneer een van die twee jonger broertjies kwaad gedoen en gestraf is sou my jonger broertjie, wat ook my vader se naam dra, aanhou moeilikheid soek met die res van die kinders totdat almal slae gekry het.*

*Vader kon soms heeltemal boosaardig raak wanneer hy slae uitgedeel het - veral as hy probleme by die werk gehad het. Dan was ek werklik tot diep in my siel bang vir hom. Hy sou met 'n spantou vir jou slae gee en aanhou slaan totdat dit later gevoel het hy gaan jou half doodslaan. Hy het geslaan waar hy kon bykom. In die verlede moes jy badkamer toe gaan, buk en dan het jy tussen drie en ses houe oor die boude gekry. Vader se manier van straf het heeltemal verander. Moeder sou tussenbeide tree wanneer dit nou werklik handuit geruk het en dan het daar woorde tussen hulle geval. Moeder het daarin geglo om 'n kind te straf na gelang van die aard van sy of haar oortreding.*

*Hierdie tyd was ook die tyd in ons huisgesin se lewens wat ons werklik baie welaf was. Geld was daar genoeg - ons het aan niks tekort geskiet nie. Jy het egter nie alles gekry wat jou hart begeer het nie. Alles wat nodig was, was daar. Vader het goed vir sy vrou en vyf kinders gesorg. Ons het nie nodig gehad om enigsins vir enige ander kind in die dorp terug te staan nie. Vader het hom in sy werk uitgeleef en opgewerk. Moeder was die konsensieuse huisvrou en ma. Dit was dan ook een van die redes hoekom ons nie meer met vakansies weggegaan het nie - Vader het hom in sy werk en studies verdiep. So het hierdie jaar ook ten einde gesnel met my laaste laerskooljaar in sig.*

### *3.10 1964: 12-13 JAAR*

*Soos in die vorige skooljare het ek nie net in die onderwyser en die onderrigsituasie belanggestel nie, maar ook in wat hy doen wanneer hy nie 'n stukkie kryt of 'n slaanding in die hand het nie. My standerd 5-onderwyser was 'n ou*

*man van ongeveer 58 jaar. Oud in jare maar nie in gees nie. Hy was 'n baie interessante ou kêrel gewees. Baie netjies op sy persoon; jy kon hom altyd deur 'n ring trek - by die skool sowel as tuis. Ek het baie by hom en sy vrou gaan kuier. Wat voorkoms en ander belangstellings aanbetref, het hulle alles in gemeen gehad. Hy was 'n goeie onderwyser en sy leerlinge het altyd uitgeblink. Daar was nie by hom 'n storie van dat iemand iets nie kon doen nie. Met die lat in die een hand en "verstaan" in die ander, het hy vir jou elke probleem wat in die onderrig opgeduik het, help oorbrug. Hy het ook geglo aan 'n hou oor die boude of hande vir elke flater wat jy begaan het. Snaaks genoeg, was ek (en ek dink die ander leerlinge ook) nie bang vir hom nie, dit was eerder 'n gevoel van respek as 'n vrees. Elke leerling was 'n individu en nie sommer net 'n lid van 'n groep nie. Hy het dit op baie wyses aan ons tuisgebring om nooit te veralgemeen of om mense almal volgens die oortredings of foute van een spesifieke persoon te oordeel nie.*

*Hy het ook 'n groot liefde vir sang gehad. Hy en sy vrou het toe nog in groot kore gesing. Hulle het my dan ook een aand met my ouers se toestemming saamgeneem toe hulle in Johannesburg in die "Lewe van Ester", 'n Bybelverhaal, gesing het. Ek het myself daardie aand "gate uit" geniet want dit was ook net na ek my sanglesse moes staak omdat my leermeester verhuis het.*

*Hierdie was my eerste stabiele verhouding met 'n getroude hm-paar wat vir my baie beteken het. Hierdie twee mense het aan my vereistes of waardes vir die toekoms help vorm. Daardie waardes en dinge soos sang, musiek en die toneel waarin pa en ma nie belanggestel het nie. Ek was baie lief vir hulle. Ek het ook maklik by die situasie aangepas, gedurende skoolure was dit "meneer" en na skoolure was dit "oom". Ek wou vir haar altyd alles gee - wat my intellek en skoolwerk aanbetref het. Ek wou hom nooit teleurstel nie. Ek wou nie foute maak nie. Ek het teenoor hom en sy vrou min of meer dieselfde gevoel gehad as teenoor my grootouers. My verhouding met hulle het egter nie afbreuk gedoen aan dié met my ouers nie. Dit was dan ook so dat ek nie veel ander maats van my eie ouderdom gehad het nie. Hulle was daar maar was van sekondêre belang.*

*Dit was vir my swaar om van die laerskool en veral van hom en die ander onderwysers afskeid te neem. Ek het daardie middag ontsettend baie gehuil. Moeder het baie lank met my gepraat oor die toekoms; hoekom daar 'n laerskool en hoërskool moet wees. Sy het dit in kort vir my só saamgevat: "Laerskool is om jou voor te berei vir die hoërskool wat dan op sy beurt weer jou toekoms*

*bepaal." Dit sal ek altyd onthou want die toekoms was selfs op hierdie vroeë ouderdom vir my belangrik: dit het vir my belofte ingehou.*

*Intussen het Vader alkohol begin gebruik. Tot vandag toe kon ek nog nie 'n rede daarvoor vind nie. Hyself kan ook nie 'n rede gee nie. Hoekom hy begin drink het, sal net die Liewe Vader in die hemel weet. Dit was eers net 'n periodieke gebeurtenis maar dit het progressief gevorder. Wanneer hy deurtrek was van die alkohol het hy onredelik en aggressief geword. Hy sou nooit gedurende kantoorure drink nie maar het, sodra die son begin sak, hom tot die bottel gewend. Hy het goeie alkohol gebruik. Sondae het hy nie alkohol gebruik nie.*

*Soos genoem, het hy aggressief en onredelik geword. Soms het hy homself afgesonder. Die ou vrees vir my vader van jare terug het weer by my posgevat. Ek het hom op allerhande moontlike wyses probeer vermy wanneer die alkoholvlak hoog was. Tog was ek op my manier toe nog lief vir hom en het nog na aanvaarding by hom gesoek.*

*Ek het later begin om mishandeling met alkohol te assosieer. Vader het ons kinders, wanneer hy onder die invloed was, begin slaan. Daar was altyd beslis rede vir die straf maar die wyse waarop dit geskied het, was onredelik. Ek kon nooit verstaan hoekom 'n mens soms as gevolg van die kleinste verkeerde ou dingetjie so mishandel kon word nie - in die verlede sou oor iets soortgelyks nie eers gepraat geword het nie.*

*Vader het ons met 'n gevlegte spantou wat van die plaas af gekom het, bygekom. Die houe was soms so erg dat ek skaam was om skool toe te gaan. Ek het dan ook altyd vir my bene gekeer sodat die houe nie vir my skoolmaats sigbaar moes wees nie. Die gevolg was dat die groot meerderheid houe oor my rug en maag geval het en ek baie aande met 'n seer en soms stukkende liggaam in die bed gaan kruip het. Daar was ook nie vir jou die kans gegun om te huil nie want dan is jy meer geslaan. Soveel keer moes ek en my broers met 'n seer kinderhart vol trane gaan slaap of jou huil in die kussing smoor. Moeder was dan altyd die een wat by ons kom sit en praat het en ook salf of mercurochrome aan die stukkende plekkies gesit het. Soms wanneer Vader te erg slae uitgedeel het, het sy tussenbeide getree en soms die ergste daarvan afgekom.*

*Vader het tot vandag toe nooit sy hande vir my suster gelig nie. Daarvoor sal ek hom altyd dankbaar bly. Sy het gesien wat 'n pak slae is en dit is ook al wat sy daarvan weet. My suster het baie dae saam met my in die tuin gaan sit en huil. Sy moes baie nagte vir my die venster oopmaak wanneer ek teruggekom het nadat ek nie meer die slae kon staan nie en weggehardloop het, om te gaan wegkruip totdat hy slaap of totdat hy hom heeltemal onbeholpe gedrink het. Soms moes ek vir ongeveer twee uur buite bly. Wanneer ek gaan wegkruip het, het ek altyd in die groot ou adamsvyeboom geklim en daar geskuil. Soms het my hart so vinnig en hard geklop dat ek bang was dat hy dit sou hoor en my vind.*

*Die jaar het ook tot 'n einde gekom. Vader het hierdie Kersfees sy eerste asma-aanval gehad en het, soos hy dit gestel het, amper by die dood omgedraai. Moeder was ten tyde van die voorval nie tuis nie; waar sy was, weet ek nie. Ek het een van ons buurvrouens wat in die hospitaal werksaam was, gaan roep. Sy het 'n dokter ontbied wat vir Vader oor sy krisis gehelp het. Hierdie geneesheer was een van ons huisvriende. Chroniese asma het een van Vader se groot probleme geword.*

### *3.11 HOËRSKOOLLOOPBAAN: 1965-1969: 13-18 JAAR*

*My hoërskoolloopbaan het in 1965 'n aanvang geneem. Dit was iets om na uit te sien - dit was 'n nuwe uitdaging. Dit het in 'n mate tog ook 'n vrees vir die onbekende ingehou.*

*Ek was baie trots op my nuwe skooldrag. Die klem het nou op my voorkoms geval. Ek het absoluut 'n punt daarvan gemaak om te alle tye deur 'n ring getrek te kon word. Voorkoms was vir my belangrik; ek was in 'n mate baie perfeksionisties - miskien obsessief daaromtrent - nie net ten opsigte van skooldrag nie, maar ook in die algemeen soos op my skoolboeke en my omgewing. Dit het my in 'n mate ontstel wanneer enigiets nie reg was nie - daar was nie vir my 'n middeweg waarvolgens ek dinge gemeet het nie.*

*Verskeie nuwe onderwysers(onderwyseresse) het die plek van een onderwyser per jaar, soos gedurende die laerskooldae, ingeneem; dit het my ietwat verwar. Ek was gewoond gewees om my aandag op net een leermeester toe te spits en van dié was daar nou ongeveer nege. Ek het in 'n mate die gevoel gekry dat ek nie werklik 'n leerling-onderwyserverhouding kon opbou nie. Hulle was veral die hartlike tipe mense maar ek het tog ook 'n baie goeie interpersoonlike*

verhouding met 'n onderwyser opgebou wat glad nie 'n vriendelike mens was nie - hy was 'n bot, kortaf persoon. Ek het kontak met hom behou totdat ek gematrikuleer het.

Die meer gevorderde werk was nie 'n probleem nie en ek het maklik daarby aangepas - nie dat daar altyd geen probleme was nie.

Medeskoliere was altyd om 'n mens, tog was daar nie die begeerte om met hulle kontak te maak nie. Daar was niks wat hulle gedoen het wat as aanleidende oorsaak hiervoor genoem kan word nie, dis net dat die begeerte of behoefte vir kontak aan my kant afwesig was. Almal by die skool was nie nuwe gesigte nie want daar was heelwat kinders wat saam met my op laerskool was.

Pieter was die enigste maat wat ek gehad het. By maat bedoel ek 'n persoon wat pouses by my gestaan en gesels het, wat oor naweke saam met my gaan fliek het of wat ander verrigtinge saam met my sou bywoon. Dit was egter nie 'n intieme of boesemvriendskap nie. Albei van ons het dit meer as 'n geleentheidsvriendskap beskou. Dit sou egter later 'n hegte vriendskap word.

Ek het sonder maats deur my hoërskooljare gegaan. Tog was ek nie alleen nie; ek het gedurig iets gehad wat my aandag geverg het. Ek moet dalk liewer sê dat ek nie eensaam gevoel het nie - my behoeftes was bevredig.

Ek het ook geen heteroseksuele verhoudings in hierdie tyd opgebou nie. Daar was nie by my, soos by die ander seuns, 'n begeerte om met meisies uit te gaan of om vir hulle te kyk nie. Daar was ook nooit enige vrae gewees oor "hoekom?", "waarom?" of "wanneer?" van my familie se kant nie. Hulle kon moontlik onder mekaar daaroor gepraat het maar ek twyfel want indien hulle dit voor Moeder sou bespreek het, sou sy dit onder my aandag gebring het. Tog het ek gehoor en gesien waarvan my geesgenote gepraat het. Dit was vir my logies en aanvaarbaar maar het tog nie die behoefte daaraan by my wakker gemaak nie.

Ek het ook by die skool aan ander aktiwiteite deelgeneem. Ek het tennis gespeel en ook aan die spreek- sowel as sangkoor deelgeneem. Ek het dit geniet maar sou steeds nie soos ander skoliere ure lank langs die sportvelde en -bane kon deurbring nie; dit het nie vir my sin ingehou nie. Ek het skoolwerk en ontspanning in verhouding gehanteer sonder om aan die een meer voorkeur as die ander te gee.

Wat skolastiese prestasies betref, het ek nie so goed soos in die laerskool presteer nie; dit was egter nog ver bo die gemiddelde standerdpunte.

Ek kan nie sê dat ek gewild onder my medeskoliere was nie aangesien ek nie met hulle op daardie vlak kontak gehad het nie. Ek was vroeg in die hoërskooljare moontlik deur hulle aanvaar omdat die teendeel nooit ter sprake gekom het nie.

By die huis het die lewe gedurende hierdie jare ook op dieselfde trant aangegaan. Daar was die goeie en dan ook die gevreesde dae. Die een was soos die ander. Geld het skaars gebly, daar moes twee keer gedink word wanneer daarby gekom is. Daar was ook nie vrymoedigheid om altyd te vra nie, dit moes wragtig hard gegaan het of dit moes 'n baie belangrike item gewees het voordat daar vir geld gevra is. Dit het in teenstelling met die verlede toe dit finansieel baie goed met ons gegaan het, by my frustrasies gebring. In hierdie opsig het die res van die gesin saamgestaan en -verstaan met die hoop dat dit eendag sou regkom; dat ons weer bo-aan die leer van geluk en welvaart sou staan.

My verhouding met die gesin was redelik stabiel. Vrees vir Vader was nog altyd daar. Ons verhouding het gedurende hierdie jare baie agteruitgegaan. Daar was nie deur enigeen gepoog om enigsins iets aan die saak te doen nie. 'n "Stil"-verhouding het tussen my en my vader ontstaan. Ons was net bewus van mekaar wanneer sake 'n positiewe of negatiewe wending geneem het en ons direk met mekaar gekonfronteer is. Dan weer was daar die uiterstes. Ek het begin om stil en meer in myself gekeer te raak. Al het ek niks konstruktiefs gedoen nie, het ek nogtans baie meer genot daaruit geput om alleen met myself te wees. Ek dink hierdie stand van sake tussen my en Vader was deur die res van die gesin eerder aanvaar as wat hulle dit werklik besef of verstaan het. Hulle het nooit te kenne gegee dat hulle dit verstaan het nie.

My vader was darem nie in alle opsigte 'n tiran gewees nie. Hy het gesorg dat sy gesin, waarby hy ingesluit was, die paadjie kerk toe geken het. Hy was ouderling vir omtrent 35 - 40 jaar en het ook ander ampte in die kerk beklee. Hy was byvoorbeeld skriba van die gemeente asook skriba van die Sinode van die Hervormde Kerk. Op een stadium het hy al die poste in ons tuisgemeente beklee: hy was skriba, ouderling en koster asook Sondagskoolonderwyser.

Vader het al vyf sy kinders gekatkiseer. Daar kon in dié opsig van ons opvoeding geen vinger na hom gewys word nie. Soos dit egter met alle mense gaan wat die elmboog te hoog lig, moes hy later die amp neerlê want sy alkoholmisbruik het erger geword.

Vader het ook later begin om eredienste nie so gereeld soos in die verlede by te woon nie. Hy sou altyd albei bywoon maar nou was dit slegs 'n oggend- of 'n aanddiens. Hy het egter soos die res van sy gesin roetine aandgodsdiens beoefen, maak nie saak hoe hoog sy alkoholvlak was nie. Dit kom steeds vir my voor asof hy daarin na wat net hy geweet het, vergifnis gesoek het. Dis asof hy gevoel het dat hy werklik verkeerd doen maar tog nie die krag en deursettingsvermoë besit het om werklik om te swaai nie - 'n swakheid wat hy nie eers teenoor homself wou erken nie.

Dit was gedurende my laat standerd 9 - 10 hoërskooljare wat ek 'n verhouding met 'n meisietjie aangeknoop het. Ek het met ons eerste ontmoeting in haar eerder kameraadskap en maatswees gesien; ek wou alles saam met haar doen en ervaar. Ons was albei stil mense en het dieselfde belangstellings gehad. Sy was van 'n ander dorp en het met vakansie by haar ouma ('n vriendin van Moeder) gekuier. Dit was vir my 'n aangename ervaring. Ons was dieselfde ouderdom. Haar teenwoordigheid het my behoorlik laat blom. Ek het in 'n mate ook meer na buite begin lewe. Hierdie verandering was onder die huismense bespreek, veral later toe Mara se foto op die kassie langs my bed gepryk het. Ek kon vir ure met die foto sit en gesels het. Skoolvakansies was nie lank nie met die gevolg dat ek tussen vakansies geweldig baie korrespondensie gehad het wat afgehandel moes word. Twee keer per week het ek poskantoor toe gestap met 'n brief wat sowat 11 bladsye beslaan het. Snaaks, ek was nie skaam oor die vriendskap met haar nie. Ek het vir niemand iets vertel nie maar dood-eerlik op hulle vrae in dié verband geantwoord.

Die afstand tussen ons (± 120 myl) het geen afbreuk aan ons verhouding gedoen nie. By die weersiens het ek vir die eerste keer die begeerte gehad om Mara vas te hou en het ek dit ook gedoen. Die vriendskapsgevoel het plek vir 'n ander emosie gemaak; ek wou net by haar wees - ek wou fisies sowel as psigies dieper kontak met haar maak. Op hierdie stadium het ek nog geen seksuele behoefte of ondervinding ten opsigte van die teenoorgestelde geslag gehad nie. Die assosiasie was daar, maar op 'n afstand. Ek en Mara het 'n baie vinnig

*groeiende verhouding gehad. Tyd asook afstand was altyd 'n belangrike faktor - vakansies was kort en die afstand (in skooltyd) baie groot. Ons het 'n rein en skoon verhouding gehad. Op hierdie stadium het ek moontlik gedink dat dit liefde was wat ek gevoel het, tog was dit eerder 'n gevoel van saamwees - mynewees.*

*Pieter was my maat, tog was daar nie 'n diep vriendskapsverhouding nie. Hy was daar al het ons nie werklik kontak gehad nie. Ons het mekaar verstaan. Skoolure was genoeg om wat op die hart was te bespreek of te doen wat gedoen moes word. So hier en daar was daar 'n "saamfliek" of so 'n vinnige oor-en-weer kuiertjie. Albei van ons was lief vir die lewe.*

*Ek het voortgegaan met my belangstelling in kunswerk. Ek het aan verskeie kunswedstryde deelgeneem en by verskeie geleenthede 'n prys of twee ingeoes. Die hoogtepunt was dan ook toe ek in my skool se spreekkoor en individuele optrede 'n A+-simbool vir 'n werk van Louis Leipoldt verwerf het. Sang was altyd vir my van primêre belang al het ek nie professionele onderrig in dié verband gehad nie. Deelname aan hierdie aktiwiteite het my gehelp om ontslae te raak van my moontlike frustrasie en eensaamheid. Ek dink my ouers het my eensaamheid in baie opsigte vertolk met "die soet kind in die huis".*

*Reeds in 1964 toe ek in standerd 5 was, het ek al die gewaarwording gehad dat mans vir my 'n groter en sterker aantrekkingskrag as die teenoorgestelde geslag het. Moontlik was ek te oningelig of te dom om werklik te besef wat my basiese probleem was en is. Tog het ek baie meer tuis gevoel in die geselskap van die teenoorgestelde geslag waar daar nie direkte konfrontasie was nie. Namate die jare begin vorder het, het ek bewus geraak van my "anders-wees". Ek was nie as 'n "sissy" gespot nie maar tog was ek baie meer verfynd in my optrede en denke as die res van die seuns van my ouderdom. Die skoon kant van alles was vir my baie waardevoller as die skurwe tipe van geselskap waarmee hulle hulself besig gehou het.*

*In my laat hoërskooljare het ek begin om my aandag op die fisieke voorkoms van my eie geslag toe te spits. Dit was eerder 'n gewaarwording of bewuswording van hul liggame veral tydens die liggaamsoefeningperiodes. In die begin het dit 'n psigiese ontsteltenis by my wakker gemaak. Dit het begin om my, wat op hierdie stadium besig was met my voorbereiding en aanneme op geloofsvlak, te laat twyfel oor wat God se doel dan werklik met my was. Ek kan onthou dat ek*

van toe af behalwe Mara hoegenaamd geen aandag meer aan die teenoorgestelde geslag geskenk het nie. Die belangstelling in hulle as medemens was daar, maar nie vir die toekoms as lewensmaat nie. Die fisieke van lede van my eie geslag het al meer my aandag begin trek. Ek het 'n stille bevrediging - meer op psigiese vlak - geput deur na hul liggaamsbou te kyk. Dit was vir my aangenaam om aan 'n welgevormde liggaamsdeel van iemand van my eie geslag te raak of in sy geselskap te verkeer of net van sy teenwoordigheid bewus te wees al was hy nie sigbaar nie.

Later het masturbasie gevolg. Dit was in die begin matig maar het met rasse skrede toegeneem, net soos die begeerte/behoefte om die eie geslag met minder kleding te aanskou. Die naakte man het my op hierdie stadium nie baie geprikkel nie. My liggaamsopvoedingonderwyser het natuurlik my "hero" geword; nie net omdat hy 'n welgevormde liggaam besit het nie, maar ook 'n baie aangename en innemende persoon was. Hy was meer 'n maat as 'n opvoeder. Ek het dan ook altyd uitgesien na die L.O.-periodes wat twee keer per week plaasgevind het.

Die verhouding tussen my en my moeder was steeds 'n baie dieper een as die tussen my en die res van die gesinslede. Dit was nooit nodig om baie te sê nie; Moeder was 'n fyn observeerder en het my in baie opsigte bygestaan sonder dat ek daarna gevra het. Sy het altyd verstaan - veral terwyl ek met my laaste skooleksamen geworstel het.

In hierdie tyd het ek ook 'n baie lang siekbed gehad waartydens Moeder die primêre rol gespeel het. Sy was behoorlik my skaduwee gewees. Vader het van sy kant so nou en dan 'n vriendelike gesig in die siekekamer kom wys. My broers en suster was baie daar maar ek kan nie hulle optrede of die uitwerking van hulle besoeke op my gemoedstoestand herroep nie. Na hierdie siekbed en die voltooiing van my skoolloopbaan het my lewe so ietwat verander.

Die verhouding tussen my en Mara het sonder enige waarskuwing van albei kante tot 'n einde gekom. Ek kan nie sê dat die skuld of oorsaak by enige van die twee partye gesoek kon word nie. Tot vandag toe kon ek nie vasstel wat werklik die oorsaak was nie. Die verhouding het teruggeval na die vroeëre kameraadskap. Ons is vandag groot vriende. Ons korrespondeer nog steeds. Sy is nou gelukkig getroud met 'n man wat dieselfde name as ek het. Moeder skryf natuurlik my "anders-wees" toe aan die adres van Mara, wat vir my natuurlik baie

*onlogies is en nie sin maak nie, moontlik omdat die inhoud van ons verhouding aan niemand bekend was nie. Die gedagtegang by Moeder ten opsigte daarvan is soos dit tans blyk te wees, onveranderd.*

*Nadat ek skool verlaat het, het ek daardie vakansie in 'n verpleeginrigting gewerk. Dit was 'n aangename ervaring. Ek het hier vir die eerste keer gevoel dat ek werklik 'n bydrae tot my naaste buite gesinsverband lewer. Dit was die eerste keer dat ek 'n salaris ontvang het en dit was baie geld vir 'n outjie wat die eerste keer sy eie geld verdien het. Dit het vir my waarde ingehou in die opsig dat ek dit werklik verdien het; dat dit myne was.*

### *3.12 1970: 18-19 JAAR*

*So het dit dan ook gekom dat ek myself ingeskryf het vir B.Sc.-Dierkunde met die oog daarop om myself later, indien ek toelating tot die mediese skool sou kry, as geneesheer te bekwaam. As gevolg van dié studies het ek absoluut geen sosiale aktiwiteite gehad nie. In hierdie opsig was ek 'n baie konsensieuse student. My jaarpunte in al my vakke was baie goed. Die opoffering van plesier was die moeite werd. Die vakansiewerkery vir sakgeld vir die betrokke jaar was oor en oor die moeite werd toe ek verneem het dat ek toelating tot die mediese skool gekry het.*

*Ek is baie dank aan my ouers verskuldig vir hulle bystand gedurende die betrokke jaar - ek moet eerder sê vir die emosionele ondersteuning, want finansieel het ek myself man-alleen gedra.*

*Gedurende hierdie jaar het ek my godsdiens baie diep belewe. Die goddelikheid in alles was baie prominent en dit was vir my 'n fees om te lewe; my ouers het dit ook by geleentheid aan my uitgewys.*

*Die manlike fisieke het my ook meer en meer getrek. Ek het dit begin agterkom wanneer ek deur tydskrifte geblaai het en vir ure na foto's van atlete of enige welgevormde man kon kyk. Dit het by my 'n gevoel wakker gemaak wat vir my vreemd was. Daar was 'n mate van aggressie veral wanneer ek vir 'n tweede en derde keer na 'n betrokke foto sou kyk. Dit het later so erg geword dat ek foto's van mans begin bymekaar maak het, veral dié van atlete en "body builders". Ek het ook begin om boeke soos "Health & Strength" waar die manlike liggaam slegs in 'n skamele baaibroekie geadverteer was, bymekaar te maak.*

*Hierdie verskynsel tesame met die godsdiensbelewenisse het my morbied en depressief gestem. Ek het later van hierdie tydskrifte en foto's ontslae geraak wat 'n beter gemoedstoestand meegebring het. Masturbasie het ook aan die einde van hierdie jaar 'n prominenter aktiwiteit by my geword met die gepaardgaande skuldgevoelens asook kompulsiewe gedrag, byvoorbeeld chroniese handewas.*

*Pieter was op hierdie stadium nog altyd 'n vriend wat daar was wanneer ek hom nodig gehad het. Ek het op 'n dag gedurende die Desembervakansie van 1970 by hom aan sy ouerhuis gekuier. Ek het ook 'n baie goeie verhouding met sy ouers gehad. Hy was die middag toe ek daar aankom besig om sy kamerkaste reg te pak. Hy het ook (vandag nog) die neiging om tydskrifte en boeke op te gaar. Ek het deur die stapels tydskrifte geblaai en gevind dat hy ook veral boeke het wat die manlike liggaam baie pornografies aanbied. Daardie middag het ek vir die eerste keer besef hoe min ek werklik van Pieter weet en ken. Dit was vir my baie duidelik dat hy ook anders as die gewone man was. Dit was dan ook asof ek na hierdie ontdekking van my meer daarop begin let het dat Pieter ons eie geslag baie meer as die teenoorgestelde geslag observeer. Hy het ook meer vir mans as vir jong dames gaan kuier. Hy het egter 'n vriendin, Marie, wat 'n geskeide vrou was, gehad, by wie hy gereeld gaan kuier het. Ek is later saamgenooi. Dié vriendin het geweldige hoë eise aan alle mans gestel wat haar woonstel besoek het. Sy was nou behoorlik met haar <u>koekie</u> gepla. Sy het my op 'n seksuele basis gekonfronteer en by gebrek aan belangstelling het sy my meegedeel dat ek aan dieselfde siekte as Pieter ly. Daardie Oujaarsdagnag het Pieter vir my dit uitgespel dat hy <u>skeef</u> is. Dit was vir my 'n skok in die opsig dat dit 'n erkenning teenoor myself van myself was. Dit was nie vir my aanvaarbaar nie! Die wete dat ek <u>skeef</u> is, het my geweldig aggressief teenoor <u>gays</u> gemaak. Soms was dit só erg dat ek hulle rondgeneuk en met hulle handgemeen geraak het - veral wanneer hulle my probeer konfronteer het.*

## *3.13 1971: 19-20 JAAR*

*Vroeg in 1971 al het ek vir Pieter begin konfronteer en hom aangemoedig om 'n sielkundige te gaan spreek. Ek het deur Pieter al meer en meer <u>gays</u> leer ken en wou maar net by elke geleentheid hulle nekkies omdraai. Intussen het Marie se <u>koekie</u> haar nog steeds baie gepla.*

*Hierdie konfrontasie deur gays en deur Marie het deels bygedra dat ek my tuisdorp verlaat het en na 'n dorp aan die Wesrand verhuis het. My belangstelling om geneesheer te word het getaan en ek het myself ingeskryf vir 'n paramediese rigting binne die grense van die menswetenskappe.*

*My vader het my dan ook op 'n Sondagmiddag by die verpleërtehuis afgelaai. Die nuwe studierigting was 'n aangename vooruitsig en 'n groter uitdaging. Vir die eerste keer het ek 'n uitdaging aanvaar wat vir my nie voor die tyd ten volle uitgespel was nie. In die verlede sou ek die wete om alleen agtergelaat te word sonder om uitermatige emosie te toon, aanvaar het. Tog het ek hierdie keer 'n groot behoefte aan albei my ouers gehad. Ek het daardie middag gehuil totdat dit later gevoel het ek kon nie meer nie. Ek was behoorlik opgedroog. Ek het 'n intense verlange na my ouerhuis ten spyte van al sy probleme gehad.*

*My woonstelletjie in die koshuis het 'n suidelike, westelike en oostelike uitsig gehad. Ek het ook 'n duidelike uitsig oor die voor- en agterkant van die koshuis gehad. Ek kon gevolglik almal se bewegings na en vanaf die koshuis waarneem. Die woonstelletjie het bestaan uit 'n sit-, eet- en slaapvertrek, badkamer en toilet met 'n kleiner vertrekkie wat later gedien het as kombuis (nie in die ware sin van die woord nie want ons het ons etes in die groot eetsaal genuttig).*

*By my aankoms by die koshuis het ek vir Stefan ontmoet. Hy was ook 'n student maar het reeds by vorige geleenthede vyf ander diplomas in Verpleegkunde en later het hy 'n M.A. in Sielkunde voltooi en daarna 'n doktorsgraad verwerf. Stefan het daardie middag 'n besondere indruk op my gemaak nieteenstaande die feit dat ek emosioneel nog baie omgekrap was na my vader se vertrek. Hy was baie vriendelik en goed gemanierd. Dit het gou tot my deurgedring dat hy met dieselfde probleem as ek sit. Hy het dit nie verbaal aan my oorgedra nie maar wel deur sy optrede. Fisies het hy my geweldig aangetrokke tot hom laat voel. Op hierdie stadium het ek nog geen homoseksuele verhouding gehad nie, insluitende op seksuele vlak. Dit was nog onbekend aan my. Stefan was 'n baie vrygewige mens. Ek is binne die eerste week 'n geskenk aangebied om my persoonlike omgewing te verfraai - 'n soort van verwelkomingsgeskenk. Stefan se woonstel was skuins oorkant myne gewees en was 'n hartlike, warm plekkie wat sy persoonlikheid baie prominent weerspieël het.*

Hy het baie moeite gedoen om my aan al die ander inwoners van die koshuis voor te stel veral aan die bm-mans wat in die meerderheid was. Die gays was vir die kompetisie wat later sou volg gerieflikheidshalwe deur hom vergeet. Stefan was butch en by butch bedoel ek dat daar weinig verskil in sy optrede was as dié van die bm-man.

My klasse het 'n aanvang geneem. Die werk was ontsettend baie, dog baie interessant. Dit het die meeste van my tyd in beslag geneem met die gevolg dat ek die res van die inwoners soms slegs aan die etenstafel gesien het. Dit het ook vir Stefan gegeld. Hy het op baie maniere probeer om meer kontak met my te maak. Hy het koffie aangedra (plus minus twee-uurliks) en 'n geselsie probeer aanknoop. My aandag was meer by my studies nodig met die gevolg dat hy nie juis behoorlik kon gesels nie.

Een aand het hy, ietwat senuweeagtig, geklee in 'n fluweelbroek en -baadjie en "beige" hempie by my woonstel ingestrompel en mooi gevra of ek nie sal bad en aantrek nie want ons gaan gou 'n ietsie by 'n restaurant eet. Ek het eers teëgestribbel maar hy wou niks weet nie, want sy beursie was "vol", soos hy dit gestel het. Ek het op alle wyses probeer om hom te oorreed om daarvan te vergeet maar die senuagtigheid by hom was die deurslaggewende faktor.

Ons kon toe nie 'n restaurant na sy sin vind nie en die etery het by 'n padkafee plaasgevind. Daarna het ons na 'n hoogtetjie buite die dorp gery en na die Wesrand se liggies gesit en kyk. Dit is toe dat Stefan my vertel het van sy probleem naamlik dat hy gay is en dat hy dieselfde neigings by my bespeur het. Ek was behoorlik teleurgesteld want ek wou dit nie so gehad het nie - ek wou dit nie aanvaar het nie. Dit het 'n geweldige aggressie by my wakker gemaak en ek het uit sy motor geklim en was vasbeslote om te voet terug koshuis toe te loop, wat ongeveer 15 myl ver was. Stefan het my van kinderagtigheid, ensovoorts berispe en het een kans gevra om alles vir my op 'n mooi kalm manier te vertel. Hy het my van homself vertel - van sy ontdekking en aanvaarding ten opsigte van sy homoseksualisme. Hy het iets in my geroer wat natuurlik soos gewoonlik 'n rivier van trane tot gevolg gehad het. Ek het hom jammer gekry wat hy verwerp het, "dis vir jouself wat jy moet jammer voel" was sy woorde.

Ons het die aand baie lank oor die onderwerp gesels. Stefan het 'n gevoel vir my gehad. Dit sou dan volgens hom ook die eerste keer wees wat hy so verlore

*oor iemand gevoel het. In die verlede het dit vir hom grootliks oor die erotiese genot van 'n orgasme gegaan waarvan hy op daardie stadium al heelwat beleef het (tipies van die jong <u>butch gay</u>). Ek was nie te vinde vir so 'n tipe van verhouding nie. Ek het myself as <u>skeef</u> gesien maar nie aanvaar nie! "Ek wil nie so wees nie en sal ook nie sulke aktiwiteite beoefen nie", was my antwoord aan hom. Stefan het dit so aanvaar maar tog gepleit vir die behoud van ons vriendskap op 'n nie-seksuele basis. Daardie aand was "swottings" uit. Stefan het tot laat die aand by my woonstel gekuier en grotendeels verskoning vir sy bydrae tot my emosionele toestand gemaak.*

*Ek het geensins bedreig deur of bang vir hom gevoel nie. Later die aand het hy bier in sy woonstel gaan haal. Na twee biere was ek lam, lui en vaak. Ek het die volgende oggend wakker geword van die gelui van my wekker. Stefan het my in die bed gesit en die wekker gestel soos my gewoonte was. Hy het selfs my klere in die kas opgehang - hy het dit so aan my meegedeel die oggend toe hy my vir ontbyt kom haal het. Ek kon die episode nie so mooi onthou het nie.*

*Na hierdie bekentenis van Stefan het ek en hy baie hegte vriende geword. Hy het my geweldig baie met my studies gehelp omdat hy al baie breër as ek gestudeer het. Ons het 'n soort van Dawid-en-Jonatan-verhouding gehad. Daar is saam in een van ons twee se woonstelle gestudeer, ons het saam kerk toe gegaan, ensovoorts. Alles is saam gedoen en die geskenkies het nog steeds ingerol. Blomme het dan ook soms die blompot gevul. Ek wou dit nie so gehad het nie maar met die opregtheid waarmee dit gegee is kon ek dit nie weier nie.*

*My ouers was baie bly oor die vriendskap wat ontwikkel het; veral nadat ek vir hulle van my verlange na my ouerhuis vertel het. Moeder het toe vir my 'n klein motortjie gegee om die distansieprobleem huis toe te oorbrug. Tog het Stefan my gereeld huis toe geneem en selfs naweke saam met my by my ouerhuis gekuier. Die verhouding tussen my en my vader het hom baie gehinder en hom in 'n mate jammer vir my laat voel. Hy het dit by verskillende geleenthede dan ook so uitgespreek. Moeder het ook later in haar briewe, wanneer sy geskryf het, die briewe aan ons albei gerig. Sy het hier al geweet dat dinge nie pluis is nie wat dan later ook so deur haar aan my meegedeel is.*

*Die res van die jaar het vinnig verbygesnel en die eksamens was op hande. Stefan het absoluut gesorg dat dit net vir my nodig was om te studeer, aangesien hy minder studeerwerk as ek gehad het. Alles is vir my gedoen.*

*Met die aanbreek van ons vakansie en die wete dat ek my eerste jaar suksesvol voltooi het, het ons eers afsonderlik vir ons ouers gaan kuier waarna ons die laaste week saam in die berge deurgebring het. Dit is dan hier waar die gay-storie weer ter sprake gekom het en Stefan my duidelik en objektief daarop gewys het dat ek femme was. Ek het weer opstandig geraak maar dit nie aan hom getoon nie. Hier het hy weer sy gevoel vir my bevestig en my meegedeel dat hy só oor my sal voel so lank hy lewe. Dit is dan ook hier waar hy vir die eerste keer probeer het om fisiese toenadering te soek. Hy het my geliefkoos en baie styf teen hom vasgedruk. Die aanvang daarvan was vir my baie on-aangenaam (ons het ook een of twee biere voor die tyd geniet). Ek wou uit die hotelkamer maar tog ook nie. Die liefkosing het erger geword en ek het dit begin geniet; die gewaarwording van sy welgevormde liggaam teen myne was vir my 'n aangename ervaring. Hy het op daardie stadium ook 'n geweldige ereksie gehad (ons was in ons baaibroeke gewees en het pas teruggekeer van die swem-bad). Stefan was wat die geslagsdele aanbetref, ook baie goed bedeeld. Ek het dit geniet om sy geslagsdele teen myne te voel. Hierdie voorspel het vir ongeveer 45 minute geduur - 45 minute wat ek die welgevormde liggaam van Stefan teen myne baie intens ervaar het. Dit het egter nie daarby gebly nie. Stefan wou tot die seksdaad self oorgaan. Dit het my geskok. Van my kant wou ek dit nie toelaat nie; ek wou dit nie so gehad het nie, ek wou nie gehad het hy moes tot daardie deel van fisieke kontak oorgaan nie!*

*Hierdie voorval het ietwat spanning tussen ons gebring. Die liefkosing tussen my en hom het 'n soort van gereelde ding geword maar die seksdaad as sodanig is vermy. Na elk van hierdie gebeurtenisse het ek 'n geweldige verwerpings-gevoel teenoor myself gehad. Soms het dit so erg geword dat ek gevoel het om my eie lewe te neem. Dan was Moeder weer daar, sy het onwetend van haar kant af weer vir my 'n nuwe horison daargestel.*

*So het 1971 dan ook aan 'n einde gekom.*

### *3.14 1972-1975: 20-24 JAAR*

*In die loop van 1972 het ek deur Stefan baie ander gays ontmoet. Ek het hom ook aan Pieter voorgestel en kort voor lank was die vriendskap driehoekig. Stefan het vir Pieter soort van as my "broer" aanvaar. Hy het dan ook nooit probeer om enige fisiese kontak met Pieter te maak nie.*

*Die ander gays het my nie aangestaan nie. Ek het baie besoek van hulle ontvang en het ook by verskeie geleenthede na hulle huise en woonstelle gegaan wat oor die Wesrand versprei was. Ek het baie noue ontkomings gehad.*

*Hulle partytjies was altyd baie aangenaam. Dit was in alle opsigte eie aan die skewe mense. Dit is dan ook op hierdie partytjies waar jy op 'n seksuele basis gekonfronteer is waarvoor ek nie te vinde was nie. Dit was die groot oorsaak dat ek vir drie jaar lank met die gay-scène gebreek het en slegs Stefan in die ware sin van vriendskap behou het. Die liefkosingsessies was iets van die verlede en was ook só deur hom aanvaar. Daar sou dan ook tot hede en vandag toe nie weer enige fisiese kontak tussen my en Stefan wees nie. Stefan sou egter vroeg in 1979, nadat ek myself as 'n femme gay aanvaar het, weer met 'n voorstel na my toe kom naamlik dat ek vir hom femme moet wees.*

*Ek het gedurende die laaste twee studiejare net vir Pieter en Stefan as vriende gehad. Hulle was naas my studies my enigste belange.*

*My verhouding met my gesinslede was ook nie van die beste nie aangesien ons, veral die kinders, baie verspreid was oor universiteite in twee provinsies. My broers het almal gaan teologie "swot" en my suster het die geneeskunde bestudeer. My verhouding met my moeder was nog altyd dieselfde; ons het nie vir mekaar geheime gehad nie, behalwe wat die gay-scène aanbetref; tog sou ek later uitvind dat sy daarvan bewus was.*

*My verhouding met my medestudente was goed en grotendeels op 'n professionele basis. Ek was redelik gewild onder hulle en was by verskeie geleenthede afgevaardig om hulle op professionele byeenkomste, byvoorbeeld kongresse te gaan verteenwoordig.*

*My dosente en ander hoofde het my as 'n sterk student beskou soos die verslae en getuigskrifte wat ek van hulle ontvang het getuig. My vader was ook geneig om daarmee teenoor familie en vriende te spog maar het tog nog geweier om my my regmatige erkenning te gee. Op hierdie stadium het hy nog nie van sy alkohol afgesien nie.*

*Ek slaag aan die einde van my studies my hoofvakke met lof. In 1974 doen ek aansoek by 'n hospitaal in Wes-Transvaal waar ek toe my eerste aanstelling gekry het. Dit was vir my 'n nuwe ondervinding en ek is gekonfronteer met nuwe*

*verantwoordelikhede en mense. Dit het my ietwat senuagtig gestem maar danksy my wilskrag het ek gou aangepas.*

*Ek het op hierdie stadium weer vanuit my ouerhuis gewerk. Die situasie en verhoudinge tussen die huismense het nie veel verander nie; slegs die kinders was nader aan mekaar. Ek het tog nog die neiging gehad om, behalwe vir my moeder, verby my huismense te lewe. Dit was ook só deur die gesinslede aanvaar.*

*Die gay-scène het nou heeltemal op die agtergrond geraak en my enigste kontak daarmee was Pieter. Dit het ook nooit eintlik gedurende hierdie jaar tussen ons ter sprake gekom nie. Ek het dan ook later vir Pieter na verskeie senuklinieke geneem as gevolg van teleurstellings wat hy met butch ouens beleef het wat dit nie ernstig met hom bedoel het nie.*

*Ek het intussen my aandag by my professie bepaal en my daarin uitgeleef. Ek het werklik arbeidsvreugde daarin gevind.*

*Op 4 Julie 1974 word ek vir diensplig opgeroep Pretoria toe. Dit is dan hier waar ek vir die eerste keer met 'n lid van my eie geslag seksueel verkeer het. Ek het my gewone diensplig verrig soos enige ander dienspligtige en kursusse gedoen waarvoor ek kans gesien het, insluitend die instrukteurskursus. Die HOD het my toe as instrukteur aangestel. Ek was gedurende hierdie tydperk verantwoordelik vir die opleiding van mediese ordonnanse vir die Angola-offensief.*

*Die opleiding van die ordonnanse het deels by die militêre basis geskied en die praktiese gedeelte daarvan by 'n hospitaal vir swartes. Dit is hier waar ek vir Heinrich ontmoet het. Hy was 'n geneesheer verbonde aan hierdie hospitaal. Ek was een aand by die hospitaal met 'n paar ordonnanse aan diens toe ons deur die teatersuster uitgenooi word om 'n operasie by te woon. Oor die operasietafel het ons oogkontak gemaak en ek het net op daardie stadium geweet dat Heinrich ook skeef was. Dit is 'n gevoel wat ek nie kan beskryf nie; ek het dit net geweet en die ou gevoel van aggressie het my weer beetgepak. Ek het die teater verlaat en die troepe net daar gelaat. Later die aand het Heinrich my in die ongevalledepartement kom opsoek en verneem hoekom ek die teater sommer so verlaat het. Ek het hom meegedeel dat ek nie lekker gevoel het nie. Hy het die storie nie so maklik geglo nie maar tog voorgegee dat hy dit aanvaar het.*

*Hy het vir my 'n skaduwee in die hospitaal geword. Ek het hom op allerhande maniere probeer ontduik. Later het ek gesorg dat ons diensrooster verskil en dat ons nie dieselfde tye aan diens kon wees nie. Daar was ook van sy kant 'n gedurige telefoneerdery. Hy wou my baie graag met die opleiding van die mediese ordonnanse gehelp het. Dit het dan ook later so geskied. Hy was van baie groot waarde. So het dit dan gebeur dat ek een aand by sy huis in Waterkloof beland het met die doel om oor ete die studieprogram van die ordonnanse te bespreek. Hier het hy my ingelig omtrent homself en bevestig dat hy net soos ek gay is. Hy was butch. Ek het hierdie keer nie enige weerstand gebied toe hy versoek het dat ons "maats" moet word nie. Ook het ek nie besef dat "maatswees" met soveel komplikasies saamgaan nie.*

*Die verhouding tussen ons het nie te vinnig gevlot nie. Ek wou nie heeltemal aan die storie byt nie want alles was te veel met maanskyn en rose besaai. Daar was geweldig baie fisieke kontak tussen ons maar nie op 'n seksuele vlak nie. Heinrich het vir my absoluut alles gegee wat enige femme graag begeer het. Hy het absoluut uit sy pad gegaan om my gelukkig te maak. Ek het later, teen die einde van 1975, fisies tot Heinrich aangetrokke begin voel en 'n begeerte begin ontwikkel om seksueel met hom te verkeer. Dit het dan ook so geskied. Dit was tot op datum vir my een van die onaangenaamste herinneringe van my gay-lewe. Heinrich het anale seks verkies. Hy het 'n absolute erotiese, patologiese soort genot daaruit geput. Vir my was dit elke keer 'n sessie van pyn sonder enige genot. Ek het seks sover moontlik vermy. Heinrich was egter in 'n mate hiperseksueel en wou seks daagliks gehad het. Dit het geweldige rusies tot gevolg gehad en ons verhouding het begin kwyn. By dit alles het ek ook in 'n stadium vir hom borg geteken vir 'n bedrag van R20 000 so ook van ons/sy ander gay-vriende. Hy het finansiële probleme opgetel en ons ouers moes die borg wat ons geteken het, nakom. Ek het die grond wat ek van my grootmoeder geërf het in die proses verloor asook die laaste bande wat my met my gesinslede gebind het, behalwe dié met my moeder. Dit het dan ook die einde van ons verhouding beteken. Op hierdie noot het my diensplig geëindig.*

### *3.15 1976: 24-25 JAAR*

*Na die vorige jaar se bedrywighede waarvan my ouers nie bewus was nie kon ek nie na hulle terugkeer nie - ek het, omdat ek hoofsaaklik in bedrog gelewe het, 'n skuldgevoel gedra.*

Daar het ook nou weer by my 'n opflikkering vir die teenoorgestelde geslag posgevat - dit was daar maar tog ook nie. Ek het 'n baie onseker en semuweeagtige mens geword met die gevolg dat ek nie veel kontak met die hm-mense om my gehad het nie.

Ek het myself in Pretoria in 'n woonstel gevestig en by 'n plaaslike hospitaal begin werk. My ouers het later weer by my toenadering gesoek en wou gehad het dat ek moes terugkom huis toe. Ek het egter nie aan hierdie versoek toegegee nie.

Pieter het hom ook later in Pretoria kom vestig. Hy het baie psigiese probleme en selfmoordpogings gehad en het ook 'n apatiesindroom ontwikkel. Hierdie gedrag van hom het 'n baie depressiewe uitwerking op my gehad. Dit het ook meegebring dat niemand vir ons kom kuier het nie en omgekeerd.

Ek het toe weer met ander gays kontak opgebou. Dit was gedurende hierdie jaar dat ek met al die verskillende tipes gays op 'n nie-seksuele basis kontak gemaak het. Ek het lid van die gay-klub geword en sodoende het my gay-kennisse baie toegeneem. My kennis ten opsigte van die gay-lewe het ook baie verbreed. Ek het geleer wat 'n common gay, 'n class gay, 'n callboy, 'n closet queen, 'n rent-piece 'n bi-sexual, ensovoorts is.

Ek het gou geleer om my nie met die common class te assosieer nie omdat dit 'n absolute bedreiging vir enige welopgevoede mens inhou. Ek beskou myself as homoseksueel maar die res van my kodes/norme stem met dié van die hm's ooreen en sal ook so bly.

Ek het soos reeds genoem, gedurende hierdie jaar baie sosiaal met gays verkeer. Ek was te alle tye "game" vir alles behalwe geslagtelike omgang. Ook in my werk het ek kontak met gays gemaak en hulle besonder aangename mense gevind. Slegs een van hierdie gays het egter die voorreg gehad om op my lys van vriende te kom.

Wat die werk as sodanig aanbetref, het ek my professioneel uitgeleef. Elke dag was vir my 'n nuwe uitdaging. Ek het my pasiënte en hul probleme geniet.

Hierdie jaar het ek my nie aan studies onderwerp nie. Die gevolg was dat wanneer ek nie aan diens was nie ek myself met naaldwerk of huiswerk besig gehou het.

*Ek voel dat ek op die seksuele vlak moontlik dieselfde begeertes as 'n vrou het. Tog wil ek 'n man bly; ek wil nog skeer en 'n broek dra en die dinge doen wat 'n man doen.*

*Hierdie jaar was 'n "los" jaar, 'n jaar sonder enige werklike positiewe produkte, behalwe dat ek die gay-lewe en al sy sosiale fasette leer ken het.*

*Die gevoel van bedrog teenoor my ouers was ook groter - dit het erg aan my begin knaag.*

*3.16 1977: 25-26 JAAR*

*In 1977 het ek my weer tot studie gewend. Daar was weer tot my ouers se vreugde 'n groter drang na kennis as na 'n sosiale lewe. Ek het myself ingeskryf vir 'n diplomakursus wat ek oor 'n tydperk van twee jaar gedoen het.*

*My ouer broer het hom ook in Pretoria kom vestig en daar het 'n redelike verhouding tussen hom, my en sy vrou ontstaan. Ons het oor en weer gekuier en opgemaak vir al die verlore jare. Daar bestaan vandag nog so 'n spesiale band tussen my en my skoonsuster.*

*Dit was ook nie lank nie of my ouer broer het my gekonfronteer oor my homoseksualisme. Hoe en waar hy dit te hore gekom het, wou hy tot vandag toe nog nie vir my sê nie. Ons het dit openlik bespreek en ek het hom gevra dat hy en sy vrou dit so moes aanvaar wat sy dan grotendeels gedoen het. Hy het dit egter vandag nog nie aanvaar nie.*

*Kort hierna het my moeder my ook gekonfronteer. Ek het haar eerlik geantwoord. Haar woorde was: "My kind, vir tien jaar lank het ek dit geweet waarvan ek die laaste vier jaar seker van was. Wie is ek as moeder of enige ander persoon om jou te verwerp?" Ek het haar vertel van die verlede en net soos 'n moeder alleen kan doen, het sy my vir al die bedrog vergewe. Moeder het sover gegaan om al die lede van die gesin bymekaar te kry. Sy het dit aan hulle meegedeel en 'n keuse aan hulle gestel dat indien hulle my sou verwerp hulle haar terselfdertyd ook sou verwerp - dit het ook vir my vader gegeld. My broers, suster, skoonsuster en vader het my elk individueel gekontak en hulle aanvaarding van my homoseksualisme gegee. My suster het by 'n geleentheid ook saam met my klub toe gegaan. Haar kommentaar was: "Julle is dan net soos ons, behalwe dat julle julle eie geslag verkies."*

*Met hierdie aanvaarding en erkenning wat ek verkry het, het dit sommer baie beter gegaan met my en die gesin. Dit het my geïnspireer om 'n sukses van my studies te maak. Aan die einde van die betrokke studie verower ek dan ook 'n medalje vir die beste student in die betrokke kursus.*

### *3.17 1978-1981: 26-30 JAAR*

*Wat die gay-lewe aanbetref, was ek maar baie asosiaal. Ek sou so nou en dan gaan enkels losmaak het by die klub. Ek het egter hierdie jaar 'n geweldige aggressie ontwikkel jeens drag queens. Ek kan nou nog nie die "goed" verdra nie. Dis vir my ongehoord vir 'n man om 'n rok aan te trek of om grimering te gebruik. Ek hou nie van 'n ge-"flap" nie en het hierdie tipe gay geheel en al geïgnoreer.*

*Gedurende Junie het ek 'n redelike traumatiese belewenis gehad. Ek het binne die bestek van tien dae twee geliefde familielede, 'n oom en 'n tante, aan moederskant aan die dood afgestaan. Albei hierdie familielede het my moeder na aan die hart gelê en haar belewenis van hierdie verlies was baie emosioneel. Ek kon nie persoonlik by haar wees nie weens my werksverpligtinge en kon haar net telefonies ondersteun. Hierdie situasie waarin my moeder haar bevind het was vir my moeilik omdat dit by my konflik meegebring het: Waar moes my prioriteite wees - by my moeder of by my werk? Dit het my baie ontstel. Ek kon nie verlof kry nie en hoewel ek daarin berus het was daar bedekte aggressie by my aanwesig. Dit het vir my gevoel dat daar net klippe in my pad gerol word - ek het alleen en hulpeloos gevoel. In hierdie tyd wou ek net alleen wees. Moontlik om te berus by die afsterwe van my familielede en om my moeder se hartseer te probeer verwerk. My vader was nie 'n mens wat emosionele ondersteuning kon gee nie; dit was maar altyd vir hom moeilik.*

*In hierdie tyd het ek ook 'n skrywe aan die navorser gerig en hom versoek om my tyd te gee om hierdie situasie uit te sorteer sodat ons met die studie kon voortgaan. Hy het verstaan. Ons het kort hierna weer volstoom met die studie voortgegaan, min wetende dat die volgende opwindende situasie in my lewe sou volg.*

*Met die verbeterde verstandhouding met my gesin het ek vir die eerste keer 'n behoefte aan 'n maatjie gehad, 'n butch in die ware sin van die woord; iemand vir wie ek liefde kon gee, iemand vir wie ek femme kon wees. Dit het 'n soort*

*obsessie by my begin word. My studies was vir my 'n uitkoms in dié opsig - 'n soort ontvlugting in die soektog na hom vir wie ek lief wou wees en wie se paadjie net nie met myne wou kruis nie.*

*Dit was gedurende Junie 1978 wat hierdie behoefte van my hinderlik begin word het. Ek het dit in 'n stadium teenoor 'n vriendin van my uitgespreek. Op haar manier het sy my probeer troos - die gevoel het egter gebly.*

*Ek was werksaam in 'n neurologiese eenheid toe ek die middag die lang man in die gang sien afstap weg van my af. Ek was onder die indruk dat dit 'n geneesheer was. 'n Geweldige senuagtige gevoel het my oorval en ek moes my behoorlik regruk en diep asemhaal maar niks wou help nie. Harde werk was die antwoord. Daardie aand het ek hoogs ontsteld by die woonstel aangekom, 'n slaaptablet geneem en die volgende môre baie depressief opgestaan. Ek het my tot die Here beroep en hom gevra om my by te staan en leiding te gee.*

*Ek is die volgende môre werk toe. Ek moes 'n lang skof werk. Net na 12h00 het ek eetkamer toe gegaan om middagete te nuttig. Dit was weer eens 'n absolute bewerige gevoel wat my oorval het toe ek weer die lang man in die eetsaal sien wegstap na 'n tafel in een van die verste hoeke. Ek het toe nie meer honger gehad nie en het toe maar net 'n glas melk bestel en by een van die tafels teenoor syne plaasgeneem. Ek het hom toe vir die eerste keer van sy regterkant af geobserveer en toe eers werklik gesien hoe aantreklik en goedgebou hy was. Die melk was toe ook nie eers gedrink nie en ek is terug saal toe. Ek was hopeloos verstrooid en was moontlik 'n gevaar vir my pasiënte gewees. Een van my kollegas was bereid om die res van my diens te doen. Ek is daarna na my niggie wat matrone aan die hospitaal was en het by haar verneem wie die man was. Sy het al die inligting wat ek wou gehad het aan my verstrek. Die volgende dag was ek heelwat vroeër aan diens met die wete dat John, die nuwe verpleër daar gaan verbykom. Ag, dit was 'n absolute salige gevoel toe hy verby my stap en baie vriendelik groet. Ek het weer die lig op die horison gesien.*

*Die behoefte na 'n maatjie het gegroei. Ek het my weer eens op die Here beroep en Hom daarvoor gesmeek. Dit het naweek geword en klubaand het aangebreek. Ek het die Saterdagoggend vir my nuwe klere gaan koop - hoekom weet ek nie. 'n Bottel brandewyn was ook op my inkopielys.*

*Daardie hele middag lank het ek gewik en geweeg of ek klub toe sou gaan al dan nie. Op die lange duur het ek toe twee keer in die bed geklim en ook vir drie van my vriendinne gaan kuier. Die een het toe nog opgemerk: "As jy darem nie vanaand 'n man vang met jou voorkoms nie, dan wil ek my naam nie hê nie."*

*Ek het later die aand huis toe gegaan en weer mooi vir die Here gevra om vir my 'n maatjie te gee. Impulsief het ek my toe weer reggemaak, my brandewyn geneem en klub toe gegaan. Ek het 'n vriend van my raakgeloop wat my meegedeel het dat hy 'n vriend het wat hy aan my wou voorstel. Jy kon my met 'n veertjie omgetik het want die vriend van hom was niemand anders as John nie. Ons het die aand terdeë geniet en in my hart het ek geweet dat die Here my gebed verhoor het en ek het Hom daarvoor bedank.*

*Hierna het John in 'n stadium vir my die volgende brief geskryf:*

*Julie 1978*
*Pretoria*

*Liewe Dha'Kar*

*Ek sit hier na my musiek en luister - Rachmaninoff se klavierkonsert nr. 2 met Rafael Orosco as pianis. Dit is pragtige musiek en 'n uitstaande opname.*

*Toe kry ek lus om met jou te gesels. Ons moet "swot", daarom dan die rede vir die gesels op hierdie wyse. Eintlik kan ek nie op papier neerstip wat op my hart is nie. Perifêr kom dit daarop neer dat ek vanaand weer vasgevang voel. Jy weet dit is daardie gevoel van "ek wil uit die web van my ek-wees wegkom" of miskien verlang ek tog reeds na 'n meer volmaakte ek soos ek is, 'n meer spontane ek. Glo my dat ek dit tog in jou geselskap kan wees, in elk geval nader daaraan kan kom. Ek wonder of dit is omdat jy meer of wel begrip het vir my optrede.*

*Ek moet erken dat ek die afgelope tydjie tot groter aanvaarding gekom het, maar dan kom daar tog tye, soos nou, wanneer ek wonder of dit regtig is wat ek wil wees.*

*Ek voel tog nou dat ek maar wel met die waarheid vorendag moet kom. Ek en Etienne het vanmiddag en gistermiddag "kervinkel". Dit pla my ontsettend, in die opsig dat ek verder vir die mens geen gevoel het nie en dan ook in die opsig dat daar van "haar" kant self nog stryd is. Ek wil tog nie voel dat ek verantwoordelik is vir 'n ander "s'n" (homoseksualisme) nie.*

*Nou voel ek reeds beter - ek weet jy "het geluister".*

*Miskien maak ons later 'n vinnige draai by jou - nadat ons ge-"swot" het.*

*Moet jou in elk geval een of ander tyd alleen sien.*

*Tarra's vir eers!*

*John.*

*John het my geselskap en persoonlike omgewing baie aangenaam gevind en elke uitnodiging van my na my woonstel aanvaar. Hy was butch, ek was femme. Ons het mekaar interessant gevind en ook gevind dat ons baie in gemeen het. Hy is 'n dierbare mens en het diep belangstellings in die lewe asook 'n waarde vir musiek gehad. Ons kuiertjies het al hoe meer geword en ek het elk daarvan intens ervaar. Ons het aangetrokke tot mekaar gevoel. Daar was so baie aspekte wat bygedra het dat ons 'n soort konstante kontak met mekaar gehad het en dit het ook gegroei na iets meer as vriendskap. 'n Goeie verstandhouding het tussen ons ontstaan. 'n Vriendin het ons op die vyfde Julie 1978 uitgenooi vir ete by haar woonstel. Daardie aand het ons na my woonstel teruggekeer. Ek het John uitgenooi om daar te slaap wat hy sonder teëstribbeling aanvaar het. Ons het op my dubbelbed in my kamer gaan lê en hier het ons eerste seksuele fisiese kontak plaasgevind. Ek wou dit so gehad het. Dit was vir my een van die aangenaamste ervarings in my lewe - dit het hemelsbreed verskil van die vorige ervarings met Heinrich. John het my meer gereeld besoek en was baie "tender" in sy optrede teenoor my. Ons verhouding het in diepte gegroei en op 28 Julie 1978 om 15h40 het John my gevra om sy permanente maatjie (femme) te word. In my hart was daar jubelsange. Ek het die Here geprys en geloof en doen dit vandag nog in my oggend- en aandgebed.*

*Ons het by mekaar ingetrek in 'n woonstel. Die atmosfeer verskil geensins van dié van 'n normale bm-paartjie nie; daar is 'n wedersydse respek en aanvaarding asook sekuriteit. John is baie goed vir my, soms te goed. Ek word nie oorlaai met geskenke soos in die verlede nie. Alles is vir my so realisties. Ek is trots op die feit dat ek John se ring dra, dat ek in my totaliteit aan hom behoort. Ek probeer vir hom 'n goeie femme wees. Op die seksuele vlak gee ek vir hom wat hy van my verwag. Ek geniet elke oomblik daarvan. Seks is nie roetine by ons nie; dit geskied na behoefte wat baie selde is. Dit hou vir albei van ons groot waarde in. Ek sorg vir John soos enige bm-vrou vir haar man sou sorg. Tog bly ek nog 'n man en John verwag dit ook so van my.*

*My hele gesin het hom as my butch aanvaar. Hulle is vir hom lief soos wat hulle vir my suster se man is. Hy word as deel van die gesin beskou en so behandel. Met my vader se siekbed - hy is tans 'n kankerlyer - het hy dit ook soos die res van my vader se kinders beleef. Hy het sy hulp en dienste soos enige ander kind van die gesin aangebied. John is net so Christelik ingestel soos ek en ons beoefen ons godsdiens soos enige ander gelowige. My predikant is bewus van my homoseksualisme en staan my in alle opsigte by.*

*John het my in baie opsigte op 'n positiewe wyse beïnvloed. Ek voer deesdae 'n baie voller lewe wat tog die stempel van kalmte en geluk is. Ek glo nie dat na John daar ooit weer 'n man in my lewe sal wees nie; hy is die laaste en hopelik my lewensmaatjie. John het 'n behoefte om eendag indien hy dit sou regkry met 'n vrou te trou en vader te wees. Ek het my volle samewerking in dié opsig gegee. Indien hy wel sou trou sal ek hom aan die vrou van sy drome afstaan. Dit sal egter vir my die einde van alles beteken - moontlik op hierdie stadium selfmoord want ek wil nie sonder hom met die lewe voortgaan nie. Ek sien nie kans daarvoor nie. Ek het hom lief, hy is ek, hy is dit wat alles vir my is - ek is ernstig in dit wat ek nou neergepen het en hoop dat die liewe Here Jesus my sal vergewe indien ek tog hierdie uitweg moet kies. Ek het voorsorg daarvoor getref. John dra nie kennis hiervan nie. Ek sal dit ook nie aan hom meedeel nie - ek wil geensins aan hom 'n ultimatum stel nie. Ek wil hom gelukkig sien. Hy het 'n reg tot die lewe. Hy moet vorentoe. Ek wil hom bo sien uitstaan. Ek kan hom nie terughou van geluk wat hy verkies nie. Tot dan wil ek hom ervaar soos hy nou is en wat hy vir my beteken.*

*Ons beleid is ook dan dat ons nooit tussen mekaar en ons ouerhuise sal staan nie. Ek het sy mense net so lief as my eie. Hy was dan ook verantwoordelik vir die totale herstel van die gesinsbande in ons huis. Hy het ons weer laat lewe, ons laat besef dat ons vir mekaar moet lief wees en dat ons nie moet terugkyk op die paadjie wat agter ons lê nie. John het my geleer wat die waarde van lewe is. Hy laat my lewe; hy is vir my lewe!*

*Toe ek en John in 'n verhouding gegaan het, is besluit dat Pieter sy eie woonstel moet kry omdat ons drie nie saam in een plek kan woon nie. Ons het dan ook verhuis van die woonstel waar ons aanvanklik ontmoet het en het getrek na 'n woonstel in sentraal Pretoria, baie naby aan Burgerspark. Ek en John het besluit dat dit miskien raadsaam sal wees om 'n vriendin se aanbod te aanvaar en om van haar bakkie gebruik te maak. Hierdie vriendin is eintlik meer 'n kollega wat ook 'n woonstel gedeel het met 'n ander vriendin Borrie. Hulle is twee dierbare mense. Bernadette het saam met my gewerk en Borrie by 'n ander instansie. Toe Bernadette hoor ons gaan verhuis en dat ons om koste te bespaar nie van 'n vervoerkontrakteur wil gebruik maak nie, het sy aangebied om Louise se bakkie vir ons geleen te kry.*

*Ek en John het begin om alles in die woonstel in te pak - ons het baie georganiseerd gepak - ons het daaraan geglo dat wat bymekaar hoort in dieselfde*

*kartondoos gepak moet word en so gepak moet word dat dit nie breek nie. Dit was in die begin van die reënseisoen. Die dag toe ons moes verhuis, toe reën dit katte en honde. Ek is bles en kan jou verseker dat ek elke reëndruppel gevoel het. Ons het een aand verhuis. Ons het so om en by ses uur begin en ons was skuins voor twee die volgende oggend klaar. Wat vir my baie opvallend was, was dat hierdie twee meisies, wat heeltemal heteroseksueel is, sonder dat ons gevra het, aangebied het om ons te help. En werklik hulle het gehelp. Hulle het nie hulle handjies rond gehou nie, hulle het soos ek en John, opgetel aan die kartondose, hulle het help uitdra en opdra na die tweede verdieping. Na die tyd (so half twee, twee uur in die oggend) het hulle gesê nou gaan ons na hulle woonstel dat hulle eers vir ons iets warms kan gee om te drink sodat ons kan bad en tot ruste kan kom. Dié twee mense sal ek seker nooit in my lewe vergeet nie en ek dink John ook nie. Die eienaardige ding hier is dat hierdie twee mense sonder rede uit ons lewens verdwyn het. Ek het in 'n stadium verneem dat Bernadette getroud is en dat Borrie op troue staan en dat hulle nog besig is om hulle akademies verder voor te berei, maar nooit ooit het ons hulle weer gesien nie.*

*Om terug te keer na die nuwe woonstel, ons het dit deur 'n gay-vriendin van ons gekry. Die woonstelblok het aan haar suster behoort. Marie, die eienares van die woonstelblok was 'n heel eienaardige mens. Sy was 'n rustige ou vrou, so om en by haar laat veertigs, vroeë vyftigs. Ek het verstaan dat sy haar jongste seuntjie verloor het. Hy was 'n laatlammetjie - so ongeveer twaalf jaar oud. Sy het hom net so twee of drie maande voor ons daar ingetrek het verloor. Ek kon myself nooit vereenselwig met hierdie stil, rustige mens wat so rustig kan wees en maar net kan aangaan sonder om die trauma te beleef het van 'n kind aan die dood af te gee nie. Die gay-vriendin se suster Suzette, het ook in die woonstelblok gewoon; op die eerste vloer so skuins onderkant ons. Sy was in 'n verhouding met 'n haarkapster. Alhoewel ons nie vriende was nie (ek het haar leer ken deur ander gay-vriende) was sy 'n baie gawe mens en het altyd uit haar pad gegaan om jou tuis te laat voel; altyd vriendelik, nooit skaam om te sê sy ken jou nie. Ek het soms redelik skepties gestaan teenoor 'n diep verhouding met hulle want Suzette was maar 'n redelike losserige mens. Hoewel sy in 'n verhouding was, het ek van ander gays verstaan dat sy maar redelik rond neuk, as mens die woord kan gebruik. Sy het losse sedes gehad. Haar vriendin Maureen, was 'n haarkapster. Sy was 'n pragtige mens behalwe dat sy patologies jaloers op Suzette was. Ons het by hulle aan woonstel gekom terwyl ons in dieselfde blok woonstelle gewoon het, en het baie*

*lekker daar gekuier. Hulle was nie mense wat suinig was nie, inteendeel, jy was altyd oorlaai met eet- en drinkgoedjies. Hulle het 'n geweldige liefde vir alkohol gehad. Uit die aard van my en my pa se verhouding is ek nie 'n mens wat daarvan gehou het om 'n oormaat van alkohol in te neem nie. En wat vir my mooi was van hierdie twee was dat nieteenstaande hul swaar alkoholgebruik, het hulle nooit ooit daarop aangedring dat jy dieselfde hoeveelheid alkohol as hulle moes inneem nie. Hulle het 'n groot verskeidenheid alkohol in hulle woonstel gehad. Kwaliteit drank, nie van die duurstes nie, maar ek sal daardie tipe drankies eerder vir myself aankoop en nie sommer so vir vriende uitdeel nie. Suzette het 'n baie goeie betrekking gehad en 'n redelik gesiene pos beklee. Sy en Maureen was nie "harde" lesbiërs nie. Byvoorbeeld 'n mens het nooit kon agterkom wie van die twee femme en wie die butch was nie. Suzette was die femme en Maureen die butch, maar hulle was altwee altyd sag en mooi vroulik aangetrek; baie goed gegrimeer en het werklik duur juwele gedra. Hulle juwele was nie iets wat sommer net gekoop is nie. Veral Suzette se juwele was spesifiek vir haar ontwerp en gemaak. Hulle het blykbaar 'n goudsmid as vriend gehad wat vir hulle die juwele gemaak het. Suzette was voorheen in 'n verhouding met iemand genaamd Betsie. Sy sal later in die verhaal na vore kom as 'n buurvrou van my in 'n volgende blok woonstelle. Ons buurvrou reg langs ons was 'n ou dame. Ons het gedink dat sy 'n oujongnooi is maar het later uitgevind dat sy 'n weduwee is en dat sy 'n seun het wat geneeskunde beoefen. Aanvanklik het sy nie met ons gekommunikeer nie; net 'n kopknik en haar deur was meeste van die tyd toe. Later het ons saam in die hyser beland en gegroet. Nog later het ons begin gesels en toe uitgevind dat die dame in dieselfde professie as ons is, dat sy werklik diep waardes het en volgens die norme van die mense binne die grense van ons beroep lewe. Ons het nooit oor en weer gekuier nie. Ons sou eerder buite op die balkon gesels en nooit persoonlik nie, behalwe nou die prestasies van haar seun en so aan. Ons bure aan die ander kant het ons nooit leer ken nie. Hulle was nooit daar nie. Ons het hulle soms gehoor maar het nooit met hulle gesels nie. Ek kan nie eers vandag meer onthou wie hulle was of hoe hulle gelyk het nie.*

*Reg onder ons het twee ander gays gebly. Dit was nou vir jou iets om oor huis toe te skryf! Hulle was daardie tipe wat in klubs gelê, alkohol misbruik en daarvan gehou het om mekaar te neuk as hulle dronk is. Hulle was die tipe wat met 'n hoë stemtoon gepraat het - eintlik net die femme. Die butch glo ek nie was werklik gay nie. Ek dink hy was uit die aard van sy finansiële situasie verplig om te vat wat hy kon kry. 'n Mens het die indruk gekry dat hy altyd in 'n finansiële nood is en dat die femme hom dra. 'n Mens het altyd die idee*

*gekry dat hy voorheen in die tronk was. Hy was nie 'n lelike man nie. Hy was sterk en groot gebou met nie 'n ons vet op sy lyf nie. Hy het 'n geharde voorkoms gehad en 'n mens kon sien dat hy onafgerond is. Hulle het hierdie ding gehad om elke Saterdagnag om twee uur as hulle van die klubs af kom, te baklei. Die bakleiery het gewoonlik só begin: die butch het altyd eers in die woonstel ingehol en dan moes die femme nou aan die deur klop en smeek om in te gaan. Ek dink dit was uit pure dronkenskap wat hulle dit gedoen het. Almal in die woonstelblok het begin skreeu: "Stop dit! Is dit alweer julle?!" Daardie tipe van ding. Dan was daar nou geskop en geklop aan daardie deur en wanneer hy na sowat 'n halfuur die femme in die woonstel inlaat, word die arme femme van 'n kant af opgeneuk. Jy kon amper woord vir woord hoor wat hulle sê. Dan is daar vir 'n vale familie uitgelê en Sondagoggend is dit nie hulle wat eerste ontwaak in daardie blok nie! Hier teen die middag se kant sou hulle daar uitpeul, witgrys van die babelaas. En wat die ergste van alles was, hulle kyk almal in die oë asof daar niks gebeur het nie. Nouja, ons het met die opsigter gepraat, ander mense het met haar gepraat en dit was ook nie lank nie toe is hulle uitgesit. Wie na hulle daar kom bly het, weet ek nie; dit was tjoepstil. 'n Mens kon weer Saterdagaande rustig in die bed klim sonder om te lê en wag vir die geraas.*

*Die ander mense in die blok was gaaf; almal het gegroet. Daar was 'n man wat op die boonste vloer gewoon het, wat soos ons verstaan het ook gay was en blykbaar 'n verhouding met een van die swart skoonmakers gehad het. Die skoonmaker was 'n afgeronde man. Sy gedrag was opvallend; nie feministies nie, maar skoon en netjies. Hy het vir 'n swarte 'n "well groomed" voorkoms gehad. Hy was nie byderwets nie maar het redelik byderwets aangetrek. Hy het 'n baie goeie Afrikaans gebesig. Die storie dat die man 'n verhouding met die swarte gehad het, het van Maureen en Suzette af gekom. Die man het nooit met enige ander persoon in die woonstelblok geassosieer nie. Hy het ook een of ander hoë posisie in die samelewing beklee. Hy het soggens saam met my in die hyser gery. Mense wat op 'n spesifieke tyd begin werk, het 'n looptyd en skynbaar was ons s'n dieselfde. In die middag het hy altyd so by vyfuur-halfses daar aangekom.*

*Skuins voor 18h00 op Saterdag, 2 Junie 1979, het ons (ek, Willem, 'n man en 'n vrou wat saam met hom werk en haar man) vertrek na die Kasteel, 'n gay-klub in Johannesburg vir die "Miss SA"-kompetisie.*[2]

---

*2. 'n Kompetisie waartydens die beste man in vroueklere in die land gekies word.*

Die geselskap in die bussie het gevlot want daar was baie om oor gedagtes uit te ruil. Ek het ietwat ongemaklik gevoel tussen die nuwe bm's wat ek ontmoet het. Ek het voorheen al saam met een van hulle (die dame wat saam met Willem gewerk het) by 'n verpleeginrigting gewerk en die herontmoeting het vreemde gevoelens in my wakker gemaak, ek noem dit skaamte. Ek het gevoel asof ek vir die betrokke bm leuens vertel het, nie 'n leuen in die ware sin van die woord nie maar op 'n indirekte wyse omdat sy altyd onder die indruk was dat ek bm was. Dit is nie 'n aangename gevoel nie.

Een van die ander bm's (die man wat saam met Willem gewerk het) het my ook ongemaklik laat voel. Ek wou nie gehad het dat hy moet weet dat ek skeef is nie. Die rede hiervoor is vir my nou nog onbekend. Moontlik het dit iets te doen met die manier waarop hy vir my gekyk het.

Met die ander bm het ek heel op my gemak gevoel so ook met Willem omdat daar alreeds op hierdie stadium 'n goeie vertrouensverhouding tussen ons bestaan het.

Ek en Willem het eers gou 'n draai gemaak by 'n ander gay by wie hy 'n werkstuk moes gaan haal terwyl die ander drie in die bussie gewag het. Ons arriveer om 19h10 by die Kasteel. Op hierdie stadium was daar alreeds 'n redelike lang tou voor die klub: letties, moffies en met ons arrivering bm's ook. Dit was vir my opvallend dat die gays nie veel omgegee het om aan mekaar te hang en in "drag" op die sypaadjies rond te beweeg nie. Dit was tog nog in die publiek waar gays en bm's hulle na wense moet gedra. Moontlik kan dit toegeskryf word aan die feit dat baie van hulle alreeds op hierdie stadium hulself 'n glasie of twee alkohol veroorloof het. Sommige was stil, ander weer het uit die hoogte en boonste rakke "geflap" soos net die common gays van die agterstraat dit kan doen.

Dit was doodstil op een plek staan en wag dat die deur moes oopmaak - almal kom vroeg en hoop om 'n sitplekkie te kry wat al op daardie stadium 'n saak van onmoontlikheid was. Terwyl ons daar op die sypaadjie gestaan het, het verskillende figure by ons verbybeweeg wat ek al voorheen op een of ander geleentheid leer ken het. Sommige het gegroet, ander het gemaak of jy nie bestaan nie. Die skynheiliges wat verleë was oor 'n moontlike plekkie voor in die tou het baie gou geselskap kom soek. Daar het onder andere 'n klompie gays van 'n Wes-Transvaalse dorp gekom wat vir ongeveer 'n jaar glad nie met my kontak gehad

*het nie, wat my behoorlik om die hals geval het van vreugde, verlange ensovoorts, wat natuurlik absoluut smert was. Dinge soos die volgende is gesê: "Hoe bly is ek om jou weer te sien" en "Ek kan jou sommer in die publiek soen!" Hulle het na jou welstand verneem en dié van jou "affair", jou ouers, broers en suster. Daar was nou van almal; van die platteland, "common", "clumsy", lelik, mooi, "name it and you've got it".*

*Voor in ons tou het 'n drag queen gestaan wat my aan een van die perde op die plaas herinner het. Later toe die tou begin beweeg, sou ek sien dat ek hom leer ken het in 'n klub in Pretoria toe ek my eie affair, John, ontmoet het. (John kon nie saam met ons kom nie omdat hy die aand nagdiens moes doen.) Hierdie drag was kort na ons ontmoeting van plan om bm te draai en in die huwelik te tree en het skynbaar twee of drie maande daarna besluit om maar weer terug te keer na die gay-lewe en hierdie keer was hy erger skeef as toe!*

*Soos ons in die gebou inbeweeg het, het die drankwalm ons oorval, daardie tipiese derderangse kroegreuk. Die mense het al luidrugtiger begin word; dit was 'n oor en weer geskreeuery om hulself hoorbaar te maak - almal moes weet hulle is daar! Sommiges was egter stil en het hulle heel skaflik gedra, moontlik omdat hulle nie gereelde klubgangers was nie en deur die ander se gedrag oorbluf is. Daar was ook ander dinge wat op 'n stil manier vinger gewys het soos die uitgekapte benaming op die trapreëling: hoerhuis. Dit is moontlik deur 'n gay self aangebring.*

*Van die lesbiërs van Johannesburg het dit vir ons moontlik gemaak om deur die traliehek te kom al was ons nie lede van die klub nie. Een van hulle het soos sy en Willem vooraf gereël het, vir ons plek gehou.*

*Om 20h00 was ons ge-"settle" en kon jy maar net weer die klompie aanskou. Die een wou meer regop en met 'n stywer nek as die ander een sit. Dit word algemeen onder gays opgemerk wanneer hulle vergader hetsy by die "Miss SA"-geleentheid of by 'n gewone klubaand. 'n Houding van: "Ek gaan nie veel moeite doen om jou raak te sien nie" of "Jy pas nie vanaand in by die groep met wie ek my wil assosieer nie". Hierdie houdings word ook deur sommige gays as 'n "sending-up"-meganisme gebruik wanneer hulle van die soort/tipe is wat in die geheim kamp en dan nie met hul "one-night stands" gekonfronteer wil word nie. Sommiges was alreeds by die dansbaan besig om die ding te doen. Daar was ook al sommer van vroegaand af kompetisie op die baan. Kompetisie sal daar altyd*

*wees hetsy of jy skeef of straight is. By die skewes is dit egter erger veral by die moffies. In dié verband was dit volgens voorkoms: jy drink whisky en 'n "common" rooiwyn; ek dans volgens die nuutste danse uit die Arthur Murray Studio's en jy dans nog die gewone ordinêre danse wat aan almal bekend is.*

*Vanwaar ons gesit het kon jy die hele spul observeer. Swart, oranje en groen was die oorheersende kleure vir die aanwending van die dekorasies. Naakte figure van mans en vroue in omhelsing, alleen of agter 'n mielieblaar wat met of 'n tros vrugte bedek is, lewensgroot teen die mure geskilder. Spinnerakke asook vlermuise was deel van die figure.*

*Hierdie figure was oorspronklik in tydskrifte gepubliseer en het so ietwat van gelaatstrekke verander. Opvallend was die volmaakte liggaamsbou van elke figuur, hetsy of dit man of vrou was. Die manlike figure was meer as die vroue moontlik omdat dit deur 'n man geskilder is. Sommige van die figure was gekombineerd. Daar was die drie mansfigure wat die ewige liefdesdriehoek voorgestel het wat in die klubganger se lewe bestaan. Dan is daar die droom van baie femmes uitgebeeld: twee mans in omhelsing soos wat net die skilder die volmaaktheid daarvan kon uitbeeld. Elke femme sou dit graag só wou gehad het maar dit werk in die werklikheid egter nie so uit nie. Die vrouefigure was almal alleen. Die een neem 'n uitdagende houding in: sy is sonder 'n bo-bedekking terwyl die langbroek wat sy aan het se gulp halfpad oop is. Op die teenoorgestelde muur is daar 'n vrouefiguur wat om die heupe skraps geklee is en met net twee sterretjies om haar tepels te verberg. Die indruk van 'n vrou wat vlug word hier tuisgebring. Vlermuise vlieg agter haar aan en sy vlug in die rigting van 'n spinnerak. Tussen haar en die uitdagende vrou en spinnerak word 'n volmaakgeboude man met trosse vrugte voor sy geslagsdele aangetref. Hy is nie gewillig om die vrou se vlug te verander nie en bepaal sy aandag by 'n ander man op die teenoorgestelde muur wat weer op sy beurt sy geslagsdele met sy hand en voorarm bedek. Dan is daar nog 'n vrouefiguur wat terwyl sy uit haar bed klim, 'n baie meer ontvanklike houding teenoor die uitdagende vrouefiguur openbaar. Daar is ook nog 'n skets van 'n gesig wat in twee gedeel is: die een helfte is dié van 'n vrou en die ander dié van 'n man. Dit is 'n baie gewilde voorstelling van "gay"-wees in straight boeke. Die moontlike betekenis is dat elke mens tog 'n mate van die teenoorgestelde in hom- of haarself verberg.*

*Die musiek het gewissel van Strauss regdeur tot by die swaarste "underground". Dit het nie 'n definitiewe vorm aangeneem nie; almal se smaak moes bevredig word. Danse het gewissel van op een plek stilstaan tot groepdanse. Daar was verskillende groepdanse waar almal ritmies saam beweeg soos hulle dit al seker weke vantevore by hul huise of woonstelle geoefen het.*

*Drank het veral teen die einde van die aand vrylik gevloei toe mense hul sommer self agter die toonbank aan ander mense se drank gehelp het. Almal moes hul drankbottels by die Ontvangs laat nommer het. Hulle het kaartjies daarvoor gekry wat hulle by die "kroeg" ingegee het en wat hulle in staat gestel het om periodiek drank te gaan haal. Die inhandiging van die drank by die "kroeg" is 'n metode om misbruik daarvan in die klub te voorkom. Dit is egter nie effektief nie. Die "kroeg" was langs ons sitplek met die gevolg dat daar 'n gedurige samedromming van mense was wat drank wou hê. Soms was dit so erg dat as iemand jou, wanneer 'n spesiale plaat speel, vir 'n dans gevra het die plaat al klaar gespeel het teen die tyd wat jy deur die mense tot op die dansbaan geskuur het.*

*Om 21h40 is die eerste aankondiging gemaak dat al die <u>drags</u> wat aan die kompetisie deelneem, moes gaan inskryf. Intussen het die res van die <u>skewes</u> voortgegaan met hul <u>geflap</u> gesuip, ensovoorts. Ons het toilet toe gegaan waar ons "Miss SA '78" gevind het wat ontsteld was oor mense drank "in sy keelgat afgeforseer het". Hy het later by ons aan tafel kom sit en binne sewe minute 'n dubbele brandy en coke sonder enige forseerdery en uit vrye wil afgesluk!*

*Om 21h53 daag die ander <u>drags</u> op waaronder V-, 'n man getroud met 'n lesbiër en van kop tot tone ge-"dress" in rooi. Hy sou dan ook later volgens tradisie, omdat hy die "Miss" Kasteel '79 was, die kompetisie wat in die Kasteel gehou is en moontlik omdat die eienaar een van die beoordelaars was, "Miss SA '79" word.*

*Om 22h58 word die afkondiging herhaal vir persone wat in die kroon belangstel. Die spanning in die klub laai op, die mense begin meer na die dansbaan beweeg en drink meer. Die stryery oor wie gaan wen, begin. "Miss SA '78" maak weer haar opwagting by ons tafel. Sy is senuagtig, vatterig en "<u>flap</u>". Die drukkery, soenery en "<u>flappery</u>" word meer algemeen, die klub word al voller en uiteindelik is dit 23h27 en volg die finale aankondiging vir die kompetisie. Almal probeer 'n plekkie vind waar hulle kan staan om te sien wie die "kroon met tradisie" gaan bekom. Die aankondiger was heel sarkasties in sy vertelling*

*van die geskiedenis van die kroon, die vrees dat dit sal val, sal breek, ensovoorts. Dit word op sarkastiese wyse aan die toeskouers en "Miss SA '78" vertel, moontlik met die hoop dat dit wel sal breek.*

*Daar was 31 inskrywings van regoor die land. Die beoordeling het plaasgevind op grond van watter van die drags die beste "woman" was en die geskreeu van die toeskouers. Daar was 'n eerste uitdun waartydens slegs ses gekies is.*

*Die aankondiger het by herhaling genoem dat almal mooi is maar dat net een, die beste, kan wen. Elke kandidaat het die voorreg gehad om by die aflees van sy nommer met musiekbegeleiding oor die dansbaan te beweeg. Die musiek was skaars hoorbaar onder die geskreeu, handeklap, fluit en voetestamp. Die resultaat van die finale uitdun was: Pretoria nr. 31, Kasteel nr. 28, Brakpan nr. 24, Johannesburg nr. 17; Johannesburg nr. 10 en Johannesburg nr. 7.*

*Daar was 'n common gay wat aanmekaar vir nr. 10 geskreeu het. Dit het behoorlik gelyk of hy van die duiwel besete was wanneer hy sy 10 vingers in die lug "gegooi" het en "mal" begin skreeu het. Hy het ook 'n aggressiewe houding teenoor van die ander toeskouers begin inneem.*

*Intussen het drie gays uitge-"pass"; dit was vir hul senuwees te veel. Een van die drie is uitgedra maar die ander twee het sommer so tussen die skreeuende klomp bly lê waar hulle later weer bygekom het.*

*Die finale uitdun was: tweede prinses nr. 10; eerste prinses nr. 28, en "Miss SA '79" nr. 7. Dit was, soos reeds genoem, nie 'n verrassing nie want dit is tradisie dat nr. 7, "Miss" Kasteel, sou wen.*

*Intussen het die common gay wat so aanhoudend vir nr. 10 van Johannesburg geskreeu het sy selfbeheersing verloor en die beoordelaars met sy handsak gegooi, gevloek en geskel en sommer begin om klappe uit te deel. Hy wou, soos ons later verstaan het, "Miss SA '79" gaan takel het. Van die omstanders het die persoon saam met nr. 10, die tweede prinses, uit die klub gegooi.*

*Om 00h40, na al die opgewondenheid het almal teruggekeer na hul glase en sigarette en hul tevredenheid of misnoeë teenoor mekaar uitgespreek. Op hierdie stadium het ons, ons goedjies bymekaar gemaak en na Pretoria teruggekeer waar ons koffie by my woonstel geniet het. Die res van die groep het om 02h30 na hul wonings teruggekeer.*

Ons het baie lekker in die woonstel gebly. Dit was skoon en netjies en die mense was oor die algemeen bogemiddelde mense wat Sondae kerk toe gegaan het as ons kerk toe gestap het. Soos ek gesê het, die woonstelblok was naby Burgerspark. Ek dink dat almal in Pretoria bewus is daarvan dat Burgerspark 'n saamkomplek van gay-mans is. Die woonstelblok oorkant ons was 'n gay-paradys. Dit is 'n tipe eenslaapkamer, "bachelor"-blok en dit was uitsluitlik gays wat daar gebly het. Wat vir my die eienaardigste was, is dat die mans, wat in die meerderheid was, almal sulke groot "well built" macho mans was en dat die meeste van hulle na die "gym" om die hoek gegaan het. Ek en John het baie daaroor gepraat. Dit was meesal enkelinge wat daar gebly het. Ek het aangeneem dat hierdie macho mans bm was, 'n mens kon hulle nie werklik in die gay-lewe plaas nie. Ek het van hulle met vriendinne gesien en daarom het ek aanvaar dat hulle bm is. Wanneer 'n mens egter in die aand bietjie gaan stap het, ek en John het nogal daarvan gehou om na die park toe te stap om te kyk wat hierdie gays doen, dan sal jy maar sien dat dit hierdie woonstel aan die oorkant se gays is wat daar rondhang. Jy sien hulle maar met 'n maat terugbeweeg na hulle woonstelblok toe en 'n mens het gewonder. 'n Mens het nou nie só kontak met hulle nie, maar sou die blok nie later 'n stigma kry wat aan hom kleef nie? Ongelukkig kon ons nooit uitvind nie, want kort voor lank moes ons toe hoor dat die woonstelblok in die mark is. Dit was in die tyd wat woonsteleienaars hier in Pretoria so mal gegaan het om hulle woonstelblokke onder die deeltitelstelsel te verkoop. Gelukkig was dit so dat ons uitgevind het dat die blok verkoop gaan word uit die aard van ons bande met Suzette en die eienares van die woonstelblok.

Toe het die groot soektog begin na 'n woonstel wat geskik sal wees vir ons. Nie sommer net enige plek nie. Almal het help soek; Pieter en my niggie ingesluit. My niggie, Elize, het ons nogal gereeld besoek. Sy is my ma se oudste suster se dogter. Ek dink sy was baie lief vir John. Ek dink uit die aard van ons bloedverwantskap was daar 'n groot liefde vir mekaar maar die feit dat sy John sonder enige voorvereistes liefgekry en aanvaar het, was en is nog steeds een van die mooiste dinge. Hulle het 'n baie mooi verhouding. Sy sê altyd hy is net soveel familie soos ek familie van haar is.

Nieteenstaande die feit dat Pieter in sy eie woonstel gebly het, het hy ons gereeld besoek en ons ander vriende ook; so ook Willem en Evanthe. Die soektog het geëindig toe ons hierdie woonstel gekry het wat net om die hoek geleë is. Dit was regtig heel toevallig want dié woonstel was reg langs dié van my

niggie. Ons was bure. Hierdie keer het ek vir John gesê van self trek kom daar niks. Die eienaar van die woonstelblok waar ons gewoon het, was Susette se broer. Hy was 'n meubelvervoerkontrakteur en sy het in 'n stadium net ingekom en gesê: "Hoor hier julle ouens, as julle iemand soek om julle meubels te vervoer, my broer is beskikbaar." Ek kan onthou hoe ons moes skarrel; jy het partykeer nog nie eers 'n doos behoorlik toegeplak nie dan vat die swartes dit onder jou hande uit. Dit was die ongeorganiseerdste trekkery. Toe ons klaar gepak het, stap ons om die hoek na die nuwe woonstel toe. Jou hande het nog nie eers gerus van die inpak nie toe moes jy alweer uitpak. Ons het die oggend van die ou blok af getrek en dieselfde aand was die nuwe woonstel ingeruim asof ons al 'n geruime tyd daar bly. Soos die swartes ingedra het, het ons uitgepak en reggeskuif. Dit was alles te danke aan my dierbare niggie wat die vorige dag al gesorg het dat die woonstel skoongemaak en gereed is vir wanneer ons daar intrek.

Ons het omtrent twee jaar in die vorige woonstel gewoon en in hierdie een net so oor 'n jaar. Die woonstel het 'n pragtige uitsig oor die hotel se tuin gehad en ons het gesien hoe al die grootkoppe van die buiteland wat by die hotel tuisgegaan het daar ontspan en op die "terrace" ge-"social" het en al die troues wat daar gehou was.

Soos in die verlede was John daar. Dit was lekker. My lewe het soveel voller gevoel maar met my niggie ook daar, was dit asof daardie ekstra leemte wat elke mens seker maar het, ook nou gevul is. Dit was lekker, dit is tog ook bloed van jou bloed; dit was nie die gewone geselskap tussen twee gay-mans elke aand nie. Elize kon altyd interessant en op 'n redelik intellektuele vlak gesels; nie net sommer oor koeitjies en kalfies nie maar oor dieper dinge in die lewe. Haar vriende het ons vriende begin word en sonder dat sy hulle vertel het, het hulle geweet wat die toedrag van sake was: totale aanvaarding sonder enige voorbehoude. Een van die grootkoppe in die polisie is 'n vriend van my niggie. Hy het in die regte studeer en ten spyte daarvan dat my niggie nou al jare weg is uit Pretoria groet dié man my vandag nog. Hy knoop ook altyd 'n geselsie aan. Ons is selfs na Elize se vriende se huis toe genooi waar ons deel geword het van 'n groter heteroseksuele kring. Ek dink dat die mense weer eens geweet het waarom dit gaan. Ek het altyd die idee gekry en dit is later bevestig dat John 'n mate van ongemak gevoel het. Hy sê dat hy nie weet of mense dit sommer net raaksien of aanvoel nie en of hulle uit die staanspoor daarvan bewus is nie, dit is of hy homself terughou. Tog, met Elize se vriende was dit anders.

*John was gemakliker, meer ontspanne en het homself geniet wanneer ons saam met hulle uitgegaan het of mekaar besoek het. In hierdie woonstel het ons dan ook vir die eerste keer sy aanstaande swaer ontmoet. Sy suster het vir sake Pretoria toe gekom en toe het sy dié man saamgebring. Louw het Teologie studeer en het 'n paar jaar later ook klaargemaak. Hy was aanvanklik 'n stil teruggetrokke mens, glad nie voor op die wa nie. Ek het altyd gedink hy is 'n baie "bright" ou tot later toe ons mekaar beter leer ken het. Toe het ons uitgevind dat hy, ek sal nou nie sê 'n groot bek het nie, maar altyd die kalklig soek. Hy is altyd die een wat reg is, almal moet maak soos hy sê.*

*Dit was eintlik 'n heel interessante woonstel want aan die ander kant het 'n gewese vriendin van Suzette, Betsie, gebly met wie sy glo vir jare in 'n <u>affair</u> was. Betsie was ook baie lief vir alkohol en ek dink die meeste van die tyd wanneer ons haar gesien het, was sy onder die invloed. Sy was 'n geletterde mens. Sy was besig met 'n doktorale studie ten tyde van die verbreking van haar en Suzette se verhouding. Betsie was regtig 'n baie aangename mens of sy nou alkohol ingehad het of nie. Sy was op daardie stadium in 'n verhouding met 'n vrou wat getroud was. Ek kan nie onthou of sy 'n weduwee of geskei was nie, maar sy het 'n sestienjarige dogter gehad. 'n Mens kan nie dink dat daar so 'n mooi verhouding tussen twee vrouens kan wees en dat die dogter dit kan verstaan en hulle eintlik goed ondersteun het nie, soort van beskerm teen die tonge van dié wat uitlatings sou maak.*

*Ons het hierdie woonstel vir 'n tydperk van nege maande tot 'n jaar gehad voordat dit ook in die mark gekom het. Ek het baie lekker daar gebly. Albei ons ouers en familie het ons gereeld kom besoek. Dit was ook 'n tyd toe ons met studies besig was en toe medestudente laat kom inloer het. Dit was nie 'n groot vriendekring nie maar almal was tydig en ontydig daar, so asof ons deur vir ieder en elk oopgestaan het. Hier het ek een van die mees traumatiese ondervindings van my lewe gehad. Dit was een van daardie aande wat John en sy studentemaats uit was. Hulle het gaan fliek en ek het by die huis gebly. Ek het gemeen dat 'n mens 'n bietjie tyd vir jouself moes oorhou. 'n Mens kan nie net altyd saamgaan omdat jy in 'n <u>affair</u> is nie. 'n Mens moet nie die ander een verdring nie. Dit was albei van ons se sienswyse. John was uit en die TV-reeks "Nommer Asseblief" is gebeeldsaai. Terwyl ek daarna gekyk het, het ek onthou dat ek melk moes gaan koop. Dit was ongeveer agt uur, half nege toe ek daar uitvlieg met R2 in die een hand. Ek het nog "slippers" aangehad.*

*Dit was 'n somersaand en ek het klaar gebad en het 'n "PT"-broek en "T-shirt" aangehad. Die kafee was net oor die straat en ek is soontoe. Toe ek onder by die woonstel uitkom, hoor ek iemand na my roep. Met dié dat ek omdraai om te sien wie na my roep, sien ek dis 'n swartman, eintlik so 'n gelerige swartman. Hy vra toe: "Het jy nie 'n sigaret vir my nie?", waarop ek toe antwoord: "Nee, ek rook nie!" Ek is 'n roker maar ek het nie toe sigarette by my gehad nie. Ek draai toe om en met die omdraai hoor ek die swartman hier reg agter my en toe ek omkyk word die wêreld om my swart. Ek het blykbaar daar neergeslaan en toe ek my weer kom kry, toe is ek sonder "slippers" en sonder my R2. Die man het egter my ring en my horlosie aangelos. Ek het in 'n bloedplas gelê want hy het my met 'n stuk hout of iets oor die kop geslaan sodat ek my bewussyn verloor het. Ek was van die bloed en ek raak toe paniekerig. Ek is met die hysbak op na die sewende vlak en skreeu toe om hulp by my niggie se woonstel. Daar was 'n ander vriendin, iemand uit my verlede, wat by haar gekuier het. Hulle het my toe gehelp skoonmaak en my soort van tot verhaal gebring. Daarna het ons weer ondertoe gegaan en het gesien waar die bloed is maar daar was geen spoor van die swarte nie. Die man is 'n jaar of twee later by die woonstelblok geskiet want hy het blykbaar voortgegaan om mense aan te rand, van hul geld te beroof en ook om van die motors se wieldoppe en dit wat hy van die motors kon afhaal, te vat. Dit is iets wat my lank bygebly het. Ek sal vandag nie maklik alleen in die aand uitgaan nie. Ek dink 'n mens hou iets van so 'n voorval oor. Daardie nag toe John by die huis kom, het hy hom oor 'n mik geskrik. Dit was 'n Donderdagaand en die Vrydag het ons huis toe gegaan. Ek sal nooit vergeet hoe John probeer het om sy verleentheid te verberg nie, so asof dit sy skuld was dat ek aangerand is. By my ouerhuis het ek aan Moeder verduidelik hoe dinge gebeur het. Met tyd heel alle wonde en het ons maar net weer aangegaan.*

*Die vriendin waarvan ek hierbo vertel het en wat by my niggie gekuier het, was iemand wat ek tydens my diensplig leer ken het. Ons het 'n kantoor vir 18 maande gedeel terwyl ons aan die opleidingsentrum gekoppel was. Ek het ook nooit kon dink dat ek haar weer sou ontmoet en dat sy so 'n integrale deel van my lewe sou word nie. Ek het ook nooit kon dink dat sy familie van my sou word nie. Sy en my niggie het 'n verhouding gehad - op daardie stadium 'n lesbiese verhouding. Dit was nie vir my moeilik om dit te aanvaar nie. Ek het net nie gedink dat my niggie lesbies was nie. Eintlik was sy ook nie. Ek weet nie hoe om dit te omskryf nie maar hierdie vriendin het later 'n geslagsveranderingsoperasie ondergaan wat redelik suksesvol was. Hulle woon nou in*

*'n ander provinsie en gaan sodra al die wetlike aspekte afgehandel is, in die huwelik tree.*

*Ek sal voortaan praat van Dries. Ek het baie lief vir haar geword en dit het nou al 'n instelling geword dat ek en John een maal per jaar vir hulle gaan kuier en dat dit nie sommer net vir twee of drie dae is nie maar vir tot drie weke. Ons raak net nie uitgekuier nie. En sou hulle Pretoria toe kom vir sake of besigheid, dan is ons huis se deure weer vir hulle oop. Die familie weet nie daarvan nie. Ek dink my suster is die enigste een wat weet dat Dries eintlik 'n vrou was en ek dink sy verwerk dit baie goed. Sy hanteer dit ook baie goed wanneer sy met hulle te doene kry. Sy is heel spontaan en aangenaam. Ek waardeer dit. Wanneer jy gay is, waardeer jy dit wanneer daar harmonie binne jou leefruimte is en in die verhoudinge wat jy het hetsy met homoseksuele, lesbiërs of heteroseksuele persone. Jy sê vir jou Skepper dankie daarvoor. Wanneer jy gay is, is daar so min dinge wat sonder komplikasies na jou kant toe kom.*

*Soos ek reeds genoem het, het hierdie woonstel toe ook in die mark gekom en het dit toe tyd geword dat ons weer moes oppak en verhuis.*

*Ek en John was toe so gelukkig dat ons 'n woonstel kon kry waar ons vreeslik graag wou bly want die omgewing was nie so erg gay nie, dit het meer voldoen aan die vereistes, norme en waardes wat ons aan onsself gestel het, die tipe mens wat ons daar gekry het, was 'n dieper mens en van ons vriende was ook in dieselfde woonstelblok woonagtig. So was Pieter op dieselfde vloer woonagtig. Ek dink dit het nogal iets aan 'n mens se verblyf in die plek gedoen.*

*Wat in hierdie tydperk uitstaan, is dat ek van werk verander het as gevolg van 'n teleurstelling in my beroepslewe - professionele jaloesie - daardie tipe van ding. Hierdie jaloesie kan grootliks daaraan toegeskryf word dat ek op professionele of akademiese vlak beter as my kollegas gevaar het, dat ek meer dryfkrag gehad het, dat daar vir my 'n toekoms was en dat ek nie belanggestel het om te stagneer nie - iets waaraan hulle skuldig was - en ek vir hulle 'n bedreiging ingehou het. Dan het hulle ook begin met die tipe van praatjies dat daar nie plek vir 'n moffie in hierdie opset was nie en ook dat hulle allerhande onwaarhede omtrent my versprei het. Hierdie onwaarhede was absoluut vergesog. Hulle het sekere aktiwiteite met seksuele konnotasies aan my behandelingsprogramme vir kliënte gekoppel, gesê dat my programme seksueel*

*gekonnoteer was en dat ek 'n bedreiging vir die pasiënte was, dat ek uit die aard van sekere terapieë pasiënte kon beïnvloed het en ook dat ek daardeur die beeld van die beroep na buite benadeel. Hulle het soms sover gegaan om pasiënte wat redelik onstabiel was en in hulself en hulle omgewing getwyfel het, te gebruik om sekere van hierdie bewerings wat hoegenaamd (daarvoor kan ek my hand op 'n Bybel sit) nie plaasgevind het nie, te bevestig. Dit het 'n mens seergemaak! Ek het aanvanklik gedink om aan te gaan, bo-oor hierdie dinge te kyk en my lewe te wy aan die gemeenskap, volgens die belofte wat ek aan God gemaak het en dan maar net dit waarvoor ek opgelei was uit te lewe. Die uiteinde van die saak was dat ek besluit het om 'n verandering te maak nadat hulle my die lae hou geslaan het om my uit die eenheid waaraan ek so hard gewerk het (ses jaar), te neem. Ek het dit opgebou vanuit 'n chroniese onproduktiewe plek wat amper besig was om - soos die ou mense gesê het - die rotte verlaat die skip. Ek het hard gewerk, ek het van my eie fondse daarin gesit en het sukses behaal. Wanneer iemand in my eenheid sou instap, sou hy presies geweet het wat om te doen van die eerste tot die laaste dag van die jaar, van Maandae tot Sondae, van uur tot uur. Dit is dié tipe handleidings wat ek opgestel het om mense so te lei dat die verrigtinge in die eenheid ordelik en progressief kon geskied en dat dit tot die rehabilitasie van pasiënte wat daar was, kon bydra. Dit het egter, saam met hierdie ander dinge, meegebring dat ek uit die eenheid na 'n volgende eenheid moes gaan om dáár opvoedingswerk te doen en om die plek ook van die grond af op te bou. Hiervoor het ek nie kans gesien nie. Ek het onder andere 'n onderhoud met die hoof van die inrigting gehad en die betrokke professor het doodeenvoudig vir my gesê dat ek my lojaliteit in my sak moes druk en dat ek op my agterpote moes staan en terugveg. Ek het dit probeer doen. Ongelukkig is ek nie een van daardie mense wat van die môre tot die aand kan baklei, veg en aangaan nie. Ek het nie daarvoor kans gesien nie. Dit was vir my abnormaal en nie 'n situasie waarin ek my elke dag kon sien nie. In elk geval, hulle het my toe na 'n ander eenheid oorgeplaas en ek het daar begin werk. Die pasiënte wat onder my toesig was, het ek as eerste prioriteit gesien. Daar het ek ook baie sukses behaal. Uit 'n beginseloogpunt het ek besluit dat daar nie vir my 'n toekoms in is om elke keer wanneer ek by 'n plek sekere mylpale behaal het, daar doodeenvoudig aan my gesê word dat ek nou maar net na die volgende punt moet beweeg nie. Dit was nie vir my aanvaarbaar nie, nie 'n oplossing vir die probleem nie en het ook nie die onwaarhede wat hulle oor my verkondig het tot niet gemaak nie. Dit het maar net aangegaan en aangegaan totdat ek uit eie beweging stappe teen hulle geneem het wat meegebring het dat twee manne met*

*gesinne, hulle werk verloor het. Dit het aan my begin krap. Dit het vir my gevoel asof ek skuldig is aan die gesinne se probleme wat ontstaan het en dat ek hulle botter en brood uit hulle monde geneem het. Daarom het ek besluit om 'n verandering te maak en 'n ander manier te soek om myself te vestig en te kyk of ek nie daar my beroepslewe kon uitleef nie. Dit is seker soos die Here werk, want daar het 'n pos op 'n baie hoër vlak, op organisasievlak vakant geraak. Ek het vir hierdie pos aansoek gedoen en dit gekry. Dit het meegebring dat ek hierdie mense se senior geword het. Almal by die eenhede was nou verantwoordelik en aanspreeklik vir hulle dade teenoor my. Ek was nou die persoon wat sou besluit oor hoe, waar, wanneer, wie wat sou doen. Alles moes geëvalueer en aan my gerapporteer word. Dit het tog meegebring dat ek 'n mate van aggressie jeens die bm-gemeenskap oorgehou het. Hierdie aggressie is nie gebore uit die bm-gemeenskap nie, maar uit 'n sekere deel van dié gemeenskap wat daarvoor verantwoordelik is dat ek ontneem is van dit waarvoor ek baie lief is: om met pasiënte te werk, dinge vir hulle te doen en hulle in só 'n toestand van gesondheid te kry dat hulle na die gemeenskap kan teruggaan en hulle deel as landsburger kan doen.*

*Hierdie was dan ook my eerste werklike konfrontasie met die verkeerde kant van die bm-lewe. Ek het regtig niks teen bm's nie. Hierdie nuwe houding wat ek gehad het (ek kan nie sê aggressie nie) teenoor die bm-gemeenskap wat nie vroeër daar was nie, was iets wat my gehinder het. 'n Mens moet onthou dat jou eie familie uit hierdie groter gemeenskap, bm-gemeenskap, kom. Dit is jou familie vir wie jy lief is, dit is hulle met wie jy praat en dit is hulle wat jou lief en leed deel. Dit is die gesin waaruit jy kom, wat agterkom wanneer iets met jou verkeerd is en vir jou vra hoekom en wat gebeur het. En dan moet jy op so 'n wyse jou saak aan hulle stel dat jy hulle nie in die proses seermaak nie. Hulle verstaan dit nie werklik nie, want hulle is op 'n ander manier aan 'n mens gekoppel; hulle is met bloed aan jou gebind.*

*My nuwe werksituasie het geweldig baie eise aan my gestel. Eise wat meegebring het dat die verhouding wat ek met John gehad het, redelik verander het in die opsig dat ek nie meer soos in die verlede, altyd by die huis was nie. Dit het meegebring dat ek regdeur die area waarvoor ek in diens geneem is, moes reis. Sommige dae het dit meegebring dat ek tot 800 km op een dag moes aflê om aandag te gee aan sake wat dit dringend vereis het. Ek het gevind dat die mense met wie ek te doen gekry het, die topstruktuur van inrigtings, mense was wat my as 'n lid van hoofkantoor wat hulle probleme moes kom oplos, aanvaar het. Ek is*

*gerespekteer. Dit is nie almal wat anti-homoseksueel is nie. Die anti-gays (soos ons in ons taal praat) was mense wat professioneel volwasse was, mense wat belanggestel het, nie net in die werk wat ek moes doen nie, maar ook in my as mens. Dit was regtig vir my 'n welkome verandering en tog het dit nie werklik my aggressie teenoor die bm's weggeneem nie. Ek het nuwe bande in my kantooropset begin smee. Ek het gevoel dat hierdie mense weet dat ek gay is, (ek vermoed dit vandag nog) maar dat die bande wat daar was, anders was. Ons was 'n klein groepie, baie na aan mekaar en waar die wel en weë van die een die wel en weë van die ander was. Hulle het nie lastige vrae gevra nie. Tog sou ek later uitvind dat daar in kleiner groepe soms groter probleme kan wees.*

*Ek het hier ook my merk in my beroep begin maak. Ek het bo die ander uitgestyg. My werksomset was baie meer as dié van die ander. Ek was bereid om harder te werk. Ek was sogenaamd ongetroud en kon dus al die verafgeleë plekke besoek waar die ander wat getroud is graag by die huis wou slaap, by hulle kinders waarvoor hulle verantwoordelik is. Die grootste deel van my beroep bestaan uit vrouens. Baie mans het al vir my gevra hoe verwerk jy dit dat 'n vrou jou baas kan wees? Tog is daar party wat verstaan dat dit nie gaan oor die baasskap nie, maar om die beroep wat 'n mens beoefen. Jy werk na 'n doel toe, jy werk vir die gemeenskap, die publiek is jou kliënt en dit gaan nie oor wie baas van die plaas is nie. Wat ek wel egter in teenstelling met my vorige beroep gevind het, was dat waar ek eers grotendeels op die geselskap van vroue aangewese was, ek nou merendeels in die geselskap van mans was en dat hulle my tog aanvaar het. Ek neem aan dat sommige weet en sommige nie (dat ek gay is) maar tog gaan dit goed met my verhoudinge op die vlak waar ek nou fungeer.*

*Ek kan ook net sê dat my familie almal regtig baie bly was dat ek hierdie pos gekry het. Veral my moeder. Moeder het dit omtrent wyd en syd verkondig dat ek nou by hoofkantoor werk. In teenstelling met die verlede, het my pa ook vir die eerste keer werklik belanggestel in wat ek doen en wat my werk alles behels. Tydens my naweke by die huis sou hy my daaroor uitvra. Iets wat nie in die verlede gebeur het nie. Dit was vir my lekker. Dit het my laat voel dat ek deel van die gesin was. Want anders as in die verlede hoef ek nie nou op die kantlyn te staan en kyk hoe my pa en broers en die res van die gesin gesels en dinge met mekaar deel nie en kon ek vir die eerste keer ook werklik my hart vir hom oopmaak. Ek kon vir hom vertel hoe ek oor die beroepslewe voel. Ek dink dat dit ook 'n invloed op Moeder gehad het. Sy sou ook altyd*

*gesorg het dat as ons oor my werk gesels, my pa in die nabyheid is; dat hy deel daarvan was. Selfs my broers wat teen my gay-wees gekant is, het belanggestel in hierdie nuwe status wat ek geniet. En natuurlik my dierbare suster. Ai, ek bly lief vir haar, want dit wat met my gebeur, gebeur ook met haar! Ons is so deel van mekaar, dit is so lekker om haar vir 'n suster te hê. Ek dink van almal - daar is my moeder - sy, die een wat my gay-wees die beste verstaan en my vriende wat dit ook geniet het in die sin dat as ek in die koerant was hulle kon sê: "Dit is 'n vriend van my." Pieter het altyd gesê dat hy nooit toe ons kinders was, sou kon dink dat hy eendag van 'n vriend van hom in die koerant sou lees of dat hy na hom oor die radio sou luister nie.*

*Wat ons nuwe tuiste aanbetref, het ek gou ingespring en ons woonstel so huislik moontlik gemaak. Ek wou graag gehad het dat mense vir my en John kom kuier, dat dit goed sal gaan, dat hulle sal kan sê dat ons plekkie mooi is en dat dit is soos ons is, dat hulle tuis en welkom voel. Ons het vriende uit die verlede gehad van die ou omgewing, dié wat werklik belanggestel het in ons wel en weë. Hulle was daar, hulle het gereeld kom kuier. Ons het ook vir hulle gaan kuier. In die gay-wêreld is dit nou amper soos fandamily, dit is wanneer daar 'n gay-kring gevorm is en die mense werklik soos familie is, soos broer en suster. Dit is wanneer ons in mekaar belangstel en graag wil hê dat dit met mekaar goed moet gaan. Gelukkig is ons vriende goeie mense. Daar was hier en daar 'n uitsondering. Mense met wie jy weens hulle persoonlike opvattings en gedrag, nie in die openbaar gesien wil word nie, maar wat jy, uit jou kennis van hul verlede en hul sienswyses, tog besluit het moet deel van jou vriendekring bly.*

*Marie en Daniële was twee lesbiërs wat saamgewoon het in 'n huisie in die middestad. Dit was vir ons lekker om vir hulle te gaan kuier en hulle by ons te hê. Ek en Marie ken mekaar natuurlik baie langer as wat ek vir John ken. Vir Daniële ken ek nog langer as vir Marie. Ek het haar op my tuisdorp leer ken. Sy en Pieter was eintlik maats. Ek sou nooit kon dink dat sy by 'n vriendin wat sy hier leer ken het, sou uitkom, dat hulle in 'n verhouding sou gaan en dat ons sulke groot maats sou word nie. Marie het ook 'n redelike hoë pos beklee by 'n instansie waar sy aan die roer van sake gestaan het. Daniële was meer op 'n produksievlak, maar ook binne die professionele akademiese opset. Daniële was die butch en Marie die femme. Maar hier het die ouer een, Marie, die leiding geneem. Ek dink dit het ingedruis teen die butch beginsels, maar dit was nodig. Marie was die een wat die wysste van die twee was, wat die*

*beste besluite kon neem. Intellektueel was sy Daniële se meerdere, tog was hulle gelukkig al het hulle verskille gehad. Ek dink in die* *__bg__-lewe werk dit ook so. Dit is nie net altyd maanskyn en rose nie.*

*Pieter was maar die "pal" wat ek al die jare lank dra; die ou uit my kinderdae; die eerste* *__gay__* *wat ek in die ware sin van die woord leer ken het. Al was ons albei* *__gay__* *het ons mekaar gerespekteer en was daar op seksuele vlak hoegenaamd niks. Daar het nog nooit iets tussen my en hom gebeur nie, al was ons ook al die jare hoe na aan mekaar en al het ons 'n woonstel gedeel. Pieter wou dalk gehad het dat daar iets moes gebeur maar dit het nooit nie. Ek glo vandag nog dat wanneer* *__gay__-vriende met mekaar in die bed land, die vriendskap by die agterdeur uitloop. 'n Mens kan nie vriende wees en 'n seksuele aktiwiteit in die vriendskap inbring nie. Ek glo nie eers in die heteroseksuele lewe sal so 'n situasie uitwerk nie. Pieter het vriende gehad en ons het van hierdie vriende leer ken. Ongelukkig vir die ou maat van my het hy altyd met mense met patologiese probleme deurmekaar geraak. Hy kon halsoorkop verlief raak op mense wat my persoonlik glad nie aangestaan het nie. Later sou ek uitvind dat John ook nie vir hierdie mense 'n aanvoeling gehad het nie. Daar was altyd iemand wat vir Pieter misbruik het. Goeie ou Pieter was altyd bereid om alles op te offer met die hoop dat in die proses van gee, hy ook sal ontvang. Hy hét, maar altyd net moeilikheid en teleurstelling!*

*Christine was 'n vriendin van 'n vriend van hom, Hannes. Christine was 'n regte flerrie, 'n slet. Sy was getroud, van haar man geskei en die stories daaraan verbonde was net een te veel. Sy sou hoegenaamd geen deel aan die aanleidende faktore tot die egskeiding gehad het nie maar het tog met elke man wat sy bed toe kon neem, seksueel verkeer. Sy het ook 'n verhouding met 'n getroude man, 'n man in 'n uniform-departement gehad. As 'n mens dit kon vergelyk met ander departemente sou jy kon sê hy is 'n adjunk-direkteur of 'n direkteur, getroud, met twee kinders maar 'n regte vark! Maar dit is die tipe met wie sy deurmekaar geraak het. Pieter was die een wat moes sit en luister na alles. Sy was 'n regte ou skinderbek, jy het vir haar niks van niemand vertel nie! En die ergste van alles was dat sy 'n maatskaplike werkster was, dié een na wie mense gaan om te bieg oor hul probleme en swaarkry. Sy was die een wat Pieter elke dag besoek het, direk van die werk af by sy woonstel aangegaan het en daar gekuier het tot wie weet watter tyd in die nag. Daar was hoegenaamd geen fisiese verhouding tussen hulle nie, bloot net vriendskap, maar ek dink dat as sy hom kon verlei het, sy dit sou doen. Ek dink sy het*

*besef dat Pieter behoorlik <u>skeef</u> en <u>geklap</u> is, dat daar aan hom geen salf te smeer was nie. Sy was ook een van hierdie suinige mense wat vir jou sou kom kuier en kuier en by jou sou eet en drink maar nooit haar hand in haar eie sak sou steek en sou help dra aan die onkoste nie. Sy was altyd 'n bok vir sport; sy sou oral saamgaan maar nooit 'n finansiële bydrae lewer nie. Ons het baie saam met Pieter na haar woonstel gegaan maar dan was dit: jy bring dit en die ander een bring dat en wie is vir wat verantwoordelik. Ons het baie gesellig verkeer en sy kon baie lekker kos maak maar uit jou sak uit! Sy het ook 'n hondjie, Gemini gehad wat altyd saam met die handsak onder die arm was. Sy het hom as geskenk by hierdie getroude man gekry het. Die arme hond het al sy dae gehad. Die ergste van alles was dat sy hom ook na 'n mens se woonstel toe saamgedra het. Hy het al sy blapsies en blertsies in jou woonstel gemaak en dit het haar nie gehinder nie. Om 'n voorbeeld te noem, sy het selfs aanbevelings gemaak dat 'n mens vloerbedekkings ter wille van die hond aanbring! Sy het onder andere een keer vir Pieter, toe hy gaan los matjies koop om in sy woonstel te gooi, gesê hy moenie effekleur koop nie, hy moet so bonterig koop sodat 'n mens nie kan sien waar die hond gepie of vuilgemaak het nie. Verbeel jou, sulke voorbarigheid! maar dit is hoe sy was, sy het vir niks en niemand omgegee nie. Ek het ook later verstaan dat haar vader 'n alkoholis was en dat dit maar nie goed gegaan het in die huis nie. Wel, dit kan ook moontlik 'n oorsaak wees dat sy is wat sy vandag is. Kerk toe gaan - ek het nooit gehoor dat sy 'n woord daarvan sê nie. Nouja, alle paaie gaan Johannesburg toe maar nie alle kerke hemel toe nie!*

*Pieter se vriend Hannes en Christine was baie groot maats. Hannes was egter een wat as hy tussen ons was, <u>gay</u> was, maar "boy oh boy", jy het nooit 'n beter <u>bm</u> gekry wanneer daar <u>bm's</u> tussen ons was nie! Hierdie mannetjie is 'n ongewenste element in almal van ons se lewens. Hannes kom eintlik ver uit John se verlede uit. Hy was met John in 'n verhouding toe hulle op universiteit was. Hulle was vir 'n redelike tyd in 'n <u>affair</u>. Maar selfs in daardie dae was daar probleme. Hy was die een wat nie getrou was nie. John het my vertel dat Hannes seksuele verhoudings met ander mans gehad het terwyl hulle in 'n verhouding was. Hy het John altyd belieg en bedrieg.*

*John se moeder het in 'n stadium gesê - sy weet natuurlik van niks nie - dat dié Hannes vir haar 'n eienaardige man is en dat sy hom jammer kry omdat hy ander so belieg en bedrieg. Sy het ook gesê dat terwyl hy en John vriende was, die mannetjie altyd sterk op John gesteun het. Tog dink ek dat John se*

*moeder geweet het dat daar 'n homoseksuele verhouding tussen hom en Hannes was, want hoewel Hannes 'n redelike manlike voorkoms het, is daar die slap pols wat so nou en dan deurslaan en die stem wat so effens skril raak. Ek weet nie of dit is omdat ek self gay is dat ek dit agterkom nie, maar ek was tog ook al in 'n heteroseksuele geselskap gewees waar mense gesê het: "As daardie mannetjie nie queer is nie, dan wil ek nie my naam hê nie."*

*Soos reeds genoem, was Hannes, Pieter en Christine maats. Pieter het vir Hannes leer ken deur Christine en ander lesbiërs wat hy geken het. Hannes kon nie werklik aanvaar dat sy en John se verhouding tot 'n einde gekom het nie en dat John my bo hom verkies het nie. Ek het geen aandeel in die opbreek tussen hulle twee gehad nie. Ek was op daardie stadium nie eers bewus van John se bestaan nie. Tog het hy my gereeld op sy stil en indirekte wyse aangeval en as die oorsaak aangewys dat hy en John se verhouding verbrokkel het. Dit het ook so gebeur dat hy pogings aangewend het om John terug te wen, maar dit het nie gewerk nie. John het besef van watter kaliber Hannes is en hy het nie belanggestel om enigiets verder met hom te doene te hê nie. Dit was nie op 'n lelike manier nie want John het met hom vriende gebly en was vriendelik en gasvry met hom wanneer hy ons woonstel besoek het. Hy het altyd vir Hannes tuis laat voel maar tog dink ek dat Hannes in my optrede en houding kon sien dat ek hom nie werklik daar wou hê nie. Ek het sy aggressie en agterbaksheid aangevoel. Hy was baie subtiel en geslepe in sy optrede. Hy het almal om hom gebruik. Hy het bevriend geraak met Pieter en 'n seksuele verhouding met hom gehad. Hy het sy vreugde oor hierdie ding wat met hom gebeur het, dat daar ook nou iemand was wat vir hom omgegee het, met ons gedeel en tog, toe John en Hannes eendag alleen was, en John vir hom gesê het dat hy daarvan bewus was dat hy en Pieter 'n verhouding het, het Hannes gesê dat dit nie die waarheid was nie. Hy het dit wat tussen hom en Pieter gebeur het, ontken en hom as 'n leuenaar uitgeskel. Ons het nadat dinge tussen Hannes en Pieter nie uitgewerk het nie en Pieter by ons kom huil het, vir Pieter vertel dat Hannes alles teenoor John ontken het. Toe sou Pieter ons vertel dat Hannes en Christine hom misbruik het sodat Hannes nader aan John kon wees.*

### *3.18 1982-1987: 30-35 JAAR*

*Ek en John het toe terugbeweeg na die middestad waar ons vir die eerste keer sedert ons verhouding begin het, in 'n huis ingetrek het. Dit was 'n mooi ou huis wat oor die jare heen baie goed opgepas is en sekerlik deel van die stad*

*se historiese komponent was. Daar was redelik herstelwerk nodig, maar tog was dit 'n baie mooi woning. Ek het omtrent almal geken wat in hierdie ou huis gewoon het, hulle was glad nie gay nie. Almal was heteroseksuele gesinne. Een jammerte was dat hierdie mense nooit werklik probeer het om tuin te maak nie. Daar was 'n stukkie tuin weerskante van die paadjie wat na die voordeur gelei het; hier en daar was 'n absolute verdroogde roosboom wat vir jare nooit 'n snoeiskêr gesien het nie en dan was daar miskien so een of twee ander bome wat met die genade van die bietjie reën wat hulle gehad het, gegroei het. Ek en John het weer self die trekkery met behulp van ons buurvrou van die vorige woonstel se ouers se bakkie verrig. Gelukkig het ons die voordeel gehad dat die huis leeg gestaan het en dat ons dus oor 'n paar dae skoonmaak-werk kon doen. Ons het so oor 'n tydperk van 'n week in die huis ingetrek. Ons het elke vertrek volledig beset alvorens ons 'n volgende een aangepak het. Dit was 'n groot werk. Weer eens ook baie naaldwerk vir my, soos gor-dyne maak; omdat hierdie huis geweldige hoë plafonne gehad het, hoër as dié in die woonstel. Tesame met my studies en ander aktiwiteite was dit regtig 'n vol program wat ek gehandhaaf het. Ek voel trots dat ek dit kon doen en ek dink John en my en sy familie het goed daarvan gepraat. Die mense het my ge-prys vir die kwaliteit en kwantiteit van my handewerk. Dis nie sommer elke dag dat jy 'n man kry wat al die naaldwerk wat nodig is, soos gordyne maak, kussings maak en volledige binnenshuiseversiering aanpak en ten uitvoer bring binne 'n baie kort tydperk nie. Ons het direk langs ons 'n groot snelweg wat tot ons spyt baie swaar verkeer gedra het gehad, en ten tyde van spitstye dit vir ons redelik moeilik gemaak het om te ontspan. Gelukkig was dit net weeks-dae. Sondae, sodra die verkeer die stad weer binnekom, vanwaar hulle ook al die naweek was, was dit 'n baie groot geraas waarmee ons moes saamleef. Ek het ook gevind dat ons 'n soort van inligtingsburo vir mense was wat paaie, geboue, ensovoorts gesoek het. Omdat ons redelik deur besighede omring was, het die kliënte van hierdie besighede na 'n adres kom soek of kom hoor of ons sekere plekke of mense ken. Ons het dan ook later die plek en sy mense, na gelang van die navrae, werklik leer ken. Hier het ons ook vir die eerste keer te doen gekry met die ware huislewe. Ons het dit aan ons sakke gevoel want in 'n woonstel het jy nie 'n tuin nie en kan jy nie diere aanhou nie. Die gevolg was dat daar die eerste ruk geweldige uitgawes was waaraan ons nooit in die verlede gedink het nie. Ons moes ontsettend baie apparaat aankoop soos 'n grassnyer, grawe, pikke, spitvurke, ensovoorts. Dan moes ons ook plante en struike aankoop om die plek darem 'n eie karakter te gee en te maak soos ons dit graag wou hê. Vanuit 'n woonstel na 'n huis sou 'n mens dink dat jy meer*

*meubels sou nodig hê maar in ons geval het ons egter meubels gehad om die hele huis mee te meubileer; meubels wat ek en John so met die tyd aangekoop het.*

*Ons moes ook voorsiening maak vir verskeie aanpassings. In 'n woonstel was ons meer aangewese op die sosiale aspekte. 'n Mens het meer na die flieks gegaan, na vriende maar nooit iets gehad om te doen soos tuinmaak nie. Ons moes ons program na kantoortyd herskeduleer. Ons moes na kantoor in ons tuinklere spring en tuin maak vir 'n vale. Ons het in middel-somer daar aangekom. Die groeityd vir plante voordat die winter 'n aanvang sou neem, was dus redelik beperk. Dit was lekker om in die tuin te werk want as kind kon ek my nie werklik daarin uitlewe nie. Ek was nooit werklik deel daarvan nie alhoewel ek baie daarvan gehou het. As volwasse mens kon ek dit deel van my daaglikse bestaan maak. Ek kon self beplan en bepaal watter struike waar moes staan, waar ek graag byvoorbeeld permanente struike en immergroen struike wou gehad het en waar ek fyntuin wou maak. Dit was werklik wonderlik. Dit het 'n mens se gees goed gedoen. Die frustrasies van die kantoor was baie meer hanteerbaar. Ek het na 'n lekker sessie in die tuin baie beter gevoel en so ook John. Ons het die grootste deel van die tuinwerk gewoonlik op Saterdae gedoen. Ons het vroeg opgestaan en ons huisie aan die kant gemaak en dan uit beweeg na buite waar ons besluit het wat ons die dag sou doen. Dit waarop ons besluit het, het ons dan ook gewoonlik na ons smaak en sin voltooi.*

*Die feit dat ons nou in 'n huis gewoon het, het beteken dat ons ook nou troeteldiere kon aanhou soos honde wat ons so graag wou gehad het maar nooit in 'n woonstel kon aanhou nie. John was die eerste een wat vir ons 'n klein foksterrier wat ons Spottie genoem het, gekry het. Hierdie ou hondjie was werklik die punt van ons harte. Ons het haar baie goed versorg en ons kon in haar gedrag agterkom dat sy, toe sy 'n klein hondjie was, moontlik te doene gekry het met baie dissipline want as jy jou hand vinnig gelig het, was dit asof die hond gekoes het. Dit was 'n volwasse hond. Ons het ook nie van ons hond gepraat nie, maar van ons kind. Ons het kort daarna nog 'n hondjie by 'n niggie van my wat met worshondjies geteel het, gekry. Die hond het my ma se naam gekry. Die rede is dat Moeder altyd geglo het dat dit 'n lelike naam is. Sy het geglo dat hierdie naam saam met haar in die graf sou gaan en dat daar geen naamgenoot in enige van haar kleinkinders sou wees nie. Ek het met redelik groot opgewondenheid na my ma se reaksie uitgesien omdat ek weet hoe sy oor haar naam voel. Heelwat later het my ma kom kyk wat en wie haar naam gekry het. Sy het nie baie erg aan die dier gehad nie; sy het haar goed bekyk en later die aand*

*toe die hond by ons voete lê en ons weer kyk, het sy die hond geneem en gesê: "Ja hond, daai naam pas jou goed. Jy het so 'n regte 'meidegesig'." Eintlik dink ek het almal gesit en wag op haar reaksie. Ons het uitgebars van die lag. Sy het by verskeie geleenthede wanneer sy sou skryf of bel, gevra hoe dit met die hond gaan. Wanneer ons gaan kuier het en Marta nie saamgegaan het nie, dan het sy altyd gevra hoekom is Marta by die huis. My pa was nog sy hele lewe lank lief vir diere en kon hom verkyk aan hierdie lang maer hondjie. 'n Mens weet nie of hy dit grappenderwys bedoel het en of hy werklik gedink het dat hierdie worshond maer is nie. Uit die aard van hulle versorging moet 'n mens toesien dat hierdie honde nie te vet word nie want hulle kan rugprobleme ontwikkel.*

*Ons het as huisbewoners nou terdeë besef dat mense wat in woonstelle vasgekeer is mense is met vriende wat op die grond in huise bly met plek om te beweeg. Ons het dit ook so beleef want almal van die woonstelblok waar ons vroeër gewoon het asook ons ander woonstelvriende, het ons meer kom opsoek as voorheen - gewoonlik in die aand of oor naweke. Daar is gedurigdeur braaivleis gehou of sommer net 'n saamwees gereël. Dit het aan 'n mens se sak begin raak. Aangesien jy die gasheer van die aand was, moes jy toesien dat daar drankies en eetgoedjies was. Die woonstelbewoner het nie daaroor gedink nie, of dalk moet 'n mens dit sô sien: wanneer jy by hulle aan woonstel kom, het hulle wel peuselgoedjies uitgehaal wat kostegewys nie met braaivleis vergelyk kon word nie. 'n Mens wou ook nie eentonig raak in dié opsig om elke keer dieselfde tipe braai te hou nie. Van braaivleis is daar na visbraai, sjinese braai en daardie tipe aktiwiteite oorgegaan. Gelukkig het ek in hierdie tyd addisionele inkomste gehad. Die departement het by sekere van sy inrigtings addisionele mense oor naweke nodig gehad om na pasiënte om te sien en hulle het my gevra of ek soveel naweke as moontlik sou diens doen. Dit was vir my lekker om weer terug te wees by die pasiënt, na sy behoeftes om te sien en 'n oplossing daarvoor te soek, te sorg dat hy weer kan terugkeer na die gemeenskap waar hy eintlik hoort. Ek het my kantoorwerk ook meer geniet. Navrae wat ek ontvang het, kon ek nou eers ten volle hanteer want ek kon dit nou na die praktiese herlei. Hierdie ekstra verdienste was baie naby aan die salaris wat ek verdien het. En tog, is dit omtrent elke maand deur hierdie sosiale aktiwiteite van ons geabsorbeer. Dit was lekker om vriende en mense met wie jy graag wou assosieer daar te hê, maar later het dit begin hinder dat hierdie mense slegs soontoe kom wanneer hulle vir 'n braai genooi word en nie sommer net vir gesels of kuier nie. 'n Mens het die idee begin kry dat hulle nie vir*

*ons kom kuier het nie, maar dat hulle gekom het om te eet en te drink. Toe ek ophou met die naweekdiens en nie meer hierdie addisionele inkomste gehad het nie, het die mense ons nie meer so gereeld besoek nie. Vandag besoek slegs twee van die omtrent agt mense ons by ons nuwe huis.*

*Wanneer 'n mens in 'n woonstelblok woon, kan jy net aan die muur klop en binne sekondes is die bure daar. As jy die geklop hoor, weet jy die buurman soek jou of wil hê jy moet oorkom soontoe. Nou was dit 'n kwessie van jy moes deur deure en hekke die straat af of jy moes 'n telefoonoproep maak. Dit was anders, 'n mens het nou gevoel dat wanneer iemand oorstap na jou toe dit uit behoefte was en nie omdat die woonstel hom gedruk het nie. Jy het ook anders gekuier. Dit was nie net vir geselskap nie, dit was anders. Jy het sommer oor die draad geskreeu: "Hoor hier, kom drink gou koffie" of "Kom kyk wat het ek gedoen" of "Hoe het hierdie boom gegroei". 'n Mens se belangstellings het verander en 'n mens het persoonlik meer ontwikkel. My houding en situasiehantering het verander. Ek was rustiger en kalmer.*

*Johanna was 'n baie aangename mens. Sy was na haar vriendin se afsterwe baie afhanklik van mense. Sy was 'n mens met verwarde emosies en sienswyses. Ek wonder of sy nie altyd maar 'n alleenmens was nie. Sy was nie heteroseksueel nie, maar 'n redelik gematigde biseksualis. In die tyd dat ons Johanna as buurvrou gehad het, het ons tot die besef gekom dat hoewel jy mense ken, jy nie alles van hulle af weet nie; dat daar dinge is wat verborge lê, die spreekwoordelike geraamte in die kas. 'n Mens sou nooit kon dink dat hierdie vriendin 'n lesbiër was en 'n verhouding met 'n predikant gehad het nie. Dat daar wel 'n baie intieme verhouding moes gewees het, is bewys toe sy swanger geraak het en die lewe aan 'n dogtertjie geskenk het, wat ons in 'n mate help grootmaak het. 'n Mens sou nooit kon dink dat 'n predikant iewers 'n komponent kon uitmaak van 'n verwarde lewe nie - 'n man wat redelik gesiene was en wat self 'n aantal kinders gehad het. 'n Mens weet nie hoe mense in 'n dubbele verhouding betrokke raak nie. Ek en John kon onsself nie in so iets indink nie. Dit was ook nie vir ons reg nie. Johanna het nooit ooit laat deurskemer dat sy genoodsaak sou wees om haar situasie met enigeen te bespreek nie. Inteendeel, sy het aan haar ma gesê dat sy weet wie die pa van haar kind is en dat dit met niemand iets te make het nie. "Dis my saak en my verantwoordelikheid" en dit is daarby gelaat. Desnieteenstaande het mense vir Johanna respek gehad. Sy was werksaam in 'n rehabilitasie opset. Die mense by die werk het haar aanvaar met dit wat deel is van haar lewe. Ek dink min mense het werklik*

*geweet wie die vader van haar kind was. Uit die aard van haar verhouding met ons, dat ons haar bure was en gesien het wie daar kom en saam met wie sy weggaan, het ons geweet wie dit was. Later met die opgroei van die kind sou ons ook sien dat wanneer die drie bymekaar is daar geen twyfel bestaan wie die vader van die kind was nie. Die krul in die hare, die vorm van die oë, die hande, ensovoorts was alles klein replikas van die pa. Hierdie predikant het dan ook op die mees ongeleë tyd van die dag en selfs nag vir Johanna kom besoek. Dit was dan ook nie lank nie toe het Johanna besluit om na die Rand te verhuis. Sy is in een van die voorstede 'n pos aangebied en het vir my gesê dat dit beter sou wees indien sy sou verhuis om daar waar niemand haar ken nie, 'n nuwe lewe te begin. Dit was vir my en John 'n verlies want Johanna was werklik vir ons 'n vriendin. Sy het op die minste een keer per maand by ons kom kuier. Sy het ons gedurig uitgenooi na haar nuwe huis en ons het gegaan. Sy het 'n beter huis en beter meubels gehad en haar lewe as sodanig het verander. Dit was vir ons lekker om daar te kom. Ons het elke kuier geniet. Maar nouja, soos die spreekwoord sê: uit die oog uit die hart. Ons is nie uitmekaar omdat ons nie mekaar se leefwyses kon aanvaar nie, dit was net 'n kwessie van die afstand wat vir ons skeiding gebring het. Ek dink baie aan Johanna en ek en John praat baie oor haar: wat het van haar geword, hoe lyk die kind, is hulle gelukkig?*

*Dit was nie lank nie of ons het nuwe bure, Danie en Lettie gehad. Dit het redelik lank geneem voordat ons hierdie mense leer ken en eintlik aanvaar het. Hulle was twee jong mense wat omtrent 15 jaar jonger as ons was. Namate ons hulle leer ken het, sou ons uitvind dat Lettie 'n preutse jong meisie was wat in 'n goeie huis opgegroei het. Haar pa was 'n man wat akademiese kwalifikasies agter sy naam kon skryf en haar ma was redelik behep met godsdiens. Danie daarenteen was 'n mens wat jy só kon beskryf: "Hy het as 'n willewragtag grootgeword." Hy was 'n probleem vir alles en almal. Hy het omtrent met elke vrou wat voor sy huwelik in sy lewe gekom het 'n seksuele verhouding gehad. Later sou ons uitvind dat hy selfs binne huweliksverband verhoudings met ander vrouens gehad het. Lettie het ontaard na sy die huis verlaat het. Van haar preutsheid het so te sê niks behalwe skynheiligheid oorgebly nie. Sy was een van daardie vrouens wat aantreklik was, baie naby aan beeldskoon en jou met haar gesiggie om die bos kon lei. Sy kon baie maklik met die grootste selfversekerdheid en ernstigheid vir jou die grootste spul bog vertel het. Dit het ook gou geblyk dat dit in hierdie huwelik nie goed gegaan het nie. Danie en Lettie het nie eintlik aansluiting by John gevind nie en hy ook nie by*

*hulle nie. Ek was die een wat na die redelik goeie in ons bure gesoek het en probeer kyk het of ek hulle nie deel kon maak van die gemeenskap in die straat waar ons gewoon het nie. Hulle was vir John onaanvaarbaar hoewel dit nooit werklik in sy gedrag en verbale omgang met hulle na vore gekom het nie maar ons het dit tog bespreek as ek en hy alleen was. Dit was ook nie lank nie of hulle huwelik het in die skeihof tot 'n einde gekom. Dit was vir ons almal 'n belewenis omdat ons uitgevind het 'n wors het twee punte; daar was twee mense wat deur die egskeiding geraak word, na wie se storie jy moes luister. Lettie het ons vertel hoe Danie haar mishandel het en met ander vrouens rondge-"flirt" het en dat daar werklik vir haar en haar kind geen lewe oor was nie. Hulle het 'n kind gehad na ses jaar se huwelikslewe. Toe hulle in die huis ingetrek het, was hulle om en by vier tot vyf jaar getroud en hulle huwelik is na ses jaar ontbind. Lettie het alleen gesukkel om hierdie kind groot te maak. Danie het altyd aangevoer dat hy dit nie kon uithou met hierdie vrou wat 'n lui huisvrou was en 'n kind wat van die môre tot die aand geskreeu het nie. Hy was duidelik geïrriteerd en dit was vir ons en ons vriende 'n moeilike ding om te aanvaar. Danie en Lettie was die toppunt van bespreking wanneer ons bymekaar gekom het. Ons sou ook later uitvind dat wat die een van die ander gesê het, waar was. Die ironie van die hele ding was, soos ek by mense gehoor het, dat hulle na ses maande weer getroud is, om en by ses maande daarna weer 'n kind gehad het en nadat die kind ongeveer drie maande oud was, weer geskei is. Ek en John en ons vriende kon nooit werklik daaroor kom dat huweliksbande so min waarde vir mense kan hê nie. Dit wil dus voorkom asof die tweede kind 'n produk van 'n verhouding tussen Danie en Lettie is terwyl hulle nie in die eg verbind was nie. Hulle is na hierdie baba weer getroud en hierdie tweede huwelik het ook nie lank gehou nie. Danie het weer begin rondloop. 'n Mens kon dit agterkom aan sy optrede, aan Lettie se optrede, besoeke aan hulle, ensovoorts. 'n Mens het die simptoom later geken naamlik dat Lettie met alles wat Danie doen, begin fout soek het en Danie wat weer gedurig uithuisig was. Ook hulle familie, veral Lettie se suster en swaer Milly en Jors, was ook 'n redelike barometer waarvolgens 'n mens die situasie tussen Lettie en Danie kon meet.*

*Milly en Jors se huwelik was ook 'n huwelik waar buite-egtelike seks aanleiding gegee het tot die huwelik. Hulle is ook twee mense wat net soos Danie en Lettie redelik los gelewe het. Daar was nie definitiewe waardes en norme waarvolgens hulle gelewe het nie. Die spreekwoordelike "one day at a time" was seker hulle motto. Daar was egter een verskil, die vriende wat Danie en*

*Lettie gehad het, was meer die tipe mense wat hulleself was, terwyl Milly en Jors se vriende uit die akademiese en kunstenaarsopset gekom het. Milly het drama ge-"swot" en natuurlik met hierdie queer tipe mense kontak gemaak. Dit was mense wat van die "glamour" en "glitter" van die lewe gehou het. Hulle was Sondagmense. Sondagmense in dié sin dat hulle op Sondae gekuier het. Sondae het al hierdie dramamense bymekaar gekom en geveg. Dit was nogal 'n hele belewenis om deel daarvan te kon wees. Ons het by Milly en Jors aan huis gekom. Die bediende wat ons gehad het, het by ons sowel as by hulle gewerk. Sy het altyd vir ons vertel hoe ongeorganiseerd en deurmekaar die huishouding is. Daar was elke dag klagtes. Ons het dit nie ons saak gemaak om uit te vind hoe hierdie mense lewe nie. Dit het spontaan van die bediende gekom. Die bediende het ook vir ons vertel dat Milly en Jors nie kuise lewens gevoer het nie en dat Jors 'n verhouding met Lettie en Milly met die student wat by hulle ingewoon het, gehad het. Dit het my al voorgekom of sowel Milly as Jors nie bewus was van die ander se buite-egtelike verhouding nie. Die huis waarin Danie en Lettie gewoon het, was soos die oumense gesê het 'n "semi-detached" huis. Hulle het aan die verste kant van ons gewoon. Die kant naaste aan ons is, ná hul egskeiding, deur twee jong manne bewoon. Hulle het in die regte studeer en was werklik nie 'n aanwins vir die omgewing nie. Daar was altyd 'n dronknes, 'n aanloop van vrouens en 'n helse lawaai. Dit was nie weeksdae nie. Weeksdae het hulle amptelike meisies kom kuier, maar Saterdae en Sondae het dit so gelyk asof meisies van die straat af daar aangekom het. Dit was dan dat dit 'n gedrink en geeët tot laataand was. Soveel so dat ons by 'n geleentheid die polisie moes uitkry om hulle stil te maak. Die eienares van die huis het hulle dan ook kort voor lank uitgesit en dit het beteken dat ons nuwe bure gekry het. Weer eens twee manne. Hierdie twee manne was ook family. Hulle was ou gesigte. Die oudste een van die twee, Johan was 'n kunshandelaar. Hy was butch. Brian was 'n jong man van so 24. Hy was in die Weermag vir sy diensplig. Johan was ongeveer 33. Dit was die eerste keer sedert ons daar gewoon het dat die ou huisie deur iemand versorg is; dat iemand werklik omgesien het na die voorkoms van die plek. Johan was 'n harde werker. Hy het onmiddellik begin om die gras en die blomtuin te versorg, nuwe plante in te sit en die plek in sy geheel op te knap. Dit was werklik goed om weer bure te hê wat na die huisie omgesien het.*

*Ons het die probleem gehad dat Johan en Brian twee redelike poeierkwasswaaiers was. Hulle het ge-"faf" en slappolssiekte gehad wat soms vir 'n mens 'n verleentheid kon wees. Ons het gou met hulle vriende gemaak. 'n Mens kan*

*werklik vriendskapsbande met hulle hê behalwe dat wanneer 'n mens in bm-geselskap is, hulle 'n verleentheid kan wees omdat daar altyd op die hoogste stemtoon in gay-sleng gepraat word. Dit is iets waarvan ek en John regtig nie hou nie. Ons gebruik dit nie eers as ons alleen is nie, ons besig gewone Afrikaans soos dit in enige ander huis gebruik sal word.*

*In 'n woonstelblok oorkant ons het 'n man en 'n meisie gewoon. Aanvanklik het ons gemeen dat die twee getroud was; hulle het dit in soveel woorde aan ons gesê, maar na etlike maande het Hans een aand vir my kom vra of hy van my huis gebruik kan maak om aan te trek vir sy troue. Ek en Hans het op Nuwejaarsdag vir die eerste keer ontmoet. Hans was 'n voëlliefhebber. Hulle woonstel was vol voëlhokke en hy het 'n werklike belangstelling in die verskillende tipe veldvoëls getoon. Uit die aard van sy werk kan ek ongelukkig nie sê wat hy doen nie, so ook sy vrou. Dit is van nasionale belang dat hulle nie geïdentifiseer sal word nie. Ansie is 'n dierbare mens, 'n vrou wat vlug van gedagte is. Sy snap 'n ding vinnig en kan 'n situasie baie vinnig opsom. Ansie is eintlik Hans se meerdere. Soos ek reeds gesê het, ek en Hans het op Nuwejaarsdag kennis gemaak, dit het van sy kant af gekom. Hy het altyd in die omgewing geloop en 'n mens het gewonder wat hy doen. Hans het vir my en John twee kolganse gebring wat hy grootgemaak het. Dit was vir hom absoluut 'n plesier om daar by ons te kom sit en kyk hoe die twee ganse lewe en groter word. Hy het werklik baie by ons gekom, soms elke dag vir twee tot drie weke aanmekaar. Hans en Ansie is toe later getroud en ons sou toe uitvind dat hulle moes trou. Hul dogtertjie is 'n pragtige kind en baie gedissiplineerd. Ek en Hans se pa (sou ons later uitvind) ken mekaar al baie jare. Daar is regtig goeie en hegte bande tussen ons gevorm. Wanneer iemand onthou dat jy verjaar of dat jy sekere eksamens moes aflê of wanneer sekere dinge met jou gebeur en 'n punt daarvan maak om jou op te soek en sterkte en geluk toe te wens, dan sê dit vir 'n mens dat dit meer as die gewone kennisbande is. Hans was 'n liggaamsbouer en het as stokperdjie karate, judo, ensovoorts beoefen. Ansie is ook 'n vrou wat aan 'n gesonde liggaam glo. Ons het ook maats geword met Hans se broer Frans. Frans het ons kom opsoek toe hy van die grens af gekom het. Hy was in die Staande Mag en dit was vir ons 'n groot skok toe ons uitvind dat Frans tydens 'n patrollie op die grens 'n landmyn afgetrap het en sy linkerbeen verloor het. Dit was vir ons 'n moeilike situasie want Frans praat nie daaroor nie. Hy is sy ou self. 'n Mens voel tog dat jy daaroor wil praat sodat jy meer op jou gemak kan raak. 'n Mens kon ook agterkom dat dit vir Hans en veral vir Ansie pla. Hans is nie 'n mens wat sy emosies op die tafel lê*

*nie. Ek kry dit nogal reg om met hom oor die dieper dinge te praat; dinge wat mense raak en wat van belang is. Sy vrou het ook eendag tereg gesê dat sy dink dat dit die eerste keer is dat Hans vriendskapsbande met iemand het. Ek waardeer Hans se vriendskap. Hy is vir my baie soos 'n broer. Ek dink omdat die verhouding tussen my en my broers nie goed is nie, het Hans vir my 'n broer geword met wie ek kan praat nie oor ek gay is nie, maar oor ander dinge in die lewe wat jy graag met 'n broer sou wou bespreek. Hans en Ansie het nog nooit vir my gevra of ek gay is nie en ek het dit nog nooit vir hulle gesê nie. Ek het 'n idee dat Hans en Ansie op hulle manier weet dat ek gay is en dat ek en John in 'n verhouding is. Tot vandag toe het hulle egter nog nooit enige vrae gestel nie. Wanneer hulle met vakansie sou gaan, het ek altyd na hulle woonstel omgesien. Ek het hul plante water gegee en gekyk dat dinge reg loop terwyl hulle weer op hulle beurt vir my na die ganse en hoenders sou omsien. Hulle het gereeld by ons kom braaivleis eet en dan het Frans ook saamgekom. Daar was 'n goeie en gesonde vriendskap tussen ons en hulle.*

*Dit het soms gelyk asof Hans ons effens vermy het wanneer Brian en Johan by ons was. Ek dink dit is omdat hulle so opvallend gay was. Hans het ook eendag aan my gesê dat Brian hom snaaks bekyk en ook by verskeie geleenthede melding gemaak dat die twee mannetjies se polse baie slap is. Elke mens is geregtig op 'n mening en daarom is dit vandag nog vir my baie belangrik dat 'n mens se gedrag nie aanstoot moet gee of rede vir op- of aanmerkings moet wees nie. Johan en Brian het weer op hulle beurt vir ons gevra hoekom Hans en soms Frans verskoning sou maak en die geselskap sou verlaat, as hulle daar kom. Hulle het die hoop uitgespreek dat dit nie is omrede hulle daar kom of omdat hulle gay is nie. 'n Mens probeer maar altyd die vrede bewaar en so neutraal as moontlik bly. Die verhouding tussen ons en Brian en Johan was gesond. Hulle het ook geweet as hulle by ons kom dat daar nie 'n scène moes wees nie. Ek dink hulle het besef dat dit nie vir ons van belang was om gay-sleng te besig en slappolse ensovoorts, te hê nie. Vriende wat hulle kom opsoek het, was van die gays wat nie omgee wie wat sê en wie wat van hulle weet nie. 'n Mens het 'n verandering by Brian-hulle gesien want hulle het ook begin om meer diskreet te wees wat hulle vriende aanbetref. Ek dink hulle, veral Brian, het ons as modelle gebruik waarvolgens hulle kon lewe. 'n Jaar of twee drie gelede was hy 'n drag queen wat daarvan gehou het om sykouse en hoëhakskoene te dra - iets wat my verskriklik gegrief het. Ek het nooit ooit ooghare vir 'n drag queen gehad nie. Ek dink die gehalte van ons vriendskap was vir Brian belangrik. Ek het onlangs uitgevind dat Brian ontslae geraak het van al die rokke, sykouse en skoene wat hy besit het.*

*Ek en John is twee gereelde kerkgangers. Ons godsdiens was nog altyd vir ons baie belangrik. Terwyl ons in hierdie huis gewoon het, was John ook hulpdiaken vir die kerk en het ons verskeie besoeke van die predikant ontvang. Hy sou ook op onafgespreekte tye by ons aankom. Ons verhouding met die predikant was so goed dat hy ons kom opsoek het net om te hoor hoe dit gaan en om blomsteggies, ensovoorts met ons uit te ruil. Baie keer het hy kom raad vra oor tuinprobleme en ook vir ons nuwe spesies gebring. Hy het een keer met 'n armvol dahlias by ons opgedaag en gesê toe hy dit gepluk het, het hy aan ons gedink en toe besluit om dit vir ons te bring. Dit was klaar gerangskik in 'n pot. Dominee het baie op ons staat gemaak wanneer dit by begrafnisse, ensovoorts gekom het. Uit die aard van my liefde vir kosmaak en die voorbereiding van voedsel het hy veral met begrafnisse kom vra of ek nie eetgoedjies sal maak vir na die diens nie. Ek het dit altyd met die grootste plesier gedoen. Dit was vir my en John lekker om as gays deel van die kerklewe te wees. Dit was vir ons belangrik dat ons nie net die gay-lewe 100 % sou uitlewe nie, maar dat ons kerk- en geloofslewe ook 100 % sou wees en dat ons so sou lewe dat almal ons sal aanvaar. 'n Mens het partykeer gewonder of die predikant geweet het dat ek en John gay is. 'n Mens loop altyd met daardie gedagte: Weet ander mense? Wat sou hulle doen indien hulle sou uitvind? Dit sal seker altyd deel van 'n mens se lewe wees indien jy dit nie openlik teenoor ander erken nie. Sou die predikant ons nog besoek het? Sou hy nog so 'n integrale deel van ons lewe gewees het? 'n Mens weet nie. Dominee het gereeld huisbesoek kom doen en regtig moeite gedoen om vir ons te bid. Ons het dit waardeer.*

*Intussen het John bevordering gekry na hul hoofkantoor en het hy vir die eerste keer in sy lewe teëspoed begin kry met die werksituasie, nie soseer omdat hy gay is nie maar omdat hy 'n bedreiging vir sy hoofde was wat akademiese kwalifikasies en intellektuele vlak aanbetref; soveel so dat hulle sy bevordering vir 'n geruime tyd teruggehou het.*

*Anne en Chris, twee vriende wat ons in dié tyd leer ken het (Chris was eintlik John se vorige hoof), was twee dierbare mense. Hulle is mense wat ons deur dik en dun bystaan. Hulle is nie net vir ons 'n pa en ma of net vriend en vriendin nie, maar lê vir ons werklik baie na aan die hart. Hulle sal sien dat ons ons regmatige plek en deel in alles kry. Hulle sal nie stuit om mense aan te vat wat enige iets verkeerd of lelik oor ons sê nie. Hulle kom gereeld by ons aan huis.*

*Ek wil nou graag gesels oor ander mense wat ons leer ken het of met wie ons vriende of kennisse geword het.*

*Ons begin by Reinette, een van ons buurvroue in een van die woonstelle waarin ons gewoon het. Sy is 'n dame van omtrent ons ouderdom, ongetroud en het 'n redelike hoë posisie by 'n bank wat finansiering aan groot maatskappye behartig. Reinette is uiterlik 'n baie mooi vrou. 'n Mens wil amper sê dat sy met haar gesig maklik vir een van die groot grimeringsfirmas kan gaan werk. Sy is ook 'n vrou wat baie aandag aan haar grimering skenk. In die ses tot sewe jaar wat ons vir Reinette ken, het ek haar net omtrent twee of drie keer (miskien vier keer) sonder grimering gesien en dan was dit òf baie vroeg in die oggend òf baie laat in die aand. Sy is 'n vrou wat baie gesteld is op haar voorkoms, ek dink almal wat haar ken, kan daarvan getuig. Ons het haar heel toevallig ontmoet. Ons het maar altyd geweet sy is langsaan maar het nooit oorgestap om te gaan kennis maak nie. Ek het haar eendag by die hyser gekry toe sy haar maandelikse kruideniersware gekoop het. Dit was op die vierde vloer waar sy alles voor die hyser uitgepak het en dan het sy heen en weer gehardloop om die pakkies na haar woonstel te neem. Ek het aangebied om te help en sy het dit van die hand gewys. Toe dog ek wel, as sy dit so verkies, dan verkies sy dit so. Op 'n dag het sy saam met 'n ander dame met wie ons nie eintlik vriende was nie, maar vir wie ons so met die in- en uitbeweeg by die woonstel, leer ken het, daar aangekom. Reinette het op versoek van die kennis haarself aan ons kom voorstel. Ons het vinnig goeie vriende geword. Ons het later ook haar ouers, haar twee susters en haar broer leer ken. Ons het altyd hier teen die einde van die jaar by haar ouers gaan vleis braai. Dit is die dierbaarste twee ou mense - hulle het my en John aanvaar en daar was nog nooit enige navrae of ons gay is, of hoekom ons alleen is, ensovoorts nie. Daar word altyd gepraat oor dit wat vandag gebeur het. Haar ouers gesels baie lekker. Haar pa is 'n afgetrede militaris. So met die tyd het ons agtergekom dat Reinette 'n vriend het maar dat jy hom nie altyd sien nie. Hy is een van daardie mense wat kom wanneer dit reeds donker is of tye wanneer 'n mens nie kuiermense verwag nie. Ons het later daaroor begin praat en ek het vir John gesê dat ek die idee kry dat hierdie man moontlik getroud kan wees. Nouja, soos dit gaan het ons vriendskap al hegter geword en het Reinette ons eendag uitgenooi om gou haar vriend te ontmoet. Ons het Robert ontmoet wat 'n baie oulike man is, maar wat glad nie op sy bek geval is nie. Hy weet van alles en almal en hy is een van daardie mense vir wie jy nooit iets kan vra en hy nie 'n antwoord het nie. Hy is baie Don Juan-agtig. Hy was 'n vlieënier. Ons is eendag uitgenooi om*

*saam met hom en Reinette Lanseria toe te gaan. Daar was 'n vliegtuigskou en ons het dit baie geniet. Dit was vir ons snaaks dat net ek, John en Reinette ry en dat hy nie saamry nie. Die middag laat toe ons wil terugry Pretoria toe, toe storm hy op die motor af en neem vir Reinette. Hulle het 'n hele ruk weggebly en toe hulle terugkom was Reinette in trane. Toe vertel sy vir ons dat daar groot moeilikheid is. Sy sê toe dat sy ons iets wil vertel maar dat ons dit nooit vir iemand anders moet vertel nie. Toe kom sy met die sak patats uit dat Robert 'n getroude man is en dat hy huis toe geskakel het en dat sy vrou hom ingelig het dat sy bewus is dat hy en Reinette by die lugskou is. Ons het toe vir Reinette gesê dat ons dit al lankal vermoed het, dat dit nie ons saak is nie en dat ons dit daar laat. By die woonstel terug het sy dadelik die vrou geskakel, want sien, hulle werk saam, hulle sit langs mekaar en werk. Wat hier gebeur het is dat Robert se vrou skynbaar Reinette se ouers geskakel het om te verneem waar Reinette is. Haar ouers het Robert se vrou vertel dat hulle Lanseria toe is. Die vrou het toe seker een en een bymekaar gesit en begin uitvra hoe lyk die vriend van Reinette en op so 'n wyse besluit dat dit haar man is. Reinette het toe haar ouers geskakel, die storie uitgevind en die vrou geskakel en vir haar weer 'n storie vertel wat haar lewe geweldig gekompliseer het. Sy sê toe dat sy maar net vir haar ouers gesê het die man se naam is Robert, maar dat dit beslis nie haar man is nie. Die vrou het dit om een of ander rede geglo. Die aand het Reinette se ouers woonstel toe gekom en lank met haar gesels. Reinette wou egter nie kopgee nie en het gesê dat dit haar saak is en dat dit met niemand iets uit te waai het nie. Sy is vandag nog dol verlief op die man en al sy beloftes; sodra al sy kinders oor drie of vier jaar uit die skool is, gaan hy van sy vrou skei en dan gaan hy en Reinette trou. Ek en John het egter ons bedenkinge oor die man; hy is glibberig.*

*Reinette is 'n goeie vriendin, maar eintlik meer John se vriendin. Ek en Reinette kan net nie lekker oor die weg kom nie. Miskien is dit omdat alles wat sy doen, ek óók kan doen, en miskien in sekere opsigte beter. Voorbeelde hiervan is: sou ek en John kos maak en haar nooi, dan vind sy altyd fout met wat ek gemaak het, maar dit wat John gemaak het is wonderlik. Ek het vir John daarop gewys maar hy het gesê hy het dit nog nooit opgemerk nie. Pieter was ook by toe ons hierdie ding bespreek het en toe besluit ons dat die volgende keer wat ons weer kos maak dan is alles wat ek gemaak het, wat John gemaak het en andersom. Toe sou dit nou uitkom dat dit wat ons gesê het ek gemaak het, iets makeer of nie reg is nie, en die goed wat ek werklik gemaak het maar wat ons gesê het John gemaak het, wonderlik was. Na omtrent twee of drie jaar het*

*John vir my gesê dat hy met my saamstem. Hy dink dit is jaloesie aan Reinette se kant en ek aanvaar dit so. Dit raak net soms bietjie baie. Veral as ons haar twee tot vier keer per week sien. Dit is egter nou baie minder omdat ons nou sowat 50 km uitmekaar woon. Daar is goeie vriendskapsbande tussen ons en ons het Reinette aanvaar as 'n mens wat altyd van beter weet en wat beter as ander mense is. Sy hou nie van kompetisie nie; sy hou nie daarvan dat iemand enigsins beter as sy presteer nie. Sy sal ook, wanneer ander vrouens in die nabyheid is, en veral, wanneer hulle te veel aandag aan John skenk, op- en aanmerkings maak. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die volgende. 'n Goeie kollega van John wat huweliksprobleme het, het in hom die ideale man gesien en probeer om sy guns te wen. Soos hyself een keer gesê het, indien hy sou toegee sou sy seker tot 'n fisiese verhouding toegegee het. Maar soos ek reeds gesê het, ons twee het ons waardes en norme waarvolgens ons lewe. Die kollega van John het vir hom 'n roosboom gegee. Die geskenk het gekom nadat ek haar hare gekartel het, en sy vir my 'n plant as geskenk gebring het. Sy het toe besluit John moet ook 'n geskenk kry omdat sy ook op sy tyd aanspraak gemaak het. Ons het egter albei geweet waaroor dit gaan. Die roosboompie het die naam van liefdesrosie gekry. Reinette het kort hierna ook vir John 'n roosboompie gekoop met die mooiste wit knoppe. John se kollega se roosboompie het nou vir die afgelope drie tot vier jaar nooit sonder 'n knoppie gesit nie. Daar word gedurig gespot oor die liefdesrosie, soms tot John se ergernis - 'n mens kan 'n saak te ver voer! John is nie 'n ligsinnige mens nie; hy hou nie van sulke dinge nie. Ons ander vriendin, Hester, is ook soms 'n bedreiging vir Reinette veral wanneer John of ek meer aandag aan haar as aan Reinette gee. Uit die aard van geselskap is dit soms so dat 'n mens met die een meer as met die ander een oor 'n spesifieke onderwerp gesels.*

*Ons het Reinette aanvaar vir wie en wat sy is. Tot in hierdie stadium het sy nog nooit enige klippe na ons gegooi nie. Sy was al baie uitgesproke oor mans wat op TV of in tydskrifte baie feministies is of filmsterre wat erkende homoseksuele is. Sy het ook by geleentheid vir ons daarop gewys dat daar groot fout met Pieter moet wees en grappenderwys gesê dat die mannetjie maar man moet vat. 'n Mens kan in hierdie tipe gesprek agterkom dat sy nie ten gunste van homoseksualisme is nie, maar in ons geval is sy soort van beskermend. Sy sal ook nie toelaat dat ander mense negatief teenoor ons optree of kommentaar lewer nie. Haar vriendinne is ook redelike losverhouding-tipe mense. Een van hulle, Jenny, is byvoorbeeld 'n vrou wat getroud was, geskei is en nou seker vir die afgelope vyf of ses jaar saam met 'n man in 'n huis woon. Dis 'n baie*

welgestelde man. Met sy en haar kinders so in een huis is dit 'n ongesonde situasie as 'n mens dink aan die kinders wat in daardie opset grootword. Ek en John het al met Jenny oor hierdie verhouding van haar gepraat en dat sy miskien hierdie man se huweliksaanbod moet aanvaar, maar daar was vertwyfeling by haar daaroor. Ons het aangevoer dat die man haar alles gee wat haar toekom, dat hy haar baie sekuriteit bied en dat daarin sinvolle gesinsomstandighede vir die kinders is. Dis seker 'n jaar terug dat ons dit aan haar genoem het, maar tot dusver is daar nog geen verdere verwikkelinge nie. Hoewel Reinette glad nie rook nie sal jy haar ander vriendinne altyd met 'n drankie en sigaret in die hand aantref. Hulle is mense wat vir vandag lewe. Hulle het baie goeie en duur smaak maar dit gaan alles oor die hier en die nou. Ons het 'n goeie verhouding met Reinette en haar familie. Ons is lief vir hulle en ondersteun en admireer mekaar. Gemeet aan heteroseksuele standaarde kan 'n mens praat van 'n gesonde verhouding.

Hester is nog 'n ander vriendin van ons. Sy is 'n dierbare, pragtige mens wat van Noordkaapland kom. Sy wy haar lewe aan die versorging en hulpverlening van ander. Haar pa is 'n miljoenêr, maar 'n mens sal dit nooit in Hester se gedrag, optrede of gesprekke agterkom nie. Sy is een van daardie mense vir wie die klein dingetjies wat saak maak, baie belangrik is. Sy gee haarself sonder voorbehoud aan mense wat 'n behoefte aan vriendskap of hulp het of sommer om net by ander mense te wees. Daar is altyd 'n geweldige toeloop van mense by haar. Hulle kom vanuit Caprivi, die Kaap, Natal en regoor die land. Sy het baie vriende; eintlik nie vriende nie, maar mense wat haar ken en bietjie meer as kennisse is. Sy is een van daardie mense wat bereid is om tyd te maak vir ander. Hoe sy dit altyd regkry weet net sy. Sy is baie gewild. In die beoefening van haar beroep is sy ook iemand op wie mens kan leun en staatmaak. Haar personeel is ook lief vir haar. Sy is 'n diakones in die kerk.

Hester is 'n naïewe mens want sy glo so in ander mense dat dit al vir haar probleme geskep het. Wat haar liefdeslewe aanbetref, het sy by twee geleenthede baie seergekry. Sy was verloof aan 'n man van wie sy eintlik die grond waarop hy loop, aanbid het. Sy het geglo hy is die alfa en die omega en dat haar toekoms en haar lewe afhanklik van hom is. Alles het tot 'n einde gekom omdat hierdie man nie in haar belanggestel het nie, maar omdat haar pa baie geld gehad het en hy gedink het dat hy op hierdie wyse baie maklik 'n gerieflike lewe kon lei. Hy was in daardie stadium steeds verloof aan 'n ander vrou van wie Hester gelukkig uitgevind het. Nadat sy vir ongeveer vier of vyf jaar

*baie twyfel in die manlike geslag gehad het, het sy met 'n ander man 'n verhouding gehad en het sy absoluut alles wat in haar was, daarin gesteek. Dit gaan seker maar so wanneer 'n vrou baie geld het, dat sy baie belangstelling van sekere tipes mans sal kry. Dit was nie lank nie, toe sien Hester op TV tydens Police File die einste man se gesig en het sy 'n dag daarna die polisie op haar deurdrumpel gehad. Ons het self die man ontmoet. 'n Mens sou nooit kon dink dat hy 'n klag van geldverduistering, diefstal en ongewenste transaksies teen hom het nie. Hester het by ons van alle mense kom hulp en ondersteuning soek. Daar was 'n groot behoefte aan onderskraging by haar. En uit die aard van ons goeie vriendskapsbande het ons dit gegee sonder enige terughouding. Ons het daaroor gepraat en haar sover moontlik leiding gegee. Selfs van ons vriende wat hiervan uitgevind het, het omdat hulle die man al saam met haar gesien het, absoluut alles gegee. Ek dink 'n mens sou dieselfde doen teenoor 'n broer en suster, sou hulle in dieselfde situasie as Hester wees.*

*Hester het nog nooit met ons gepraat oor hoekom ons al soveel jare bymekaar is nie. Dit het nooit ter sprake gekom nie. Sy praat ook nooit lelik oor <u>gay</u>-mense in die gemeenskap nie. Ons is ook nie die enigste <u>gays</u> met wie sy bevriend is nie. Daar is ook twee of drie lesbiërs wat in haar vriendekring is en met wie sy 'n goeie heteroseksuele vriendskapsverhouding het. Ons het in 'n stadium gedink dat Hester moontlik lesbies kon wees. In haar optrede teenoor ons en teenoor heteroseksuele mense in haar lewe, vind jy hoegenaamd geen verskil nie. Sy sal ook nie <u>gays</u> in een stadium na haar woonstel nooi en nie in 'n volgende stadium nie. Sy nooi hulle as vriende en hulle moet mekaar aanvaar en met mekaar saamlewe.*

*Hester het ook al ons ouers en ons haar ouers ontmoet. Hulle is net soos ons ouers pragtige stoere boere. Sy kom kuier ook vir ons en vertel altyd waar ons die beste waarde vir ons geld kan kry. Tipies van ryk mense, weet hulle altyd waar jy 'n goeie artikel teen 'n winskoop kan kry. Soos sy sê, haar pa glo dit is waarom 'n mens geld het. As jy haar ouers ontmoet, kan jy nie dink dat die mense met miljoene rande in hul bankrekening sit nie. Hulle is goeie mense en ons sal seker vir die res van ons lewens vriendskapsbande met hulle hê. Ons het ook Hester se twee susters ontmoet. Wanneer hulle Pretoria toe kom, kom sien hulle ons. Dit het al tradisie geword dat hulle by ons kom braai, eet of tee drink en ons was ook al verantwoordelik vir die aanmekaarslaan van 'n naam vir een van die kinders. Ons word altyd in daardie tipe situasie geken en dit doen ons goed as heteroseksuele mense ons ook betrek by*

dit wat belangrik, goed en mooi is in die lewe. Dit is 'n riem onder die hart en ons wil dit graag so hê. Ons wil nie die uitgeworpenes wees of in die hoek gesit word en gesê word dit is julle leefruimte, julle is melaats nie. Indien die heteroseksuele gemeenskap hierdie optrede van Hester en haar familie en Reinette se houding sou aanvaar en dienooreenkomstig sou optree, sou 'n mens 'n baie gesonder gay-gemeenskap gehad het. Dan sal daar nie mense wees wat gedurig op soek sal wees om die leemtes in hul lewe te vul nie.

Dan is daar ons gay-vriende. Pieter loop al vir baie jare saam met my die pad; ons het saam skoolgegaan en saam grootgeword - 'n baie hegte vriendskapsband is gevorm. Ongelukkig het Pieter die paadjie gevolg van die werklike gay-gay. Die een wat lewe vir vandag en altyd op soek is na iemand om sy lewe te deel, maar dit nooit werklik vind nie. Ek het al in 'n stadium vir John gesê dat dit vir my soms voel asof Pieter soek om nooit te kry nie. Hy is altyd met gays deurmekaar wat eintlik verantwoordelik is vir die slegte naam wat aan die gay-lewe gekoppel word. Die sedelose, bandelose lewe van mense wat oppervlakkig is en mense wat net in die fisieke van 'n ander man belangstel. Dit is die tipe waarmee hy deurmekaar raak. Hulle waardes en norme is absoluut vlak en ek en John wil nie met diesulkes geassosieer word nie. By geleentheid het ons dit ook vir Pieter gesê. Pieter was in 'n stadium met een van John se vorige affairs deurmekaar. Dit het baie wrywing veroorsaak omdat daar altyd storietjies en optredes was, wat onaanvaarbaar is. Dis nie dat Pieter uit 'n slegte huis kom nie. Hy het ouers gehad wat vir hom alles gegee het wat hy in die lewe wou gehad het. Hulle kan ook vir hom gee wat hy in die toekoms nodig sal kry, naamlik materiële dinge. Ongelukkig is daar 'n baie onstabiele huweliksverhouding tussen sy ouers. Sy vader en moeder is al vir etlike jare van tafel en bed geskei en sy suster is ook 'n mens wat skoonheidsmiddels en die spieël aanbid. Sy sal byvoorbeeld in 'n geselskap opstaan en eers haar voorkoms gaan opknap. Sy is 'n mooi vrou maar is absoluut neuroties oor haar voorkoms. Pieter sowel as sy suster het al psigiatriese behandeling ontvang. Ek dink hierdie behandeling sou nooit nodig gewees het indien hul ouers hul anders opgevoed en grootgemaak het nie en hulle geleer het dat daar ander dinge in die lewe is wat belangriker as die materiële is. Ek dink ook dit sou beter gegaan het tussen sy ouers as hulle aan hulle eie huweliksverhouding gewerk het. Maar nouja, dis ander mense se lewens; dit is water wat verby is en waarmee die meul nooit weer sal maal nie.

*Pieter is 'n goeie mens maar is mensskù; hy sal nooit ander mense besoek indien hy weet dat daar mense mag wees wat hy nie ken nie. Hy is iemand wat baie lees en hy het rakke vol boeke; nie gemorsboeke nie maar werklik goeie literatuur. Hy geniet 'n goeie verhaal wat diepte het. Dit is vir my asof hy hierin soek wat hy in sy lewe gemis het. Pieter koop omtrent al wat 'n tydskrif is en kry tyd om dit te lees, wanneer weet ek nie want hy is ook fliekmal. In 'n stadium het hy ook op een van hierdie resensierade van die gradueering van die flieke gedien. Dit het beteken dat hy vyf tot agt films per week moes sien. In daardie tyd het hy nog gelees ook. Pieter luister baie na musiek en ek dink sy radio en radiogram het vir hom al elke sent wat hy daarop spandeer het, in luistertyd teruggegee. Hy is ook 'n mens wat tussen alles deur videobande huur en daarna kyk. 'n Mens kan nie dink dat hy soveel tyd gebruik om homself te verryk en dan met amper die skuim van die gay-lewe deurmekaar raak nie. Hy het goeie vriende ook, mense wat is soos ek en John. Dit is mense met waardes van uitstaande gehalte. Jy kan hulle egter amper op die twee vingers van jou een hand tel. Soos ek genoem het, het Pieter psigiatriese behandeling gehad. By hom is daar 'n geweldige gevoel van onsekerheid, minderwaardigheid, mensskuheid en geweldig baie depressie. Na al die jare wat ek hom ken, kan ek my eie gevolgtrekking maak en sê dat Pieter 'n mens is wat op soek is na iets, waarna weet ek nie. Ons vriendskap ly die afgelope tyd baie onder hierdie probleme. By dit alles het Pieter ook 'n geweldige voorliefde vir alkohol wat hom altyd in so 'n situasie dompel dat hy die volgende dag nie sy kop wil uitsteek nie. Dit het al sover gegaan dat hy hom in 'n volle geselskap ontklee het en dat hy die volgende dag nie weet wat gebeur het nie. Hy het al by een van sy werkspartytjies te veel ingehad en soos die gays sê: 'n scène opgeskop. Gelukkig ken en aanvaar mense vir Pieter soos hy is en hou hulle sy optrede nie teen hom nie. Dit is miskien 'n verkeerde ding; ek sou sê hulle moet eintlik meer korrektief optree.*

*Pieter sal altyd in iemand belangstel wat niks met hom te doen wil hê nie. Hy is altyd die een wat in die proses seerkry. Hy is die een wat met lang trane by ons kom sit en vra wat verkeerd is, hoekom kan hy nie ook 'n maat kry nie. 'n Mens gee raad en leiding maar kan definitief nie vir hom 'n maat kies of soek nie. Dit is iets wat tussen twee mense moet gebeur, vorm moet kry en moet groei. Ek glo nie hy het daardie kwaliteit nie. Hy kan 'n mens soms tot raserny dryf. Dit het al vir my gevoel asof ek hom te lyf kan gaan. Ander kere weer kry jy hom so jammer dat jy hom net wil troos. Ek het besluit dat*

*Pieter probleme wil hê en nie gehelp wil word nie. Sedert ek hierdie sienswyse aanvaar het, gaan dit goed want Pieter kom na ons toe, hy gaan terug na sy plek, hy gaan aan met sy lewe en ons gaan aan met ons lewens. Daar is geen berge en dale of uiterstes van situasies nie, dit is baie makliker so en ek wil dit só hou. Al is hy 'n dierbare vriend wil ek nie weer betrokke raak by die tipe ongemaklike lewe van hom nie. Ek het dit nie in soveel woorde vir hom gesê nie, maar dis makliker en vir my meer aanvaarbaar. Ek verwag nie van Pieter om deel te word van my verhouding met John in elke probleem wat ek het nie. Ons gesels nog oor die gay-lewe en oor ander mense maar nie oor dit wat vir hom belangrik is in 'n verhouding of in 'n ander mens nie. Ons sal daaroor gesels maar ek sal nie vir hom 'n waarde-evaluering gee soos in die verlede die geval was nie. Pieter is ook geneig om sy kop te verloor op 'n ander vrou se man of op 'n ander femme se butch. Ek het een keer vir hom gesê: "The other man's grass is always greener!"*

*Sommige mense sal seker wil weet hoe ek 'n oordeel oor 'n ander mens se lewe kan vel. Ek en Pieter ken mekaar al jare en ek ken die predisponerende faktore in sy lewe goed. Pieter het in sekere stadiums van sy lewe geen vriende behalwe vir my gehad nie. Ek was die mens wat vir hom moes dink, doen en help. Ek het besef ek kan dit nie vir altyd doen nie. Ek dink die beste ding was toe John in my lewe gekom het en Pieter uiteindelik sy eie paadjie moes loop. Hoewel ek sou sê dat dit beter gaan, twyfel ek tog soms. Die tyd toe John in my lewe gekom het en Pieter in sy eie woonstel gaan woon het, het sy ma sover gegaan om my moeder te skakel en te vra dat sy na ons toe moes kom en vir John moes wegjaag. Sy is 'n baie egoïstiese mens. Dit is seker goed dat 'n moeder net die beste of wat sy dink die beste is, vir haar kind wil hê. Moeder het dit vir ons vertel maar ons het nooit vir Pieter of sy moeder hiermee gekonfronteer nie. Dit sou tog maar net verdere wrywing veroorsaak het. Vriendskapsbande is tog baie belangriker as dit wat sy ma gesê het.*

*Ons het Pieter baie gehelp want hy het, met die idee dat hy meer privaatheid sou hê, van die een woonstel na die ander verhuis. Hy het 'n vreeslike opvatting omtrent woonstelstoepe en mense. Hy glo dat elkeen wat verby jou woonstel loop, sal sien wat in jou woonstel is. Hy het eintlik baie siek gedagtes. Ons het hom seker al vyf of ses keer in die nege of tien jaar wat ek en John bymekaar is, gehelp om te trek. In een stadium twee keer na dieselfde blok woonstelle en ek verneem daar gaan nou 'n derde keer wees. Die ou vriend van my weet werklik nie wat hy in die lewe wil hê of waar hy staan nie. Dit is iets waarmee niemand hom kan help nie.*

Daar is darem een ding wat ek van Pieter moet sê en dit is dat verjaarsdae en die herdenking van 'n mens se verhouding vir hom belangrik is. Hy het ons nog nie een jaar vergeet nie. Hy is altyd die een wat met 'n geskenkie met die mooiste kaartjie en die mooiste woorde en wense onder die arm hier aankom. Maar ek kry my ou vriend jammer. Ek weet nie wanneer hy weer sal oorgaan tot 'n selfmoordpoging nie want dit was al vier of vyf keer deel van sy lewe. Ek hoop nie dit gebeur nie.

Ek het baie van my vriende verloor sedert ek met John in 'n verhouding gegaan het. John is 'n baie gereserveerde mens en omdat hy naas my ouers vir my die belangrikste mens in my lewe is, het ek hom miskien toegelaat om dinge te doen aan vriendskapsverhoudinge waaroor ek in 'n stadium ongelukkig was. Vandag maak dit nie meer saak nie. As 'n mens bande met iemand gesmee het, wil jy dit nie sommer oor nietighede verbreek nie. Nouja, 'n mens het lojaliteit in 'n verhouding net soos in 'n huweliksverhouding en moet liewer sommige dinge prysgee en gelukkig saam wees as om daaraan te klou sodat jou verhouding nie kan groei en vorder nie.

Wat sy vriende betref, het ek behalwe een keer nooit ooit vir hom enige vereistes gestel nie. Hy moes sy vriendskap met Hannes opgee. Hy was met die man in 'n verhouding voor hy met my in een gegaan het. Ek het Hannes alreeds bespreek. Hy is 'n man wat skynheilig, onderduims en agterbaks is. John stem hiermee met my saam. Die man is nie meer deel van ons lewe nie. Vriende van John, soos Jurgens, wat hy ontmoet het deur Jors, is iemand wat nog gereeld elke jaar by ons aan huis kom. Hy is woonagtig in Kimberley. Hy het 'n geweldige wye kennis van klassieke musiek alhoewel hy glad nie geskool is nie. Hy het maar standerd agt. Sy vader was 'n alkoholis en sy moeder wat in haar laat sewentigs is, word deur hom versorg. Hy is eienaardig en iemand wat jy nie altyd by jou wil hê nie. 'n Mens kan hom net vir 'n kort periode hanteer. Hy is geweldig veeleisend en 'n mens raak gou moeg want hy vra elke oomblik jou aandag en konsentrasie. Ongelukkig het hierdie man groot affiniteit vir jong seuns en het hy al daaroor in die hof beland. Dit is moeilik om te sê dat jy jou vriende wil keur, want jy vind dat jy nie altyd met mense in hulle totaliteit vriende is nie maar net met 'n komponent van hulle menswees. Dit is vir sommige mense moeilik om dit te verwerk.

Ek dink ek en John is volwasse genoeg om Jurgens binne sy huidige konteks te aanvaar. Ek glo nie Jurgens sal wanneer sy moeder te sterwe kom sy leefwyse

verander nie. Hy sal moontlik bly voortleef in die ou huisie wat hulle het. Miskien sal hy iemand kry met wie hy sy lewe sal deel. Ek hoop van harte dat hy nooit weer met die gereg sal bots waar dit kom by jong seuns nie en dat hy insig sal kry en sal besef dat hierdie jong mense 'n reg het om 'n eie keuse te maak en dat dit nie 'n gay-man moet wees wat hulle toekoms moet bepaal nie.

Jors was ook 'n vriend wat uit ons kinderdae kom maar met wie ek, soos vroeër genoem, kontak verloor het. John en Jors was baie groot maats en het baie diep spore in mekaar se lewens getrap veral ten opsigte van klassieke musiek en lewensfilosofieë. Ongelukkig was Jors ook 'n man wat baie straf gedrink het. Hy het nooit in sy lewe gerook of ander gewoontes gehad wat ongesond was nie maar hierdie alkoholgebruik was die oorsaak van baie trane, smart en verdriet. Sy ouers kon dit nooit verwerk nie. Alhoewel sy pa ook alkohol gebruik het en sy moeder 'n ou versukkelde dame was, het hy hulle nooit ontsien nie en sou hy altyd baie moeilik raak wanneer hy te veel gedrink het.

Jors was 'n diep mens wat deel gehad het in internasionale sienswyses rakende die politiek. Ian Smith van die gewese Rhodesië was een van sy korrespondente met wie hy 'n baie aktiewe korrespondensie gevoer het. Jors was ook baie lief vir klassieke musiek en het 'n baie diep kennis daarvan gehad. 'n Mens het altyd gewonder en ander het dit ook al geopper hoe hy werklik wanneer hy grotendeels onder die invloed van alkohol was, die musiek kon waardeer. 'n Mens wonder soms hoe sulke dinge gebeur maar dan is jy ook baie dankbaar dat die Here jou paadjie anders uitgewerk het en dat Sy Raadsplan nie sulke dinge vir jou en vir dié vir wie jy lief is, voorsien het nie.

Jors is in 1986 oorlede. Ek het baie gesê en ek kan baie as getuie daarvoor oproep dat as Jors met sy lewe aangaan soos wat hy kort voor sy dood gedoen het, hy nooit ouer as veertig sou word nie. Hy was dan ook veertig jaar en 'n paar dae toe hy as gevolg van alkoholintoksikasie dood is. Ek wonder baie oor Jors: ek wonder hoe ons lewens vorentoe sou gewees het indien hy nog geleef het; wat sou met sy ouers gebeur het; sou ons vriendskap konstant gebly het. 'n Mens wonder baie oor mense wat dood is, veral die wat gay is of was.

John het dan ook al Jors se musiekopnames geërf en dit sal maar seker op hierdie wyse wees wat ons kontak met hom sal hou, al is hy nie meer deel van ons lewens nie. Sy begrafnis was een van die treurigstes wat ek geken het. Ek hoop tog net dat ek nooit voor my ouers te sterwe sal kom nie. 'n Mens wonder

*altyd of dit reg is dat 'n ouer wat so hard gewerk het om jou op te voed, om jou te bring tot 'n stadium dat jyself verantwoordelikheid vir jou lewe kan aanvaar, dat hulle soveel smart en lyding moet deurgaan en moet sien dat dit wat hulle in die wêreld gebring het, tot stof terugkeer, dat hulle niks oorhou nie. Ek hoop nie dit is vir my ouers beplan nie. 'n Mens besef egter dat die lewe moet aangaan, dat God se Raadsplan uitgewerk is voordat die mens daar was en dat 'n mens daarby moet berus al wil jy dit anders hê. Jy kan niks daaraan doen nie.*

*Ons het baie kennisse. 'n Mens moet 'n onderskeid maak tussen kennisse en vriende. Vriende is daardie mense wat naas jou familie vir jou die belangrikste is. Kennisse is daardie mense wat naas vriende vir jou die belangrikste is maar met wie jy tog nie jou binnekant deel nie. Dit is mense wat jou lewe verryk, met wie jy geassosieer wil wees, maar meer oppervlakkig gemeet teenoor vriende. Daar is baie mense wat ons ken, wat weet wie ons is en wat ek glo baie twyfel oor ons saamwees en wat moontlik daaroor praat. Dit is mense wat jy deur jou werk ontmoet, met wie jy tydens die beoefening van jou professie werk en mense wat jy deur ander mense leer ken. Hulle is daar, jy kan nie hulle bestaan ontken nie. Hulle het 'n invloed op jou lewe in die sin dat van jou tyd deur hulle in beslag geneem word. Jy is egter effens suinig teenoor hulle wat jou tyd betref omdat jy weet dat hulle nie werklik 'n spesifieke komponent van jou lewe is nie. Hulle is mense wat kom tee drink, by wie jy gaan inloer, met wie jy 'n gedagte of twee deel - daar is baie van hulle. In 'n stadium het John se studente so deel van ons lewe geword en ons tyd opgeëis. Daar was van hulle wat uitgesproke was oor ons verhouding maar tog ook daaroor getwyfel het. Daar was onder hulle dierbares, maar ook onaanvaarbares. Omdat jy nie self jou studente kan kies nie en hulle maar deur ander mense aan jou toevertrou is, het jy nie 'n keuse nie.*

*Maar dit is goed om kennisse te hê. Dit is goed vir veral die <u>gay</u> om kennisse binne die heteroseksuele gemeenskap te hê ten einde wanneer dit nodig is hulle eie waardes en norme te evalueer, herevalueer en te korrigeer. Dit is mense wat vir jou sê hoe en wanneer jy die paadjie byster raak.*

*Gelukkig is ons baie lief vir mense en veral vir mense vir wie ons iets beteken. Is dit dan nie so dat mense jou besoek en wil deel maak van jou lewe as dit nie hulle hartewens is nie? Daarom wil ek sê ons het wel kennisse wat vir*

*ons net so belangrik as ons vriende is maar dat die kwaliteit van die verhouding verskil. Ons families ken ons vriende en daar was nog nooit buitensporige reaksie by hulle oor vriende of kennisse hetsy hul optrede, voorkoms, geloofsoortuigings of wat ook al nie. 'n Mens kom agter dat die lewe soos 'n wewery is waar jou skerings- en slagdrade vir jou die eindproduk gee. Ons is deurvleg en inmekaargevleg om 'n eenheid te vorm. Ek dink die manier waarop jy hierdie mense of skeringsdrade deurvleg, bepaal die kwaliteit van jou lewe. Vriende en kennisse laat my ook vreeslik baie aan 'n persoon dink wat grys word, waar jy vind dat die een deel van die hare silwerkleurig word terwyl die ander deel hulle oorspronklike kleur behou. Ek neem altyd die spreekwoord: met die grysheid kom die wysheid en vergelyk vriende met die gryshare en kennisse met die hare wat nog hulle oorspronklike kleur behou het en waar daar eintlik nie enige ontwikkeling of verwikkeling was nie.*

*Ons families het deel van ons verhouding geword in dié sin dat John my familie en ek sy familie aanvaar het. Daar was, en ek glo daar is, sekere dinge wat nog nie uitgeklaar is nie. Dinge waaraan nog geskaaf moet word en dinge waarvan die perspektief sal verander. As ek nou (1987) kyk na die bykans tien jaar wat ek en John bymekaar is, sien ek hoe my ouers se verhouding met hom sterker geword het en hoe hulle hom in sy totaliteit aanvaar het. Hy is so deel van hulle lewens soos wat ek is en daar word nie onderskeid gemaak tussen my en hom nie, wat goed is vir my is goed vir hom en omgekeerd. Daar is so 'n mooi verhouding tussen hulle. Hulle verstaan en aanvaar hom en bied hom sekuriteit. Dit is vir my 'n riem onder die hart hoewel ek tog soms twyfel en wonder of daar nie nog ietsie is wat iewers hinder nie. Ek het al daaroor met hulle gepraat, met my moeder, en daar het nooit iets negatiefs na vore gekom nie. Hulle is partykeer meer begaan oor hom as oor my. Daar is 'n intensiewe, aktiewe belangstelling in hoe dit met hom gaan en wat hy doen. Van sy ouers se kant af kan hy seker dieselfde sê. Tog was daar 'n stadium waarin ek gevoel het dat ek buite hulle kring staan. Ek is met vakansies altyd saamgenooi en daar was aangename tye, tye van ten volle erkenning en aanvaarding. Hulle het nog nooit in die rigting gepraat: "Is julle homoseksueel?", "Is julle in 'n verhouding?" of "Wat gaan vir wat?" nie. Hoewel dit nog nooit ter sprake gekom het nie, voel 'n mens dit soms aan. Ek weet nie of ek miskien oorsensitief is nie maar daar het tye gekom dat ek gevoel het ek is 'n vyfde wiel aan die wa. Dit was egter nie werklik so nie en was maar net gevoelens wat by my opgekom het. John se moeder is nie 'n mens wat haar kinders kan druk en soen nie. Sy pa is 'n stil teruggetrokke mens, maar by wie ek die meeste erkenning kry. Ek*

*kry soms die indruk dat daar iewers iets by sy moeder is. Ek het dit in 'n stadium ervaar dat sy nooit van "ons" praat nie maar van "John". Veral toe ons die huis gebou het, het sy baie gesê: "John hoekom maak jy nie so nie?" Dit het 'n gevoel by my opgewek. Hierdie gevoel was nie 'n lelike gevoel nie maar een van iewers is iets verkeerd. Noudat ons in die huis is, is dit anders en word daar weer gepraat van "ons". Ek weet nie, miskien kon ek bevooroordeeld gewees het maar dit is werklik die gevoel wat ek beleef het. As ek eerlik terugdink was daar al verskeie geleenthede waar ek hierdie gevoel gehad het maar dan was dit snaaks genoeg, altyd net teenoor situasies en nie werklik teenoor mense nie.*

*Wat ons broers en susters betref, aan my kant het my suster en jongste broer die situasie ten volle aanvaar. Ek glo nie my jonger broer en my ouboet het dit aanvaar nie. 'n Mens kom dit agter in hulle optrede teenoor John en selfs teenoor my. Hulle vermy ons want 'n mens hoor maar net later dat hulle in die stad was en dat hulle reg voor jou deur verby gery het. Hulle was hier maar sal nie eers 'n koppie tee kom drink nie. My jonger broer en suster kuier by ons. My swaer en skoonsuster praat nooit oor dit wat tussen my en John is nie. Hulle word net deel van ons huishouding wanneer hulle ons besoek of as ons by hulle kuier. Dit is regtig aangenaam om by hulle te kuier. Ek dink my ouers is terdeë bewus van die verhouding van die ander vier kinders teenoor my en John. Hulle sal nie daarvoor verskoning maak of hulle optrede regverdig nie. Maar nouja, dit is my leefwyse en hulle het hulle leefwyse en het seker 'n keuse en 'n reg. Ek sou graag nader aan hulle wou lewe. Is 'n mens se ouers redelik rigtinggewend waar dit by jou verhouding met jou broers en susters kom? 'n Mens neem hulle in konsiderasie en ek probeer daaraan werk. Dit is vir my belangrik en ek dink vir John ook. Wat sy broer en susters betref, het ons goeie verhoudings. Ook met sy swaers het ons baie goeie maar armlengte verhoudings. Ons verhouding, soos ek reeds gesê het, kom nooit ter sprake nie. Tog praat hulle altyd van "julle" en nie van "John" nie. Ek is baie lief vir sy broer, sy susters en sy oom en tante (sy ma se jongste suster). Hierdie twee mense, glo ek, is nie pampoene nie. Hulle is bewus van wat daar tussen my en John is en nogtans het hulle al by verskeie geleenthede met hulle twee kinders vir ons kom kuier; nie net kom koffie drink nie, werklik kom kuier. Ons het ook al by hulle gaan kuier. Ons geluk is vir hulle belangrik. Ek dink John se ouers is deeglik bewus van hierdie verhouding tussen my en hom en sy oom en tante en hulle twee kinders. Sou hulle ooit in die stad kom, moet daar werklik goeie rede wees hoekom hulle ons nie besoek*

nie. Dit is volwasse gelowige mense ten opsigte van die lewe self. Hulle is pragtige mense. Mense is vir hulle belangrik ongeag van waar jou keuse van seksualiteit lê. Ek ervaar hulle soos eie familie en sou ons gesels, word daar gesels oor die hier en nou en dit wat belangrik is. Ons het 'n baie gemoedelike verhouding. Ek wonder of 'n mens dit ooit werklik in woorde sal kan uitdruk. Dit is werklik goed om hulle as deel van jou familie te hê.

John het 'n neef wat ons vermoed ook gay is. Ons het die eienaardigste verhouding met hierdie man. Hy sal byvoorbeeld wanneer ek en John saam op straat is, na ons toe kom maar nie wanneer ons alleen is nie. Sy vriendekring van wie ons bewus is, bestaan uit redelike prominente mense in die gay-wêreld. Mense wat geassosieer word met GASA; die gay-liberation mense. Hy is 'n interessante mens maar kan jou absoluut dood druk deur op die materialistiese waardes in sy lewe te roem. Daar is nog nooit vir hom nee gesê nie en hy spog eintlik met sy pa se skatte. Hy is 'n aktiewe man wat die akademie aanbetref maar beslis nie ons kaliber of binne ons belangstellingsveld nie.

Ander familie en vriende aan my kant sluit in 'n niggie wat bewus is van wat tussen my en John aangaan. Sy is baie betrokke in die gay-wêreld omdat haar vriende en vriendinne omtrent almal gay is. Sy is 'n redelike gesiene mens in die omgewing waar sy woon en werksaam is. Die rede vir haar betrokkenheid lê daarin dat sy met 'n man wat aanvanklik 'n vrou was, gaan trou. Dries gaan sover as my Weermagdae terug, toe ek op die grens en hy nog 'n sy en absoluut by die operasionele optredes op ons landsgrense betrokke was. Toe sou ek nooit gedink het dat dié twee mense by mekaar sou uitkom en dat die een nog boonop van geslag sou verander nie! Soos reeds genoem, gaan ons baie by hulle kuier. Hulle is woonagtig by die see en as ons gaan vakansie hou, mag ons nie in 'n hotel of vakansiewoonstel tuisgaan of van enige ander akkommodasie gebruik maak as hulle huis nie. Dit is twee dierbare mense en hulle stel baie belang in ons wel en wee. Dries se neef studeer in die Teologie en ons het baie goed met hom bevriend geraak. Sy doktorale studie is in die rigting van die homoseksueel en die geloof. Hy het ons al by verskeie geleenthede besoek om sekere inligting of opvattings by ons te kry. Hendrik is 'n baie aangename jong mens wat al in die bediening moes gestaan het maar besluit het dat hy eerder binne die akademiese grense sal funksioneer. Ons vermoed die rede vir hierdie optrede of besluit is dat hyself gay is. Ons sal graag met Hendrik wil vriende bly. Ek glo nie daar is mense wat daarvan bewus is dat ons vriendskapsbande met hom het nie. Ek sal graag wil hê dit moet so bly.

*Wat die ander komponente in ons lewe betref, dink ons dat die mense met wie ons in aanraking kom, tog twyfel oor die verhouding tussen my en John. Die kwaliteit van ons verhouding met hulle, met die mense wat vir hulle belangrik is, maak egter dat hulle in kontak met ons bly en dat ons deel van mekaar se lewens bly.*

*Ons het ook 'n goeie en oop verhouding met ons geneesheer. Ek en John was aanvanklik by twee verskillende geneeshere. Sedertdien het ons besluit dit sou miskien raadsaam wees om na dieselfde geneesheer toe te gaan. Dit het ook so gebeur en ons het 'n pragtige oop verhouding met hom. Hy is daarvan bewus dat ons albei gay is en dat ons al vir tien jaar in 'n verhouding is. Ons het later uitgevind dat hyself gay is en dat hy sewe jaar lank getroud was, waarna hy besluit het dat hy nie so kon aangaan nie. Dit blyk dat hy ook van die begin af geweet het dat hy eintlik gay is maar dat hy as gevolg van familiedruk maar getrou het. Gelukkig was daar nie kinders nie. Daar is vandag nog 'n gelukkige verhouding tussen hom en sy vrou. Hy is nou al vir byna sewe jaar in 'n verhouding met sy maat. Wanneer een van ons hom besoek, sal hy altyd na die ander een se gesondheid en welsyn verneem. Ek dink John het 'n beter verhouding met hom as ek. Hulle noem byvoorbeeld mekaar op die voorname, terwyl ek daaraan glo dat my geneesheer wanneer ek hom om gesondheidsredes besoek met my op 'n professionele, kliniese vlak moet handel. Ek het 'n idee, of dit voel vir my asof dit kan gebeur dat ons met ons geneesheer en sy maat 'n vriendskapsverhouding sal begin. Ek wil eintlik sê dit het al begin alhoewel ons mekaar nog nie aan huis besoek het nie. Maar soos die verloop van vorige vriendskappe was, kan mens reeds tekens van redelike stewige bande bespeur.*

*Ek hoop van my kant af dat 'n vriendskapsband wel tussen ons sal ontstaan aangesien hulle ook uit 'n hoër klas van die samelewing kom, hulle waardes en norme baie gesond en ook redelik in "tone" met dié van ons is.*

*Ons geneesheer is ook redelik daarop ingestel om gays in te lig aangaande die feite van VIGS wat aan die orde van die dag is, veral soos dit in die buiteland manifesteer. In 'n stadium het hy aanbeveel dat aangesien ek en John albei vorige verhoudings gehad het, ons toetse vir VIGS ondergaan. Ek het van my kant gevoel dat dit absoluut onnodig was omdat ek weet dat ek 'n behoorlike, ordentlike welvoeglike gay-lewe lei. John het egter gegaan omdat hy reeds ander siektes gehad het. John se uitslae van die bloedtoetse was negatief.*

Verder dink ek moet ek ook iets sê oor die verhouding met ons werksmense. *Dit is nogal 'n redelike problematiese situasie. In 'n werksverhouding is daar maar die persoonlike komponent. 'n Mens word eintlik vergoed of betaal om die werk te doen wat jou werkgewer van jou verwag en om dit só te doen dat dit sal bydra tot die sukses van die betrokke firma waarvoor 'n mens werk. In my geval het ek gevind dat kompetisie 'n geweldige groot rol speel wanneer dit by bevordering kom en dat die mense binne my professionele veld geneig is om mekaar te vertrap om bo uit te kom ongeag van watter goeie bande daar tussen hulle is. Ek het gevind dat ek my kollegas se meerdere is ten opsigte van die deel van die werksaamhede van die departement wat aan ons toegewys is. Ek wil nie voorbarig wees nie maar dit is werklik so. Ek is altyd die een wat aan die einde van die maand wanneer ons ons maandverslae moet indien, die meeste gedoen het. Aangesien my werk van reisende aard is en ek regdeur die Transvaal reis, kan ek altyd 'n vergelyking maak tussen die hoeveelheid kilometers wat ek afgelê het en merk ek altyd dat dit ek is wat die ver en afgeleë plekke kry om te besoek. Dit is baie lekker om die land te sien, om nuwe dorpe en nuwe mense te leer ken. Soms word dit egter te veel omdat 'n mens dit nie altyd binne die gewone agt ure van die werksdag kan doen nie en jy dan noodgedwonge van jou eie tyd gebruik moet maak. Dit het al gebeur dat ek op een dag meer as 800 kilometer moes aflê ten einde die volgende dag op 'n volgende dorp te kon wees. Nou wanneer dit gebeur beteken dit dat ek die huis verlaat voordat die son opkom en baie laat in die nag terugkom. Die redenasie by die werk is dat ek ongetroud is. Ek kan hulle nie hiervoor kwalik neem nie want hulle is nie daarvan bewus dat ek in 'n verhouding met 'n ander man is nie en dat ek as __femme__ dieselfde verantwoordelikhede as 'n vrou teenoor haar man het nie; dat ek na die estetiese van die huis omsien, verantwoordelik is vir die netheid, etes, wasgoed, ensovoorts nie. Dit neem baie tyd en ek hou daarvan om dit altyd goed te doen. Willem sal met sy besoeke aan ons huis kan getuig dat ons 'n redelike hoë lewenstandaard handhaaf. Ek glo aan goed gebalanseerde spyskaarte en dat 'n mens se voorkoms wanneer jy op kantoor is, baie belangrik is. Dit is vir my belangrik dat wanneer John en ek uit die huis gaan ons baie netjies en ordelik sal vertoon en dat ons die indruk sal skep dat ons voorkoms afgerond is.*

*Wanneer 'n mens so baie reis dan begin tyd teen sommige van my opvattinge inwerk en dan raak ek soms opstandig teenoor my werkgewer. Ek weet nie of my werkmense weet dat ek anders is as ander mans of dat ek __gay__ is nie. Daar is*

nog nooit daaroor gepraat nie. Ek vermoed hulle weet, want wanneer dit by bevorderings kom is daar maar altyd hierdie ongemaklike vrae tydens die bevorderingsonderhoude oor hoekom is ek nog nie getroud nie en of ek 'n vrouehater is, wat gaan met my aan en dat dit nie normaal is om ongetroud te wees nie. My antwoord is maar altyd dat die huwelik nie vir my aantreklik is nie en dat ek verkies om alleen te wees. Wat hulle daarvan maak, weet ek nie. Ek het egter 'n idee dat my sogenaamde alleenwees nog altyd stremmend op my bevorderings ingewerk het. Ek was al by drie geleenthede bevordering ontsê terwyl ek die mees aangewese persoon was. Die laaste keer het dit sover gegaan dat ek verneem het dat ek die pos waarvoor ek aansoek gedoen het, gekry het, maar dat hulle as gevolg van my huwelikstatus dit nie aan my sal gee nie en dat die betrokke pos nie meer bestaan nie. Ek dink daar is 'n bevooroordeeldheid teenoor alleenlopers, of dalk moet ek sê teenoor gay-mense. Dit maak 'n mens opstandig en maak dat jy twyfel aan die sienswyse, die regverdigingseienskappe, die oordeel en die waardes en norme van die heteroseksuele mense saam met wie jy werk. Ek dink dit is kleinlik, onderduims, uiters onprofessioneel en daarby onvolwasse. Dit is tog nie 'n mens se bedsake wat bepaal watter kwaliteit werk jy gaan lewer nie! Ek het oor die afgelope 19 jaar wat ek vir die Departement werk nog net altyd my beste gegee. Ek wonder partykeer hoe hulle hul gewetes sus wanneer hulle met my verslae sit waarin ek hoog aangeskryf word en hulle dan die poste aan mense gee wat nie bevorderbaar bevind is nie. Is dit dan nou werklik dat 'n mens só melaats is dat jy nie 'n plekkie in die son kan kry nie?

Dieselfde gebeur in John se werksomstandighede. In sy geval is daar 'n maksimumtydperk aan bevordering verbonde. Hy het reeds die maksimumtyd oorskry en het met sy verdienstelikheidsbepaling en evalueringsituasies anderkant uitgestap met die hoogste in sy departement maar is weens sy alleenloop en miskien weens die feit dat hulle daarvan bewus is dat ons 'n huis deel, ook nog nooit bevorder nie. 'n Mens het altyd gedink dat die gay-wêreld 'n fisiese gevaar vir hulle inhou, maar dit wil my voorkom of dit ook op die werksituasie van toepassing is, omdat jou werk vir jou só belangrik is, jy absoluut 100 % by jou werk is en alles daarin steek ten einde die beste daarvan te maak. Want eintlik het ons gay-mense net ons werk en ons maat wat vir ons die belangrikste dinge in die lewe is. Dus weet ek nie waar die bedreiging vandaan kom nie. In my beroepslewe het ek gevind dat die gay hetsy homoseksueel of lesbies nog altyd van die beste werkers was omdat hulle hul werk moet gebruik om te

*kompenseer vir dít wat hulle nie binne die grense van die gay-lewe kan kry nie. Ek hoop en vertrou dat hierdie sienswyse van die heteroseksuele werkgewer in die toekoms sal verander en dat die nodige geregverdigde erkenning aan die gay in elke werksituasie gegee sal word.*

*Ek en John is wat die akademie aanbetref van die bes opgeleide mense in ons verskillende departemente. Die akademiese komponent van ons werk is nogal belangrik. Die vereistes aan ons poste stel geweldige hoë akademiese eise. Ons is dan ook tans besig met nagraadse studie ten einde ons beter te bekwaam. 'n Mens wonder egter of dit ooit sal gebeur veral gesien in die lig dat ons nie net in die praktyk nie maar ook in die teorie sterker as ons medekollegas is dat daar regverdigheid sal kom, en dat ons die vrugte daarvan sal pluk en in bevorderingsposte sal kom. Ons is tog nie só uitgesproke gay nie, inteendeel, daar is baie mense wat nie glo dat ons gay is nie. Ek sê dit omdat verskeie van ons kollegas ons al aan 'n meisie of 'n dame of suster of niggie voorgestel het en dan die hoop uitgespreek het dat daar 'n verhouding sal ontstaan wat tot iets groot sal ontwikkel. Ons het gevind dat binne die akademiese grense, daar waar ons studente is en was, ons nooit hierdie teenkanting van ons leermeesters gekry het nie. Ons het nog net altyd van hulle kant 'n positiewe benadering gehad; hulle het ons in alle opsigte ondersteun en aan ons erkenning gegee. Ons het dan ook al daaroor gepraat of ons dan nie maar na die onderrigsituasie moet oorbeweeg nie, dat ons vir poste by universiteite moet uitkyk sodat ons in die opvoeding van die jeug kan gaan deelneem. Ons het reeds die praktiese ondervinding en die akademiese kennis. Ek dink dat, betreffende ons kwalifikasies, ons binnekort selfs nie eers in die privaatsektor geakkommodeer sal kan word nie. Die universiteit sal dan die laaste uitweg vir ons wees. Hopelik sal ons hier regverdigheid smaak.*

*Wat betref die wyer gemeenskap, die mense wat nie ons vriende of kennisse is nie, kan ek net sê dat 'n mens waardeer dat hulle daar is en dat hulle die lewe vir 'n mens ryker maak. 'n Mens is daarvan bewus dat ons almal lewe om vooruit te gaan, dat elkeen vir hom 'n beter bestaan wil maak. Dit is soms lekker om sommer net met iemand in die supermark te gesels. Ek het byvoorbeeld terwyl ek van die busvervoer in die stad gebruik gemaak het, gevind dat jou medepassasier soms die interessantste geselskap is. Ek dink ook aan my stokperdjie waar ek met mense te doen kry wat my al voorheen gesien het en wat my aanvaar. Ek glo nie dat hulle daarvan bewus is dat ek gay is nie. 'n Mens het 'n soort oop verhouding met die breë publiek in die sin dat hulle nie*

belangstel in presies wie en wat jy is nie, maar eerder in hier en nou. 'n Mens dink aan die plekke waar jy gereeld moet aandoen, soos die kafee, slaghuis, apteek, hipermark en dat 'n mens later leer wie die mense is wat jou bedien, dat hulle aangename mense is en dat hulle daar is om saam met jou 'n gemeenskap te vorm waarin 'n mens in harmonie saam kan lewe. 'n Mens wens partykeer dat die verhoudings oral so goed en gesond kan wees soos hierdie insidentele kontakte wat jy tydens jou inkopies, ensovoorts het. Daar is ook mense wat sonder rede soms op- en aanmerkings maak wanneer ek en John byvoorbeeld saam by 'n plek is waar ons niemand ken nie. Ek dink dit is omdat die gemeenskap ingestel is op twee mans of twee vrouens wat saam gesien word en dat hulle die gay-weefdraad makliker raaksien.

Ek lees graag artikels in tydskrifte en koerante oor homoseksualisme ten einde dit te evalueer en my eie gevolgtrekkings te maak. 'n Mens vind dat sulke artikelnuuswaardighede soms die mikpunt is van baie joernaliste. Hulle blaas dit met woorde en teorieë, ensovoorts op en maak dit so sensasiewekkend ten einde alle gays oor dieselfde kam te skeer. Ek dink dit is waar die groter gemeenskap die grootste fout maak. Soos in die heteroseksuele lewe kan jy nie almal oor dieselfde kam skeer nie. Ek dink dit het tyd geword dat die samelewing tot insig kom en begin besef dat alle gays net soos alle mense nie dieselfde is nie. Mense verskil en gays ook! Ek dink uit Willem se ondervinding en kontak met die homoseksuele wêreld kan hy hierdie dinge beaam. Ek wens soms so dat die breër gemeenskap die kennis wat Willem en Evanthe omtrent homoseksualisme het, kan hê. Ek dink dan sou daar met ander oë en verwagtings na die gays gekyk word en besef word dat hulle net so 'n goeie en gesonde bydrae tot die voorspoed en welvaart van baie komponente van ons land kan lewer.

Ten slotte wil ek net praat oor Willem, Evanthe en hul kinders, sy moeder en Evanthe se moeder. Ek kan net noem dat dit seker een van die beste en mooiste vriendskapsverhoudinge is wat ons het. Ek dink dit is as gevolg van hulle kennis en die insig wat hulle nou al oor etlike jare oor die gays ingesamel het, dat hulle weet dat gays ook goeie mense kan wees, dat hulle ons aanvaar én die erkenning en sekuriteit bied wat ek dink elke mens binne 'n goeie gesonde verhouding soek. Evanthe en hul ouers sien ons nie as 'n bedreiging vir Willem of die kinders nie. As ek dink hoe goed en gesond die verhouding tussen ons en Evanthe en hulle ouers is, dat ons lekker kan gesels en kan kuier oor alledaagse en soms prominente nuuswaardighede, is dit 'n riem onder die hart.

*Ek dink ook dit is hoekom ek vir Willem met hierdie studie help. Ek kon natuurlik nie regdeur 'n dag-tot-dag verslag gegee het nie. Daar is sommige dinge in 'n mens se lewe wat jy nie ten volle kan oproep nie, of wat jy nie chronologies kan plaas nie, maar ek het met hierdie studie probeer om Willem te help om 'n sukses van sy studierigting te maak en om moontlik ook aan ander navorsers oor te dra dit wat so belangrik is, naamlik dat selfs 'n gay gebruik kan word in 'n navorsingstudie! Ek hoop en vertrou dat daar eendag iemand sal wees wat oor homoseksuele 'n studie sal doen ten einde uit te wys dat alle gays nie dieselfde is nie en dat hulle nooit oor dieselfde kam geskeer kan word nie. Ek sou graag deel van so 'n studie wou wees. Ek wil in hierdie stadium aan Willem en Evanthe sê: "Baie dankie vir julle vriendskap, vir julle ondersteuning en aanvaarding. Dit doen 'n mens goed, dit laat die ou tikkie hoop opvlam dat daar nog iewers regverdigheid bestaan."*

*Ten slotte wil ek graag net 'n paar woorde oor die geloofsaspek binne ons verhouding sê. Ons godsdiensbeoefening is vir ons van kardinale belang; ek dink dit kan sterk vergelyk word met dié van die gelowige heteroseksuele binne die breë godsdienskomponent van ons samelewing. Ek glo dat God vir ieder en elke mens wat Hy geskape het lief is. Hy is dié God wat vir ons met Sy bloed skoongewas het; wat van ons verwag om in Sy alomvattende liefde te glo en dwel te hê.*

*Vrede met ons situasie het ons gevind! Soos Job van ouds: "Here U het my gemaak en my deurvleg ... aan U genade alleen word ek uitgelewer."*

## DEEL III

## DIE TOEPASLIKHEID VAN TEORETIESE KONSEPTE OP 'N HOMOSEKSUELE LEWE

Die simboliese gereedskap waardeur sosioloë en ander sosiaal-wetenskaplikes 'n greep op die verskynsel van homoseksualisme verkry (vgl. Hoofstuk 1) word in hierdie laaste deel van die studie verkonkretiseer. Die geskiktheid van hierdie konstrukte om 'n **outentieke** homoseksueel se persepsies van sy lewe asook die realiteit rondom hom te verklaar, word geëksamineer. Anders gestel, daar word nagegaan in watter mate **tweede-orde** of teoretiese konstrukte soos konsepte, tipologieë, modelle en teorieë 'n verklaring bied vir Dha'Kar se **subjektiewe betekenisse**, **inheemse** (indigenous/native) konseptualiserings of **eerste-orde** konstrukte soos in sy outobiografie opgeteken (vgl. Hoofstuk 3).

HOOFSTUK 4

# IMPLIKASIES VAN DHA'KAR SE OUTOBIOGRAFIE VIR SOSIOLOGIESE KONSTRUKTE

## 4.1 INLEIDING

Dha'Kar se outobiografie bied op sigself 'n ruim hoeveelheid betekenisvolle materiaal oor homoseksualisme, 'n sosiale realiteit waarvan min sosiaal-wetenskaplikes eerstehandse kennis het. Dit is 'n besonder waardevolle dokument omdat Dha'Kar sy eie verhaal gekonstrueer het sonder dat enige wetenskaplike mening of gewilde teoretiese konstruk daarop afgedwing is (vgl. Hoofstuk 2). Die materiaal wat in die outobiografie (Hoofstuk 3) vervat is, bied nie net insig in Dha'Kar se homoseksuele identiteitsvorming en loopbaan (career)[1] nie maar ook begrip van sy ervarings van verskeie belangrike fasette van sowel die homoseksuele subkultuur as die breëre heteroseksuele samelewing.

Genoemde outobiografiese verslag dui op belangrike teoretiese en metodologiese implikasies[2] veral in die lig van die heersende kritiek dat sosiologies-teoretiese konsepte wat gebruik word om afwykingsverskynsels in die breë en 'n besondere afwyking te wete homoseksualisme te begryp, nie relevant en betekenisvol in die praktyk is nie. Soos reeds in die Voorwoord aangetoon, is die sentrale probleem van die ontoereikenheid van die sosioloog se gereedskap waardeur hy of sy sin maak van afwykingsverskynsels daaraan te wyte dat nie rekening gehou word met die afwykende akteur se eie standpunte nie. Hierdie probleem vorm vervolgens dan ook die onderwerp van bespreking. Die oogmerk is om uit 'n konkrete geval na te gaan of bestaande konstrukte wat spesifiek op homoseksualisme betrekking het, van toepassing is of nie.

---

1. Die konsep "loopbaan" wat oorspronklik in beroepsosiologiese studies ontwikkel is, is deur Becker (1963:24-25) op die studie van afwykingsverskynsels van toepassing gemaak. De Klerk (1977:58) skryf dat dié konsep binne die afwykende gedragsraamwerk verwys na "... die stap-vir-stap beweging van een bepaalde posisie of van sekere omstandighede na die volgende hetsy (i) *die beweging in die rigting van toenemende afwyking* of (ii) *weg van die afwyking is*".

2. Die metodologiese implikasies word in die Epiloog aangetoon.

Alvorens nagegaan word hoe ver hierdie konstrukte Dha'Kar se homoseksuele lewe verklaar, moet op twee belangrike sake gewys word. In die eerste plek is dit belangrik om in gedagte te hou dat die opgawe hier nie is om die geldigheid van konstrukte te toets in die algemene betekenis van die woord nie, maar eerder om in navolging van Becker (1966:x-xi) Dha'Kar se outobiografie as 'n empiries-konkrete geval te gebruik waaraan die toepaslikheid van konsepte, tipologieë, modelle en teorieë gemeet kan word. Die lewensverhaal word ooreenkomstig analitiese induksie (vgl. die Voorwoord) as 'n negatiewe geval beskou en daar word vasgestel of die empiriese feite daarvan deur die teoretiese konsepte verklaar kan word. Die ander punt waarop gelet moet word is dat sosiologiese teorieë normaalweg nie ontwerp is om 'n enkele geval te verklaar nie. Rettig *et al.*, (1977:8) skryf in die lewensgeskiedenis, *Manny: a criminal addict*, in hierdie verband:

"(It) should not (be) expect(ed) that each of the (sociological) theories will explain the specific facts of Manny's life. Some theories, for example, may provide us with insights into how Manny's life came to be structured in such a way that his opportunities or options were limited and restricted or were channeled into alternative 'opportunities'; yet, these can lack the explanatory power to tell us why Manny pursued the choice he made. The latter question is more within the purview of the psychologists, whereas the former is of interest to sociologists. It will become obvious, too, that some theories are better suited than others to answer the questions of causality raised in the biography. In still other instances, we will find that the circumstances surrounding Manny's experiences will raise questions with respect to the validity of a theory's premises."

Uit die voorgaande volg dat 'n teorie nie net op grond daarvan dat dit nie heeltemal met iets wat in 'n persoon se lewe gebeur het of met 'n besondere opvatting van hom of haar strook nie, as ongeldig verwerp kan word nie. Dergelike konstrukte belig dikwels ander gebeurtenisse in 'n persoon se lewe of verduidelik ander beskouings wat hy of sy mag hê. Afgesien hiervan is daar natuurlik ook die moontlikheid dat dit aansluiting mag vind by elemente van ander persone se lewens. In die lig hiervan is dit gerade om konstrukte wat nie 'n verklaring vir sekere feite van 'n lewe bied nie as gebrekkig of ontoereikend te beskou. Voortvloeiend hieruit moet die konstrukte dan aangepas word

sodat sulke feite uiteindelik wel daarvolgens belig kan word. Dit verteenwoordig, soos reeds aangedui, die vierde stap van analitiese induksie.[3]

## 4.2 BRUIKBAARHEID VAN SOSIOLOGIESE EN RELEVANTE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE KONSTRUKTE

In hierdie afdeling sal die toepaslikheid van (i) konstrukte waardeur homoseksualisme belig word en, (ii) konstrukte met behulp waarvan begrip van afwykende gedragsverskynsels in die algemeen verkry word, op Dha'Kar se homoseksuele lewe bespreek word. In die volgende bespreking val die klem op die bruikbaarheid van eersgenoemde instrumente. Wat die ander konstrukte betref, word slegs oorsigtelik na die relevansie daarvan vir die geval onder bespreking verwys.

### 4.2.1 KONSTRUKTE VAN HOMOSEKSUALISME

In ooreenstemming met die bespreking in Hoofstuk 1 word die bruikbaarheid van (i) dimensies van die konsep "homoseksualisme"; (ii) tipologieë van homoseksuele en, (iii) teorieë en modelle van homoseksualisme op Dha'Kar se homoseksuele lewe vervolgens nagegaan.

#### 4.2.1.1 Dimensies van homoseksualisme

Met die uitsondering van die homo-heteroseksuele kontinuum word al die dimensies wat deur deskundiges soos Goode (1984: 178-185) onderskei word in hul pogings om "homoseksualisme" te omskryf, in Dha'Kar se outobiografie aangetref. Die volgende uittreksels bied betreklike duidelike voorbeelde van hierdie aspekte:

* <u>Self-identiteit</u>

*Psigies verskil ek van ... ander mans en wel in die opsig dat ek homoseksueel is. Ek verkies om gemeenskap met my eie geslag te hê. Ek wil my liggaam aan 'n man gee en hom dit laat geniet en vice versa. Daar bestaan nie vir my 'n behoefte om seksueel met 'n vrou te verkeer nie ...*

---

3. Soos in die Voorwoord gestel, word die wysigings van konstrukte nie in besonderhede in die onderhawige ondersoek uitgewerk nie.

* **<u>Die homoseksuele subkultuur</u>**

(Ons vriende) *was daar, hulle het gereeld kom kuier. Ons het ook vir hulle gaan kuier. In die* <u>*gay*</u>*-wêreld is dit nou amper soos* <u>*fandamily*</u>*, dit is wanneer daar 'n* <u>*gay*</u>*-kring gevorm is en die mense werklik soos familie is, soos broer en suster. Dit is wanneer ons in mekaar belangstel en graag wil hê dat dit met mekaar goed moet gaan. Gelukkig is ons vriende goeie mense. Daar was hier en daar 'n uitsondering. Mense met wie jy weens hulle persoonlike opvattings en gedrag, nie in die openbaar gesien wil word nie, maar wat jy, uit jou kennis van hul verlede en hul sienswyses, tog besluit het moet deel van jou vriende-kring bly.*

* **<u>Subjektiewe beoordeling van gedrag</u>**

*Ek beskou myself as homoseksueel maar die res van my kodes/norme stem met dié van die* <u>*hm's*</u> *ooreen en sal ook so bly.*

* **<u>Seksuele voorkeur</u>**

*Baie mense, hetsy* <u>*skeef*</u>*, of* <u>*hm*</u>*, maak die fout om te dink dat ek* <u>*butch*</u> *is of meeste van die tyd te dink dat ek* <u>*hm*</u> *is. Daar is heelwat vroue wat al hulle gevoelens teenoor my geopenbaar het asook hul fisiese drange probeer bevredig het maar as gevolg van my* <u>*skeefheid*</u> *moes ek hulle teleurstel ...*

* **<u>Seksuele opwekking</u>**

*Die liefkosing het erger geword en ek het dit begin geniet; die gewaarwording van sy welgevormde liggaam teen myne was vir my 'n aangename ervaring. Hy het in daardie stadium ook 'n geweldige ereksie gehad (ons was in ons baaibroeke gewees en het pas teruggekeer van die swembad). Stefan was wat die geslagsdele aanbetref, ook baie goed bedeeld. Ek het dit geniet om sy geslagsdele teen myne te voel.*

* **<u>Openbare definisie</u>**

*'n Kollega ... het dit so mooi gestel, toe sy vir my gesê het: "Dha'Kar, niemand kan dink dat jy* <u>*gay*</u> *is nie, want jy is vir ons 'n oujongkêrel, 'n tipiese*

*oujongkêrel. Jou optrede, jou voorkoms, jou manier van aantrek, jou manier van sake hanteer, dui alles daarop dat jy maar net 'n oujongkêrel kan wees." Dit was vir my bemoedigende woorde. Dit het vir my baie rustigheid gebring omdat dit vir my sê dat my alledaagse handel en wandel gesond is en dat die mense met wie ek saamwerk, nie aan my dink as gay nie maar as 'n persoon wat nie getroud is nie.*

Dha'Kar se siening van "homoseksualisme" kom goed ooreen met die inhoude wat studente van dié verskynsel daaraan gee. Dit is duidelik dat die dimensies van "homoseksualisme" wat deur sosiaal-wetenskaplikes beklemtoon word, nie as fiktief afgemaak kan word nie en dat dit met Dha'Kar se ervaringswerklikheid verband hou. Anders gestel, bestaande tweede-orde betekenisdimensies bied 'n greep op die inheemse konseptualiserings van die homoseksueel se definisie van sy leefwêreld.

#### 4.2.1.2 Tipologieë van homoseksualisme

Dha'Kar kan in drie van die vier gewilde homoseksuele tipologieë ingedeel word. Die klassifikasie wat nie die homoseksueel se gedrag in tipiese eienskappe kan saamvat nie, is die een wat deur Humphreys (1971:38-46) van "teekamer"-besoekers opgestel is.

Wat die "butch/femme"-tweedeling betref, blyk dat Dha'Kar die "femme"-rol vertolk. Die belangrikste elemente van dié rol word in die volgende gedeeltes in die outobiografie aangetref:

*Ek is ... 'n femme, ek vertolk die vroulike rol in my en John se verhouding. Ek doen in ons persoonlike omgewing dit wat 'n hm-vrou vir haar eggenote sou doen. Ek glo nie my optrede teenoor John verskil van dié van my moeder teenoor my vader nie ... Ek dink ek verskil in die volgende opsigte van baie ander femmes: ek bly nog man, ek hou nie van 'n feministiese voorkoms nie, ek hou daarvan om aan te trek soos 'n man, ek is nie in my optrede flapping nie, ek praat nie aansitterig nie en ek het slegs een spesifieke man in my lewe. Ek is baie manlik gebou, ek beskou myself as redelik goed gebou en het ook 'n harige voorkoms. Dit het al wel gebeur dat baie femmes my probeer konfronteer het en 'n bloutjie moes loop.*

*Ek kan hulle nie ... kwalik neem nie want hulle is nie daarvan bewus dat ek in 'n verhouding met 'n ander man is nie en dat ek as femme dieselfde verantwoordelikhede as 'n vrou teenoor haar man het nie; dat ek na die estetiese van die huis omsien, verantwoordelik is vir die netheid, etes, wasgoed, ensovoorts nie.*

Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel Dha'Kar sy rol in sy "gay"-huwelik met die vrou assosieer en klem op huishoudelike versorging lê, hy tog ook aktiwiteite verrig wat as manlikgeoriënteerd beskou kan word. Tydens 'n onderhoud[4] sê Dha'Kar die volgende in dié verband: *My oriëntasie is femme, maar ek werk miskien tien keer harder in die tuin as John; ek doen die swaar harde arbeid waar fisieke krag nodig is. Ek sal ook die groter projekte aanpak wat gewoonlik deur, kan ons maar sê, die man in die hm-verhouding gedoen word. Tog is ek die een wat aan die kant maak, wat weef, en die mooi dinge in die huis doen. Die fyn goedjies, die hekelwerk, die kosmaak, die wasgoed was, die vloere was, die matte suig, jy weet die huishoudelike take, is myne; ek wil daarmee geassosieer wees ... Aan die ander kant, is dit vir my lekker om 'n pik te gryp, 'n gat te grawe en 'n boom te plant, draad te span, jy weet as 'n mens dan wil onderskei dat daar butch werk en femme werk is. By my maak dit nie 'n verskil nie ... Dit beteken nou nie omdat ek nou die passiewe rol in die seksuele opset speel dat ek nie nog die dinge van 'n man kan doen nie ... Dit is vir my belangrik dat jy jou geslagtelike voorkoms moet behou ... Jy sal nie in my kas fyn onderbroekies kry en satyn hempies nie ... dáárom sê ek ook (dat) my bles ... ook nie vir my 'n probleem is nie! Ek voel jy is 'n man en jy bly 'n man ... Die verskil lê vir my in die seksuele komponent. En tog vanuit hierdie seksuele komponent sal 'n mens nou sê: "Ja, maar die femme, die vrou in die hm-lewe doen nie sulke dinge nie. Jy is femme hoekom is jy lief vir 'n man as jy dan die mansgoed doen?" Ek dink dit is waar die ding lê ... jy hoef nie skreeuend en gillend te wees en vroueklere te dra en sulke dinge nie!*

Met die uitsondering van die werksituasie verbloem Dha'Kar nie sy homoseksualisme nie. Hy skryf: *Ek wil wees soos ek is. Die dra van 'n masker is onnodig en bring net baie probleme mee; jy moet altyd onthou watter tipe gedrag,*

---

4. Onderhoude is op 18 en 28 Desember 1988 met Dha'Kar gevoer ten einde verdere inligting te verkry oor dele van die outobiografie wat onduidelik was. Dergelike data was met die oog op die "toetsing" van die teoretiese konstrukte noodsaaklik.

*smaak en voorliefdes jy by vorige geleenthede teenoor spesifieke persone geopenbaar het. Dis makliker om te wees soos jy is. 'n Mens moet eerlik teenoor jouself en ander staan, 'n "rofwerkboek" is onnodig.* Dit beteken egter nie dat die subjek sy homoseksuele oriëntasie wyd en syd verkondig nie. Inteendeel, hy laat dit aan persone oor om hul eie gevolgtrekkings te maak. In die algemeen beskou, kan Dha'Kar in terme van Myrick (1974:226-237) se tipologie as 'n overte-koverte homoseksueel bestempel word.

Die tipologie wat Dha'Kar se homoseksualisme die beste akkommodeer, is dié van Bell en Weinberg (1978:129-138). Die subjek se lewenstyl is in ooreenstemming met die navorsers se hegte pare daar (i) hy 'n kwasi-huweliksverhouding met John het; (ii) John die enigste man in sy lewe is en sal wees *(Ek glo nie dat na John daar ooit weer 'n man in my lewe sal wees nie; hy is die eerste en hopelik my laaste lewensmaatjie);* (iii) hy sy verhouding met John al vir meer as tien jaar in stand hou en, (iv) hy hom goed by sy homoseksuele leefwyse aangepas het.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat sosiaal-wetenskaplikes se klassifikasies van homoseksuele in terme van geslagsrolle, uitingswyses en lewenstyl goeie verwysingsraamwerke vir die analise van Dha'Kar se homoseksualisme bied.

4.2.1.3 Teorieë oor en modelle van homoseksualisme

4.2.1.3.1 Biologiese teorieë

Biologiese teorieë oor homoseksualisme is glad nie relevant vir Dha'Kar se homoseksualisme nie. Hoewel Dha'Kar in sy outobiografie toegee ... *dat 'n mens met 'n sekere voorkoms geskape is* ... verwerp hy die hipotese dat manlike homoseksuele geneties vroulik is. Hy laat hom in hierdie verband tydens 'n onderhoud soos volg uit:

*Ek glo natuurlik nie dat 'n mens ... 'n genetiese faktor kan inbring nie. Ek dink werklik dit is ... ook in verskillende fases in jou lewe ... as 'n mens kyk na die mylpale in 'n kind se lewe het jy tog jou ... oraal, jou homoseksuele fase al daai goed. Dit is daar, ek dink selfs in my geval waar ek melding gemaak het dat ek hier ... ek dink in standerd 3 ... al besef het daar is iets anders. Ek dink dit is omstandighede, leefwyse; ek dink dit is daardie dinge. By my is daar nie 'n genetiese* (faktor nie). *Ek glo nie daaraan nie ...*

Wat hormonale versteuring as veroorsakende faktor vir homoseksualisme betref, sê Dha'Kar: *Ek glo nie by my soseer nie. Wat ek wel hier kan sê is dat dit wetenskaplike goed is wat hier ter sprake kom en ek glo nie dit is hierdie dinge in my persoonlike situasie wat aanleiding tot homoseksualisme gegee het of dat dit enigsins 'n invloed daarop gehad het nie ... Baie van die gays ... (sê): "Die dokter sê ek is 95 % vrou." Ek dink dit is om verskonend teenoor jou lewenskeuse te wees ... Ek dink ... hulle verplaas hulle skuldgevoelens.* (Onderhoud 1988-12-18.)

#### 4.2.1.3.2 Psigiatriese teorieë

Die een hoofaanname van psigiatriese teorieë oor homoseksualisme naamlik dat homoseksuele mans 'n patologiese vrees vir heteroseksuele gemeenskap het, bied soos die volgende uittreksel uit die onderhoud van 18 Desember toon, geen verklaring vir Dha'Kar se homoseksualisme nie:

N:[5] *'n Baie belangrike teorie van manlike homoseksualisme is dat dit 'n geestesiekte is waar mans 'n patologiese vrees vir geslagsgemeenskap met 'n vrou het. In jou verhaal skryf jy dat jy 'n vrees vir jou eerste onderwyseres gehad het en ook dat jy die graad 2-onderwyseres gevrees het. Dink jy dat dié vrees of 'n vrees vir die vagina van 'n vrou 'n rol in jou homoseksualisme gespeel het?*

D:[6] *Nee Willem, ... hierdie twee onderwyseresse, ek glo nie ek het hulle in my verhaal ten volle beskryf nie, maar sou 'n mens na hulle voorkoms kyk, sou jy vind dat hulle hierdie groot dominerende ... fisieke tipe is. Ek dink ook 'n mens moet hier in aanmerking neem dat die stemtoon van 'n vrou wat nie sag en nie met jou moeder s'n ... geassosieer kan word nie. So dit was bloot op hul fisiese voorkoms en nie op hul geslag nie ...*

N: *... Hoekom ek dié teorie spesifiek noem ... Dha'Kar, jy sal dit nie glo nie, maar maak 'n boek oop oor homoseksualisme, en dit is daar ...*

D: *Willem, ek gaan net vir jou sê, en ek is nou baie eerlik en oop, want ek voel dit is waarom alles hierso gaan, dit gaan nie help om doekies om te draai nie. 'n Vrou se fisieke sit my nie af nie. Geslagtelike omgang met 'n vrou is iets wat vir my ver (is) maar ek het nie 'n vrees daarvoor nie. Dit is die kéúse, by my op die oomblik. Ek weet nie verder vorentoe in my lewe nie. Ek kan dit nie waarborg nie ... ek kan nie vir jou sê dat dit nooit sal gebeur nie, maar 'n vréés vir geslagtelike omgang met 'n vrou is nie daar nie ... Seks het vir my te doen met die persoon wie jy lief het. Dít is waarom dit gaan.*

N: *Dit is meer daardie "iets" in die persoon waarvan jy hou, maak nie saak of dit nou 'n man of 'n vrou is nie ...*

---

5. N = Navorser

6. D = Dha'Kar

D: *Ja, ek dink ook Willem, dat aan die ander kant, elke jong mens gaan in sy lewe deur 'n fase waar ... hy absoluut oordonderend bewus word van sy geslagsorgane, hy dink seks, hy droom seks, alles is daar. En ek dink seker in die bm-wêreld ook. Maar wat ek spesifiek voel, ek kan nie met 'n persoon in 'n bed klim as ek nie 'n gevoel vir daardie mens het nie ... die 'one-night stand'... Ek dink tog 'n mens se jeug ook, soos in my verhaal uitgekom het, dat jy hierdie verhouding het maar dit was nog nie werklik 'n liefdesverhouding gewees nie. En ek dink dit is waar 'n mens se waardesisteem in konflik kom met dit wat reg en verkeerd is en dit wat 'n begeerte en 'n fisieke behoefte is.*

N: *Vreeslik dankie ... hierdie is net 'n uitbreiding ... Ek kan dit net vir jou lees as jy wil ...*

D: *Kom ons lees dit.*

N: *Freud skryf homoseksualisme by mans toe aan die skokkende ontdekking dat vroue nie penisse het nie en aan die gepaardgaande vrees dat die vagina, indien die man sy penis daarin sou plaas, dit kan afskeur ... dit kan eintlik afgebyt word.*

D: *... Alle magtag! ... Ek ... weet nie of jy die boek gelees het van Irving Stone, Passions of the mind nie?*

N: *Nee.*

D: *Hierin was baie van Freud se teorieë vervat en onder andere het ek ook in hierdie boek gelees dat Freud, ek sal nie sê hy het dit gesê nie maar dit was geïnisieer, die man is bewus daarvan dat hy deur 'n kanaal, die vagina, in die wêreld kom. Hy is absoluut bewus van hierdie een opening en daarom assosieer hy dit met orale en anale ... seksdade.*

N: *Dis reg, ja ...*

D: *Jy weet dáárdie tyd al, ek glo nie ek het dit in my verhaal genoem nie, dit was hier so in my eerste-tweede jaar wat ek gestudeer het ... omtrent 1971 ... en dit was al in daardie stadium ... vir my nonsens.*

Die ander hoofaanname van psigiatriese teorieë van homoseksualisme naamlik dat 'n swak ouer-seunverhouding tot homoseksualisme aanleiding gee, vind grotendeels aansluiting by Dha'Kar se "skewe" lewe. Uit sy verhaal is dit baie duidelik dat daar nog altyd 'n nou band tussen hom en sy moeder was. Die volgende gedeeltes uit die outobiografie illustreer dié band veral goed:

(i) *... (M)iddernag het Vader en Moeder ons kom wakker maak ... Tot my verbasing was Tad langs my kous en nie alleen nie. Daar was ook 'n teestelletjie en 'n potte- en pannestel. Ek was in die sewende hemel. Dit was vir my kinderhartjie net een te veel!*

(ii) *Ek het later ook saam met haar (Moeder) begin naaldwerk doen. Dit het my, soos ek dit nou sien, groter sekuriteit en beter erkenning gegee. Sy het my die nodige lof toegeswaai wanneer ek iets uit lappies of ander afvalmateriaal vir my pop, Tad, gemaak het. Dit was vir my baie lekkerder om saam met haar iets te doen as om saam met Vader en die ander twee broers in die tuin te werk ... (E)k was vir 'n paar jaar glad nie betrek by hulle drie se aktiwiteite nie. Moeder se teenwoordigheid was vir my as sesjarige kind oorgenoeg. Daar het 'n soort spesiale band tussen my en haar gegroei. Ek het in haar geglo, sy was vir my die alfa en die omega ... Ek kon ure saam met haar deurbring sonder om enigsins verveeld te raak of die teenwoordigheid van my eie ouderdomsgroep te mis.*

(iii) *Intussen het Kersfees met sy gewone rituele gekom en gegaan. Ek het weer 'n pop gekry ... Al was hierdie poppe slegs twee stukke lewelose plastiek, het hulle vir my gelewe! Hulle was gebad en aangetrek - moontlik baie meer as 'n lewende baba. Moeder het menigmaal hierdie ritueel met my deurgemaak en nooit enige op- of aanmerking gemaak nie.*

Op die vraag of dié verhouding nie dalk te noubindend en intiem was nie en dus 'n faktor in sy homoseksualisme was, laat Dha'Kar hom soos volg uit: *Ek wil amper sê ek is ambivalent daaroor. Dit is dáár, maar hoevéél dit wel met my homoseksualisme te make het kan ek nie vir jou sê nie.* Blykens die outobiografie is dit duidelik dat Dha'Kar se moeder die manifeste en latente sosialiseringsagent sowel as die **betekenisvolle ander** in sy "skeefheid" gespeel het. Soos verder aan sal blyk, is simboliese interaksionisme en veral dié perspektief se modelle van **homoseksuele identiteitsvorming** besonder geskik om die subjek se homoseksueel-word te verduidelik.

Hoewel Dha'Kar op verskeie plekke in sy outobiografie skryf dat hy as kind 'n vrees vir sy vader gehad het en dat sy vader afsydig was, was hy tydens die onderhoud van 18 Desember nie bereid om sy homoseksuele oriëntasie toe te skryf aan die *stil* verhouding wat hy tydens sy jeug met sy vader gehad het nie.

Nòg die simbolisme nòg die sakramentteorie vind toepassing in Dha'Kar se homoseksuele lewe.

#### 4.2.1.3.3 <u>Sosiologiese teorieë</u>

Etiologiese sosiologiese teorieë oor homoseksualisme is met die uitsondering van die leerteorie, waaroor daar onsekerheid bestaan, van min hulp om die rede(s) waarom Dha'Kar homoseksueel geword het, te verklaar.

Uit sy outobiografie blyk dat hy nie weens manlike prostitusie by die homoseksuele leefwyse betrokke geraak het nie. Hy onderskei "call boys" of manlike prostitute as 'n afwykende groep in die homoseksuele subkultuur. Hulle maak deel uit van die "common class" maar nie van Dha'Kar se vriendekring nie. Ek is op grond van my meer as tienjaarlange verbintenis met Dha'Kar en sy leefwyse daarvan oortuig dat die besondere waardes en norme wat hy huldig die moontlikheid van prostitusie of enige ander ongeoorloofde middel tot materiële gewin op enige stadium in sy lewe uitskakel. Die anomie-teorie vind dus geen toepassing in Dha'Kar se lewe nie.

Dha'Kar maak ook nêrens in sy outobiografie melding daarvan dat hy hom in 'n stedelike opset bevind het waarin hy vervreemd en geïsoleerd gevoel het nie. Tydens die onderhoud van 18 Desember het dit dan ook, soos uit die volgende uittreksel blyk, duidelik geword dat die massasamelewingsteorie nie toepassing vind in Dha'Kar se lewe nie:

N: *Daar word aangevoer dat homoseksualisme voortspruit uit die moderne verstedelikte samelewing met sy hoë mate van tegnologiese ontwikkeling en meer spesifiek omdat dit aan die ernstig vervreemde persoon 'n selfbeeld en 'n gevoel van "om te behoort" gee. Dha'Kar, ek vind geen aanduidings hiervan in jou verhaal nie. Is ek dan reg dat dit nie in jou lewe gegeld het nie?*

D: *Kom ek gaan vir jou sê, hierdie "'n gevoel om te behoort"; as 'n persoon dit nie het nie, is daar definitief fout met hom. Maar ek kan nie sien dat "verstedeliking" (en) "tegnologiese ontwikkeling" ... Willem, nee dit het nie, dit is nie vir my nie ...*

N: *Die klem lê eintlik op die "vervreemding" ... Jy is byvoorbeeld in 'n stad, jy voel heeltemal verlore en nou ontdek jy hierdie "<u>gay</u>"-groep ...*

D: *Willem, kom ek gaan vir jou sê, ek het wel met <u>gays</u> begin assosieer maar ... die selferkenning was toe reeds daar, dit is nie 'n kwessie van dat vervreemding my gedwing het tot homoseksualisme nie, glad nie.*

Die leerteorie is skynbaar ook nie van hulp om tot 'n begrip van Dha'Kar se homoseksuele oriëntasie te kom nie. Hoewel die subjek as kleuter vir 'n tyd lank masturbasiesessies met Herman gehad het en dit vir hom *baie vreemd* maar tog nie *verkeerd* was nie, het dit nie meegebring dat Dha'Kar se aanvanklike "neutrale" seksuele oriëntasie tot 'n uiteindelike homoseksuele een ontwikkel het nie. Hy het in hierdie verband tydens die onderhoud van 18 Desember die volgende oor sy vermoë tot heteroseksuele verhoudings te sê gehad: *... Willem, in my verhaal waar ons gepraat het* oor *Mara ek dink dit was in my standerd 9 jaar* (is dit in) *kontras* (hiermee). *... Daar het ek tog, ... al was daar nie 'n seksuele verhouding nie, hierdie selfde gevoel gehad; 'n gevoel vir iemand van die teenoorgestelde geslag. Ek glo nie Willem, ... hierdie is vir my moeilik* om *te interpreteer want dit is nie vir my prominent nie; ek kan dit nie deurvoer nie.*

Die ander premisse van die leerteorie strook ook nie met die feite in Dha'Kar se lewensverhaal nie. Eerstens: Hoewel sy broers se tipe speletjies soos *kar-retjies* en *plaas-plaas* hom nie aangestaan het nie; hy oor die algemeen meer meisiemaatjies gehad het; sy oudste broer in 'n stadium na hom as 'n *"sissy"* verwys het en hy as 11-jarige seun *teruggetrokke* en *skaam* was en hom nie aan *enige persoon wat nie saggeaard was,* wou verbind nie, is hy nie deur sy maats verwerp nie en het hy homself toe nie as homoseksueel beleef nie. Tweedens: Hoewel Pieter, Stefan en ander homoseksuele met wie Dha'Kar kontak gehad het uiteraard sy beskouing van sy homoseksuele rol beïnvloed het, het dié invloed nie daartoe aanleiding gegee dat hy 'n homoseksuele oriëntasie aangeneem het nie. Dit het hom eerder gehelp om sy "femme-gay"-rol te verfyn. Derdens: Hy het hom nooit in 'n milieu bevind waarin 'n negatiewe of "sondige" beeld van heteroseksuele geslagsverkeer voorgehou is of wat daartoe kon lei dat hy homo-seksuele omgang as aanvaarbaar en wenslik beleef het nie. Ten slotte: Dha'Kar se assosiasie met meisies en die feit dat hy saam met hulle popgespeel het, was nie van so 'n aard dat hy nie in staat was om later affektiewe verhoudings met lede van die teenoorgestelde geslag aan te knoop nie. Hy self reken nie dat sy betreklik hegte band met meisies met sy homoseksualisme verband hou nie: *Watter kind het nog nie huis-huis gespeel nie? Ek kan nie iets vind wat vir my sê dat ek hierbinne val nie.* Wat sy moeder se teorie dat sy verhouding met Mara - wat sy verkeerdelik as 'n liefdesteleurstelling beskou - sy homoseksua-lisme meegebring het, betref, sê hy die volgende: *Ek kan onthou dat my ma gesê het dat sy in 'n mate verantwoordelik was vir my "anders-wees", dat ek vandag* <u>*gay*</u> *is, omdat, in die verhaal sal jy sien, dat dit eintlik my eerste gevoel was*

*wat ek vir iemand gehad het ... Nee Willem, ... Mara het nie op my 'n invloed gehad dat ek vandag gay is nie.*

Ter afsluiting van die bespreking van die toepaslikheid van veroorsakende sosiologiese teorieë oor homoseksualisme is dit belangrik om te let op Dha'Kar se eie mening oor die oorsake van sy homoseksualisme. Hy stel dit tydens die een onderhoud só: *Weet jy Willem, ek dink dit is 'n persoonlike keuse. Ek glo wel dat 'n mens 'n mate van beheer daaroor het. Ek gaan nie sê dat die fisieke van die vrou en die emosie wat 'n mens met 'n vrou kan deel, hetsy geestelik of fisies, ... vir my minderwaardig is nie. Dit is net dat my persoonlike behoefte en my keuse in hierdie stadium is dat ek vir 'n persoon lief geword het ... Ek voel dat my lewe só verloop het dat ek met hierdie persoon kontak gemaak het en dat ek 'n verhouding met hom aangeknoop het: hy was vir my die sonsopkoms en die sonsondergang ...*

Hieruit blyk duidelik dat Dha'Kar, in teenstelling met die sterk dwangmatige strekking wat etiologiese sosiologiese teorieë van homoseksualisme aan dié verskynsel heg, 'n meer voluntaristiese karakter daaraan toedig.

Vervolgens word die geskiktheid van nie-etiologiese sosiologiese teorieë van homoseksualisme om Dha'Kar se homoseksuele oriëntasie te verklaar onder die loep geneem. Die belangrikste van dié konseptuele raamwerke is die etiketteringsperspektief en meer spesifiek die modelle van homoseksueel-word. Die belangrikste van dié modelle is, soos reeds aangedui, dié van Plummer (1975: 131-153) en Troiden (1977; 1979:362-373).

Wanneer die modelle van homoseksuele identiteitsvorming in oënskou geneem word, blyk dat Dha'Kar se homoseksueel-word in fases ingedeel kan word en is dit duidelik dat al vier stadia wat deur die twee konseptuele raamwerke onderskei word, deurloop word. Dha'Kar se identiteitsvorming sien opsommenderwys soos volg daaruit:

* <u>Gevoeligmaking</u>

Daar is heelwat aanduidings in Dha'Kar se lewensverhaal dat hy as eerste stadium vir homoseksuele identiteitsvorming gevoelig gemaak is. Dit sluit emosionele, sosiale en genitale ervarings in wat hy gedurende sy skoolloopbaan beleef het. Die volgende ervarings gedurende Dha'Kar se laerskooljare was waar

skynlik die belangrikste gevoeligmakende faktore in sy homoseksueel-wordingsproses:

(i) Die feit dat sy oudste broer reeds tydens sy graad 1-jaar na hom as 'n "sissy" verwys het.

(ii) Die masturbasiesessies wat hy vir 'n tyd lank met 'n maatjie, Herman, wat ongeveer vyf jaar ouer as hyself was, gehad het. As graad 1-seun het Dha'Kar die betekenis van dié sessies nie begryp nie. Hoewel dit as ses- of sewejarige kind vir hom baie vreemd was omdat hy in dié stadium nog nie van sy geslagsorgane bewus was nie, het hy dié seksuele sessies wat toe betreklik gereeld plaasgevind het, nie as *verkeerd* beskou nie.

(iii) Sy maatjies was ten minste tot sy standerd 2-jaar oorwegend meisies: *Ek kan onthou dat ek gereeld saam met twee maatjies popgespeel het. Dit was vir my die hoogtepunt gewees om my poppie in te pak nadat my huiswerk gedoen was en om by Poppie en Meisie te gaan speel.*

(iv) Die gewaarwording toe hy in standerd 3 was dat hy tot lede van dieselfde geslag aangetrokke voel. Hy beskryf sy heldeverering vir sy eerste onderwyser asook die aangetrokkenheid tot lede van sy eie geslag soos volg: *Hy was die eerste man vir wie ek tot in hierdie stadium van my lewe gekyk het. Ek het "anders" na hom gekyk. Daar was 'n fisiese aangetrokkenheid tot hom. Dit was eet, slaap, praat, ensovoorts, "Johann". Ek kon absoluut geen negatiewe houding of enigiets soortgelyk wat met Johann verband gehou het aanvaar nie. Dit was so goed soos vet in die vuur. Johann was my kinder-"hero", só het ek toe gedink. Vandag egter weet ek dat dit reeds al die eerste tekens van* <u>*gay*</u>*-wees was. Op 10-jarige ouderdom was die besef reeds daar dat ek meer vir my eie geslag as vir die teenoorgestelde geslag kyk. Ek het aangetrokke tot hulle gevoel maar het baie makliker met die teenoorgestelde geslag gekommunikeer.*

(v) Die verbreking van vriendskapsbande met seunsvriende tydens sy standerd 4-jaar en die ontwikkeling van 'n terughoudendheid: *Ek het maklik begin bloos en het 'n skamerige outjie geword. Ek kon weerbarstige optrede nie verwerk nie - dit het my emosioneel verskriklik*

*ontstel. Ek wou ook geensins met enige persoon wat nie saggeaard was, geassosieer het nie.*

(vi) Die gewaarwording in standerd 5 dat lede van dieselfde geslag vir hom 'n groter aantrekkingskrag as dié van die teenoorgestelde geslag gehad het. *Moontlik was ek te oningelig of te dom om werklik te besef wat my basiese probleem was en is. Tog het ek baie meer tuis gevoel in die geselskap van die teenoorgestelde geslag waar daar nie direkte konfrontasie was nie.*

Wat Dha'Kar se hoërskoolloopbaan betref, kan die volgende ervarings uitgesonder word:

(i) Die nie-geïnteresseerdheid in heteroseksuele verhoudings: *Daar was nie by my soos by die ander seuns 'n begeerte om met meisies uit te gaan of om vir hulle te kyk nie ... Tog het ek gehoor en gesien waarvan my geesgenote gepraat het. Dit was vir my logies en aanvaarbaar maar het tog nie die behoefte daaraan by my wakker gemaak nie.*

(ii) 'n Toenemende bewuswording van sy "andersheid". *Ek het namate die jare begin vorder het, bewus geraak van my "anders-wees". Ek was nie as 'n "sissy" bespot nie maar tog was ek baie meer verfynd in my optrede en denke as die res van die seuns van my ouderdom. Die skoon kant van alles was vir my baie waardevoller as die skurwe tipe van geselskap waarmee hulle hulself besig gehou het.*

(iii) Die verhouding met Mara gedurende sy standerd 9-10 hoërskooljare. Hy beskryf dié verhouding só: *Ek het met ons eerste ontmoeting in haar eerder kameraadskap en maatswees gesien; ek wou alles saam met haar doen en ervaar ... By die weersiens het ek vir die eerste keer die begeerte gehad om Mara vas te hou en het ek dit ook gedoen. Die vriendskapsgevoel het plek vir 'n ander emosie gemaak; ek wou net by haar wees - ek wou fisies sowel as psigies dieper kontak met haar maak. In hierdie stadium het ek nog geen seksuele behoefte of ondervinding ten opsigte van die teenoorgestelde geslag gehad nie. Die assosiasie was daar, maar op 'n afstand ... Ons het 'n rein en skoon verhouding gehad. In hierdie stadium het ek moontlik gedink*

*dat dit liefde was wat ek gevoel het, tog was dit eerder 'n gevoel van saamwees - myne-wees.*

(iv) Toenemende aandag aan die manlike liggaam gepaardgaande met masturbasie. (E)*k* (het) *begin om my aandag toe te spits op die fisieke voorkoms van my eie geslag ... veral tydens die liggaamsoefeningperiodes. In die begin het dit 'n psigiese ontsteltenis by my wakker gemaak. Dit het begin om my, wat in hierdie stadium besig was met my voorbereiding en aanneme op geloofsvlak, te laat twyfel oor wat God se doel dan werklik met my was ... Dit was vir my aangenaam om aan 'n welgevormde liggaamsdeel van iemand van my eie geslag te raak of in sy geselskap te verkeer ... Later het masturbasie gevolg. Dit was in die begin matig maar het met rasse skrede toegeneem, net soos die begeerte/behoefte om die eie geslag met minder kleding te aanskou.*

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar 'n besondere ooreenkoms tussen Dha'Kar se gevoeligmakingstadium en dié van sowel Plummer (1975) as Troiden (1977; 1979:362-373) is. 'n Belangrike ervaring wat Troiden in die laat fase (13 tot 17-jaar) van hierdie stadium onderskei wat egter nie deur Dha'Kar ervaar is nie, is die eerste homoseksuele ervaring met orgasme. Dha'Kar het tydens die onderhoude akkoord gegaan dat dié konseptuele raamwerke sy homoseksueel-word tot op hierdie punt goed akkommodeer. Hy maak egter die volgende insiggewende opmerkings: *Dit maak vir my sin uit wat ... hierdie Troiden sê. Hoeveel invloed dit gaan hê, dink ek gaan afhang van jou omstandighede en jou situasie ... Dit het nie met die aggressie saamgegaan nie ... Hier was daar nie vir my die aggressie nie. Ek kan nie sê dat ek dit werklik beleef het as* <u>*skeefheid*</u> *nie ... Inteendeel, daardie tyd het ek nie van so iets geweet nie, dit was platteland en sulke dinge was net nie dáár nie. Mense was nie so uitgesproke soos vandag nie.*

* <u>Betekenisvolheid en disoriëntasie</u>

Dha'Kar het gedurende sy agtiende lewensjaar sy seksualiteit bevraagteken. Sy belangstelling in die manlike liggaam het toegeneem en hy het meer gemasturbeer. Dié gedrag het tot konflik, aggressie en skuldgevoelens of wat Plummer (1975:141) "disoriëntasie" noem, aanlaiding gegee. Die volgende gedeelte uit die outobiografie verskaf 'n goeie aanduiding van dié stadium in Dha'Kar se

lewe: *Die manlike fisieke het my ... meer en meer getrek. Ek het dit begin agterkom wanneer ek deur tydskrifte geblaai het en vir ure na foto's van atlete of enige welgevormde man kon kyk. Dit het by my 'n gevoel wakker gemaak wat vir my vreemd was. Daar was 'n mate van aggressie veral wanneer ek vir 'n tweede en derde keer na 'n betrokke foto sou kyk. Dit het later so erg geword dat ek foto's van mans begin bymekaar maak het ... Hierdie verskynsel tesame met die godsdiensbelewenisse*[7] *het my morbied en depressief gestem ... Masturbasie het ook aan die einde van hierdie jaar (1970) 'n prominenter aktiwiteit by my geword met die gepaardgaande skuldgevoelens asook kompulsiewe gedrag, byvoorbeeld chroniese handewas.* Uit die onderhoud van 18 Desember blyk dat Dha'Kar in hierdie stadium nog nie sy "andersheid" met homoseksualisme in verband gebring het nie: *Die woord "skeef" het ek van geweet maar Willem, ek was in hierdie stadium dink ek, nog baie naïef wat die homoseksuele ...* (betref) *en ek dink ook omdat my leefwyse nog nie skeef was nie. Wat hier gebeur het, ek wonder of dit in my verhaal uitkom, ek het een keer saam met 'n groepie gestap. Ek en een van die dames het afgedwaal. Ons het na winkelvensters gekyk, elkeen het maar so gekyk na dinge waarvan hy hou, en ... daar was hierdie jas wat die modelpop in die venster aangehad het, en ek het vreeslik van die jas gehou. Maar hy het so 'n effense pelserigheid ingehad. Hierdie vrou was erg by. Toe sê ek: "Ek sal nou begeer om só 'n jas te hê." Toe sê sy, nee sy dink 'n mens moet 'n bietjie skeef wees. Toe het ek die woord gehoor maar nie eintlik werklik geweet waaroor dit gaan nie ... In daardie stadium het ek al gehoor van "homo's" maar niemand het ooit gepraat van gay nie - gay het vir my later gekom. "Homo", "moffie", dit was terminologieë en ek dink ook as 'n mens na die klank daarvan luister, dit het nie vir my mooi geklink nie. Ek weet nie of dit dalk vir 'n mens kan terughou in jou erkenning van jouself aan ander mense nie.*

Dha'Kar noem tydens die onderhoud dat hy sy "anders-wees" in hierdie stadium as deel van die proses van *man-word* beskou het. Hoewel dié gewaarwordinge aangenaam was, het Dha'Kar skuldgevoelens beleef omdat hy aangevoel het dat dit iets is wat nie gedoen word nie. Dha'Kar het die skuldgevoelens egter later te bowe gekom nadat 'n pastorale sielkundige 'n pasiënt wat skisofrenies was se kompulsiewe handewas aan die hand van Pontius Pilatus wat sy hande vir Jesus afgewas het, verduidelik het: *Snaaks genoeg Willem, ek dink dit is hier waar hierdie skuldgevoelens ook redelik tot 'n einde gekom het.*

---

7. Dha'Kar het in dié stadium godsdiens intens beleef.

Ook hierdie fase in Dha'Kar se homoseksuele identiteitswordingproses stem bykans volledig ooreen met Plummer (1975) en Troiden (1977) se modelle.

* <u>Identifisering en opstandigheid</u>

Dha'Kar het homself op 18-jarige leeftyd as homoseksueel geïdentifiseer maar nie aanvaar nie. Wat hierdie stadium van homoseksuele identiteitsvorming betref, verskil Dha'Kar in twee opsigte van dié stadium wat deur Plummer (1975) en Troiden (1977) in hul modelle beskryf word. Volgens dié konseptuele raamwerke gaan self-identifisering gepaard met sosialisering in die homoseksuele subkultuur waartydens homoseksualisme as 'n geldige alternatiewe lewenstyl heromskryf word. Dit is duidelik dat daar in Dha'Kar se geval geen sprake van sodanige sosialisering was nie. Hierbenewens word verset soos deur die subjek beleef is, nie as 'n element van hierdie stadium deur sowel Troiden (1977) as Plummer (1975) verreken nie.

Dha'Kar beskryf sy opstand teen die ontwakende homoseksuele identiteit tydens die onderhoud van 18 Desember soos volg: *Willem, jy weet wat gedurende hierdie fase vir my 'n probleem was* (en) *wat ek spesifiek kan onthou, was hierdie ding: as ek 'n man gesien het, sy fisieke het my getrek, dit was hierdie konflikte, jy weet jy wil nie aan die homoseksuele aktiwiteite deelneem nie maar jy wil tog dáár wees ... Jy het hierdie ding gehad: jy is in stryd met die aktiwiteite wat hulle beoefen maar tóg is dit of jou behoefte aan dáárdie kant beantwoord sal word. Ek meen in hierdie stadium, en dit is ook so in die verhaal, het jy tog meer na mans as meisies gekyk, die man se bou, sy fisieke voorkoms was iets wat jou getrek het. Ek dink ook dat hierdie konflik ...* (my) *fisies aggressief teenoor hulle gemaak het: kon ek hulle nie dalk op hierdie manier uit my omgewing* (weg) *kry, dat ek nie daarmee gekonfronteer word en* (daarvan kon) *ontsnap* (nie)?

Dha'Kar is op 19-jarige ouderdom, toe hy nie in die seksuele voorstelle van Marie, 'n geskeide vrou en vriendin van Pieter, belanggestel het nie, deur haar meegedeel dat hy dieselfde "siekte" as laasgenoemde het. Hy het sy "andersheid" as homoseksualisme geïdentifiseer toe Pieter op die oujaarsdagnag van 1970 hom van sy "skeefheid" verwittig het. Hy beskryf sy reaksie hierop soos volg: *Dit was vir my 'n skok in die opsig dat dit 'n erkenning teenoor myself van myself was. Dit was nie vir my aanvaarbaar nie! Die wete dat ek <u>skeef</u> is, het my geweldig aggressief teenoor <u>gays</u> gemaak.*

Dha'Kar het nadat hy van sy homoseksualisme bewus geword het, nie probeer hulp kry nie. Die redes hiervoor blyk uit die volgende gedeelte van die onderhoud van 28 Desember:

N: *Hoekom het jy nie probeer hulp kry nie?*

D: ... *As ons nou kyk na die verhouding met my vader. Dit was 'n "stil" verhouding. Ek kon nie na hom toe gaan nie. Aan die ander kant, hoe sê jy hierdie dinge vir jou ma ... Hoe vra jy vir iemand wat dit nie verstaan nie? Ek meen in ons gesin ook, jy weet hierdie ding dat ek 'n "sissy" genoem was en so aan, ek glo nie dit was 'n verwysing na homoseksualisme nie. Dan uit die aard van my beroep in daardie stadium was daar 'n absolute, en ek dink tot lank daarna, 'n totale stigma aan verbonde as jy enigsins psigiatriese of sielkundige behandeling sou* (ondergaan). *Dit was asof jy gemerk of ge-"label" was.*

N: *Dit is amper so asof jy in die groendakkies is of malhuis toe gaan ... Tog interessant dat jy Pieter aangemoedig het om professionele hulp te kry maar dit self nie gedoen het nie.*

D: *Jy weet Willem, ek het myself probeer beskerm en ek dink, ... as ek dit vandag kan vertolk, miskien* (was) *dit; sou hy nie dalk met 'n oplossing gekom het wat jy sou kon gebruik nie?*

N: *So, as hy die paadjie geloop het dan kan 'n mens dit self ook probeer doen.*

D: *Dis hy. En dan ook die feit dat ek midde-in so 'n situasie was. Jy het wel hierdie tegnieke en terapieë gesien, maar jy het gesien hierdie mense kom terug, daar word niks bereik nie.*

Hoewel Dha'Kar hierna meer homoseksuele ontmoet het en sy kennis van homoseksualisme uitgebrei het, het dié kontak in plaas van om self-aanvaarding te vergemaklik, die proses eerder gekompliseer. Die subjek se aggressie jeens ander homoseksuele en die tweestryd waarin hy verkeer het, het sodanig toegeneem dat dit Dha'Kar by tye tot op die rand van selfmoord gedryf het. Dié gevoelens is tydens die 1971-Desembervakansie saam met Stefan op die spits gedryf: *Dit is dan hier waar die* <u>*gay*</u>*-storie weer ter sprake gekom het en Stefan my duidelik en objektief daarop gewys het dat ek* <u>*femme*</u> *was. Ek het weer opstandig geraak maar dit nie aan hom getoon nie. Hier het hy weer sy gevoel vir my bevestig ... Dit is dan ook hier waar hy vir die eerste keer probeer het om fisiese toenadering te soek. Hy het my geliefkoos en baie styf teen hom vasgedruk. Die aanvang daarvan was vir my baie onaangenaam ... Ek wou uit die hotelkamer maar tog ook nie. Die liefkosing het erger geword en ek het dit begin geniet ... Dit het egter nie daarby gebly nie. Stefan wou tot die seksdaad self*

*oorgaan. Dit het my geskok. Van my kant wou ek dit nie toelaat nie; ek wou dit nie so gehad het nie, ek wou nie gehad het hy moes tot daardie deel van fisiese kontak oorgaan nie! ... Die liefkosing tussen my en hom het soort van 'n gereelde ding geword maar die seksdaad as sodanig is vermy. Na elk van hierdie gebeurtenisse het ek 'n geweldige verwerpingsgevoel teenoor myself gehad. Soms het dit so erg geword dat ek gevoel het om my eie lewe te neem.*

Soos uit die voorgaande sitaat blyk, was Dha'Kar in dié stadium veral nie bereid om seksueel met persone van dieselfde geslag te verkeer nie. Hy verduidelik dié aseksualiteit van hom tydens die onderhoud van 28 Desember soos volg: *Willem, dit was vir my baie belangrik en dit is vandag nog, ek dink jy sal dit ook so in my verhaal kry, dat seks vir my 'n baie kosbare deel van die lewe is. Dit het vir my gevoel ek gaan "vuil" wees; ek gaan in myself verwerp wees, sou ek* (met 'n man verkeer). *En dit het vir my hier ook gegaan oor hierdie mense se losbandigheid: jy weet soos die woord "gay" later* (tot my gekom) *het en dit verwys* (het) *na hierdie kommervrye en joviale lewe.*

Die drang na fisiese kontak met mans het egter dermate toegeneem dat Dha'Kar 'n verhouding met Heinrich aangeknoop het wat teen die einde van 1975 seksueelgeoriënteerd geraak het. Die anale omgang wat hy toe as 23-jarige gehad het was *een van die onaangenaamste herinneringe* wat hy tot nog toe beleef het. Dié ervaring asook ander ondervindings met Heinrich het ernstige skuldgevoelens meegebring asook 'n gevoel teen die einde van 1976 dat hy sy ouers bedrieg het. Al hierdie dinge het tot gevolg gehad hat hy in hierdie stadium 'n baie onsekere en senuagtige jong man was wat kontak met heteroseksuele sover moontlik vermy het. Hy het egter wel kontak gemaak met homoseksuele wat daartoe gelei het dat hy sy kennis van die homoseksuele subkultuur verbreed het. Hoewel dié kennis hom gehelp het om sy eie rol uit te werk, het hy, soos reeds genoem, nie 'n homoseksuele ideologie aangeleer wat homoseksueel-wees as 'n andersoortige, maar aanvaarbare seksuele oriëntasie voorgestel het nie.

Op 24-25-jarige ouderdom beleef Dha'Kar 'n krisis toe eers sy oudste broer en kort daarna sy moeder hom met sy homoseksualisme gekonfronteer het. Hoewel al die familielede Dha'Kar se homoseksualisme aanvaar het, het almal dit nie goedgekeur nie. Die besondere begrip wat sy moeder jeens sy identiteitskrisis openbaar het, is opvallend. Dha'Kar lig, tydens die onderhoud op 28 Desember, die steun wat hy van sy moeder ten opsigte van sy innerlike stryd ontvang het, soos volg toe: *Jy weet, my ma het hierdie ding gehad dat sy kon sien waarna*

*toe haar kinders beweeg. Sy het werklik intens in haar kinders belanggestel ... Sy het gesien waardeur ek gaan. Ek dink sy verstaan my ook die beste van al haar kinders ... Dit was 'n krisistyd en in so 'n krisistyd kon sy altyd op haar manier vir jou daaroor help, sonder om te gaan staan en delf. Jy weet, ek kon teenoor haar in 'n sekere mate oopmaak. Deur haar optrede: sy het my gereeld geskakel, sy het verneem hoe dit met my gaan en sy het gepraat oor dinge wat vir my belangrik is in die lewe ... dit alles was ondersteunend gewees.*

Die subjek het kort na die krisis met sy gesinslede in sy homoseksualisme berus toe hy grootliks daarin geslaag het om dit met sy godsdienstige oortuigings te versoen. Die berusting het gekom nadat hy tot God gebid het en, soos hy tydens die onderhoud (1988-12-28) gesê het, dit vir hom gevoel het: *Jy is hier, jy is só gemaak, daar is 'n doel en 'n plan met jou lewe.* Hierna het hy Job 10:8-12 gelees wat vir hom verdere rustigheid gebring het. Dat hy egter steeds twyfel of homoseksualisme nie sonde is nie, blyk uit die volgende gedeelte uit die onderhoud: *Ek twyfel vandag nog in 'n redelike mate ... daar is vir my nog sekere dinge wat nie reg is nie. My geliefde vers kom natuurlik ook weer hier ter sprake en daar is honderde geloofsinsidente wat vir my gesê het dat my lewe vir my só beplan is; die Raadsplan is daar. Of dit volgens die Skrif reg is en of ek dit só wil hê, en ek is nou baie eerlik teenoor jou, twyfel ek nou nog baie oor. Ek het baie ambivalensie daaroor ... Daar was in 'n stadium al hierdie artikels in tydskrifte en een van die Susterskerke ... het 'n seminaar of 'n ding gehad oor: "Gaan homoseksuele predikante toegelaat word op die kansel?" ... Dit was 'n redelike punt van bespreking onder die <u>gays</u>. Willem, dit het my daardie tyd gehinder dat die kerk vra of dit reg is, dié mense wat die Skrif ken en ontleed ... Dit is hier waar my ... verwarring inkom: Is dit reg? Is dit verkeerd? Ek kan vandag nog nie vir jou sê nie!*

- **<u>Toegewydheid</u>**

Sowel Troiden (1977) se toewydingsfase as Plummer (1975) se stabiliseringsfase in die homoseksuele identiteitsvormingsproses bied 'n goeie verklaring vir Dha'Kar se homoseksueel-word. In sy lewensverhaal skryf die subjek dat nadat sy gesinslede sy homoseksualisme aanvaar het, dit met hom *baie beter gegaan het*. Hoewel hy in hierdie stadium sy homoseksueel-wees sover moontlik verberg het, het hy 'n steeds sterker-wordende behoefte gehad aan iemand anders om die pad met hom saam te stap: *ek (het) vir die eerste keer 'n behoefte aan 'n*

*maatjie gehad, 'n* *butch* *in die ware sin van die woord; iemand vir wie ek liefde kon gee, iemand vir wie ek* *femme* *kon wees.*

Dha'Kar het vir John ontmoet. Hy was 25 jaar oud toe hy op 28 Julie 1978 'n verhouding met John aangeknoop het en hom dus aan 'n homoseksuele leefwyse toegewy het. Hy stel sy aanvaarding van die homoseksuele leefwyse tydens die onderhoud van 18 Desember só: *die aanvaarding het vir my gekom* (toe) *ek werklik teenoor myself erken het* (dat) *daar iemand in my lewe gekom* (het)*; dit is 'n persoon wat my laat goed voel en my laat lewe van dag tot dag.*

Dha'Kar gaan akkoord met die uitgangspunt dat die proses van homoseksueel-word 'n lewenslange een is en dat: "... gay identities are not viewed as being acquired in an absolute, fixed, or final sense" (Troiden, 1979:372). Dit is baie onwaarskynlik dat Dha'Kar, indien sy en John se bootjie op die rotse sou loop, sy homoseksuele identiteit vir 'n heteroseksuele een sal verruil. Hoewel Dha'Kar in die onderhoude toegee dat sy en John se verhouding nie altyd maanskyn en rose is nie, hy nogtans van mening is dat hul verhouding sal voortgaan totdat die dood hulle skei. Hy verskaf gedurende die een onderhoud (1988-12-18) die volgende insiggewende inligting aangaande probleme in dié verhouding en sy en John se toekomsplanne: *In ons verhouding het ek die voordeel dat my mense van alles weet ... Aan sy kant het ons nog nooit* (ons homoseksualisme) *aan hulle erken nie ... John se pa is vandag nog soos hy die eerste dag teenoor my was. Inteendeel, sy pa sal deesdae na my toe kom, sy hand so om my skouers sit en vir my sê: "Hoe gaan dit met jou my vriend?" Partykeer praat hy van "my kind". Sy ma maak party keer vir my oop* (maar) *dan slaan sy toe en dan kry ek hierdie ding van jy voel nie deel van die groepie nie en dat sy wil kom inmeng met my huishouding: Hoekom maak jy só en nie só nie? Hoekom betaal jy so duur vir dit? Hoekom sit jy soveel kaas op 'n koolpastei? ... Sy laat niemand toe, nie eers haar eie kinders, om vir haar te vertel wat om te doen nie ... Ek het dit begin aanvaar maar party dae dan voel ek net: Watter reg het sy daartoe? ... Tog aan die ander kant, as sy krisisse beleef, sal sy my konsulteer ... Ek het 'n redelike ambivalensie oor hierdie aangeleentheid. Ek dink dit hou ook verband met die laaste tyd dat ek so oorwerk is en dat my program net nie afgerond kom nie ... Ek dink dit kan ook frustrasie aan my kant wees wat dit anders maak; dat ek dalk oorgevoelig is. Ek dink tog dat ek en sy ma probeer om redelik stil waters daar te stel. ... Ek dink ek het meer volwasse geword. Ek het ryper en ryker geword. Ek en John praat oor hoe ons lewens vorentoe gaan lyk. Ons het toekomsplanne, ons begin al dink wat*

*ons gaan doen die dag as ons moet aftree. Ons dink selfs daaraan om pensioenskemas aan te gaan om vroeër uit die beroep te tree ... Dit is vir my aanvaarbaar en logies, gesien die kwaliteit van ons verhouding en dat ons graag in die skemering van ons lewens nog bymekaar wil wees ... Ons dink in terme van ons gesondheid; ons begin nou al aanpassings maak ... Ons finansiële opset werk só: dit is soos in enige verhouding, elkeen gee sy deel ten volle. Ons het aparte bankfasiliteite maar ons is op hoogte met hoe sterk elkeen finansieel is. As dit gaan om verbeterings en die aankoop van implemente vir die huis, is dit altyd een honderd persent gedeel ... Wat John se behoefte aan kinders betref, het daar heelwat veranderinge ingetree. Ons het in 'n stadium daaroor gepraat en toe het hy gesê dat hy nie werklik weet of hy een honderd persent 'n behoefte aan kinders het nie ... Ons het die honde ... en John aanbid absoluut die honde ... Ek weet nie of dit 'n substituut vir kinders is nie ... Dit kan dalk wees. Kyk, dit is natuurlik in die gay-gemeenskap so dat gays omsien na hul troeteldiere asof dit kinders is. Hulle versorg hulle ook, ek dink in sommige gevalle met meer verantwoordelikheid as wat 'n hm-ouer na sy kind sal omsien ... Ons sien ons saam totdat die een nie meer daar sal wees nie ... Ons het elkeen 'n testament met 'n klousule wat nie sonder die ander een se goedkeuring verander kan word nie ... Ek en John voel ook dat ons nie sonder 'n geloofslewe ons toekoms tegemoet kan gaan nie. Ons het dan ook besluit dat daar 'n Raadsplan is en dat óns nie kan sê dat ons tot op die laaste dag van ons lewens bymekaar sal wees nie, 'n mens weet nie wat vorentoe kan gebeur nie. Ek dink dit het ook in 'n mate my siening van die beëindiging van 'n lewe, sou 'n verhouding opbreek, beïnvloed. Jy kan nie werklik vir 'n ander persoon sê hoe jou lewe, ongeag of jy getroud of in 'n homoseksuele verhouding is, (gaan verloop nie). Hoewel jy 'n sê daarin het, is die werklike eindresultaat reeds in die Raadsplan vervat.*

Hoewel dit duidelik is dat Plummer (1975) en Troiden (1977) se modelle van homoseksuele identiteitsontwikkeling Dha'Kar se homoseksueel-word baie goed verduidelik, moet die volgende beklemtoon word: (i) dié konseptuele raamwerke maak nie voorsiening vir verset teen 'n homoseksuele identiteit wat 'n belangrike element uitgemaak het van die proses waarvolgens die subjek 'n homoseksuele oriëntasie aangeneem het nie, en (ii) dié modelle laat nie ruimte vir die moontlikheid dat self-identifisering by Dha'Kar en by ander homoseksuele

nie met sosialisering gepaard hoef te gaan nie.[8] Hierbenewens is dit belangrik om daarop te let dat Dha'Kar se homoseksuele leefwyse steun verleen aan Plummer (1975:152) se beskouing dat 'n toereikende model vir homoseksuele identiteitsontwikkeling benewens gevoeligmaking, betekenisvolheid en disoriëntasie, identifisering en subkulturele sosialisering en stabilisering aan ander stadia in veral die persoon se latere lewensfases, aandag moet skenk. Elemente wat ooreenkomstig Dha'Kar se homoseksuele loopbaan in gesofistikeerder homoseksuele identiteitsmodelle aandag behoort te geniet, behels veral die volgende:

(i) Die versoening van 'n homoseksuele leefwyse met geloofsbeskouinge. Die aanvaarding van 'n homoseksuele lewenstyl wat normaalweg deur die breë samelewing as "afwykend" geëtiketteer word, bring nie vanselfsprekend ateïsme mee nie. Geloofsywer beklee 'n vername plek in Dha'Kar en John se lewens en spanning en konflik wat dit mag meebring vir hulle en ander homoseksuele in hul poging om hul geloofsoortuigings met hul homoseksualisme te vereenselwig, hou belangrike implikasies vir homoseksuele identiteitsontwikkeling in.

(ii) Harmoniëring van homoseksuele opvattings van 'n "affair" of langdurige stabiele homoseksuele verhouding met ouers en ander familielede en belangrike heteroseksuele se persepsies van 'n huwelik. Die feit dat Dha'Kar en John se homoseksuele "huwelik" al langer as 'n dekade bestaan, impliseer nie dat hulle nie probleme ervaar nie. Al Dha'kar se familielede keur dié verhouding nie goed nie en John se familie is tans nog onbewus dat dit 'n homoseksuele verhouding is. Hierbenewens is daar nog nie helderheid oor John se behoefte aan kinders nie. Hierdie en ander verwante aspekte van 'n homoseksuele "affair" sal ongetwyfeld 'n invloed hê op Dha'Kar en John en ander homoseksuele se homoseksuele identiteite.

---

8. Schulze (1988:209) vind in haar empiries-pedagogiese kwalitatiewe ondersoek van tien Suid-Afrikaanse blanke adolessente dat hul self-identifisering as homoseksueel ook nie deur subkulturele sosialisering gevolg is nie.

(iii) Probleme eie aan verhoudings. Dha'Kar en John ervaar net soos enige heteroseksuele egpaar die algemene probleme wat in die verhoudingslewe ervaar word. Misverstande, die versuim om mekaar in die neem van sommige besluite te ken en dergelike probleme wat homoseksuele wat in "affairs" is, mag ondervind, sal bepaald 'n uitwerking op hul homoseksuele loopbane hê.

(iv) Probleme wat met aftrede en bejaardheid gepaard gaan. Dha'Kar en John het reeds met die oog op aftrede voorsorgmaatreëls begin tref. Dergelike maatreëls en verskeie ander dimensies soos afname in liggaamskragte, siekte, stres, rou, eensaamheid, bande met vriende en familie, ensovoorts, wat deur homoseksuele in hul laat lewensjare ervaar word én die invloed daarvan op hul homoseksuele identiteit, verdien aandag.

Ten slotte kan as algehele evaluasie van die toepaslikheid van teorieë en modelle van homoseksualisme op Dha'Kar se "skewe" lewe die volgende gestel word:

(i) Die biologiese teorie vind nie aansluiting by die homoseksueel se lewe nie terwyl die psigiatriese konseptuele raamwerk grotendeels 'n verklaring vir die subjek se "gay"-loopbaan bied.

(ii) Betreffende sosiologiese teorieë en modelle van homoseksualisme kan veroorsakende teorieë oor die algemeen, nie die redes waarom die subjek 'n homoseksuele oriëntasie ontwikkel het, verklaar nie.

(iii) Wat nie-veroorsakende teoretiese konstrukte betref, belig die modelle in terme waarvan die homoseksuele identifiseringsproses verstaan kan word, Dha'Kar se "skewe" loopbaan baie goed.

### 4.2.2 TEORETIESE KONSTRUKTE VAN AFWYKENDE GEDRAG

Vervolgens word die toepaslikheid van sosiologiese konstrukte aan die hand waarvan afwykingsverskynsels in die algemeen begryp kan word op Dha'Kar se "skewe" lewe kortliks nagegaan. Daar moet beklemtoon word dat dit nie die doel is om die geskiktheid van alle bestaande afwykende gedragskonstrukte om

die homoseksuele lewe te verklaar, hier te eksamineer nie. Soos in Hoofstuk 1 gestel, word slegs daardie konseptuele raamwerke van afwykingsverskynsels wat toepassing vind in die subjek se "gay"-lewe hier aangesny. Dit is belangrik dat in gedagte gehou sal word dat in die hiervolgende bespreking slegs oorsigtelik na die relevante elemente van dié raamwerke verwys word en dat vir 'n uitvoeriger bespreking daarvan die werke van die persone wat die instrumente aanvanklik ontwerp het, geraadpleeg moet word. Die konseptuele raamwerke van afwykende gedrag wat vervolgens behandel word is: die etiketteringsperspektief, die fenomenologiese oriëntasie en die konflikbenadering.

#### 4.2.2.1 <u>Die etiketteringsperspektief</u>

Benewens die proses van afwykend-word wat reeds uitvoerig bespreek is, vind verskeie vertrekpunte van die etiketteringsperspektief waarna ook al verwys is, aansluiting by Dha'Kar se lewe. Die volgende sitate illustreer die sleutelaanname van die etiketteringsoriëntasie, naamlik die reaksie van die breë samelewing op afwykendes en laasgenoemde se subjektiewe verwerking daarvan, betreklik goed. Die reaksie van betekenisvolle ander persone word ook ingesluit:

(i) *Ons wil nie die uitgeworpenes wees of in die hoek gesit word en gesê word dit is julle leefruimte, julle is melaats nie.* (Outobiografie.)

(ii) *My <u>skeefheid</u> word nie deur almal aanvaar nie. Of dié aanvaarding 'n verskil sal maak weet ek nie, daar sal seker altyd 'n stigma daaraan bly kleef.* (Outobiografie.)

(iii) *Die "afstandsgevoel" tussen my en my broers is nie meer aan die orde van die dag nie. Nogtans vind ek dat sekere insidente soos dié wat met homoseksualisme te make het, neig om die verhouding tussen ons na 'n "armlengte-verhouding" te laat ontaard. Onlangse voorbeelde van sulke insidente is die VIGS-kwessie en die kindermolesteringsaangeleentheid.* (Outokritiek.)

(iv) *Ek dink daar is 'n bevooroordeeldheid teenoor alleenlopers, of dalk moet ek sê teenoor <u>gay</u>-mense. Dit maak 'n mens opstandig en maak dat jy twyfel aan die sienswyse, die regverdigheidseienskappe, die oordeel en die waardes en norme van die heteroseksuele mense saam*

*met wie jy werk. Ek dink dit is kleinlik, onderduims, uiters onprofessioneel en daarby onvolwasse. Dit is tog nie 'n mens se bedsake wat bepaal watter kwaliteit werk jy gaan lewer nie! ... Is dit dan nou werklik dat 'n mens só melaats is dat jy nie 'n plekkie in die son kan kry nie?* (Outobiografie.)

(v) *Ons as 'n gay-subkultuur is nie vir die heteroseksuele gemeenskap aanvaarbaar nie; dit is vir hulle afwykende gedrag.* (Onderhoud 1988-12-28.)

(vi) *Ek dink vir* ... (my broers) *is 'n moffie 'n ding wat by 'n man wil slaap. Hulle beskouings is heeltemal seksueel gekontamineerd. As hulle aan 'n gay dink ... dan gaan dit vir hulle oor seks, seks tussen twee mans. En daar is verskillende byname wat ek al gehoor het ... Ek voel net hierdie veralgemening is nie vir my aanvaarbaar nie. Ek meen die hele samelewing in watter opsig ook al, is verantwoordelik vir veralgemenings. Jy weet, ek hoor by jou en jy hoor by my en 'n volgende persoon hoor weer by 'n ander persoon en so gaan dit aan, en die ding groei, maar die werklike "essence" van waar dit* (homoseksualisme) *ontstaan het en wat die werklike kwaliteit daarvan is, kom nooit uit nie.* (Onderhoud 1988-12-28.)

Dit val egter op dat Dha'Kar op geen stadium in sy lewe amptelik as homoseksueel geëtiketteer is of in die openbaar gedegradeer is nie. Sy aanname van 'n homoseksuele oriëntasie het na 'n proses van simboliese self-etikettering plaasgevind. Dit bevestig Plummer (1975:202) se vermoede dat: "... most homosexuals are never publicly labelled and that self-labelling is much more important an area for analysis."

#### 4.2.2.2 Die fenomenologiese oriëntasie

Die besondere fenomenologiese konseptuele raamwerke waarvan die relevansie vir Dha'Kar se homoseksualisme hier nagegaan word, is die **sosiale konstruksie van fatsoenlikheid** (respectability).

Twee variasies van die sosiaal-konstruksionalistiese teorie van fatsoenlikheid kan onderskei word, te wete die een wat deur Douglas (1970:3-30) gekonstrueer is en dié van Ball (1970:326-371). Vervolgens word dié sosioloë se opvattings van fatsoenlikheid en afwykende gedrag kortliks uiteengesit.

* **<u>Douglas (1970b:3-30)</u>**

Volgens Douglas (1970b:3-30) is afwykende gedrag en fatsoenlikheid in alledaagse gesprekke oor sedelikheid in die hedendaagse pluralistiese samelewing onlosmaaklik aan mekaar verbind. Douglas (1970b:3-4) stel dit só: "... when we observe and analyze the moral communications in our everyday lives we find that the social meanings of either deviance (immorality) or respectability (morality) can be adequately understood only if reference, whether implicit or explicit, is made to the other, its opposite." Dit het tot gevolg dat individue gekonfronteer word met 'n situasie wat hoogs relatief is. Alvorens 'n individu as fatsoenlik geëtiketteer kan word, moet 'n ander een as afwykend geïdentifiseer word. Douglas (1970b:6) noem hierdie verskynsel waar een persoon se morele aansien toeneem ten koste van dié van 'n ander die zero-somspel (Zero-sum game). 'n Aanneemlike selfbeeld moet aan die samelewing voorgehou word ten einde as fatsoenlik beskou te kan word maar dit kan alleen bereik word ten koste van iemand anders. Hierbenewens is die beskouing van wat goed en aanneemlik is uiteraard problematies. Kriteria vir goed en sleg word deur groepe wat in 'n samelewing die mag in die hande het, bepaal. Hierdie tipe situasie gee, omdat almal nie met die waardes van die besondere groep wat in beheer is akkoord gaan nie, daartoe aanleiding dat die betekenisse van fatsoenlikheid situasiegebonde is. Die situasie is problematies weens die feit dat verskillende groepe die mag verkry en ook omdat die samelewing uit verskeie opponerende groepe bestaan. Hierdie stand van sake is nie staties nie maar dinamies en vloeibaar. Die gevolge is enersyds 'n situasionele interpretasie van moraliteit en andersyds die ontwikkeling van 'n openbare en 'n privaat moraliteit. 'n Individu sal indien hy of sy 'n konformis (overt of kovert) is, poog om hom- of haarself in die openbaar wat normaalweg die groep in die magsposisie se standaarde reflekteer, aanneemlik voor te stel.

* **<u>Ball (1970:326-371)</u>**

Fatsoenlik is vir Ball (1970:332) wanneer 'n persoon: "(1) perceived-to-be-normal, thus possessing moral worth, (2) the appearance of which is thereby accorded through deferential displays, that is, signs of person-appreciation from others, (3) in socially situated encounters." Wanneer 'n persoon as fatsoenlik geëtiketteer word, verkry hy of sy outomaties die status van 'n normale persoon van morele aansien. Volgens Ball (1970:333) veronderstel die verskynsel van fatsoenlikheid twee basiese elemente:

(a) 'n Akteur se gedrag en 'n gehoor wat fatsoenlikheid evalueer. Die akteur bied sy selfbeeld aanneemlik aan en die gehoor beoordeel dit.

(b) Die veronderstelde billikheid of regverdigheid van die beelde wat gevorm word en die beoordelings daarvan. Op dié manier vind 'n sosiale transaksie plaas aangesien daar nie sonder meer van fatsoenlikheid afstand gedoen word nie en die akteurs en die gehoor daaroor onderhandel.

Die manipulering van hierdie basiese elemente lei tot verskeie moontlikhede of verwante fatsoenlikhede. So kan 'n situasie van onfatsoenlikheid ontstaan wanneer die akteur reken dat sy of haar selfbeeld respekwaardig is, terwyl die gehoor oordeel dat dit nie die geval is nie. 'n Voorbeeld van só 'n situasie is waar 'n persoon 'n groot, deeglik voorbereide partytjie reël en niemand opdaag nie (Viano, 1975:277). Nog 'n situasie wat aangetref word, is waar akteurs wat hulself wel as fatsoenlik beskou, voorgee dat hulle nie fatsoenlik is nie. Hier dien haarkappers as voorbeeld: "By socially withdrawing - that is, by presenting himself as other than sexually normal, as not physically attracted to women - the hairdresser taken to be homosexual minimizes the potentially disruptive, strain-provoking, sexually threatening aspects of the spatially intimate male-female, practitioner-patron dyad" (Ball, 1970:335).

Die voorkoms van verskillende kategorieë van mense en magsgroepe in die samelewing bring mee dat daar verskillende opvattings van fatsoenlikheid aangetref word. Een persoon kan nie vir alle mense op 'n gegewe tydstip fatsoenlik wees nie. Individue hanteer hierdie problematiese situasie soms deur die waarheid te verberg en 'n vals front voor te hou. Sodoende verkry hulle fatsoenlikheid wat hulle andersins moontlik nooit sou bekom het nie.

Verskeie elemente van die sosiaal-konstruktionalistiese teorie van fatsoenlikheid word, soos die volgende aantoon, in Dha'Kar se "skewe" lewenstyl aangetref:

(i) *Soos in die heteroseksuele lewe kan jy nie almal oor dieselfde kam skeer nie. Ek dink dit het tyd geword dat die samelewing tot insig kom en begin besef dat alle gays net soos alle mense nie dieselfde is nie. Mense verskil en gays ook ... (D)aar moet met ander oë en verwagting na die gays gekyk word en besef word dat hulle net so 'n*

*goeie en gesonde bydrae tot die voorspoed en welvaart van baie komponente van ons land kan lewer.* (Outobiografie.)

(ii) *Ons is ... tans besig met nagraadse studie ten einde ons beter te bekwaam. 'n Mens wonder egter of dit ooit sal gebeur veral gesien in die lig dat ons nie net in die praktyk nie maar ook in die teorie sterker as ons medekollegas is dat daar regverdigheid sal kom, en dat ons die vrugte daarvan sal pluk en in bevorderingsposte sal kom. Ons is tog nie so uitgesproke gay nie, inteendeel, daar is baie mense wat nie glo dat ons gay is nie.* (Outobiografie.)

(iii) *Ek weet nie of my werksmense weet dat ek "anders" is as ander mans of dat ek gay is nie. Daar is nog nooit daaroor gepraat nie. Ek vermoed hulle weet, want wanneer dit by bevorderings kom is daar maar altyd hierdie ongemaklike vrae tydens die bevorderingsonderhoude oor hoekom is ek nog nie getroud nie en of ek 'n vrouehater is, wat gaan met my aan en dat dit nie normaal is om ongetroud te wees nie. My antwoord is maar altyd dat die huwelik nie vir my aantreklik is nie en dat ek verkies om alleen te wees. Wat hulle daarvan maak, weet ek nie. Ek het egter 'n idee dat my sogenaamde alleenwees nog altyd stremmend op my bevorderings ingewerk het. Ek was al by drie geleenthede bevordering ontsê terwyl ek die mees aangewese persoon was. Die laaste keer het dit sover gegaan dat ek verneem het dat ek die pos waarvoor ek aansoek gedoen het, gekry het, maar dat hulle as gevolg van my huwelikstatus dit nie aan my sal gee nie en dat die betrokke pos nie meer bestaan nie ... 'n Mens het altyd gedink dat die gay-wêreld 'n fisiese gevaar vir hulle inhou, maar dit wil my voorkom of dit ook op die werksituasie van toepassing is ...* (Outobiografie.)

(iv) *Ek dink ons waardesisteem verskil van dié mense wat eintlik raakgesien word in die gemeenskap. Ek meen ek is nie opsigtelik nie ... Dit is dinge (my beskouings) wat totaal en al verskil van hierdie groep wat so opsigtelik is, hierdie mense met die slappolssiekte en wat nie omgee dat die wêreld moet weet wat in jou slaapkamer aangaan nie. Ek dink dit is hoekom ek sê dat ons 'n vrees het dat ons nie aanvaar gaan word nie. Ons het eintlik in 'n mate 'n vrees dat ons met die "common" groep geassosieer sal word, met dié wie se*

*slaapkamergeskiedenis op straat lê, wat nie omgee nie, wat _flap_ en skreeu en te kere gaan en wat vroueklere aantrek. Dit is dié tipe van ding wat hulle uitgeworpenes maak. ... Die mense kan werk soos hulle wil maar weens hierdie optrede van hulle, hierdie openbaarmaking van alles wat met hom in sy _gay_-lewe gebeur, maak hulle nie vordering nie. En as jy gaan kyk na die sosiale komponent van hulle lewe: Met wie meng hulle? Hulle bly lede van daardie kliek wat hulle skuldig maak aan 'n sedelose bestaan.* (Onderhoud 1988-12-28.)

(v) *Ek identifiseer drie breë groepe binne die _gay_-subkultuur. Jy het jou overte groep, jou koverte groep en dan het jy een wat hier in die middel hang. Dié groep is by tye overt en by tye kovert: dit is 'n ambivalente groep. Willem, jy moet onthou dat binne die koverte groep sal jy vind dat wanneer dié mense bymekaar is hulle meer overt teenoor mekaar optree. Dieselfde vind jy by die overte groep. ... 'n Ou wil soms ook vanuit hierdie overte groep meer kovert raak omdat hy op die een of ander wyse ontwikkel het en homself nie meer binne dié groep kan sien nie. Nou raak hy tussen die twee groepe vervalle. Hy wil nie meer met daardie waardesisteem assosieer nie. Dis hoekom ek sê dat jy ook 'n ambivalente groep het. Maar nou kry jy in jou koverte groep ook mense wat kovert is maar eintlik inherent 'n overt is. Hy wil ook in openbare toilette rondlê en seks met elke tweede persoon hê maar kan weens sy posisie nie oorgaan na die overte groep toe nie. So hy bly maar hier so tussen dié twee groepe.* (Onderhoud 1988-12-28.)

(vi) *My begeertes vind ek heel normaal behalwe waar dit kom by my seksuele behoeftes. Behoeftes in my _skewe_ lewe gaan nie net om die seksuele nie maar ook oor liefde, mooi natuur, musiek, sport en al die ander fasette van die _bm_-lewe. Seks is nie al nie, inteendeel al die genoemde aspekte speel 'n baie prominenter rol in my lewe. Ek is nie seksmal nie, ek dink my seksuele behoeftes stem ooreen met dié van enige normale _bm_-man of -vrou.* (Outobiografie.)

(vii) *Soos die groter gemeenskap ons as afwykendes beskou so het ons _skewes_ ook in ons subkultuur volgens ons kodes afwykendes. Hulle is grotendeels volgens my persoonlike mening verantwoordelik vir*

*die negativisme en stigma van die bm's teenoor ons skewes. Hier verwys ek na die drag queens, closet queens, call boys en common tipes in ons skewe kring. ... Daar moet onthou word dat alle skewes nie soos bostaande tipes is nie, daarom dat ek sê dat ons hulle sien as afwykendes in ons skewe kring. Ekself kan hulle nie verdra nie, ek dink hulle walg my net soos hulle bm's walg. Ek glo nie dat my opvatting omtrent hierdie tipes enigsins verskil van dié van die bm-gemeenskap nie. Hulle maak geen deel uit van my vriende-kring nie.* (Outobiografie.)

Uit die voorgaande sitate kom die volgende duidelik na vore:

(i) Heteroseksuele of "bm's" word as fatsoenlik geëtiketteer en is insgelyks normale persone. "Gays" of "skewes" word as onfatsoenlik en dus as afwykend geïdentifiseer. Homoseksuele word in teenstelling met heteroseksuele in sosiale interaksiesituasies nie met respek behandel nie.

(ii) Overte "gay"-klieke en -mans wat in vroueklere geklee gaan, seksueel losbandig is, prostitusie beoefen, opsigtelik homoseksueel is, ensovoorts, word deur koverte homoseksuele as "common" en nie-fatsoenlik bejeën.

(iii) Heteroseksuele beklee die magsposisies in die samelewing en lê die standaarde vir fatsoenlikheid en afwykende gedrag neer. Binne die "skewe" gemeenskap word die kriteria vir goed en sleg neergelê deur koverte "gays" wat weens geheimhouding van hul seksuele oriëntasie gesogte posisies in die samelewing bekleë.

4.2.2.3 Konflikperspektief

Indien dit breedweg beskou word, impliseer die konflikbenadering dat die sosiale realiteit in terme van botsende belange, oneweredige verspreiding van mag, botsende beskouings of ideologieë verklaar kan word. Konfliksosioloë bevraagteken oor die algemeen bestaande sosiale verhoudings. Volgens Oosthuizen (1984:18) word sosiale interaksie volgens dié sosioloë: "... gekenmerk deur verdeeldheid, konflik, vyandiggesindheid en dwang omdat mense verskillende belange het, almal nie oor ewe veel mag beskik nie en botsende idees of waardes

aanhang." Dié verskille bring dan soos hy (Oosthuizen 1984:18) tereg sê mee: "... dat mense - hetsy as individue hetsy in kollektiewe verband - met mekaar in botsing kom of dat hulle onder dwang van magte, waaroor hulle self geen beheer het nie, vervreemd raak van hulleself, van hulle medemense en hulle omgewing. Konflik is volgens hierdie sosioloë 'n inherente kenmerk van alle sosiale gedrag en die vernaamste oorsaak van sosiale verandering."

Twee breë kategorieë van konflik word onderskei te wete: makrososiale en mikrososiale konflik. Wat eersgenoemde betref is Marx, Engels, die sosiale Darwiniste, Pareto, Simmel, Dahrendorf en Coser se bydraes veral van belang terwyl die eksponente van die Frankfurtskool, Mills, Mead, Thomas, Weber, Berger, Luckmann en Becker aandag aan laasgenoemde geskenk het (Oosthuizen, 1984:18).

Sosiale konflik word op verskeie plekke in Dha'Kar se homoseksuele lewe waargeneem. Die belangrikste voorbeelde van konflik en spanning tussen die subjek en ander individue en groepe individue kan in die volgende uittreksels waargeneem word:[9]

(i) *Hierdie jaloesie kan grootliks daaraan toegeskryf word dat ek op professionele of akademiese vlak beter as my kollegas gevaar het, dat ek meer dryfkrag gehad het, dat daar vir my 'n toekoms was en dat ek nie belanggestel het om te stagneer nie ... en ek vir hulle 'n bedreiging ingehou het. Dan het hulle ook begin met die tipe van praatjies dat daar nie plek vir 'n <u>moffie</u> in hierdie opset was nie en ook dat hulle allerhande onwaarhede omtrent my versprei het ... Die uiteinde van die saak was dat ek besluit het om 'n verandering te maak nadat hulle my die lae hou geslaan het om my uit die eenheid waaraan ek so hard gewerk het (ses jaar), te neem ... Ek het onder andere 'n onderhoud met die hoof van die inrigting gehad, en die betrokke professor het doodeenvoudig vir my gesê dat ek my lojaliteit in my sak moes druk en dat ek op my agterpote moes staan en terugveg. Ek het dit probeer doen. Ongelukkig is ek nie een van daardie mense wat van die môre tot die aand kan baklei, veg en aangaan nie. Ek het nie daarvoor kans gesien nie. Dit was vir my*

9. Voorbeelde van sosiale konflik en spanning word ook in die voorgaande sitate aangetref word.

*abnormaal, en nie 'n situasie waarin ek my elke dag kon sien nie. ... Hulle het my toe na 'n ander eenheid oorgeplaas en ek het daar begin werk ... Uit 'n beginseloogpunt het ek besluit dat daar nie vir my 'n toekoms in is om elke keer wanneer ek by 'n plek sekere mylpale behaal het, daar doodeenvoudig aan my gesê word dat ek nou maar net na die volgende punt moet beweeg nie. Dit was nie vir my aanvaarbaar nie. ... Dit het ook nie hierdie onwaarhede wat hulle oor my verkondig het, tot niet gemaak nie. Dit het maar net aangegaan en aangegaan totdat ek uit eie beweging stappe teen hulle geneem het wat meegebring het dat twee manne met gesinne, hulle werk verloor het. Dit het aan my begin krap. Dit het vir my gevoel asof ek skuldig is aan die gesinne se probleme wat ontstaan het en dat ek hulle botter en brood uit hulle monde geneem het. Daarom het ek besluit om 'n verandering te maak ... Dit het tog meegebring dat ek 'n mate van aggressie jeens die* <u>*bm*</u>*-gemeenskap oorgehou het.* (Outobiografie.)

(ii) N: *Vind jy dat daar 'n soort magspel tussen "bm's" en "gays" en tussen "gays" onderling is?*

D: *Ek dink dit wat jy vir my sê het ek al ondervind en spesifiek in my beroepslewe ... 'n* <u>*Gay*</u> *wat absoluut vorder en nie sy gelyke in die Departement het nie en wat erken dat hy* <u>*gay*</u> *is, word dit* (sy homoseksualisme) *later wanneer hy in direksiekader kom teen hom gebruik. Dit word so 'n "J.R."-speletjie; nou moet ek jou onder kry want jy sal my verbygaan. Ek kan net vir jou sê sulke* <u>*gays*</u> *se sienswyses noodsaak hulle om altyd te presteer. In 'n mate kan jy dit terugvoer na die feit dat jy jouself wil bewys en meer aanvaarbaar aanbied aan jou gemeenskap ... Die* <u>*gay*</u> *wat dan nou bo uitkom ... se probleme begin nou want hoe kan* <u>*bm's*</u> *nou onder 'n* <u>*gay*</u> *werk? Dit was al geverbaliseer in 'n situasie waar personeelaangeleenthede bespreek was en waar 'n* <u>*gay*</u> *se merietewaardigheid hoog was en hy bevorder moes word. Hulle kon hom toe nie aanstel nie omdat die mense gesê het: "Ja, maar hy's 'n* <u>*moffie*</u>*!" Ek dink dit was 'n vrees omdat hulle die persoon nie ken nie ... Dit is 'n persoon se seksuele oriëntasie, hoe hulle jou "label", want dit is 'n* <u>*moffie*</u> *endit is 'n* <u>*bm*</u>*!, wat só 'n groot verandering kan bring ... Dit is vir die groter gemeenskap baie meer aanvaarbaar om 'n* <u>*bm*</u> *in die pos*

*te hê as 'n gay want die hm-gemeenskap sien die gay as afwykend.* (Die werkgewers) *wil nie so 'n persoon akkommodeer nie, hulle kan nie! ... Maar nou wil ek ook in dieselfde asem net vir jou sê dat gays wat in die bestuur sit net so diskriminerend is ... en wil verhoed dat hm's* (in die instansie) *insypel. Dit sny weerskante toe. Ek sien dit as 'n misbruik van mag wat definitief 'n invloed het.*

N: *Dink jy dit speel ook 'n rol onder "gays"?*

D: *... As jy buite jou waardesisteem seks gehad het, kan dit byvoorbeeld deur die overte teen jou gebruik word want dit sal net hulle wees wat vir jou daardie geleentheid skep. Na die seksdaad is jy weer terug by die koverte groep ... Kan jy dink as 'n koverte met iemand in die overte groep 'n seksuele daad gepleeg het hoe die overte dit kan benut? Die overte groep se waardesisteem is só dat hulle nie omgee nie en nie vir daardie mens veel voel nie. Jy weet hulle sien hom as 'n "upstairs, stiff-lip", iemand met 'n baie-beter-as-ek-houding. Nou klim hy saam met my in die bed en nou wil hy hom so "high en mighty" hou! Hy het nou, ek wil nie sê dis uit weerwraak nie, die mag wat hy kan gebruik. En dit is waar jou koverte se vrees dat die breë samelewing hom nie sal aanvaar nie, inkom. Ek hét dit, Willem. Ek wil nie hê iemand moet my identifiseer en dit vir die hele wêreld gaan sê nie ... Jy weet die oomblik wat jy 'n bietjie status gekry het en mense jou begin raaksien dat jy 'n identifiseerbare persoon in die samelewing is, wil hulle* (overte "gays") *met jou assosieer. Hier is dit ook: "Assosieer met my óf ... die wêreld weet van jou!" Willem, ek kan vir jou sê die overte groep praat openlik daaroor. Dis nie vir hulle 'n skande nie. Hulle sien niks daarmee verkeerd nie, hulle gee nie om wie hulle seermaak of wie hulle in die samelewing laat val nie.* (Onderhoud 1988-12-28.)

(iii) *Pieter sal altyd in iemand belangstel wat niks met hom te doene wil hê nie. Hy is altyd die een wat in die proses seerkry. Hy is die een wat met lang trane by ons kom sit en vra wat verkeerd is, hoekom kan hy nie ook 'n maat kry nie. 'n Mens gee raad en leiding maar 'n mens kan definitief nie vir hom 'n maat kies of soek nie ... Hy*

*kan 'n mens soms tot raserny dryf. Dit het al vir my gevoel asof ek hom te lyf kan gaan.* (Outobiografie.)

(iv) *Ek glo nie my jonger broer en my ouboet het dit (my homoseksualisme) aanvaar nie. 'n Mens kom dit agter in hulle optrede teenoor John en selfs teenoor my. Hulle vermy ons want 'n mens hoor maar net later dat hulle in die stad was en dat hulle reg voor jou deur verbygery het. Hulle was hier maar sal nie eers 'n koppie tee kom drink nie ... Maar nouja, dit is my leefwyse en hulle het hulle leefwyse en het seker 'n keuse en 'n reg. Ek sou graag nader aan hulle wou lewe.* (Outobiografie.)

(v) *My lewensfilosofie is dat ek almal insluitend hm's en skewes gelukkig en in harmonie met mekaar wil sien.* (Outobiografie.) *Maar ten opsigte van die harmonie waarvan ek daar praat, wil ek eintlik vir jou vra: Is ons nie Godgeskape wesens nie? Kan ons mekaar nie aanvaar en vir elkeen sy sonskyndeel gee nie? Ek kan verstaan dat dit nie werklik sal realiseer nie, maar dit is wat 'n mens graag sou wou hê. Daar is disharmonie, neem maar net hierdie laaste ruk wat kindermolestering aan die orde van die dag was. Ek kan nie sien dat dié begeerte van my ooit sal realiseer nie. Hierdie tipe insidentering laat die hm maar net weer voel dat 'n gay alles is wat sleg is. Die media wat blatant hieroor berig, bring hierdie disharmonie jy weet, hierdie wanbalans tussen die hm's en die skewes weer na vore.* (Onderhoud 1988-12-28.)

Dit is duidelik dat veral daardie konseptuele raamwerke wat konflik tussen die individu en sosiale groeperinge toelig, toepassing vind in die subjek se lewe. Verder blyk dat die konsepte mag en gesag baie nuttige instrumente is om 'n greep op Dha'Kar se sosiale werklikheid te verkry.

Drie relatief resente konseptuele raamwerke van die afwykende gedragsosiologie is: die etiketterings-, konflik- en fenomenologiese benaderings. Weens hul klem op "betekenishegting" aan afwykingsverskynsels en hoe mense ooreenkomstig dié betekenisse optree, kan hierdie raamwerke as antipositivisties beskou word en Dha'Kar se homoseksuele lewenstyl kan aan die hand daarvan besonder goed verduidelik word.

## 4.3 SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING

Hierdie Hoofstuk word gewy aan die sentrale probleem van die onderhawige ondersoek, te wete, die betekenisloosheid en irrelevansie van sosiologies-teoretiese konstrukte van afwykingsverskynsels in die praktyk. Daar is nagegaan in watter mate die sosioloog se simboliese gereedskap of tweede-orde konstrukte 'n enkele homoseksueel se subjektiewe betekenisse of eerste-orde konstrukte soos vervat in sy lewensgeskiedenis ophelder.

Die onderskeie dimensies en nuanses wat volgens sosioloë in homoseksualisme opgesluit lê, word almal in Dha'Kar se verslag oor sy homoseksuele lewe aangetref en bied 'n baie nuttige instrument om sy "skewe" lewe te begryp. Sosioloë se klassifikasies van homoseksualisme in terme van geslagsrolle, uitingswyses en lewenstyl, bied ook goeie verwysingsraamwerke vir die analise van Dha'Kar se "gay"-lewe.

Wat die toepaslikheid van teorieë en modelle van homoseksualisme op dié homoseksuele lewe betref, blyk dat: (i) die biologiese teorie nie aansluiting by sy lewe vind nie terwyl die psigiatriese konseptuele raamwerk grotendeels 'n verklaring vir sy sosiale werklikheid bied; (ii) sosiologiese teorieë en modelle van homoseksualisme wat op oorsake fokus nie verklaar waarom die subjek "gay" geword het nie, en (iii) nie-kousale teoretiese konstrukte in die algemeen en homoseksuele identiteitsontwikkelingsmodelle in die besonder, Dha'Kar se "skewe" lewenstyl veral goed belig.

Drie konseptuele raamwerke aan die hand waarvan sosioloë betekenis aan afwykingsverskynsels gee, belig elk sommige fasette van Dha'Kar se homoseksualisme - maar nie almal nie - besonder goed. Dié konstrukte is: die etiketterings-, konflik- en fenomenologiese benaderings.

Die voorgaande sosiologiese konseptuele instrumente met behulp waarvan afwykingsverskynsels in die algemeen en homoseksualisme in die besonder verklaar kan word, moet met die oog op die soeke na verdere gevalle wat teoretiese konstrukte kan weerlê, aangepas word. Dit verteenwoordig, soos vroeër aangetoon, die vierde stap van analitiese induksie - 'n stap wat buite die bestek van die onderhawige ondersoek val.

Die feit dat verskeie sosiologiese konstrukte besondere fasette van 'n homoseksuele lewe betreklik goed belig maar nie almal nie, dui op die belangrikheid

van die gebruik van 'n verskeidenheid teoretiese konstrukte wanneer 'n greep op 'n homoseksuele of enige ander menslike lewe verkry wil word. In die lig hiervan is dit belangrik dat in toekomstige kwalitatiewe en lewensgeskiedenis-navorsing waarin van analitiese induksie as inferensiële metode gebruik gemaak word, deeglik rekening gehou sal word met wat die perspektiviese aard van die Sosiologie genoem word (vgl. Cuff & Payne, 1984). Hoewel verskeie tipologieë al ontwikkel is om die onderskeie sosiologiese perspektiewe te akkommodeer (vgl. Van Eeden, 1984:2), lyk die een van Buckley (1967) veral belowend. Die volgende opmerkings van Steyn (1984:14) is in dié verband van belang:

"Wanneer Buckley se uiteensetting van die moderne sisteemteorie en die besondere kenmerke van die sameleving as 'n komplekse adaptiewe sisteem, waar die proses van informasieverwerking en terugvoering nie net tot die handhawing van die sisteem kan bydra nie maar ook tot die elaborasie en verandering van die struktuur, globaal gesien word, is dit duidelik dat *ons hier nie net met 'n besondere dinamiese siening van die sameleving as 'n sisteem te doen het nie maar ook met 'n besondere oop en breë siening wat toelaat dat 'n verskeidenheid van perspektiewe in die sosiologie daarby geïnkorporeer kan word."* (Kursivering aangebring.)

Die oop-sisteemteorie kan dus 'n handige hulpmiddel wees wanneer konkrete individuele lewens van homoseksuele of ander afwykende of konformerende persone met die oog op die konstruksie van universele hipoteses en uiteindelik praktyk relevante modelle en teorieë aangewend word.

EPILOOG

## 1. INLEIDING

In hierdie slotgedeelte word eers die vernaamste standpunte, bevindings en gevolgtrekkings van die ondersoek saamgevat, daarna word die belangrikste implikasies wat die ondersoek vir afwykende gedragsosiologie inhou, aangetoon en ten slotte word enkele aanbevelings ten opsigte van verdere kwalitatiewe en meer spesifiek lewensgeskiedenisnavorsing in Suid-Afrika gemaak.

## 2. SAMEVATTING

Aangesien reeds aan die einde van die onderskeie hoofstukke samevattings van die inhoud daarvan gegee is, word hier slegs op die hoofmomente van die hoofstukke gekonsentreer.

### 2.1 ORIËNTASIE

In die **Voorwoord** het die volgende aandag geniet:

#### 2.1.1 <u>Die sosiologiese aktualiteit van die navorsingsgebied</u>

Die opkoms en huidige stand van afwykende gedragsosiologie is oorsigtelik bespreek. Die ontwikkeling wat die studiegebied op metodologiese en teoretiese gebied deurloop het, is geskets aan die hand van 'n bespreking van die belangrikste aannames van die twee breë benaderings binne afwykende gedragsosiologie, te wete, die positivistiese en antipositivistiese afwykende gedragsosiologie. Dit het geblyk dat

(i) verskillende standpunte oor hoe afwykende gedragsverskynsels nagevors behoort te word, bestaan,

(ii) die aanwending van kwalitatiewe navorsing en die gebruik van menslike dokumente respektiewelik, 'n metodologiese benadering en data-insamelingsmetode, tans toenemend deur antipositivistiese afwykende gedragsosioloë ingespan word, en

(iii) sowel dié benadering as dié metode groot belofte inhou vir die ontwikkeling van afwykende gedragsosiologie in Suid-Afrika.

2.1.1.1 Kwalitatiewe afwykende gedragstudies

Die ontstaan, ontwikkeling en huidige stand van die kwalitatiewe navorsingstyl in die sosiologie van afwykende gedragsosiologie is geskets. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat, ofskoon

(i) vooraanstaande sosioloë al kwalitatiewe studies onderneem het,

(ii) van die Sosiologie se klassiekste bydraes ten minste gedeeltelik op "sagte" inligting gegrond is,

(iii) van die dissipline se vernaamste konsepte al deur kwalitatief georiënteerde sosioloë ontwikkel is, en

(iv) kwalitatiewe afwykende gedragstudies in die jongste tyd 'n toename toon, die kwalitatiewe navorsingstyl tans in vergelyking met sy kwantitatiewe eweknie in sowel afwykende gedragsosiologie as in die Sosiologie onderbenut word.

2.1.1.2 Die gebruik van menslike dokumente

In die bondige bespreking van die gebruik van menslike dokumente was die volgende die belangrikste afleidings:

(i) Hoewel lewensgeskiedenisse en ander persoonlike dokumente reeds gedurende die negentiende eeu en met die aanvang van die huidige eeu aandag geniet het, het die data-insamelingsmetode in die Sosiologie eers met die publikasie van Thomas en Znaniecki se *The Polish peasant in Europe and America* in 1918 beslag gekry.

(ii) Wat die terrein van die Kriminologie betref, was Shaw en van sy kollegas die eerste sosioloë om sistematies verkreë lewensgeskiedenisse in die studie van jeugwangedrag en misdaad aan te wend.

(iii) Shaw (1930) se *The jack-roller: a delinquent boy's own story* (1930) en Sutherland (1937) se *The professional thief by a professional thief* (1937), kan as die belangrikste lewensgeskiedenisse beskou word wat nog op die gebied van die afwykende gedragsosiologie verskyn het.

(iv) Die lewensgeskiedenis het min of meer sy glanstydperk in Amerika tussen 1920 en 1935 beleef maar kon nie daarin slaag om sigself as 'n sentrale data-insamelingsmetode in die Sosiologie te vestig nie.

(v) Belangstelling in menslike dokumente het in die tweede helfte van die jare sestig opgevlam waarna dit sedert die jare sewentig dermate toegeneem het dat dit tans toenemend in afwykende gedragsosiologie en ander spesialisasiegebiede van die Sosiologie aangetref word.

(vi) Ten spyte van die huidige herlewing van die gebruik van menslike dokumente in maatskaplike navorsing beklee dit tans nog 'n marginale posisie in dergelike navorsing.

#### 2.1.1.3 Afwykende gedragsosiologie in Suid-Afrika

Dit het geblyk dat afwykende gedragsosiologie net soveel aandag as die ander spesialisasiegebiede van die Sosiologie in Suid-Afrika geniet; dit in Suid-Afrika die afgelope dekade veral op teoretiese gebied ontwikkeling getoon het en die kwantitatiewe navorsingstyl wat die afwykende gedragsosiologie tans nog oorheers, na verwagting in die negentigerjare toenemend plek sal moet maak vir kwalitatiewe studies.

### 2.1.2 Probleemstellings

Die ondersoek het aan twee probleme aandag geskenk, te wete:

(i) Die sentrale navorsingsprobleem: Bestaande konsepte, tipologieë, modelle en teorieë van konvensionele afwykende gedragsosiologie word toenemend bevraagteken omdat dié konstrukte oorwegend verband hou met standpunte waarby die sentrale akteur van die studieveld, te wete die afwykende, grootliks oor die hoof gesien word.

(ii) 'n Verdere navorsingsprobleem: Sosiologiese denkbeelde is ver verwyderd van die sosiale werklikheid van afwykende gedrag wat hoogs dinamies is omdat dit voortdurend deur mense, ooreenkomstig hul subjektiewe ervaring en interpretasie van waardes, norme, ideologieë en betekenishegting aan simbole geskep en herskep word wat nie (noodwendig) deur 'n kwantitatiewe navorsingstyl verreken word nie.

### 2.1.3 Doelstellings

Na aanleiding van voorgenoemde probleemstellings was die doelstellings van die ondersoek die volgende:

(i) Om bestaande teoretiese konstrukte van homoseksualisme aan die hand van 'n lewensgeskiedenis as kwalitatiewe navorsingsmetode te verifieer en in terme van die afwykende te formuleer. Sodoende kan ook nagegaan word of kwalitatiewe sosiologiese konstrukte 'n verklaring vir 'n homoseksueel se lewe bied. 'n Enkele man se opvattings van sy lewe as homoseksueel, soos opgeteken in sy lewensgeskiedenis, word derhalwe gebruik om bestaande konsepte, tipologieë, modelle en teorieë van homoseksualisme in twyfel te trek.[1] Deur die toepaslikheid van sentrale teoretiese konstrukte by 'n outentieke geval na te gaan, poog die studie nie alleen om die geloofwaardigheid van dergelike konstrukte te verhoog nie, maar ook om 'n grondiger insig hier te lande te verkry.[2]

---

1. Wat die modelle betref, is in die ondersoek slegs aandag geskenk aan dié wat te make het met homoseksuele identiteitsvorming wat deur Plummer (1975:131-153) en Troiden (1977; 1979:362-373) ontwikkel is. Daar is op dié twee modelle besluit omdat (i) Plummer se model die basis vir latere dergelike modelle gevorm het en Troiden se model baie met dié van Plummer ooreenstem en empiries geverifieer is, en (ii) beide meer bruikbaar as ander homoseksuele identiteitsmodelle was om die proses van homoseksueelword by tien manlike adolessente hier te lande te verduidelik.

2. Dit is belangrik om daarop te let dat in die ondersoek nie getrag word om 'n nuwe teorie te konstrueer nie. Hoewel belangrik, sou só 'n taak veels te omvattend wees om óók in die huidige studie aangepak te word. Aangesien die hele lewensverhaal en nie net die dele daarvan wat met sentrale teoretiese konstrukte verband hou in die ondersoek aangebied word nie, sou die geïnteresseerde leser of sosioloog self dié taak kon onderneem.

(ii) Om deur middel van die kwalitatiewe navorsingstyl eerstehandse inligting aan die hand van 'n persoonlike dokument (outobiografie) van 'n selferkende homoseksueel se definisie van die situasie, sy subjektiewe ervaring en interpretasie van waardes, norme en die betekenishegting aan simbole, in te win. Hiervolgens word dus getrag om die statistiese stereotipe denkbeeld van afwykende gedrag wat dikwels realiteit-verwyderd is, te omseil deur dit kwalitatief te belig en te interpreteer.

2.1.4 Navorsingsontwerp

Ten einde te poog om afgesien van kwantitatiewe metodologie ook 'n geldige begrip van afwykingsverskynsels te verkry en die twee gestelde probleemstellings te bolwerk, is in die ondersoek van 'n kwalitatiewe navorsingsmodel gebruik gemaak.

2.1.5 Navorsingstrategie

Vanweë die oogmerk met die ondersoek om 'n enkele homoseksueel se lewe uitvoerig te ondersoek, is die kontekstuele navorsingstrategie gevolg. Daar dit in die ondersoek nie net om die begryp of verstaan van homoseksualisme gegaan het nie maar ook om die eksaminering van reeds bestaande teoretiese konstrukte is ook elemente van die nomotetiese benadering in die studie aangetref. Die rede vir die aanwesigheid van nomoteties-positivistiese elemente het verband gehou met die feit dat in die ondersoek aandag aan oorsake gegee is. Nogtans het dit nie beteken dat die ondersoek tot 'n ontologie gekompromitteer was waarvolgens menslike handeling deur wette bepaal is sonder dat enige ruimte vir vrye menslike handeling gelaat is nie. Daar is in aansluiting met Mouton en Marais (1985:47-48) van die standpunt uitgegaan dat kousaliteit deel van menslike gedrag vorm, sonder dat enige wetmatigheid onderliggend aanwesig hoef te wees. In die onderhawige ondersoek is onder meer getrag om vas te stel wat 'n selferkende homoseksueel se motiewe was om 'n homoseksuele leefwyse te kies. Verklaring van menslike gedrag in terme van aanleidende oorsake is soos Mouton en Marais (1985:48) tereg aandui, nie in stryd met die voluntarisme wat die vrye wil en vrye keuse asook besluitneming van die subjek wil beskerm nie, aangesien aanvaar word dat alle mense nie dieselfde redes vir hul gedrag sal verstrek nie. Die redes waarom Dha'Kar tot 'n homoseksuele leefwyse oorgegaan het, soos uit sy outobiografie asook uit die onderhoude geblyk het, kan,

hoewel dit met reg as oorsake vir sy homoseksualisme beskou kan word, dus nie ook as oorsake van ander homoseksuele se homoseksualisme geneem word nie.

### 2.1.6 Data-insamelingsmetode

Soos reeds genoem, is in die ondersoek van 'n menslike dokument en meer spesifiek van 'n outobiografie, gebruik gemaak. 'n Homoseksuele man, Dha'Kar, het op versoek van die navorser so volledig moontlik en in sy eie woorde 'n verslag oor sy lewe opgestel.

### 2.1.7 Data-ontledingsmetode

Daar analitiese induksie besonder geskik is om inferensies uit lewensgeskiedenisse te maak en om bestaande teoretiese konstrukte na te gaan, is dit in die studie gebruik. Die wyse waarop dié metode aangewend is, is geskoei op die lees van die Winslowmodel en het meer spesifiek soos volg daaruit gesien:

(i) Manlike homoseksualisme is aan die hand van die relevante literatuur omskryf.

(ii) Die belangrikste teoretiese konstrukte is as hipotetiese verklarings uit die bestaande literatuur oor homoseksualisme onttrek.

(iii) 'n Konkrete geval van homoseksualisme, naamlik 'n homoseksuele man, Dha'Kar, se subjektiewe belewenisse soos vervat in sy outobiografie is gebruik om die toepaslikheid van dié konstrukte en enkele ander relevante konseptuele raamwerke van afwykende gedrag na te gaan.[3]

## 2.2 SENTRALE KONSTRUKTE VAN DIE SOSIOLOGIE VAN HOMOSEKSUALISME

In Hoofstuk 1 is die vernaamste konstrukte waarmee sosioloë poog om 'n greep op die verskynsel van manlike homoseksualisme te verkry, beskryf. Aandag is ook geskenk aan enkele ander sosiaal-wetenskaplike konstrukte van homoseksualisme wat 'n invloed op dié van sosioloë gehad het. Die slotsom waartoe in hierdie Hoofstuk gekom is, is:

---

3. Dit is belangrik dat in gedagte gehou word dat al die stappe van analitiese induksie soos in die Voorwoord beskryf nie in die ondersoek uitgevoer kon word nie.

(i) Verskeie uiteenlopende en kontrasterende teoretiese konstrukte kan binne die sosiologie van homoseksualisme onderskei word. Sosioloë het die afgelope drie dekades verskeie definisies en dimensies van homoseksualisme beklemtoon, 'n wye reeks indelings van hierdie verskynsel opgestel en 'n hele aantal teorieë en modelle van dié seksuele oriëntasie ontwikkel.

(ii) Sosiologiese konseptuele raamwerke van homoseksualisme kan breedweg verdeel word in etiologiese en in nie-etiologiese teorieë en modelle van homoseksualisme. Eersgenoemde kan globaal beskou, as verteenwoordigend van die positivistiese afwykende gedragsosiologie en laasgenoemde as kenmerkend van die antipositivistiese afwykende gedragsosiologie beskou word. As sodanig beklemtoon hierdie twee breë konseptuele raamwerke sleuteldimensies van homoseksualisme en lewer elkeen 'n essensiële bydrae tot die sosiologie van homoseksualisme.

## 2.3 VERLOOP EN GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE ONDERSOEK

Soos gebruiklik in die kwalitatiewe tradisie is 'n uiteensetting van die belangrikste besluite en stappe wat tydens die uitvoering van die ondersoek geneem is, onder die natuurlike geskiedenis van die studie (Hoofstuk 2) bespreek.

Die belangrikste sake wat in dié Hoofstuk na vore gekom het, kan kernagtig soos volg saamgevat word:

(i) Die lewensgeskiedenis kon nie losgemaak word van sekere verwikkelings in die navorser se opvattings van wetenskapsbeoefening en van strominge binne die Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing van die RGN waar hy werksaam is nie.

(ii) In navolging van Becker (1970:37) is elke datum van die ondersoek nie weergegee nie en is slegs die kenmerkende vorme wat die gegewens tydens elke stadium van die navorsing aangeneem het, beskryf.[4]

4. Afgesien daarvan dat dit nie moontlik is om 'n volledige uiteensetting van elke besluit wat tydens die studie geneem is, te gee nie, mag só 'n uitvoerige beskrywing die leser verveel.

(iii) Hoewel die belangrikste besluite en stappe wat tydens die ondersoek geneem is, bespreek is ooreenkomstig die tydstip waarop dit veral plaasgevind het, het dit weens die hoogs veranderlike karakter van die kwalitatiewe navorsingsproses in werklikheid geensins georden en chronologies verloop nie. Dié proses is voortdurend beïnvloed deur die navorser, die subjek en die feit dat van 'n besondere metode, te wete die outobiografie, gebruik gemaak is. Verskeie probleme, waarvan sowel die navorser as die subjek se gebrek aan tyd die belangrikste was, moes ook oorbrug word.[5]

(iv) 'n Hegte en intieme verhouding het oor 'n dekade heen tussen die subjek en die navorser ontwikkel wat onder meer die unieke geleentheid gebied het om die subjek se persepsie van sowel die ondersoek as die verloop daarvan met dié van die navorser te vergelyk.

(v) Die ondersoek het volgens fases naamlik die aanvangs- of toegangsfase, die middel- of basiese data-insamelingsfase en die finale of eindfase verloop.

(vi) Die subjek se motiewe vir die opstel van sy outobiografie was in sy eie woorde: *... nie vir eie gewin nie maar spruit eerstens uit die behoefte ... om te gee en te bevredig. Tweedens, om die navorser met wie ek bevriend geraak het, te help en derdens moontlik aan* u *die leser te toon dat ek net so 'n lewe lei soos u, dieselfde God aanbid as* u *en dat ek tog, al is ek skeef, my plek in die samelewing volwaardig kan vol staan en net so 'n bydrae soos* u *daarin kan lewer.*

(vii) Hoewel verskeie strategieë gebruik kan word om 'n lewensgeskiedenis op te stel, moet data neergeskryf en/of op band vasgelê word waarna dit volledig of gedeeltelik getranskribeer word. Dha'Kar het, afgesien van die laaste aantal jare waaroor sy verhaal strek, toe hy weens 'n druk werkprogram en gebrek aan tyd van 'n bandmasjien gebruik gemaak het, sy outobiografie geskryf.

---

5. Kwalitatiewe navorsing is 'n buigbare proses waartydens verskillende besluitnemingstappe voortdurend en nie volgens 'n tydsvolgorde geneem word nie. Hierbenewens word verskillende stappe dikwels terselfdertyd geneem. Dit bring alles mee dat geen vaste reëls vir die uitvoer van kwalitatiewe navorsing bestaan nie maar hoogstens breë riglyne.

(viii) In die ondersoek was nie sprake van 'n formele kontrak tussen die navorser en die subjek nie maar wel van 'n implisiete navorsingsooreenkoms wat verskeie kere aangepas is.

(ix) Die aard van die verhouding tussen die navorser en die subjek het namate die kontak tussen hulle toegeneem het dermate verander dat die navorser en sy vrou (a) gevind het dat Dha'Kar en sy vriend baie met hulle in gemeen het, dat die etiket "afwykendes" op 'n baie beperkte deel van hul lewens van toepassing is, en (b) die subjek en sy vriend vandag tot hul vriendekring reken.

(x) Behalwe dat die skryf van die outobiografie tydrowend was, het dit ook emosionele spanning by die subjek en by sy moeder wat hom aanvanklik daarmee gehelp het, teweeggebring. Dha'Kar het in dié verband onder andere die volgende geskryf: *Daar was tye dat ek gevoel het om my deelname te staak. Dit was wanneer dit gekom het by die dieper aspekte van die <u>gay</u>-lewe; die aspekte wat seergemaak het; die oproep van onaangename herinneringe; die dieper ontdekking van myself en die moontlikheid dat alles so anders kon gewees het. Soms het dit gebeur dat ek stukke opgeskeur het, oorgeskryf het, trane by my moeder, wat my soms moes help om gebeurtenisse agtermekaar te kry, laat vloei het.*

(xi) Persoonlike en emosionele spanning wat deur die navorser ten tyde van sy dogter se terminale siekte ervaar is, het 'n betreklik ingrypende uitwerking op die subjek-navorserverhouding gehad.

(xii) Redigering wat 'n integrale deel van die interpretasie van 'n outobiografie vorm, het tydens die middelfase maar veral gedurende die finale fase geskied. Die subjek se besondere skryfstyl het nie altyd sy ervarings en beskouings duidelik weergegee nie en is, ten einde 'n leesbare en samehangende geheel uit te maak deur die navorser aangepas. Herhalende, niksseggende en veral identifiserende dele in die subjek se lewensgeskiedenis asook die posisie van die woorde in die sinne is verander. Hoewel dié veranderinge die idiosinkrasie van die subjek se skryfstyl versteur het, het die outentisiteit van sy verhaal behoue gebly.

(xiii) Die navorser het, onderwyl die subjek sy lewensverhaal geskryf het, ten einde hom so min as moontlik te beïnvloed, 'n passiewe rol vertolk en sy sieninge van homoseksualisme tydens gesprekke tussen hulle sover moontlik verontagsaam. In die geheel gesien, stem die mate waarin die navorser tweede-orde konstrukte op die subjek se wêreldbeskouings toegepas het, ooreen met Plummer (1983:113-114) se "sistematiese tematiese analise".

(xiv) Die geldigheid van die lewensgeskiedenis is by wyse van die volgende geldigheidskontroles gekontroleer: Eerstens het die subjek op versoek van die navorser persone wat hom goed ken, versoek om gebeure uit sy lewe wat aan hulle bekend is, te kontroleer. Tweedens het die navorser 'n homoseksuele man wat die subjek nie ken nie versoek om die verhaal te bestudeer. Derdens het die navorser foto-albums van die subjek asook enkele briewe wat aan hom geskryf is, bestudeer. Ten slotte het die subjek self die finale outobiografie asook die navorser se interpretasie daarvan gekontroleer.

(xv) Die subjek het met die kommentare van die persone wat sy outobiografie bestudeer het asook met die navorser se vertolking van die lewensgeskiedenis akkoord gegaan. Wat die navorser se interpretasie betref, het die subjek die volgende twee opmerkings gemaak: *(a) Dit is belangrik dat deurgaans in gedagte gehou word dat die feit van my sienswyse rondom die erotiese later verskuif het na my liefde vir John, en dan liefde vir hom as mens en nie sy fisieke nie, soos wat dit later in Hoofstuk 4 na vore kom. (b) Aandag moet daaraan geskenk word dat daar aanvanklik 'n "overtisme" in my* ***skeefheid*** *was maar dat namate my en John se verhouding gevorder en ek op persoonlike, sosio-ekonomiese, maatskaplike en akademiese vlakke ontwikkel het, ek myself tans streng as deel van die koverte komponent van die* ***gay****-lewe sien.*

(xvi) Dáár 'n kontekstuele navorsingstrategie in die studie geïmplementeer is, het die klem op die voortbring van akkurate bevindings en resultate wat in ooreenstemming met die leefwêreld van die subjek is, geval.

(xvii) Hoewel alle stappe wat in die ondersoek gevolg is nie gerapporteer kon word nie en 'n bloudruk nie verskaf kon word sodat ander navorsers dit kan herhaal nie, beteken dit nie dat die resultate daarvan nie in verdere navorsing getoets kan word nie. Inteendeel, die verifikasie van die huidige ondersoek se resultate sonder dat dit herhaal hoef te word, word aangemoedig deur die klem wat analitiese induksie op die soeke na gevalle wat bevindings weerspreek, laat val.

(xviii) Die veroudering van gegewens en die weglating van belangrike data was in die ondersoek veral 'n bedreiging vir geldige waarnemings.

(xix) Daar is sover moontlik getrag om die belangrikste veranderinge in die subjek se opvattings in sy outokritiek aan te toon.

(xx) Hoewel dit uiteraard onmoontlik was om alle gebeure, verhoudings, gevoelens, houdings en persepsies in die subjek se lewe weer te gee, is daardie inhoude van sy lewe wat 'n belangrike invloed op die verloop daarvan gehad het so volledig moontlik in die lewensgeskiedenis versamel.

(xxi) In die ondersoek het dit nie om die waarheid *per se* gegaan nie maar oor die subjek se persepsies en definisies van sowel situasies in sy lewe as verskynsels en gebeure in die samelewing wat daarmee verband gehou het.

(xxii) Die volgende maatreëls is gebruik om doelbewuste verdraaiings en oordrywings en die fabrisering van gebeure deur die subjek aan bande te lê: (a) evaluering van sy verhaal deur sy suster en ander persone wat hom goed ken en gedeel het in sommige gebeure in sy lewe; (b) kommentaar deur 'n homoseksueel wat nie aan die subjek bekend is nie; (c) gebruik van persoonlike argivale bronne en (d) die nagaan van onkonsekwenthede in die outobiografie.

(xxiii) Daar is niks gevind op grond waarvan die subjek se verhaal in twyfel getrek kan word nie. Daar is dan ook tot die slotsom gekom dat indien wanvoorstellings wel plaasgevind het, dit eerder die uitsondering as die reël was én dit dan nog bes moontlik onopsetlik was en/of teruggevoer sou kon word na misverstande en/of veranderinge wat later in die subjek se opvattings ingetree het.

(xxiv) Wat eksterne geldigheid of veralgemeenbaarheid betref, reflekteer die subjek tegelykertyd eienskappe wat verteenwoordigend en nie tipies van die blanke homoseksuele gemeenskap in Suid-Afrika is nie. Die dimensies van Dha'Kar se lewenstyl wat terselfdertyd ooreenstem met én verskil van homoseksuele tipes alhier is: (a) sy aanvaarding van sy homoseksuele oriëntasie; (b) die geheimhouding van sy "skewe" leefwyse; (c) die kwasi-huweliksverhouding wat hy met 'n geslagsgenoot het, dat hy aan hom getrou is en nooit seksuele kontak by "slangparke" of ander "kampplekke" soek nie; (d) die besondere "femme"-rol wat hy vertolk en wat nòg as opsigtelik nòg as verwyfd getipeer kan word, en (e) sy nie-deelname aan die georganiseerde "gay"-kollektiwiteit.

## 2.4 DIE TOEPASLIKHEID VAN TEORETIESE KONSTRUKTE OP DIE SUBJEK SE HOMOSEKSUELE LEWE

Die belangrikste teoretiese konstrukte wat as hipotetiese verklarings uit die bestaande literatuur oor homoseksualisme onttrek is (Hoofstuk 1) en in Hoofstuk 4 in verband gebring is met die feite van die subjek se lewe, soos vervat in sy outobiografie (Hoofstuk 3), het die volgende resultate en insigte opgelewer:[6]

(i) Die onderskeie dimensies en nuanses wat volgens sosioloë in homoseksualisme opgesluit lê, word met die uitsondering van die homoseksuele-heteroseksuele kontinuum almal in die subjek se eerstepersoonverslag aangetref en is 'n baie nuttige instrument om die homoseksueel se lewe te begryp.

(ii) Die subjek se lewe kan by drie van die vier gewilde homoseksuele tipologieë ingedeel word. Die klassifikasie wat nie die homoseksueel se gedrag en tipiese eienskappe kan saamvat nie, is die een wat deur Humphreys (1971:38-46) van besoekers aan openbare toilette opgestel is. Die ander indelings van homoseksualisme in terme van geslagsrolle, uitingswyses en lewenstyl bied goeie verwysingsraamwerke vir die analise van die "gay"-lewe.

---

6. Dit is belangrik om weer eens te beklemtoon dat (i) die ondersoek nie die konstruksie van 'n nuwe teorie ten doel gehad het nie, en (ii) dit nie die geldigheid van bestaande teoretiese konstrukte in die algemene betekenis van die woord wou toets nie.

(iii) Die biologiese teorie vind nie aansluiting by die homoseksueel se lewe nie, terwyl die psigiatriese konseptuele raamwerk grotendeels 'n verklaring vir die subjek se sosiale werklikheid bied.

(iv) Sosiologiese teorieë en modelle van homoseksualisme wat op etiologie of oorsake fokus (die anomie-, massasamelewings- en leerteorieë), verklaar nie waarom die subjek "skeef" geword het nie.

(v) Nie-kousale teoretiese konstrukte in die algemeen en Plummer (1975: 131) en Troiden (1977; 1979:362-373) se homoseksuele identiteitsmodelle in die besonder, belig die homoseksuele lewe veral goed.

(vi) Die subjek het, in teenstelling met die sterk dwangmatige strekking wat etiologiese sosiologiese teorieë oor homoseksualisme aan dié verskynsel heg, 'n meer voluntaristiese karakter daaraan toegedig.

(vii) Drie konseptuele raamwerke, te wete die etiketterings-, konflik- en fenomenologiese benaderings, aan die hand waarvan sosioloë betekenis aan afwykingsverskynsels gee, belig sommige fasette van die subjek se homoseksualisme besonder goed.

(viii) Die feit dat verskeie sosiologiese konstrukte sommige, maar nie alle fasette van die subjek se lewe belig nie, benadruk die belangrikheid van die gebruik van 'n verskeidenheid van teoretiese konstrukte ten einde 'n behoorlike greep op 'n homoseksuele of op enige ander menslike lewe, te verkry. 'n Tipologie wat die belangrikste hedendaagse sosiologiese perspektiewe goed akkommodeer en in dié verband belofte inhou, is Buckley (1967) se oop-sisteemteorie.

## 3. IMPLIKASIES VAN DIE ONDERSOEK VIR AFWYKENDE GEDRAGSOSIOLOGIE

Die bevindings en gevolgtrekkings van die ondersoek hou verskeie implikasies vir sowel afwykende gedragsosiologie as vir die sosiologie van homoseksualisme in. Slegs die breë implikasies word aangetoon.

(i) Die sosiale realiteit van afwykende gedrag beskou vanuit die oogpunt van die afwykende. Die studie lewer 'n belangrike bydrae deurdat dit die relevansie van sosiologiese konstrukte van afwykende en

homoseksuele gedrag vir 'n konkrete homoseksuele lewe illustreer. Dit bring die abstrakte simboliese gereedskap in verband met die alledaagse lewe van 'n homoseksueel en maak sodoende tweede- en eerste-orde konstrukte toegankliker vir gebruik in toekomstige afwykende gedragsnavorsing hier ter plaatse.

(ii) **Meer beheer as in konvensionele afwykende gedragsnavorsing oor data-insameling.** Normaalweg word in Suid-Afrikaanse afwykende gedragstudies van sekondêre databronne soos veral statistieke of lêers/verslae van amptelike instansies wat gebrekkig, misleidend en eensydig is omdat dit belangrike weglatings inhou, gebruik gemaak om gegewens oor afwykendes te verkry. Hoewel kwalitatiewe afwykende gedragstudies soos die onderhawige lewensgeskiedenis wat eerstehandse gegewens oor afwykendes bied, ook mank gaan aan sydigheid en ander gebreke, kan sodanige leemtes, anders as in die geval van amptelike gegewens, deur die sosioloog gekontroleer word.

(iii) **Die aanwending van 'n <u>alternatiewe</u> metodologiese model in Suid-Afrikaanse afwykende gedragsnavorsing.** Die praktiese implementering en potensiële waarde van die kwalitatiewe navorsingstyl, die lewensgeskiedenis en analitiese induksie as respektiewelik data-insamelings- en data-ontledingsmetode word (opnuut?) onder die aandag van Suid-Afrikaanse sosioloë gebring.

(iv) **Die vaslegging, appresiasie en simpatieke meelewing van die subjektiewe realiteit van afwykende gedrag.** Ooreenkomstig die tradisie van verstaan (Verstehen) toon die lewensgeskiedenis aan hoe 'n manlike homoseksueel sy wêreld omskryf, interpreteer en betekenis daaraan gee. Deur die outobiografie word die rykheid van Dha'Kar se "skewe" lewe ontbloot en kan sy hantering van die probleme wat die afwykende leefwyse vir hom meebring deur die navorser beoordeel word. Benewens die vaslegging van die homoseksueel se innerlike belewenisse hou die begrip wat die lewensgeskiedenis van die wêreld van 'n "gay" Suid-Afrikaanse man daarstel, ook belangrike implikasies in vir instansies en persone wat ter plaatse met die "probleem" van homoseksualisme gemoeid is.

(v) **Nadruk op die prosesuele (processional), dubbelsinnige, "vloeibare" en dinamiese aard van afwykende gedrag.** Die lewensgeskiedenis illustreer die talle momente van besluiteloosheid, verwarring, teenstrydighede en keerpunte in die alledaagse lewe van persone wat as afwykend geëtiketteer word. Dit is duidelik dat afwykende gedrag as 'n proses of loopbaan beskou moet word wat geleidelik en progressief ontwikkel en nie 'n statiese entiteit is nie. Dié konsepsie van afwykende gedrag staan in skrille kontras met dié van konstantheid en reëlmatigheid wat deur kwantitatiewe studies wat die septer in Suid- Afrikaanse afwykende gedragsosiologie swaai, veronderstel word.

(vi) **Die klem op die totaliteit van afwykende gedrag.** Dha'Kar se lewensgeskiedenis bied 'n skets van 'n homoseksueel in die konteks van sy hele lewe; 'n idee kan gevorm word van die verloop van sy lewe sedert sy geboorte in die vroeë vyftigerjare tot aan die einde van 1987. Dié insig in die totaliteit van 'n homoseksuele lewe is in die lig van die sterk neiging onder sosioloë (en ander sosiaalwetenskaplikes) hier te lande besonder belangrik om in hul navorsing van afwykende persone, diesulkes los te maak van hul totale lewenservarings en breër sosiale samestellings. Die volgende opmerking van Faraday en Plummer (1979:777) vind dan ook toepassing in die onderhawige lewensgeskiedenis: "Through the use of the life history method, the deviant is seen to be much more than a deviant. As we follow deviants over their different life experiences, we see generally that deviancy constitutes only a small fragment of any one individual's life".

(vii) **Die lewensgeskiedenis is veral geskik vir navorsing wat met die oog op 'n verhandeling of proefskrif onderneem word.** In Suid-Afrika word tipies, wanneer 'n verhandeling of proefskrif in die Sosiologie empiriese navorsing vereis, van die kwantitatiewe navorsingstyl en meer spesifiek van die sosiale opname gebruik gemaak. Die gebruik van 'n vorm van die lewensgeskiedenis vir die verkryging van 'n magister- of doktorsgraad hou besondere praktiese en ander implikasies vir die student in. Lewensgeskiedenisnavorsing kan afgesien van oorspronklike insiggewende bydraes, betreklik gemaklik deur eenmannavorsers (lone ranger researchers) met kontak of toegang tot 'n

persoon wat bereid is om sy of haar verhaal binne 'n ses- of twaalf-maandeperiode op te stel, onderneem word. Hierbenewens ontwrig die gebruik van die menslike dokument die student en ander betrokkenes in die reël minder as wat normaalweg die geval is wanneer van sosiale opnames gebruik gemaak word.

(viii) **Relevansie van antipositivistiese nie-veroorsakende konseptuele raamwerke vir die sosiologie van homoseksualisme.** Die feit dat die etiketteringsteorie en homoseksuele identiteitsontwikkelingsmodelle 'n konkrete geval van 'n homoseksueel se "skewe" loopbaan besonder goed ophelder, suggereer dat dergelike konstrukte 'n sentrale plek binne toekomstige sosiologies-empiriese studies van homoseksualisme hier te lande behoort te beklee.

(ix) **Die konstruksie van teoretiese konstrukte vir spesifieke afwykings.** Algemene afwykende gedragskonstrukte kon nie 'n verklaring vir al die fasette van die outentieke homoseksuele lewe bied nie. Die gebrek hou ongetwyfeld verband met die feit dat dergelike gereedskap poog om 'n gemeenskaplike verklaring vir 'n groot verskeidenheid heterogene afwykings te soek. Die feit dat algemene afwykende gedragskonstrukte nie individuele afwykende lewens afdoende kan verklaar nie, bevraagteken opnuut die sinvolheid en wetenskaplik-verantwoordbaarheid van die strategie om gemeenskaplike verklarings vir 'n konglomeraat van afwykings te ontwikkel. Dit vestig weer eens die aandag op plaaslike pleidooie vir die ontwikkeling van teoretiese konsepte wat die verklaring van besondere kategorieë van afwykende gedrag ten doel het (Schurink, 1976:220; De Klerk, 1983:283). Die konstruksie van sulke teorieë van beperkte omvang, of miniatuur teorieë, kan gefasiliteer word deur van analitiese induksie as inferensiële metode gebruik te maak.

## 4. BREË RIGLYNE VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

Hoewel daar reeds in die voorgaande paragraaf na riglyne vir toekomstige navorsing verwys is, word enkele breë riglyne, temas en prioriteite wat na aanleiding van die gevolgtrekkings van die ondersoek veral vir verdere afwykende gedragsnavorsing hier te lande belangrik lyk, gelys:

(i) 'n Indringende studie van positivistiese en antipositivistiese afwykende gedragsosiologieë met besondere verwysing na punte van konvergensie en divergensie tussen die twee tradisies.[7]

(ii) 'n Vergelykende studie na die aanwending van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingstyle in afwykende gedragsosiologie.

(iii) Ondersoeke na die gebruik van besondere kwalitatiewe navorsingsmetodes en -tegnieke (byvoorbeeld ongestruktureerde onderhoude, deelnemende waarneming, die gebruik van menslike dokumente, analitiese induksie en gegronde teorie) in navorsing van afwykende gedrag in die algemeen en ten opsigte van spesifieke afwykings (byvoorbeeld homoseksualisme, verkragting en moord) in die besonder.

(iv) 'n Uitvoerige studie oor die problematiek van die analise en interpretasie van "sagte" data in afwykende gedragsnavorsing.[8]

(v) Navorsing insake die interaksie tussen navorser en subjek en die persoonlike en emosionele implikasies van kwalitatiewe navorsing.[9]

(vi) Studies van morele kwessies eie aan kwalitatiewe afwykende gedragsnavorsing met besondere verwysing na koverte navorsing.

---

7. Hoewel verskeie pogings al aangewend is om dié breë perspektiewe van afwykende gedragsosiologie te kombineer hou Snel (1979) se poging veral belofte in en sou dit in dié studie as vertrekpunt geneem kon word.

8. Probleemgebiede wat hier veral aandag moet kry is die volgende wat deur Mouton (1983:130) genoem word: "[a] Data-reduksie van kwalitatiewe data, dit wil sê, watter tegnieke bestaan wat gebruik kan word as 'n eerste ordening en sistematisering van kwalitatiewe data ... [b] Data-ontleding, dit wil sê, ontleding van data met die oog op vasstelling van onderliggende verbande en assosiasies ... [c] Interpretasie van data, dit wil sê, hoe word die geordende en geanaliseerde data binne bestaande (of nuwe) teoretiese raamwerke geïnterpreteer en geïntegreer."

9. Kollegas en navorsingsgenote se houding jeens en moontlike etikettering van navorsers betrokke by navorsing van afwykings as "eienaardig", "vreemd" of afwykend is 'n aspek wat hier besondere aandag verdien.

## 5. SLOTOPMERKING

Die kwalitatiewe navorsingstyl in die algemeen en die lewensgeskiedenis in die besonder wat sedert die ontstaansjare van die sosiologiese studie van afwykings in die buiteland aangewend word, bring belangrike eerstehandse insigte in die leefwêrelde van afwykendes. Hierdie model is saam met die statistiese verbande tussen kousale veranderlikes en ander kwantitatief-positivistiese resultate onontbeerlik vir die wetenskaplike bestudering van afwykingsverskynsels in die moderne samelewing. Tot nog toe het Suid-Afrikaners in afwykende gedragsnavorsing bykans uitsluitlik van kwantitatiewe metodes gebruik gemaak. Daarenteen was kwalitatiewe metodes tot 'n handjievol studies wat sedert die middel sewentigerjare geloods word, beperk. Dié toedrag van sake het noodwendig daartoe gelei dat die spesialisasiegebied hier ter plaatse ernstig verarm is. Daadwerklike pogings om die kwalitatiewe benadering in die algemeen en die lewensgeskiedenis in die besonder sy regmatige plek in plaaslike afwykende gedragsosiologiese navorsing te laat verkry, behoort 'n prioriteit te wees by alle Suid-Afrikaanse sosioloë wat met die studie van afwykingsverskynsels gemoeid is. Die hoop word dan ook ten besluite uitgespreek dat die huidige ondersoek plaaslike sosioloë se belangstelling in lewensgeskiedenisse en ander kwalitatiewe navorsingsmetodes sal prikkel sodat dit ook hier te lande toenemend in afwykende gedragsnavorsing geïmplementeer sal word.

## BIBLIOGRAFIE


ACKROYD, S. & HUGHES, J.A. 1981. Data collection in context. New York: Longman.

AKERS, R.L. 1981. Norms, definitions, and deviance: comment on Meier. *Deviant behavior: an interdisciplinary journal,* 3:27-31.

AKERS, R.L. 1985. Deviant behavior: a social learning approach. 3rd ed. Belmont: Wadsworth.

ALLEN, C. 1958. Homosexuality: it's nature, causation and treatment. London: Staples Press.

ALLPORT, G.W. 1942. The use of personal documents in psychological science. New York: Social Science Research Council.

ALLPORT, G.W., *red.* 1965. Letters from Jenny. London: Harcourt Brace Jovanovich.

ALTMAN, D. 1971. Homosexuals: oppression and liberation. London: Outerbridge & Dienstfrey.

ANDERSON, N. 1923. The hobo. Chicago: University of Chicago Press.

ATHENS, L.A. 1984. Scientific criteria for evaluating qualitative studies. (*In* Denzin, N.K., *red.* Studies in symbolic interaction, Vol. 5. Greenwich: JAI Press. p. 259-268.)

BABBIE, E. 1983. The practice of social research. 3rd ed. Belmont: Wadsworth.

BALL, D.W. 1970. The problematics of respectability. (*In* Douglas, J.D., *red.* Deviance and respectability: the social construction of moral meanings. New York: Basic Books. p. 326-371.)

BECKER, H.S. 1963. Outsiders: studies in the sociology of deviance. New York: Free Press.

BECKER, H.S. 1966. Introduction. (*In* Shaw, C.R. The jack-roller: a delinquent boy's own story. Chicago: University of Chicago Press. p. v-xviii.)

BECKER, H.S. 1970. Sociological work: method and substance. New York: Free Press.

BECKER, H.S. 1973. Outsiders: studies in the sociology of deviance. New York: Free Press.

BELL, A.P. & WEINBERG, M.S. 1978. Homosexualities: a study of diversity among men and women. New York: Simon & Schuster.

BELL, A.P., WEINBERG, M.S. & HAMMERSMITH, S.K. 1981. Sexual preference: its development in men and women. Bloomington: Indiana University Press.

BENNETT, J. 1982. Oral history and delinquency: the rhetoric of criminology. Chicago: University of Chicago Press.

BERTAUX, D. 1981. (*In* Bertaux, D., *red.* Biography and society: the life history approach in the social sciences. Beverley Hills: Sage. p. 1-3.)

BERTAUX, D. & KOHLI, M. 1984. The life story approach: a continental view. *Annual review of sociology*, 10:215-237.

BIEBER, I. 1965. Clinical aspects of male homosexuality. (*In* Marmor, J., *red.* Sexual inversion: the multiple roots of homosexuality. New York: Basic Books. p. 248-267.)

BIEBER, I., DAIN, H.J., DINCE, P.R., DREELICH, M.G., GRAND, H.G., GUNDLACH, R.H., KREMER, M.W., RIFKIN, A.H., WILBER, C.W. & BIEBERT, T.B. 1962. Homosexuality: a psychoanalytic study. New York: Basic Books.

BILTON, T., BONNETT, K., JONES, P., STANWORTH, M., SHEARD, K. & WEBSTER, A. 1981. Introductory sociology. London: Macmillan.

BITTNER, E. 1967. The police on skid-row: a study of peace keeping. *American sociological review*, 32:699-715.

BLAUNER, B. 1987. Problems of editing "first-person" sociology. *Qualitative sociology*, 10(1):46-64, Spring.

BLUMER, H. 1939. Critiques of research in the social sciences, I: an appraisal of Thomas and Znaniecki's The Polish peasant in Europe and America. New York: Social Science Research Council.

BOGDAN, R. 1972. Participant observation. Syracuse: Syracuse, University Division of Special Education and Rehabilitation.

BOGDAN, R. 1974. Being different: the autobiography of Jane Fry. London: Wiley.

BOGDAN, R. & BIKLEN, S.K. 1982. Qualitative research for education: an introduction to theory and methods. Boston: Allyn & Bacon.

BOGDAN, R. & TAYLOR, S.J. 1975. Introduction to qualitative research methods: a phenomenological approach to the social sciences. London: Wiley.

BONGER, W.A. 1916. Criminality and economic conditions. Boston: Little & Brown.

BONGER, W.A. 1954. Inleiding tot de criminologie. 3de uitg. Haarlem: De Erven F. Bohn.

BRUYN, S.T. 1966. The human perspective in sociology: the methodology of participant observation. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

BUCKLEY, W. 1967. Sociology and modern systems theory. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

BULMER, M. 1983. Editors preface. (*In* Plummer, K. Documents of life: an introduction to the problems and literature of a humanistic method. London: Allen & Unwin. p. xiii-xiv.)

BURGESS, E.W. 1966. Discussion. (*In* Shaw, C.R. The jack-roller: a delinquent boy's own story. Chicago: University of Chicago Press. p. 184- 197.)

BURGESS, R.G., *red.* 1982. Field research: a sourcebook and field manual. London: Allen & Unwin.

BURGESS, R.G. 1984. In the field: an introduction to field research. London: Allen & Unwin.

BURGESS, R.G., *red.* 1985. Strategies of educational research: qualitative methods. Philadelphia: Falmer.

CASS, V.C. 1979. Homosexual identity formation: a theoretical model. *Journal of homosexuality*, 4(3):219-235, Spring.

CHALASINSKI, J. 1981. The life records of the young generation of Polish peasants as a manifestation of contemporary culture. (*In* Bertaux, D., *red.* Biography and society: the life history approach in the social sciences. Beverley Hills: Sage. p. 119-132.)

CHAMBLISS, B. 1972. Box man: a professional thief's journey. New York: Harper & Row.

CICOUREL, A.V. 1968. The social organization of juvenile justice. New York: Wiley.

CLOWARD, R.A. & OHLIN, L.E. 1960. Delinquency and opportunity. Glencoe: Free Press.

COHEN, A.K. 1955. Delinquent boys. New York: Free Press.

COLEMAN, E. 1981/1982. Development stages of the coming out process. *Journal of homosexuality*, 7(2/3):31-43.

CONRAD, P. & SCHNEIDER, J.W. 1980. Deviance and medicalization. St. Louis: Mosby.

COULTER, J. 1973. Approaches to insanity. London: Martin Robertson.

CRAUSE, H.L. & BOTHA, P.M.C. 1977. Prostitution: an analysis of the social system centred in the harbour area of Port Elizabeth by night. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth. (Youth research project: Publication no. 3.)

CRESSEY, D.R. 1973. (Originally published in 1953.) Other people's money: a study in the social psychology of embezzlement. Montclair: Patterson Smith.

CRESSEY, P.G. 1932. The taxi-dance hall. Chicago: University of Chicago Press.

CUFF, E.C. & PAYNE, G.C.F., *reds*. 1984. Perspectives in sociology. 2nd ed. London: Allen & Unwin.

DANIELS, A.K. 1970. The social construction of military psychiatric diagnoses. (*In* Dreitzel, H.P., *red*. Recent sociology no. 2: patterns of communicative behavior. New York: Macmillan.)

DANK, B.M. 1971. Coming out in the gay world. *Psychiatry*, 34:180-197, May.

DE KLERK, G.W. 1977. Afwykende gedrag binne die teoretiese raamwerk van simboliese interaksionisme: 'n kritiese evaluering. Bloemfontein. (Verhandeling (M.A.) - UOVS.)

DE KLERK, G.W. 1983. Enkele opmerkings oor die teoretiese verklaring van afwykende gedrag. (*In* Oosthuizen, J.S., *red*. Suid-Afrikaanse Sosiologievereniging. Referate 1983: Referate gelewer tydens die Simposium oor Bedryfsosiologie op 19 Januarie en die deelsittings van die sestiende jaarlikse kongres van SASOV op 20 en 21 Januarie by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys te Potchefstroom. p. 280-285.)

DE KLERK, G.W. 1984. Vergelykende studie van Merton en Lemert se teorieë van afwykende gedrag met besondere verwysing na hul grondliggende teoretiese oriëntasies en die moontlikheid van 'n sintese. Bloemfontein. (Proefskrif (D.Phil.) - UOVS.)

DENZIN, N.K. 1978. (Originally published in 1970.) The research act in sociology: a theoretical introduction to sociological methods. 2nd ed. Johannesburg: McGraw-Hill.

DODGE, D.L. 1985. The over-negativized conceptualization of deviance: a programmatic exploration. *Deviant behavior,* 6:17-37.

DOLLARD, J. 1935. Criteria for the life history: with analysis of six notable documents. New Haven: Yale University Press.

DOUGLAS, J.D., *red.* 1970a. Observations of deviance. New York: Random House.

DOUGLAS, J.D. 1970b. Deviance and respectability: the social construction of moral meanings. (*In* Douglas, J.D., *red.* Deviance and respectability: the social construction of moral meanings. New York: Basic Books. p. 3-30.)

DOUGLAS, J.D., red. 1972. Research on deviance. New York: Random House.

DOUGLAS, J.D. 1976. Investigative social research: individual and team field research. Beverley Hills: Sage.

DOUGLAS, J.D. & JOHNSON, J.M., *reds.* 1977. Existential sociology. Cambridge: Cambridge University Press.

DOUGLAS, J.D., RASMUSSEN, P.K. & FLANAGAN, C.A. 1977. The nude beach. Beverley Hills: Sage.

DOUGLAS, J.D. & WAKSLER, F.C. 1982. The sociology of deviance: an introduction. Boston: Little & Brown.

DURKHEIM, E. 1951. (Originally published in French in 1897.) Suicide: a study in sociology. Glencoe: Free Press.

DURKHEIM, E. 1964a. (Originally published in French in 1893.) The division of labor in society. New York: Free Press.

DURKHEIM, E. 1964b. (Originally published in French in 1895.) The rules of sociological method. New York: Free Press.

EMERSON, R.M., *red.* 1983. Contemporary field research: a collection of readings. Boston: Little & Brown.

ERIKSON, K.T. 1962. Notes on the sociology of deviance. *Social problems*, 9:307-314, Spring.

ESTERHUYSEN, H.M. & MINNAAR, G.G. 1985. Manlike homoseksualiteit: 'n literatuuroorsig en vyf gevallestudies. Pretoria: RGN. (Verslag S-90.)

ETTORRÉ, E.M. 1980. Lesbians, women and society. London: Routledge & Paul.

EVANS, R.B. 1969. Childhood parental relationships of homosexual men. *Journal of consulting and clinical psychology*, 33(2):129-135.

FARADAY, A. & PLUMMER, K. 1979. Doing life histories. *Sociological Review*, 27(4):773-798.

FENICHEL, O. 1946. The psychoanalytic theory of neurosis. London: Paul, French & Trubner.

FILSTEAD, W.J., *red*. 1970. Qualitative methodology: firsthand involvement with the social world. Chicago: Markham.

FRAZIER, C.E. 1976. Theoretical approaches to deviance: an evaluation. Columbus: Merrill.

FRAZIER, C.E. 1978. The use of life histories in testing theories of criminal behavior toward reviving a method. *Qualitative sociology*, 1:122-142.

FRIEDLER, J. 1978. Field research: a manual for logistics and management of scientific studies in natural settings. San Francisco: Jossey-Bass.

GAGNON, J.H. 1977. Human sexualities. Glenview: Scott & Foresman.

GAGNON, J.H. & SIMON, W. 1967. Homosexuality: the formulation of a sociological perspective. *Journal of health and social behavior*, 8:177-185, Sept.

GAGNON, J.H. & SIMON, W. 1973. Sexual conduct: the social sources of human sexuality. London: Hutchinson.

GARFINKEL, H. 1967. Studies in ethnomethodology. Englewood Cliffs, N.Y.: Prentice-Hall.

GERBER, E.P. 1978. An evaluation of the social class as an important explanatory variable in theories of deviance. Pretoria. (Dissertation (M.A.) - UNISA.)

GLASER, B.G. 1978. Theoretical sensitivity. Mill Valley: Sociology Press.

GLASER, B.G. & STRAUSS, A. 1967. The discovery of grounded theory: strategies for qualitative research. Chicago: Aldine.

GLASSNER, B. 1982. Labelling theory. (*In* Rosenberg, M.M., Stebbins, R.A. & Turowetz, A., *reds*. The sociology of deviance. New York: St. Martin's Press. p. 71-89.)

GLAZER, M. 1972. The research adventure: promise and problems of fieldwork. New York: Random House.

GOFFMAN, E. 1959a. The presentation of self in everyday life. Garden City: Doubleday.

GOFFMAN, E. 1959b. The moral career of the mental patient. *Psychiatry*, 22: 123-142.

GOFFMAN, E. 1961. Asylums. Garden City: Doubleday.

GOFFMAN, E. 1963. Stigma. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

GOFFMAN, E. 1967. Interaction ritual. Chicago: Aldine.

GOFFMAN, E. 1969. Strategic interaction. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

GOFFMAN, E. 1971. Relations in public. New York: Basic Books.

GOODE, E. 1978. Deviant behavior: an interactionist approach. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

GOODE, E. 1981. Deviance, norms and social reaction. *Deviant behavior: an interdisciplinary journal*, 3:47-53.

GOODE, E. 1984. Deviant behavior. 2nd ed. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

GOTTSCHALK, L., KLUCKHOHN, C. & ANGELL, R. 1942. The use of personal documents in history, anthropology and sociology. New York: Social Science Research Council.

GOVE, W.R., *red.* 1980. The labelling of deviance. 2nd ed. Beverley Hills: Sage.

GREEN, R. 1979. Childhood cross-gender behavior and subsequent sexual preference. *American journal of psychiatry*, 136:106-108, Jan.

GROENEWALD, J.P. 1981. Maatskaplike navorsing: ontwerp en ontleding. Pretoria: H & R Academica.

GROENEWALD, J.P. 1985. Tendense en probleme in die metodologie van sosiologie. (*In* Mouton, J., *red.* Oor navorsingsmetodologie. *Navorsingsbulletin: Tydskrif vir die SAPGN*, 15(4):56-64.)

GUSFIELD, J.R. 1955. Social structure and moral reform: a study of women's Christian temperance union. *American journal of sociology*, 61:221-232, Nov.

GUSFIELD, J.R. 1967. Moral passage: the symbolic process in public designations of deviance. *Social problems*, 15:175-188, Fall.

HABENSTEIN, R.W., *red.* 1970. Pathways to data: field methods for studying ongoing social organizations. Chicago: Aldine.

HACKLER, J.C. 1975. Deviant reality: alternative world views, by Robert W. Winslow and Virginia Winslow. *Contemporary sociology: a journal of reviews*, 4(5):492-493.

HALFPENNY, P. 1979. The analysis of qualitative data. *Sociological review*, 27(4):799-827.

HARRY, J. 1984. Gay couples. New York: Praeger.

HARRY, J. & DEVALL, W.B. 1978. The social organization of gay males. New York: Praeger.

HAYTIN, D.L. 1969. The methodological validity of the case study in the social sciences. Berkeley. (Thesis (Ph.D.) - University of California.) (Fotokopie - University Microfilms International.)

HEYL, B.S. 1979. The madam as entrepreneur: career management in house prostitution. New Brunswick: Transaction.

HIGGINS, P.C. & BUTLER, R.R. 1982. Understanding deviance. New York: McGraw-Hill.

HILLS, S.L. 1980. Demystifying social deviance. Johannesburg: McGraw-Hill.

HIRSCHI, T. 1969. Causes of delinquency. Los Angeles: University of California Press.

HOFFMAN, M. 1968. The gay world: male homosexuality and the social creation of evil. New York: Basic Books.

HUGHES, H.M. 1961. The fantastic lodge: the autobiography of a girl drug addict. Boston: Houghton-Mifflin.

HUGHES, J. 1980. The philosophy of social research. London: Longman.

HUMPHREYS, R.A.L. 1968. The tearoom trade: impersonal sex in public places. Saint Louis. (Dissertation (Ph.D.) - Washington University.) (Fotokopie - University Microfilms International.)

HUMPHREYS, R.A.L. 1971. New styles in homosexual manliness. *Transaction*, 8:38-46, March-April.

HUMPHREYS, R.A.L. 1987. A typology of tearoom participants. (*In* Rubington, E. & Weinberg, M.S., *reds*. Deviance: the interactionist perspective. 5th ed. New York: Macmillan. p. 260-269.)

JACKSON, B. 1972. Outside the law: a thief's primer. New Jersey: Transaction Books.

JACOBS, J., *red.* 1974. Deviance: field studies and self-disclosures. Palo Alto: National Press Books.

JOUBERT, D. 1974. Tot dieselfde geslag: debat oor homoseksualiteit in 1968. Kaapstad: Tafelberg. (Brandpunte 7.)

JOUBERT, D. 1980a. 'n Sosiologiese siening. (*In* Joubert, D., Conradie, E.L., Louw, D.J. & Hurst, L.A., *reds*. Perspektiewe op homoseksualiteit. Durbanville: Boschendal. p. 1-58.)

JOUBERT, D. 1980b. Sosiologiese begrippe: 1-50. Kaapstad: Academica. (Societas 7.)

JOUBERT, D. 1985. Homoseksualiteit. *Maatskaplike werk*, 21(1):36-43.

KALLMAN, F.J. 1952. Comparative twin study on the genetic aspects of male homosexuality. *Journal of nervous and mental disease*, 115:283-298.

KATZ, J. 1983. A theory of qualitative methodology: the social system of analytic fieldwork. (*In* Emerson, R.M., *red*. Contemporary field research: a collection of readings. Boston: Little & Brown. p. 127-148.)

KEISER, R.L. 1965. Henry Williamson, hustler. New York: Garden City.

KELLY, R.J. 1982. Field research among deviants: a consideration of some methodological recommendations. *Deviant behavior: an interdisciplinary journal*, 3:219-228.

KIDDLER, L.H. 1981. Selltiz, Wrightsman and Cook's research methods in social relations. 4th ed. New York: Holt, Rinehart & Winston.

KINSEY, A.C., POMEROY, W.B. & MARTIN, C.E. 1948. Sexual behavior in the human male. Philadelphia: Saunders.

KIRBY, R. & CORZINE, J. 1981. The contagion of stigma: fieldwork among deviants. *Qualitative sociology*, 4:3-20.

KIRK, Y. & MILLER, M.L. 1986. Reliability and validity in qualitative research. Beverley Hills: Sage.

KITSUSE, J.I. 1962. Societal reaction to deviant behavior: problems of theory and method. *Social problems*, 9:247-256, Winter.

KLOCKARS, C.B. 1974. The professional fence. New York: Free Press.

LANG, T. 1940. Studies on the genetic determination of homosexuality. *Journal of nervous and mental disease*, 92:55-64, July/Dec.

LEE, J.A. 1977. Going public: a study in the sociology of homosexual liberation. *Journal of homosexuality*, 3(1):49-78, Fall.

LEMERT, E.M. 1951. Social pathology. New York: McGraw-Hill.

LEMERT, E.M. 1958. The behavior of the systematic check forger. *Social problems*, 6:141-149.

LIEBOW, E. 1967. Tally's corner: a study of Negro streetcorner men. Boston: Little & Brown.

LINDESMITH, A.R. 1947. Opiate addiction. Bloomington: University Press.

LITTLE, C.B. 1983. Understanding deviance and control: theory, research and social policy. Itasca: Peacock.

LOFLAND, J. 1971. Analysing social settings: a guide to qualitative observation and analysis. Belmont: Wadsworth.

LOFLAND, J. 1976. Doing social life: the qualitative study of human interaction in natural settings. New York: Wiley.

LOFLAND, J. & LOFLAND, L.H. 1984. Analysing social settings. 2nd ed. Belmont: Wadsworth.

LÖTTER, J.M. & SCHURINK, W.J. 1979. Die sjebeen. (*In* Lötter, J.M., Strijdom H.G. & Schurink, W.J. Eersterust: 'n sosiologiese studie van 'n Kleurlinggemeenskap. Pretoria: RGN. p. 3-24 tot 3-24-35.) (Verslag S-63.)

LÖTTER, J.M. & SCHURINK, W.J. 1986. Gevangenisbendes: 'n ondersoek met spesiale verwysing na nommerbendes onder Kleurlinggevangenes. 2de uitg. Pretoria: RGN. (Verslag S-115.)

LOWNEY, J., WINSLOW, R.W. & WINSLOW, V. 1981. Deviant reality: alternative world views. 2nd ed. Boston: Allyn & Bacon.

LUNDBERG, G.A. 1926. Case work and the statistical method. *Social forces*, 5:61-65.

LUNDBERG, G.A. 1929. Social research: a study in methods of gathering data. New York: Longmans & Green.

LYMAN, S.M. & SCOTT, M.B. 1975. The drama of social reality. New York: Oxford University Press.

MANNING, P.K. 1972. Observing the police: deviants, respectables, and the law. (*In* Douglas, J., *red*. Research on deviance. New York: Random House. p. 213-268.)

MANNING, P.K. 1975. Deviance and dogma: some comments on the labelling perspective. *British journal of criminology*, 15:1-20, Jan.

MANNING, P.K. 1977. Police work. Cambridge: M.I.T. Press.

MANNING, P.K. 1982. Analytic induction. (*In* Smith, R.B. & Manning, P.K., *reds*. Qualitative methods. Volume II of handbook of social science methods. Cambridge: Ballinger, p. 273-302.)

MARSHALL, J. 1981. Pansies, perverts and macho men: changing conceptions of male homosexuality. (*In* Plummer, K., *red*. The making of the modern homosexual. London: Hutchinson. p. 133-154.)

MARTIN, J.B. 1952. The autobiography of a professional criminal. Westport: Greenwood Press.

MATZA, D. 1969. Becoming deviant. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

McCALL, G.J. 1978. Observing the law: field methods in the study of crime and the criminal justice system. New York: Free Press.

McCALL, G.J. & SIMMONS, J.L., *reds*. 1969. Issues in participant observation: a text and reader. Reading: Addison-Wesley.

McHUGH, P. 1970. A common-sense perception of deviance. (*In* Douglas, J.D., *red*. Deviance and respectability. New York: Basic Books. p. 61-88.)

McINTOSH, M. 1968. The homosexual role. *Social problems*, 16(2):182-192.

MEIER, R.F. 1981a. Norms and the study of deviance: a proposed research strategy. *Deviant behavior: an interdisciplinary journal*, 3:1-25.

MEIER, R.F. 1981b. Concepts, conceptions, and critics. *Deviant behavior: an interdisciplinary journal*, 3:55-64.

MERTON, R.K. 1957. Social theory and social structure. New York: Free Press.

MILLER, W.B. 1958. Lower class structure as a generating milieu of gang delinquency. *Journal of social issues*, 14:5-19.

MINTON, H.L. & McDONALD, G.J. 1983/1984. Homosexual identity formation as a developmental process. *Journal of homosexuality*, 9(2/3):91-104.

MORIN, S.F. 1977. Heterosexual bias in psychological research on lesbian and male homosexuality. *American psychologist*. 32(8):629-637, Aug.

MOUTON, J. 1983. Kwantitatiewe en kwalitatiewe metodologieë en kwalitatiewe metodologieë in die geesteswetenskappe. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie*, 14(4):124-131, Nov.

MOUTON, J. 1988. Lesing 1: Die filosofie van kwalitatiewe navorsing. (*In* Ferreira, M., Mouton, J., Schurink, E. & Schurink, W.J. Module 3. Inleiding tot kwalitatiewe metodes: lesings gelewer by die derde RGN-winterskool in navorsingsmetodologie gehou op 11-15 Julie 1988 te Pretoria. Pretoria. p. 1-13.)

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1985. Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe. Pretoria: RGN.

MYRICK, F.L. 1974. Homosexual types: an empirical investigation. *The journal of sex research*, 10(3):226-237, Aug.

NYE, F.I. 1958. Family relationships and delinquency behavior. New York: Wiley.

OOSTHUIZEN, J.S. 1981. Die toestand van die sosiologie in Suid-Afrika: 'n kritiese selfondersoek. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie*, 12(1):23-47, April.

OOSTHUIZEN, J.S. 1984. Die verklaring van konflik in die sosiologie. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie*, 15(1):17-37, Feb.

OOSTHUIZEN, J.S. 1987. Sosiologie - 'n ideologie met 'n sosiaal-humanitêre missie of 'n wetenskap met 'n empiriese metode. (*In* Oosthuizen, J.S., *samest*. Suid-Afrikaanse Sosiologievereniging. Referate 1987: Referate gelewer tydens die twintigste jaarlikse kongres van SASOV op 1-3 Julie by die Onderwyskollege te Durban. p. 166-183.)

ORCUTT, J.D. 1983. Analysing deviance. Homewood: Dorsey.

PATTON, M.Q. 1980. Qualitative evaluation methods. Beverley Hills: Sage.

PHILLIPSON, M. 1974. Understanding crime and delinquency: a sociological introduction. Chicago: Aldine.

PHILLIPSON, M. & ROCHE, M. 1974. Phenomenology, sociology, and the study of deviance. (*In* Rock, P. & McIntosh, M., *reds*. Deviance and social control. London: Tavistock. p. 125-162.)

PFOHL, S.J. 1985. Images of deviance and social control: a sociological history. Englewood Cliffs: McGraw-Hill.

PFUHL, E.H. Jr. 1980. The deviance process. New York: Van Nostrand.

PLATT, J. 1981. Evidence and proof in documentary research: 2. Some shared problems of documentary research. *Sociological review*, 29(1):53-66.

PLUMMER, K. 1975. Sexual stigma: an interactionist account. London: Routledge & Kegan Paul.

PLUMMER, K. 1979. Misunderstanding labelling perspectives. (*In* Downes, D. & Rock, P., *reds*. Deviant interpretations. Oxford: Robertson. p. 85-121.)

PLUMMER, K. 1981a. Building a sociology of homosexuality. (*In* Plummer, K., *red*. The making of the modern homosexual. London: Hutchinson. p. 17-29.)

PLUMMER, K. 1981b. Going gay: identities, life cycles and lifestyles in the male gay world. (*In* Hart, J. & Richardson, D., *reds*. The theory and practice of homosexuality. London: Routledge & Paul. p. 93-110.)

PLUMMER, K. 1981c. Homosexual categories: some research problems in the labelling perspective of homosexuality. (*In* Plummer, K., *red*. The making of the modern homosexual. London: Hutchinson. p. 53-75.)

PLUMMER, K. 1983. Documents of life: an introduction to the problems and literature of a humanistic method. London: Allen & Unwin.

POLSKY, N. 1967. Hustlers, beats and others. Chicago: Aldine.

PONSE, B. 1979. Identities in the lesbian world. Westport: Greenwood Press.

PROBYN, W. 1977. Angel face: the making of a criminal. London: Allen & Unwin.

PUNCH, M. 1986. The politics and ethics of fieldwork. Beverley Hills: Sage.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1986. Navorsingskode. Pretoria.

RABOW, J. 1975. Variability among the deviants. Robert W. Winslow and Virginia Winslow: Deviant reality: alternative world views. *Contemporary psychology*, 20(8):681-682.

RECKLESS, W.C. 1961. The crime problem. New York: Appleton-Century-Crofts.

REDFIELD, R. 1945. Foreword. (*In* Gottschalk, L., Kluckhohn, C. & Angell, R. The use of personal documents in history, anthropology and sociology. New York: Social Science Research Council. p. vii-xi.)

RETTIG, R., TORRES, M. & GARRETT, G. 1977. Manny: a criminal addict's story. Boston: Houghton-Mifflin.

RICHARDSON, D. 1981. Theoretical perspectives on homosexuality. (*In* Hart, J. & Richardson, D., *reds*. The theory and practice of homosexuality. London: Routledge & Paul. p. 5-37.)

ROCK, P. 1980. Has deviance a future? (*In* Blalock, H.M. Jr., *red*. Sociological theory and research: a critical appraisal. New York: Free Press. p. 290-303).

ROSENBERG, M.M., STEBBINS, R.A. & TUROWETZ, A. 1982. Introduction. (*In* Rosenberg, M.M., Stebbins, R.A. & Turowetz, A., *reds*. The sociology of deviance. New York: St. Martin's Press. p. 1-15.)

SAGARIN, E. 1985. Positive deviance: an oxymoron. *Deviant behavior*, 6:169-181.

SAGARIN, E. & GABOR, T. 1981. The study of deviance: where do we go from here? *Deviant behavior*, 3:37-45.

SAGARIN, E. & KELLY, R.J. 1980. Sexual deviance and labelling perspectives. (*In* Gove, W.R., *red*. The labelling of deviance. 2nd ed. Beverley Hills: Sage. p. 347-379.)

SCHATZMAN, L. & STRAUSS, A.L. 1973. Field research: strategies for a natural sociology. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

SCHEFF, T.J. 1974. The labelling theory of mental illness. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

SCHULZE, S. 1988. Homoseksuele identiteitsvorming in empiries-pedagogiese perspektief. Pretoria. (Proefskrif (D.Ed.) - UNISA.)

SCHURINK, W.J. 1975. 'n Ekologiese analise van misdaad in Pretoria. Pretoria: RGN. (Verslag S-35.)

SCHURINK, W.J. 1976. 'n Sosiologiese ondersoek na die ekologiese verspreiding van misdaad in Pretoria: 1969 - 1971. Pretoria. (Verhandeling (M.A.) - UNISA.)

SCHURINK, W.J. 1977. The differential incidence of violent crime in Pretoria. *Humanitas*, 4(1):65-72.

SCHURINK, W.J. 1978a. Class-based sociological theories of deviancy and relevant ecological patterns in Pretoria. (*In* Lever, H., *red.* Readings in South African society. Johannesburg: Ball. p. 156-167.)

SCHURINK, W.J. 1978b. The fear of crime among the blacks of Soweto and the coloureds of the Cape Peninsula. *Humanitas*, 4(3):291-296.

SCHURINK, W.J. 1978c. Data on primary victimization related to the general group premise of subcultural theories of deviancy and juvenile delinquency. *Humanitas*, 4(3):277-282.

SCHURINK, W.J. 1979a. Seksuele misdaad. (*In* Lötter, J.M., Strijdom, H.G., & Schurink, W.J. Eersterust: 'n sosiologiese studie van 'n Kleurlinggemeenskap. Pretoria: RGN. p. 3-22 tot 3-22-91.) (Verslag S-63.)

SCHURINK, W.J. 1979b. 'n Sosiologiese beskouing van 'n "battler on the beat" (vroulike straatprostituee) in Johannesburg. (*In* Lötter, J.M., *red.* Sosiale probleme in die RSA. Pretoria: RGN. p. 2-10-1 tot 2-10-14.) (Verslag S-68.)

SCHURINK, W.J. 1979c. Inleiding tot misdaadprobleme. (*In* Lötter, J.M., *red.* Sosiale probleme in die RSA. Pretoria: RGN. p. 2-1-1 tot 2-1-19.) (Verslag S-68.)

SCHURINK, W.J. 1981. Gay-vroue: 'n sosiologiese verkenning van die leefwyse van 'n aantal lesbiërs aan die hand van outobiografiese sketse. Pretoria: RGN. (Verslag S-74.)

SCHURINK, W.J. 1986. Lecture 1: Reconstructing social reality. (*In* Ferreira, M., Mouton, J., Schurink, E. & Schurink, W.J. Module 3: Introduction to qualitative research methods: lectures presented at the first HSRC winter school in research methodology held on 30 June - 10 July. Pretoria. p. 163-219.)

SCHURINK, W.J. 1987. The world of the "wetslaners": an analysis of some organizational features in South African prisons. (Paper presented at the Sixth International Human Science Research Conference held during 26 - 30 May 1987.) Ontario: University of Ottawa. (Unpublished.)

SCHURINK, W.J. & LEVINTHAL, T. 1983. Business women exchanging sex for money: a descriptive study. *South African journal of sociology,* 14(4):154-163, Nov.

SCHURINK, W.J. & SCHURINK, E.M. 1983. Homoseksualiteit: enkele navorsingsbevindings. (*In* Oosthuizen, J.S., *samest.* Suid-Afrikaanse Sosiologievereniging. Referate 1983: Referate gelewer tydens die simposium oor bedryfsosiologie op 19 Januarie 1983 en die deelsittings van die sestiende jaarlikse kongres van SASOV op 20 en 21 Januarie 1983 by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. p. 266-279.)

SCHURINK, W.J. & SCHURINK, E.M. 1986. Lecture 3: Illustration - participant observation in a gay club. (*In* Ferreira, M., Mouton, J., Schurink, E. & Schurink, W.J. Module 3: Introduction to qualitative research methods: lectures presented at the first HSRC winter school in research methodology held on 30 June - 10 July. Pretoria. p. 102-117.)

SCHURINK, W.J. & SCHURINK, E.M. 1987. Die rol van de-etikettering in die herinskakelingsproses van afwykendes by die konvensionele gemeenskap. (*In* Oosthuizen, J.S., *samest*. Suid-Afrikaanse Sosiologievereniging. Referate 1986: Referate gelewer tydens die twintigste jaarlikse kongres van SASOV op 1 - 3 Julie 1987 by die Onderwyskollege. Durban. p. 243-297.)

SCHURINK, W.J. & WINTERBACH, D.J. 1979. "Seks-te-koop in diensorganisasies" - 'n sosiologiese verkenning van prostitusie in masseersalonne en eskortagentskappe. Pretoria: RGN. (Navorsingsbevinding S-N-174.)

SCHWARTZ, G., MERTEN, D., BEHAN, F. & ROSENTHAL, A. 1980. Love and commitment. Beverley Hills: Sage.

SCHWARTZ, H. & JACOBS, J. 1979. Qualitative sociology: a method to the madness. New York: Free Press.

SHAFFIR, W.B., STEBBINS, R.A. & TUROWETZ, A. 1980a. Introduction. (*In* Shaffir, W.B., Stebbins, R.A. & Turowetz, A., *reds*. Fieldwork experience: qualitative approaches to social research. New York: St. Martin's Press. p. 3-22.)

SHAFFIR, W.B., STEBBINS, R.A. & TUROWETZ, A., *reds*. 1980b. Fieldwork experience: qualitative approaches to social research. New York: St. Martin's Press.

SHAW, C.R. 1931. The natural history of a delinquent career. Chicago: University of Chicago Press.

SHAW, C.R. 1966. (Originally published in 1930.) The jack-roller: a delinquent boy's own story. Chicago: University of Chicago Press.

SHAW, C.R. & McKAY, H.D. 1942. Juvenile delinquency and urban areas. Chicago: University of Chicago Press.

SHAW, C.R., McKAY, H.D. & McDONALD, J.F. 1938. Brothers in crime. Chicago: University of Chicago Press.

SIMMONS, W., *red*. 1942. Sun chief: the autobiography of a Hopi Indian. New Haven: Yale University.

SKIPPER, J.K. Jr., McWHORTER, W.L., McCAGHY, C.H. & LEFTON, M. 1981. Deviance: voices from the margin. 3rd ed. Belmont: Wadsworth.

SMEDLEY, L.N. 1977. Deviance and the social construction of reality. Pretoria. (Dissertation (M.A.) - UNISA.)

SMITH, R.B. & MANNING, P.K., *reds*. 1982. A handbook of social science methods. Volume 2: Qualitative methods. Cambridge: Ballinger.

SNEL, G. 1979. Afwijkend gedrag: perspektieven en ontwikkeling. Alphen aan den Rijn: Samson.

SNODGRASS, J. 1973. The criminologist and his criminal: the case of Edwin H. Sutherland and Broadway Jones. *Issues in criminology*, 8:1-17.

SNODGRASS, J. 1982. The jack-roller at seventy: a fifty-year follow-up. Lexington: D.C. Heath.

SPRADLEY, J.P. 1970. You owe yourself a drunk: an ethnography of urban nomads. Boston: Little & Brown.

STEYN, A.F. 1984. Buckley: die moderne oop-sisteembenadering. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie*, 15(1):17-37, Feb.

STODDART, K. 1974. Pinched: notes on the ethnographer's location of argot. (*In* Turner, R., *red*. Ethnomethodology: selected readings. Harmondsworth: Penguin. p. 173-179.)

STRAUS, R. 1974. Escape from custody. New York: Harper & Row.

STRAUSS, A.L. 1987. Qualitative analysis for social scientists. Cambridge: Cambridge University Press.

STRAUSS, A.L. & GLASER, B.G. 1970. Anguish: a case history of a dying trajectory. Mill Valley: Sociology Press.

STRIJDOM, H.G. & SCHURINK, W.J. 1977. Primêre viktimisasie in Soweto. Pretoria: RGN. (Verslag S-49.)

STRYDOM, K.J.D. 1972. Die psigomaatskaplike aspekte van homoseksualiteit. Boekdeel 1. Kaapstad. (Proefskrif (Ph.D.) - UK.)

SUCHAR, C.S. 1978. Social deviance: perspectives and prospects. New York: Holt, Rinehart & Winston.

SUPPE, F. 1981. The Bell and Weinberg study: future priorities for research on homosexuality. *Journal of homosexuality*, 6(4):69-97, Summer.

SUTHERLAND, E. 1939. Principles of criminology. Philadelphia: Lippincott.

SUTHERLAND, E.H. & CONWELL, C. 1972. (Originally published in 1937.) The professional thief by a professional thief. Chicago: Phoenix Books.

TANNENBAUM, F. 1938. Crime and the community. New York: Columbia University Press.

TAYLOR, S.J. & BOGDAN, R. 1984. Introduction to qualitative research methods: the search for meanings. 2nd ed. New York: Wiley.

THIO, A. 1978. Deviant behavior. Boston: Houghton Mifflin.

THIO, A. 1983. Deviant behavior. 2nd ed. Boston: Houghton Mifflin.

THOMAS, E.A. 1978. Herbert Blumer's critique of the Polish peasant: a post mortem on the life history approach in sociology. *Journal of the history of the behavioural sciences*, 14:124-131.

THOMAS, W.I. 1967. (Originally published in 1923.) The unadjusted girl: with cases and standpoint for behavior analysis. New York: Harper Tochbooks.

THOMAS, W.I. & THOMAS, D.S. 1928. The child in America. New York: Knopf.

THOMAS, W.I. & ZNANIECKI, F. 1918. The Polish peasant in Europe and America. Chicago: University of Chicago Press.

THRASHER, F. 1927. The gang. Chicago: University of Chicago Press.

TIRYAKIAN, E.A. 1962. Sociologism and existentialism: two perspectives on the individual and society. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

TRIPP, C.A. 1987. The homosexual matrix. 2nd ed. New York: NAL Penguin.

TROIDEN, R.R. 1977. Becoming homosexual: research on acquiring a gay identity. Stoney Brook. (Dissertation (Ph.D.) - State University of New York.) (Fotokopie - University Microfilms International.)

TROIDEN, R.R. 1979. Becoming homosexual: a model of gay identity acquisition. *Psychiatry*, 42:362-373, Nov.

VAN EEDEN, I.J. 1984. The paradigmatic status of contemporary sociology in South Africa. *South African journal of sociology*, 15(1):1-4, Feb.

VAN MAANEN, J. 1979. Reclaiming qualitative methods for organizational research: a preface. *Administrative science quarterly*, 24:520:526.

VAN MAANEN, J., *red*. 1983. Qualitative methodology. Beverley Hills: Sage.

VASOLI, R.H. & TERZOLA, D.A. 1974. Sutherland's professional thief. *Criminology*, 12:131-154.

VIANO, E.C. 1975. Maintaining respectability: life styles of gay women in an urban environment. *Australian and New Zealand journal of criminology*, 8:275-287, Sept./Dec.

WARREN, C.A.B. 1974. Identity and community in the gay world. New York: Wiley-Interscience.

WEPPNER, R.A., *red*. 1977. Street ethnography: selected studies of crime and drug use in natural settings. Beverley Hills: Sage.

WEINBERG, M.S. & WILLIAMS, C.J. 1974. Male homosexuals: their problems and adaptations. New York: Oxford University Press.

WERNER, D. 1979. A cross-cultural perspective on theory and research on male homosexuality. *Journal of homosexuality*, 4(4):344-362, Summer.

WHITAM, F.L. 1977a. Childhood indicators of male homosexuality. *Archives of sexual behavior*, 6(2):89-96.

WHITAM, F.L. 1977b. The homosexual role: a reconsideration. *Journal of sex research*, 13(1):1-11.

WHITAM, F.L. 1980. The prehomosexual male child in three societies. *Archives of sexual behavior*, 9(2):87-100.

WHITAM, F.L. & MATHY, R.M. 1986. Male homosexuality in four societies: Brasil, Guatemala, the Philippines, and the United States. New York: Praeger.

WHYTE, W.F. 1955. (Originally published in 1943.) Street corner society: the social structure of an Italian slum. 2nd ed. Chicago: University of Chicago Press.

WINSLOW, R.W. & WINSLOW, V. 1974. Deviant reality: alternative world views. Boston: Allyn & Bacon.

WOLF, D.G. 1979. The lesbian community. s.l.: University of California Press.

ZIMMERMAN, D.H. 1969a. Record-keeping and the intake process in a public welfare agency. (*In* Wheeler, S., *red*. On record. New York: Russel Sage Foundation.)

ZIMMERMAN, D.H. 1969b. Tasks and troubles: the practical bases of work activities in a public assistance organization. (*In* Hanson, D., *red*. Explorations in sociology and counselling. Boston: Houghton Mifflin.)

ZNANIECKI, F. 1928. Social research in criminology. *Sociology and social research*, 12:307-322, April.

ZNANIECKI, F. 1934. The method of sociology. New York: Farrar & Rinehart.

BYLAE A

GLOSSARIUM VAN SLENGWOORDE EN -UITDRUKKINGS WAT IN DIE HOMOSEKSUELE SUBKULTUUR AANGETREF WORD SOOS VERDUIDELIK DEUR DHA'KAR

| Woorde/uitdrukkings | Betekenis |
| --- | --- |
| *Affair* | Die verhouding tussen twee homoseksuele of lesbiërs waarby 'n "butch" en 'n "femme" betrokke is. |
| *BM* | Verwys na heteroseksuele persone. Aanvanklik het dit baie manlik beteken. In die Engels is daar gepraat van "baby-maker" waar dit verwys na sowel die manlike as die vroulike geslag in die heteroseksuele komponent. |
| *Butch* | Die persoon wat hetsy in 'n homoseksuele of lesbiese verhouding, die manlike, aktiewe of die dominerende rol in die verhouding of "affair" speel. Dit kan hier ook na 'n manlike man in die "bm"-wêreld verwys. |
| *Butch gay* | Dit het dieselfde betekenis as "butch" maar het meer betrekking op die "gay"-persoon. |
| *Call boy* | Verwys veral na die "femmes" wat hulle aan prostitusie skuldig maak. |
| *Class gay* | Dit verwys na die meer gegoede homoseksueel maar spesifiek na dié wat op akademiese, materiële en sosiale vlak gevorder het. |
| *Closet-queen* | Betekenis kan tweërlei van aard wees. Dit verwys eerstens moontlik na die "femme" wat homself skuldig maak aan prostitusie in openbare toilette. Tweedens kan dit beteken dat dit iemand is wat nog nie uit die "closet" gekom het nie, met ander woorde wat homself nie aan sy omgewing bekend wil maak nie. |

| Woorde/uitdrukkings | Betekenis |
|---|---|
| *Common gay* | Dit is 'n "gay" of 'n homoseksueel met 'n geneigdheid tot gedrag wat nie deur die breër homoseksuele gemeenskap aanvaar word nie. Dit is die "gillende slappols-tipe gay". |
| *Drag* | Dit is gewoonlik 'n homoseksuele man wat hom in vroueklere vermom of 'n lesbiër wat verkies om mansklere te dra. |
| *Drag-kompetisie* | 'n Jaarlikse kompetisie wat by die meeste van die "gay"-klubs aangebied word wanneer die "drag-queens" op hulle beste aantrek en so vroulik moontlik probeer wees (wat nie altyd die geval is nie). Soos in die geval van skoonheidskompetisies sal een as die wenner aangewys word. |
| *Family, fandamily en familie* | Dit verwys na die homoseksuele gemeenskap en gewoonlik in die besonder na 'n subgroep. Dit word soms ook gebruik om te sê daardie persoon is "fandamily" of "familie" of "family". Dit beteken dat hy "gay" is. |
| *Femme-gay, femme-lettie* | Die terme het presies dieselfde betekenis; albei verwys na die vroulike komponent van lesbinisme of homoseksualisme, met ander woorde mans en vrouens. "Femme-lettie" dui op die persoon wat die vroulike rol speel en "femme-gay" verwys na die man wat die vroulike rol tydens die "gay"-liefdesdaad speel, ongeag of hy die manlike of vroulike rol in die "gay"-verhouding of in sy vele ander verhoudings speel. |
| *Flap* | Dit verwys na "gay"-mans wat geneig is om "slappolse" te hê, vreeslike feministiese handgebare en manier van loop het. |

| Woorde/uitdrukkings | Betekenis |
|---|---|
| *Flapping* | Dit het dieselfde betekenis as "flap" en beteken in die geval van "flapping-queen" dat dit 'n man is wat homself baie feministies gedra, irriterend en feministies is. |
| *Gay* | Dié woord is 'n omvattende term vir persone wat lesbies of homoseksueel is en sluit selfs die biseksuele lede van die gemeenskap in. |
| *Gay-liberation* | Dié term het sy ontstaan in die "gay"-gemeenskap wat die stelsel opgestel het ten einde om te sien na die wel en wee van die "gay"-persoon in die gemeenskap. Die stelsel is verantwoordelik vir die organisering van programme en is ook betrokke by sekere persverklarings wat oor aktiwiteite van "gays" gaan; dit is verantwoordelik vir die uitgee van tydskrifte en pamflette en die verspreiding daarvan onder die homoseksuele en lesbiese gemeenskap. |
| *Gayness* | Dit het dieselfde betekenis as "homoseksualisme", "lesbinisme" of watter term ook al vir hierdie verskynsel in die samelewing gebruik word. |
| *Ge-"faf"* | Dit het sy ontstaan in die heteroseksuele wêreld en wel onder die teatergange r, spesifiek onder die besoeker aan opera-, ballet- en simfonie-uitvoerings waar hierdie mense soos in Engels gesê word af-"show". In die homoseksuele wêreld verwys ge-"faf" spesifiek na 'n "slap pols"-tipe wat 'n uitermate feministiese stemtoon en stembuigings gebruik. |

| Woorde/uitdrukkings | Betekenis |
|---|---|
| *"Harde" lesbiërs* | Dit verwys veral na die lesbiër wat die manlike of aktiewe rol vertolk, wat growwe taal gebruik, growwe werk doen, erg manlik aantrek, wat geneig is om kragwoorde te gebruik en geneig is tot oormatige alkoholverbruik. |
| *Kamp* | Dit is 'n woord in die "gay"-terminologie wat spesifiek verwys na die verskynsel wat ook in die heteroseksuele wêreld gevind word en waarna normaalweg as "vlerksleep" of "die hof maak" verwys word. |
| *Kampplek* | Dit is gewoonlik plekke wat aan almal bekend is en waar homoseksuele of lesbiërs bymekaarkom om te gesels en in sommige gevalle om 'n bedmaat te kry vir die betrokke dag of situasie waarin 'n persoon hom bevind. |
| *Lesbiër* | Dit verwys na die "gay"-vrou wat òf "butch" òf "femme" kan wees. |
| *Lettie* | Dit is dieselfde as "lesbiër" maar word hoofsaaklik gebruik vir die lesbiër wat opvallend uittredend of overt is. |
| *Macho* | Dit het dieselfde betekenis as in die heteroseksuele gemeenskap, waar gesê word dat 'n man manlik is. 'n Mens dink hier in terme van voorkoms, maniere, optrede en wyse van praat. |
| *Masker* | Dit word gewoonlik gekoppel aan die "closet-queen" of koverte "gay" wat hom- of haarself nie aan sy/haar omgewing of aan die gemeenskap waarin hy/sy woonagtig of werksaam is, bekend wil maak nie. |

| Woorde/uitdrukkings | Betekenis |
|---|---|
| *Moffie* | Dit verwys spesifiek na die manlike "gay" in die samelewing. Dit word meer in die Kaapprovinsie gebruik en veral in die heteroseksuele gemeenskap om neerhalend na 'n homoseksuele man te verwys. |
| *One-night stand* | Dit verwys na "call-boys" of "closet-queens" of persone wat hul homoseksuele aktiwiteite bedryf deur nie in 'n verhouding te gaan nie, maar hulself seksueel aan ander mans op 'n basis van vannag hier en môreaand daar te verbind. |
| *Queer* | Dit het dieselfde betekenis as "moffie", "homoseksualis", of "gay". |
| *Rent-piece* | Dit is gewoonlik 'n homoseksuele man of 'n lesbiese vrou wat hulle aan prostitusie teen vergoeding skuldig maak. |
| *Scène* | Dit verwys na 'n plek of 'n situasie waar "gays" bymekaarkom. |
| *Sending-up* | Dit is 'n term wat gebruik word wanneer 'n persoon iemand in die "gay"-wêreld afkeur, laat sleg voel of vir die persoon wys hy/sy stel nie in hom/haar belang nie. Soms word 'n positiewe konnotasie aan dié term geheg wanneer iemand op 'n persoon se gevoel speel, veral op die erotiese ten einde hom-/haarself vir die persoon seksueel uitdagender voor te stel, met ander woorde jy vertel eintlik aan hom of haar met behulp van fisiese handelinge dat jy in 'n fisiese verhouding met hom/haar belangstel. |
| *Skeef, skeefheid* | Dit verwys na "homoseksualisme", "lesbinisme", of "gayness". |

| Woorde/uitdrukkings | Betekenis |
|---|---|
| *Skeef geklap* | Ook dié term verwys daarna dat iemand "gay" is. |
| *Skewe* | Dit verwys na 'n persoon wat "gay", homoseksueel of lesbies is. |
| *Skewe kring* | Dit verwys basies na "gays" wat 'n spesifieke groep, vriendekring of kring waarvan almal "gay" is, vorm. |
| *Skewe lewe* | Dit verwys na die "gay"-lewe. |
| *Slangpark* | Dit verwys na openbare toilette of in sommige gevalle na spesifiek geïdentifiseerde plekke waar "gay"-mans mekaar ontmoet vir 'n "one-night stand". |
| *Slap pols* | Dit verwys na veral die feministiese "gay"-man wat geneig is om met sy hande te praat en baie feministiese bewegings gebruik terwyl hy kommunikeer, kosmaak of enige handeling uitvoer. |
| *Slappolssiekte* | "Gays" gebruik hierdie term gewoonlik met spesifieke verwysing na mans wat "gay" is en wat geneig is om feministiese handbewegings uit te voer terwyl hulle praat of terwyl hulle met iets besig is. |
| *Social* | Dit verwys hier na die samekoms van "gays" byvoorbeeld 'n partytjie, 'n braaivleis of 'n kuier. |
| *Straight* | Dit verwys na iemand wat "bm" of heteroseksueel is. |
| *Vleismark* | Dit het dieselfde betekenis as "slangpark". |

BYLAE B

BEOORDELING VAN DHA'KAR SE OUTOBIOGRAFIE

| Subjek | Beoordeling |
|---|---|
| Bergman | 1. *p. 108 en verder:*[1] *Duidelike rolle in terme van "aktief" en "passief" mag in Dha'Kar en John se verhouding voorkom, maar dit is nie noodwendig die geval in alle "gay"-verhoudings nie. In my eie verhouding, sowel as in die geval van vyf ander verhoudings waarvan ek in ons vriendekring bewus is, is duidelike rolvertolking in terme van "butch" en "femme", nie ter sprake nie. Dit is twee* ***mans*** *in die verhouding wat hul lewens deel, hoewel die klem op manlikheid juis die onderskeid maak met 'n heteroseksuele huwelik waarin tradisionele geslagsrolle vertolk kan word.* |
| | 2. *p. 109: Vir my is dit nie 'n probleem om my "gay"-wees in my beroep weg te steek nie: ek beweeg hoofsaaklik in professionele kringe waar daar dan ten minste 'n akademiese toleransie jeens "gays" bestaan. Ook in die Weermag waar ek werksaam was, was die wegsteek van my "gay"-identiteit nie 'n probleem nie. Heelwat "gays" steek egter nog hulle identiteit in die werksituasie weg, veral in die huidige tydsbestek waar 'n nuwe Victoriaanse moraliteit in 'n polities-regse atmosfeer weer sy lelike kop uitsteek.* |
| | 3. *p. 115 en verder: Afwesigheid van die vaderfiguur: ook in my lewe was dit die geval, hoewel ek vandag feitlik in stemtoon en handeling 'n "jonger" uitgawe van my pa is.* |
| | 4. *p. 126, 133: Die "popspeel"-element is nie van toepassing op my of my vriendekring (dié vriende waarmee ek noue kontak het) se kinderjare nie. Dis moontlik meer van toepassing op "femmes" in die "gay"-subkultuur.* |

1. Bladsynommers verwys na dié in Hoofstuk 3.

| Subjek | Beoordeling |
|---|---|

5. p. 145: *'n Aggressiewe pa in die "gay"-persoon se lewe is 'n tipiese verskynsel. In my geval was dit egter 'n pa wat saggeaard is, maar al sy energie moes inspan om in die beroepslewe en sy verhoudingslewe (met my ma) te "oorleef". Daar was nie sprake van ernstige fisieke straf nie, maar net 'n blote afwesigheid in my lewe wat "reggestel" is in my hoërskooljare toe ek akademies begin presteer het. In Fred* (maat in verhouding) *se kinderjare was sodanige fisieke straf* ook nie ter *sprake* nie, *sowel as in die lewens* van minstens *vier* van *my beste vriende: 'n elektroniese ingenieur, 'n siviele ingenieur, 'n draaiboekskrywer en 'n onderwyser.*

6. p. 146: *Hierdie genoemde perfeksionisme is ook van toepassing op my. Ek het myself al baie afgevra: vorm dit (hierdie strewe na orde) tesame met prestasie in een of ander rigting (in die geval van my lewe, my studies en in die geval van 'n paar vriende, sport en akademie) 'n kompensasie vir die feit dat ons in ander opsigte as moontlike toekomstige "pa's" nie met tradisionele Afrikanernorme en dan heteroseksuele norme en verwagtinge konformeer nie? Kompenseer dit vir ons "afwyking" om daardeur ons gelykheid met heteroseksuele te illustreer? Ek glo tog so, al beleef verskillende "gays" dit verskillend.*

7. p. 147 en verder: *Ek was beslis <u>minder</u> antisosiaal in my interpersoonlike verhoudinge op hoërskool as Dha'Kar, hoewel ek spanaktiwiteite nogal vermy het en my op "individuele" sportsoorte soos swem, tennis, skyfskiet en skaak toegespits het. Die vermyding van groepsgebondenheid kan 'n faktor in die "gay" se tienerlewe wees aangesien hy daardeur die bewuswording van sy seksuele "andersheid" probeer verwerk.*

| Subjek | Beoordeling |
|---|---|
| | |

8. *p. 150: Die bewuswording van mans in die standerd 5 jaar is ook van toepassing op my wat in 'n seunskool opvoeding ontvang het en dus nog in 'n groter mate van die vroulike geslag "geskei" was. Dit is ook in Fred se kinderjare van toepassing.*

9. *p. 150: Deurgaans kom die outeur se verwysing na sy godsdiens sterk na vore. Dit is nie 'n faktor in baie van my "naaste" vriende se lewens nie, maar in Fred en in my lewe is dit baie belangrik en vorm dit 'n integrale deel van ons verhouding se boustene. Die konflik tussen godsdiensuitlewing en bewuswording van 'n mens se "gay"-wees is dan ook 'n sentrale knelpunt om te oorkom in die hele selfaanvaardingsproses. Vóór selfaanvaarding is daar dan ook 'n periode van negatiwiteit jeens "gays" (en eintlik 'n mens self) soos die outeur beskryf.*

10. *p. 156; 158: tweede paragraaf: Outeur redeneer hier weer vanuit die oogpunt wat "gay"-verhoudings reduseer tot tradisionele geslagsrolle. "Erotiese genot van orgasme" is "tipies van jou jong* <u>*butch-gay*</u>*": Hierdie uitlating is te simplisties. Dit kan van toepassing op lesbiese vroue wees (ek is bevriend met een) maar in my eie vriendekring en verhouding kom die "femme-butch"-rolspel slegs in een verhouding voor en dit is ook nie duidelik uitgespel soos die outeur poog om hier te doen nie. Miskien het "gay"-verhoudings in die jare tagtig weggebreek van 'n tradisionele heteroseksuele huweliksmodel waar rolle duidelik uitgespel is en albei partye "tot die dood ons skei" getrou aan mekaar moet wees (vergelyk ook p. 163).*

11. *p. 160: Hoewel dit baie persoonlik is, kon die outeur miskien meer uitgebrei het oor sy* <u>*traumatiese belewing*</u> *van sy eerste werklike seksuele ervaring, in hierdie geval anale seks, omdat dit kon bydra tot sy aanvaarding van sy "gay"-identiteit, met ander woorde werklike seksuele kontak kan*

*die waterskeiding word tussen die aangeleentheid om jouself as "gay" te etiketteer of om dit nie te doen nie en die kwessie te rasionaliseer.*

12. *p. 163: Kernleemte van die gevallestudie: laaste par. Die outeur ervaar homself as "femme" en in daardie opsig moet sy lewensverhaal geloofwaardig beskou word slegs in terme van die feit dat dit 'n vertelling van 'n sogenaamde "femme-gay" is en nie "gays" oor die algemeen nie. (Vergelyk ook die vertelling verder op p. 166.) Dit is die kernverskil met ons (my en Fred s'n) verhouding: Ons speel geen duidelike rolle (in terme van "femme" en "butch") nie, maar tree wedersyds ondersteunend op. Een party sal in 'n stadium sterker wees as die ander, afhangende van die vaardighede wat die situasie/probleem vereis. Maar 'n belewing van 'n verhouding waar een persoon die manlike rol en die ander die vroulike rol vertolk, bestaan nie in ons verhouding nie. Ek dink die verskil is die gevolg van ons siening van 'n verhouding wat nie op die tradisionele heteroseksuele huwelik gebaseer is nie. Respek en getrouheid is van belang, maar dit is steeds 'n verhouding waarin twee onafhanklike mans fungeer en hulself verwesentlik sonder dat een party aan die ander ondergeskik of onderdanig is. Laaste paragraaf op p. 166 is egter in die laaste paar reëls net so van toepassing op ons verhouding: "John is net so Christelik ingestel soos ek en ons beoefen ons godsdiens soos enige ander gelowige. My predikant is bewus van my homoseksualisme en staan my in alle opsigte by." Wat par. 1 op p. 167 betref, verskil my en Fred se verhouding weer eens van die outeur: Selfmoord is beslis nie die uiteinde as ons sou opbreek nie; d.w.s. ons sal kan voortgaan na 'n "breek" aangesien ons steeds ons eie doelwitte het en as sodanig onafhanklik van mekaar groei en ontwikkel.*

| Subjek | Beoordeling |
| --- | --- |

13\. pp. 169-170: *Weer eens 'n reduseriug van die kompleksiteit van 'n "gay"-verhouding na simplistiese rolkategorieë.*

14\. p. 171 en verder: *Ek kan nie kommentaar lewer op die tipering van die "gay"-klub nie, aangesien ek nog nie in die RSA in een was nie, maar wel in verskeie plekke oorsee (in Europa). Voorbeelde van simplistiese stellings: "Daar was die drie mansfigure wat die ewige liefdesdriehoek voorgestel het wat in die klubganger se lewe bestaan" (p. 173). En tog korrigeer die outeur self sekere "beskrywings" aan die einde van die bladsy: "Dit is 'n baie gewilde voorstelling van "gay"-wees in straight boeke". Die outeur is baie moraliserend en reduseer klublewe tot iets boos, terwyl sy "butch-femme"-verhouding 'n edele verhouding is wat God se goedkeuring moet wegdra. My ervarings in Europese klubs in Wes-Duitsland, Nederland en Italië is verskillend van dié wat die outeur hier beskryf: in baie opsigte baie meer ordelik, stigtelik en 'n bymekaarkomplek van mense wat doodgewoon wil kommunikeer. Miskien dink ek nie in terme van etikette nie (bv. "common queen", "rent-piece", ensovoorts) en sien ek die kompleksiteit van die mens raak sonder om hom in 'n kategorie te plaas. Miskien is ek weens my agtergrond nie so sterk normatief ingestel nie (vergelyk p. 193-194).*

15\. p. 183-184: *Aanvaarding van vriendekringe sowel as die familie is ook van toepassing op ons verhouding.*

16\. p. 185: *"Ek glo vandag nog dat wanneer gay-vriende met mekaar in die bed land, die vriendskap by die agterdeur uitloop. 'n Mens kan nie vriende wees en 'n seksuele aktiwiteit in die vriendskap inbring nie." Ek stem saam. Daar is 'n gesegde in die "gay"-subkultuur dat jy eerder 'n goeie platoniese vriend as 'n minnaar nodig het!*

17. p. 186: Einde par. 1: Die outeur en ek is beslis verskillend ten opsigte van moraliteit: ek is meer humanisties en minder normatief. Fred ook. Ek aanvaar mense vir "wat" hulle is al is hulle "anders" as ek.

18. p. 187 en verder: Baie van toepassing op Fred en my verhoudingslewe en huis, veral t.o.v. die aanskaf van troeteldiere (honde).

19. p. 197: Ek onderstreep wat die outeur sê: "Dit was vir my en John lekker om as "gays" deel van die kerklewe te wees." Dit is ook van toepassing op my en Fred.

20. p. 203: Ek beklemtoon ook wat Dha'Kar aan die einde van par. 1 sê en gaan daarmee akkoord.

21. p. 203, par. 2 en verder: Die outeur is te moraliserend. Ek gaan nie met sy lewensuitkyk akkoord nie: te veel kategoriserend en reduserend. (Vergelyk ook p. 205.)

22. p. 206, par. 2: Fred en my verhouding verskil. Ons is ryk aan goeie vriende en het eerder vriende "bygekry" as verloor.

23. p. 209, par. 2: Ek en Fred is reeds ses jaar in 'n verhouding en woon op 'n plattelandse dorp hoewel ons albei in die stad werk.

24. p. 210: Aangeleenthede hier genoem is ook op ons verhouding van toepassing.

**SAMEVATTEND:**

(i) Geloofwaardigheid

Vgl. kommentaarpunte 1, 3-10, 12-13, 15, 17-18, 20-22 en 24.

| Subjek | Beoordeling |
|---|---|
| | *Gesien teen die agtergrond van hierdie bovermelde kommentaarpunte vind ek die verhaal <u>beslis</u> geloofwaardig, hoewel die gesigspunt vanuit 'n spesifieke rolklassifikasie nie vir my universeel is nie.* |
| | *(ii) Die outeur en sy maat behoort tot 'n eksklusiewe groep in die "gay"-gemeenskap waar 'n stabiele, lang verhoudingslewe, 'n klein vriendekring en hoë sosio-ekonomiese status hul bestaan tipeer.* |
| | *(iii) My verhouding stem in baie opsigte met dié van Dha'Kar ooreen (vergelyk punte 19, 23, en 24). Die kernverskil kom by die rolklassifikasie ter sprake (veral punt 12).* |
| | *(iv) Dha'Kar kon miskien uitgebrei het op die aangeleentheid soos ek onder punt 11 genoem het, hoewel dit baie persoonlik is.* |
| Elize | *Ek sal graag die volgende opmerkings aangaande die verhaal van my neef wat ek op versoek van mnr. Willem Schurink gelees het, wil maak:* |
| | *Ek is baie beslis nie 'n navorser nie en verstaan nie werklik wat die doel met die outobiografie is nie. My neef het wel in breë trekke aan my probeer verduidelik en die volgende kan ek wel bevestig:* |
| | *1. Al het ek en my neef redelike konstante kontak met mekaar gehad sedert hy in Pretoria gaan woon het (± 1976), was ons kontak totdat ek na Kaapstad verhuis het, na my mening, oor 'n redelike tydperk.* |
| | *2. Gedurende hierdie tydsverloop het ek hom leer ken soos hy homself in sy outobiografie weergee. Ek kan nie vir elke genoemde gebeurtenis instaan nie, nogtans is sy verhaal volgens my kennis 'n ware weergawe van sy lewe.* |

| Subjek | Beoordeling |
|---|---|
| | 3. *Sy verhouding met John is voorwaar 'n baie hegte verhouding en volgens my mening behoort hierdie verhouding blywend te wees. Die gedagte dat my neef sy lewe sal wil beëindig indien die verhouding tot 'n einde kom, is nie vir my 'n aanvaarbare uitweg nie. Ek sal die aangeleentheid in die toekoms met hom opneem. Ek glo egter dat hy oor die eienskappe beskik om dit te bowe te kom, veral gesien die geloofsverandering in sy lewe.* |
| Dha'Kar se suster: | *My broer se verhaal is op versoek aan my gegee ten einde kommentaar daarop te lewer.*<br><br>*Ek, my broer en sy vriend het 'n baie goeie verhouding met mekaar. Dit is opvallend dat ons in dieselfde huis opgegroei het en tog nie altyd op hoogte was van mekaar se belewenisse van situasies nie. Ek dink dat hierdie stelling wat ek maak geregverdig is omdat geen mens dieselfde as 'n ander kan ervaar en reageer nie.*<br><br>*By die lees van sy verhaal is ek ingelig oor sy lewensloop wat hy nie normaalweg met ander sou deel nie. Dit het my tot 'n herontdekking van my broer gebring. Ek verstaan hom as mens, sy sienswyses en leefwyse hierna soveel beter.*<br><br>*Hulle verhouding kan met dié van my en my dierbare eggenoot vergelyk word en ek sien dit, soos ek my broer en sy vriend ken, as 'n lewenslange verbintenis met mekaar.*<br><br>*Ek kan sy verhaal met die grootste vrymoedigheid as 'n korrekte weergawe verklaar.* |

| Subjek | Beoordeling |
| --- | --- |
| Pieter: | *My vriend het my gevra om 'n deel van sy verhaal[1] wat hy vir die navorsing geskryf het, te lees en kommentaar daarop te lewer.*<br><br>*Die verhaal is vir my 'n getroue weergawe van hoe ek hom ken en soos ons lewens tot dusver verloop het.* |
| John: | *My verhouding met Dha'Kar (subjek) en Willem (navorser) strek oor meer as 'n dekade heen waarin ek met albei baie goeie betrekkinge handhaaf.*<br><br>*Sedert 28 Julie 1978 is ek met die subjek in 'n "gay"-verhouding en is al die gebeure, opvattings en ander insidente rondom sy en ons lewe vir my, vir genoemde tydperk, realisties en vind ek dit 'n reële en korrekte weergawe van sy lewensloop.*<br><br>*Insidente uit sy vroeëre lewe wat, nie die tyd van ons verhouding insluit nie, kan ek grootliks bevestig uit my kontak en wedervarings met sy familie.*<br><br>*Voorts staan ek bevestigend teenoor sy ervaring van ons belewing en die toekomsblik wat hy lewer.* |

1. Dha'Kar en ek het akkoord gegaan dat slegs daardie dele van die verhaal wat op homself betrekking het, aan Pieter vir kommentaar gegee sou word.